DIE 2½ EEU VAN GENADENDAL - 'N KULTUURHISTORIESE ONDERSOEK

---oOo---

Isaac Henry Theodore Balie

---oOo---

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte (Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis) aan die Universiteit van Stellenbosch.

Desember 1986

---oOo---

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKWOORD

Opregte dank en waardering aan my studie=
leier, prof. P.W. Grobbelaar, vir sy raad=
gewing en leiding; die Morawiese Broeder=
kerk wat hulle argief toeganklik gemaak het;
mej. Rachel Balie wat met sekere Duitse ver=
talings behulpsaam was; mev. M. Dodds vir
die tikwerk; die R.G.N. vir finansiële by=
stand en bo alles aan Hom, my God en Heer,
vir genade, krag en wysheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. INLEIDEND 5

AFDELING I: DIE TYDPERK VAN GEORG SCHMIDT 5

2. DIE MORAWIESE KERK 6
2.1 Ontstaan 6
2.1.1 Die Ou Broederkerk 6
2.1.2 Die Hernieude Broederkerk 7
2.2 Gebruike 10
2.2.1 Die Ou Broederkerk 10
2.2.2 Die Hernieude Broederkerk 12
2.3 Sendingwerk 14

3. GENADENDAL IN DIE 18DE EEU 17
3.1 Geografiese ligging 17
3.2 Bewoners van die landstreek 17
3.3 Georg Schmidt 19
3.4 Die inwoners van Baviaanskloof 22
3.5 Schmidt se bydrae op stoflike gebied 24
3.5.1 Woningbou 24
3.5.2 Landbou 26
3.6 Christelike Onderwys 28
3.6.1 Probleme 28
3.6.2 Sy eerste skool 29
3.6.3 Die begin in Baviaanskloof 29
3.6.4 Die aard van die onderrigklasse 30
3.7 Kerkleer en feeste 31
3.8 Lewensvorme 32
3.8.1 Doop 32
3.8.2 Huwelik 33
3.8.3 Begrafnis 34
3.9 Die beëindiging van sy werk 34

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING II: 'N NUWE BEGIN (1793-1838) 38

4. DIE SENDINGWERK IN BAVIAANSKLOOF WORD HERVAT 39
4.1 Die drie sendelinge 39
4.1.1 Hendrik Marsveld 39
4.1.2 Christian Kühnel 39
4.1.3 Daniël Schwinn 40
4.2 Die tweede begin 40
4.3 Probleme met die Stellenbosse N.G. gemeente 42
4.4 Probleme oor dorpsgrense 43
4.5 Probleme met die Strandveldse en Overbergse boere 45

5. BESTUUR 47
5.1 Die Superintendent en Sendelingkonferensie 47
5.2 Die Helperskonferensie 47
5.3 Opsienerskonferensie 47
5.4 Kerkraad 48
5.5 Khoikapteins 48
5.6 Reëls en regulasies 49

6. DORPSUITLEG EN BOUKUNS 51
6.1 Die Kerkplein 51
6.1.1 Kerkgebou 55
6.2 Die woongebied 56
6.3 Die begraafplaas 59
6.4 Brugbou 60

7. ALGEMENE LEWENSWYSE 63
7.1 Inwoners 63
7.2 Kleredrag 65
7.3 Kos en eetgewoontes 66
7.4 Huisinrigting en besittings 67
7.5 Spaarsin en hulpverlening 67

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.6 Geneeskunde 68
7.6.1 Siektes 68
7.6.2 Behandeling 69
7.7 Sang en musiek 71

8. OPVOEDING 73
8.1 Leerwyse en leermetodes 73
8.2 Leermiddels, boeke en inrigting 75
8.3 Engelse onderrig 76
8.4 Eksamens 76
8.5 Kleuterskool 77
8.6 Opleiding van onderwysers 78
8.6.1 Private opleiding 78
8.6.2 Formele opleiding 80
8.7 Biblioteek 82

9. GEBRUIKE RONDOM DIE KERK 85
9.1 Lewensvorme 86
9.1.1 Doop 86
9.1.2 Huwelik 89
9.1.3 Begrafnis 89
9.2 Kerkfeeste 90
9.2.1 Algemene Kerkfeeste 91
(a) Kersnag en Kersfees 91
(b) Oujaarsnag en Nuwejaarsfees 91
(c) Lydensweek 92
(d) Nagmaal 94
9.2.2 Besondere Kerkfeeste 94
(a) Die Fees van Epifanië 94
(b) Die Liefdemaal 95
(c) Die Fees van 13de Augustus 95
(d) Kinderfees 95
(e) Hoeksteenlegging 96
(f) Inwydingsfees 96
(g) Gedenkdae 97

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

10. BEDRYWE, AMBAGTE EN BEROEPE 98
10.1 Die Mesmakery 98
10.2 Kopersmede 101
10.3 Wamakersbedryf 102
10.4 Die leerlooiery 103
10.5 Hoede- en matrasmakery 105
10.6 Matte vleg 105
10.7 Naald-, brei- en borduurwerk 105
10.8 Koringmeule 106
10.9 Landbou 106
10.9.1 Groente 107
10.9.2 Vrugte 108
10.9.3 Wingerdbou 108
10.9.4 Graan 108
10.10 Veeteelt 108
10.11 Boegoe 109
10.12 Boomaanplanting 109
10.13 Plaasarbeiders 110
10.14 Ander 111
10.15 Militêre diens 111

BESOEKERS 115
11.1 Verwelkoming 115
11.2 Die gastehuis 116
11.3 Besienswaardighede en indrukke 116
11.4 Afskeid 119

AFDELING III: DIE TYDVAK 1838-1888 121

12. BESTUUR EN BEHEER 122
12.1 Hofsake 122
12.1.1 Geval 1 122
12.1.2 Geval 2: Gustava Wildschut 123
12.1.3 Geval 3: Anton van der Riet 123

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12.2 Opposisie: Titus Vergele en andere 124
12.3 Kommissie van Ondersoek 124
12.4 Buitestaanders 125
12.5 Drankmisbruik 126
12.7 Buitestasies/preekplekke 127
12.7.1 Kopjeskasteel 127
12.7.2 Bosjesveld 128
12.7.3 Twistwyk 128
12.7.4 Tygerhoek 128
12.7.5 Berea 128

13. UITBREIDING EN VERBETERING 130
13.1 Kerkplein 130
13.2 Dorp 130
13.3 Brug 132

14. OPVOEDING 133
14.1 "Juvenile school" (Primêre skool) 133
14.1.1 Galery-onderwys 133
14.1.2 Klasgroep-onderwys 134
14.1.3 Tafel-onderwys 134
14.1.4 Skooldissipline en tug 134
14.1.5 Skoolbywoning 135
14.1.6 Skoolrooster en eksamens 137
14.1.7 Hand- en leesboeke 137
14.1.8 Sangonderrig 138
14.1.9 Ander 138
14.1.10 Skoolbestuur en leerkragte 139
14.2 Opleidingskool 139

15. KERKGELOOF EN FEESTE 142
15.1 Kerkgeloof 142
15.2 Feeste 143

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15.2.1 Herdenking van die aankoms van die pioniersendelinge 144
15.2.2 Kerkjubelfees 145
15.2.3 Sendingjubelfees 145
15.2.4 Kweekskooljubelfees 145
15.2.5 Huweliksjubelfees 146
15.2.6 Oesdankfees 146
15.2.7 Feeste van verenigings 146

16. LEWENSVORME 147
16.1 Huwelik 147
16.2 Doop 147
16.3 Dood 147

17. AMBAGTE, BEDRYWE EN BEROEPE 148
17.1 Skrynwerk 148
17.1.1 Meubels 148
(a) Sitmeubels 148
(b) Bergmeubels 149
(c) Slaapmeubels 149
17.2 Wamakers en smede 149
17.3 Meul 151
17.4 Boegoe 151
17.5 Landbou en veeboerdery 151
17.5.1 Groente en graan 151
17.5.2 Vrugte 152
17.5.3 Veeboerdery 153
17.6 Winkels 153
17.7 Plaasarbeid 154
17.8 Ander 155
17.9 Mediese versorging 156
17.10 Militêre diens 157

18. DIE DRUKPERS 159
18.1 Ontstaan 159

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

18.2 Die produkte van die drukpers 161
18.2.1 Periodieke uitgawes 161
(a) De Bode 161
Maandbladje voor Kinderen 164
Het Tekst-boek der Broederkerk 165
Almanak 165
(b) Godsdienstige en Kerkleerboekies 166
(c) Boeke vir skoolonderrig 166
(d) Musiek 167
(e) Boekies in Xhosa 167
(f) Gedenkblaaie 168
(g) Traktaatjies 168
(h) Ander 168

19. VERENIGINGSLEWE 170
19.1 Hulp-Zendeling-Genootskap 170
19.2 Bybel-Genootskap 170
19.3 Jongelings-Vereniging 170
19.4 Jonge Dochters-Vereniging 170

20. GASTE 172
20.1 Verwelkoming 172
20.2 Die Losieshuis 172
20.3 Besienswaardighede en indrukke 173

AFDELING IV: DIE TYDVAK 1888-1914 174

21. DORPSBESTUUR 175
21.1 Probleme 175
21.2 "Mission Station and Communal Reserve Act" 178

22. KERKGEBRUIKE 180
22.1 Sendelinge en Leraars 180
22.2 Kerkdienste en spesiale byeenkomste 181
22.3 Kerkleer 182

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

22.4 Sitplekreëlings 182

23. LEWENSVORME 184
23.1 Doop 184
23.2 Huwelik 185
23.3 Begrafnis 185

24. FEESTE, KONSERTE EN BASAARS 187
24.1 Feeste
24.1.1 Patriotiese feeste 187
(a) Koning(in)sverjaardag 187
(b) Kroningsdag van Koning George V 188
24.1.2 Kerkfeeste 188
(a) Kerkjubelfees 188
(b) Kersfees 189
(c) Oesdankfees 190
24.1.3 Skooljubelfees 191
24.1.4 Huweliksherdenking 193
24.2 Konserte 193
24.3 Basaars 194

25. VERENIGINGSLEWE 195
25.1 Stuiwervereniging 195
25.2 Begrafnisverenigings 195
25.2.1 Genadendal Begrafnis-Vereniging 195
25.2.2 Victoria-Begrafnis-Vereniging 196
25.3 Genadendal Vereenigde Zusters 197
25.4 Genadendal Christelijke Onthouders-Vereniging 198

26. OPVOEDING 201
26.1 Opleidingskool 201
26.1.1 Die Gebou 201
26.1.2 Leerplanne en eksamens 202

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

26.2	Primêre skool (Grootskool) en Kleuterskool (Kleinskool)	204
	26.2.1 Inskrywing	204
	26.2.2 Leerkragte	205
	26.2.3 Eksamens	206
	26.2.4 Klaskamerinrigting en leerlinge	207
	26.2.5 Skoolboeke	208
27.	BOUKUNS	209
27.1	Kerk	209
27.2	Drukkery	210
27.3	Sendingwinkel	211
27.4	Gemeenskapsaal: Victoriasaal	211
27.5	Poskantoor en polisiekantoor	211
27.6	Woonhuise	211
28.	BEDRYWE EN BEROEPE	217
28.1	Tuinbou	217
28.2	Graan	218
28.3	Boegoe, sewejaartjies en akkers	218
28.4	Dennebosse en houtbewerking	219
28.5	Winkels	220
28.6	Veeboerdery	221
28.7	Polisie- en posdiens	222
28.8	Huishulpe, spoorweg- en fabriekwerkers	223
28.9	Pogings om spoorlyn aan te lê	223
29.	MEDIESE VERSORGING EN GESONDHEIDSTOESTANDE	224
29.1	Volksgeneeskunde	224
29.2	L.R. Schmidt as geneesheer	224
30.	DIE DRUKPERS	227
30.1	Publikasies	227
	30.1.1 Bijbel-Almanak	228
	30.1.2 Teachers' Review	228

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

30.1.3 De Bode 229
(a) Artikels 229
(b) Gediggies 229
(c) Bijbelsche Raadselen 230
(d) Briewe 231
(e) Die laaste jare 233

31. BESOEKERS 234

AFDELING V: DIE TYDVAK RONDOM DIE WÊRELDOORLOË (1914-1948) 237

32. BESTUUR 238
32.1 Wet op Sendingstasies en meentreserwes 238
32.2 Toenemende konflik 238
32.3 Hofsaak: Magerman e.a. 240
32.4 Bestuursraad 241
32.4.1 Funksies van die Bestuursraad 243
32.4.2 Amptenare 244
32.4.3 Inwonerskap 245
32.4.4 Finansies en werkskepping 245

33. DORPSUITLEG EN BOUKUNS 246
33.1 Dorpsentrum 246
33.1.1 Gedenksteen 246
33.1.2 Sale 248
33.1.3 Dorpsraadkantoor 249
33.1.4 Poskantoor 249
33.1.5 Kliniek 249
33.2 Woonhuise 249
33.3 Die G.B.V.-saal 250
33.4 Die Kerkplein 250
33.5 Brug 250

34. DIE KERKLIKE LEWE 251
34.1 Die Morawiese Kerk 251

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	34.1.1 Kerkbestuur en leraars	251
	34.1.2 Kerkmusiek	252
	(a) Kerkkoor	252
	(b) Die Basuinorkes	252
34.2	Die Griekwa Independente Kerk	254
34.3	Die Volkskerk	255
34.4	Ou- en Nuwe Apostoliese Kerk	258
35.	OPVOEDING	259
35.1	Primêre skool	
35.2	Sekondêre skool	261
35.3	Die Opleidingskool	264
35.4	Oulapskool	266
36.	BEDRYWE EN BEROEPE	267
36.1	Veeboerdery en verwante bedrywe	267
36.2	Vrugte	267
36.3	Groente	268
36.4	Tabak	269
36.5	Hop	
36.6	Graan en veevoer	270
36.7	Die Sendingwinkel, meul en "logement"	270
36.8	Winkels, kafees en ander	271
36.9	Slagtery	272
36.10	Houtbosse	273
36.11	Mediese versorging	274
	36.11.1 Siektes	274
	36.11.2 Versorging van siekes	275
36.12	Vervoer	276
36.13	Die drukpers	277
	36.13.1 Publikasies	278
	36.13.2 Die Huisvriend	279
	36.13.3 Gedigte	279
36.14	Militêre diens	282

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	36.14.1	Die Eerste Wêreldoorlog	282
	36.14.2	Die Tweede Wêreldoorlog	283
37.	LEWENSWYSE VAN DAG TOT DAG		285
37.1	Feeste		285
	37.1.1	Epifanië	285
	37.1.2	Sendingfees	285
	37.1.3	Lydensweek	285
	37.1.4	Kinderfees	286
	37.1.5	Die 200-jarige Jubelfees	287
	37.1.6	Silwerjubileum	288
	37.1.7	Kroning van George VI	289
	37.1.8	Koningsverjaardag	289
	37.1.9	Guy Fawkes	290
	37.1.10	Verjaardae en huweliksherdenkings	290
37.2	Tydverdrywe en speletjies van kinders		292
	37.2.1	Uittelrympies	292
	37.2.2	Spel in die veld en vlei	292
	37.2.3	Binnenshuise speletjies	295
		(a) Knope optel	295
		(b) Vuurhoutjies optel	295
	37.2.4	Spel sonder speelgoed	295
		(a) Keerommetjie	296
		(b) Hen-en-haan	296
		(c) Kruip-maar-deur-jou-venster	297
		(d) Môre-gaan-my-suster-trou	297
	37.2.5	Spel met klippe	298
		(a) Eenbeentjie	298
		(b) Skoppens	299
		(c) Handeklip of vyfklippie	299
	37.2.6	Spel met toue en balle	300
		(a) Touspring	300
		(b) Blomname	300
	37.2.7	Selfgemaakte speelgoed	301
		(a) Bamboesskieter	301
		(b) Ander	302

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

37.3 Tydverdrywe en vermake van volwassenes 303
37.3.1 Perdtyd 303
37.3.2 "Evening-spends" 304
37.3.3 Dansorkeste 304
37.4 Opvoerings 305
37.4.1 Toneelstukke 305
37.4.2 Huiskonserte 305
37.4.3 Skool- en verenigingskonserte 305
37.4.4 Musiekaande 306
37.4.5 Sangkompetisies 307
37.5 Verenigingslewe 307
37.5.1 Nuwe verenigings 307
37.5.2 Ontwikkeling en groei van bestaande verenigings 308
(a) I.O.T.T. 308
(b) Begrafnisverenigings 309
(c) Ander 309
37.6 Georganiseerde Sport 309
37.6.1 Rugby 309
37.6.2 Tennis 310
37.6.3 Ander 311
37.6.4 Die Lirpa-sportklub 311
37.7 Drankwinkel en drankmisbruik 312
37.8 Besoekers 312
37.9 Hulpverlening 313

AFDELING VI: TYDGENOOTLIKE GENADENDAL (1948-1987) 315

38. DORPSBESTUUR 316
38.1 Algemeen 316
38.2 Elektrisiteitsvoorsiening 320
38.3 Watervoorsiening 322
38.4 Sanitasie 324
38.5 Gesondheidsdienste 325

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

39.	BOUKUNS	329
39.1	Die Kerkplein	329
39.2	Die ou dorpsentrum (Victoria-plein)	331
39.3	Woonhuise	331
39.4	Dorpsbeplanning	334
39.5	Sale en skole	338
39.6	Sakeondernemings	339
39.7	Paaie en brûe	340
40.	LEEFWYSE VAN DAG TOT DAG	343
40.1	Feeste	343
40.2	Verenigingslewe	346
40.3	Tydverdrywe	348
	(a) Danse	348
	(b) Bioskoop en T.V.	350
	(c) Boeke, koerante, tydskrifte en radio's	350
	(d) Sport	351
41.	EKONOMIESE AKTIWITEITE	353
41.1	Boerdery	353
	41.1.1 Vee	353
	41.1.2 Graan	354
	41.1.3 Groente	355
41.2	Vervoerdienste	356
41.3	Houtprojek en boomaanplanting	357
41.4	Die drukpers	358
	41.4.1 Publikasies	359
	(a) Die Huisvriend	359
	(b) Ander drukwerk	362
41.5	Plaasarbeiders	362
41.6	Stadswerkers	363
42.	DIE KERKLEWE	364
42.1	Die Morawiese Kerk	364

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

42.1.1	Genadendal	364
	(a) Leraars	364
	(b) Kerkdienste	365
	(c) Kerkmusiek	365
42.1.2	Lewensvorme	367
	(a) Doop	367
	(b) Huwelik	368
	(c) Begrafnis	368
42.2	Die Volkskerk	368
42.3	Die Ou Apostoliese Kerk	370
42.4	Die Nuwe Apostoliese Kerk	370
42.5	Bekeerlinge en Pinkstergroepe	370
43.	OPVOEDING	372
43.1	Hoër skool	372
43.2	Die primêre skool	374
44.	POLITIEKE WOELINGE	376
44.1	Belastingbetalersvereniging	376
44.2	Onderwysersliga van Suid-Afrika	377
AFDELING VII:	DIE PAD VORENTOE	379
45.	'N TOEKOMSBLIK	380
45.1	Liebenberg verslag	380
45.1.1	Watertoevoer	380
45.1.2	Sanitasie	380
45.1.3	Paaie	380
45.1.4	Elektrisiteitsvoorsiening	381
45.1.5	Stormwater	381
45.1.6	Woonhuise	381
45.2	Morawiese Kerkwerf	381
45.3	Opgraderingskomitee	382
45.4	Skole	382
45.5	Feesjare 1987-1988	382
BRONNELYS		384

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE

1.	Gedig van Carnspek, 27.2.1744	398
2.	Brief van A. Barnard, 9.3.1798	399
3.	Kaart van Genadendal, 1815	400
4.	Reëls van die opleidingskool	401
5.	Brief van Sluysken, 7.8.1795	402
6.	Kaart van Kerkplein, 1799	403
7.	Brief van goew. Jansen, 1.1.1806	404
8.	Brief van Vergele, 1.8.1850	406
9.	"Grant", 15.2.1858	409
10.	Drukpers produkte	410
11.	Kaart, Genadendal, Okt. 1899	412
12.	Proklamasie, 1924	413
13.	Huisvriend gedigte	414
14.	Kaart, Genadendal	418
15.	Feesliedere	419

---oOOo---

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. INLEIDEND

As gebore Genadendaller wat my laer- en hoërskoolopleiding op diê sending= stasie voltooi en later my onderwysloopbaan daar begin het, was daar by my reeds van kindsbeen af 'n besondere belangstelling in die geskiedenis van my geboortedorp. My latere kennismaking met dosente verbonde aan die De= partement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Stellenbosch, het verdere belangstelling aangewakker om die verhaal van die sendingsta= sie na te vors.

Met hierdie navorsing is daar dan ook gepoog om 'n kultuurhistoriese beeld van die lewe op Genadendal, wat die oudste sendingstasie in die Republiek van Suid-Afrika is, te gee. 'n Tydperk van 250 jaar (1737-1987) word gedek.

Ten einde 'n beter begrip van die lewensgewoontes te kry wat hoofsaaklik deur die Morawiese Sendinggenootskap oorheers is, word 'n afsonderlike hoofstuk spesiaal aan die ontstaan van die Morawiese Kerk in Duitsland gewy. Die ge= skiedskrywer J.E. Hutton, wat 'n kenner op diê gebied is, se boek A history of the Moravian Church, is hoofsaaklik geraadpleeg.

Die oorspronklike dagboek van Georg Schmidt, wat deur B. Krüger en H. Plüd= demann getranskribeer en deur J. du P. Boeke vertaal is, was 'n belangrike primêre bron om 'n betroubare weergawe van die lewe in Baviaanskloof 1737= 1744 te kon gee.

Wat die tydvak 1744 tot 1792 betref, kon nêrens enige inligting t.o.v. die lewe in diê wêrelddeel opgespoor word nie. Die enigste verwysing kom voor in die geskrifte van A. Sparrman wat in 1772 op 'n plaas naby Baviaanskloof oorgestaan het en verneem het dat diê vallei steeds deur die Khoi bewoon word (Sparrman 1975:206).

Vir die daaropvolgende tydperk wat van 1793 tot 1926 strek, is van die Mora= wiese Kerkargief in Heideveld, Kaapstad, gebruik gemaak. Aangesien dit 'n private argief is, is dit verblydend dat soveel dokumente deur al die jare behoue gebly het. Ongelukkig beskik die Kerk nie oor 'n voltydse en opge= leide argivaris nie en dus het dit die navorsing ietwat gestrem aangesien

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heelwat dokumente nog nie geïndekseer en geliasseer is nie. Die bestaande indeksstelsel word ook nie altyd konsekwent gevolg nie. So bv. is heelwat dokumente uit die 18de eeu ook by dié uit die 19de eeu gevind, en andersom. Die staalkabinette waarin die verskillende lêers geberg word, word met Romeinse syfers I, II ens., gemerk, terwyl die kabinetrakke met gewone syfers, 1, 2, ens., aangedui word. Die lêers is met klein letters van die alfabet gemerk. 'n Verwysing M.A.I2c sal dus Morawiese Argief, Kas I, rak 2, lêer c aandui.

Alhoewel daar 'n volledige stel dagboeke sedert 1793 is, is dié bronne in 'n dowwe en soms onleesbare Duitse handskrif feitlik geslote. Gelukkig bied die kwartaalblaaie Periodical Accounts relating to the Missions of the Church of the United Brethren (vanaf 1792) en Berichten van de Zendingen der Evangelische Broedergemeente onder de Heidenen (vanaf 1798) heelwat inligting. Die sendelinge moes gereeld hulle verslae na Londen en Zeist stuur waarna dit (ook grepe uit die dagboeke) volledig en woordeliks in dié blaaie gepubliseer is. Die enigste kritiek wat teen die Engelse kwartaalblad ingebring kan word, is dat alle eiename ook in Engels aangegee word, bv. Isaac i.p.v. Isak. In sulke gevalle moes die oorspronklike dagboeke nageslaan word om die korrekte name te kry. In die dagboeke word duidelik aangetoon watter reisigers by Genadendal aangedoen het. Op hierdie wyse is die navorser op die spoor gebring om ander bestaande publikasies, soos reisbeskrywings van die betrokke besoekers, na te gaan, bv. dié van J. Barrow (1797), Lady Anne Barnard (1798), B. Bouchenroeder (1803), W. di Capelli (1803), W. Burchell (1811), J. Ewart (1811), H. Lichtenstein (1812), J. Campbell (1812), C. Latrobe (1816), T. Pringle (1824), M. Teenstra (1830), G. Champion (1835), J. Fawcett (1835), A. Steedman (1835), R. Moffat (1842), C. Baynes (1843), J. Brenton (1846), R. Gray (1848), ens. Al die genoemde besoekers gee in hulle boeke (sien bronnelys) breedvoerige beskrywings van die sendingstasie. Hieruit het dit ook baie duidelik na vore gekom watter betekenisvolle rol die sendingstasie in die Overberg gespeel het.

'n Ander belangrike bron was die versameling drukwerk wat deur die Genadendalse drukpers uitgegee is. Die belangrikste publikasie was die plaaslike nuusblad, genaamd De Bode. Hierin is gereeld oor die leefwyse op die sendingstasie berig. 'n Volledige stel van dié nuusblad (1858-1914) is in die Kerkargief gevind.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aangesien Genadendal sedert 1926 onder die plaaslike Bestuursraad geval het, het die Sending relatief min verslae oor die uiterlike ontwikkeling van die dorp opgestel. Alhoewel daar vir die moderne kultuur steeds van die Kerkargief gebruik gemaak is om die afnemende rol wat die Morawiese Kerk in dié gemeenskap gespeel het, na te gaan, moes ook die notuleboeke (sedert 1926) van die Bestuursraad geraadpleeg word. Dit is egter teleurstellend dat baie verslae en korrespondensie van allerlei aard in 'n ongeordende en verwaarloosde toestand verkeer aangesien dit 'n waardevolle navorsingsbron is. Korrespondensie en ander relevante dokumente vir die tydperk 1926 tot 1948 ontbreek geheel en al.

Te danke aan die merkwaardige sendeling eerw. L.R. Schmidt wat van 1901 tot 1947 in Genadendal werksaam was, het baie volksvertellings steeds behoue gebly. Hy het hom dit ten doel gestel om onderhoude met bejaardes te voer en hulle biografieë in die kontemporêre blad, Die Huisvriend (sedert 1914), geplaas. Schmidt was vir 25 jaar die redakteur van Die Huisvriend. Hierbenewens het hy heelwat pamflette wat handel oor geskiedkundige gebeure opgestel en laat druk. Wat sy handgeskrewe stukke betref, het hy nie minder as vyf kopieë van elk gemaak nie. Ongelukkig is al hierdie stukke nog nie geordend en geliasseer nie.

Daar is in 'n mindere mate van onderhoude gebruik gemaak. Hier is uiters selektief te werk gegaan deur van sleutelpersone in verenigings, kerke, klubs en skole gebruik te maak.

In die studie is geldwaardes, mate en massa deurgaans aangegee soos dit in die bronne voorgekom het. Die onderstaande tabel vergelyk die onderskeie eenhede met die hedendaagse eenhede:

Geld:

gulden	13,5c
riksdaalder	40,0c
1 pond (£)	R2,00
1 sjieling (s)	10c
1 pennie (d)	,833c

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lengte:

1 duim	25,6 mm
1 voet	,305 m
1 jaart	,914 m
1 myl	1,513 km

Massa:

1 pond	,454 kg

Oppervlakte:

1 morg	,857 ha

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING I: DIE TYDPERK VAN GEORG SCHMIDT

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. DIE MORAWIESE KERK

2.1 Ontstaan

Die Morawiese kerkgeskiedenis in Europa het deur twee fases gegaan. Eers= tens was daar die Ou Broederkerk wat in Boheme en Morawië ontstaan het en tweedens die Hernieude Broederkerk wat in Duitsland herstig is (Hamilton 1901:ix).

2.1.1 Die Ou Broederkerk

Gedurende die 14de eeu het die Engelse kerkhervormer John Wycliff hom heftig uitgespreek teen die geestelike verval wat in die Rooms-Katolieke Kerk aan die toeneem was. Omdat hy die Bybel as die enigste wegwyser vir hom en sy volgelinge in die Christelike lewe beskou het, het hy hom daarop toegespits om dit in Engels te vertaal. Sy volgelinge is twee-twee uitgestuur om die Evangelie te gaan verkondig. Spoedig was sy geskrifte oor die hele Engeland en ander Europese lande bekend. Ook in Boheme is sy invloed sterk aangevoel. Dit het 'n groot nasionale en geestelike beweging tot gevolg gehad. By die aanvang van die 15de eeu het die volgelinge van Wycliff hulle openlik en kri= ties teen die Roomse Kerk uitgespreek (Spangenberg 1796:60-63).

Wycliff se invloedrykste volgeling in Boheme was Johannes Huss, 'n hoogleraar aan die Universiteit van Praag. In 1415 is hy na die brandstapel gestuur waar hy vir sy geloof gesterwe het. Dit het egter nie die einde van die her= vormingsbeweging beteken nie. Sommige van Huss se volgelinge het hulle in Kunewalde, 'n dorpie in die noordooste van Boheme, gaan vestig waar hulle hulle op 1 Maart 1457 tot 'n gemeente genaamd Broeders van die Wet van Chris= tus verenig het. Dit was dan ook die stigtingsdatum van die Ou Broederkerk (Krüger 1956:1-13).

Dit het nie altyd voorspoedig met hulle gegaan nie. Onder leiding van Gre= gorius die Patriarg moes die Broederkerk groot verdrukking ly totdat hulle uit Kunewalde na die berge gevlug het waar hulle in klipskeure en spelonke moes woon. Selfs onder hierdie omstandighede het hulle nie hulle geloof prysgegee nie en was hulle met 'n hegter liefdesband as ooit tevore aan me= kaar verbind. Met verloop van tyd het die vervolging afgeneem en verskil=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lende gemeenskappe het in die bergagtige landstreek van Morawië en Boheme verrys. Ook hulle getalle het toegeneem sodat daar teen die jaar 1500 omtrent 200 gemeentes met meer as 70 000 lidmate was (Hutton 1895:24-39).

In 1532 is Johann Augusta as biskop van die Broederkerk georden. Hy word as die mees dinamiese leier in die geskiedenis van die kerk beskou. Onder sy leiding het die Broederkerk met rasse skrede vooruitgegaan. Die aantal lidmate het tot 200 000 gegroei (Hutton 1895:48 & 53).

Die smeulende haat het weer opgevlam toe Ferdinand I, koning van Boheme, in 1547 met 'n grootskaalse vervolging begin het. In dié tyd het 3 600 lidmate uit die land gevlug en hulle in Pole en later by Köningsberg (Pruise) gaan vestig. Met die Dertigjarige Oorlog (1618-1648) is die eenheid van die ou Broederkerk finaal verbreek. Johann Amos Comenius is as biskop georden en het alles in sy vermoë gedoen om na die verstrooide lidmate se geestelike welsyn om te sien. Comenius, wat 'n groot pedagoog was, was met sy insigte en leermetodes van groot hulp vir die Broederkerk. Hy het die mens se onkunde en swak opvoeding as die aanleidende faktore tot die bloedige oorloë beskou. Volgens hom sou 'n regte en deeglike opvoeding beter begrip en dieper insig aan die mens besorg sodat hy van sy verkeerde en sondige neigings kon afsien. Geeneen, selfs nie Comenius nie, kon die kerk egter van totale ondergang red nie (Hutton 1895:80-102).

Die Engelse geskiedskrywer Hutton som die geskiedenis van die Ou Broederkerk soos volg op: "It began in the quiet little valley of Kunwald; it ended in the streets of Prague. It began in peace and brotherly love; it ended amid the clash of steel. It began as a company of simple, pious Christians, it ended as a great and wide-spread church. It began in the simple preaching of the Sermon on the Mount, it ended by being mixed up with war and politics" (Hutton 1895:91).

2.1.2 Die Hernieude Broederkerk

Die ontstaan van die Hernieude Broederkerk word geassosieer met die naam van die Duitse vors, graaf Nicholaus Ludwig von Zinzendorf (Krüger 1956:3-8).

Zinzendorf is op 26 Mei 1700 in Dresden gebore. Op die ouderdom van ses

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

weke het hy sy vader verloor. Toe sy moeder weer in die huwelik tree, is die jong kind in die sorg van sy godvresende ouma, wat in die kasteel van Gross-Hennersdorf gewoon het, geplaas. Ná sy skoolopleiding wat hy in Halle onder ene professor Franke ontvang het, het hy sy opleiding aan die Universiteit van Wittenberg voortgesit. In dié tyd het hy 'n studiereis onderneem. Hy het die kunsgalery in Düsseldorf besoek waar die skildery van Domenico Feti wat Christus met die doringkroon uitbeeld, sy aandag getrek het. Die Latynse onderskrif, as dit vertaal word, lui: "Dit het Ek vir jou gedoen; wat doen jy vir My?" Hy is hierdeur so aangegryp dat hy 'n gelofte aan die Here gemaak het om die Evangelie oor die hele aarde te help versprei (Schulze & Gapp 1926:6).

Die skildery wat vir Zinzendorf aangegryp het
(Schulze 1908)

In Kunewalde was alles van die Ou Broederkerk nog nie vergete en verlore nie. Enkele families, soos die Schneiders, Nitschmans en Neissers, het nog die gebruike en tradisies van die Ou Broederkerk behou. Alhoewel hulle nie godsdiensvryheid geniet het nie, het hulle gereeld in mekaar se huise vir gebed en Skriflesing bymekaargekom. Ook die Ou Broederkerk-gesange is nog deur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle gesing. Christian David, wat as die bosprediker bekend was, het aan hulle die nuus meegedeel dat Zinzendorf bereid sou wees om aan hulle op sy landgoed in Berthelsdorf beskerming te verleen (Hutton 1895:116-120).

Nicholaus Ludwig von Zinzendorf
(M.A.: poskaart)

In 1722 het die eerste agt emigrante met hullē kinders in Berthelsdorf aan= gekom. Die eerste boom vir die oprigting van 'n woning is op 17 Junie ge= kap en die plek is Herrnhut (onder die hoede van die Here) genoem. Kort hierna het meer vlugtelinge uit Morawië hulle daar gaan vestig. In 1727 was daar reeds 23 huise en die sieletal het op 300 gestaan. Aanvanklik was daar groot verdeeldheid onder die inwoners en elkeen het vir homself

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK U.S.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gelewe, totdat 'n Nagmaal op 13 Augustus 1727 gereël is. Op hierdie dag het 'n groot geestelike herlewing onder die Herrnhutters plaasgevind. Hulle het hulleself verootmoedig, mekaar om vergifnis gevra en besluit om in liefde en eensgesindheid saam met mekaar te lewe (Hutton 1895:121-133). Die datum 13 Augustus is deur Zinzendorf as die Pinkster van die Broederkerk beskou. In sy boek Power from on high gee die Amerikaanse geskiedskrywer John Greenfield 'n breedvoerige beskrywing van die geestelike herlewing wat gedurende hierdie tyd in Herrnhut plaasgevind het en haal Zinzendorf se woorde soos volg in vertaalde vorm aan: "The Saviour permitted to come upon us a Spirit of whom we had hitherto not had any experience or knowledge. Hitherto we had been the leaders and helpers. Now the Holy Spirit Himself took full control of everything and everybody" (Greenfield 1977:17).

Met die loop van tyd het die Lutherane Zinzendorf van kettery beskuldig. Hy is beskou as 'n edelman wat 'n vreemde sekte op sy landgoed gehuisves het. In 1732 is 'n kommissie van ondersoek deur die owerheid van Sakse gelas. Daar is bevind dat die Herrnhutters heeltemal ortodoks was en dat hulle in vrede kon voortgaan met hulle leefwyse (Hutton 1895:148). Sedert 1749 is die naam Morawiese Kerk amptelik deur die kerkgenootskap gebruik (Hamilton 1901:ix).

2.2 Gebruike

2.2.1 Die Ou Broederkerk

Die gebruik van die lot, wat so 'n groot rol in die Morawiese Kerk sou speel, het vir die eerste keer in 1467 voorgekom. 'n Aantal genomineerde manne moes elkeen 'n strokie uit 'n fles trek. Op sommige strokies het die woord "jest" voorgekom. Diegene wat hierdie strokies getrek het, is as leraars geordend (Hutton 1895:27). Daar is van leraars verwag om nie te trou nie en om hulle streng by die opdragte van die biskop te hou (Hutton 1895:42, 43).

Ander kerklike ampte was dié van diaken en altaardienaar. Al die geestelikes het saam in een groot woning, bekend as die Broederhuis, gewoon. Die diakens het met allerlei take, soos die verkondiging van die Woord ('n her-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

haling van die leraar se preek op verafgeleë dorpies), en die bediening van die Heilige Nagmaal, gehelp. Verder moes hulle hulle tyd aan Bybelstudie bestee (Hutton 1895:42). Die altaardienaars was jong seuns wat met kleiner takies, soos die lui van die kerkklok, die aansteek van kerse in die kerk, ens., moes help (Hutton 1895:43).

Soggens is 'n gesamentlike oggendseën gehou, gevolg deur 'n kerkdiens en 'n Bybelstudie. In die middag is die tyd aan handearbeid, soos weef, tuinbou en kleremakery, bestee. Saans het hulle 'n musiek- en sangbyeenkoms gereël. Geeneen kon die Broederhuis sonder die leraar se toestemming verlaat nie (Hutton 1895:43).

Die gemeente was ook in drie klasse verdeel, t.w. die beginners, die bekwames en die perfektes. Elke gemeente het 'n aantal ouderlinge gekies wat die le= raar met huisbesoek behulpsaam moes wees. Van elke lidmaat is verwag om die kerkreëls te gehoorsaam. Indien nie, is hy/sy privaat deur die leraar ver= maan. Sou iemand 'n tweede keer oortree, moes hy/sy voor die ouderlinge ver= skyn, en indien dit nie gehelp het nie, is hy/sy voor die hele gemeente ge= bring waar die oortreding bekend gemaak is. Nadat die leraar afgekondig het dat die betrokkene van alle geestelike aktiwiteit uitgesluit is, moes die ge= meente met 'n luide "Amen!" antwoord (Hutton 1895:45).

Die Ou Broederkerk was bekend vir sy musiek. Soos geskiedskrywer Hutton dit stel: "They were not only supreme in learning, they were supreme in sacred music." Dit was die eerste Protestantse kerk wat 'n gesangboek uitgegee het en ook die eerste kerk wat 'n sak-Bybel in die jaar 1590 beskikbaar gestel het (Hutton 1895:7

Morawiese Gesangboek, gedruk in 1501.

(The Moravian 1959)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.2 Die Hernieude Broederkerk

Om in Herrnhut te kon woon, moes 'n mens bereid wees om 'n ernstige en eenvoudige Christelike bestaan te voer. 'n Lys van alle bekeerlinge is gehou en tug is toegepas op diegene wat die reëls oortree het. So bv. moes die vroue hulle elegante en kleurryke Boheemse klere verruil vir eenvoudige rokke met 'n wit kappie wat onder die nek met 'n strikkie geknoop is. Die kleur van die strikkie het die vrou se huwelikstatus aangedui: pienk vir getroudes, ligblou vir ongetroudes en wit vir weduwees (Hutton 1895:135-36).

Huwelike het plaasgevind nadat die lot gewerp is en die ouderlinge hulle toestemming daartoe verleen het. Op 'n vroeë ouderdom is die kinders van die ouers weggeneem en in 'n spesiale inrigting vir onderwys en opvoeding geplaas (Hutton 1895:135-136).

Selfs in die kerkhof was die leuse steeds eenvoud, eenheid en gelykheid in Christus. Geen grafsteen is regop geplaas nie, maar almal moes plat op die graf lê (Krüger 1966:293).

Daar is twaalf ouderlinge verkies. Vier van hulle is deur die lot angewys om algemene toesig oor die maatskaplike en kerklike lewe in Herrnhut uit te oefen. Die ouderlinge het op hulle beurt helpers en monitors aangestel om sekere opdragte uit te voer. Waar die opsieners 'n waaksame oog oor die uiterlike lewe van die inwoners moes hou, was dit die taak van die kerkdienaars om na die geestelike welsyn van die gemeente om te sien. Verpleërs is aangestel om siekes te versorg en voogde om kinders en armes by te staan (Hutton 1895:134-135).

Die weeksdag is soos volg ingedeel: sestien uur vir werk, vyf uur vir slaap en drie uur vir maaltye en kerkdienste. Elke oggend en aand het die nagwag sy rondte gestap en 'n lied gesing om die aanvang en afsluiting van die dag aan die kondig. Een van die ouderlinge het by elke woning aangeklop om die Dagwoorde (Skrifgedeelte vir die dag) aan die gesinslede af te gee. Sedert 1732 is hierdie Dagwoorde gedruk, in boekvorm uitgegee en in alle Morawiese gemeentes gebruik (Hutton 1895:142).

Sondae is geheel en al aan kerksake gewy en dit was geensins buitengewoon

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as 'n diens soms tot drie uur lank geduur het nie. Die dag is gewoonlik met 'n biduur begin en met 'n sangdiens afgesluit (Hutton 1895:137).



Die Morawiese dorp, Herrnhut (M.A.)

Een keer per maand is die Heilige Nagmaal gevier. Op dieselfde dag het die gemeente ook vergader om sake van algemene belang te bespreek. Die Liefdemaal was eers 'n private en sosiale geleentheid, maar later het dit 'n kerkfees geword. 'n Eenvoudige maal van sop, koek en water is geniet terwyl daar van die liefde van God gesing en getuig is. Met die woorde, "Lank lewe die Here Jesus in ons harte", het hulle mekaar begroet. Die indrukwekkendste geleentheid was Paasmôre wat vóór dagbreek met 'n opmars van die kerk na die begraafplaas begin het en waar dan ook 'n diens gehou is (Hutton 1895:134-143).

Die Herrnhutters was baie lief vir musiek. Baie van hulle gesange is deur hulle eie kerkvaders gekomponeer. Hulle het nie geglo om met 'n gesangboek kerk toe te gaan nie, maar dat die gesange in die geheue en hart van die gemeentelede gegraveer moes wees. Die sang was hartlik en spontaan, en dikwels moes die orrelis maar self die sleutel vind om by die gemeentesang aan te pas (Hutton 1895:138).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3 Sendingwerk

Die Herrnhutters was nie 'n afsydige groep wat net vir hulleself gelewe het nie. Omdat hulle tot die piëtistiese stroming behoort het wat hulle vir geloofsverdieping en die betoning van praktiese naasteliefde beywer het, het hulle die wêreld ingegaan om die kruis van Christus in talle uithoeke te gaan plant (Latourette 1954:897). Alhoewel dit nie hulle oogmerk was om Herrnhutisme te versprei nie, maar eerder om Christus te verkondig, was daar met die totstandkoming van sendingstasies tog 'n duidelike stempel van Herrnhut op die daaglikse leefwyse en denke van hierdie gemeenskappe te bespeur (Krüger 1966:292-293). Die strenge dissipline, eenvoud, die indeling van die gemeente, die gebruik van die lot en tradisionele feeste, soos bv. die Liefdemaal en die Paasoptog, is net so op die sendingstasies oorgedra.

In 1732 is die eerste sendelinge na die Wes-Indiese eiland St. Thomas gestuur. Hierna volg Groenland in 1733, Noord-Amerika (Georgia, Pennsilvanië, Ohio) in 1735, Suid-Amerika (Suriname) in 1735, Suid-Afrika in 1737, Noord-Amerika (Labrador) in 1752, Noord-Indië (Wes-Himalaja) in 1853, Noord-Amerika (Alaska) in 1885, Noord-Amerika (Kalifornië) in 1889, Sentraal-Afrika (Unyamwezi) in 1895 en Sentraal-Afrika (Njassaland) in 1890. Hierbenewens is ook talle ander sendingpogings geloods wat egter van korte duur was (Macduff 1887:8-23); Schmidt-pamflet 1940; Schulze 1908:1-86; Schulze & Gapp 1926:5-149).

Die eerste sendingpoging in Suid-Afrika was van korte duur (1737-1744), maar nadat die werk in 1792 hernieu is, is die sendingwerk van die Morawiese Sendinggenootskap in twee streke verdeel, nl. die Westelike Provinsie, waar hoofsaaklik onder die Khoi-Khoin en bruinmense gewerk is, en die Oostelike Provinsie, waar die werk onder swartes gedoen is. Die hoofsendingstasies van die Westelike Provinsie was Genadendal, voorheen bekend as Baviaanskloof, wat in 1738 aangelê is, Mamre in 1808, Enon in 1818, Elim in 1824, Clarkson in 1839 en Goedverwacht in 1845. Die stasies in die Oostelike Provinsie was Silo (1828), Gosen (1850) en Baziya (1863) (Schmidt-pamflet 1940). Baie van hierdie hoofstasies het ook nabygeleë takke gehad wat gewoonlik net preekplekke met klein gemeentes was. Hulle het as buitestasies bekend gestaan. Sedert die aanlê van Genadendal is die volgende buitestasies ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bedien: Berea, Greyton, Boschmanskloof, Tygerhoek, Kopjeskasteel, Caledon en Karwyderskraal (Kruger & Schaberg 1984:188).

Teen die einde van die 19de eeu het die kerk in die Westelike Provinsie met sy twaalf stasies 'n ledetal van 9 288 gehad (Kruger & Schaberg 1984:34). Vandag is daar altesaam 33 hoofgemeentes in die Westelike Provinsie (Kruger & Schaberg 1984:188).



Die sendingvelde van die Morawiese Kerk (1732-1922) (Schulze & Gapp 1926).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Diagram of the Historical Development of Our Missions during 175 years.

Hiendie voorstelling wys hoe die Morawiese Kerk tot in 1908 oor die wêreld vertak het. Die boom stel die Kerk voor. Piëtisme en heldemoed (die wortels) was van die belangrikste boustene van dié Kerk. Hulle liefde teenoor God en hulle medemens (die stam) het hulle aangespoor om die Evangelie wêreldwyd (takke) te gaan verkondig. Die verskillende sendingstasies word by die punte van die takke aangegee.

(geneem uit: V. Schulze 1908 <u>Die Brüdermission in Wort und Bild,</u> Herrnhut)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. GENADENDAL IN DIE 18de EEU

3.1 Geografiese ligging

Genadendal is in die Overberg geleë, m.a.w. dié landstreek wat in die 17de en 18de eeu as die gebied "over de Hottentots-Hollandberge" bekend was. Voordat die distrik Swellendam in 1745 gestig is, is na dié gebied verwys as "daardie gedeelte van die Stellenbosche distrik oos van die bergreeks tot sover as wat die beskawing gestrek het, of dan wel sover as wat die blankes die gebied binnegedring het - tot byna by die teenswoordige Mossel= baai" (Prins 1979:8). Vandag is die grense van die Overberg ingetrek en beslaan dit 'n veel kleiner area, "min of meer net die streek van Botrivier tot Swellendam, tussen die Riviersonderend- en die Langeberge en die see" (Rothman & Warner 1983:7). Dit is hier aan die voet van die Sondereinde= berge, by die ingang van Baviaanskloof, digby die Sergeantsrivier, waar die pionier-sendeling Georg Schmidt met sy sendingwerk begin het (Böeseken 1966: 125). In al sy briewe gee Schmidt sy adres aan as "Africa, am Ser= geant Revier" (Schmidt 1981:94,172,210,316,358,408 & 470). Hy het egter verder noord van die rivier, nader aan die kloof gewoon. Schmidt het blykbaar die naam Sergeantsrivier gebruik omdat dit oral in die Kolonie bekend was as dié plek waar 'n sersant in diens van die V.O.C. in 1725 deur 'n leeu verskeur is (Du Plessis 1973:310).

3.2 Bewoners van die landstreek

Voordat die blanke nedersetters hulle aan die Kaap gevestig het, is hierdie landstreek deur die Khoi en San (Boesmans) bewoon. Die belangrikste groep wat betref die geskiedenis van Genadendal, was die Khoi. Die term Khoi= Khoin, beteken "manne van manne", en dit is hoe die mense hulleself genoem het (Böeseken 1981:21). Die koloniste het na hulle as Hottentotte verwys, 'n stotterende woord wat herhaaldelik in hulle seremoniële sang gebruik is en wat, volgens die taalkundige G.S. Nienaber, 'n volksbenaming geword het wat skertsenderwys op hulle oorgedra is (WAT IV 1961:417).

Die Khoi het uit 'n hele aantal stamme bestaan. Van die belangrikstes was die Namakwas en Gorigorikwas, wat van die Bergrivier en verder noord tot by

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Groenrivier voorgekom het. Die Attakwas het weer van die Gouritsrivier en verder oos voorgekom, terwyl die Cochokwas in die onmiddellike omgewing van die Kaapse Skiereiland gewoon het (Kronos I 1979:3). Die Hessekwas en Chainokwas het hoofsaaklik in die Overberg in die Riviersonderendvallei gewoon. Tientalle krale het oral in die gebied verspreid voorgekom. Elke kraal het sy eie kaptein gehad (Kronos I 1979:12; Prins 1979:14-15). Daar was blykbaar nie 'n duidelike gebiedsafbakening tussen die Chainokwas en Hessekwas nie. Bredenkamp, 'n navorser verbonde aan die Instituut vir Historiese Navorsing aan die Universiteit van Wes-Kaapland, beweer dat daar 'n algemene bloedverwantskap en bondgenootskap tussen dié twee stamme bestaan het. Dit was ook van hierdie stamme dat die Kompanjie op groot skaal vee geruil het (Kronos I 1979:12-18). Statistieke vir die periode 1662 tot 1713 dui daarop dat die Khoi groot veeboere was, want in dié tyd is altesaam 6 634 beeste en 10 475 skape van hulle geruil (Prins 1979:21).

Kaptein Koopman en sy Chainokwa-volgelinge is omstreek die einde van die 17de eeu deur die V.O.C. uit Hottentots-Holland verdryf en hulle het hulle in die kloof aan die westelike deel van Baviaanskloof gaan vestig. Vroeër jare was dit bekend as Koopmanskloof, maar vandag staan dit as Kornlandskloof bekend (Krüger 1966:106-107).

Ander krale wat aan Baviaanskloof gegrens het, was Voorstekraal, waar die Khoi-familie Robyntjie gewoon het; Bosjesmanskloof, waar die familie Cookson gewoon het; en Besjeskloofkraal (M.A. I4d: Inkomende brief landdros Van der Riet, 20.7.1798; M.A. I4d: Inkomende brief landdros van Swellendam, 15.4.1825; M.A. I4d: Uitgaande brief, sendeling aan Landmeter-generaal, 26.6.1826). Bosjesmanskloof (Boschmanskloof) was die woonplek van die Hessekwas, en die naam het niks met die San (Boesmans) te make nie. Die naam Hessekwa beteken waarskynlik "mense van die bosse", dus is die kloof dan ook Bosjesmanskloof genoem (Prins 1979:12).

Die koms van blanke nedersetters het die Khoi se kraal- en kultuurlewe nadelig getref. Eerstens het die ruilhandel daartoe gelei dat baie van hulle verarm het. Nieteenstaande 'n herhaalde verbod wat op veeruil met die Khoi geplaas is, het die burgers dié praktyk voortgesit en soms selfs met geweld die Khoi hulle vee ontneem (Böeseken 1981:69).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tweedens het die burgers ook begin aanspraak maak op weivelde. Alhoewel nog geen blanke vryburger hom aan die begin van die 18de eeu in die Overberg gevestig het nie, was daar wel enkele mense wat weiregte in die vorm van leningplase van die Kompanjie ontvang het. Hierdie plase het mettertyd permanente besit van die lisensiehouers geword (Muller 1977:60-81). Dit het gelei tot herhaalde en dikwels grootskaalse bloedvergieting waarin die Khoi die onderspit moes delf. Indien die Khoi se vee op die blanke boer se grond gewei het, is die betrokke vee deur lg. vir hom toegeëien. Derdens was daar die pokke-epidemies toe groot getalle Khoin gesterf het.

Met Georg Schmidt se koms na die Sondereinderiviervallei het hy dus kennis gemaak met 'n verarmde en verstrooide Khoi-volk wat feitlik op die drumpel van totale uitwissing gestaan het. Behalwe die enkele krale wat nog oorgebly het, was daar reeds dertien plase in die Baviaanskloofomgewing (Prins 1983: 234). Dit is interessant om daarop te let dat die Baviaansriviervallei onbeset en onbewoon was, waarskynlik omdat die vallei te koud en moerasagtig vir veeboerdery was.

3.3 Georg Schmidt

Georg Schmidt is op 30 September 1709 in die Morawiese dorpie Kunewalde gebore. Op sestienjarige ouderdom, twee jaar nâ die groot geestelike herlewing in Herrnhut, het hy tot bekering gekom. In dieselfde jaar het hy na Herrnhut vertrek en besluit om in diens van die Here te staan. Tydens 'n sendingreis na Oostenryk is hy saam met 'n kerkbroeder, Melchoir Nitschman deur die Rooms-Katolieke owerheid in die gevangenis gewerp en wreed behandel. Gedurende gevangenskap het Nitschman gesterwe, terwyl Schmidt eers nâ ses jaar vrygelaat is (Schmidt 1981:19).

Intussen het twee Gereformeerde predikante, nl. Van Alphen en De Bruin, met die Herrnhutters in Amsterdam kennis gemaak. Die dringende behoefte vir sendingwerk onder die Kaapse Khoi het hulle laat besluit om 'n brief aan graaf Von Zinzendorf te rig (Krüger 1966:15 & 16; Schmidt 1981:19). Zinzendorf het die versoek op 6 Februarie 1736 ontvang en die keuse het op Georg Schmidt geval. Hy was toe maar 26 jaar oud en ongetroud. Die seereis na die Kaap was ver en gevaarlik. Sonder enige metgesel, onseker of hy ooit weer sy vaderland sou sien, het hy op 11 Maart 1737 met die skip

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

't Huis te Rensburg vertrek (Gerdener 1937:15); Krüger 1966:16,17; Schmidt 1981:23). Aan boord het hy die sondige en onverskillige lewe van die matro= se skokkend gevind. Hy het dikwels van die geleentheid gebruik gemaak om met die kaptein en soldate wat brandwag gestaan het, te praat oor die redding van hulle siele. Nâ vier maande op see het hy daarin geslaag om drie mans, Hans Müller, Gabriël Röll en Georg Trautman, tot bekering te bring (Schmidt 1981:37-41; 51-53).



Georg Schmidt
(M.A.)

Op 9 Julie 1737 is aan die Kaap anker gegooi. Schmidt het die magtigings= brief wat hy van die Here XVII ontvang het aan die Goewerneur gaan afgee. Daarna is hy na 'n herberg waar hy moes aanhoor hoe sommige koloniste (wat hom nie geken het nie) spot oor die sg. dominee wat so gek is om sending= werk onder die Khoi te wou doen. Nâ 'n verblyf van 'n paar weke by 'n lid van die Politieke Raad, Tobias Rhenius, het hy op 4 September sy reis na die binneland onderneem. Op 12 September het hy by die Sondereinde=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rivier aangekom en besluit om vir hom 'n hut naby 'n Khoi-woning op te rig (Schmidt 1981:53-55).

Uit sy briewe en dagboek kan 'n mens aflei dat hy 'n diep eerlike en toegewyde Christen was. Sy lewe was eensaam. Van die Kaapse predikante het hy eerder kritiek as bystand ontvang. Behalwe die bevrediging dat daar tog diegene was wat hy tot bekering kon lei, was die briewe van sy oorsese broeders die enigste bemoediging wat hy ontvang het. Met kinderlike geloof het hy hom aan die lot en die voorgeskrewe Dagwoorde onderwerp. Hy wou niks uit homself doen tensy hy absoluut versekerd was dat dit wel die wil van God was nie. Voordat 'n leerling tot sy klasse toegelaat is, of belet is om klasse by te woon, of voordat hy iewers heen wou reis, het hy eers verneem wat God deur die lot spreek. Hoe hy dit bepaal het, word nie verduidelik nie. Ongeag wat die antwoord was, "nee" of "ja", hy het homself daarin berus en geglo dat dit God se wil was (Schmidt 1981:75,311 % 381). Hierdie gebruik het reeds vroeg in die geskiedenis van die Morawiese Kerk voorgekom en is baseer op Matthias se aanwysing as apostel (Handelinge 1:15-26). Die wyse waarop Schmidt sommige van sy briewe afsluit deur na homself as "U alleengelate" en "julle arme George Schmidt" te verwys, dui daarop dat hy na hulp en bystand van sy medesendelinge gesmag het (Schmidt 1981:95 & 357). Die lot het egter bepaal dat hy die stryd alleen moes voortsit (Schmidt 1981:91).

In tye van siekte het die inwoners hulle nie veel aan hom gesteur nie en moes hy leer om sy hoop net op die Here te vestig. Behalwe verkoue, benoudheid op die bors, 'n geswolle gesig, pynlike voete en 'n uitslag van vlekke en blasies, was hy op 'n dag so siek dat hy gedink het dat hy sou sterwe. Hy het soms gewens dat hy kennis van die veld se kruie gehad het. Een of ander huisraat soos die gebruik van 'n heuningkompres of die stoom met witsuiker, is soms aangewend om 'n hewige tandpyn te verlig (Schmidt 1981:243,103,115,171,169 & 301). Wilhelm, een van sy leerlinge, was die enigste mens wat sy meester soms in tye van siekte versorg het (Schmidt 1981:141).

Schmidt wou op 'n selfstandige wyse 'n bestaan voer en wou aan niemand iets verskuldig gewees het nie. Toe die Goewerneur hom hulp aangebied het, was sy antwoord: "ich sollte pflanzen und bauen und wollte niemand beschwerlich nog lästig fallen" (Schmidt 1981:44). Behalwe sy eetgerei, emmers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en vaatjies wat hy in die Kaap en by die nabygeleë veepos gekoop het, het hy self 'n verskeidenheid gebruiksartikels uit hout en ander bekombare materiaal vervaardig, soos bv. 'n leer, varktrog, eg, kniebak, sif, kapblok, ens. (Schmidt 1981:185,223,137,229,327 & 367).

Ná die dood van korporaal Campen, opsigter by 'n veepos, het hy 'n saal, houtbed en beddegoed vir sewe riksdaalders en twee sjielings oorgekoop (Schmidt 1981:127). Alhoewel hy een van die Khoi-vroue gevra het om vir hom te kook, het hy self sy brood gebak, kerse en beddegoed gemaak, en ook self sy klere gewas en heelgemaak (Schmidt 1981:219,227,347 & 189).

Behalwe sy perd en hond het hy 'n trop bokke gehad wat hy van die Kompanjie ontvang het omdat hy ná die dood van korporaal Campen ingewillig het om 'n ogie oor die veepos te hou. Die res van sy vee het bestaan uit ses beeste, wat hy teen 24 riksdaalders elk gekoop het, 'n paar varke en 'n aantal hoenders (Schmidt 1981:127,131,137,225,271 & 299).

3.4 Die inwoners van Baviaanskloof

Schmidt beskryf die Khoin as klein van postuur. Hulle velkleur het gewissel van geel tot rooi, en soms het hulle hul met vet gesmeer (Schmidt 1981:493 & 55). Die enigste kledingstukke was 'n skort en karos van twee goed gebreide skaapvelle wat aanmekaar gewerk is en wat oor hulle skouers gehang het (Schmidt 1981:55,85 & 493). Die kinders het dikwels kaal geloop. Schmidt het hiervan niks gebou nie en het dikwels met 'n lat onder hulle ingespring en hulle slae gegee. Die ouers is ook streng aangespreek dat hulle dit nie moes toelaat nie (Schmidt 1981:101,125 & 153). Die vroue het die gewoonte gehad om rieme van beesleer om hulle bene te dra (Schmidt 1981:493). Sommiges het ook selfgemaakte velskoene gedra (Schmidt 1981:45).

Van beddegoed was daar nie veel sprake nie. Twee skaapvelle is gebruik: een om op te slaap en een om hulle toe te maak (Schmidt 1981:55).

Behalwe vleis en melk het veldkos 'n groot deel van hulle dieët uitgemaak. Daar het vier soorte wortels voorgekom, waarvan anyswortels die lekkerste was. Sommige van hierdie knolgewasse was so groot soos aartappels (Schmidt 1981:493). Wildevye, wildeamandels en heuning was ander lekkernye uit die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spens van die veld (Schmidt 1981:109,227 & 427). Nã hulle kennismaking met die blankes, het hulle versot op sterk drank, koffie en tee geraak. Voordat hulle 'n takie vir Schmidt verrig het, moes hy eers vir hulle koffie of tee gee (Schmidt 1981:95 & 287). Wanneer hulle kos opgeraak het, het hulle ook by die sendeling gaan aanklop. Hulle het nie geglo dat kos vir die dag van môre gebêre moes word nie (Schmidt 1981:281).

Die Khoi was lief vir jag (Schmidt 1981:171). Seekoeivleis was 'n gesog= te dis. Die beste tye om diê dier te jag, was saans wanneer hy uit die water land toe gekom het. 'n Seekoei het baie vleis gelewer en dus het dit van elke lid van die jaggroep spanwerk geverg. Dit het soms 'n hele dag geduur om die dier af te slag, in stukke op te sny en met 'n twee-ossekarretjie na die kloof te neem. Die vleis is dan onder almal verdeel (Schmidt 1981:149, 227,235 & 237).

Hulle vee was hulle rykdom. Sommiges het groot troppe beeste van tot 500 aangehou (Schmidt 1981:45). Wildehonde, hiënas en luiperds het dikwels by die krale ingebreek en van die vee doodgebyt en weggesleep (Schmidt 1981:125, 187 & 271). Die inwoners kon goed spoorsny om die roofdiere agterna te sit en van kant te maak (Schmidt 1981:311). 'n Geweer is soms in die kraal ge= stel. Sodra die roofdier aan die steltou raak, het die skoot afgegaan en hom op die plek gedood (Schmidt 1981:311).

Die San het dikwels die Khoin van hul vee beroof en dan het die Khoin byme= kaargekom en 'n strooptog onderneem om die gesteelde vee terug te vat. Hul= le is soms dodelik deur die San se gifpyle getref (Schmidt 1981:105).

Hulle was vrolike mense wat lief vir musiek was. By Schmidt se aankoms aan die Sondereinderivier het hulle hom met musiek verwelkom (Schmidt 1981:479). Saans, veral wanneer die maan skyn, het hulle van blydskap gedans, gespring en gesing omdat hulle hulle vee beter kon sien om daaroor wag te hou (Schmidt 1981:491). Alhoewel hulle allerlei bygelowe gehad het, was die Khoi tog be= wus van 'n Opperwese wat hulle "Tuiqua" genoem het. Die Satan het hulle "guana" en die hemel "huma" genoem (Schmidt 1981:381 & 493).

Een van die inwoners genaamd Africo was die enigste wat Hollands vlot kon praat en dus het hy as tolk tussen Schmidt en sy leerlinge opgetree (Schmidt 1981:491).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In sy briewe verwys Schmidt na sy leerlinge as "my volk", terwyl hulle hom as "baas" aangespreek het (Schmidt 1981:95 & 491).

3.5 Schmidt se bydrae op stoflike gebied

Schmidt se bedrywighede kan in twee belangrike onderafdelings verdeel word, naamlik woningbou en landbou.

3.5.1 Woningbou

Voordat Schmidt na Baviaanskloof vertrek het, het hy naby 'n veepos, 'n half= uur daarvandaan, soos hy dit in sy dagboek beskryf, 'n Khoi-kraal teëgekom, waar hy vir Africo ontmoet het. Hy was die enigste wat in 'n permanente huisie met sy vrou en kinders gewoon het (Schmidt 1981:45 & 55). Dit blyk hieruit dat van die Khoi ook met klei en klip kon bou. Toe Schmidt die vol= gende jaar na Baviaanskloof trek, het hy vir hom 'n soortgelyke huisie soos diê van Africo gebou. Hy het egter die boumetode vreemd gevind. "Man baut hier ganz anders als bei euch" (Schmidt 1981:46). In plaas van die tradi= sionele strooi-en-riethutte het later 'n hele aantal kleihuisies in Baviaans= kloof verrys (Schmidt 1981:151 : 171).

Voordat daar met die bouwerk begin is, is die fondament met 'n tou uitgemeet. Hoekpale is loodreg ingeplant om te verseker dat die huisie nie skeef gebou sou word nie. Hierna is die pale met sparre verbind om sodoende ekstra ver= sterking aan die boukonstruksie te verleen (Schmidt 1981:45,99 & 117).

Hout was skaars en moes in die diep bergklowe gekap en uitgesleep word (Schmidt 1981:99). Klei en klip het wel volop voorgekom. Die klei is goed gebrei en op 'n vel deur die osse na die bouterrein gesleep (Schmidt 1981:209). Schmidt maak nêrens melding van stene wat gevorm is nie en dus kan afgelei word dat hy die mure opgeklei het.

Vir die dakkonstruksie is balke, daksparre en dekriet gebruik. In sy dag= boek beskryf hy die graanskuur se dakkonstruksie soos volg: "Ons het vier balke gesit en aan albei kante aan die hangbande 'n dwarshout gemaak en 'n langhout op die kappe tot by die nok gelê, en op die muur en aan die nok vas gespyker" (Schmidt 1981:281).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aangesien die terme in die genoemde aanhaling verwarrend is, word die vlg. skets gegee om die moontlike dakkonstruksie aan te toon:



Of alle huise se bouplanne dieselfde was, kon nie vasgestel word nie. Schmidt se woonhuis het 'n soldertjie gehad waarop tuinprodukte gebêre kon word (Schmidt 1981:203) en 'n afdak waaronder die tuingereedskap gebêre kon word. (Schmidt 1981:139). Hierdie afdak moes meer na 'n buitekamertjie gelyk het omdat dit met 'n muurtjie toegebou is (Schmidt 1981:209). Omdat hulle nie oor planke beskik het nie, is die deure en vensters se hortjies van latte gevleg (Schmidt 1981:287,289).

Die kombuisie het 'n vuurherd met 'n skoorsteen gehad, terwyl 'n afsonderlike bakoond, 'n gewelfkonstruksie van klip en klei, langs die woonhuis gebou is (Schmidt 1981:325 & 279). Nadat die bouwerk voltooi is, is die mure met klei afgepleister en afgewit. Die nok is ook met 'n kleilaag bedek (Schmidt 1981:281 & 209). Voor die ingang van die huisie is met gekapte klip geplavei. Heelwat klip is hiervoor gebruik, want dit moes met 'n "plankkar" van die klipbreekplek aangery word (Schmidt 1981:181 & 183).

Behalwe die woonhuisies is ook ander bouwerke, soos kleimuurkrale vir die vee, 'n groot dorsvloer met 'n muurtjie wat reg rondom gebou is, asook die groot graanskuur waarvan reeds melding gemaak is, aangepak (Schmidt 1981:103,117, 131, 133 & 273).

Wanneer daar gebou is, het almal hand bygesit. Sommiges het die klei gekap,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebrei, aangesleep en vir die bouers aangegee, terwyl ander weer dekriet gaan sny het om die dak te dek (Schmidt 1981:111,125 & 209).

3.5.2 Landbou

Met tuinbou wou Schmidt die Khoin van hul nomadiese gewoontes laat afsien om hulle op een plek te vestig, sodat hy die onderrigklasse sonder onderbreking kon voortsit. Die vrugbare Baviaansriviervallei met sy standhoudende berg= stroom het onbewerk gelê en wag op iemand wat die inisiatief sou neem om sy potensiaal te ontgin.

Daar was veral twee probleme wat Schmidt in die gesig gestaar het. Eerstens was daar die vreemde klimaatstoestande, waaraan hy nog gewoond moes raak. Hy skryf: "Die tye hier is baie anders as in Europa. Ons het nou somer en jul= le winter, en wanneer julle somer het, het ons winter, maar daar is min sneeu te sien. Die somerhitte is ook nie so erg as wat die mense gesê het nie; daar is baie wind. Wanneer dit reën, is dit snerpend koud"(Schmidt 1981:4).

Tweedens was daar die probleem met die inwoners. Hulle het geglo dat vee= teelt winsgewender as landbou is. Vir groente was daar nie juis 'n mark nie, terwyl hulle hul vee makliker vir tabak en sterk drank kon verruil, bv. vir sewe koeie en drie osse het hulle 'n pond tabak, 'n bottel rysbrandewyn en 'n paar krale ontvang (Schmidt 1981:273-275). Omdat handearbeid nie juis deel van hulle lewensgewoontes uitgemaak het nie, het hulle tuinbou, wat meer werk en aandag geverg het, probeer vermy. Dit was dus 'n moeisame taak om die inwoners te laat besef watter bate tuinbou wel vir hulle kon wees. Nadat Schmidt die eerste groentesaad en graan vir hulle gesaai het, het hy verwag dat hulle daarna sou omsien (Schmidt 1981:75 & 81). Dit was egter nie die geval nie omdat hulle die saailande as ideale weiveld vir hul vee gesien het (Schmidt 1981:81,189,187 & 227). Schmidt moes streng optree. Praat het nie veel gehelp nie, en dus het hy op 'n dag een van hulle kalwers op die koringland doodgeskiet (Schmidt 1981:81). Om die tuine teen rondlopende vee te beskut, is diep slote met hoe walle rondom die tuine gegrawe (Schmidt 1981:81 & 113).

Die eerste groentesoorte wat gesaai is, was rape en geelwortels. Hierdeur wou Schmidt aan die inwoners wys dat dit nie nodig was om ver ente in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

veld te stap om na wildeanyswortels en ander veldkos te soek nie omdat 'n mens knolgewasse voor jou eie deur kon kweek (Schmidt 1981:81).



Schmidt leer die Khoin hoe om die grond te bewerk (M.A.)

Nâ die eerste jaar se eksperimentering met verskillende groentesoorte op verskillende tye van die jaar, het Schmidt 'n vaste landboupatroon gevolg wat soos volg daar uitgesien het. Gedurende die maande April en Mei is die grond voorberei. Die droë gras is verbrand, groot klippe verwyder en dan is daar gespit, geploeg en geëg (Schmidt 1981:137,153,221-223). Hierna is die veekrale skoongemaak. Met behulp van 'n plankkar en osse is die mis van die krale na die tuin aangery waar dit in die grond gewerk is (Schmidt 1981:135, 137,221,259,239). Groentesaad en plantjies is soms by die veepos laat haal (Schmidt 1981:223). In Mei is ertjies gesaai en aartappels geplant (Schmidt 1981:221). Die eintlike planttyd was in September wanneer 'n verskeidenheid groentesoorte, soos kool, pampoen, waatlemoen, boontjies, komkommers, geelwortels, raap, radyse en pieterselie, geplant is (Schmidt 1981:265,257 &

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

267). Hoewel elke inwoner sy eie tuintjie gehad het, het hulle mekaar ook gehelp (Schmidt 1981:265). Om die tuintjies te besproei, is watervore van die rivier na die tuintjies aangelê (Schmidt 1981:183 & 269).

Gedurende die wintermaande is graansoorte, soos koring en gars, gesaai. Die graanlande is goed bemes. 'n Wa van die Kompanjepos is soms geleen om die kraalmis na die landerye aan te ry (Schmidt 1981:137). Nadat die saad gesaai was, is dit met 'n hark in die grond gewerk (Schmidt 1981:345). Aan die einde van die jaar is die graan gesny en op die groot dorsvloer, wat in 1739 gebou is, deur die perde uitgetrap (Schmidt 1981:99 & 103). Daarna is dit gewan en in die graanskuur gebêre. Een van die vryburgers wat in die kontrei gewoon het, het Schmidt dikwels besoek en by dié geleentheid sy handmeul saam met hom gebring. Die inwoners het dan die geleentheid gekry om hulle koring te maal en in velsakke te bêre (Schmidt 1981:189 & 205). Die koring is nie altyd getrap nie, maar soms ook uitgeslaan sodat die strooi gebruik kon word om die huisies se dakke mee te dek (Schmidt 1981:295). Die gars is ook as hoendervoer gebruik en soms is dit by die veepos vir koring verruil (Schmidt 1981:107).

Schmidt het verder tabak en wingerdstokke geplant. Om die omgewing te verfraai, het hy 'n blomtuin en 'n grasperk aangelê (Schmidt 1981:145,151,155, 271 & 367). Die aanplant van eikebome en vrugtebome, veral perskebome, het aandag geniet. Die inwoners is geleer hoe om die bome te snoei en later toe die eerste vrugte geoes kon word, is hulle geleer hoe om dit in die son te droog (Schmidt 1981:145,229,223,311,313,315 & 371).

3.6 Christelike Onderwys

3.6.1 Probleme

Schmidt se belangrikste taak was om die Khoi in die Christelike leer te onderrig. Ook hier het daar baie probleme vir hom op die weg gelê. Om sy leerlinge bymekaar te hou, was 'n moeilike taak. As hulle nie gedurig na die plase gedwaal het om tabak te soek nie, het hulle die naburige krale besoek waar hulle vryelik kon dans en drink terwyl Schmidt dit nie in Baviaanskloof geduld het nie (Schmidt 1981:83,87,101,207 & 286-287). Soms het hulle gaan veldkos soek of hulle op die plase verhuur (Schmidt 1981:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

81,109,177,99,83,191,433,323 & 365). Die koloniste het die Khoi as 'n "sleg= te volk" beskou, maar aan die ander kant het baie soldate op die veeposte met Khoi-vroue buite-egtelik saamgelewe (Schmidt 1981:423). Dit alles het by= gedra tot 'n uiters moeilike opheffingstaak.

3.6.2 Sy eerste skool

Sy eerste onderrigklas is op 27 Oktober 1737, met Africo as leerling, begin. Die klas het later tot tien leerlinge gegroei (4 mans, 2 vroue en 4 kinders). 'n Aantal ABC-boekies, waarvoor Schmidt 3 stuiwer elk betaal het, is in Kaap= stad laat haal. Soms is daar tot twee keer per dag les gegee. Die leer= linge het goed gevorder en het binnekort die letters van die alfabet onder die knie gehad (Schmidt 1981:55). Dit blyk dat Schmidt die Khoi-taal te moeilik gevind het en dus pogings aangewend het om aan die inwoners Hollands, wat hulle reeds deels kon praat en verstaan, te leer (Schmidt 1981:491).

3.6.3 Die begin in Baviaanskloof

Na 'n verblyftydperk van ongeveer ses maande op 'n veepos, (Hardenbeeskraal), het Schmidt vroeg die volgende jaar na Baviaanskloof vertrek waar hy op 5 Maart 1738 weer met onderrigklasse begin het. Sy klas het toe uit 19 leer= linge bestaan (4 mans, 5 jongmans, 1 seun, 4 vroue en 5 meisies) (Schmidt 1981:63). Nadat daar goeie vordering met die leeslesse uit die ABC-boekies gemaak is, moes hy besluit om òf die Psalms òf Nuwe Testamente aan hulle te gee. Die lot het bepaal dat hy die Testamente moes gebruik. Teen die ein= de van 1738 het die klas tot 32 leerlinge gegroei (7 mans, 6 jongmans, 5 seuns, 7 vroue, 6 jongmeisies en 1 klein meisie). Elke oggend en aand voor= dat hulle vir gebed by Schmidt sy hut byeengekom het, moes hulle eers self tuis op hulle knieë gaan en persoonlik tot die Here bid (Schmidt 1981:67).

Deur 'n siekte wat vroeg in 1739 onder die inwoners uitgebreek het, is Schmidt genoodsaak om die onderrigklasse tydelik op te skort. Later daardie jaar het hy ook Kaap toe gery om twee sendelinge van die gemeente in Duitsland wat na Ceylon onderweg was, te gaan groet.

Genoemde onderbrekings van die onderrigklasse het daartoe gelei dat baie van sy leerlinge hulle boeke weer aan hom teruggegee het en nie verder daarin be=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lang gestel het nie (Schmidt 1981:75,83,87, 89 & 95).

3.6.4 Die aard van die onderrigklasse

Die onderrigklasse het hoofsaaklik uit lees- en voorleesklasse bestaan. Die leesklasse het baie geduld geverg. Hy moes soms tot drie keer herhaal voor= dat sy leerlinge dit kon nasê. Boonop was hulle baie traag en onoplettend in die klas (Schmidt 1981:85,113 & 229). Tydens die voorleesklasse het Schmidt 'n Skrifgedeelte voorgelees en dit dan aan hulle uitgelê (Schmidt 1981:227). Die volwasse inwoners is nooit onder 'n verpligting geplaas nie, maar kon uit vrye wil die klasse bywoon. Sou 'n leerling hom egter aan dros, dansery of die gebruik van sterk drank skuldig maak, is hy die klasse belet en moes hy sy boek afgee (Schmidt 1981:83,87,99,113,283 & 287). Daar is ook verwag dat alle kinders die klasse moes bywoon. Indien nie, moes hulle die kloof verlaat (Schmidt 1981:91 & 159).



Schmidt met sy leerlinge voor sy hut
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy het soms die sweep gebruik om die kinders in die onderrigklasse te tug (Schmidt 1981:435,423). Wanneer die weersomstandighede nie gunstig was nie, is daar nie klas gehou nie (Schmidt 1981:81,83,99,109). Schmidt moes gedurig aandring op stiptelikheid omdat sy leerlinge die gewoonte gehad het om laat te slaap en dan net wanneer hulle wil na die klas te gaan (Schmidt 1981:127,281). Hulle het hom dikwels so kwaad gemaak dat hy aan hulle gesê het: "Julle mense, julle het minder verstand as die vee" (Schmidt 1981: 281). By 'n ander geleentheid skryf hy weer: "Dit is asof die Duiwel die siele glad nie wil loslaat nie vanweë hulle ongeloof" (Schmidt 1981:383).

Om hulle aandag te behou, het die klasse en byeenkomste nie langer as 'n uur geduur nie (Schmidt 1981:173). 'n Boek met kopergravures is ook gebruik om die lesse meer verstaanbaar te maak (Schmidt 1981:273). Op 24 Mei 1742 het hy vir die eerste keer vir hulle begin leer om te skryf (Schmidt 1981:365).

Aan die Kaap het die koloniste hulle verbasing uitgespreek oor die vordering wat Schmidt se leerlinge gemaak het (Schmidt 1981:125,369), maar binnelands was daar soms diegene wat probeer het om die leerlinge in die war te bring deur hulle aan te hits om nie na Schmidt te luister nie (Schmidt 1981:441).

3.7 Kerkleer en feeste

Dit lyk asof die skoolonderrig en kerkbyeenkomste soms geïntegreer is. Die geestelike bediening was heel eenvoudig, sonder enige seremoniële gebruike. Nadat die eerste bekeerlinge gedoop is, het hy 'n spesiale gesprekksklas vir hulle gereël. Dit het van die gewone onderrigklasse daarin verskil dat hy hulle hier aangaande die diepere Christelike lewe onderrig het (Schmidt 1981: 347). Die hooftemas in hierdie klasse het uit die Sendbriewe van die apostels gekom (Schmidt 1981:349,353). Hy het nie geglo dat die geloofsbelydenis of gebede gememoriseer moes word nie, maar dat die gemeentelede hulle getuienis eerder op 'n spontane wyse en uit die hart moes gee (Schmidt 1981: 351). Dit was vir hom belangrik dat sy gemeente eers die Here moes leer liefkry voordat hulle tot eer van Hom kon sing (Schmidt 1981:365 & 375). In die eerste byeenkomste word daar dan ook nêrens melding gemaak dat hy sy gemeente leer sing het nie.

Hy het van praktiese voorbeelde gebruik gemaak om die geestelike boodskap op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verstaanbare wyse by hulle tuis te bring, bv. die huis se fondament het hy vergelyk met Jesus Christus op wie 'n mens moes bou, die snoei van bome met die mens wat van sy sondige neigings ontslae moes raak, en die koringkorrel wat eers moet sterwe voor dit vrug kan dra (Schmidt 1981:105).

Algemene kerkfeeste soos Kersfees en Paasfees is nie as spesiale gedenkdae gevier nie (Schmidt 1981:133 & 181). Elke jaar op 14 September het Schmidt wel gedink aan die dag toe hy vir die eerste keer sy tentpenne op die Kaapse sendingveld ingeslaan het (Schmidt 1981:161,241 & 263). Ander belangrike herdenkingsdae was 12 Mei, die dag toe die Morawiese vlugtelinge in Herrnhut aangekom het; 13 Augustus, toe die geestelike herlewing in Herrnhut plaasgevind het; asook 16 September, wat bekend gestaan het as die Hoofouderlingsfees. Nêrens in die dagboek word dit genoem dat Schmidt hierdie dae saam met sy leerlinge of gemeentelede gevier het nie, maar wel dat hy dit bloot as gedenkdae beskou het (Schmidt 1981:137,155,223 & 411).

3.8 Lewensvorme

3.8.1 Doop

Tydens Schmidt se verblyf in Baviaanskloof het hy vyf bekeerlinge gedoop. Voordat die doop plaasgevind het, het Zinzendorf 'n ordeningsbrief aan Schmidt geskryf: "Ek orden jou as 'n apostel van die Lam wat my in elk geval in hierdie lewe ver oortref, in geval van 'n doop of 'n Nagmaal, tot 'n dienaar van ons kerk, in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees." Hy moes op 'n kinderlike wyse die verhaal van Jesus aan hulle vertel en wanneer hulle oortuig is, "doop hulle dan, waar jy 'n seekoei geskiet het" (Schmidt 1981: 361).

Daar is veral vier belangrike kenmerke van die doop soos Schmidt dit toegepas het. Eerstens moes die dopelinge volwasse bekeerlinge wees, tweedens moes die betrokkenes 'n selfstandige besluit neem of hulle gedoop wou word, derdens is hulle in lopende water gedoop, en vierdens het hulle by hierdie geleentheid nuwe name ontvang. (Schmidt 1981:343-347). Met sy terugreis van Kaapstad na Baviaanskloof het Schmidt aan Wilhelm die doop verduidelik en gevra of hy gedoop wou word, waarop lg. positief geantwoord het. Hulle het tot by 'n riviertjie gery, van die perd afgeklim, neergekniel en saam gebid. Hierna

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het hulle in die water gegaan waar Wilhelm gedoop is en die nuwe naam Josua ontvang het (Schmidt 1981:343). Wilhelm (Josua) was een van Schmidt se eerste en getrouste gemeentelede. In 'n brief aan die gemeente in Duitsland het hy melding gemaak van Wilhelm se getrouheid en hy het selfs aan hom belowe dat hy hom eendag saam Duitsland toe sou neem (Schmidt 1981:141, 207 & 211).

Schmidt besig om sy bekeerlinge te doop
(M.A.)

Twee dae nadat Wilhelm gedoop is, het hy ook saam met Africo in sy hut gebid en oor die doop gepraat. Hierna is hulle na die rivier waar hy hom gedoop en die nuwe naam Christian gegee het (Schmidt 1981:343). Kort hierna is ook Vehetgien met die nuwe naam Magdalena, Kybbodo met die nuwe naam Jonas en ene Moses se vrou met die naam Christina op dieselfde wyse gedoop (Schmidt 1981: 345-347).

3.8.2 Huwelik

By die aanvang van die sendingwerk in Baviaanskloof was daar ses getroude pare woonagtig (Schmidt 1981:97). Daar word nêrens in Schmidt se dagboek genoem dat hy hulle in die huwelik bevestig het nie en dus word afgelei dat hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pare reeds voor Schmidt se koms volgens die Khoi-tradisie met mekaar getrou het. Wat vir Schmidt wel belangrik was, was dat alvorens die inwoners aan trou kon dink, hulle eers met die Here versoen moes word (Schmidt 1981:103 & 309). Hierdie ses pare was (mans word eerste genoem): Africo en Chamas, Kybbodo en Hanna, Kobbus en Catharina, Bubbeshak en Jannigge, Matthias en Chathge, Jannke Tikkuie en Vehetgien. Die twee jongmanne Wilhelm en Friedrich is later met Africo se twee dogters getroud (Schmidt 1981:97 & 123). Kobbus het dieselfde jaar in 'n strooptog gesterwe en het dus sy vrou as weduwee agtergelaat (Schmidt 1981:93).

3.8.3 Begrafnis

Wanneer iemand gesterwe het, het Schmidt saam met hulle die gat gegrawe, en saam met hulle voor die oop graf gekniel. Reeds vroeg in sy kennismaking met die Khoin het Schmidt hulle laat afsien van hulle rituele by sulke geleenthede. Hy het net 'n kort rede gehou waarin hy aan die toehoorders vertel het hoe belangrik dit is om die Here in jou lewe te ken en te dien (Schmidt 1981:61,73,47,225 & 265).

3.9 Die beëindiging van sy werk

Daar is reeds in 1738 'n "herderlike brief" van die predikante van die Klassis Amsterdam uitgestuur waarin die Gereformeerdes teen die Herrnhutters gewaarsku is. Hierdie brief het ook die Kaap bereik en het onmiddellik die Kaapse geestelikes teen Schmidt laat draai (Prins 1979:244; Schmidt 1981: 77). Dié toedrag van sake was baie ironies aangesien dit juis die Gereformeerde Kerk was wat die Herrnhutters versoek het om sendingwerk onder die Khoin te doen (Sien 3.3). Boonop het Schmidt eers voor 'n paar predikante in Holland verskyn waar hy deeglik ondervra is. Hierna het hy ook voor die Here XVII vir verdere ondervraging verskyn voordat 'n paspoort en aanbevelingsbrief aan hom uitgereik is (Schmidt 1981:489). Wat afgelei kan word, is dat die doopkwessie nie die aanleidende faktor vir die beëindiging van sy sendingwerk was nie, maar dat dit wel die finale breekpunt was.

Kort nadat Schmidt sy bekeerlinge gedoop het, het die nuus soos 'n veldbrand versprei. Die Kaapse predikante was glad nie gediend hiermee nie. Nadat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Schmidt in Kaapstad onder kruisverhoor geplaas is, het Josua en Christian ook voor die Goewerneur en predikante verskyn. Hulle antwoorde op vrae het die kritici uitermate verbaas. Die Goewerneur en predikante se houding het toe effens verander, maar omdat sommige koloniste reeds verwarring in die meeste van sy leerlinge se harte gesaai het en omdat Schmidt se geestelike bediening ingeperk is ('n verbod is op sy doophandeling geplaas), is hy genoop om sy arbeid te staak (Schmidt 1981:485).

Dit was egter nie 'n maklike besluit nie. Benewens sy gemeente het hy ook heelwat getroue vriende onder die koloniste gehad, waaronder Jan Benicke, die eienaar van 'n plaas wat aan Baviaanskloof gegrens het, die weduwee Morkel van Hottentots-Holland, op wie se plaas hy gereeld oornag het wanneer hy Kaap toe gereis het, sersant Martinsen van die veepos, Kaptein Rhenius en die heer Carnspeck, getel het en aan wie hy vaarwel moes sê (Schmidt 1981:383,79,201, 331,333-339,389-399 & 493). Een van sy vriende, korporaal Karel Kampen van die veepos, wat hy tot bekering gelei het, het kort ná hul kennismaking ge= sterwe (Schmidt 1981:63,81,91,121). Nie een van die predikante was egter sy vriende nie. Oor hulle het hy geskryf: "Hulle is blind en blinde lei= ers, wie se mae hulle god is. Hulle glo aan die bekering van die Hottentot= te nog minder as aan die Duiwel" (Schmidt 1981:43).

Aangesien Schmidt se dagboek net tot 7 Februarie 1743 strek, kan daar nie presies gesê word wat in daardie laaste jaar met sy bediening in Baviaans= kloof gebeur het nie. Wat ons wel weet, is dat hy op 25 Augustus 1743 toe= stemming van sy oorsese gemeente ontvang het om terug te keer. Op 30 Okto= ber het hy van sy Baviaanskloofse gemeente afskeid geneem. Van die gemeen= telede het openlik gehuil en gevra of hy weer gou terug sou kom. Christian is aangestel om toesig oor sy huis en besittings te hou totdat hy of sy op= volgers die sendingwerk sou hervat (Schmidt 1981:487 & 495).

Voordat hy op 5 Maart 1744 van die Kaap vertrek het, het hy die goewerneur Swellengrebel versoek om nie sy gemeentelede, hulle was altesaam 26 in getal, van die woonplek te verdryf nie (Schmidt 1981:487). Die Sekretaris van Jus= tisie, die heer Carnspeck, het die volgende gediggie oor Schmidt se afskeid geskryf (sien ook Bylae, nr. 1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Gaat dan in vreede heen, naar't lieve vaderland...
Een euwig lof verdient, u vrome Christenwandel.
Ontflonkt door Godes geest, tot eenen Siele Handel,
Regtschapelijk gemunt, op een onschatbaar pand.
Geen hottentot soo dom, en byster van geslagt,
Elendig door den val van onse eerste oud'ren
Sogt egter door u leser, te nemen op sÿn schoud'ren
Meshias dierbaar Cruijs in deese duijstre nagt,
Jehova Sÿ uw Schild en u seer grote loon,
Totdat gij eens ontvangt des hemels g'nade Croon.

(M.A.: Gedig D.G. Carnspek, 27.2.1744).

Schmidt het op sy beurt sy werk in die vlg. gediggie opgesom:

"Ist der Weg gleich noch verhauen
So will ich doch auf Hoffnung bauen
Afrika, das wüste Land
Muss doch auch nog in den Brand
Jesu Blut, am Kreuz vergossen
Was vor uns herabgeflossen
Ist ja auch da Lösegeld
Vor mein Volk und die ganze Welt"

(Cruse 1947:158).

Nâ Schmidt se vertrek het daar steeds negatiewe berigte oor hom die rondte gedoen, soos dié een wat lui: "He was a fraud, wanting to make himself chief= tain of the Hottentots, trying to enrich himself with presents from them, and was finally banished from the country. He was definitely a hypocrite and a sham; sometimes climbing on the low roof of the house of captain Rhenius with whom he lived for a while - there he knelt so that all the inhabitants of the castle could see him, and pretended to pray. Whether he did actually pray only God and he knew. Since I knew him very well, but saw no Christian ex= pression in his countenance, I was even at that time surprised that captain Rhenius was so eager to take care of him from the very start" (Mentzel 1944: 83-84).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ongeveer 1747 het Johann Martin Schwebler as vryburger na die Kaap gekom. Naas sy gewone werk, sou hy ook onder die Khoin van Baviaanskloof sending= werk doen. Wat hy kon uitrig en hoe suksesvol hy was, is nie opgeteken nie, behalwe dat hy gedurende die pokke-epidemie van 1755 gesterwe het (Schmidt 1981:497; Prins 1979:261). Reisigers soos Beutler, goewerneur Van Plet= tenberg, Thunberg en Le Vaillant wat gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu na die binneland gereis het, maak geeneen melding van die Khoi in Baviaanskloof nie (Cruse 1947:159-179). Die enigste is Andrew Sparrman wat die gebied omstreeks 1772 besoek het. Hy skryf dat daar aan hom meege= deel is dat daar 'n bejaarde Khoi-vrou in Baviaanskloof woon wat toe nog ge= reeld gebid en uit 'n Bybeltjie gelees het wat sy van haar meester, Georg Schmidt, ontvang het (Sparrman I 1975:206).

Terug in sy vaderland het Schmidt weer probeer om amptelike toestemming van die V.O.C. te verkry om sy arbeid, wat die bediening van die sakramente sou insluit, te kon voortsit. Alle verdere planne om na die Kaap terug te keer, is egter verydel. Op 28 Julie 1746 is hy met Maria Wakowsky in die huwelik bevestig. Saam het die egpaar in Marienborn, Selesië en Berthelsdorf gewerk totdat hulle in 1752 na Niesky in Duitsland vertrek, waar Schmidt vir hom 'n huis gebou het. Na die dood van sy twee kinders en vrou het hy 'n beroep aanvaar om onder wewenaars te werk. Op 1 Augustus 1785 het hy ernstig siek geword en die volgende dag stil aan 'n beroerteaanval gesterwe - op die be= paalde uur wat dit sy gewoonte was om vir die Baviaanskloofse mense te bid. Omdat hy geen familie agtergelaat het nie, het hy sy huis aan die armes van Niesky bemaak (Die Huisvriend Maart 1985:8; Schmidt 1981:25).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING II: 'N NUWE BEGIN (1793-1838)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. DIE SENDINGWERK IN BAVIAANSKLOOF WORD HERVAT

Die beëindiging van sendingwerk in Suid-Afrika (Baviaanskloof) het nie noodwendig beteken dat die Morawiërs stil gesit het nie. Hulle sendingwerk in ander wêreldddele, soos Wes-Indië en veral Suriname, het 'n bloeitydperk beleef. 'n Morawiese gemeente is ook in Zeist, Holland, gestig (Hamilton 1901: 36-42; 68).

Teen die laat 18de eeu, in 1786, is 'n jeugdige predikant, ds. Helperus Ritzema van Lier, deur die Nederduitse-Gereformeerde Kerk beroep om die leraarsamp in Kaapstad op te neem. Sy voorganger, ds. Meent Borcherds, is na Stellenbosch verplaas. Van Lier het onmiddellik die dringende behoefte aan sendingwerk onder die Khoi en swartes besef (Geschiedverhaal 1893:8). In 1787 het Johann Friedrich Reichel, 'n biskop van die Morawiese Kerk, tydens sy terugreis van Tranquebar by Kaapstad aangedoen. Sy ontmoeting met Van Lier het uitgeloop op 'n indringende bespreking om Georg Schmidt se werk te hervat. Twee jaar later het Van Lier 'n brief aan die Broederkerk in Engeland gerig waarin hy weer eens die behoefte aan sendelinge aan die Kaap beklemtoon het. Intussen het die Broederkerk-sinode van 1789 die beginsel gesteun om die sendingwerk in Baviaanskloof te hernieu. Vervolgens is biskop C. Rothe en baron Von Rantzau afgevaardig om met die V.O.C. te onderhandel om wel so 'n sendingsaksie te onderneem (Schmidt 1937: Ds. H.R. Van Lier:5-9). Op 3 Desember 1791 het die Here XVII besluit dat die Broederkerk twee of drie sendelinge met een van die Kompanjieskepe na die Kaap mag stuur (M.A. I3a: Afskrif van die resolusie van die administrateurs van die H.O.I.K., die Here Sewentien in Amsterdam, 3 Desember 1791).

Die keuse het op Hendrik Marsveld, Christian Kühnel en Daniël Schwinn geval. Op 25 Junie 1792, agt-en-veertig jaar nadat Schmidt die Kaap verlaat het, hethulle met die seilboot Duifje uit Holland vertrek (Geschiedverhaal 1893:9).

4.1 Die drie sendelinge

4.1.1 Hendrik Marsveld

Hendrik Marsveld was die oudste lid van die sendingspan. Hy is op 9 November

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1745 in Gouda, Holland, gebore. As negentienjarige het hy by die sterfbed van sy moeder gehoor hoe sy haar kinders vertroos het om nie oor haar te treur nie omdat hulle eendag weer voor die troon van God sou ontmoet. Hier= die gebeurtenis het hom aangegryp en laat besluit om sy lewe aan die diens van die Here te wy. Ná sy opleiding as kleremaker het hy hom in Zeist gaan vestig waar hy verneem het dat hy saam met Kühnel en Schwinn na die Kaap be= roep is. Behalwe sy geestelike bediening in Baviaanskloof, het hy ook as meulenaar opgetree. Hy was tot die gryse ouderdom 'n beminde leraar onder sy gemeentelede voordat hy as die langslewende van die drie op 8 September 1822 gesterwe het (Die Huisvriend 1935:59-60).

4.1.2 Christian Kühnel

Christian Kühnel is op 10 Junie 1762 in Ober Seifersdorf, Duitsland, gebore. Ná sy opleiding as mesmaker onder die Neissers het hy 'n Nagmaalslid in Herrn= hut geword. In dieselfde gemeente is hy later saam met Marsveld en Kühnel deur biskop J. Reichel as bedienaar van die Woord geordend. Sy ampstermyn in Baviaanskloof word veral onthou vanweë die mesmakery wat die gesogte wing= erdsnoeimes, vandag bekend as herneutermes, gesmee het. Ná sy arbeid is hy op 20 April 1813 in die ouderdom van vyftig jaar oorlede (Die Huisvriend 1935:55).

4.1.3 Daniël Schwinn

Daniël Schwinn is op 18 Maart 1750 in Erbach, Duitsland, gebore. Op vier= en-twintigjarige ouderdom het hy tot bekering gekom en hom in Neuwied en later in Zeist gaan vestig. Ná 'n werktyd van ses jaar in Baviaanskloof het hy in 1799 vir 'n kort besoek na Duitsland vertrek. Hier is hy in dieselfde jaar met Anna Helliger getroud. By sy terugkeer in 1800 het hy twee bruide vir sy medebroeders in Baviaanskloof saamgeneem. Benewens sy pligte as leraar, is hy ook aangestel om na die landbou van die sendingsta= sie om te sien. Ná 'n vrugtevolle arbeid het hy op 25 Julie 1816 heenge= gaan (Die Huisvriend 1935:64).

4.2 Die tweede begin

By die aankoms van die drie sendelinge aan die Kaap het die Politieke Raad op 19 Desember 1792 'n resolusie aan hulle uitgereik "to go to Baviaanskloof

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

situated at the Sergeants River, being a place where hitherto no Christian congregation exists, to settle there, to preach the Gospel to the Hottentots, to instruct them in the Christian doctrine, to baptize them if they should embrace it, to establish a Christian congregation and to administer the Sacraments" (M.A. I3a: Extract Resolution in the "Raad van Politie", Cape Town, Tuesday the 19 December 1792, kopie).

Die drie sendelinge wat Schmidt se werk in 1792 hervat het (M.A.)

Marthinus Theunissen, die oorsiener en sersant van die Kompanjiepos te Zoetemelksvlei, het opdrag gekry om aan hulle die plek aan te wys en hulle van lewensmiddele te voorsien. Op 24 Desember het Theunissen hulle na Baviaanskloof geneem waar hulle op die bouval van Schmidt se huisie afgekom het. Sy tuin, waarin nog 'n peer-, amandel- en appelkoosboom gestaan het, was 'n wildernis. Terwyl hulle onder die peerboom gaan staan het, het hulle gevoel asof hulle heilige grond betree het. Hulle gemoed het vol geskiet: "Hier willen wij blijven en hier willen wij den arbeid beginnen en gelijke zegeningen der genade Gods verwachten, want in deze vallei heeft de Heere zijn genade reeds zichbaar betoond" (Geschiedverhaal 1893:10-11).

Langs die Sergeantsrivier was 'n Khoikraal waar die bejaarde en halfblinde Magdalena, een van Schmidt se dopelinge, gewoon het. Toe sy hoor dat die sendingwerk hervat gaan word, het sy haar vreugde en dankbaarheid luidkeels

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te kenne gegee. In haar besit was 'n Nuwe Testament wat sy op 'n sorgsame wyse in twee skaapvelle en 'n velsak bewaar het. Aangesien sy nie meer so goed kon sien nie, het sy vir haar dogter gevra om uit Mattheüs hoofstuk 2 te lees. Op die vraag of sy nog weet wie vir haar sondes gesterwe het, het sy 'n spontane antwoord gegee en begin vertel wat Schmidt vir hulle geleer het.



Marsveld, Schwinn en Kühnel ontmoet die bejaarde Lena (M.A.)

Hierna het die sendelinge weer na Zoetemelksvlei vertrek waar hulle 'n paar dae vertoef het. Op 4 Januarie 1793 het hulle na Baviaanskloof teruggekeer en die sendingtaak met alle erns aangepak (Geschiedverhaal 1893:11-12).

Hulle het egter nie geweet dat daar nog groot probleme en teëstand in dieselfde jaar en ook die jare daarna op hulle sou wag nie.

4.3 Probleme met die Stellenbosse N.G. gemeente

Die eerste probleme het uit die N.G. gemeente op Stellenbosch gekom. Reeds in November 1793 het ds. Meent Borcherds 'n brief aan die Kaapse kerkraad geskryf waarin hy die bevoegdheid en wenslikheid van sendelinge in Baviaans-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kloof bevraagteken het (M.A. I3a: Afskrif van brief van Kerkraad Stellen= bosch aan Kerkraad Kaapstad: 11.1.1793). Borcherds se skeptiese houding kan toegeskryf word aan 'n ongeldige vreesgevoel dat die sogenaamde vreem= de kerkleer van die Herrnhutters teen dié van die N.G. Kerk kon indruis. Hy is ook tot diepe ongelukkigheid gestem omdat die Herrnhutters se sen= dingwerk binne die grense van sy bedieningsdistrik sou val en wat dus met= tertyd verwarring en selfs skeuring in sy kerk kon meebring (Prins 1983: 268-269). Goewerneur Sluysken het egter sy besware ongegrond bevind en die vertoë dat die Herrnhutters uit sy distrik verwyder en elders geplaas word, verwerp (Krüger 1966:61-62). Borcherds het wel daarin geslaag om die Kaapse owerheid te oorreed om 'n verbod op die lui van die kerkklok in Baviaanskloof te plaas aangesien dit, volgens hom, 'n steurnis veroorsaak het. Dit kon egter nie waar gewees het nie aangesien dié twee plekke baie ver van mekaar geleë is en soos J. du Plessis ook tereg in sy boek sê: "Stellenbosch lies at a distance of fifty miles, as the crow flies, from Baviaans Kloof, and not even a cannon-shot could be heard across the lofty mountain-ranges that interpose between the two places" (Du Plessis 1965:75). Spesiale toestemming om die klok te lui, is eers na vyf jaar, op 9 Maart 1798 verkry (M.A. I3c: Brief van John Barrow aan die Herrnhutters, 9.3.1798 Sien ook Bylae, nr. 2). (Die inwoners van Genadendal vertel vandag nog die staaltjie dat 'n gleuf in die klok gesaag moes word om die klank te demp. Eintlik is hierdie gleuf egter 'n kraak wat op natuurlike wyse ont= staan het.

4.4 Probleme oor dorpsgrense

Die tweede probleem waarmee die sendelinge te kampe gehad het, was die on= duidelike grenslyne tussen Baviaanskloof en die aanliggende plase. Dit het dikwels gebeur dat daar oor die grense geploeg of vee laat wei is so= dat die inwoners met hulle bure gebots het. Die opdrag van die landdros van Stellenbosch was dat indien iemand se vee op 'n ander se grond gevind word, moet die vee op Stellenbosch geskut word en daar sou "meede gehan= delt word ingevolge de ordre van de opperbevelhebber van Cabo de heer generaal Crayg" (M.A. I4d: Brief van Landdros van Stellenbosch aan sen= delinge, 22.9.1796). Hierdie maatreël was heeltemal onprakties omdat Stellenbosch so ver was en dus het die onderlinge vetes vir jare geduur. Die leningplase wat aan Baviaanskloof gegrens het, was Oude Bakoven van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Barend Geldenhuys, Weltevrede van Hendrik Cloete, "Wolve Clooff" van Philip Morkel en die plaas agter die "Sergeantsriviergebergte" wat aan Coenraad Groenewald behoort het. Omdat die Kaapse owerheid bewus was van moontlike botsings, het hulle die boere versoek om nie deur die Sondereinderivier te trek om sodoende die Khoikrale te "mogen benadeelen" nie (M.A. I4d: Uittrek= sels uit Boeken der Leening plaatsen, distrik Stellenbosch, 22.12.1791:744, 22.10.1788:139).

In die jaar 1800 het die landdros die geskil tussen die inwoners en Gelden= huys probeer besleg deur 'n duidelik skeidslyn, naamlik "vanaf Besjesbos tot aan Remhoogte, vandaar na Cineesse Klip in de verlaate plaats van Coen= raad Groenewald." Dit het nie juis die stryd beëindig nie. Eers ná 1803 toe nuwe eienaars die plaas oorgeneem het, het 'n beter verstandhouding tus= sen die twee partye ingetree (Prins 1983:328-333).

Hendrik Cloete het ook dikwels gekla dat die Baviaansklowers se vee sy tui= ne vertrap en vrugtebome beskadig. Laasgenoemdes het weer op hulle beurt gekla dat Cloete hulle vee doodskiet. Die landdros moes ook hier tussen beide tree. In 1796 het Cloete aangebied om die weidingspasie tussen sy plaas en "Christoffels Craal" (Boschmanskloof) te vergroot (Prins 1983:333-336).

In dieselfde jaar het die landdros ook 'n skeidslyn tussen Philip Morkel se plaas en die Khoi-weivelde van Sergeantsriviervallei gaan uitwys. Die plaas van Jan Morel wat langs die Sergeantsrivier geleë was, is deur die landdros en heemrade uitgereik omdat dié omgewing die enigste beskikbare landbougrond vir graanverbouing in Baviaanskloof was. 'n Skriftelike uit= eensetting van al die grense is aan die sendelinge uitgereik (Prins 1983: 336-338).

Nadat die Rondgaande Hof in 1813 bevind het dat die dorpsgrond heeltemal te klein vir 'n inwonertal van 1 200 was, het Sir John Cradock die sending= owerheid aangeraai om aansoek om die vergroting van die dorpsgrond te doen. Ná 'n ondersoek deur die landdros van Swellendam is die dorp vergroot, ba= kens aangebring en 'n kaart waarop 'n grootte van 4 923 morg aangedui word, deur die landmeter H. Schutte opgestel. Die inwoners het egter hiervoor geen eiendomsbewys ontvang nie (Krüger 1966:114-116; M.A. I3c: Kaart van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

H. Schutte, 5 Mei 1815; sien ook Bylae, nr. 3).

4.5 Probleme met die Strandveldse en Overbergse boere

Die politieke en ekonomiese omstandighede aan die Kaap het regstreeks ver= band gehou met die vyandige gesindheid wat die boere jeens die sendingsta= sie gekoester het. Sedert die stigting van die sendingstasie het baie mense daarheen gestroom met die gevolg dat plaasarbeiders skaars begin word het. Die boere se ekonomiese posisie is dus duidelik hierdeur bedreig. Felle aanvalle wat die sendingpos rondom die jaar 1795 moes verduur, moet ook beoordeel word teen die agtergrond van die oorsese demokraties-revolu= sionêre denkbeelde wat in hierdie tyd op die Afrikaner oorgedra is. Ty= dens die Graaff-Reinetse en Swellendamse opstande het die nuus Baviaans= kloof bereik dat die "Nasionales" (Patriotte) onder leiding van Louis Al= moro Pisani die sendingwerk met geweld tot 'n einde sou bring. Die ge= volg was dat die sendelinge inderhaas die plek moes ontruim en na Kaapstad vlug. In Kaapstad aangekom, het Sluysken aan hulle 'n skriftelike magti= ging gegee dat hulle hulle werksaamhede kon voortsit. Na afwesigheid van nege dae was hulle weer terug. In hierdie tyd het baie inwoners in die berg gaan skuil en was verheug om die sendelinge weer terug te kon verwel= kom. Pisani is kort hierna gevange geneem. Die boere se gesindheid het nie eensklaps verander nie. Daar was steeds sommiges wat die Baviaans= kloofse kerk en skool met afguns bejeen het (Barrow 1801:356; De Capelli 1965:9; Latrobe 1816:84 & 85; Lichtenstein 1812:188; Moffat 1842:42).

Baie boere op die verafgeleë plase waar hulle in isolasie gelewe het, was ongeletterd en kon nie aanvaar dat die Khoi en ander gekleurdes die voor= reg geniet het om Christelike onderwys te ontvang nie. 'n Riemtelegram is onder die Baviaansklowers versprei dat indien hulle geleerd sou raak, die Kaapse owerheid hulle na Batavia sou stuur (Die Huisvriend 1926:48).

Die boere was verder die mening toegedaan dat die sendingstasie skuilplek aan moordenaars en diewe bied. Ook Marthinus Theunissen se gesindheid het verander. Hy het opdrag gegee dat sommige van die inwoners met hulle vee terug moes trek na waar hulle vandaan gekom het (Geschiedverhaal 1893: 22-23). Sy argument was dat Baviaanskloof te klein vir sy inwoners ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word het. Nâ 'n ondersoek deur Hendrik Cloete van Groot Constantia, is die teendeel van hierdie aantyging bewys (Krüger 1966:67).

Etlike jare later het die boere probeer om die inwoners teen die sendelinge op te hits. Een van die boere het onder die skuilnaam "Rusticus" in die Commercial Advertiser van 1826 'n openbare aanval op die sendelinge ge= loods. In sy briewe aan die nuusblad is die sendelinge daarvan beskuldig dat hulle sterk drank aan die inwoners verkoop en dat die arme mense deur hulle uitgebuit word (12 Aug. 1826 & 2 Sept. 1826). Toe die sendingbe= stuur in Duitsland hiervan te hore kom, moes die toenmalige superintendent Hallbeck aan hulle volledige verslag doen omtrent die werklike toedrag van sake op die sendingstasie (M.A. I3b: Verslag van Hallbeck aan Latrobe: 5 Des. 1826).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5. BESTUUR

5.1 Die superintendent en Sendelingkonferensie

Gedurende die aanvangsjare van Baviaanskloof is 'n superintendent, bekend as die voorstaander, aan die hoof van die sendingwerk geplaas. Johann Phillipp Kohrhammer is in 1798 as die eerste superintendent aangewys. Hy is twee jaar later deur Christian Ludwig Rose opgevolg. Ná Rose se skie= like dood in 1805 het Johann Adolph Küster die leisels oorgeneem (Krüger 1966:81, 85 & 100).

Die ander sendelinge het saam met die superintendent in 'n bestuursliggaam bekend as die Sendelingkonferensie gedien.

5.2 Die Helperskonferensie

Soos die sendingwerk in Suid-Afrika ook na ander stasies, soos Mamre en Elim, uitgebrei het, het dit nodig geword om 'n sentrale beheerliggaam, bestaande uit verteenwoordigers van al die sendingstasies, aan te stel. Vier sendelinge wat die langste dienstyd in Suid-Afrika gehad het, is be= noem om in dié oorhoofse raad, bekend as die Helperskonferensie, te dien. Soortgelyke rade het reeds in die oudste en grootste sendingvelde van die Morawiese Kerk, Suriname en Wes-Indië, bestaan.

Die Helperskonferensie het die taak gehad om sendelinge te beroep, die kerk se geldsake te beheer, oorweging aan die uitbreiding van sendingwerk te skenk en om leraars vir ordening aan te beveel. Al hulle aanbevelings moes vir finale goedkeuring voor die hoofbestuur in Herrnhut, bekend as die Ouderlingkonferensie, gelê word. Elke tien jaar het verteenwoordi= gers van die verskillende sendingvelde vir die sinodale sitting byeenge= kom. Die biskop het slegs 'n pastorale amp beklee (Kruger 1966:120; 122; 132, 142, 154 - 6 & 265).

5.3 Opsienerskonferensie

Tydens die besoek van Christian Ignatius Latrobe, sekretaris van die hoof= bestuur van die Morawiese Kerk, in 1816 aan Genadendal, is 'n Opsienerskon=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ferensie saamgestel.

Vier-en-vyftig mans wat familiehoofde was en 'n eerbare lewe gelei het, is tot die amp aangewys. Hulle hooftaak sou wees om wet en orde op die sen= dingstasie te handhaaf (Latrobe 1816:274).

5.4 Kerkraad

Die eerste kerkdienaars, Jakob en Martha, is op 24 Maart 1796 aangestel (Geschiedverhaal 1893:28). Hulle taak was hoofsaaklik tot kerkaangeleent= hede beperk. Hulle het ook siekes besoek, jongelinge vermaan en as tolk opgetree by diegene wat nie Nederlands kon verstaan nie (Geschiedverhaal 1893:43). Die inwoners het groot respek teenoor 'n kerkdienaar getoon, "they watched his course with great attention and awe" (Krüger 1966:67). In die tyd van Hans Hallbeck is die aantal kerkdienaars op 14 vasgestel (Krüger 1966:130).

5.5 Khoikapteins



Die geelkoperknop van die Khoikaptein se septer (Genadendal Museum)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Khoikapteins is nooit in die bestuur van die sendingstasie opgeneem nie, maar het veral die Kaapse bewindhebbers gehelp om slawe wat dros te rap= porteer, prisoniere te vervoer, rekrute vir die korps te werf, en werkers vir sekere openbare werk aan te stel. Vir hierdie taak het hulle vergoe= ding ontvang. Ook 'n staf wat as gesagsimbool sou dien, is aan hulle uit= gereik. Dit was 'n gepoleerde donkerhout septer met 'n groot geelkoper knop waarop die wapen van die Britse regering uitgebeeld is (Genadendal-Museum). Van die bekende kapteins was Paul Haas, Cobus Botha, Platje Stoffels, Stoffel Koekson en Leopold Koopman (M.A. I3c: Getuigskrif vir Kaptein Botha 1806; I4c: Brief van landdros Stellenbosch: 20.1.1796; I4d: Brief van landdros Swellendam: 15.4.1825; Krüger 1966:106-107; P.A. Dagboek 1809:2 & 6).

5.6 Reëls en regulasies

Tydens Christian Ignatius Latrobe (sekr. van die Morawiese hoofbestuur in Brittanje) se besoek aan Genadendal het hy dit ook nodig gevind om nuwe reëls vir die sendingstasie saam te stel. 'n Stel reëls, gebaseer op Loretz se Ratio Disciplinae Fratrum , wat ook in die Europese Broeder= gemeente toegepas is, is deur hom opgestel. Hierdie reëls is jaarliks aan die inwoners voorgelees (Latrobe 1816:276).

Dit is baie duidelik gestel dat die aard van die regulasies "are not to be considered as laws, prescribed by Superiors, but as a brotherly agree= ment between the inhabitants of a settlement of the Brethren." Van die belangrikste reëls het bepaal dat die inwoners se lewenswandel ooreenkom= stig dié van Jesus en sy dissipels moes wees; om aan die landsregering onderdanig te wees; hulle van 'n onsedelike lewe, dronkenskap en derge= like gedrag te weerhou. Kerkdienste moes gereeld bygewoon word. Onno= dige rondlopery saans is nie toegelaat nie en geeneen kon sonder toestem= ming aan vreemdelinge huisvesting verskaf nie. Indien enige twis of par= tyskap ontstaan, moes dit aan die sendelinge gerapporteer word sodat die liefde, vrede en harmonie onder hulle herstel kon word. Van elke inwoner is verwag om 'n huis volgens die Sending se voorskrifte op te rig en om sy landbougrond gereeld te bewerk. Voordat iemand toelating vir verblyf ont= vang het, moes hy in die teenwoordigheid van die sendelinge belowe om hom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

by die reëls neer te lê (Krüger 1966:303-306).

Afwykende gedrag soos dronkenskap, rook van dagga en deelname aan danspartye het soms voorgekom (P.A. LXI:145, September 1826:8,9). Ernstiger oortre= dings soos aanrandings en diefstal het weinig voorgekom. Die sendelinge het nooit geaarsel om selfs 'n hele gesin, pa, ma en kinders, uit die dorp te sit nie. Met verloop van tyd kon die oortreders, mits hulle berou ge= kry het, aansoek om hertoelating doen (P.A. LXXI:46). Op 'n dag het die sendelinge uitgevind dat 'n vrou skoene van haar werkgewer gesteel het. Die sendelinge het opdrag gegee dat sy dit terug moes neem en 'n skriftelike be= wys van die werknemer bring waarin verklaar word dat hy haar vergewe het (Geschiedverhaal 1893:45). Jong mense wat soms oortree en gesondig het, was moeiliker om met uitsetting te straf omdat hulle nog onder ouerlike sorg was (P.A. November 1829:180: Mei 1825:372).

Geskille oor grondbesit tussen die inwoners en sendelinge het reeds so vroeg as 1809 ontstaan toe 'n sekere Jan Baatjies by die landdros 'n klagte inge= dien het dat sy grondgebied wat hy voor die koms van die sendelinge besit het, deur hulle ingeneem is (Krüger 1966:116). In 1827 het Petrus Mau= ritz en Saul Schippers, nadat hulle onderhandelinge met die sendelinge blyk= baar nie geslaag het nie, by die landdros aansoek gedoen om die grond van "Plattekloof" en "De Jagers Bosch" vir landboudoeleindes te bekom omdat die grondgebied in Genadendal te klein vir boerdery geraak het (M.A. I4d: Brief van landdros 6.8.1827).

Geskille oor die aantal Khoikapteins en wie vir die amp aangewys moes word, het ook soms voorgekom. Die Kaapse regering het gewoonlik voorstelle van die sendelinge gekry oor wie in hierdie hoedanigheid aangestel moes word. Dit was soms in stryd met die inwoners se keuse (M.A. I4d: Brief van Ko= loniale Sekretaris 25.5.1813; Krüger 1966:106; Latrobe 1818:110-112).

Die Rondgaan Hof van goewerneur Caledon wat in 1811 ingestel is, het ook gereeld Genadendal besoek. Die eerste twee hofsittings in Genadendal se bevinding was dat die lewenstoestande op die sendingstasie hoogs bevredi= gend was. Gedurende die derde hofsitting, is die eerste ernstiger geval, naamlik dié van 'n moord, ondersoek. Die aangeklaagde is egter vrygespreek (Krüger 1966:113-114; Muller 1977:123).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. DORPSUITLEG EN BOUKUNS

Alhoewel daar geen vooropgestelde dorpsplan bestaan het nie, is daar tog 'n kenmerklike boupatroon en dorpsuitleg in Genadendal gevolg. Hierdie patroon is later ook op al die ander Morawiese sendingstasies toegepas. Die dorp is in 'n kerkplein, woongebied vir die inwoners, landbougrond, dorpsmeent en begraafplaas verdeel.

6.1 Die kerkplein

Dit was daardie gedeelte van die dorp wat uitsluitlik vir die kerk en ander kerkgeboue gereserveer is. Dit was aan die noordelike deel, weg van die woongebied vir gemeentelede, geleë. Met die aankoms van die eerste sende= linge, is daar besluit om vir hulle 'n woonhuis van 36 voet x 15 voet naby die bouval van Schmidt se woning op te rig. Die woonhuis wat uit 'n voor- kamer, slaapkamer en kombuis bestaan het, kon op 3 Maart 1793 ingewy word (Geschiedverhaal 1893:14). Kort hierna het verskeie geboue rondom hierdie pionierwoning verrys. In 1838 was daar reeds agtien geboue op die kerk= plein, in chronologiese volgorde:

1. Die eerste sendelingwoning opgerig in 1793 (reeds genoem).
2. Die eerste kerkgebou wat ook as versamelhuis bekend was (1795-96). Nā vier jaar het dit te klein geword en 'n nuwe kerkgebou moes in gebruik geneem word. Hierdie ou kerkgebou is toe in 'n woonhuis omskep (Krüger 1966:82,84). Vir die daaropvolgende 99 jaar sou dit as gemeenskaplike eetkamer vir die sendelinge dien, asook die huis waar be= soekers onthaal is (Schmidt 1952:29). Dit staan vandag as die Middelhuis bekend.
3. Die smidswinkel, opgerig in 1797 (Krüger 1966:125).
4. Meul, opgerig in 1797 (Krüger 1966:125).
5. Klokstoel, d.i. 'n losstaande toring vir die kerkklok (1798) (Krüger 1966:125).
6. Tweede kerkgebou (1799-1800) (Krüger 1966:125).
7. Die Nigrini-gastehuis (1800) (Krüger 1966:125).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

8. a) Skoolgebou (1814);
   b) 'n Tweede vleuel in 1835 aangebou (Schmidt 1914:6 & 8).
9. Woonhuis (1815-17) (Schmidt s.j.: Sketsplan).
10. Woonhuis (1823) (Schmidt s.j.: Sketsplan).
11. Kelder (1824) (Schmidt s.j.: Sketsplan).
12. Pakkamer (1824) (Schmidt s.j.: Sketsplan).
13. Woonhuis, dieselfde lengte van 81 voet as die pakkamer (1825) (P.A. 1825:473).
14. Waenhuis (1827) (Schmidt s.j.: Sketsplan).
15. Kleuterskool (1830) (Schmidt 1914:8).
16. Leerlooiery (1831) (P.A. Jun. 1832:153).
17. Vierdie woonhuis (1832) (P.A. Des. 1832:281).
18. Basmeul (1833) (P.A. Sept. 1833:431).
19. Opleidingskool (1837-38) (P.A. Jun. 1838:327,328).



Die eerste Kerkgebou - versamelhuis
(M.A.)

Volgens die kaart van die landmeter John Mellville, wat in 1816 geteken is en die grondplanne van die geboue aandui, asook die beskrywings wat in Periodical accounts relating to Moravian missions voorkom, het die meeste geboue, veral die woonhuise en skole, 'n langwerpige konstruksie (I-vorm) gehad (nrs. 1, 12, 13, 17, 15, 19). Die skool, nr. 8, het ook eers 'n L-vorm gehad, maar met 'n aanbouing in 1835 is dit in 'n L-vorm omskep.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Sketsplan van kerkwerf (1838)
(Krüger 1966:125; Schmidt s.j.(d): Sketsplan)

Woonhuis nr. 9 was die grootste enkelverdiepinggebou en het 'n F-vorm gehad. Nrs. 16 en 19 was die enigste dubbelverdiepinggeboue.

Al die geboue het rietdakke en solders gehad. 'n Houttrap wat met pik ge= smeer was, het soms by die entgewel voorgekom; andersins kon die solder met 'n binnehouttrap bereik word. Om die hanebalke aan die dakkappe (kapbalke) te heg, is gate in die balke geboor en 'n wig-tipe houtpen daardeur gedryf. Die dwarslatte is aan die kappe vasgemaak (Persoonlike waarneming 1985).

Skoorsteen- en spitsgewels was gewild. Waar 'n voorgewel voorgekom het, was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit of 'n gewone spitsgewel (nr. 12 & 13) of 'n holbolgewel (nr. 19) of 'n wolfneusgewel (nr. 7). Om lig by die solders in te laat, is geruite ven= sters in die ent- en voorgewels aangebring.

Redelik dik kleimure, waarvan die gewelstene gebrand is, het algemeen voor= gekom. Reghoekige swaaivensters met klein ruitjies het na die binnekant oopgemaak. Binnehoutblindings en buiteluike het die vensteropeninge dig gesluit. Paneeldeure met kenmerkende Duitse slotte en ysterhandvatsels het by al die geboue voorgekom. Sien onderstaande foto.

Deurslot
(Foto deur skrywer)

Aangesien daar nie veel dokumentêre inligting omtrent die boukuns gedurende dié tydperk is nie, kan daar nie bevestig word of die interieurs en muurope= ninge (vensters en deure) oorspronklik is nie. Vroeë reisigers wat besoek aan die sendingstasie gebring het, het hulle hoofsaaklik tot die skets en beskrywing van die kerkgebou bepaal, en dus kan 'n meer betroubare beskry= wing hiervan gegee word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.1.1. Kerkbou

Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu is, soos reeds gemeld, twee kerkgeboue in Baviaanskloof/Genadendal opgerig (nr. 2 en nr. 6).

Die eerste kerkgebou (1795-96) se grondplan was 'n T-vorm (Krüger 1966:125, nr. 8). Die mate van die hoofvertrek was 90 voet x 60 voet (Krüger 1966: 77). Aan die noordelike sy is twee vleuels gebou wat as gastekamers vir besoekers sou dien (Krüger 1966:77). Altesaam 60 000 stene is deur die inwoners gevorm. Die stene vir die gewels is gebrand. Nadat die fonda= ment van klip gelê is, kon die bouwerk begin. Baie mans was vir militêre diens opgeroep (Sien 10.15) en so is daar ook van vroue en kinders gebruik gemaak om die boumateriaal aan te dra en vir die messelaars aan te gee (Geschiedverhaal 1893:27). Dit het 'n rietdak en drie holbolgewels gehad. Die gewels se lyswerk is met sierlike krulle aan die onderkant en 'n waai= ermotief aan die spits versier (M.A.: Foto's, sketse; persoonlike waarne= ming 1985).

Aan die oostelike sy was twee deure, een vir die mans en een vir die vroue. Aan die westelike sy waar die twee bene van die T ontmoet, was 'n derde in= gang met 'n wolfneus. Hierdie ingang het na die gastekamers gelei (M.A.: Foto's en sketse van die Ou Kerk). Die grondvloer is met beesmis gesmeer. Aan die voorkant was 'n klein verhoog waarop die preekstoel en drie stoele geplaas is (Krüger 1966:77). Nadat hierdie gebou te klein geword het, is toestemming verleen om 'n groter kerk te bou (Krüger 1966:73).

Die tweede kerk is in 1800 ingewy. Dit het 'n hoë spitsdat gehad met trap= gewels wat op 'n koeëlversiering (balvormige versiering) op die spits uit= geloop het. Bo-op die koeël is 'n vlaggie gemonteer. Behalwe die reg= hoekige gewelvensters wat met hortjies gesluit is, het vier boogvensters aan elk van die twee lang sye voorgekom. Aan die noordelike sy was daar ook twee ingange, vir elke geslag afsonderlik. Die ingang met treetjies aan die westelike symuur, was vir die leraar bedoel (M.A.: Foto's van die Ou Kerk).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die trapgewel kerk
(M.A.)

In die binnekant het twee dik, silindervormige steenpilare die dakbalke ge= steun - "they resemble the plainest Saxon columns in some of our cathedrals" (Latrobe 1818:64), en so ver van mekaar gestaan dat "geen Simson dezelve te gelijk omvatten en omwerpen konde" (Teenstra 1943:137-138). Hierdie pilare het nie net baie spasie in beslag geneem nie, maar het later jare onstabiel voorgekom sodat Hallbeck dit oorweeg het om dit met ysterstutte, wat hy van Engeland sou bestel, te vervang (P.A. Des. 1832:282). Langs drie sye was galerye met balustrades wat deur middel van ysterstawe aan die geelhoutpla= fonbalke geheg is (Krüger 1966:113). In 1812 het 'n kraak in die gewel ver= skyn en het dit effens begin oorhel. Die mediese praktisyn dr. Hassner van Caledon het aan die sendelinge die advies gegee om die gewel af te breek en met gebrande stene te herbou (P.A. Dagboek 1812:349-350).

6.2 Die woongebied

Die woonbuurt van die gemeentelede het aan die kerkplein gegrens. Die oud= ste woonbuurt, waar vandag 'n monument ter ere van die dopelinge van Schmidt opgerig is, het aan die noordwestelike deel van die dorp voorgekom (Schmidt 1952:21). Toestemming is ook gegee dat inwoners hulle woonhuisies langs die twee hoof Vleipaaie kon aanlê (M.A. Kaart J. Mellville, 1816). As mens na die oudste dorpe in Suid-Afrika kyk, naamlik Stellenbosch wat in 1806 slegs

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

93 wonings, Swellendam 18 en Graaff-Reinet 20 gehad het, kan 'n mens verstaan waarom Baviaanskloof in daardie stadium naas Kaapstad die tweede grootste dorp in die Kolonie was. Daar was toe 1 234 inwoners en 228 wonings (Krüger: 1966:76; Pienaar 1968:395; Vgl. Kaart van Mellville, Bylaag IV).

Die woongebied is gekenmerk deur die eenvormige rietdakhuisies met lang, smal, eweredige straatjies wat al langs die hewuwelhellings aangelê is - "a sight which surprised me exceedingly, and for the first time brought in a lively manner to my mind the idea of my native country. Excepting this place, I never saw anything in the whole Colony bearing the least resemblance of a German village" (Lichtenstein 1812:189). Die eerste woonhuisies is nader aan die kerkplein gebou, maar soos die dorp ontwikkel het, is huisies in die ver uithoeke van die dorp opgerig. So bv. is die woonbuurt Sewefontein eers in 1825 aangelê nadat daar nie meer nabygeleë bou-erwe beskikbaar was nie (P.A. Sept. 1826:18). In 1809 het die Kaapse owerheid besluit dat Swartes nie meer op die plase kon aanbly nie, en heelwat het hulle in Genadendal gaan vestig. In Genadendal is 'n afsonderlike woonbuurt, op die oostelike heuwel van die dorp, bekend as die Kafferkraal, vir hulle aangewys (Burchell 1967:111; Krüger 1966:105). Vandag is die name Ghooi-se-kop ('n heuwel buite die dorp) en Kaffersdrif ('n drif aan die onderkant van die genoemde heuwel) die enigste wat 'n mens aan hierdie voormalige woonbuurt herinner.

As gevolg van die swak ekonomiese posisie van die inwoners, is eenvoudige huisies opgerig. In die beginjare het daar twee tipes woonhuisies in Ba= viaanskloof voorgekom. Eerstens was daar die byekorftipe. Die raamwerk van die woning is met gebuigde latte en takke in die vorm van 'n byekorf gemaak. Daarna is dit met klei, wat met beesmis gemeng was, gepleister. 'n Opening in die middel van die dak het as skoorsteen gedien (Krüger 1966: 80; History of civilization 1832:20).

Die tweede tipe was 'n reghoekige hut wat met die wonings van die kolonis= te ooreengekom het. Dit was omtrent 10 voet lank en 8 voet breed. Die mure is opgerig deur eers pale in die grond te plant, dan die openinge met ruigte toe te vleg en dit daarna op te klei (Burchell 1967:112). In ander gevalle is kleistene gevorm waarmee die huis gebou is. Die tipe klei wat in Baviaanskloof en omgewing voorgekom het, was goed bestand teen die Kaap= se reënweer. Die eerste sendeling, Georg Schmidt se veekrale wat vir lang=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

er as veertig jaar die weer trotseer het, het die sendelinge oortuig dat dit nie juis nodig was om die kleistene te brand nie (P.A. 1823:34). 'n Mens moes net die kuns verstaan hoe om die klei voor te berei.

Die volgende metode is gevolg. 'n Stuk kleigrond is met 'n span osse ge= ploeg. Daarna is die grond met 'n eg gelyk geskraap. Deur die osse heen en weer oor die los kleigrond te lei, is al die kluite fyn getrap. 'n Groot osvel is oopgesprei waarop die fyn kleigrond gelaai en na die bouery gesleep waar dit met water gebrei is (History of civilization 1832:62). (Dit was ook een van die inwoners se spreekwoorde om na iemand wat hom met harde werk gesloof het, te verwys as 'n deurgesleepte osvel) (M.A.: Brief Hallbeck, 8.4.1820). Die mure is 'n voet hoog opgeklei en so tot die volgende dag laat staan om te droog. Die proses is herhaal totdat die mure hoog genoeg is (History of civilization 1832:62-63). Baie huise het skoorsteenent= gewels gehad. Enkele trapentgewels, soos dié van die kerk, het ook voor= gekom. Die dakke is met gras bedek en het 'n wolfneus bokant die voordeur gehad. 'n Klein openinkie aan die voormuur, so groot soos 'n mens se hand= palm, het as enigste venster gedien. Die deur was van 'n aantal sparre/ latte wat aanmekaar geheg is (Angas 1849:38).

Daar was 'n neiging onder sommige inwoners om die tradisionele Khoi-woning op te rig. Om die oprigting van muurhuise aan te moedig, het die sendelinge aan elke inwoner twintig riksdaalders en 'n aantal houtbalke geskenk met dien verstande dat hulle 'n muurhuis bou (P.A. Feb. 1824:97). Bouinspekteurs is aangestel om toe te sien dat die inwoners hulle huise in reguit rye langs die heuwelhellings oprig (P.A. LXXXIII:73).

In 1828 het die sendelinge self die planne van die woonhuise opgestel om sodoende die uniformiteit van die boustyl te behou. Die huis sou twintig voet lank en twaalf voet breed wees (P.A. Aug. 1828:420). Al die huise sou rietdakke hê, 'n klei-en-rietsolder en 'n grondvloer wat met beesmis gesmeer kon word. Die mure is van binne en buite afgewit (Burchell 1967:105). Kook= water is eers op semels gegooi en daarna is dié water met kalk gemeng om die mure af te wit (Brenton 1846:514). Die Genadendalse huisies het goed met dié van die koloniste vergelyk en het selfs baie in voorkoms oortref (Krüger 1966:123).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos afgelei kan word, was klei en riet maklik bekombaar. Hout was egter 'n skaars boumateriaal. Voordat die sendingstasie sy eie bosse aangeplant het, moes die Kaapse owerheid toestemming verleen dat hout in die Kompanjies= bosse van Soetmelksvlei en Riviersonderend gekap word (Latrobe 1818:65; Lich= tenstein 1812:190-191; M.A. I4c: Brief van H. Ross: 10.8.1798; I4d: Brief van goew. Janssens: 30.3.1803). Later toe hierdie bosse uitgeput geraak het, is hout ook in Elandskloof, in die Hottentotshollandberge, en in die bosse naby George en Uitenhage laat kap (I3b: Brief van Hallbeck 23.7.1830). Vrien= de van Kaapstad het soms hout aan die sendingstasies geskenk (P.A. LXXXII:12).

Sendingstasies het gewoonlik die hulp van opgeleide argitekte en boukontrak= teurs van Kaapstad ingeroep om veral met die oprigting van kerke en ander ge= boue op die kerkplein te help (P.A. Sept. 1833:430,434). Onder leiding van die twee sendelinge Leitner en Sonderman, het daar mettertyd ook bekwame mes= selaars uit die plaaslike inwoners na vore gekom (P.A. Brief van Hallbeck 1835:370). Twee van hierdie manne was Beukman en Dawid Baalie (P.A. Maart 1827:124). Die Periodical Accounts skryf in 1827 omtrent laasgenoemde soos volg: "Indeed it is far more than I thought any native of South Africa ca= pable of, and the neighbours of Elim were equally astonished, and obliged to acknowledge that this Hottentot has not his equal, as a mason, neither among the Europeans nor the Africans in the whole neighbourhood." Dawid Baalie het ook gehelp om die Mamre- en Elim-kerk te bou. Saam met Beukman het hy verder die Genadendalse Opleidingskool gebou (P.A.: Maart 1827:124).

Aan handlangers was daar nooit 'n tekort nie. Almal, vroue sowel as kinders, moes met die bouwerk help. Terwyl die mans die stene gevorm en die bouwerk gedoen het, moes die kinders en vroue dit aandra en vir die bouers aangee (Latrobe 1818:351; P.A. LXXXII:16).

6.3 Die begraafplaas

Die inwoners het hierna as die godsakker verwys. Dit het 'n oppervlakte van 108 vk.vt. beslaan en was aan die westekant van die sendingtuin geleë (History of civilization 1832:95). Die sendeling Christian Rose het met sy aankoms in 1800 dit as eerste taak aangepak om hierdie begraafplaas op die= selfde patroon van die een in Herrnhut uit te lê. Vervolgens is dit in nege vierkante verdeel - vir die sendelinge, broeders, susters, kinders, ens., afsonderlike rusplase. 'n Dubbele ry akkerbome en roosboompies is rondom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kerkhof geplant. 'n Boog is by die ingang opgerig met die woorde aan die voorkant "Gezaaid in Zwakheid" en aan die agterkant "Opgewekt in Kragt" in sierlike houtletters uitgebeeld (Krüger 1966:88; Latrobe 1816:62; P.A. Febr. 1832:124). Elke graf het 'n houtkruis gehad waarop net 'n nommer ver= skyn het en wat ooreengekom het met die nommer in die doderegister waarin al= le besonderhede van die ontslapene opgeteken is (Burchell 1967:108; Campbell 1815:26-27; Latrobe 1818:62).

6.4 Brugbou

Reeds vroeg in die 19de eeu het dit duidelik geword dat die bou van 'n groot, stewige brug oor die Sondereinderivier 'n noodsaaklikheid geword het. Ná groot reëns het die rivier in volle vloed afgekom en sy oewers oorstroom en dan was dit moeilik om oor te gaan. Besoekers kon dan nie die kerkdienste in Genadendal bywoon nie en die inwoners kon ook nie hulle saailande, wat aan die oorkant van die rivier geleë was, bereik nie. Die tydelike voetgang= erbrug het dikwels weggespoel. In Nov. 1815 het die boer Martin Kunz toe= stemming verleen dat twee reuse-ysterhoutbome in 'n diep kloof op sy plaas gekap word om 'n stewige voetbrug te maak. Alhoewel dit vir 'n hele aantal mans 'n aantal dae gekos het om die bome te vel en uit die onbegaanbare kloof te sleep, was al hierdie moeite ook tevergeefs. Kort nadat die brug voltooi is, het die vloedwaters dit meegesleur (P.A. LXXVII:276,294).

In 1818 het Hans Peter Hallbeck besluit om planne vir 'n stewige klippilaar= brug op te stel. Die koste van die onderneming is op 6 000 riksdaalders geskat. Nadat 'n Engelse besoeker, wie se naam nie vermeld word nie, 'n skenking van 200 riksdaalders bygedra het, kon die bouwerk in 1819 'n aan= vang neem (P.A. LXXXIII:72). In dieselfde jaar het 'n grensoorlog teen die Xhosas uitgebreek. Die bouwerk is tydelik gestaak omdat feitlik alle mans vir militêre diens opgeroep is (P.A. LXXXIV:122). In 1820 is die werk deur 36 Genadendalse mans onder leiding van eerw. Beinbrecht hervat. Met vyf waens is klippe en gruis aangery en ná sewe weke is vyf stewige klippilare van 5 voet x 12 voet x 14 voet opgerig. Aangesien hierdie bouprojek 'n private onderneming was, het die werkers en messelaars geen betaling van die Sending ontvang nie. Teen die einde van April 1820 kon balke en planke oor die pilare van die 150 voet lange brug gelê word. Hallbeck skryf in 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verslag: "The building of a bridge, particularly as a private undertaking, and an undertaking of Hottentots, is such an unheard-of thing in this Colo= ny, that it is talked of with astonishment from Cape Town to Grahamstadt, and will, I trust, silence those who accuse the Hottentots of incorrigible sloth and stupidity " (P.A. 1/1820:284-286; P.A. 2/1820:300).



Die brug oor die Sondereinderivier
(M.A.)

By aanskouing van hierdie brug het besoekers aan Genadendal dikwels hulle verbasing uitgespreek. In 1830 het 'n Hollandse besoeker hom soos volg uitgelaat: "Hoe stout de Afrikaansche Koetsiers ook zijn in het af- en oprijden van steile bergen en rotsen, het doortrekken van rivieren, deze brug boezemt hem toch vrees in - mischien uit ongewoonte; want ik houde mij overtuigd dat dit de eenige brug in Zuid-Afrika is, behalwe eenige klei= ne boogjes en pijpjes nabij de Kaapstad" (Teenstra 1943:132-133).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Omdat die instandhouding van die brug 'n groot finansiële las op die Sending geplaas het, het Hallbeck in 1837 'n subskripsieboek in die Logement (Genadendalse gastehuis) geplaas sodat besoekers vrywillige bydraes kon lewer. Uit hierdie fonds kon heelwat verbeterings deur die jare aan die brug aangebring word (M.A.: Subscription book for the Genadendal bridge, 1837).



"Brandweerwa" geskenk aan Baviaanskloof in 1800 van die gemeente in Zeist (Genadendal-Museum).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7. ALGEMENE LEWENSWYSE

7.1 Inwoners

Die afstammelinge van Schmidt se gemeente was vanselfsprekend die eerste in= woners van Baviaanskloof toe die werk daar hervat is. Dit was slegs 'n paar Khoi-gesinne wat in 'n kraal langs die Sergeantsrivier gewoon het. Onder hulle het getel: Magdalena en haar kleindogter Beata Linnert, 'n kleinseun van Christian, vier dogters van Jonas (Anna Mauritz, Eva Witbooi, Madalena Fredericks en Rachel Pitt) asook twee van sy seuns en twee kleinseuns. Die gesinne Koopman, Stompjes, Valentyn, Waalie, Kleff en Kleinbooi was ook daar woonagtig.

Daar is deur die jare vertel dat die sendingwerk eendag in Baviaanskloof her= vat sou word. Baie van hulle, soos Anna Mauritz, het met reikhalsende ver= lange op die koms van die sendelinge gewag (P.A. Dagboek 1811:228).

Met verloop van tyd het mense van verskillende rassegroepe en uit verskillen= de oorde hulle by die sendingstasie gaan vestig. Die inwonertal het in 1798 tot 705 en in 1836 tot 1 457 aangegroei.

In sy verslae en briewe verwys superintendent Hans Hallbeck na die inwoners van gemengde herkoms as "bastards". 'n Opname van 1824 het bv. getoon dat twee-derdes van die inwoners nie meer suiwer Khoi was nie, maar die kinders van blanke vaders (M.A. I3b: Brief H.P. Hallbeck, 6.3.1824). Alhoewel die sendelinge dit afgekeur het, was dit blykbaar 'n algemene verskynsel dat blankes met Khoi-vroue omgegaan het. Dit was dan ook hulle kinders wat in die vroeë 19de eeu die grootste gedeelte van die sendingstasie se bevolking uitgemaak het (Geschiedverhaal 1893:30; Krüger 1966:60,79,84, 90 & 127; Lichtenstein 1812:194; Merriman 1957:165).

'n Opname toon dat mense voor 1840 van 133 verskillende plase en dorpe hulle op Genadendal gaan vestig het. Die meeste mense het van Appelskraal, Bot= rivier, Boschjesveld, Breederivier, Dieprivier, Fonteinskloof, Ganzekraal, Goudini, Hottentots-Holland, Hartebeeskraal, Kwartelrivier, Kaapstad, Kar= melksrivier, Kopjeskasteel, Karstrivier, Steenboksrivier, Swellendam, Zoe= tendalsvallei, Zoutrivier en Zwartrivier gekom (M.A.: Doopregisters van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Genadendal). Vanne soos Achilles, Baalie, Blaatje, Beukman, Bredekam, Van den Burg, Cloete, Croneberg, Dietrich, Dumini, Haas, Habelgaarn, Jannetje, Janza, Jass, Jonker, Joorst, Lakey, Leeuwenskieter, Magerman, Mauritz, Mi= chels, Muizenvanger, Norman, Oppelt, Paardewachter Pfeiffer, Pleizier, Ro= byntje, Scholz, Weber, Wessel, Wildschut en Windvogel het algemeen in dié tyd voorgekom (M.A.: Doopregisters van Genadendal).

Alhoewel die meeste inwoners van gemengde bloed was, het die sendelinge en landdroste gereeld in hulle briewe en verslae na hulle as Hottentotte ver= wys (P.A. Aug. 1828:419; Mei 1829:76; Krüger 1966:127).

Baie koloniste het na die inwoners verwys as 'n volk wat van bobbejane af= komstig was terwyl ander van hulle gepraat het as die "connecting link be= tween man and brute" (Champion 1968:15; P.A. LXIX:442).

In Genadendal het egter 'n leefwyse ontplooi wat blankes, nadat hulle 'n be= soek aan die sendingstasie afgelê het, tot ander insigte gebring en hulle gesindheid laat verander het (Merriman 1857:164). Die inwoners is geleer om sindelik, eerlik, vlytig en, bo alles, godvresend te wees (Van Reenen 1937:22 & 23). In 'n brief van goew. Janssens aan De Mist, skryf hy: "de Hottentotten zien er minder vuÿl uÿt als de andere" (Theal III 1911: 207). Latrobe het die wens uitgespreek dat meer koloniste self moes sien wat op die sendingstasie aangaan: "If some of my Cape friends, who often describe the Hottentots as an incorrigible set of lazy, dirty and ragged creatures, were to see this congregation on such occasions (d.i. die Nag= maal) they would at least say, that here facts do not prove their assertion true. If this not be a miracle wrought by the power of God alone, I know not what it is!" (Latrobe 1818:75,279).

Die sendelinge het alles in hulle vermoë gedoen om die sosiale euwels te bestry. Die straf van uitsetting is dikwels toegepas. As eerste waar= skuwing kon die oortreder sy skool- en kerkvoorregte verbeur. Sou dit nie help nie, is hy/sy uit die dorp gesit. Hierdeur is 'n hoë peil van sede= like en geestelike lewe gehandhaaf, soos uit die volgende getuienisse blyk: "Allezins prÿsselÿk, en kan niet zonder verwondering beschouwd worden. Zelde hoort men van buitensporigheden onder hen, en nooit ziet men een hunner

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beschonken, offschoon de neiging tot sterke dranken" (Bouchenroeder 1806:164). "Their general quiet and harmless character gives them a superior claim to encouragement, and renders them friendly to the existing government. Every well-wisher of mankind will view them with respect" (Burchell 1967:110).

7.2 Kleredrag

Toe die sendingwerk hervat is, het baie inwoners nog die tradisionele karos en 'n klein velskort gedra (Barrow 1801:353). Oor 'n kerkdiens wat Lady Ann Barnard bygewoon het, skryf sy omtrent die kerkgangers: "the simple disciples of Christianity, dressed in the skins of animals, knew no purple or fine linen, no pride, no hypocrisy" (Barnard 1924:185).

In 1807 het Europese vriende lapmateriaal en gebruikte klere aan die inwoners gestuur. Die dag toe die klere uitgedeel is, was daar groot vreugde en baie kon hulle trane van pure blydskap nie bedwing nie (P.A. Dagboek 1807:338). 'n Geskenk van 50 el veelkleurige materiaal wat in 1812 ontvang is, is gebruik om 43 baadjies en rokke van te maak (P.A. Dagboek 1812:313). Die versending van klerasie en materiaal uit Europa het later 'n gereelde instelling geword (P.A. LXIV:244; LXV:298; LXXXII:46; April 1821:10; Maart 1825:309). Soms is die kledingstukke aan die gegoede inwoners verkoop. Die geld is dan in die "armenkas" gestort en later gebruik om brood vir die behoeftiges te koop (M.A. I4b: Brief van Hallbeck aan die Commercial Advertiser, Des. 1826).

Volgens die waarneming van verskillende besoekers gedurende die eerste jare van die 19de eeu, was die meeste inwoners volgens die Europese voorbeeld geklee. Die vroue het wolrokke en katoenjakkies gedra. Hulle hooftooisel was 'n mus of soms 'n kopdoek wat netjies bokant die ore ingevou en vooraan geknoop is (Burchell 1967:109; Latrobe 1818:67; Molsbergen 1952:221). Baie vroue het houtkaparrings gedra (Teenstra 1943:139), terwyl ander skoene en kouse gedra het (Burchell 1967:109). Die mans se drag het uit wolbaadjies, hemde, broeke, hoede en skoene bestaan (Burchell 1967:109; Geschiedverhaal 1893:18; Latrobe 1818:67; Lichtenstein 1812:187).

Met die totstandkoming van tuisnywerhede soos die "naaiskool" (handwerkskool) en looiery kon die inwoners hulle eie kledingstukke vervaardig en selfs in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die behoeftes van die koloniste voorsien. (Vgl. later 10.4, 10.5 & 10.7).

Onnodige versiering is nie toegelaat nie. Tydens Lady Ann Barnard se be= soek is sy gevra om nie krale aan die inwoners te gee nie omdat dit nie ge= pas vir 'n Christen sou wees om dit te dra nie (Barnard 1924:186-187).

7.3 Kos en eetgewoontes

Afgesien daarvan dat die inwoners groot troppe vee besit het, was hulle ook goeie jagters. Wildsoorte soos bontebokke, elande en kwaggas het volop voorgekom (Krüger 1966:53-54). Hulle was ook lief om saans ystervarke te jag. Hierdie wildsvleis is op smaaklike wyse voorberei (P.A. Sept. 1826: 10).

Knolplante, soos bv. kammaro, "kaa-nap", anyswortel, vinkelwortel asook hot= tentotsvye, is dikwels, veral wanneer die tuine swak oeste gelewer het, ge= ëet (History of civilization 1932:20; P.A. Dagboek 1809:81). Sommige in= woners het miershope oopgebreek om witvlekmiere, wat volgens hulle soos vet gesmaak het bymekaar te maak (P.A. Dagboek 1809:81).

Langs die waterstrome het die wildeamandelboom gegroei. Dit het trosse pienk blommetjies gedra. Wanneer die vruggies ryp was, is die pitte uit= gehaal en in die son gedroog. Hierna is dit gekook. Die dik, olierige water is 'n paar keer afgegooi voordat die drankie gedrink kon word. Dit was as "gho-koffie" bekend (P.A. Dagboek 1811:270-271; Strassberger 1953:60).

Nadat tuinbou aangeleer is, het die inwoners ook van die tuinopbrengste (groente en vrugte) kos voorberei. Die saailande het rog en koring opge= lewer wat in die plaaslike meul gemaal is en waarvan brood gebak kon word (Barnard 1924:189; Burchell 1967:113).

Die sendelinge het geglo dat daar vaste werks- en etenstye moes wees. Die kerkklok het daagliks om agtuur in die môre, twaalfuur in die middag en ses= uur die aand gelui om die etenstye aan te kondig. Die sendelinge het saam in 'n groot vertrek byeengekom waar hulle by 'n gemeenskaplike maaltyd aan= gesit het. 'n Vierstemmige danklied is voor en na ete gesing (Molsbergen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1952:220; Teenstra 1843:137). Die bediening is deur plaaslike diensmeisies gedoen - "they did everything with as much propriety and expedition as our best English servants could have done" (Campbell 1815:25). Na middagete is daar gewoonlik 'n halfuur geslaap. Daarna is 'n koppie koffie genuttig en die werk hervat (Champion 1968:16).

7.4 Huisinrigting en besittings

Die belangrikste besittings van 'n inwoner was sy huisie, tuintjie, en min= stens een vark. Welgestelde inwoners het 'n trop skape, beeste of bokke besit. Waens en perdekarre het ook voorgekom (Champion 1968:17; P.A. XIII:230). Sommige inwoners het gewere en musiekinstrumente, soos die viool en fluit, besit (Latrobe 1818:92; P.A. Junie 1833:350).

Soos geletterdheid onder die inwoners toegeneem het, het die Nuwe Testament, kategismus en ander Christelike lektuur belangrike besittings geword.

Die eerste woonhuisies was baie eenvoudig ingerig. In baie het geen meu= bels voorgekom nie. Aan die plafonne het slegs 'n paar velle, kalbasse, ysterpotte, houtlepels en bakke gehang (Barnard 1924:189).

Mettertyd is eenvoudige meubels gemaak. Dit het bestaan uit 'n tafel, twee of drie stoele en 'n kis (Burchell 1967:113). Die beddegoed het aanvanklik uit 'n paar velle bestaan totdat wolmatrasse in 1830 in gebruik gekom het (P.A. Nov. 1931:88).

Testamente wat gedruende die eerste helfte van die 19de eeu opgestel is, toon dat baie huise met die belangrikste gebruiksartikels, soos kiste, rakke, stoe= le, katels, tafels, "blaauwe borden", komme, koppies, pierings, stampblokke, strykysters, ketels, ysterpotte, "aarden potte", "steenen waterpotte", drie= voete, roosters, bottels, flesse, lanterns, kandelare, byle, trommels, slyp= stene, tuingereedskap ens., toegerus was (M.A. III 6a:Testamente).

7.5 Spaarsin en hulpverlening

Om die lewensstandaard te verhoog, het die sendelinge die inwoners geleer om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te spaar. Droogtes, oorstromings en plae het dikwels die sendingstasies in groot ellende gedompel. Om dié rede is 'n fonds, wat bekend gestaan het as die "armenkas", gestig. Die inwoners is gevra om daartoe by te dra sodat mense in tye van siekte en bejaardes wat nie meer kon werk nie, gehelp kon word. Dit het elke inwoner vrygestaan om dit wat hulle kon, by te dra (P.A. 1809:6; LXV:205; Maart 1825:309). Afgesien van hulle eie behoeftes, het hulle ook tot die plaaslike Bybel-en-skoolkommissiefonds en Sendingfonds bygedra (P.A. LXXI:30; Junie 1843:342).

In belang van die inwoners het die sendelinge 'n spaarbank geopen. Wanneer hulle ná oestyd in Januarie elke jaar van die plase terugkeer huis toe, is hulle aangemoedig om hulle verdienste te spaar (Krüger 1966:143). Die loon op die plase was maar baie min en was nie meer as 6 riksdaalders per maand nie (Brenton 1846:509). Diegene wat 'n ambag beoefen het, het 'n beter ver= dienste gehad en kon dus ook meer spaar. Sommige inwoners het tot 700 riks= daalders in die spaarbank gehad (P.A. LXXXV:143).

7.6 Geneeskunde

Vir mediese behandeling het die sendingstasie hoofsaaklik op die volksgenees= kundige metodes van die Khoi en die gebrekkige kennis van die sendelinge ge= steun. Enkele opgeleide sendinggeneeshere was vir kort periodes in Genaden= dal werksaam. Die hulp van dokters op die omliggende dorpe is dikwels in= geroep.

7.6.1 Siektes

Gedurende die tweede helfte van die jaar 1800 het 'n epidemiese siekte, wat die sendelinge galkoors genoem het, in Genadendal uitgebreek. In elke huis was daar drie tot vyf pasiënte. Ongeveer sestig pasiënte is daagliks deur die sendelinge besoek en verpleeg. Ten spyte hiervan het 162 mense aan die siekte gesterf. Die sendeling C. Rose skryf: "Bij zulk sterven of ster= vensnood moest het zich bewijzen, of hun geloof in Jesus slechts een geleerd nazeggen van 'Heere, Heere' was, dan of het een geloof was, hetwelk dat de ziel in gemeenschap met den Heiland gebracht en van Hem vergeving en zalig= heid ontvangen had." Baie pasiente het op hulle sterfbeddens tot bekering gekom (Geschiedverhaal 1893:37-39; Schmidt 1956:1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1820 het 'n choleraepidemie in die Wes-Kaap uitgebreek, maar slegs enkele inwoners het die siekte opgedoen. Die maselepidemie van dieselfde jaar het egter 54 lewens geëis. Verkoue, rumatiek, maagontsteking en longontsteking was siektes wat algemeen voorgekom het (Schmidt 1956:2-3).

Melaatsheid het ook dikwels voorgekom. Toe die owerheid in 1818 'n sending= stasie vir melaatses in Hemel-en-Aarde, naby Hermanus geopen het, is 23 pa= siënte van Genadendal daar opgeneem. Die Morawiese sendelinge is gevra om 'n leraar soontoe te stuur om die kerk en skool vir die pasiënte te behar= tig. Fritsch is vir die diens beroep en in 1823 is hy deur Peterleitner op= gevolg. In daardie stadium was daar 150 pasiënte (Krüger 1966:146; P.A. Dagboek 1810:221; Schmidt s.j.:(b):1-2).

7.6.2 Behandeling

Die inwoners het deeglike kennis van die veld se kruie gedra. Vir feitlik elke kwaal was daar 'n geneesbossie (Krüger 1966:54). Hier volg enkele voor= beelde van rate:

borskwale	-	rook van wildedagga
swaksug	-	vrug van dawidswortel
sifilis en swere	-	"truitjie-roer-my-nie" (kruidjie-roer-my-nie)
disentrie	-	suurvye
koliek	-	kamille en koekmakranka
maagsiekte	-	renosterbos
tering	-	geelblommetjies
rumatiek	-	lobelia
krampe	-	klipsweet
stuipe	-	boegoe
verkoue	-	boegoe
longsiektes en tering	-	suikerbos en geelblommetjies
melaatsheid	-	platdoring (Schmidt 1956:4-5).

In die Genadendalse dagboek van 1818 word daar melding gemaak van "slangdok= ters". Hierdie manne is geraadpleeg as 'n slang of spinnekop iemand gebyt het. Om 'n "slangdokter" te word, moes die gifsakkies van 'n pofadder uit= gehaal, gedroog en geëet word. Elke jaar moes die "dokter" 'n klein stuk= kie van hierdie gedroogde gif eet. Die wond van iemand wat deur 'n slang gepik is, is met dié sogenaamde dokter se urien gewas. Hierna moes die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pasiënt dieselfde urien drink (Schmidt 1956:2).

Die inwoners het ook van "zinking" gebruik gemaak. Dit was 'n metode om bloed te laat ten einde die pasiënt van sy siekte te genees. 'n Skerp klip of mes is geneem om die vel te prik. 'n Horing is dan op die wond geplaas om die bloed uit te suig (Schmidt 1956:2).

In die Genadendalse dagboek van 1812 word vertel van 'n vrou wat die hulp van 'n "Turkse dokter" ingeroep het. Nadat hy sy hande uitgestrek en gesê het dat God haar sou help, het hy in sy taal begin bid en al die name van die groot "kerkvaders", van Adam tot Mohammed, afgerammel. Hierna het hy haar 'n soort bruin poeier gegee om te eet en weer uitgeroep: "God sal jou help!" (P.A. Dagboek 1812:316-317). Hierdie "Turkse dokter" kon waarskyn= lik 'n Oosterse slaaf gewees het en van die inwoners was deur hulle sogenaam= de towery beïnvloed (Krüger 1966:54).

Sendelinge soos Kölbing en Hallbeck het dikwels met geneeskundige dienste in die dorp gehelp. Die sendelinge het 'n voorraad homeopatiese medisynes gehad en dit gratis aan die inwoners verskaf (M.A. I3b: Brief van Hallbeck aan die Commercial Advertiser, Des. 1826).

Reeds vroeg in die 19de eeu het die sendelinge kennis gemaak met dr. Temple van Caledon wat hulle dikwels in tye van siekte bygestaan het (Geschiedver= haal 1893:37; P.A. Dagboek 1809:4). Hy is deur dr. Johan Hassner en later deur dr. Honey opgevolg wat die sendingstasie dikwels van mediese advies en medisyne voorsien het (P.A. LXIII:234; Schmidt 1956:9-10). Die inwoners van Genadendal is ook toegelaat om van die warmwaterbron in Caledon gebruik te maak (P.A. LXXI:31).

In 1832 het 'n jong opgeleide dokter, Edward Lees van Engeland, 'n besoek aan die Kaap afgelê. Hy was 'n oud-leerling van Hans Hallbeck in Engeland. Ná hulle herontmoeting in Kaapstad het Hallbeck hom oorreed om 'n praktyk in Genadendal te open. Van toe af kon Genadendal met sy eie dokter spog. In 1837 het hy skielik gesterwe en moes Hallbeck weer as geneesheer in= staan (Krüger 1966:179-80).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.7 Sang en musiek

Die inwoners was baie lief vir sing. Die sendelinge het geen probleme on= dervind om die gemeentelede met hulle natuurlike sangstemme af te rig nie. Hulle melodiese sang het menige besoeker aangegryp, soos die volgende aan= halings getuig:

Lany Ann Barnard het 'n erediens in 1798 bygewoon en skryf soos volg: "About one hundred and fifty Hottentots joined in the twenty-third psalm in a tone so sweet and loud, but so just and true that it was impossible to hear it without being surprised" (Barnard 1924:185).

Ook Augusta De Mist tydens haar besoek, maak die opmerking: "Nooit had mij eenige musijk zoo welluidend, zoo treffend toegeschenen" (De Mist 1954:104). "Zongen geestelijk liederen, zoo schoon dat ik hetzelve zoodanig vond" (Theal III 1911:107). James Ewartis in 1812 gedurende die aanddiens getref: "The voices of the Hottentot girls are peculiarly adapted, by their clearness, and a certain plaintive wildness, exceeding anything I ever before heard" (Ewart 1970:66).

Toe M. Teenstra die naaldwerkklas besoek, is hy deur sang verwelkom. Hy skryf: "De negen nichten van Apollo mogen op den Pernassus zoo goed gezong= en hebben als zij konden, ik heb het van haar nimmer zoo goed en schoon ge= hoord als van deze lieve bruine engelen" (Teenstra 1943:136).

C. Latrobe, wat 'n geruime tyd in 1816 in Genadendal vertoef het, skryf: "Nothing would be more easy, than to form a chorus of the most delightful voices, in four parts, from among this smooth-throated nation. In the eve= ning service, I was more than ever charmed with the voices of the congrega= tion" (Latrobe 1818:69,72).

Gedurende die oggenddiens van 12 April 1811 was William Burchell verras deur die mooi sang van die gemeente: "I could distinguish some good voices; and the service of the day sufficed to prove to me, that Nature has certainly not denied to Hottentots a musical ear" (Burchell 1967:109).

Ook Sir Jahleel Brenton was getref deur die sang tydens 'n erediens: "The

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

singing of the female Hottentots was delightful, and added powerfully to the effect produced by this view of the worship of God in the wilderness" (Bren= ton 1846:506).

Die Amerikaanse sendeling George Champion het in 1835 Genadendal besoek, en skryf: "The harmonious voices of the Hottentots combined with the solemn tones of the organ, as they resounded through the spacious building were tru= ly delightful" (Champion 1968:16).

Ook J. Fawcett wat 'n Sondagoggenddiens in 1836 bygewoon het, skryf: "The Litany is agreeably enlivened by the delightful manner in which many of the responses are sung by Hottentots" (Fawcett 1836:18).

Voordat die kerkorrel in gebruik gekom het, is die gemeentesang met horing, klarinet, fluit en viool begelei. Baie van die inwoners kon later self hierdie instrumente bespeel (P.A. LXXXI:27).

Sang het 'n integrerende deel van die leefwyse op die sendingstasie geword. In die stilte van die aand kon die pragtigste musiek en sang in die huise gehoor word. Op feesdae het die gemeente hulleself georganiseer om in die vroeë oggendure op die heuwels wat die dorp omring, te gaan sing. Hulle het dikwels ook voor die huis van die leraars gaan sing. Ná kerkdienste het baie agtergebly om nog buite voor die kerkgebou 'n aantal gesange te sing (P.A. LX:102; LXIV:246; 1833:350).



'n Erediens tydens lady Anne Barnard se besoek (M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

8. OPVOEDING

In die tyd toe Georg Schmidt Baviaanskloof verlaat het, het een van sy leer= linge, Lena, met die "onderrigklasse" voortgegaan. Toe sendingwerk in 1793 hervat is, het die nuwe leermeesters hierdie Lena met haar "skoolboek" ('n Nuwe Testament) in 'n kraal langs die Sergeantsrivier ontmoet. Dat Lena wel met die werk van haar voormalige leermeester voortgegaan het, is bewys toe sy een van haar leerlinge, haar dogter, 'n jong vrou genaamd Hanna, tot die ver= basing van die sendelinge, gevra het om uit Mattheüs 2 voor te lees (Krüger 1966:52).

8.1 Leerwyse en leermetodes

Die nuwe skool is op 3 Maart 1793 in die sitkamer van die sendelinge heropen en Lena het weer een van die eerste leerlinge geword. Sy word beskou as die enigste skakel tussen die eerste tydperk en die hernieude sendingwerk in Ba= viaanskloof. Deur haar ywer het talle andere haar voorbeeld gevolg. Al= tesaam agt Khoi-krale het na Baviaanskloof verskuif sodat daar met die skool= heropening reeds 25 leerlinge ingeskryf kon word. Teen die einde van April het die skoolinskrywing tot 80 gestyg (Krüger 1966:53-57). Omdat die sitka= mer te klein geword het, is die leerlinge in drie klasse verdeel. Die on= derrigklasse het soggens om 8.00 vm. met die mans begin. Later in die og= gend was dit die kinders se beurt, en smiddae die vroue s'n (Geschiedverhaal 1893:15; Krüger 1966:56).

Wanneer dit mooiweersdae was, het die onderrig in die opelug, onder die sam= breeltakke van Schmidt se reusepeerboom, plaasgevind (Krüger 1966:57). An= ders as in die tyd van Schmidt, het hierdie leerlinge groter ywer en dissi= pline aan die dag gelê. Die sendelinge was boonop baie streng en die leer= linge het groot respek en getrouheid aan die dag gelê. Hulle grootste vrees was dat die ABC-boek van hulle weggegeneem kon word indien hulle iets ver= keerds sou doen. Een van die mans wat met sy vrou baklei het, was dan ook die eerste teen wie daar tugstappe gedoen is. Hy is uit die skool geskors. Ná 'n paar dae het hy berou gekry, om vergifnis gaan pleit en is daarna weer toegelaat (Geschiedverhaal 1893:15). In 1794 was daar 'n baie skerp sty= ging in die skoolgetalle: 70 kinders, 70 vroue en 30 mans. Die oprigting

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van 'n "versamelhuis" in 1796 het die akkomodasieprobleem nog nie opgelos nie omdat die skoolgetalle gedurig gestyg het (Krüger 1966:77 & 82).

In 1799 het goewerneur Macartney toestemming verleen dat 'n gebou vir kerk- en skooldoeleindes opgerig kon word. Op 8 Januarie 1800 is dié gebou inge= wy en onderrigklasse aan 250 kinders kon 'n aanvang neem. Die leerlinge is hoofsaaklik geleer om te lees en te skryf (Boechenroeder 1806:93). Die eer= ste leermetodes was baie primitief. 'n Laag wit sand is op 'n swartgeskil= derde lessenaar gegooi. Die leerlinge het rondom die skryfblad bekniel en is geleer hoe om met die wysvinger die letters van die alfabet te vorm (Ren= kewitz s.j.:5).

Sir John Cradock was die eerste Britse goewerneur wat daadwerklike aandag aan die onderwysstelsel in die Kolonie geskenk het (Malherbe 1925:60). Op 2 April 1813 het hy 'n besoek aan Genadendal gebring en besluit om 'n boek van Lancaster: The British system of education aan die sendelinge te stuur sodat die skoolonderrig op 'n meer formele en sistematiese wyse kon geskied (P.A. LXIX:453; LXV:319). In die volgende jaar het 'n vriend uit Kaapstad, ene mnr. Hewett, vyftig leie, honderd speltafels, vier Hollandse en twee Eng= else Bybels aan die skool geskenk (P.A. LXXV:17).

Gedurende hierdie tyd is 'n skoolbeheerliggaam, bekend as die Bybel- en Skoolkommissie, in die lewe geroep. Tydens Robert Jones, lid van hierdie kommissie, se besoek aan Genadendal is aanbeveel dat 'n afsonderlike skool= gebou opgerig word. Om dié rede was dit belangrik om met 'n boufonds te begin. 'n Kollektelys met die opskrif: "Benefactors towards the building of a schoolroom at Genadendal for the purpose of introducing the system of education recommended and practised by Dr. Bell and Mr. Lancaster, 1st Oc= tober 1813" is opgestel. Jones het die eerste donasie van 100 riksdaalders geskenk. Die egpaar Cradock en Lord Charles Somerset het 300 en 100 riks= daalders respektiewelik bygedra. Teen die einde van 1813 was 'n bedrag van 1 215 riksdaalders ingesamel en bouwerk kon op 27 Januarie 1814 begin. Op 15 Julie 1814 is die skool ingewy. In die voormiddag het die meisies en die namiddag die seuns onderrig ontvang. Die sendelinge wat in hierdie tyd as leerkragte opgetree het, was Marsveld, Schwinn, Kühnel, Köhrhammer, Küs= ter, Leitner en Schutz (Schmidt 1914:5-8).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aangesien daar 'n groot behoefte aan leermiddele was, is drie honderd leie, potlode, skryfboeke en papier in 1814 van die oorsese gemeentes aangevra (P.A. Dagboek 1918:85).

Volgens Latrobe se waarneming in 1816 het die kinders baie goed gelees en ook goeie vordering in skrif gemaak. Hulle Bybelkennis was redelik - "showing more intelligence than a boor, who lately on seeing an "Ecce homo" (a picture of Christ, crowned with thorns) in Father Schwinn's room, inquired, whether it was a picture of the English Governor at the Cape" (Latrobe 1818:95). Gedurende oestyd het daar 'n onderbreking in die onderrigklasse gekom (Latrobe 1818:68,81,285). 'n Spesiale klas vir jongmense wat die skool finaal verlaat het om te gaan werk, is op 'n Saterdag- en Sondagmiddag gereël ten einde hulle in staat te stel om nie alles te vergeet wat hulle op skool geleer het nie (P.A. 1/1820:284; Okt. 1825:387). Sommige boere op die buurplase het van Genadendal se oudleerlinge aangestel om hulle slawekinders op die plase te onderrig (P.A. April 1826:474, Jan. 1822:152; April 1821:17; Jan. 1821:371).

8.2 Leermiddels, boeke en inrigting

In Basel is die boekie De namen van Jezus spesiaal "gedrukt voor Hottentotsche kinderen". Dit was 'n klein boekie van 28 bladsye wat 'n mens maklik in die sak kon steek. Op elke bladsy is 'n verskillende naam van Jesus, bv. Christus, Seun van God, Heer, Skepper, Heiland, Liefde, ens. met Skrifverwysings verduidelik. Naas die Skrifgedeeltes is ook 'n geestelike rympie of gesangversie gedruk. Dit het 'n blou omslag met 'n gravure van die gekruisigde Heiland op die voorkant gehad (M.A. III:8a). Om die kinders aan te moedig, is die boekie aan elkeen gegee wat redelik op skool gepresteer het (P.A. Mei 1829:62). In ander gevalle is leerlinge ook met 'n Bybel of Nuwe Testament beloon (P.A. Brief van Hallbeck 19.12.1825:47a). Vir goeie gedrag is klere aan kinders uitgedeel omdat baie van hulle nog met karosse of halfnaak die skool bygewoon het (P.A. Febr. 1830:219).

Toe Teenstra die Genadendalse skool in 1830 besoek het, was die klaskamers met skuinstafels, loodinkpotte, skryfborde, kaarte en tabelle teen die mure ingerig. "Wat my als het ware verraste en in groot verwondering bragt, was het zien van het 1ste, 2de, 3de en 4de spelboekje van onzen Groningerlands-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

chen schoolopziener H. Wester, het welk te Colombo, op Ceilon gedrukt was. Wie zou dit hier hebben durven verwachten op een zoo afgelegen van de wê= reld gescheiden dorpje?" (Teenstra 1943:135-136). 'n Ander leesboek, The Harmony of the four Gospels is ook gebruik (P.A. Nov. 1831:86).

8.3 Engelse onderrig

Tydens waarnemende goewerneur Wade se besoek op 22 Oktober 1833 aan Genaden= dal, is hy diep beïndruk deur die werk wat daar gedoen is. Die feit dat die Engelse taal nog nie in die skool onderrig is nie, was vir hom effens teleurstellend. Kort hierna het die sendelinge pogings aangewend om Eng= els aan die mense te leer.

Elke Sondagmiddag is 'n kerkdiens in Engels gehou en die inwoners is aange= moedig om van die Engelse lektuur in die plaaslike biblioteek gebruik te maak (P.A. Des. 1837:234). Die vrou van dr. E. Lees het later ook met 'n Engelse leesklas begin. Sy het twee keer per week die klas waargeneem. Teen 1838 was daar 130 leerlinge in die meisieskool en 120 in die seunskool en van hulle kon 43 meisies en 40 seuns baie goed Engels lees (Backhouse 1844:97; Nachrichten nr. 1: 1843).

Nadat Lord Charles Somerset se segregasiebeleid in die onderwys bekend ge= word het, is in 1833 'n gebou langsaan die kleuterskool opgerig. Dit was Hallbeck se voorneme om dit as skool vir die kinders van koloniste in te rig. Die plan is om die een of ander rede nooit uitgevoer nie en die gebou is later deur dr. Lees betrek (P.A. September 1822:434).

8.4 Eksamens

Die skoliere is gedurende Oktober, vóór oestyd, geëksamineer. Op diê dag het almal in die kerk byeengekom. Die leraar het 'n kort toespraak gehou en daarna die kinders in die teenwoordigheid van hulle ouers en die sende= linge getoets. Die eksamen van Oktober 1839 het soos volg verloop. 'n Hoofstuk uit die Engelse Nuwe Testament moes deur die leerlinge gelees en in Hollands vertaal word, en omgekeerd. Daarna het die Aardrykskundetoets gevolg. Aan die seuns is vrae oor Palestina gevra terwyl die meisies oor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Afrika getoets is. Ter afwisseling is die seuns ook gevra om Hollandse en Engelse gediggies voor te dra, terwyl die meisies sangstukkies moes lewer. Aan die einde van die eksamen het elkeen 'n Engelse traktaatjie ontvang wat deur die "Religious Tract Society" in Londen aangestuur is (P.A. Maart 1851: 365; Junie 1837:127). 'n Boek, wat 'n Bybel of Nuwe Testament kon wees, is verder by dié geleentheid aan die leerlinge geskenk (P.A. Brief van Hall= beck 19.12.1825:474).

8.5 Kleuterskool

Op 12 September 1831 is 'n kleuterskool in Genadendal geopen. Altesame 114 kinders, ook dié van die sendelinge, tussen 3 en 5 jaar, het die skool byge= woon. Aanvanklik was die kinders bang en het gehuil. Om hulle te troos en stil te kry, het Hallbeck sy sakdoek geneem, vir hom 'n kopdoek gemaak en op sy viool gespeel totdat hulle begin lag het. Op hierdie wyse het hy hulle vertroue gewen (Schmidt 1914:8). Hierdie kleuterskool, wat uitsluit= lik vir kleuterskoolonderwys opgerig is, was die eerste in sy soort in die land (P.A. Junie 1832:158).

Leermiddels soos prente het van Europa gekom en Hallbeck het 'n aantal Ne= derlandse liedere en lesse vir die skool saamgestel. Die leerplan het uit vyf afdelings bestaan, t.w. "Geschiedenis van het Oude Testament", "Leven, Lyden en Sterven van onzen Heere Jezus Christus", "Natuurlyke geschiedenis", sedeleer bekend as "Morgen-les" en sang.

Elke afdeling is in kort lessies in die vorm van rympies aangebied. Dit het nie net die kinders se belangstelling geprikkel nie, maar die opsê hier= van het groot genot aan hulle verskaf. Hier volg 'n voorbeeld van 'n les uit elke afdeling:

Geschiedenis van het Oude Testament
(58 ryme van die skepping tot die laaste profeet)

In het begin schiep God het heir,
Des Hemels, aard, lucht, land en meer.
Den sesden dag was't werk gedaan,
Den zevenden ving Sabbat aan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Leven, Lyden en Sterven van onzen Heere Jezus Christus
(40 ryme)

Vier duizend jaar naar Adams val,
Verscheen als kind, in eenen stal
Te Bethlehem, Gods Zoon en nam
Op zich de schuld van Adams stam.

Natuurlyke Geschiedenis
(63 ryme oor verskillende diere)

De Olifant is groot en vaal,
Zijn vel is dik en ruw en kaal;
Zijn oog is klein, en groot zijn oor,
Zijn tand is wit en geeft ivoor;
Hij is zeer slim, en met den snuit
Trekt hij somtijds de boomen uit.

Morgen-les
(66 reëls)

Als ik van slaap verkwikt ontwaak,
Is't dankgebed mijn eerste zaak;
Ik danke God, wijl Hij mij geeft
Wat lijf of ziel van noode heeft
Ik bid tot God want Hij is goed
Dat voor het kwaad hij mij behoed;
Dan wasch ik mij, en trek mij aan
En maak my klaar naar school te gaan.

Naas hierdie lesse was daar ook die sanglesse waar die kinders liedere, met Jesus as die hooftema, geleer het (M.A. III 8a: Hallbeck: Eenvoudige lessen).

8.6 Opleiding van onderwysers

8.6.1 Private opleiding

Op aanbeveling van die Ouderlingskonferensie dat daar ook van hulp uit die plaaslike gemeente gebruik gemaak moes word, het Hans Peter Hallbeck in 1828

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besluit om twee jong seuns, Ezechiel Pheiffer en Wilhelm Plezier, as onder= wysers op te lei. Ezechiel was 'n weeskind en is deur Hallbeck aangeneem. Voordat Hallbeck met dié private opleiding begin het, is daar reeds van die hulp van leerlinge wat goeie vordering op skool getoon het, gebruik gemaak. So was daar bv. Maria Koopman, die vrou van kaptein Koopman, asook 'n jong mei= sie wat in 1810 in die Sondereinderivier verdrink het wat as skoolhulp ge= bruik is (P.A. Junie 1833:351; Dagboek 1810:225).

Die private opleiding het hoofsaaklik op lees, skrif, rekenkunde en aardryks= kunde gekonsentreer. Om sy twee aspirant-onderwysers 'n beter begrip van die aarde se vorm, samestelling en bewegings te gee, het Hallbeck 'n aardbol uit Engeland bestel (P.A. Mei 1829:61-62; Febr. 1829:25; Mei 1829:69). Enkele maande later skryf hy die volgende verslag: "In the space of 4 months they had acquired the elements of mathematical, physical and political geo= graphy; and could with ease and promptness solve questions in arithmetic, including the four first rules, both simple and compound, reduction and with the rule of three" (P.A. Mei 1829:74). Hierna het hy die eerste ses boeke van Euklides met hulle behandel en spreek hy die vertroue uit om hulle die volgende jaar in die seunskool te gebruik (P.A. Nov. 1829:83).

'n Privaatopgeleide onderwyseres besig met onderrig
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hallbeck was baie trots op Ezechiel Pheiffer. In 'n verslag skryf hy: "Hÿ bewÿst grote getrouheid en stiptheid in zijn nieuw ambt als schoolmeester, en het wordt openbaar, dat hy zich van nieuw aan zyn Heiland heeft overge= geven en Zijn werk met zijn gehele hart doet" (Schmidt 1914:9). Sy eer= ste aanstelling as onderwyser was in die kleinkinderskool wat in 1831 geopen is (P.A. 1832:124). Dit het duidelik geword dat hierdie jong leerkrag on= getwyfeld vir diê beroep in die wieg gelê is. Hy het later self die eksa= minering van die kleinkinderskool waargeneem: "Ezechiel questioned them in a lively manner showing that the service of 30 years in this work has not diminished his interest in it. The results were on the whole cheer= ing" (P.A. Sept. 1860:433; Des. 1862:417).

8.6.2 Formele opleiding

Private opleiding was egter nie die ideaal van die sendelinge nie en dus is daar gestrewe om 'n spesiale inrigting vir diê doel op te rig. Toe Hall= beck op 26 Junie 1837 ná sy besoek aan die buiteland terugkeer, het hy die goeie nuus meegebring dat 'n Duitse vors, Victor von Schönburg-Waldenburg 'n groot som geld bewillig het om 'n opleidingskool vir onderwysers in Ge= nadendal op te rig (P.A. Des. 1837:230-231; Schmidt 1935:7).

Hans Peter Hallbeck
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die huis en tuin van Nathanael en Philippina Karstrivier wat aan die onder= kant van die kerk geleë was, is deur die Sending gekoop. Nadat die sende= ling Teutsch die planne opgestel het, kon die fondamente op 1 November 1837 afgesteek word. Die inwyding het op 12 September 1838 geskied. Dit was 'n belangrike mylpaal in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika en voor= waar 'n onmiskenbare prestasie vir Genadendal. Nêrens in die land het 'n soortgelyke inrigting bestaan nie. In Engeland het normaalskole ook maar eers in daardie tyd ontstaan (inrigtings vir die opleiding van moitors uit= gesluit) (P.A. Junie 1838:327-328; Verslag i.s. Kaapse kleurlingbevolking 1937:353).

Die eerste studente wat in die Nuwehuis, soos die opleidingskool bekend ge= staan het, toegelaat is, was: Alexander Haas, Dawid Lakey, Jozua Pleizier, Johannes Absalom, Michael Baalie, Jacob Haas en Petrus Beukman (almal van Genadendal), Carl Jonas (van Elim), Nikolaas Oppelt en Josef Hardenberg (van Groenekloof) en Wilhelm Klein (van Enon). Hulle was almal nog jong seuns met ouderdomme wat tussen tien en vyftien jaar gewissel het. Ty= dens hulle opleiding, wat van vier tot nege jaar geduur het, is hulle deur die ouers as "afgegevende kinders" aan die sorg van die Sending toevertrou (M.A. III 8a: Register van Kweekskool, Dagboek van Carl Jonas). Ezechiel Pheiffer het saam met Christian Franke as dosent opgetree (Renkewitz s.j.:7).

Die eerste opleidingskool in Suid-Afrika 1838
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die doel van die kursus was eerstens om die studente se eie kennis te ver= breed, tweedens om hulle te leer hoe om hierdie kennis oor te dra, derdens hoe om naas jou verstand ook jou hande te gebruik en vierdens om die stu= dente toe te rus sodat hulle met die geestelike bediening kon help (Renke= witz s.j.:41,61,63,71,77; Verslag insake Kaapse Kleurlingbevolking 1937: 353).

Die skoolrooster het soos volg daar uitgesien:

8.00 vm - 9.00 vm:	Godsdiensonderrig, Engelse leesoefening uit die Bybel, Engelse taalleer, Aardrykskunde.
9.00 vm - 10.00 vm:	Sang, teken, skrif, vertaling van Spangenberg se Exposition of Christian doctrine uit die Engels in Hollands.
10.00 vm - 11.00 vm:	Ou-Testamentiese studies, Bybelgeskiedenis, Re= kenkunde.
11.00 vm - 11.45 vm:	Geskrewe Engelse vertalings, mondelinge werk in Hollands, algemene Geskiedenis.
12.00 vm - 1.30 nm:	Middagete en ontspanning.
Namiddag:	Tuinwerk, handwerk, musieklesse op die viool en klavier.

Op 'n Sondagmiddag is die studente toegelaat om hulle familie en vriende te besoek (P.A. Maart 1845:167-168).

Van elke student is verwag om die reëls streng na te kom (Bylaag nr. 4: Rules of the Training School). Drie van die eerste elf studente is weens ongeoorloofde gedrag uit die opleidingskool geskors, terwyl die res onder= wysbetrekkings op verskillende sendingstasies beklee het (M.A. III 8a: Kweekskoolregister).

8.7 Biblioteek

Reeds vroeg in die 19de eeu het die sendingstasie talle boeke, veral Chris= telike lektuur, van oorsese lande ontvang. Honderde boeke en pamflette is van Holland, Engeland en Duitsland na Genadendal gestuur (P.A. LXVII:257,273; LXXVII:227; Sept. 1822:244; Julie 1825:338). 'n Aanwinsregister is opge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stel.

In 'n brief van 19 Mei 1825 skryf Hallbeck: "I am contriving to fit a room for a library, which I consider a necessary appendage to our school and church here at Genadendal. I know it would be a gratification to many a traveller, and make no doubt but that we should obtain contributions in books, etcetera towards it. If you therefore, or any of your friends, could spare us any old or new books fit for a library, I should feel much obliged to you" (P.A. Okt. 1825:384). Kort hierna is 'n kamer vir dié doel ingerig.

Die boekevoorraad is aanvanklik in drie hoofgroepe verdeel, naamlik 'n Duit= se, Engelse, en Hollandse seksie. Die meeste boeke het uit die 18de en vroeë 19de eeu gedateer. 'n Duitse Bybel, gedruk in 1629, was die oudste boek in die versameling (M.A. III 8a: Ou Boekregister van die Genadendal= se biblioteek, Junie 1824). Met die loop van tyd is daar meer onderafde= lings in die stelsel gemaak en elke boek is in die binnekant en op die rug volgens sy katalogusnommer gemerk. Die katalogiseringstelsel was soos volg:

Ia "Erbauliches" (Opbouende/Stigtelike literatuur)
Ib "Unterhaltungsschriften" (Ligte leesstof)
II Teologie
III Reisbeskrywings en Geografie
IV Ander wetenskaplike werke
V Biografie en Geskiedenis
VI Maandblaaie
VII Woordeboeke

Behalwe die verskeidenheid boeke, tydskrifte en nuusblaaie, was daar ook aardbolle, landkaarte en 'n pragtige, groot olieverfskildery van Latrobe wat die lokaal opgehelder het. Hierdie portret is in 1828 deur ene John Tate aan die Genadendalse biblioteek geskenk. Met die aankoms van die skildery was daar groot opgewondenheid onder die inwoners van Genadendal. Hierdie lewensgroot skildery het soete herinneringe aan hulle beminde leraar gewek (P.A. Mei 1829:72).

In 1832 berig The Cape of Good Hope Literary Gazette: "It was the best coun=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

try library, perhaps, that may be in the colony" (No.4 Vol.II 1832).

Die biblioteek was nie net 'n leeslokaal nie, maar het ook uitleenfasili= teite gehad. Die meeste inwoners was geletterd en leesgierig. "Our len= ding library is in a brisk circulation, so that we have not one volume on hand, for as soon as one is brought in, it is immediately issued to fresh applicants" (P.A. Des. 1838:438). Menige besoeker het sy verbasing uitge= spreek om so 'n goed toegeruste biblioteek in Genadendal teë te kom - 'n plek waar hulle dit die minste verwag het (P.A. Sept. 1835:340; The Cape of Good Hope Literary Gazette Vol. 1 1830:12).



'n Blad uit die biblioteekregister
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9. GEBRUIKE RONDOM DIE KERK

Behalwe hulle eie bygelowe het die inwoners ook allerlei bygelowe van die slawe geërf. Drome en toordery het 'n belangrike deel van hulle volksge= lowe uitgemaak (Krüger 1966:54,109). Die sendelinge het dus geen maklike taak gehad om die inwoners in die Christelike godsdiens te onderrig nie. Die boek Idea fidei fratrum van G. Spangenberg, waarin die Christelike ge= loof op 'n baie eenvoudige wyse verduidelik word, is in die onderrigklasse gebruik (Krüger 1966:48).

Die gemeente is volgens hulle geestelike vordering (of oortredings) in ver= skillende groepe verdeel, nl. ongedooptes, kandidate vir die doop, dopelinge, dopelinge onder kerktug, waarnemers vir die Nagmaal en Nagmaalgangers (Spang= enberg 1790:106). Om die geestelike toestand van die inwoners te peil, is individuele gesprekke met hulle gevoer. Sekere dae is aangewys om met die verskillende groepe te gesels. Op hierdie wyse het die leraars hulle ge= meentelede persoonlik leer ken en het geweet waar die probleme is en hoe om daarmee te handel. Hierdie gebruik het later as die "spreek" bekend ge= staan (P.A. LXIV:248; LXXXII:15; April 1821:18; Julie 1825:340; Aug. 1827:227; Aug. 1831:12).

Verder is die gemeente ook volgens geslag, ouderdom en huwelikstaat inge= deel. Hierdie groepe het as "kore" bekend gestaan, bv. kinders, jongmense, ongetroude mans, ongetroude vroue, getroudes, moeders, weduwees. Ook vir hierdie groepe is afsonderlike gesprekksklasse gereël (Spangenberg 1790:108).

Teen 1836 was die dorp heelwat uitgebrei sodat dit in sewe wyke verdeel is. Elke sendeling (daar was sewe sendelinge op daardie tydstip in Genadendal woonagtig) het 'n wyk gekry om gereeld huisbesoek te doen (P.A. Des. 1836: 41,42).

Elke Sondag, asook gedurende die week, is dienste gehou wat gereeld besoek is. Een keer per maand is 'n "bededag" gereël wanneer algemene gemeente= sake bespreek kon word, daar soms gedoop is en afgedwaalde gemeentelede die kans kon kry om 'n openbare belydenis te maak om weer toelating te verkry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aan die einde van die vergadering het almal op die knieë gegaan en in gebed verenig (Spangenberg 1790:107-108).

Wanneer iemand tot bekering gekom het, is hy/sy aangemoedig om in die open= baar van sy/haar geloof te getuig. Baie van hierdie getuienisse is noukeu= rig en woordeliks in die dagboeke opgeteken en oorsee gestuur waar dit in die tydskrifte, Periodical Accounts relating to the Missions of the Church of the United Brethren en Berichten van de Zendingen der Evangelische Broe= dergemeente onder de Heidenen gepubliseer is (M.A. Periodical Accounts se= dert 1792; Berichten sedert 1798).

Baie inwoners het hulle private gebedstye ernstig opgeneem en het verkies= lik in die laatnag, wanneer daar minder steurnisse was, alleen in die veld gaan bid (P.A. 1811:272). Tydens die ligte aardskudding van 1809 het een van die gemeentelede die volgende dag aan die sendelinge vertel dat sy ge= dink het dat dit die wederkoms van die Here Jesus Christus was en dat sy met groot verwagting na die hemel gestaar het om die Seun van God te sien (P.A. Dagboek 1809:94).

In 1810 is 250 Hollandse Nuwe Testamente van die Britse Bybelgenootskap ont= vang wat die sendelinge onder die inwoners moes uitdeel (P.A. 1810:145). Hierop was die inwoners baie trots en het hulle testamente oral saam met hulle, selfs wanneer hulle vuurmaakhout in die veld gaan haal het, geneem (P.A. Dagboek 1810:148).

9.1 Lewensvorme

9.1.1 Doop

Met die voortsetting van die sendingwerk teen die einde van die 18de eeu, het die doop in 'n rivier nie weer voorgekom nie. Dit het 'n besondere vorm aangeneem en op 'n plegtige wyse in die kerk plaasgevind. Die doop= diens is gewoonlik op 'n Sondag gehou. Voordat iemand vir die doop in aanmerking gekom het, het die sendelinge "een naauwkeurige onderzoek ge= doen naar't gedrag der genen, en spreeken ook zelfs nog afzonderlyk, met een ieder van hun, eer zy gedoopt worden" (Spangenberg 1790:92).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die eerste doop het op 19 Julie 1793 plaasgevind. Die kandidaat was Hanna Mauritz, 'n dogter van Jonas ('n dopeling van Schmidt). Sy was die eerste inwoner wat van haar halsnoere, armkettings en ringe ontslae geraak en 'n besluit geneem het om haar lewe vir die Here te gee. Die dag toe sy ge= doop is, was daar so baie mense dat die doopplegtigheid in die opelug moes plaasvind. Die koloniste van die kontrei, Theunissen en Plezier het ook die doopdiens bygewoon.

Hanna was netjies in wit geklee en het die nuwe naam Anna Maria, dié van haar peetma, mev. Theunissen, ontvang (Geschiedverhaal 1893:19; Krüger 1966: 58). Aan die einde van die jaar was reeds sewe lidmate gedoop (Geschied= verhaal 1893:21). Vir die dopeling was dit 'n besondere genade en eer wat hulle te beurt geval het en baie het openlik daarvan getuig. Op 'n vraag waarom hy gedoop is, het een van die inwoners geantwoord: "Ek is gedoop omdat ek deur Jesus se kruisdood vergifnis van my sonde ontvang het" (P.A. Dagboek 1809:4-5). 'n Ander inwoner het weer haar werkgeefster geantwoord dat haar doop nie net maar 'n blote kerkgebruik was nie, maar dat sy eers tot bekering moes kom en daarna ernstig tot die Here moes bid om gedoop te kon word (P.A. Dagboek 1809:6).



Die silwerdoopbeker en -doopskottel (Genadendal-Museum)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Spesiale doopregister is gehou waarin die persoon se vorige naam, doop= name, plek en datum van doop asook die naam van die leraar wat die doop waar= geneem het, opgeteken is (M.A.:Doopregisters, sien Bylaag, nr. 6).

In 1806 het die landdros van Stellenbosch, R.J. van der Riet, 'n silwer= doopbeker wat aan die binnekant verguld was, aan die gemeente in Baviaans= kloof geskenk. 'n Paar jaar later, in 1814, het dr. Hassner van Caledon 'n silwerdoopskottel met die gravering op die rant: "Gaat dan henen onder= wÿst alle de volkeren, dezelve dopende in den naam des Vaders en des Zoons en des Heiligen Geestes" aan die gemeente geskenk (Genadendal-Museum).

In die geval van siekte, kon nooddoop in die woonhuis van die betrokke lid of selfs op sy sterfbed plaasvind (P.A. Dagboek 1812:313-352).


1793.

Datum des Jahr | Taufnahm. | Vorige nahmen. | Veränderung der sie Getauft

Julij d. 19 — Anna Maria. — Maria Maurit. * — Marschp.

August d. 13. — Eva. — Mittke Wittbog. — Marschp.

August d. 13. — Sabra. — Fransina Pfeiffer, Pfingstgang d. 19. aug. 1795. begraben d. 20. aug. † — Schwin

August 13. — Martha. — Maria Spikkar. — Kühnel

Aug. d. 28. — Elisabeth. — Sabra pente wachter. † Pfingst d. 24. Juni 1799. — Schwin

Sept. 13. — Rahel. — Sanna Grondbitt — Kühnel

Eerste blad van die doopregister
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.1.2 Huwelik

Waar 'n gemeentelid vóoř sy/haar bekering of doop reeds in die huwelik ge= tree het en dit goed gevind het om met die ongedoopte huweliksmaat te lewe, het die sendelinge dit so aanvaar. Die sendelinge het egter net gedooptes in die huwelik bevestig (Spangenberg 1790:120-121).

Wanneer 'n man wou trou, het hy na die sendelinge gegaan en sy voorneme be= kend gemaak. 'n Datum is bepaal vir die paartjie om saam voor die sende= linge te verskyn. Die Bybelse voorskrifte ten opsigte van die huwelik is aan hulle voorgelees en verduidelik (Latrobe 1816:108-109). Die voorge= nome huwelik is dan drie Sondae voor die huweliksdag aan die gemeente be= kend gemaak sodat die paartjie in gebede gehou kon word. Hulle name is aan die Huwelikshof te Caledon voorgelê wat dan die sendelinge in kennis gestel het of die paartjie in die huwelik bevestig kon word al dan nie (M.A. III 6b: Matrimonial Court, Caledon 1820-1839). Die troue moes voor getuies geskied. Sou die paartjie die huweliksdag uitstel, kon dit nie later as drie maande vanaf die datum van die laaste afkondiging ge= skied nie (M.A. I 4e: Trouwet, 1838).

Oor die huwelikseremonie word nêrens iets melding gemaak nie en dus word af= gelei dat dit op 'n baie eenvoudige en stigtelike manier plaasgevind het. Die sendelinge was boonop gekant teen partytjies waar gedrink en gedans is (Krüger 1966:59).

9.1.3 Begrafnis

Indien iemand gesterwe het, is die lyk nooit langer as 'n dag gehou nie (M.A. Doderegisters). Die doodstyding het vinnig deur die dorp versprei en 'n waakdiens is dieselfde aand gereël. By hierdie geleentheid is 'n aantal gesange tot laat in die nag by die afgestorwene se woonhuis gesing. Op hierdie wyse het die gemeentelede die familie vertroos met liedere wat die boodskap gedra het dat die ontslapene veilig by die Here was (P.A. LXXV:171).

Wanneer 'n sendeling gesterwe het, is die gemeente in groepe toegelaat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om hulle laaste eer in die woonhuis van die ontslapene te betoon. Die groepe het mekaar afgewissel deur rondom die lyk te vergader waar gesange gesing is, "descriptive of the happiness of those who are with the Lord forever". Dit was 'n hartroerende toneel wat ander halfuur lank geduur het (History of civilization 1832:267; P.A. Dagboek 1811:235).

Die dag van die begrafnis het die gemeente onder die eike op die kerkplein byeengekom waar 'n paar gesange gesing is (Latrobe 1818:319). Die lyk is dan om 2.30 nm ingedra sodat die diens met die Here Jesus se sterwensuur op Goeie Vrydag kon saamval. Terwyl die lyk, wat netjies in velle toegedraai en met rieme vasgebind is (in die geval van sommige gemeentelede) voor die preekstoel geplaas is, het 'n kort diens gevolg. By hierdie geleentheid is soms ook die lewensberig van die oorledene gelees. Hierdie voorlesing moes gewoonlik die Christelike ondervindings van die ontslapene uitbeeld.

Hierna het die gemeente 'n halfsirkel voor die kerk gevorm en 'n gesang gesing. Die lyk is op 'n baar geplaas en met 'n wit doek bedek. Ses mans, geklee in wit broeke en wit baadjies, het die baar gedra. Die leraar het voor die baar geloop en die gemeente het in pare agter die lyk gevolg. Indien 'n man gesterwe het, het die mans voor die vroue gestap, en omgekeerd. By die godsakker, soos die kerkhof bekend was, is die baar langs die gat geplaas terwyl die begrafnisgangers hulle ordelik rondom geskaar het. Die grafliturgie is gelees. Twee mans het in die gat geklim en die lyk in 'n holte in die wand van die gat geplaas. Die holte is met bossies en klippe toegemaak en die gat met grond gevul. Hierdie holte, so het het inwoners geglo, het die lyk teen wildediere beskut, aangesien die gat maar vier voet diep was (Backhouse 1844:599; Latrobe 1818:92-93).

9.2 Kerkfeeste

Die godsdienstige gebruike van die Morawiese Kerk word deur 'n hele aantal kerkfeeste gekenmerk. Die meeste van die feeste het 'n baie lang geskiedenis en is sedert die ontstaan van die kerk in die vroeë agtiende eeu in Herrnhut, Duitsland, waargeneem. Met die koms van die sendelinge na Suid-Afrika is hierdie feeste ook op sendingstasies oorgedra waar dit deur die jare effens verander en aangepas is. Behalwe Kersfees, Oujaarsnag,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nuwejaar en Paasfees is daar ook feeste soos Epifanië, Fees van die 13de Au= gustus, Kinderfees, Egledefees, Georg Schmidt-fees, Fees van die Heilige Eng= ele, Hervormingsfees, Fees van die 13de November, Verootmoedigingsdag en Do= desondag wat eie aan die kerk is (Godsdiens s.j.).

In Genadendal het die volgende feeste in die vroeë 19de eeu voorgekom:

9.2.1 Algemene Kerkfeeste

(a) Kersnag en Kersfees

Die eerste Morawiese Kersnagdiens is in die jaar 1747 in Marienborn, Duits= land, gevier. Elke kind het by hierdie geleentheid 'n kersie ontvang wat met goue papier versier is (Godsdiens s.j.:11). Die eerste Kersfees op Genadendal was 'n eenvoudige, maar hartroerende gebeurtenis. Dit was die dag toe Hanna, die dogter van een van Schmidt se dopelinge, vir die sende= linge wat so pas in Baviaanskloof aangekom het, uit Mattheüs 2 gelees het (Krüger 1966:52). Soos met Nuwejaarsfees, het baie mense die sendingsta= sie tydens Kersfees besoek om die kerkdienste by te woon (Krüger 1966:79).

(b) Oujaarsnag en Nuwejaarsfees

Talle gaste, wat koloniste en slawe ingesluit het, het op hierdie feesdae Genadendal besoek. Hulle het alreeds vroegoggend op 31 Desember met hulle waens en karre in Genadendal opgedaag en op die kerkplein uitgespan. In 1810 was daar 36 waens van Kaapstad, Stellenbosch en Swellendam (P.A. Dag= boek 1810:225). In 1813 het 52 waens en perdekarre hulle opwagting gemaak. Hierbenewens was daar ook tientalle voetgangers en perderuiters wat hulle by die feesverrigtinge aangesluit het. Altesaam 300 gaste het daardie jaar dienste bygewoon (P.A. LXXI:47).

Die diensorde wat reeds in 1733 in Duitsland gevolg is, is ook op die sen= dingstasies in Suid-Afrika toegepas. Op Oujaarsnag het die gemeente om 11.30 nm in die kerk byeengekom. Die "gedenkwaardighede" vir die betrok= ke jaar is deur die leraar gelees - dit was nuusgebeure van die jaar wat ten einde geloop het. Ook die gemeentestatistieke is voorgelees sodat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groei of agteruitgang van die gemeente aan die toehoorders bekend gemaak kon word. Hierdie aankondigings is deur sang afgewissel totdat die klok om 12-uur gelui is. Hierna het die orrel en basuinorkes die gemeentesang van "Dank God, dankt almal God" begelei. Die gemeente het gekniel terwyl die leraar met gebed voorgegaan het. Die diens is met die lees van die dag=woorde uit die Morawiese teksboek afgesluit (Campbell 1815:28 & 29; Gods=diens s.j.:12). Op Nuwejaarsmôre het die diens om 10.00 vm begin en by hierdie geleentheid is daar ook gedoop (Latrobe 1816:45).

(c) Die Lydensweek

Hierdie week het gewoonlik die Saterdag voor Palmsondag (Sondag voor Paas=fees) met 'n diens bekend as Betanie-uur begin. Op Palmsondag was dit ge=bruik om 'n vierstemmige koorstuk bekend as "Hosanna" te sing. Dié lied het gewoonlik die harte van die mense geroer en baie het openlik gehuil (P. A. Dagboek 1809:7). Gedurende die week is die Bybelse geskiedenis wat handel oor die lyding van die Here Jesus Christus gelees. Donderdag voor Paasfees, bekend as Wittedonderdag, is Nagmaal gevier, gevolg deur Goeie Vrydag wanneer daar 'n oggend- en middagdiens gehou is. Op Stille Sabbat (die Saterdag voor Paasfees) het die gemeentelede na die begraafplaas gegaan om die grafte met blomme te versier. Hierna het Paasfees met sy bekende vroeë oggenddiens in die begraafplaas gevolg. Die Paasoggenddiens is se=dert 1732 deur die Morawiese Kerk gevier toe 'n groep jongmense van Herrn=hut besluit het om soos die dissipels van ouds die begraafplaas te besoek (Godsdiens s.j.:18; Spangenberg 1790:105).

Vroeg die oggend, ongeveer 'n halfuur voor sonop, het die gemeente in stil=te voor die kerk vergader. Dan het die stem van die leraar die oggendstil=te verbreek met die woorde: "Die Here het opgestaan!" 'n Gesang is ge=sing en die opmars na die godsakker onder begeleiding van die basuinorkes het begin. Op die akker het die gemeente vergader om aan die Paaslitanie deel te neem (Godsdiens s.j.:16-18; P.A. LXXXV:141). Die eerste Paasog=genddiens in Genadendal is in 1796 gehou. Daar was toe nog net een ge=meentelid begrawe (Geschiedverhaal 1893:28; P.A. Dagboek 1809:8).

Andrew Steedman wat Genadendal in 1835 besoek het, geen die volgende beskry=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wing van Paasoggenddiens: "On the morning of Easter-day, the Hottentot congregation, with many strangers, both native and European, has assembled in the burial ground, by the early hour at which Mary, on the first day of the week, went to the sepulchre. About a thousand persons, old and young, were present at the reading of the Litany at their ancient church specially appointed for that purpose, in the open air. All was hushed to silence un= der the cool grey morning sky, from which the stars were retiring one by one, and the moon grew paler in the west, the dew lay thick upon the ground, where the graves were arranged in the goodly rows, and one small flat stone on the head of each, bearing the name and date of the poor inhabitant below, while the space yet unoccupied presented to the eyes of many there standing the very spot where each should lie down among the clods of the valley - the very spot from which each should come forth at the shout of the archangel and the trump of God. Here amidst the congregation of the living, and in the pres= ence of that of the dead, the single voice of the minister was heard, relie= ved only from pause to pause by the responses of the people, at first low and indistinct, but gradually rising in tone fervour as the dawn brightened above them.

"In the midst of the sevice while the words of the Redeemer were yet soun= ding in the ears of the people as though they heard them from his own lips just breaking through the silence of the tomb, 'I am the resurrection and the life, he that believeth in me though he were dead yet shall he live', the sun sprang above the horizon, opening the whole temple of the universe, and pouring at once his radiance upon the breadth of the mountains, into the bosom of the valley, upon the countenances of the living, along the graves of the dead. At the sight of that daily emblem of the Sun of Righteousness arising on the nations with healing in his beams, the glad multitude lifted up their voices praising God, and singing triumph of Him, who on the morn of his own resurrection ascended up on high, led captivity captive, and re= ceived gifts for men, yea, for the rebellious also, that the Lord God might dwell among them. This hath Christianity done for an African valley, and this will it do for the rest of the dark places on the earth which are yet full of the habitations of cruelty and wickedness" (Steedman 1835:80-82).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(d) Nagmaal

Voordat 'n dopeling tot die Nagmaal toegelaat is, moes hy/sy eers die Nag= maal as waarnemer bywoon (Spangenberg 1790:96). Die Nagmaal is gewoonlik ses maal per jaar gevier: in Februarie, op Goeie Vrydag, tydens Pinkster= fees, tydens die Fees van die 13de Augustus, in Oktober en gedurende die Adventstyd. Almal wat aan die Nagmaal wou deelneem, moes hulle vóór die tyd by die leraar se kantoor aanmeld. 'n Persoonlike onderhoud is dan met die gemeentelede gevoer en indien bevind is dat iemand een of ander oortre= ding begaan het, soos byvoorbeeld kwaaivriendskap met sy naaste, is hy/sy nie tot die Nagmaal toegelaat nie (Brenton 1846:515; Spangenberg 1790:95).

Tydens die Nagmaalsdiens was die vroue almal in wit geklee (Champion 1968: 18). Die predikantsvrou het met die Nagmaalsbediening gehelp en was met 'n wit kopdoek, bekend as die "haube", en 'n tjalie wat oor die skouers ge= hang het, geklee. Op die preektafel is 'n rooi-en-wit doek gegooi wat die "ewigheid" en die "bloed van Christus" gesimboliseer het (Godsdiens s.j.: 5,28).

Ná die openingsgesang het almal op die knieë gegaan om te bid. Diegene wat langs mekaar was, het hande geskud. Die leraars en hulle vroue breek dan die brood en gaan van bank tot bank om dit aan die gemeente uit te deel ter= wyl 'n aantal gesange gesing word. Nog steeds in die knielende posisie is die Beker ook van hand tot hand aangegee. Daarna het almal opgestaan, weer die hand aan mekaar gereik en so is die diens afgesluit (Godsdiens s.j.:27-29).

9.2.2 Besondere Kerkfeeste

(a) Die fees van Epifanië

Dit is 'n gewone kerkdiens wat elke jaar op die eerste Sondag ná die 6de Januarie gehou word. Volgens oorlewering was dit die dag toe die Wyse Manne uit die Ooste die Jesus-kind in Betlehem gevind en aanbid het. In Genadendal het hierdie fees saamgeval met die dag toe die 1800-kerkgebou ingewy is (P.A. LXXXIII:48; P.A. Brief van Kuester 7.1.1814:83).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) Die Liefdemaal

Dit is 'n stigtelike onthaal waar gemeentelede "met elkanderen eenige spyze en drank tot zich neemen". By hierdie geleentheid is ook lof- en danklie= dere tot eer van die Here gesing omdat God 'n spesifieke weldaad aan die ge= meente gedoen het (Spangenberg 1790:103). Omdat so baie seëninge die ge= meente te beurt geval het, is die Liefdemaal nie tot 'n spesifieke datum be= perk nie, maar kon enige tyd van die jaar deur of die volle gemeente òf 'n groep/"koor" in die gemeente gevier word. So byvoorbeeld is Kinderfees en die Fees van die 13de Augustus met 'n Liefdemaal gevier. Die Liefdemaal het gewoonlik ook die Heilige Nagmaal voorafgegaan en die gemeente sodoende gereed gekry om waardige deelnemers aan die sakrament te wees (Church book 1892:137).

(c) Die Fees van 13de Augustus

Op die 13de Augustus 1727 het die gemeente in Herrnhut 'n besondere geeste= like herlewing ondervind. Volgens die kerkgeskiedenis het die Heilige Gees op hulle neergedaal en is hulle as een familie nader aan mekaar getrek. Hier= die gebeurtenis is elke jaar in Herrnhut herdenk. In Suid-Afrika is dit vir die eerste keer op 13 Augustus 1797 gevier. Op hierdie dag het die gemeente= lede opnuut hulle liefde teenoor mekaar bevestig. 'n Liefdemaal is gevier waar elkeen 'n mosbolletjie en 'n koppie tee ontvang het. Ná die gesellig= heid het die Heilige Nagmaal plaasgevind (Greenfield 1977:9-94). Hierdie fees word as die belangrikste fees van die Morawiese Kerk beskou (Godsdiens s.j.: 25).

(d) Kinderfees

In die jaar 1727, so word vertel, was die neerdaling van die Heilige Gees nie net tot die volwassenes in Herrnhut beperk nie. 'n Jong dogtertjie genaamd Susanna Kühnel was die eerste kind wat in dié tyd haar hart aan die Here gegee het. Talle ander kinders het daarna dieselfde besluit ge= neem. In Genadendal is hierdie dogtertjie as kerkheldin uitgebeeld en elke jaar rondom die 17de Augustus is die verhaal aan die kinders vertel. By hierdie geleentheid is die kinders ook gevra of hulle nie hulle harte aan die Here wou gee nie (P.A. Dagboek 1811:273).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(a) Hoeksteenlegging

Hierdie feeste is gewoonlik by die oprigting van kerke en skole gevier. Nadat die betrokke gebou se fondament gelê is en voordat verdere bouwerk aangepak is, het die gemeente by die bouperseel versamel waar die hoeksteen op 'n plegtige wyse gelê is. Met die hoeksteenlegging van die eerste woonhuis van die sen= delinge is daar gebid en die Dagwoord: "De Heere, uw God, heeft u den vloek in eenen zegen veranderd, omdat de Heere, uw God, u liefhad", gelees (Geschied= verhaal 1893:13). By die hoeksteenlegging van die eerste kerkgebou is eers gesing en nâ 'n kort toespraak het die hele gemeente op hulle knieë gegaan. Nâ die gebed is die Dagwoord: 1 Sam. 2:30, gelees (Geschiedverhaal 1893:27).

Tydens die hoeksteenlegging van die eerste skoolgebou (1814) is 'n naamlys van die sendelinge, die 243 skoolkinders en diegene wat bygedra het tot die oprigting van die gebou, 'n kategismus en 'n ABC-boek in 'n houtkisse ge= plaas en in die hoeksteen gemessel. Hierna het die predikant op die hoek= steen gekniel en die seën van die Here op die werk gevra (Schmidt 1914:5-8). By die Opleidingskool (1837) is die boumeesters (Beukman en Baalie) gevra om 'n loodkissie met die name van die leraars en studente in die hoeksteen te messel. Die sendeling, Teutsch, het daarna drie keer met 'n hamer op die steen geslaan terwyl hy die woorde geuiter het: "In die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees". Hierna het hy op die steen gekniel en die seën van die Here gevra (P.A. Junie 1838:327-328).

(f) Inwydingsfees

Nâ die voltooiing van die kerk- of skoolgebou, het die inwydingsfees plaas= gevind. Dit het die vorm van 'n spesiale dankdiens aangeneem.

Na die opening van die eerste kerkgebou is die eerste kerkdienaars, Jakob en Martha, aangestel. In die agtermiddag is 'n Liefdemaal gehou en in die aand die Nagmaal gevier (Geschiedverhaal 1893:28). Voordat die 1800-kerk ingewy is, het die gemeente eers in die ou kerk byeengekom om die Here te dank. By hierdie geleentheid is ses vroue en een man gedoop en die dag is met "een dankgebed besloten" (Geschiedverhaal 1893:34).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook by die opening van die nuwe skoolgebou het die kinders eers in die kerk byeengekom waar hulle voorheen onderrig ontvang het. Daarna het hulle al singende, "De Here zegen u, zijn trouw behoed" by die nuwe skoolgebou in= gegaan waar 'n openingsrede deur een van die sendelinge gehou is. Op hier= die dag het baie trane van blydskap en dankbaarheid gevloei (Schmidt 1914: 7). Die opening van die Opleidingskool het ook met 'n Liefdemaal gepaard gegaan. Die privaatopgeleide onderwyser Ezechiel Pheiffer is dieselfde dag as hulpleraar ingeseën (M.A. III 8a: Outobiografie van Carl Jones, 1824-1905).

(g) Gedenkdae

Sekere historiese gebeure, soos die stigtingsdatum van die moederkerk in Duitsland (1 Maart 1457), die oprigting van kerkgeboue of die aankoms van sendelinge in die land was belangrike gedenkdae op Genadendal (P.A. Jan. 1837:122; Sept. 1836:513). Wanneer 'n sendeling verjaar het, het die inwoners in die vroeë oggendure voor die betrokkene se deur gaan sing.

Toe Latrobe verjaar het, is sy stoel by die etenstafel met lounier- en akkerblare opgetooi. Op die tafel is vyf blommerangskikkings geplaas (Latrobe 1818:101). Die sendelinge het 'n spesiale register gehou waar= in verjaardae van die sendelinge en hulle gesinne opgeteken is (M.A.: Ver= jaardagregister).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

10. BEDRYWE, AMBAGTE EN BEROEPE

Om te voorkom dat die inwoners op die sendingstasie vir lang tye (weke of selfs maande) wegtrek om elders hulle daaglikse brood te gaan verdien, is besluit om op plaaslike vlak werksgeleenthede te verskaf. Daar was veral twee teëwerkende faktore waarmee die sendelinge rekening moes hou, naamlik die neiging van die boere om nie hulle werksmense toe te laat om hulle per= manent op die sendingstasie te vestig nie en die Kaapse Owerheid wat gedu= rig die mans en groter seuns vir militêre diens opgeroep het. Die sende= linge het alles in hulle vermoë gedoen om die sendingstasie 'n selfonder= houdende bestaansreg te gee. Bedrywe en ambagte is so ver as moontlik uitgebrei en ontwikkel sodat nie net die inwoners daarby gebaat het nie, maar ook baie koloniste.

Die plaaslike bedrywe en ambagte het veral in die tyd van Hans Peter Hall= beck (1817-1840) gefloreer. Sy beleid was, hoe meer werksgeleenthede daar was, hoe meer toehoorders in die kerk en kinders in die skool (Schmidt 1914: 10). Sommige van sy medesendelinge was die mening toegedaan dat hy te veel klem op die uiterlike ontwikkeling van Genadendal geplaas het (Krüger 1966:181). Kerkdienste wat gewoonlik in die middag plaasgevind het, is na die aand verskuif sodat meer tyd aan die tuisnywerhede bestee kon word (Krüger 1966:143).

Die werksdag het elke oggend om 5.30 begin. Die klok het nege keer per dag gelui om die aanvangs- en rustye aan te kondig (Latrobe 1818:65). Meer as die helfde van die inwoners het in hierdie tyd 'n bestaan as klere= makers, skoenmakers, messelaars, skrynwerkers, mesmakers, smede, leerlooi= ers, ens., gevoer (Krüger 1966:181).

10.1 Die mesmakery

Dit was die eerste en belangrikste bedryf van die sendingstasie. In Maart 1797 is bouwerk aan 'n smidswinkel in Genadendal voltooi. Die sendeling Christian Kühnel wat sy opleiding aan die beroemde messefabriek van die Neissers in Holland ontvang het, het met vier vakleerlinge begin (Krüger 1966:48). Die werkskamer was met 'n blaasbalk, aambeelde, hamers, vyle,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

slypstene en 'n poleerwiel ingerig (Latrobe 1818:281). 'n Verskeidenheid messe is vervaardig, maar die gewildste was die wingerdsnoeimes. Dit het 'n vlymskerp, boogvormige staallem van omtrent tien sentimeters gehad. Die handelsmerk, 'n klein messimbool, is met 'n pons op die lem ingeslaan. Van die nek, wat met 'n stewige noodring versterk is, het 'n staalpen deur die volle langte (11cm) van die hef geloop. Aan die agterkant van die hef is die punt van die pen oor 'n plat ronde waster omgeklink (Voorbeelde van messe in die Genadendal-Museum). Hierdie mes sou later in die volksmond as herneuter bekend staan. Die Kaapste nuusblad The Cape Town Gazette and African Advertiser het gereeld advertensies soos hieronder geplaas:

> *"Cutlery: All sorts of knives, Pen knives, Gardener's knives, Boschlemmer, Cabbage knives, etcetera, the work= manship of the Moravian Brethren in Baviaanskloof are to be sold at no. 31, Long Market Street"* (Vol. 1, nrs. 20,29).

Die nuus van die Baviaanskloofse mesmakery het soos 'n veldbrand deur die hele Kolonie versprei. Belangstelling en aanvraag het nie net van die gewone burgers gekom nie, maar het ook die nuuskeirigheid van die owerheid aan die Kaap geprikkel. Tydens 'n besoek van Lady Ann Barnard aan Bavi= aanskloof, is sy na die werkskamer genooi om met drie flink mesmakers ken= nis te maak. Een van hulle was 'n vyftienjarige seun wat volgens sy leer= meester binnekort self al die fynere kunsies sonder verdere leiding sou kon baasraak. Voordat sy vertrek het, het sy 'n aantal messe gekoop om as aan= denking saam te neem (Barnard 1908:189).



Herneuters (Genadendal-Museum)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aan die begin het die ambagslui dagloon ontvang, maar later is hulle per mes betaal wat teen drie gulden per paar verkoop is. Hierdie messe was gewoon= lik drie tot vier keer duurder as dieselfde tipe mes wat in Europa verkoop is. 'n Mens kan dit wel verstaan, omdat die staal nie plaaslik verkrygbaar was nie maar net die hout vir die hef (Bouchenroeder 1806:96).

In 1805 het die messe 'n jaarlikse inkomste van 300 tot 400 riksdaalders op= gelewer (Raum 1953:60). Dit was ook in diê tyd dat sommige koloniste open= lik in opstand teen die sendingwerk gekom het. Baie van hulle arbeiders het na die sendingstasie getrek. Hieroor was hulle nie tevrede nie met die gevolg dat 'n kommando van Strandveldse boere teen die sendingpos opgeruk het om die sendingwerk met geweld te beëindig (Holmes 1818:382-74). Hulle was bewus dat die messefabriek 'n vername bron van inkomste vir die sending= stasie was en het besluit om nie weer van die messe te koop nie. Hierdie boikotpoging het egter nie geslaag nie omdat die Genadendalse mes teen daar= die tyd reeds te belangrik en onontbeerlik in die daaglikse lewe van die ko= loniste was. Met die mes kon 'n mens bome snoei, velskoenleer en rieme sny en selfs tabak kerf. Vir bruikbaarheid en duursaamheid het dit geen gelyke gehad nie en daarom was dit inderdaad 'n groot vetstertskaap as ruilmiddel werd (Latrobe 1818:138). Later het die boere Genadendal maar weer besoek om hulle messe te laat slyp en om nuwes aan te koop (Krüger 1966:79).

In 1811 is 'n afsonderlike gebou vir die grofsmid opgerig en die mesmakers kon toe op hulle eie spesialiseer. Nâ die skielike dood van Kühnel op 20 April 1813 is die mesmakery onder toesig van John Beinbrecht geplaas (Krüger 1966:122). Tydens die besoek van Christiaan Latrobe in 1816 is hy diep be= indruk deur die messmede. In daardie stadium het die werkslui tot veertien in getal toegeneem. In sy joernaal skryf hy: "Their busy hammers, files and polishing-wheel made me often fancy myself living in London Street and forget, that I was in a part of Africa, but lately a horrid and lonely de= sert" (Latrobe 1818:281).

Toe Teenstra Genadendal in 1830 besoek het, is 'n verskeidenheid messe ver= vaardig, te wete pennemessies, vrugtemessies, snoeimesse, broodmesse en tafelmesse. Meer as 'n honderd messe per week is soms vervaardig en die mesmakers het moeilik voorgebly om in die groot vraag te voorsien (Teenstra: 1943:137).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die voorspoed was egter van korte duur. In 1832 berig die The Cape of Good Hope Literary Gazette: "Our Sheffield people ruined this trade. They in= troduced hundreds of dozens of their own manufacotry to the Cape Market. These were of course a much cheaper and at the same time a very inferior ar= ticle, but having the Genadendal mark on the blade, and being advertised as Herrnnuters' knives, the farmers bought, and were taken in! And the great evil of all this base competition was, that Genadendal lost its fame in the annals of cutlery" (No. 4, Vol. II, 2.4.1832:274). Alhoewel die mesmakery hierdeur geknou is, het die bedryf steeds voortbestaan.

10.2 Kopersmede

Nêrens kan breedvoerige dokumentêre verwysing na hierdie ambag gevind word nie. Wat wel genoem word, is dat Kühnel (die messmid) ook dié kuns be= meester het.

Kort na hulle aankoms in Baviaanskloof het hy 'n driehoekige klok uit geel= koperplate gesmee (Geschiedverhaal 1893:18). In 1816 het die kopersmid John Beinbrecht hom in Genadendal gaan vestig. Ook die sendeling Johann Bonatz het dié kuns verstaan (Krüger 1966:122,111).



Koperartikels gemaak in Genadendal
(Genadendal-Museum)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Behalwe die genoemde ambagsmanne, getuig die Genadendal-Museum ook daarvan dat daar wel so 'n tuisnywerheid bestaan het. Al die noodsaaklike gereed= skapstukke van 'n kopersmid, soos gietlepels, blikpatroonplate, tuitstake, meetpassers, bliksmidshamers, smidstange, blokhamers, reuse-plaatskêre, sol= deerboute, bliksmidsaambeelde, banksriewe, ens., kom in die plaaslike museum voor (Genadendal-Museum; vgl. Le Roux 1982:51-70). Hierbenewens is daar 'n hele aantal rooikopergebruiksartikels soos ketels, potte en konfore wat bewys lewer dat die ambag wel bedryf is (Genadendal-Museum).

10.3 Wamakersbedryf



Genadendal-kakebeenwa
(M.A.)

Daar kom net enkele verwysings na die wamakersbedryf voor. Die eerste op= geleide wamaker was Johan Schmidtt wat in 1807 in Genadendal aangekom het (Kruger 1966:100). Schmidt moes van die inwoners hierdie ambag geleer het, want in die Dagboek van 1810 word die naam van 'n welgestelde inwoner ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

naamd Christopher April genoem, wat sy eie werkswinkel gehad het (P.A. LXI: 147). In 'n brief van Hallbeck noem hy dat hierdie wamakers, as gevolg van die groot aanvraag na waens, voltyds in diens was (P.A. Brief van Hall= beck, Maart 1834:35).

Die ou Genadendal-kakebeenwa wat deur biskop Latrobe in 1816 vir sy reis deur die Kolonie gebruik is, is nog steeds in Genadendal te sien. Tydens 'n ondersoek deur G. Hartwig, gewese professor in Houttegnologie aan die Universiteit van Stellenbosch, in September 1964, is bevind dat dié wa uit nie minder as twaalf verskillende houtsoorte gemaak is nie, te wete:

1. Ysterhout vir die disselboom en agterasboom
2. Assegaaihout vir die langwa, wielspeke en wielvellings, domkrag en dwarsbalk van die buik
3. Sybas vir die voorskamel
4. Witpeer vir die bed, voorasboom en agtertang
5. Geelhout vir die voorwiel- en agterwielnaaf en syplank
6. Saffraan vir die voortang
7. Hardepeer vir die agteraskamel
8. Witels vir die rong
9. Stinkhout vir die onderleer en boleer
10. Greinhout vir die buikplank, daklatte van kap, onderplank en deksel van wakis
11. Populier vir die regopplank
12. Beukehout vir die sywakis

(M.A.: Brief van G. Hartwig aan P. Schaberg: September 1964).

Aangesien hierdie wa in 1831 gedeeltelik herstel is, is dit nie seker of die oorsponklike wa uit al die genoemde houtsoorte vervaardig is nie. Die wa is tot ongeveer 1880 gebruik en staan vandag nog met oorspronklike seil= kap en al in die ou waenhuis in Genadendal (Moravian Missions, Nov. 1917:126).

10.4 Die leerlooiery

Vir die inwoners was die brei van velle nie iets vreemds nie. Hulle tradi= sionele kledingstuk, die karos, was juis 'n goed gebreide velmantel wat met die grootste sorg gemaak is. Die primitiewe manier was om die vel op die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

grond oop te sprei en met skaapvet te smeer. Kalk is dan daaroor gestrooi. Met 'n sandsteenklip is sirkelvormige vryfbewegings uitgevoer totdat die vel sag en soepel geword het. Die werk is met die grootste versigtigheid ge= doen sodat die vel se hare of wol nie beskadig kon word nie. Die geskeurde plekkie op die huid waar die dier tydens die jag doodgemaak is, is herstel sonder dat 'n mens dit sou raaksien (Latrobe 1818:272).

Op 15 Oktober 1828 het 'n Ier op soek na werk in Genadendal aangekom. Om= dat hy 'n leerlooier van ambag was, het die sendelinge aan hom verblyfreg gegee met dien verstande dat die inwoners by sy dienste sou baat. Indien 'n leerlooiery op die been gebring kon word, so het hulle geredeneer, sou dit dan nie meer nodig wees om die honderde skaap- en beesvelle uit die dorp te stuur nie. Hy is onmiddellik op 'n maandelikse kontrak aangestel. In November van dieselfde jaar is reeds 'n aantal skaapvelle vir die maak van broeke gelooi (P.A. Mei 1829:65-72). Die oprigting van 'n gebou het nood= saaklik geword. Aan die bokant van die meulstroom is toe die eerste dub= belverdiepinggebou in Genadendal opgerig. Hierdie werk in in 1831 voltooi en dit was die tweede dubbelverdiepinggebou in die Overberg (P.A. Junie 1832: 153).

Genadendal het 'n goeie reputasie vir sy leer verwerf sodat selfs die Kaapse goewerneur gereeld sy kammaste hier laat maak het (Anshelm II 1927:29,30,41). Die meeste inwoners en sendelinge het leerbroeke begin dra. Die aanvraag vir skoenleer het van buite die sendingpos toegeneem. Hierdie groeiende tuisnywerheid waarvan die inwoners self later die bestuur oorgeneem het, was 'n groot bron van inkomste vir die sendingstasie (P.A. Nov. 1829:181; Nov. 1831:87). in 1832 is besluit om 'n basmeul vir die stamp van bas vir die looiproses aan die onderkant van die koringmeul op te rig. Dieselfde meulstroom sou gebruik word om die masjinerie van die basmeul aan te dryf. Twee Engelse meulbouers het die sendelinge gehelp om die meul van eikehout op te rig. Velle en leer kon van toe af goedkoper verkoop word. Dit het meegebring dat die aanvraag begin toeneem het en gevolglik is meer werksge= leenthede geskep (P.A. Sept. 1833:430,434).

Tydens die sendeling G. Leipoldt se besoek aan Genadendal in 1835, het hy besef van watter waarde tuisnywerhede vir 'n sendingstasie kon wees. In 1836 het hy met 'n looiery soos dié van Genadendal in Wupperthal begin.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vandag, nâ anderhalf eeu, word die "rtempienaat-Wupperthalers" steeds ver= vaardig, terwyl die Genadendalse looiery reeds vergete geraak het (Strass= berger 1953:46-61).

10.5 Hoede- en matrasmakery

Nywerhede soos die hoede- en matrasmakery het nâ die leerlooiery gevolg. Omdat die afvalbokhare en -wol by die looiery begin ophoop het, is besluit om dit nuttig te gebruik. 'n Bedryf vir die maak van wolhoede en die stop van matrasse is toe op die been gebring (P.A. Nov. 1829:181; 1831:88).

10.6 Matte vleg

Die vleg van matte was 'n kuns wat geensins vreemd vir die Khoi-vroue was nie. Langs die rivieroewers het 'n soort biesiebos gegroei wat afgesny is en op 'n kunstige manier met behulp van 'n hout- of beennaald en "Karoo= doringboomgare" aanmekaar gevleg is. Die matte was omtrent ses voet breed (Burchell 1967:114). Dit is gebruik om oor waens te span (Di Capelli 1965: 9) of op die vloer van die kerk te gooi (Barnard 1924:181). Voordat Latro= be van Genadendal vertrek het, is 'n rol matte aan hom oorhandig wat hy saam met hom na Engeland moes neem om aan sy landgenote te gaan toon waartoe die Genadendalse vroue in staat was (Latrobe 1818:116). Hierdie matte het ook goed op die plase verkoop (Krüger 1966:80).

10.7 Naald-, brei- en borduurwerk

Die twee sendelinge Hendrik Marsveld en Johann Stein was opgeleide klere= makers (Krüger 1966:49,122). Waar mans gewoonlik in een of ander ambag op= gelei is, het die vroue handwerk soos naald-, brei- en borduurwerk aangeleer. Tydens Teenstra se besoek in 1830 aan Genadendal, het hy die vroue gesien wat met brei- en borduurwerk besig was. Hy skryf: "Wat my verbazende, hoe het mogelijk was, dan men deze Hottentotsche meisjes in deze kunst zoo ver had weten te brengen" (Teenstra 1943:136). Hierdie handwerkklas is met dertig jong meisies deur mev. Lees begin (Krüger 1966:180). Nâ haar dood het Gustave Hallbeck die leiding oorgeneem. In 'n brief van 11 Julie 1835 skryf Hallbeck aan die gemeente in Engeland dat lapmateriaal net so welkom as klaargemaakte klere is omdat baie Genadendalse vroue opgeleide klerema=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kers was. Hulle het selfs klere vir baie boere en burgers van die buurt gemaak (P.A. Des. 1935:367).

10.8 Koringmeule

Op 22 Desember 1797 is bouwerk aan 'n watermeul voltooi. Die sendeling Hendrik Marsveld is aangewys om as meulenaar op te tree (Krüger 1966:77-78). Volgens die koloniale sekretaris John Barrow, wat kort hierna 'n besoek aan Baviaanskloof afgelê het, het dié meul alle ander meulens in die Kolonie oortref (Barrow 1801:352). Gedurende die somermaande, wanneer die water op sommige plekke stadig gevloei of selfs opgedroog het, het baie boere hulle koring na Genadendal toe geneem om gemaal te word. Hierdeur kon die Sending van 'n bykomende inkomste verseker wees (P.A. LXXI:42).

Die meul is gedurig verbeter en vergroot. In 1825 het Dawid Luttinghau= ser, dit in so 'n mate verbeter dat dit drie mud koring per uur kon maal. Destyds het dit gewoonlik agt uur geduur om een mud te maal (P.A. Brief Hallbeck 3 November 1825:443). Die volgende jaar is 'n groter waterwiel ingepas en die maalproses kon toe nog vinniger geskied. Meulstene van Duitsland is bo dié van Stellenbosch verkies omdat dit baie sterker en goedkoper was (P.A. 1822:149-150).

Behalwe die groot watermeul het een van die inwoners in Molenstraat ook oor 'n handmeul beskik. Dit het uit twee stene van elk 2 vt. in deursnee be= staan. Die boonste steen het drie horisontale handvatsels van 4 vt. elk gehad wat met toue aan die balke van die huis vasgemaak is. Die koring is in klein hoeveelhede by die tregtervormige gat in die boonste steen gegooi. Deur die handvatsels heen en terug te stoot, is die maalproses gedoen terwyl die meel uit 'n sy-opening van 'n houtkis waarin die onderste steen gemon= teer was, gestoot is (Burchell 1967:113).

10.9 Landbou

Tydens Lady Ann Barnard se besoek aan Genadendal het sy die sendelinge aan= gemoedig om die landbougrond tot die beste van hulle vermoë te benut (Bar= nard 1924:188). In 1802 het die Kaapse owerheid 300 tot 500 riksdaalders aangebied om die lang, breë vallei met sy riete en moerasse in bewerkbare tuingrond te omskep, in klein erwe op te deel en aan elke inwoner 'n erf toe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te ken (Krüger 1966:91). Kort hierna het elke inwoner twee tot drie morg grond ontvang waarin hulle 'n verskeidenheid groentesoorte gesaai het (Van Reenen 1937:20).

Gedurende die aanvangsjare het die sendelinge die inwoners van saad en tuin= gereedskap voorsien (Lichtenstein I 1812:252). 'n Vriend van Kaapstad, Martin Schmidt, het vyftig grawe aan die sendingstasie geskenk (Raum 1953: 99). Dit was vir Hallbeck 'n baie indrukwekkende gesig toe hy op 'n dag nie minder as sewentien tuinboere sien wat besig was om hulle tuine om te ploeg nie (M.A. I3b: Brief van Hallbeck aan Latrobe, 13 Junie 1820).

10.9.1 Groente

'n Verskeidenheid groentesoorte, soos veral boontjies, aartappels, kool, mie= lies en pampoen, is geplant (Burchell 1967:114; Latrobe 1818:95). Tuiniers het gewoonlik in spanne gewerk. Vyf tot ses tuineienaars het kragte saamge= span om mekaar te help. Die eienaar wie se tuin bewerk is, het aan die ein= de van die dag sy helpers van kos en wyn voorsien en op hierdie manier is daar gehelp om almal se tuine gespit, geploeg, gesaai en geplant te kry (Raum 1953: 102).

Die tuiniere is geleer om hulle tuine goed te bemes. Om dié rede is strooi in die krale en stalle gegooi sodat dit later saam met die mis as bemesting vir die tuine aangewend kon word (P.A. Junie 1821:367).

Dit het nie altyd goed met die oeste gegaan nie. Roes, droogte en ver= spoelings het die boerdery gedurig gekortwiek (P.A. LXV:303; Des. 1829: 125-126; Jan. 1826:445). Bobbejane en ystervarke het dikwels die tuine geplunder (P.A. LXXXVII:274-275; LX:102,103). In 1827 het 'n springkaan= swerm die tuine en landerye bedreig (P.A. Mei 1827:191).

In 1826 is drie damme vir besproeiingsdoeleindes in Genadendal gegrawe (P.A. 1827:123). 'n Jaarlikse bedrag van 1 sjieling per tuinier is in 1834 gehef sodat die leislote gerepareer en skoongemaak kon word (Raum 1953:123). Die toestand van die tuin het gewoonlik die gesindheid van die inwoner weerspieël, soos Latrobe dit stel: "it betrays the disposition

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of the inhabitant". Wanneer 'n tuin verwaarloos is, is dit van die erf= houer weggeneem en aan 'n ander gegee om te bewerk (Latrobe 1818:67).

10.9.2 Vrugte

'n Uitstaande kenmerk van die tuine was die talle vrugtebome wat aangeplant is. Peer- en perskebome en kweperheinings het algemeen voorgekom (Burchell 1867:112; Campbell 1815:25-26). Dit het aanleiding gegee tot 'n droë= vrugtebedryf. (P.A. LXXV:178, Febr. 1830:222). Die vrugte is oopgesny en die pitte verwyder. Daarna is dit op 'n houtstaander met bamboesrakke buite in die son geplaas. Indien dit gereën het, is die rakke in 'n droë kamer of op die solder gebêre (Latrobe 1818:80). Gedurende die wintermaan= de is dit tot smaaklike winterkos voorberei (Campbell 1815:25-26).

10.9.3 Wingerdbou

'n Aantal wingerdstokke is reeds vroeg by die aanlê van die sendingstasie geplant. In 1825 is nog ses duisend wingerdstokke in Kornlandskloof ge= plant (P.A. Jan. 1826:444). Om te voorkom dat die inwoners deur alkoho= liese drank na die plase gelok word, het die sendelinge self wyn gemaak. Hulle is ook gelisensieer om wyn te verkoop. Elke inwoner kon op sekere weeksdae 'n beker wyn koop en getroude mans wat in diens van die Sending was, kon daagliks 'n bottel wyn saam huis toe neem (Krüger 1966:164).

10.9.4 Graan

In 1808 is landerye ten suide van die Sondereinderivier as koringlande aan die inwoners verdeel (Huisvriend:20.4.1975; Molsbergen 1932:103). Gedu= rende Junie is geploeg en gesaai (P.A. LXXXIV:129). 'n Wagter is spesiaal aangestel om die gesaaides te bewaak (P.A. LXII:207). Wanneer Desember aanbreek, was die meeste inwoners op die dorsland besig (P.A. April 1826: 470).

10.10 Veeteelt

Die sendingstasie het voldoende en geskikte weiveld vir beeste, skape en bokke gebied. Omdat die weiveld nie in kampe verdeel is nie, is 'n gemeen=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tewagter aangestel. Die grootte van iemand se trop vee het sy bydrae tot die besoldiging van die wagter bepaal (Krüger 1966:247). In 1839 het 'n epidemie onder die perde uitgebreek en gevolglik het die inwoners groot verliese gely. In Genadendal het vierhonderd perde gevrek sodat 'n groot tekort aan trekdiere ontstaan het. Die inwoners het dit uiters moeilik ge= vind om hulle graanoeste van die landerye na die dorp te vervoer. Graansak= ke moes op die rug na die huise aangedra word (P.A. Sept. 1839:67; Des. 1839: 134).

10.11 Boegoe

Die pluk van boegoeblare het teen 1824 'n baie belangrike bedryf in Genaden= dal geword. Hallbeck het voorskrifte opgestel waarvolgens die blare ge= pluk, gedroog en skoongemaak moes word. In daardie jaar is 1 500 pond boe= goe na Kaapstad vir uitvoer na die buiteland gestuur. Dit het 'n inkomste van 350 riksdaalders aan die sendingstasie besorg (Krüger 1966:180-181; P.A. Julie 1825:340).

Die nuus van die Genadendalse boegoe het so ver as Madras versprei. Die medici dáár het ontdek dat dié plant, bekend as diosma crenata, 'n baie goeie middel teen cholera was. Boegoe is toe gereeld na Madras en Kal= kutta uitgevoer (M.A. I3b: Brief van Hallbeck aan The South African Adver= tiser, 25.1.1827). Die firma Rutherfords van Burgstraat 3, Kaapstad, was die grootste klant. Baie inwoners het 'n baie goeie verdienste as boegoe= versamelaars gehad. Die boegoe is teen 9 pennies per pond aan die Sending verkoop. Die Sending het op hulle beurt dit in groot maat aan firmas ver= koop. Bestellings vir groot hoeveelhede boegoe is gereeld ontvang en waens het jaarliks duisende ponde boegoe na Kaapstad vervoer. Gedurende die maan= de September en Oktober 1839 is ongeveer 7 500 pond boegoe uitgevoer (M.A. III6a: Briewe van die firma Rutherfords, 1838-1866).

10.12 Boomaanplanting

Met die aanlê van die sendingstasie was daar feitlik geen bome nie. Om die dorp te verfraai en om timmer- en vuurmaakhout te bekom, het dit 'n belang= rike taak vir die inwoners geword om bome aan te plant. Gedurende die win=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ter van 1794 is die eerste vier akkerbome voor die sendingstasie geplant (Geschiedverhaal 1893:20). Die eerste bosse is in 1809 en 1818 deur Hall= beck en sy gemeentelede aangeplant. 'n Aantal bome wat suid van die dorp geplant is, het as Baadjesbos bekend gestaan (P.A. Dagboek 1809:5; LXXXII: 31), waarskynlik vernoem na Jan Baadjie wat in die nabyheid 'n stuk grond besit het (Krüger 1966:116). 'n Paar duisend eike is in dieselfde tyd tussen die sendingtuin en wingerd geplant. Langs die rivieroewer in die rigting van Sewefontein, oos van die dorp, is 'n aantal populiere geplant (P.A. LXXXIII:72). In 1824 is 8 000 eike in Kornlandskloof, wes van Gena= dendal, geplant (P.A. Feb. 1824:102; Des. 1832:282). 'n Aantal sering-, akasia-, kier-, denne- en silwerbome is ook aangeplant (Latrobe 1818:107; P.A. 1/1820:286; Mei 1822:201; LXXXCXII:30).

Die bome het later pragtig vertoon en die mense kon wandelinge deur die bos en lane onderneem. Op sommige plekke is banke rondom die boomstamme aan= gebring waar hulle kon sit. Agter die tuin en begraafplaas was 'n prag= tige eikelaan wat na die sendeling Hendrik Marsveld "Hendrichshayn" genoem is (P.A. Mei 1922:201). Die bome is later gesnoei en uitgedun sodat daar genoeg vuurmaak- en timmerhout was (P.A. Nov. 1831:87). Die basmeul wat in 1833 opgerig is, is van die plaaslike eikehout gebou (P.A. Sept. 1833: 432). Genadendal kon later van hulle eie gekweekte eikeboompies na ander sendingstasies uitvoer. 'n Wavrag jong eikeboompies is in 1828 na Elim gestuur (P.A. Feb. 1828:325). Toe die bome groter geword het, het ver= skillende soorte voëls hulle intrek geneem. Daar was groot opgewondenheid onder die inwoners toe 'n piet-my-vrou vir die eerste keer in 1824 gehoor is. Die stilte in die vallei is toe deur die vrolike getjirp van voëls verbreek (P.A. Maart 1825:314).

10.13 Plaasarbeiders

Voordat tuisnywerhede gevestigde bedrywe op die sendingstasie geword het, moes baie inwoners heen en terug van Genadendal na die plase trek waar hulle gewerk het. In dieselfde tyd is Caledon se Khoi-proklamasie van 1809 uit= gevaardig. Dit het bepaal dat die inwoners nie sonder 'n pas kon rondbe= weeg nie (Muller 1977:136). Die Paswet was dikwels ook 'n belediging vir eerlike mense wat soms daarvan beskuldig is dat hulle rondlopers was (Krüger

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1966:160) en dan in die tronk gestop is (M.A. I4d: Brief landdros aan Hall= beck 10.12.1824).

Veral teen die einde van die jaar wanneer dit oestyd was, het baie inwoners na die plase gegaan om 'n verdienste te soek (M.A. I3b: Brief van Hallbeck aan Latrobe, 20.12.1820). In 1828, toe Ordonnansie 50 van waarn. goew. Bourke uitgevaardig is, het dit ook beter gegaan met die inwoners wat plaas= arbeid verrig het. Volgens dié wetgewing kon die Khoi se leefwyse nie be= perk word nie, en mag hulle nie tot arbeid gedwing word nie (Krüger 1966:160; Muller 1977:141).

10.14 Ander

Houtkappers, wadrywers en touleiers was gedurig in aanvraag. Die landdros het hom ook op die sendingstasie beroep wanneer sekere openbare werk, soos die bou van paaie, aangepak is. Toe 'n posdiens in 1806 deur goew. Baird ingestel is, is twee Genadendallers aangestel om die pos deur die Kolonie te vervoer. Genadendalse vroedvroue is dikwels na die omliggende plase ont- bied (Krüger 1966:112-114). Die sendingwinkel, onder toesig van die sende= ling D. Luttringshouser, en die gastehuis, onder toesig van 'n Genadendalse egpaar, was ander bronne van inkomste (Krüger 1966:163; M.A. I7c: Besoe= kersboek, 1807-1823).

10.15 Militêre diens

In 1793 toe sendingwerk in Baviaanskloof hervat is, is 'n Khoi-regiment, bekend as die Pandoere, wat "gewapende dienaars" beteken, op die been ge= bring. Die meeste Genadendalse mans is vir militere diens daarin opgeneem. Hulle sou hoofsaaklik met die verdediging van die Kaap help. Die gesonde jong manne van Baviaanskloof is vir hierdie diens opgeroep en is in die om= gewing van Rietvlei, naby Kaapstad, gestasioneer. Omdat die owerheid sy uitgawes wou besnoei, is die korps tot 135 man beperk. Die owerheid het ook onderneem om na die onderhoud van die agtergeblewe vroue en kinders op die sendingstasie om te sien. Hulle sou elke week 'n mud broodkoring ont= vang (De Villiers 1969:22; Krüger 1966:73).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alhoewel die Britse inname van die Kaap 'n klugtige oorlog was, is die Pan= doere in die voorste linies geplaas om teen die invalsmag te veg. Na drie maande het die Britte die Kaap oorgeneem. Geeneen van die Baviaanskloofse krygsmanne het gesneuwel nie. Elkeen het 'n riksdaalder as vergoeding ont= vang en die korps is toe ontbind. Teen 20 September 1795 het die meeste soldate na die sendingstasie teruggekeer (De Villiers 1969:37-79).

Die Baviaanskloofse soldaat het nie net sonder meer die wapen opgeneem nie. Vir baie van hulle het dit geestelike wroeging meegebring. Die inwoners wou pertinent weet of die doodmaak van 'n mens se vyand op Bybelse grondslag geregverdig kon word. Dit is egter aan hulle voorgehou dat 'n mens aan die owerheid gehoorsaam moes wees (Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblio= teek, Des. 1953:52).

Die Britse bewindhebbers het die militêre waarde van die Khoi-soldate nie gering geskat nie en het feitlik onmiddellik na die oorname van die Kaap probeer om die regiment weer op die been te bring. Gedurende Mei 1796 het meer as 'n honderd mans, sommige met hulle gesinne, na die Wynbergkamp ver= trek. Ook 102 reeds versamelde Khoi-soldate van Stellenbosch is na Wynberg oorgeplaas. Elke soldaat het 'n uniform bestaande uit 'n skarlakenrooi baadjie, seildoekbroek en skoene asook 6 pennies per week aan soldy ontvang. Die owerheid aan die Kaap het 'n hoë dunk van die Baviaanskloofse inwoners gehad. Hulle was betroubaar en goed gedissiplineerd. John Graham, die opperbevelhebber, was van oordeel dat die Khoi-soldate moontlik onder die beste skuts in die wêreld getel het. Hierdie bedrewenheid met die geweer is aangeleer in die tye toe hulle as jagters van die burgers op die plase gedien het (De Villiers 1969:89, 91 & 92). Met die Van Jaarsveld-opstand in Graaff-Reinet is weer eens 'n beroep op die Baviaanskloofse inwoners ge= doen (Krüger 1966:78).

Nâ die vredesverdrag van Amiens in 1802 het Brittanje die Kaapkolonie aan die Bataafse Republiek teruggegee. Kapt. Le Sueur is na Baviaanskloof ge= stuur om die name van alle mans wat bereid sou wees om vrywillige militêre diens te verrig, op te teken. Goew. Janssens wat waardering vir die werk en dienste van die sendingstasiebewoners gehad het, het die sendingstasie die nuwe naam Genadendal gegee (sien Bylaag nr. 7). Na die werwing van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rekrute is 'n nuwe korps, bekend as "Corps vrije Hottentotten", op die been gebring (De Villiers 1969:216). Omdat daar ook geestelike werk onder die soldate gedoen moes word, het De Mist die Baviaanskloofse sendelinge versoek om 'n kapelaan vir dié werk aan te wys. Johann Philipp Kohrhammer is vir die diens beroep. Op 23 Augustus 1804 het hy saam met sy vrou na Wynberg vertrek. Behalwe die kerkdienste wat hy moes waarneem, het hy ook aan die kinders van die kamp onderwys gegee. Die kamp het soos 'n klein dorpie met sowat 22 huise daar uitgesien (History of civilization 1932:250-256; Krüger 1966:97-99).

Toe die Britte die Kaap in 1806 vir die tweede keer ingeval het, het die "Battaillon Hottentotsche Ligte Infanterie", soos die korps toe bekend was, weer eens met die grootste lojaliteit by "Blaauberg" geveg. Op 18 Januarie 1806 het Kohrhammer na Genadendal teruggekeer (History of civilization 1832:271-275).

In 1806 is die "Cape Regiment" op die been gebring. Die burgers was nie so tevrede met die stigting van dié regiment nie omdat hulle vir 'n Khoi-opstand gevrees het (Giliomee 1963:304-327). Hulle was ook van mening dat die soldy wat aan die mense betaal is, buitensporig was, terwyl hulle eie belange afgeskeep is (Van der Merwe 1926:242-243). Die 500 Khoi-soldate wat vir militêre diens opgeroep is, het ook 'n arbeidsverlies vir die plase veroorsaak (Giliomee 1963:238-239).

Hoewel die Morawiese Sendinggenootskap deur die jare probeer het om elke owerheidsbesluit te gehoorsaam, was die gedurige oproep van manskappe iets wat die sendingwerk en gemeenskapslewe op die sendingstasies ontwrig het. Die sterk, jong manne was vir lang periodes weg met die gevolg dat die sendelinge net met vroue, kinders, bejaardes en sieklike mans gesit het, wat 'n groot ekonomiese las op die Sending geplaas het (Schneider I 1892:40).

Die owerheid was aan die ander kant in beginsel gekant teen permanente en selfonderhoudende nedersettings van die Khoi en bruinman. Ten spyte van die talle pogings deur die sendelinge, het eiendomsreg vir Genadendal en Groenekloof steeds in die weegskaal gebly. Dit het dus geblyk dat die owerheid sendingstasies net vir vroue, kinders en sieklike mans wou hê, terwyl die gesonde jong mans òf militêre diens òf plaasarbeid moes verrig

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Anshelm I 1927:91-93).

Gedurende die eerste helfte van die 19de eeu is baie Genadendallers opge= roep om teen die swartes op die Oosgrens te veg (P.A. LXIV:245; LXIV:279; LXXI:31; LXVI:350). Die bouwerk aan die Genadendal-brug moes bv. in 1818 onderbreek word omdat 'n honderd mans opgeroep is (P.A. LXXXIV:122).

In 1823 het Lord Chrales Somerset besluit om dié soldate vir 'n tydperk van sewe jaar in diens te neem. Hulle sou dieselfde soldy as die Britse sol= date ontvang en sou ook vir bevordering tot hoë militêre range kon kwalifi= seer. 'n Kapelaan sou aangestel en 'n skool in Grahamstad geopen word. Die owerheid sou na die onderhoud van die families op die sendingstasie om= sien. Ten spyte van al hierdie aanbiedinge het min van die inwoners dit aanvaar (Krüger 1966:151).

In 1835 was daar 120 jong manne van Genadendal wat op die Oosgrens in die "Provincial Colonial Infantry" geveg het. Hulle moraal was hoog en een van die kommandeurs se verslag oor hulle het as volg gelui: "My company consisting chiefly op people from Genadendal has been pointed out to the whole regiment, as a model of obedience and good behaviour" (P.A. Brief van Hallbeck: 11.7.1835:368).

John Graham se voorgestelde univorm vir manskappe van die Cape Regiment teen 1810 (Public Record Office).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

11. BESOEKERS

Dit was asof elke reisiger wat die Kaap besoek besoek het ook 'n draai by Genadendal moes maak. Bekendes soos Backhouse, Barrow, Bouchenroeder, Burchell, Campbell, Champion, Di Capelli, Ewart, Fawcett, Latrobe, Lich= tenstein, Teenstra en baie ander, maak almal melding van Genadendal in hulle reisbeskrywings. Ook generaal D. Baird, pastor C. Hesse, sekreta= ris Henry Alexander, fiskaal Andries Truter, genl. H. Grey, kol. R. Col= lins, eerw. R. Jones, landdros Buissinne, landdros J. Cuyler, 'n hele aan= tal Britse offisiere wat van Londen op reis na Indië was en baie Kaapse burgers wat die Caledonse warmbad besoek het, hat almal vir 'n dag of langer by Genadendal aangedoen (Krüger 1966:110).

Onder die talle gaste was 'n hele aantal goewerneurs. Baie van hulle het òf oornag òf vir 'n paar dae vertoef. Nâ hulle by die kerk, skool en tuis= nywerhede was, is daar met groot verbasing en waardering gepraat van die op= heffingswerk waarmee die sendelinge besig was. Goewerneurs Janssens, Don= kin, Cole, Caledon, Somerset, Cradock, Wade en Grey, tel onder diegene wat gedurende die eerste helfte van die 19de eeu op Genadendal was (P.A. Des. 1821:129; Mei 1830:284; Julie 1925:343; LXIX:453; LXXV:173).

Tydens 'n besoek aan Baviaanskloof is goew. Janssens sô getref deur die dorpslewe dat hy besluit het om die naam te verander. Op 1 Januarie 1806 rig hy 'n brief aan die sendelinge waarin hy onder meer skryf: "Zo heeft de Gouverneur en Generaal en Chef Besloten, zo als besluit by deeze, dat de naam van dat Instituut voortaan zyn zal Genaden-Dal" (M.A. I4d: Brief van goew. Janssens 1.1.1806).

11.1 Verwelkoming

Wanneer 'n hoogwaardigheidsbekleër, bv. 'n goewerneur of 'n sendeling, 'n besoek aan die sendingstasie afgelê het, is hy en sy metgeselle op 'n be= sondere wyse verwelkom. Die inwoners is voor die tyd van aankoms in ken= nis gestel van die voornemende besoek. Groot getalle mans, vroue en kin= ders het die besoekers omtrent 3 myl buite die dorp gaan inwag - sommige te voet en ander te perd. 'n Halfsirkel is gevorm en wanneer die besoeker in sig is, is 'n aantal gesangverse gesing om die Here te dank vir die reisge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

selskap se veilige aankoms. Hierna het almal na die kerkplein vertrek waar 'n ander groep inwoners op hulle aankoms gewag het. Voor die woonhuis van die sendeling is 'n erewag, met die seuns en mans aan die een kant en die meisies en vroue aan die ander kant, gevorm. Voordat 'n welkomswoord deur die sendeling gespreek is, is weer 'n welkomslied gesing wat die gaste ge= woonlik diep beïndruk het, soos W. Di Capelli in 1803 skryf : "een kerkgelyk gezang dat zy met veel zedigheid en uitermatig schoon uitvoerde" (Di Capelli 1965:9). Ook Henry Lichtenstein wat die sendingstasie in dieselfde tyd be= soek het, skryf oor die sang soos volg: "which was truly affecting and ele= vating to the heart" (Lichtenstein 1812:189).

11.2 Die gastehuis

Afgesien daarvan dat die sendelinge die gaste met wyn, koffie en soms met 'n ete onthaal het (Krüger 1966:60), kon die gaste by die gastehuis tuisgaan. Ene Jean Baptiste de Nigrini wat met 'n Khoi-vrou getroud was, het vroeg in die 19de eeu 'n gastehuis gehad. Dié huis is later teen 335 riksdaalders aan die Sending verkoop wat op hulle beurt 'n egpaar as gasheer en gasvrou aangestel het. Hulle het nie net die gaste van slaapplek en etes voorsien nie, maar moes voer vir die gaste se perde en trekosse verskaf (Krüger 1966: 84; M.A. I4d: Brief van Rose en Kühnel aan goew. Janssens, 9.5.1804). Daar is verwag dat gaste vir akkomodasie, etes en perdevoer moes betaal. 'n Spesiale register is gehou waarin die name van die gaste, datum van verblyf en losiesgelde opgeteken is. Daar was blykbaar nie vasgestelde gelde nie en dit kom voor asof die gaste enige donasie kon gee. Die inkomste van die losieshuis het dus nie net van die aantal besoekers afgehang nie, maar ook wie die gaste was en wat hulle bereid was om te skenk. Vir die maand Junie 1824 is 165 riksdaalders ingevorder (M.A. I7c11: Besoekersboek, 1807-1823).

11.3 Besienswaardighede en indrukke

Wanneer vriende Genadendal in die 19de eeu besoek het, is hulle gewoonlik by hulle aankoms getref deur die besondere atmosfeer wat in die dorp geheers het. Lady Anne Barnard sê o.m.: "Each step we took (...) I need not tell any one of you what sort of sensations it conveyed - it was the tacit manna of the Almighty showered down on his children" (Barnard 1924:182).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

W. Burchell is ook deur die rustigheid getref, en skryf: "On entering their peaceful abode, I seemed to have quitted the stormy world and its turbulent passions: the quiet and unassuming demeanor of the brethren; the order and the cleanliness of everything I saw, gave me at once a very favourable opi= nion of the establishment" (Burchell 1967:104).

C. Latrobe kon sy oë nie glo wat hy hier teëgekom het nie, en skryf: "I ask= ed no longer, "Am I really and bodily in Genadendal?" but, "Am I yet on earth!" (Latrobe 1818:75).

Met die aankoms van die sendeling H. Hallbeck is hy tot trane gedryf, en skryf: "If angels are present to take share in human affairs, surely they must be delighted to see such a proof of the mercy and power of Him whom they worship in heaven. I could almost have fancied, that a heavenly choir join= ed in the sweet melodies of the Hottentots. Our whole company was so much affected by it, that we could not refrain from tears, but wept like children" (Hallbeck, P.A. LXXXII:30).

Een van die belangrike besienswaardighede was die peerboom wat die eerste sendeling, Georg Schmidt, in 1737 geplant het. Toe die sendingwerk in 1793 hervat is, was dit 'n reuseboom. Dit het ook die eerste bymekaarkomplek ge= word waar die eerste kerkdiens en skool gehou is voordat 'n gebou vir dié doel voltooi kon word. Ten spyte van sy ouderdom het dit baie vrugte, soms tot vyftien sak sappige safraanpere, gedra. Van die pere het selfs tot 1½ lb. geweeg (P.A. Sept. 1822:258; LXIX:449). Onder die peerboom is banke aangebring waar mense kon sit. Menigeen is daar geïnspireer deur 'n beson= dere en gewyde atmosfeer.

Robert Moffat het na 'n wandeling deur die dorp die volgende opgemerk: "It is impossible to tavern the glen, as the writer has done, or sit under the pear tree which that devoted missionary planted with his own hands, without feeling something like a holy envy of so distinguished a person in the mis= sionary band" (Moffat 1842:20).

Ook George Champion het dieselfde belewenis gehad wanneer hy sê: "Schmidt's pear tree was one of the first objects we desired to see. I felt a peculiar sensation of awe coming over me as I stood under what once was a wide sprea=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ding tree" (Champion 1968:16).

Die tweede spruit van die bekende peerboom van Schmidt. Hierdie boom het in 1962 omgewaai, maar uit die oor= spronklike stam het 'n derde spruit gegroei wat vandag in die Sendingtuin te sien is.
(M.A.)

Tydens 'n besoek aan Genadendal het Thomas Pringle van sy perd geval en sy been gebreek. Hy het besluit om vir 'n paar maande in Genadendal te vertoef waar hy die volgende gediggie geskryf het:

"In distant Europe oft I've long'd to see
This quiet 'Vale of Grace', to list the sound
Of moaning brooks and mellow turtles, round
The patriarch Schmidt's old consecrated tree;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

To hear the hymns of solemn melody
Rising from the sequester'd burial ground;
To see the heathen taught - the lost sheep found,
The blind restored - the long-oppress'd set free.
All this I've witness'd now - and pleasantly
Its memory shall in my heart remain"
(Thomas Pringle 1970; Steedman 1966:82).

In 1834 het die boom begin kwyn (P.A. Sept. 1834:138). Op 4 Aug. 1837, na 'n honderd jaar, is die verotte boom uitgekap en 'n loot wat uit die oorspronklike stam gespruit het, is op dieselfde plek geplant. Die hout is gebruik om verskillende ornamente soos dosies en meetstokke van te maak (P.A. Des. 1837:235). Hierdie ornamente is gewoonlik aan belangrike gas= te as aandenkings gegee (Krüger 1966:267).

11.4 Afskeid

Wanneer die gaste vertrek het, was daar ietwat van 'n weemoedigheid, asof die plek iets van hulleself agtergehou het, soos die volgende besoekers dit verwoord. W. Burchell het baie traag die dorp verlaat en skryf: "It was with reluctance that we took our departure from this interesting spot; its peaceful character; the tranquillity of the scene; its good order; and especially the benevolent purpose to which it was dedicated, had made a de= lightful impression on my mind" (Burchell 1967:115).

C. Latrobe het tydens sy verblyf baie geheg geraak aan die gemeenskap en sê: "At this moment, I felt all resistance to my feelings give way. Never have I experienced a keener pang, on leaving any place, or any friends to whom I was attached. But my spirit will often dwell in those hallowed groves, accompany the congregation into the house of prayer, attend them during their truly solemn assemblies, by the presence and power of our Lord and Saviour" (Latrobe 1818:289-290).

Soos baie ander het G. Champion hom daaraan getroos dat die herinneringe van die dorp altyd by hom sal bly. Hy skryf: "Genadendal, farewell, we shall

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ever think of thy shady walks, thy green gardens, thy fountains of water, thy cottages adorned with vines, but especially of thy humble missionaries, and thy church singing in sweet and solemn note the songs of Zion" (Cham= pion 1968:19).

Met die afskeid van die gaste het die inwoners onder die eike op die kerk= plein byeengekom. Nadat handgeskud is, het die gaste in die waens geklim terwyl 'n afskeidslied gesing is. 'n Hele aantal inwoners het die wa te voet of te perd tot by die Sondereinderivier gevolg waar vir oulaas weer 'n lied gesing is (Latrobe 1818:115, 289-290; P.A. LXI:142).



Die Nuwe Testament van Lena wat internasionale bekendheid verwerf het. Dit word in 'n hout= kissie wat van Schmidt se peerboom gemaak is, bewaar.
(Genadendal-Museum)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING III: DIE TYDVAK 1838 - 1888

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12. BESTUUR EN BEHEER

Na die dood van Hallbeck het Christian Ludwig Teutsch die bestuur oorgeneem. Dit was in die tyd toe die slawe vrygestel is. Die inwonertal het skielik en vinnig toegeneem en dit het geen rooskleurige toekoms vir die sendingstasie voorspel nie. Uiteraard sou dit ook meer dissiplinêre probleme meebing. Hierdie tydvak is dan ook deur opspraakwekkende hofsake, geskille oor grondbesit, dronkenskap en diefstal gekenmerk. Baie van hierdie sake het groot publisiteit in die nuusblaaie van die Kaap geniet (Krüger 1966:209-217; The Cape Argus, 27 Junie 1857, 24 Junie 1858, 1 Julie 1858, 4 Okt. 1859, 12 April 1864, 23 April 1864, 10 Mei 1964; The Cape Monitor, 21 Sept. 1859; The South African Advertiser and Mail, 15 Nov. 1862). 'n Verslaggewer van The Cape Argus het die volgende indruk van die dorp gekry: "To the casual visitor it appears a happy village, inhabited by a community of goodness, purity, simplicity, church-going, and psalm-singing through nasal organs. But all is not gold that glitters, and Genadendal is not quite the happy village that it appears. Alas! alas! Genadendal is only the Valley of Grace by name, and by no means what it is fondly imagined to be in Exeter Hall" (The Cape Argus, 4 Okt. 1859). Teutsch het in 1852 aan 'n beroerte gesterwe. Hy is deur verskeie superintendente, t.w. Carl Kolbing, Johannes Kühn en Wilhelm Bechler, opgevolg wat almal baie hard probeer het om die orde en vrede te herstel (Krüger 1966:248 & 273; Schmidt s.j.(a):61-81).

Die reëls en regulasies is streng toegepas en geen oortreder is ongestraf gelaat nie. Indien iemand 'n inwoner wou word, moes hy 'n versklaring dat hy vertroud is met die reëls en dat hy hom daaraan sou onderwerp in die teenwoordigheid van twee of meer getuies onderteken (M.A. I4d: Onderneming 1845).

12.1 Hofsake

12.1.1 Geval 1

In 1842 is 'n ongehude moeder aangekla dat sy haar pasgebore baba om die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lewe gebring het. Die Hooggeregshof het bevind dat sy die daad gedoen het omdat sy vreesbevange was dat sy uit die dorp gesit sou word. Die blaam is op die uiters streng regulasies geplaas. Alhoewel die aange= klaagde skuldig bevind is, is sy uiteindelik vrygespreek (Krüger 1966: 215 & 216).

12.1.2 Geval 2: Gustava Wildschut

in 1857 is 'n jongvrou, Gustava Wildschut, deur die sendelinge versoek om die sendingstasie te verlaat omdat sy 'n buite-egtelike verhouding met 'n boer, ene mnr. Fick, gehad het. Na gereelde besoeke van laasgenoemde het Wildschut geboorte geskenk aan 'n baba en het in weerwil van die besware van die Sending selfs later 'n winkel bedryf. Die saak het voor die Rond= gaande Hof in Genadendal gedien. Die sendelinge het aangevoer dat Gus= tava se optrede 'n demoraliserende uitwerking op haar dorpsgenote kon hê. Gustava het op haar beurt aangevoer dat die Sending nie konsekwent is in die toepassing van die reëls nie omdat baie ander oortreders al hulle ver= blyfregte behou het (The Cape Argus 24 Junie 1858). Nadat die magistraat Wildschut skuldig bevind het, het sy by die Hooggeregshof geappeleer. Lg. hof het die magistraat se strafmaatreëls ter syde gestel aangesien die saak buite die Rondgaande Hof se jurisdiksie geval het (Krüger 1966:260).

12.1.3 Geval 3: Anton van der Riet

'n Ander hofsaak wat groot opspraak verwek het, was dié van Anton van der Riet, wat die regulasies oortree het deur 'n gebou op 'n tuinerf op te rig. Sy eie huis het hy aan die staat verhuur wat dit as tronk en aanklag= tekantoor gebruik het. Ongeag die opdrag van die Sending om nie op tuin= grond te bou nie, het hy daarmee voortgegaan en moes op 4 Aug. 1866 in die Hooggeregshof verskyn. Aangesien die sendelinge Van der Riet as 'n kop= pige inwoner beskou het wat hom by verskeie geleenthede aan ongehoorsaam= heid skuldig gemaak het, is die hof versoek om hom met uitsetting te straf. Die aangeklaagde het egter 'n laaste waarskuwing ontvang. Die Cape Stan= dard van 26 Maart 1867 het sterk teen die Sending gereageer. In 'n ver= slag kritiseer die koerant die outokratiese bestuur van die sendelinge en stel die vraag of die "old-lady-like gentlemen" ('n neerhalende verwysing

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na die kerkleiers) hulle nie maar net by kerksake kon bepaal nie en of daar aan die inwoners nie meer vryheid toegeken kon word nie (M.A. I8a: Hoogge= regshofsaak voor regters Cloete en Watermeyer, 2 Aug. 1866; The Cape Argus, 4 Aug. 1866; The Cape Standard, 26 Maart 1867; 28 Maart 1867). Ook in The Cape Standard het iemand onder die skuilnaam "Viator" geskryf dat die sendelinge die inwoners uitbuit en dat die opsieners net 'n klomp ja-broers is wat die opdragte van die sendelinge uitvoer (The Cape Standard, 14 Febr. 1867).

12.2 Opposisie: Titus Vergele en andere

In Augustus 1850 het een van die inwoners, Titus Vergele, 'n brief aan sy vriend Johannes Jass geskryf waarin hy aan hom meegedeel het dat hy in die Kaapse Stadsbiblioteek navorsing gedoen het en tot die gevolgtrekking gekom het dat die sendingstasie aan die Khoi behoort. Hy versoek sy vriend om alle regdenkende Genadendallers byeen te roep sodat hulle vir hulle regte kon opstaan (M.A. I4d: Brief van Titus Vergele aan Johannes Jass, 1 Aug. 1850; Bylaag nr. 8). Die gevolg hiervan was dat 'n deputasie van vier Genadendalse mans, Johannes Jass, Martin Janza, Petrus Abraham en Moses Fourie, op 19 Sept. 1850 persoonlik na Kaapstad gereis het om 'n memorandum by die Departement van Binnelandse Sake te gaan afgee. In die brief, wat deur 53 Genadendallers onderteken is, word genoem dat hulle almal in die grensoorloë help veg het en dat die owerheid hulle teen vyandiggesinde boe= re moes help beskerm aangesien die Sending nie bereid is om hulle by te staan nie. Daar was blykbaar sprake dat die boere die grondgebied van Genadendal wou inneem.

"They conceive it to be an extreme hardship to be compelled to endure the tyranny of the White man and to be excluded from all protection of the Go= vernment merely on account of the colour of their skin, considering that they have performed their duty to society as well at least as any of that class of people" (M.A. I4e: Memorandum of Abrahams and Co., 24.9.1850).

12.3 Kommissie van ondersoek

In dieselfde jaar het die sendelinge 'n brief aan die goewerneur, Sir Harry Smith, gerig waarin versoek word dat die owerheid ondersoek instel hoe nuwe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wetgewing die regte van die inwoners kon beskerm (M.A. I4c: Brief van sen= delinge aan Sir Harry Smith, 15.11.1850). 'n Kommissie van ondersoek is in 1851 aangewys. 'n Voorstel is gemaak dat die sendingstasie as vryerfpag= grond en in trust aan die Superintendent van die Morawiese Kerk vir gebruik deur die inwoners gegee moes word (M.A. I4d: Brief van Charles Bell aan Koloniale Sekretaris, 26.9.1851).

Na die kommissie se ondersoek en aanbeveling is lank in die Parlement gede= batteer oor watter wetgewing toegepas moes word. Tydens die sitting van 1854 het die lid vir Caledon, C. Fairbridge, voorgestel dat die sending= stasie in erwe opgedeel en as vryerfpag aan die inwoners gegee word. Aan= gesien hierdie maatreël sou meebring dat die sendingstasie sy status as 'n geslote gemeenskap verloor, het die meeste inwoners daarteen gepetisioneer. Alle ander pogings om die inwoners te oorreed om 'n munisipaliteit met 'n staatskool te aanvaar, is verwerp. Sommiges wou ook twee dorpenaars saam met die Superintendent as trusthouers hê, maar die meeste inwoners het vir die Superintendent as alleentrusthouer gestem. Nadat Genadendal in Nov. 1857 deur die landmeter J.A. Kuys uitgemeet (5 644 morg en 389 vierkante roede) en op kaart gebring is, het die Wetgewende Raad op 15 Feb. 1858 die sendingstasie in trust aan superintendent Kölbing gegee (sien Bylaag 9).

Die ou regulasies met 'n paar amendemente is aanvaar. Desnieteenstaande dat die dorp as 'n konsessiestasie ("grant station") met 'n paar nuwe re= gulasies bestuur is, kon die Sending nie oortreders met uitsetting straf nie omdat die reëls nie as landswette beskou is nie (Krüger 1966:257-260). "Zelfs de magistraat kan zoo ver niet gaan en is onbevoegd, om over grond= bezit geheel te beslissen. Dit kan slechts het hoogste geregtshof, maar de onkosten daaraan verboden, beloopen meer dan deze tuinen waard zijn, of dan de Hottentotten betalen kunnen, en zoo doende komen zulke twistgeding= en nimmer tot een goed einde" (Berichten:1857:105).

12.4 Buitestaanders

'n Ander probleem waarmee die sendelinge gedurig te kampe gehad het, was "weinig jonge boeren uit den omtrek" wat stilletjies in die nag na die sendingstasie gekom het en hulle aan onsedelike gedrag skuldig gemaak het (Berichten:1857:104).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die nuusblad The Cape Standard het groot kritiek teen die opset van die sen= dingstasie gehad en het nie sin daarin gesien dat die inwoners van blankes geskei moes word nie. Volgens die genoemde koerant het hierdie skeiding tot groter wrywing tussen die verskillende rassegroepe bygedra. Daar is vir groter integrasie en kommunikasie gepleit (30 Maart 1867).

12.5 Drankmisbruik

In 1850 is 'n "brandewijnkroeg" in die nabyheid van Genadendal geopen. Hoe= wel 574 inwoners 'n petisie teen die drankhandelaar onderteken het, is die lisensie nie deur die Caledonse lisensiehof ingetrek nie. Sommige inwoners het in die versoeking geval en selfs besope in die openbaar verskyn - iets wat voorheen nooit in Genadendal voorgekom het nie (Berichten: 1852:60 & 72; P.A. 1851:197 & 198).

Aan die anderkant was daar ook diegene wat op ongeoorloofde manier wyn bekom of verkoop het. In 1850 het die sendelinge vasgestel dat 'n inwo= ner sy huis aan 'n Caledonse winkeleienaar verhuur het. Behalwe kruide= niersware het hy 'n soort "asyn" verkoop wat die mense dronk gemaak het (M.A. I4d: Brief van Kölbing aan Prokureur-generaal, 7 Jan. 1856). Teen 1866 is twee kantiene in Greyton, wat aan Genadendal grens, gelisensieer. Die sendelinge het alles in hulle vermoë gedoen om die mense teen drank= misbruik te waarsku. Die onderwyser Ezekiel Pheiffer is gereeld gevra om die gemeente toe te spreek en hulle teen die drankeuwel te waarsku (Particulars, Des. 1964:12-13). Twee groot plakkate, De drank en Wat zegt God van den drank, is deur die Genadendalse pers gedruk om die ge= vare van drankmisbruik onder die aandag van die mense te bring (Genadendal-Museum).

12.6 Polisie

Na aanleiding van klagtes deur die boere dat die sendingstasie skuilplek aan wetsoortreders bied, het die owerheid besluit om 'n polisieman in Ge= nadendal aan te stel. Die sendelinge het een van die inwoners, Johannes Ruiter, vir die amp voorgestel (Krüger 1966:243). Ruiter, wat in 1814 'n lid van die Genadendalse gemeente geword het in byna alle grensoorloë ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

veg het, was 'n messelaar van beroep - "his honesty, superior intellect, and resolution, secured him general obedience and esteem". Hy is in 1849 as konstabel teen 'n salaris van 2 sjielings per dag aangestel. Die boere in die kontrei was bitter ontevrede dat een van die inwoners in dié hoedanig= heid sou dien. Hulle het 'n petisie opgestel waarin hulle die owerheid versoek het om 'n blanke konstabel wat nie onder die invloed van die Sen= ding gestaan het nie, aan te wys. Die gevolg was dat Ruiter se dienste na vier maande beëindig is en hy deur 'n blanke konstabel vervang is (P.A. 1853: 350; The Cape Argus, 4 Okt. 1859).

Dit het later duidelik geword dat die boere se vrees daarin gelê het dat hulle later ook miskien onder "Hottentot field-cornets, acting under the or= ders of Hottentot justices of the peace and Hottentot magistrates" sou moes staan (The Cape Argus, 4 Okt. 1859).

Die blanke konstabel wat in die plek van Ruiter aangestel is, se gedrag het veel te wense oorgelaat. Volgens die sendelinge het hy geen voorbeeld aan die inwoners gestel nie (Krüger 1966:243). Die inwoners het ook meer uit= tartend begin optree en die opsieners wat deels verantwoordelik was vir die handhawing van orde, het hulle gesag begin verloor (P.A. 1851:27).

12.7 Buitestasies/preekplekke

Behalwe die aangrensende buitestasies, Voorstekraal en Boschmanskloof, was daar ook verdergeleë preekplekke wat deur die Genadendalse sendingstasie bedien is.

12.7.1 Kopjeskasteel

Kopjeskasteel, vandag bekend as Brakfontein, is naby Riviersonderend geleë. Dit was voorheen 'n beesplaas van 'n landdros van Stellenbosch wat dit later aan sy Duitse voorman, Petrus Klink, bemaak het. Klink wat met 'n bruin= vrou getroud was, het op 17 Nov. 1839 die Genadendalse sendelinge toegelaat om in die groot graanskuur 'n diens vir die plaasarbeiders te hou. Van toe af het dit 'n gereelde preekplek geword (Krüger 1966:189; P.A. Maart 1840: 171). In 1841 is 'n klein kerkgeboutjie opgerig en sedert 1845 is een van die pionier-onderwysers, Josua Plessis van die Genadendalse Opleidingskool,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as leerkrag aangestel. Hy is later deur Frederik Armoed opgevolg. Die werk is egter in 1865 gestaak. Die plaas is toe verkoop en die familie Klink het na Genadendal verhuis (Krüger 1966:253 & 272; Schmidt s.j.:117).

12.7.2 Bosjesveld

In die distrik Robertson was daar vier preekplekke op verskillende plase. Daar is na dié kontrei as die Bosjesveld verwys. Om daar te kom moes die leraar en sy metgeselle, wat gewoonlik die studente van die Opleidingskool was, oor die berg voetslaan (P.A. 1851:78; 1854:93; Particulars, Des. 1853:1).

12.7.3 Twistwyk

Op versoek van die eienaar van die plaas Twistwyk naby Riviersonderend is 'n nuwe preekplek in 1850 daar begin. 'n Kerkgebou is op 21 Aug. 1853 in= gewy. Verskillende onderwysers wat hulle opleiding in die Genadendalse Op= leidingskool ontvang het, het hier diens gedoen. Die eerste was Petrus Beukman, opgevolg deur Michael Balie en later Nikolas Oppelt, Nathan Jager en Pieter Pheiffer. Na die Anglo Boereoorlog (1899-1902) het die verhou= ding tussen die blankes en bruinmense versleg. Die bruin arbeiders is deur blanke bywoners vervang met die gevolg dat die werk beëindig is (Schmidt s.j. (a):117).

12.7.4 Tygerhoek

Soos in die geval van Twistwyk het die eienaars van die plaas Tygerhoek, wat daar naby geleë was, die sendelinge versoek om die plaaswerkers te bearbei. Die Vigne-susters, dogters van die voormalige eienaar van die plaas, het in 1884 'n kamer vir die kerkbyeenkomste laat bou. Die werk is in 1904 gestaak, maar sou later weer hervat word (Schmidt s.j.(a):117).

12.7.5 Berea

Om die inwonertal van Genadendal te verminder, is wes van die sendingstasie en nog steeds binne die grense van Genadendal 'n groot buitestasie aangelê

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat later as Berea bekend sou staan. Inwoners van Genadendal is vroeër jare nie toegelaat om in hierdie vallei met sy vrugbare tuingrond te woon nie. Die eerste tuin- en huiserwe is op 25 Aug. 1864 uitgedeel. 'n Kerk en pas= torie is die volgende jaar voltooi en die sendeling B. Marx is as voorstaan= der van die werk beroep. Teen die einde van 1865 het die inwonertal op 49 gestaan. Die families April en August het onder die eerstes getel. In 1866 is ook 'n skool gebou en verskillende oudstudente van die Genadendalse Opleidingskool kon hier diens doen. Onder hulle was Willem West, Ernst Jonas, Nathan Jager, Josef Nakin, Mattheus Groenewald, Rudolf Balie en Frederik Adams. Die trek van Genadendalse gesinne na Berea het stadiger geskied as wat die sendelinge verwag het. Teen 1870 was daar slegs 70 inwoners in Berea (Krü= ger 1966:287; Schmidt 1955: pamflet).

Bosjesveld-preekplek geskets deur J. Nakin (Particulars, 22 Des. 1853).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13. UITBREIDING EN VERBETERING

13.1 Kerkplein

Bouwerk wat op die kerkplein plaasgevind het, was hoofsaaklik die verbete= ring en uitbreiding wat aan die bestaande geboue aangebring is. Die lo= sieshuis is in 1845-46 vergroot (M.A. Schmidt s.j.: Sketsplan). In 1847 is 'n konsistorie aan die oostelike sy van die kerk gebou. Sitplekke is in die oop spasie onder die galerye aangebring en die dik steenpilare wat baie plek in beslag geneem het, is deur stewige ysterhoutpilare vervang. Al hierdie werk is uitsluitlik deur die ambagsmanne van die dorp gedoen (P.A. 1847:183).

'n Bykomende slaapsaal, sangkamer, siekekamer en woonkwartier vir 'n onder= wyser is in 1858 aan die agterkant van die Opleidingskool gebou (P.A. 1859: 39). 'n Derde vleuel is in 1879-80 aan die laer skool gebou sodat dit toe 'n U-vorm gekry het. 'n Bykomende kleuterskool is op 24 Maart 1885 inge= wy (M.A. Schmidt s.j.: Sketsplan).

Behalwe die uitbreidings aan die geboue, het die sendelinge ook 'n aantal huise en tuine gekoop van die inwoners wat aan die kerkplein gegrens het, bv. dié van Christian Reitz (1863), Ezechiel Pheiffer (1875), Rudolf Balie (1880) en Pieter Pheiffer (1885) (M.A. Schmidt s.j.: Sketsplan).

Die bestaande begraafplaas van die gemeente het later te klein geword sodat 'n nuwe in 1873 aan die oostekant van Baviaansrivier teen die berghelling aangelê is. Van die kerk is 'n eikelaan van ongeveer 300 tree na die be= graafplaas aangeplant. 'n Ringmuur met 'n poort met 'n houtboog waarop die woorde verskyn: "Mij vleesch zal ruste in hoop" en "Ik leef en gij zult leven" is aangebring (M.A. Schmidt s.j.: Sketsplan).

13.2 Dorp

Die voorkoms van die sendingstasie het 'n gunstige indruk op besoekers ge= maak. Voor elke woning was 'n prieël en 'n vyeboom (Backhouse 1844:97; Baynes 1843:50). Die besoeker Sir Jahleel Brenton het opgemerk: "Remin=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ded us forcibly of those affecting descriptions of the pastor and his flock in the wild and mountainous parts of Scotland, to which the Presbyterians had been driven in that country in the days of persecution" (Brenton 1846: 502). Sommige armes se huisies was maar 4 x 2 "skrede" groot (P.A. 1857: 47).

Toe daar na die vrystelling van die slawe in 1838 'n groot inwonertoename op Genadendal was het die sendelinge die nuwe intrekkers aangemoedig om muurhuise te bou. Om dié rede het hulle aan diegene wat so 'n huis sou oprig, 'n subsidie van £1.17s.6d. toegeken (P.A. 1843 Des. 1843:462). Teen 1847 was daar 260 huise en 217 hutte in die dorp (Nachrichten nr. 2, 1849; Backhouse 97). Mettertyd het die byekorftipe hut heeltemal verdwyn (P.A. 1846:269) en teen 1875 was daar reeds 482 muurhuise (P.A. 1875:397). 'n Inwoner kon as kieser registreer indien sy huiswaardasie £25 of meer was (The Cape Argus:1859). In 1859 het die hof gepaal dat 340 kiesers van die lys geskrap sou word omdat hulle huise minder as £25 werd was. Volgens 'n verslag in The South African Advertiser and Mail was daar 400 goeie woonhui= se in Genadendal (15 Nov. 1862:3).

Die witgekalkte mure was betreklik dik en die vertrekke ruim. Die grond= vloer is met beesmis gesmeer en die plafon was van ruwe balke waarop riete en 'n kleilaag gelê is. Die meeste huise het strooidakke en 'n solder ge= had waar landbougewasse gebêre is. Gordyne is in die plek van binnedeure gebruik.

In plaas van glasvensters het houtluike voorgekom (Gordon 1927:102,103 & 110). Die kombuis het 'n groot vuurherd gehad. Die huisbewoners was lief om ge= durende die koue aande in die vuurherd te sit (P.A. 1862:285).

Indien iemand sy huis wou vergroot, moes hy sy planne aan die sendelinge voor= lê. Daar is ook van elke huisbewoner verwag om sy huis "zindelijk, schoon en in goede reparatie te houden, zoowel van binnen als van buiten" (Gemeente ordeningen 1878:5). Tydens Lady Duff Gordon se besoek in 1862 het sy die volgende opmerking gemaak: "They are also far cleaner in their huts than any but the very best English poor" (Gordon 1927:106). Geen oorbewoning is toegelaat nie. "To think of the squalor and dirt and vile odours of the re= sidence of the poor in Cape Town, and even of those in other countries, and

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

to look at the cottages of the poor in Genadendal is quite a relief, and one must pronounce the Institution a decided success" (The South African Advertiser and Mail 15 Nov. 1862:3).

13.3 Brug

Die Genadendalse brug was die eerste stewige brug in die Kolonie en tot in 1837 die enigste brug oor die 70 myl lange Sondereinderivier - van die voet van die Franschhoekberge tot waar dit in die Breërivier uitmond. Aangesien reisigers hulle waens oor die brug moes stoot en die perde afsonderlik moes oorlei, het die sendelinge beplan om die houtoorgang met beton te vervang. Om hierdie groot werk te onderneem, sou groot kapitaal van die Sending verg. 'n Spesiale subskripsieboek is in die Genadendalse losieshuis geplaas en elke besoeker is gevra om 'n geldelike bydrae te maak. Vir sommige gaste was dit 'n onbegonne projek en iemand het selfs die kommentaar "it is all nonsense" in die subskripsieboek geskryf (M.A. I6b: Subskripsieboek: Genadendal brug).

Deur 'n skenking van baron Von Ludwig is 'n steg (d.w.s. 'n aanloop) van die pad na die brug gebou (Schmidt s.j.(a):145). Die eerste groot herstelwerk is in 1841 onderneem. Om al die balke en dwarslêers te vervang, is 130 mans in diens geneem om in die diep bergklowe bome te vel, haaks te saak en te kap en na die brug te vervoer. Omdat hulle vir 'n paar dae in die berg werksaam was, is 'n spesiale kerkbyeenkoms daar vir hulle gereël (P.A. Sept. 41:472). Dit was egter nie die ideale oplossing nie omdat vloedwaters feitlik elke jaar groot skade aan die brug berokken het (P.A. 1856:119). In 1861 is 'n duisend vrag klip aangery om die nodige herstelwerk te doen. Die totale koste het £100 beloop wat deur die inwoners en boere in die kontrei bygebring is (P.A. 1861:140). In 1863 is verdere verbeterings aangebring. Toe die palmiete in 1875 uitgekap is, het die vloedwaters die eerste pilaar aan die Genadendalse kant meegesleur. Die palmiete het voorheen die sterk vloei van die water in bedwang gehou. Baie water sou nog na die see vloei voordat die Genadendalse brugbouers in hulle eintlike doel sou slaag om die vloedwaters te tem (Schmidt s.j.(a):145).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

14. OPVOEDING

14.1 "Juvenile school" (Primêre skool)

in 1856 het eerw. B. Marx 'n skoolhandleiding, Onderwijs en lessen ten ge= bruik voor schoolen, opgestel en die monitorstelsel wat in Britse skole toe= gepas is en wat as die "Borough Street"-stelsel bekend gestaan het, ingevoer. By die bestaande vakke (Bybelgeskiedenis, lees, skryf, reken en aardrykskunde) is ook tekenkuns gevoeg (P.A. 1856:123). Waar daar voorheen 'n groot getal leerlinge van verskillende ouderdomsgroepe terselfdertyd onderrig is, kon die skool nou in afsonderlike klasgroepe verdeel word. Van die knapste leerlinge is as monitors aangestel wat met die onderwys moes help. Voor 1873 is die meisies en seuns afsonderlik onderrig (Schmidt 1914:12). Die skool is in drie afdelings verdeel en elke afdeling het spesifieke lesse op 'n bepaalde leerwyse aangebied, t.w. galery-onderwys, klasgroep-onderwys en tafel-onder= wys (Marx 1856: Onderwijs).

14.1.1 Galery-onderwys

Die sendeling Kühn het 'n houttrap wat die voorkoms van 'n miniatuur-paviljoen gehad het en waarop sestig leerlinge kon sit vir een van die lokale gemaak. Dit was bekend as die galery. Die leerlinge het nie boeke ontvang nie, maar moes aandagtig en met gevoude arms na die onderwyser luister. Wanneer vrae aan hulle gestel is, moes die hand opgesteek word. Daar is verwag dat hulle meer as net "Ja" of "Nee" moes antwoord. Die belangrikste vak was Bybelon= derrig. Die betrokke Bybelverhaal is aan die leerlinge voorgelees en die moeilike begrippe en woorde verduidelik. Die sedeles wat uit die verhaal voortspruit, is dan op die tydgenootlike lewe toegepas. Leerlinge is gevra om aan die einde van die les die verhaal oor te vertel.

In die aardrykskundeles is aan die leerlinge 'n beskrywing van die betrokke land, sy mense, hulle bedrywe en produkte gegee. Nadat die leerlinge leer optel, aftrek, deel en vermenigvuldig het, is probleme met breuke en geldeen= hede aangepak.

Die leerlinge is ook geleer om hulle gedagtes in woorde uit te druk. Hier=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die vak was bekend as "Denkoefeninge". Enige voorwerp is geneem en die kind is dan gevra om 'n beskrywing daarvan te gee en te sê waarvoor dit gebruik word.

14.1.2 Klasgroep-onderwys

Die leerlinge is hier in vyf groepe verdeel en het in 'n halfsirkel rondom die monitor gestaan. Agter, teen die muur, was 'n skryfbord, ook bekend as die "zwarte tafel", waarop die monitor die moeilike woorde kon verduidelik en voorbeelde van rekenkundeprobleme kon uitwerk. Gedurende die leesles is leer= linge geleer hoe om self die les in die Bybel op te soek. Eers wanneer daar goeie vordering met die Nederlands gemaak is, is Engelse leeslesse aangebied. Die spelles het gevolg nadat leerlinge kon lees. Wat die rekenkundeles be= tref, is die klem veral op tafels laat val. Eenvoudige probleme wat uit nie meer as vyf syfers bestaan nie, is op leie uitgewerk.

14.1.3 Tafel-onderwys

Een of twee monitors is ook hier aangestel om toesig oor die skrif en teken= werk van die leerlinge te hou. Die kleiner kinders is geleer om letters op leie te vorm terwyl die groter leerlinge in boeke geskryf het. Die monitor moes toesien dat elke kind sy eie skryfmateriaal het. Potlode moes lank ge= noeg en skerp wees en die monitor moes "hen gedurig over ieder leelyke letter berisp". Wat die tekenles betref, is reglynige figure sonder die hulp van "lynstokken" geteken.

14.1.4 Skooldissipline en tug

Die skool is deur strenge dissipline gekenmerk. Geeneen is toegelaat om te praat of om sonder toestemming rond te beweeg nie. "Order en tucht in eene school is volstrekt noodig, zonder deze is het onmogelyk school te houden." Absolute gehoorsaamheid is verlang. Die sendelinge het geglo dat dit slegs geopenbaar kon word indien die leerlinge 'n liefde vir God en sy gebod aange= kweek het. Daar is streng teen "onzedelyke woorden en gedrag" opgetree. Net die prinsipaal (Leraar) kon straf toe pas. Indien 'n leerling ligsinnig was of onnodig gepraat het, is hy deur die monitor na die straflyn gestuur waar op die leraar gewag moes word om hom te straf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer die skooldag begin het, het al die kinders in die galery-afdeling ver= gader. Nadat 'n gesang gesing is, is die opdragte kort en saaklik deur die prinsipaal in Nederlands en Engels aangekondig.

Hele school op!	Whole school up!
Vouw de handen!	Fold hands! ('n gebed word nou gedoen)
Zit!	Sit down!
Galerei vouw armen!	Gallery fold arms!
Vormeer klasse!	Form classes!
Geef boeken uit!	Give out books, slates, pens!
Trek voorhang toe!	Close curtains! (tussen verskillende afdelings was gordynafskortings)
Begin!	Begin!

Hierna is met alle erns begin werk. Na elke sessie is die klok gelui en die= selfde kort bevele het gevolg: "Stop!", "Beweeg!", ensovoorts. Die leer= linge het dan beweeg soos die pyltjies op die plan aantoon (Marx 1856: Onder= wijs; Sien ook meegaande sketsplan).

14.1.5 Skoolbywoning

Die swak ekonomiese toestande wat teen die tweede helfte van die 19de eeu inge= tree het, het ook die bywoningsyfer laat daal omdat baie kinders, veral die seuns, vir hulle ouers moes gaan werk, soos die volgende tabel aandui:

	Meisies	Seuns
1853	203	192
1863	227	223
1873	184	123

(M.A. III5b: Skoolstatistieke; P.A. 1853:26).

Dit was veral opvallend dat baie van die groter seuns gedurende ploegtyd af= wesig was. In 1863 het bv. 52 seuns en 19 meisies minder as tien dae die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Sketspilan van skool.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skool bygewoon. Die onderwyser Petrus Beukman het dit toegeskryf aan armoe= de en dat die betrokke kinders nie klere gehad het om aan te trek nie (M.A. I6d: Protocol skoolkonferensie, Mei 1863). Uit die 374 ouers wat kinders op skool gehad het, het net 75 hulle skoolgelde betaal (M.A. III5b: Skool= statistieke, 1863).

14.1.6 Skoolrooster en eksamens

Voor 1873 is die meisies in die oggend en seuns in die namiddag onderrig. Die skoolweek het oor vier dae gestrek en die skooldag het drie uur geduur. Die meisieskool het om 9 vm. begin en 12-uur verdaag. Die seunskool het 1 nm. begin en om 4 nm. verdaag. In 1863 het die skoolkonferensie voorgestel dat daar voortaan ook op 'n Woensdag skoolgehou moes word (M.A. I6d: Protokol skool= konferensie, Aug. 1863).

Nadat 'n kind van die kleuterskool na die "juvenile" skool bevorder is, moes hy in klas III begin. Soos hy vordering maak en sy eksamens slaag is hy in 'n hoër klas, nl. klas II, en later klas I geplaas. Dit was belangrik dat 'n kind goed kon lees voordat hy na 'n hoër standerd gaan (M.A. III5b: Skool= statistieke, 1862). In 1863 is besluit om die eksamens van die drie skole (seuns, meisies en kleuters) op drie agtereenvolgende Sondae af te neem sodat die ouers ook die geleentheid kon kry om dit by te woon. Die vyf briljantste leerlinge van elke skool het spesiale pryse ontvang terwyl rosyne en lekkers aan die res uitgedeel is (M.A. I6d: Protokol Skoolkonferensie, Sept. 1863).

14.1.7 Hand- en leesboeke

'n Groot verskeidenheid hand- en leesboeke is gebruik. Leesboeke soos Brave Hendrik, Traue Maria, Mensch en dier, Johannes Eliot, Raadgevingen, Nu kan ik lezen, Step by step, Second reading book is gebruik. In die aardrykskundeklas is Kölbing se handleiding en J. Cornwell se Geography for beginners gebruik en in die rekenkundeklas is die Arithmetic primer gebruik.

Gedurende 'n Sendingkonferensie vir die Rynse, Morawiese, Lutherse, Gerefor= meerde en Independent Kerk wat op 3 en 4 Mei 1865 gehou is, is besluit om 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kommissie aan te stel om 'n geskikte Nederlandse leesboek wat oor "de geschie= denis, de natuurkunde van Zuid Afrika, de Algemene Geschiedenis, de Natuurkun= de en dergelijke onderwerpen" sou handel, saam te stel (Het Volksblad 16 Mei 1865). In 1868 is die boek onder die titel Het Volksleesboek deur J. Juta teen 2s.6d. in Kaapstad uitgegee. In 'n resensie skryf Eickhoff, 'n Duitese kenner en versamelaar van boeke, dat dié boek goed vergelyk het met Duitse leesboeke (De Bode 1868:40).

Hierdie boekie het saam met 'n ander leesboek Benigna van Groenekloof, wat deur H. Marais in Kaapstad gedruk is, belangrike leesboeke gedurende dié tyd in die skool geword. Benigna van Groenekloof wat gehandel het oor 'n bruin= vrou se Christelike ondervinding in Mamre is deur sendeling Bechler geskryf (De Bode 1873:4).

'n Derde skoolboek wat deur Sendinginisiatief uitgegee is, was Beknopte spraakkunst der Nederlandsche taal. Die Educational Times het soos volg daaromtrent geskryf: "This is emphatically a good book, and a credit to the Institution that sends it forth" (De Bode 1887:8).

14.1.8 Sangonderrig

Die sendeling Kühn het ook 'n skoolboekie met rympies en sangstukkies saamge= stel. Die Morawiese gesangboek en The Training school song book en die Zang= vriend, wat plaaslik gedruk is, is tydens sanglesse gebruik. Die leerlinge is geleer om na gehoor en vanaf solfanotering te sing. Ligte een- of twee= stemmige liedere is geleer. Daar is van vioolbegeleiding gebruik gemaak. I.p.v. die gewone notering, is die note genommer van 1 tot 8. Die klem het hoofsaaklik op die aanleer van kerkgesange geval. In die tydskrif vir kin= ders, De Kindervriend is kinderliedere gedruk wat ook in die skool gebruik kon word. Soos die sangonderrig gevorder het, is later ook drie- en vierstemmige liedere geleer (M.A. III5b: Skoolstatistiek; I6d: Protokol Skoolkonferensie).

14.1.9 Ander

Behalwe die gewone skoolboekevoorraad, het die goedtoegeruste biblioteek ad= disionele leestof gebied, "it is as cheerful a reading room as is to be found anywhere in the extensive dominions of her Majesty" (P.A. 1840:169; 1856:11; 1857:334).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die boekevoorraad is gedurig aangevul. In 1848 is boeke van 'n geskied= kundige aard en lewensbeskrywings aangevra (Berichten 1848:125). Vir Bybel= geskiedenis en natuurleeer is prente gebruik om die lesse te illustreer (M.A. III5b: Skoolstatistiek; P.A. 1858:456).

14.1.10 Skoolbestuur en leerkragte

Die beheer van die skool het onder die "Skoolkonferentie" geval. Hierdie beheerliggaam het uit manlike leerkragte van die skool bestaan. Hulle het maandeliks vergader om skoolsake soos bywoning, boeke, skoolrooster, eksa= mens, ens., te bespreek. Voorstelle en aanbevelings is aan die Helpers= konferensie voorgelê wat op hulle beurt finale uitsluitsel gegee het.

Die sendelinge Kühn, Bechler, Marx, Hettasch, Hickel, Klinghardt, Brauer en Ballein het almal as leerkragte opgetree. Uit die plaaslike gemeente was E. Pheiffer, P. Beukman en Karl Uys van die eerste opgeleide onderwysers wat diens in die skool aanvaar het. Behalwe die monitors het die "skool= ayas" Mathilda Plaizier en Henriette Windvogel ook in die skool gehelp. In 1862 het die onderwysers 'n salaris van £35 p.j. ontvang terwyl die "skool= ayas" met £2.10s. vergoed is (M.A. I6d: Protokol Skoolkonferensie; II5b : Skoolstatistiek).

Die skool is as 'n graad I-skool geklassifiseer en het 'n subsidie van £75 van die staat ontvang (Krüger 1966:268).

14.2 Opleidingskool

Die Opleidingskool Genadendal was 'n belangrike opvoedkundige sentrum van die Morawiese Kerk. Al die kerkwerkers en voornemende leraars is hier opgelei. Tydens dr. Langham Dale, destydse Superintendent-generaal van Onderwys in die Kaapkolonie, se besoeke in 1863 en 1864 was hy die mening toegedaan dat die Opleidingskool tot 'n groter inrigting kon groei om so= doende 'n wyer gebied te bedien. Die owerheid sou bereid wees om groot finansiële steun aan die inrigting toe te sê mits die medium van Onderrig Engels sou wees en die doserende personeel met blankes vervang word. Die kerk het die voorwaardes onaanneemlik gevind en maar op eie houtjie voort= gesukkel (Verslag i.s. Kleurlingbevolking 1937:353-354).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Knap en leergierige jong seuns tussen die ouderdomme van 12 en 17 jaar is toegelaat om 'n deeglike onderwyserskursus te volg. Vir die losies, klere en opleiding wat hulle ontvang het, moes die ouers £1.6.0 per maand vooruit betaal (De Bode 1861:3). Studente van verskillende sendingstasies is op= geneem. In 1855 was daar twee studente van die Berlynse Sendingstasie Bethel, drie van Clarkson, twee van Enon, twee van Mamre en vyf van Gena= dendal (P.A. 1855:469). Die getal studente, wat nooit meer as 22 was nie, is later as gevolg van die swak ekonomiese toestande in die laat 19de eeu op agt beperk (Krüger 1966:177). Die vakke waarin die studente besonder goed gevaar het, was Bybelgeskiedenis, algemene geskiedenis, aardrykskunde en musiek. Hulle het minder belangstelling vir tale en wiskunde getoon (P.A. 1864:270). Sommige studente het so goed in tekenkuns gevaar dat die sendelinge hulle werk oorsee gestuur het. 'n Afdruk van 'n tekening van Johannes Nakin het in 1853 op die voorblad van die Londense tydskrif, Par= ticulars of Intelligence verskyn (P.A. 1853:507;. 1854:93).

Smiddae is verwag dat die studente hulle met praktiese werk besig moes hou. In die dorp was daar skoenmakers, kleremakers en skrynwerkers wat die stu= dente in die diens geneem het om hulle die betrokke ambagte te leer (P.A. 1856:12). Met die installering van die drukpers is sommige ook in die druk= kersbedryf opgelei.

Die sendelinge het die studente gereeld op uitstappies na die veld en berg geneem. Van die bekende piekniekplekke wat besoek is, was Wonderklippe.

Musiek het 'n kardinale deel van die leerplan uitgemaak. Die studente is verplig om een of ander musiekinstrument te bespeel sodat hulle as orrelis= te en koorafrigters in die verskillende gemeentes kon optree. Viool, orrel, klavier en basuin was van die belangrikste instrumente (Krüger 1966:279). Kort na die opening van die Opleidingskool is 'n aantal basuine na Genaden= dal gestuur. Die eerste afrigter van die blaasorkes was die sendeling Luttinghauser (Berichten 1839:119).

Die eerste skryk- en blaasorkesuitvoering is tydens die Paasfees van 1856 gegee. Op hierdie dag is die "Anthems" van Latrobe deur die sendelinge Kühn (eerste viool) en Marx (skuifbasuin) en drie studente (alto- en tenoor= gedeeltes op die viool) uitgevoer. Dit het 'n gereelde instelling geword

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om sulke uitvoerings tydens feeste te gee. Die sendeling A. Bauer het die studentekoor afgerig en het Handel se "Hallelujah" uit die Messias tydens die Paasfees van 1861 gesing. 'n Musiekkonsert is gedurende Augustus 1869 gehou. Kaartjies is teen 6d. elk verkoop en 'n bedrag van £10 is geïn wat aangewend kon word om nuwe basuine aan te koop (P.A. 1870:415).

Die jaarlikse eksamen is gedurende Desember afgelê. Afgesien daarvan dat hulle in alle vakke getoets is, moes hulle gedigte in Nederlands, Engels, Duits en in 'n swart taal voordra. Met die geskiedenistoets het dit ge= woonlik baie goed gegaan "waarbÿ het mij eigenaardig was, deze jongelingen van Napoleon, enz. te hooren spreken, als of de kennis dier zaken met regt hen toekwam en ik mij in het examen eener school in Europa verplaast dacht" (De Bode 1861:2; 1862:5). Bo en behalwe al die kennis wat die studente in die Opleidingskool bekom het, was dit vir die sendelinge belangrik dat hulle "vooral in hunne harten door den Heiligen Geest geleerd worden en door diens genadig werking tot nieuwe menschen herboren, in het ware geloof aan Jesus Christus bevestigd worden" (De Bode 1861:2-3).

Teen 1888 het reeds 125 studente hulle opleiding hier ontvang waarvan 69 as onderwysers en 19 as leraars aangestel is; 6 het gedurende die tyd van op= leiding gesterwe terwyl 10 op daardie oomblik in opleiding was (De Bode 1888: 44). Die eerste swart leerkragte wat hulle opleiding voltooi het, was Jo= hannes Nakin en Samuel Mazwi (Krüger 1966:249).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15. KERKGELOOF EN FEESTE

15.1 Kerkgeloof

Met die vrystelling van die slawe is Genadendal met aansoeke om verblyf oor= val. Op 1 Jan. 1838 het meer as 600 mense in Genadendal aangekom. In 'n brief van 18 Jan. 1839 skryf Hallbeck: "We have fallen in with a mighty shoal of fishes, and as faithful fishermen, we will, by the mercy of our Lord, do what we can to assure as many of them as possible, perhaps many will, after all, make their escape" (P.A. Junie 1939:12-14).

Soos die inwonertal toegeneem het, het die geestelike lewe in die dorp ag= teruitgegaan sodat dit groot kommer by die sendelinge gewek het. "Met veler laauwheid en onverschilligheid hebben wij te strijden, en niet wei= nigen ook leven in zondige lusten en begeerlijkheden; terwijl zich hier en daar een geest van wederspannigheid en ongehoorzaamheid vertoont, die tot nog toe onbekend was" (Berichten 1846:25).

Die sendelinge het alles in hulle vermoë gedoen om die geestelike lewe van hulle gemeentelede op 'n hoe peil te hou. Honderde Bybels en Nuwe Testa= mente wat van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap ontvang is, is on= der die inwoners versprei (P.A. 1847:183; 1848:86). 'n Spesiale lees= skool vir bejaarde vroue wat vir hulle Bybels gekoop het, is deur mev. Hein= rich onderneem (P.A. 1849:244). Maandagaande is 'n Bybelstudie en 'n bid= uur ingestel (P.A. 1849:244 & 181). Gemeentelede is aangemoedig om hardop in die bidure te bid (P.A. 1862:336). Kerkbesoek, behalwe op feesdae, het egter vinnig afgeneem. Mense het die verskoning aangevoer dat hulle nie Sondagsklere gehad het om aan te trek nie. Die opsieners is ingespan om huisbesoek te doen met die spesifieke doel om mense aan te moedig om die kerk by te woon (P.A. 1867:182).

Lidmaatskapbevordering, bv. van doopkandidaat na belydende lidmaat na Nag= maalslid, het steeds streng volgens die "Spreek" geskied. 'n Spesiale spreekboek is in hierdie verband gehou (M.A. I7c: Spreekboek 1870; P.A. 1851:351).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die sendelinge skryf in hulle verslae: "It was made painfully evident to us, that there are still too many nominal members of our flock, who are in a state of lukewarmness or indifference to spiritual things" (P.A. 1843:462). Die vraag moes dikwels gestel word, "are they truly converted and gathered into the communion of saints" (P.A. 1857:333). Toe Lady Duff Gordon Gena= dendal besoek het, was dit vir haar baie opvallend dat alhoewel die kerk= gangers aandagtig gesit en luister het, hulle hoegenaamd nie verheug of be= indruk was deur wat die leraar gepreek het nie (Gordon 1927:105-106). Dr. Krüger, 'n voormalige biskop van die kerk, skryf dit toe aan wêreldgesinde mense wat met ander doelstellings en belange toegang tot die eens geslote gemeenskap gevind het (Krüger 1966:284).

In 1866 was die kerkgeld vir volwasse mans 6s. en vir volwasse vroue 4s. Diegene wat nie betaal het nie, se name is aan die einde van die jaar gepu= bliseer. Dit het groot botsing tussen die Sending en gemeente veroorsaak. In 1870 is 600 hul kerkreg ontsê met die gevolg dat 100 lidmate 'n petisie na die goewerneur gestuur het waarin hulle hulle verontregting bekend ge= maak het (Krüger 1966:278).

Die nuwe voorstaander, A.G. Hettasch, het in 1877 probeer om die vertroue van die inwoners te wen deur gereeld huisbesoek te doen en mense aan te moedig om kerkdienste by te woon. Kerklidmaatskap is weer herstel en die lidmaat= tal het skielik weer die 3 000-kerf gehaal (Krüger & Schaberg 1984:25-26).

In 1885 het 'n groot geestelike herlewing onder die kinders voorgekom. Na die Kinderfees was daar skielik 'n ernstige gees onder die kinders te bespeur. Gedurende die dae wat hierna gevolg het, het kinders oral in groepies byme= kaargekom om uit hulle Bybels te lees, te sing, hulle sondes te bely en te bid. Die herlewing was van so 'n aard dat die gewone skoolonderrig onder= breek moes word om aan die kinders die geleentheid te bied om hulle op gees= telike vlak uit te druk (P.A. 1885:410-411).

15.2 Feeste

Behalwe die gewone kerkfeeste is 'n hele aantal jubelfeeste in dié tyd gevier. 'n Jubelfees was gewoonlik die 50ste, 100ste, of 150ste herdenkingsjaar van 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besondere gebeurtenis in die geskiedenis van die kerk. Kerkfeeste soos Kers= fees, Nuwejaar, Paasfees, Kinderfees en Nagmaal (vier keer per jaar) was steeds die gewildste feeste en is deur groot getalle, inwoners sowel as besoekers, by= gewoon. "Large numbers of our Hottentot brethren en sisters, flocking home from their work, were accompanied by a multitude of farmers with their fami= lies, on horseback or in waggons." Dikwels was die bywoning van die feeste so groot dat 'n tweede diens in die groot skoolkamer moes plaasvind (P.A. 1847: 125; 1849:177; 1851:244; 1854:197). Omdat hierdie feeste gewoonlik saam met die ploeg-, oes- of skaapskeerseisoene geval het, was sommige van die boe= re nie juis gelukkig dat hulle plaaswerk onderbreek word nie en boonop het die arbeiders enigiets gedoen om die feeste by te woon (Krüger 1966:224).

Die Paasoggenddiens in die begraafplaas word deur die skilder G.F. Angas soos volg beskryf: "On a Sabbath morning the voice of Sacred song ascends from the rustic chapel, in the midst of its venerable grove of oaks, harmonising finely with the quiet seclusion of this beautiful spot. But it is on Eas= ter morn that Genadenthal presents a solemn and imposing scene. As the first rays of the rising sun gild the slopes of the Groeteberg and the Thunderberg, the brethren and sisters, together with the converts - the women arrayed in white - assemble in the secluded burial-ground, beneath the shade of the au= tumnal trees that overshadow it. And there, as the decaying leaves fall upon the graves of the loved and departed ones, they all, with one voice, sing the Easter Hymn. The clear, rich melody of their voices, echoing amidst the surrounding mountains, has an indescribable effect, which one can never forget; and they go on singing till the sun's slant rays fall on the rose= garnished graves at their feet, telling of the resurrection from the dead, and shining with a bright and happy light upon the inscription above the wooden gateway; although as you enter you read the words 'Sown in weakness', yet inside, where the sun shines, you mark legibly the word of hope 'Raised in power'" (Angas 1849:39).

15.2.1 Herdenking van die aankoms van die pioniersendelinge

Die herdenking van die aankoms van die eerste drie sendelinge, Marsveld, Schwinn en Kühnel, is op 24 Des. 1842 gevier. "De kerk was met bloemguir=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

landes versierd." 'n Spesiale oggendiens is gehou. 'n Liefdemaal waarty= dens grepe uit die geskiedenis van die vroeë sendingtyd vertel is, is in die namiddag vir alle Nagmaalgangers gereël. Agt inwoners wat nog die aankoms van die drie pioniersendelinge kon onthou, was teenwoordig. Tydens hierdie geleentheid het die privaatopgeleide onderwyser Ezechiel Pheiffer die koor= sang op die orrel begelei. Gedurende die aandbyeenkoms is die lied" Hosan= na" gesing (Berichten 1844:6-8).

15.2.2 Kerkjubelfees

Op 8 Jan. 1850 is die oprigting van die kerkgebou vyftig jaar tevore herdenk. Die kerk is met blommerangskikkings versier. Rondom die pilare en vensters is kranse van rankstruike gedraai. Twee teksverse, die Dagwoorde van 8 Jan. 1800, is voor teen die muur opgehang. In die oggend is 'n gedenkdiens gehou. Verslag van die sendingwerk vir die voorafgaande vyftig jaar in Genadendal is gegee. Tot op daardie oomblik is 2 058 volwassenes en 2 826 kinders, wat ook 77 kinders van die sendelinge ingesluit het, gedoop. 'n Kinderdiens is in die middag gereël en die dag is met 'n aandbyeenkoms afgesluit (Berichten 1850:119; P.A. 1850:377 & 379).

15.2.3 Sendingjubelfees

Op 13 Aug. 1882 is die sending van die eerste Morawiese sendelinge na die Wes-Indiese Eilande herdenk. Soos by alle ander jubelfeeste is die kerk ook met blomme, struike en palmtakke versier. Teen die mure is prente gehang wat die sendingwerk in Afrika, Noord-Amerika en Oos-Indië uitgebeeld het. Die opskrifte in groot rooi letters: "Looft den Heer, alle gij Heidenen!" en "Prÿst Hem, alle natiën" is bokant die deure gehang. 'n Spesiale gedenkblad is deur die Genadendalse drukkery uitgegee (De Bode 1882:42; M.A. III7b: Ge= denkblad, 21 Aug. 1882).

15.2.4 Kweekskooljubelfees

In die vroeë oggendure van 12 Sept. 1888 het die basuinorkes die vyftigste bestaansjaar van die kweekskool in die dorp aangekondig. Die getal "50" is met sewejaartjieblomme in groot syfers uitgebeeld en in die eetkamer van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opleidingskool gehang. 'n Spesiale oggenddiens, 'n groot middagete en 'n Liefdemaal in die namiddag is gereël. 'n Verslag oor die werk vir die voorafgaande vyftig jaar is by dié geleentheid gelees (De Bode 1888:44).

15.2.5 Huweliksjubelfees

In 1861 is 'n buitengewone huweliksherdenking van vyftig jaar, naamlik dié van die egpaar Jesaja Hardenberg, gevier. Dit was blykbaar die eerste jubelfees van dié aard, maar baie ander sou volg (P.A. 1861:145).

15.2.6 Oesdankfees

Gedurende die eerste week van Februarie is hierdie fees gevier. 'n Diens waar die Here vir die landbouopbrengste gedank word, is gereël. Die eerste fees is op 5 Feb. 1850 gevier en was "iets nuuts in de land. Vele blanken waren ook daarbij tegenwoordig" (Berichten 1850:21). Soms was die oeste nie baie goed nie, maar dit het nie beteken dat die fees gekanselleer of uitgestel kon word nie (P.A. 1863:38).

15.2.7 Feeste van verenigings

Elke jaar is 'n spesiale feesdag op die stigtingsdag van die onderskeie verenigings gereël. Verskillende verenigings soos die Sendingvereniging, Jongmeisiesvereniging en Jongelingsvereniging is in dié tyd in die lewe geroep (De Bode 1860:44 & 48; P.A. 1852:299).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

16. LEWENSVORME

16.1 Huwelik

Nadat die toestemming van die goewerneur verkry is, het die sendelinge begin om ook ongedooptes in die huwelik te bevestig. Op 17 Aug. 1845 is twaalf pare wat vir jare saamgeleef het, in die eg verbind. In hulle geval is die gebooie ook vir drie Sondae vooraf gelees, maar die "troukerk" het nie voor die gemeente plaasgevind nie. Teen 1847 het daar altesaam 332 getroude pare in Genadendal gewoon (Krüger 1966:197; P.A. 1847:127).

Wat die sendelinge betref, het hulle nog steeds die lot gewerp, bv. toe die wewenaar Bonatz met die dogter van Hallbeck Gustava in die huwelik wou tree, het die lot dit afgekeur (Krüger 1966:209).

16.2 Doop

Wanneer 'n lid gedoop is, is beide doopkandidaat en die leraar in wit geklee. Terwyl die doopkandidaat kniel, is hy gedoop. Hierna is gebid en die dope= ling het dan plat en uitgestrek op die vloer gelê (P.A. 1863:36). Dit het waarskynlik simbolies verwys na die dood in Christus, soos die doopformulier ook lui: "Nou is jy met hom begrawe deur die doop in sy dood" (Gesangboek van die Broederkerk, 1947).

16.3 Dood

By die sterfbed van 'n gemeentelid het die sendelinge die sterweling, indien hy nog by sy volle positiewe was, gevra of hy bereid was om te sterwe en om sy God te ontmoet. Daar is dan gebid en gesing. Voordat hy sy laaste asem uitblaas, is hy deur die leraar ingeseën. Sommige sterwelinge het die dood met 'n blye gemoed ingewag, soos die volgende aanhalings getuig: "Ek moet nou in die wa klim en vertrek om my Here te ontmoet." 'n Skoolkind het weer gesê: "Ek gaan nie na die Sending se skool vandag nie, maar na die Here s'n." Hierdie aanhalings was die laaste woorde van die betrokkenes voordat hulle gesterwe het (P.A. 1852:348; 1856:172; 1857:334; 1858:488).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

17. AMBAGTE, BEDRYWE EN BEROEPE

17.1 Skrynwerk

Baie van die sendelinge wat in Genadendal aangestel is, was ook opgeleide skrynwerkers, soos bv. C. Teutsch en J. Kühn (Krüger 1966:209-274). Die inwoners het hulle vakleerlingskap onder hierdie manne voltooi (P.A. 1961: 145). 'n Verskeidenheid artikels en meubels, soos ornamente, vioolkaste, stoele, tafels, skryfkabinette, ens., is gemaak (Berichten 1857:106; Brenton 1846:513 & 514; P.A. 1855:369). Tydens J. Brenton se besoek in 1846 aan Genadendal was hy beïndruk deur die skrynwerkers en skryf soos volg: "The work done here is lightly creditable to them, and were there a great demand for their labour, they would soon equal the European artificers" (Brenton 1846:513 & 514). In die Genadendal-Museum kom 'n verskeidenheid gereed= skapstukke en meubels voor wat deur die plaaslike skrynwerkers gebruik en gemaak is.

Dit is opvallend hoeveel van hierdie toentertydse gereedskapstukke wat van= dag uit metaal gemaak word, uit inheemse houtsoorte soos stink- en geelhout vervaardig is. In die Genadendal-Museum word 'n verskeidenheid gereed= skapstukke soos skawe (Ploeg/, poets-, sponning- en ryskawe), swaaihake, winkelhake, bankskroewe, klampe, booromslae geheel en al uit hout vertoon. Ook reusewerksbanke en trapdraaibanke verwys ongetwyfeld na 'n eens bloei= ende skrynwerkersbedryf.

17.1.1 Meubels

(a) Sitmeubels

Onder die versameling sitmeubels wat in die museum versamel is en wat deur die Genadendalse meubelmakers vervaardig is, kom Van der Stel-, Regency- en Overberg-stoele voor.

Van der Stel-stoele

Twee tipes kom voor. Die eerste is 'n eenvoudige stoel waarvan slegs die boonste rant van die boonste rugsport gefatsoeneer is. Dit het twee rug=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

latte, 'n riempiesitting en vierkantige pote met 'n vierkantspanraam. Die tweede stoel het ronde entversierings, twee rugsporte wat bo en onder gefat= soeneer is, 'n rottangsitting, balusterpote en 'n vierkantspanraam.

Regency-stoele

Hierdie soort stoel het 'n jukrug waarvan die ente gerond is. Een of twee rugsporte met of sonder kraletjies (3), 'n sitting wat met rottang gemat is, agterpote wat na agtertoe geskuins is en voorpote met Regency-draaiwerk kom voor.

Overberg-stoele

Die style loop smaller na bo. Twee rugsporte en drie ruglatte, 'n trape= siumsitting wat met rottang gemat is en wat oor die skort steek, agterpote wat uitgeskuins is en dunloopvoorpote sonder spanraam of sporte is die al= gemene kenmerke van hierdie stoele.

(b) Bergmeubels

Geelhout- en greinhoutwakiste, -jonkmanskaste, ingeboude muurkassies, plat= kroonklerekaste en 'n pragtige vertoonkas met 'n boogpediment is in die mu= seumversameling te sien.

(c) Slaapmeubels

Geelhout kisbeddens met gefatsoeneerde koppenente is later wit geverf. Die matras het op 'n mat van toue gerus.

17.2 Wamakers en smede

Die wamakersbedryf het steeds gefloreer. Genadendal was in dié tyd bekend vir sy uitstekende wamakers (Baynes 1843:56; Brenton 1846:514). Die sen= deling Brauer het sommige inwoners in dié ambag opgelei (Die Huisvriend 1920: 170).

Grof- en kunssmede het in hul werkswinkels landbouimplemente en allerlei ge=



1



2



3



4

Meubels gemaak deur die Genadendalse meubelmakers (Genadendal-Museum)

1. *'n Van der Stel-stoel*
2. *'n Overberg-stoel*
3. *'n Regency-stoel*
4. *'n Boogpediment kabinet*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bruiksartikels vir die huis gemaak. Op 9 Aug. 1846 kon 'n pratige brons= kandelaar met ses lampe en wat onder leiding van die sendeling Nauhaus ge= maak is, in die kerk opgesteek word (P.A. 1847:242). In 1846 het Genaden= dal van sy selfontwerpte landbouimplemente na 'n skou in Kaapstad gestuur. Die Genadendalse ploeg, ontwerp deur die sendeling Brauer, wat deur twee of vier perde getrek kon word en wat ses duim diep en twaalf duim wyd kon ploe, was 'n verbeterde ontwerp van die Kaapse ploeg. Uit die ses Engelse- en drie Kaapse ploeë wat ten toon gestel is, het die Genadendalse ploeg die derde prys gewen. "Its performance on the new land was good beyond expec= tations so much as to attract the attention of everyone" (Particulars 1846: 14; P.A. Maart 1848:296).

Tydens die "Great Exhibition" in 1851 in Londen, het Genadendal ook van sy messe laat uitstal. Dit het 'n "boshlemmermes", 'n wingerdsnoeimes, 'n dubbele kombuismes, 'n broodmes en ses sakmesse ingesluit (P.A. 1850:504).

17.3 Meul

Die malery was steeds een van die belangrikste bedrywe. Die meul is ge= reeld opgeknap en verbeter. In 1859 is 'n verdere toevoeging gemaak toe die sendelinge 'n stoommasjien geïnstalleer het (P.A. 1860:303).

17.4 Boegoe

Gedurende die sestigerjare van die 19de eeu het Genadendal steeds boegoe aan die firma Rutherford in Kaapstad verskaf. Die hoeveelheid boegoe per maand was minder as vroeër jare en het nooit meer as 510 pond beloop nie. Dit is ook teen 'n laer tarief, naamlik ses pennies per pond, verkoop (M.A. III6a: Briewe van Rutherford en Broers aan Sending, 1838-1866).

17.5 Landbou en veeboerdery

17.5.1 Groente en graan

Die inwoners was vlytige tuiniere. Benewens die grond wat in die dorp bewerk is, het honderd mans ook 'n plaas met 'n grootte van 1 800 morg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teen £200 per jaar gehuur. Hulle sou aan die einde van sewe jaar die opsie kry om die plaas te kon koop (The Cape Town Mail, 12 Jan. 1850).

Teen 1864 was daar 495 tuinboere en 127 graanboere op die dorp (Nachrichte nr. 6 1866). Die landboubedryf was deeglik georganiseer en beheer. Om dié rede is spesifieke mense aangewys om as tuinuitgewers (hulle moes tuin= erwe uitreik), waterfiskale, tuininspekteurs en landuitgewers (hulle moes saailande uitreik) op te tree. Tuiniere is verplig om hulle grond goed te versorg, gereeld te plant en skoon te hou. Indien dit nie die geval was nie, kon die tuin aan iemand anders toegeken word (Gemeente ordeningen 1878: Deel II, 4-6).

Van die belangrikse landbougewasse was boontjies, aartappels, koring en mielies. Die opbrengste vir die jare 1865 en 1874 word in die onderstaan= de tabel gegee:

	1865	1874
Boontjies	501 boesel	521 boesel
Aartappels	150 "	300 "
Mielies	1 011 "	838 "
Koring	1 017 "	916 "

(Nachrichte: 1866, nr. 6; 1875, nr. 3).

17.5.2 Vrugte

Die sendingstasie het groot vrugteoeste opgelewer sodat dit as die vrugte= vallei onder die koloniste bekend was. 'n Verskeidenheid vrugte, soos bv. pere, perskes, kwepers, vye, pruime en appels, is gekweek. Volgens lady Duff Gordon het sy op geen ander plek soveel vrugte soos in Genadendal teë= gekom nie (Gordon 1927:103; P.A. 1849:174). Om die versoeking van oor= hangende vrugtetakke te voorkom, is bepaal dat vrugtebome minstens ses voet weg van die grenslyn geplant moes word. Ten einde geskille te voorkom, kon 'n ouer nie vrugtebome wat op een erf gestaan het aan verskillende kin= ders bemaak nie, tensy die bome verwyder word (Gemeente ordeningen 1878:II, 4-8).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van Januarie af het die droëvrugtebedryf begin. Voor elke huisie is 'n stellasie opgerig waar die oopgesnyde vrugte in die son gedroog is (P.A. 1847:125). In 1865 is 780 boesels en in 1875 1 9670 pond vrugte gedroog.

17.5.3 Veeboerdery

Om die veeboerdery op 'n gesonde voet te plaas en om aan geeneen onreg te laat geskied nie, is verskillende amptenare aangestel: veldwagters om toe te sien dat geen vreemde vee op die Genadendalse velde wei nie, varkvangers om rondlopervarke te skut, skutmeesters wat toesig oor die skut gehou het, skaaptellers om toe te sien dat die toelaatbare getal skape nie oorskry is nie en veldbranders wat die alleenreg gehad het om die veld op bepaalde tye van die jaar te kon brand. Boetegeld kon deur amptenare opgelê word en dié geld is in die "armenkas" gestort (Gemeente ordeningen 1878:II, 11-18).

Die volgende tabel gee 'n opsomming van die aantal vee wat in die jare 1843, 1865 en 1874 op die sendingstasie was:

	1843	1865	1874
Beeste	287	495	400
Kaapse skape	50	11	-
Perde	64	67	23
Merino-skape	-	2 758	2 531
Varke	150	818	321
Bokke	250	564	440

In 1865 en 1874 is 2 936 pond en 6 696 pond wol respektiewelik geskeer (Nachrichte 1849:1; 1866:6; 1875:3). Die osse- en perdewa was belang= rike vervoermiddels en die inwoners het so ver as Kaapstad gereis om hulle boerderyprodukte van die hand te sit (Angas 1849:39).

17.6 Winkels

Voor 1845 was daar slegs een winkel, nl. die sendingwinkel, waar die inwoners

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kon koop. Eers in 1850 is sommige inwoners ook toegelaat om winkels te bedryf (Krüger 1966:224). Die winkels is soggens om agtuur en smiddae om vieruur oopgemaak en van die belangrikste kosware soos vleis en meel is verkoop. Omdat plaasarbeiders baie laat op 'n Saterdagaand huiswaarts gekeer het, is die winkels tot middernag oopgehou (The Cape Town Mail, 12 Jan. 1850).

Teen 1856 was daar vier algemene handelaars in Genadendal (Report of the Select Committee 1858: Verslag van Kölbing). Sommige van die inwoners het hulle huise aan blankes as winkels verhuur (The Cape Argus, 24 Jan. 1858).

17.7 Plaasarbeid

Teen die tweede helfte van die 19de eeu was daar nie vir die groot inwoner= tal van Genadendal almal werk nie. Baie moes as plaasarbeiders 'n verdien= ste gaan soek. Veral gedurende November en Desember het die meeste inwo= ners op die koringplase gaan werk waar hulle met die graanoeste gehelp het (P.A. 1847:125). Koringboere het elk tot vyftig werkmense gedurende oes= tyd in diens geneem (Berichten 1858:89). Heelwat inwoners het ook met die druiweoes en parstyd in die distrik Robertson gaan werk. Om daar te kom, moes hulle oor die Grootkop voetslaan. Hier in die Bosjesveld, soos die distrik bekend gestaan het, is later ook 'n preekplek deur die sendelinge geopen (P.A. 1848:300; 1850:378). Die arbeiders het nie meer as 6 riks= daalders per maand verdien nie. In plaas van geld, is hulle ook soms met klere, tabak en drank vergoed. Wanneer 'n arbeider in die skuld was omdat hy bv. die boer se wa per ongeluk gebreek het, moes hy soms vir baie lang periodes in diens van die boer aanbly. Brenton beweer dat sommige boere dikwels 'n arbeider vals beskuldig het om dan die betrokkene lewenslank op die plaas aan te hou (Brenton 1846:309-310).

Die woongeriewe op die plase was uiters swak en soms moes beide mans en vroue in een kamer slaap. Omdat hulle vyf tot ses keer per dag drank ontvang het, was die kans op verslawing baie groot. Mense wat nooit te= vore wyn geproe het nie, het drankverslaafdes geword (P.A. Junie 1848:349).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om onsedelikheid en drankmisbruik te ontmoedig, het die sendelinge verskeie traktaatjies vir die plaasarbeiders laat druk, bv. Gaat gij in den oogst, Als de ezel kon praten, Mijd de Kantien, ens. (P.A. Maart 1860:303; 1865:459). Ene mnr. Rawson het in 1860 by 'n landbouvergadering te Caledon gepleit vir beter regte en geriewe vir plaasarbeiders, "for which remark he was severely censured by a portion of the Cape Press" (The South African Advertiser and Mail, 15 Nov. 1862:3).

17.8 Ander

In 1862 is besluit om 'n spesiale poskar tussen Genadendal en Caledon in te stel omdat die aantal posstukke te veel vir die "postjongen" was wat die pos te perd vervoer het. 'n Opname in 1861 het getoon dat altesaam 1 035 brie= we en 1 218 koerante per jaar ontvang is en dat 2 815 koerante en 1 125 brie= we uit die dorp gestuur is (De Bode 1962:8).

Na 1870, toe landboumasjinerie op die plase ingevoer is, het werk skaarser geword (P.A. 1885:349). Gedurende dié tyd is 'n spoorlyn van Wellington na die Diamantvelde gebou en baie mans het daar gaan werk soek waar hulle 2 tot 5 sjielings per dag verdien het (Nachrichten 1874:9; 1877:6). Die Kaapstadse poskantoor het 'n spesiale diens vir die Genadendalse stadswer= kers ingestel. Hulle kon hulle weeklikseloon by die Kaapse poskantoor in= betaal. Laasgenoemde het dan die Genadendalse posmeester in kennis gestel, wat dienooreenkomstig uitbetalings gemaak het (The South African Spectator, nr. 17, vol I:3).

In 1877 het die sendeling A.G. Hettasch alles in sy vermoë gedoen om met nuwe werksgeleenthede nuwe lewe in die gemeenskap te blaas. 'n Muur is om die begraafplaas gebou, voetbruggies oor die waterspruite gemaak en die skoolgebou vergroot. Hy wou ook 'n vuurhoutjiefabriek deur 'n firma van Kaapstad laat oprig, maar hierdie plan het nooit werklikheid geword nie. Twaalfduisend moerbeibome is aangeplant om met 'n sywurmbedryf te begin. 'n Hop- en kasterolieplantasie is aangelê. Hiervoor is 1 000 en 1 300 plante respektiewelik in die grond gesteek. 'n Oliepers is van Engeland laat kom en die produksie van die eerste kasterolie was baie goed. Tydens 'n landboutentoonstelling in 1986 in Kaapstad het Genadendal spesiale pryse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir sy kasterolie en hop gekry. Die voorspoed van hierdie nuwe ondernemings was egter van korte duur (Krüger & Schaberg 1984:25-30).

17.9 Mediese versorging

Na die dood van Hans Hallbeck in 1841 het sy vrou die mediese versorging oor= geneem. Sy het die siekes besoek en die apteek is ook onder haar toesig geplaas (P.A. Maart 1842:103). In 1843 het ene dr. Louis Roentgen vir slegs 'n paar maande gehelp en daarna na Stellenbosch vertrek (P.A. Maart 1848:298; Schmidt 1956:8). Dit sou nog 'n hele paar jaar duur voordat Genadendal weer sy eie opgeleide geneesheer sou hê. Intussen het die sen= deling Carl Kölbing ook tydelik as dokter waargeneem (P.A. 1861:14 & 54). In dieselfde tyd het William, die jongste seun van Hans Hallbeck, sy mediese studies in Berlyn voltooi en 'n beroep aanvaar om na Suid-Afrika te kom. Voordat hy na Genadendal kon vertrek, het hy skielik gesterwe (P.A. 1848:299).

Dit het baie duidelik geword dat die dienste van 'n opgeleide geneesheer dringend nodig was. Siektes en epidemies het dikwels die sendingstasie getref en groot getalle mense, veral kinders, het gesterwe. So bv. het die maselepidemie van 1839 die lewens van 54 mense geëis.

In 1852 het uit 2 000 masel-pasiënte 69 gesterwe (P.A. 1852:290 & 292). An= der gevreesde epidemies was die griep van 1853 en 1854 asook kinkhoes in die jare 1839, 1845, 1850 en 1855. Ongeveer 36 kinders het gedurende die kink= hoes-epidemie van 1855 gesterwe (P.A. 1855:469).

Die aankoms van die sendeling Rudolf Roser en sy vrou op 13 Junie 1849 het baie vir die sendingstasie beteken. Sy mediese kennis en belangstelling in die flora, fauna en volksgeneeskundige metodes in Gendadendal het gelei tot 'n doktorsgraad wat hy aan die Universiteit van Tübingen verwerf het (Krüger 1966:248; P.A. 1849:239). Toe 'n pokke-epidemie in 1858 uitgebreek het, is 3 000 inwoners deur dr. Roser ingeëent. Slegs 29 het ernstig siek geword en 10 gesterwe (P.A. 1859:138 & 189). In 1865 het tifuskoors ook epidemiese afmetings aangeneem. Weer eens is daar op Roser se mediese hulp staatgemaak. Uit 250 pasiënte het 30, waaronder die sendeling Heinrich, gesterwe (P.A. 1866: 556).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Roser het geglo dat die Here siekte gebruik om die mens te beproef en nader aan Hom te trek. "The thorns and thistles of this world have often first to be removed by die infliction of bodily suffering, before the good seed can come forth, and the dying sinner, rendered penitent and believing, be plucked like a brand from the burning" (P.A. 1856:10). Dr. Roser was vir dertien jaar (1849-1869) in Genadendal werksaam. Na sy vertrek het die sendelinge Fischer, Wedeman en Mosel die werk as mediese praktisyns voort= gesit (De Bode 1869:16).

In die Genadendal-Museum word daar vandag nog medisyne bewaar wat destyds deur dr. Roser gemeng is.

17.10 Militêre diens

Op 6 Mei 1846 het die sendelinge 'n spesiale afskeidsdiens vir soldate gehou wat militêre diens moes gaan verrig. Hulle is versoek om te alle tye 'n eerbare lewe te lei, gereeld hulle Bybels te lees, te sing en te bid. Vir dié doel is hulle van Nuwe Testamente en gesangboeke voorsien. Die volgen= de dag is die kerkklok gelui en al die inwoners het onder die eike op die kerkwerf versamel. 'n Paar gesangverse is gesing en die soldate het onder groot hartseer en trane vertrek (P.A. CCIII:27).

Onder bevel van kapt. Hogg is die manskappe op die sendingstasie Silo in die Oos-Kaap gestasioneer (Krüger 1966:230). Die Kaapse owerheid het onder= neem om na die onderhoud van die 109 agtergeblewe vroue en 348 minderjarige kinders om te sien (P.A. CIII:27; Maart 1847:87 & 88). Die soldate het gereeld aan hulle geliefdes in Genadendal geskryf. Dit was 'n besondere dag wanneer die pos, soms tot sestig briewe, aan die gemeente voorgelees is. In die briewe het die soldate hulle wedervaringe meegedeel, dank teenoor die Here uitgespreek en groete aan familiebetrekkinge oorgebring (P.A. 1847:241 & 243).

Met die uitbreek van die Agtste Grensoorlog (1850-1853) het die owerheid weer 'n beroep op die Wes-Kaaplandse sendingstasies gedoen. Agthonderd mans van Genadendal, Elim en Mamre het onder leiding van twee oudstudente van die Genadendalse Opleidingskool, sers. Johannes Absalom en Jakob Haas,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

per boot na die Oosgrens gereis (Krüger 1966:238; P.A. CCXI:16).

In 'n brief van 6 Maart 1852 skryf C.F. Juritz onder andere: "The Hotten= tots under die care of the Brethren have come forward with the greatest readiness as volunteers, to assist Her Majesty's troops in rescuing the governor from his dangerous position, being prepared willingly to sacri= fice their lives for the good of the Colony" (P.A. 1851:17). Te danke aan die dapper optrede van sers. Lodewyk Kleinhans en sers.-maj. Johannes Jass is sir Harry Smith se lewe naamlik tydens 'n skermutseling gered. Spesi= ale dekorasies (twee silwermedaljes) is later aan Kleinhans, Jass en Hein= rick Ferara geskenk (P.A. 1851:128; The South African Numismatic Society Newsletters Julie 1933). Op die een kant van laasgenoemde medalje is die woorde "Presented by his excellency sir H.G. Smith to Hendrik Ferara, for gallantry in die field" gegraveer. Op die keerkant is 'n leeu en die datum 1851 (M.A.: Foto van medalje aan H. Ferara). Ondanks die ontevredenheid van medestaatsamptenare dat die goewerneur hierdie dekorasies aan bruines toegeken het, is daar dertig van hierdie medaljes met 'n blou en rooi lint aan die sendingstasiesoldate toegeken (Alexander 1985:94).

'n Medalje toegeken aan Hendrik Ferara
(Genadendal-Museum)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

18. DIE DRUKPERS

18.2 Ontstaan

In 1828 het die Sending-superintendent, Hans Peter Hallbeck, 'n besoek aan Lovedale afgelê. Hy was beïndruk met die drukwerk waarmee reeds in 1823 deur eerw. John Bennie daar begin is. By sy terugkeer in Genadendal het hy pogings aangewend om 'n drukpers te bekom (Kruger 1966:169). In 1834 is 'n eenvoudige houtdrukpers deur vriende in Zeist, Holland, aan Genaden= dal geskenk (P.A. 1834:191). Hallbeck wat so baie vermag het, het nooit die geleentheid gekry om die drukkuns te bestudeer nie en gevolglik is die onderdele van die pers nooit aanmekaargesit nie. Intussen het hy besoek oorsee gaan aflê en kort na sy aankoms op 25 Nov. 1840 gesterwe.

Die pers is toe op een van die solders weggepak totdat die sendeling Benno Marx dit negentien jaar later in 1859 onder die stof gevind het. Marx het dadelik besef watter waarde en nut so 'n pers vir die sendingwerk kon inhou. Naas kleremakery en skoenmakery sou die aspirant-onderwysers ook die geleent= heid kry om die drukkuns aan te leer. Die pers is van die solder afgehaal en met behulp van eerw. Franke, wat ook oor 'n bietjie kennis van die druk= kuns beskik het, is die onderskeie dele aanmekaargesit (De Bode Febr. 1910: 10-11). Na 'n besoek aan verskeie perse in Kaapstad en 'n private studie van die drukkuns het Marx met sy studente aan die werk gespring. Dit was maar 'n moeilike en omslagtige taak om die ink met "leerballen" op die let= ters aan te bring. 'n Roller en nuwe letterstafies is van Kaapstad laat haal en die eerste drukwerk, "Een tydtafel voor onze scholieren", kon aange= pak word (P.A. 1860:372-373). In 1861 het "The Society for the furtherance of the Gospel" 'n Albion-drukpers aan die sendingstasie geskenk (Die Huis= vriend 1884:135).

Minstens vyf mense was nodig om die drukproses vlot te laat verloop. Een moes die inkroller hanteer, twee moes die ongedrukte papier op die pers plaas en verwyder terwyl die res die drukwerk moes doen (Krüger 1966:225).

Saam met die Albion-pers is ook boekbindapparaat gestuur en van toe af kon

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die boeke netjies afgerond word. Terwyl Marx die drukwerk behartig het, was eerw. Hettasch die oorsiener van die boekbindwerk. Die werk is met die grootste sorg uitgevoer en baie boeke het met leerbande en vergulde rande verskyn. Behalwe hulle eie drukwerk is bestellings ook van ander instansies, soos die N.G. gemeente Worcester en die Lutherse Kerk in Kaap= stad, ontvang (Berichten 1864:157-158).

Die Albion-drukpers wat in 1861 in Genadendal gebruik is.
(M.A.)

'n Nuwe era vir die Genadendalse Drukkery het aangebreek toe die Engelse firma "Messrs. Harrild en Sons" 'n Bremner-drukpers in 1885 aan Genaden= dal skenk. Dit was 'n silinderpers en moes met die hand aangedryf word. Minder hande was nodig en meer werk kon gouer afgehandel word. Terwyl iemand die vliegwiel gedraai het, moes 'n ander die pers voer (paper in= plaas). Die gedrukte papier is outomaties op die landingsblad gestapel (Moravian Missionary Reporter Des. 1884:90). In 'n omsendbrief geset deur eerw. C. Gunther en gedruk deur die sendelinge Bauer, Hettasch en Renkewitz, wat om die beurt die vliegwiel gedraai het, is die gemeente omtrent die nuwe pers ingelig (M.A. VIIa).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

18.2 Die produkte van die drukpers

Met die totstandkoming van die Genadendalse drukpers het die sendeling Benno Marx hom soos volg uitgelaat: "If we can get them to read tracts, books and magazines, printed expressly for them, and adapted for their use, the bene= ficial effect on their minds will by the blessing of the Lord, be very great" (P.A. 1860:370). 'n Verskeidenheid drukwerk is dan ook aangepak.

Die drukwerk wat gedurende die tweede helfte van die 19de eeu verskyn het, kan soos volg ingedeel word:

(a) Periodieke uitgawes - De Bode, Maandbladje voor Kinderen, Het Tekst-boek der Broederkerk en die Almanak
(b) Godsdienstige- en kerkleerboeke
(c) Skoolboeke
(d) Musiekboeke
(e) Xhosa-boeke
(f) Gedenkblaaie
(g) Traktaatjies
(h) Ander: Lewensgeskiedenis van C.R. Kölbing
Reglemente van Genadendal
Reis van Genadendal naar de Kaapstad (Sien ook Bylaag 10).

18.2.1 Periodieke uitgawes

(a) De Bode

Die idee om 'n maandbladjie uit te gee, het van die sendeling Benno Marx gekom. Hy het op 'n kunstige wyse die titel van die blad, De Bode, uit 'n blok van eikehout gesny en op 1 Des. 1859 het die eerste nommer sy ver= skyning gemaak. Groot geesdrif het geheers, want dit was die eerste nuus= blad wat deur die sendelinge en gemeentelede vir hulle eie gemeenskap uit= gegee is. In die eerste jaar is 300 eksemplare maandeliks gedruk en die subskripsiegeld was 2 sjielings per jaar (Die Huisvriend 1984:125).

As die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse godsdienstige blaaie nagegaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word, is dit duidelik dat die Genadendalse De Bode onder die eerste vyf godsdienstige nuusblaaie in die land tel. Die ander was The South African Christian Recorder (1831), De Kaapsche Cyclopedic (1833), De Honigbÿ (1838) en De Gereformeerde Kerkbode (1849) (SESA VIII:189-191). Die eerste re= dakteurs was almal sendelinge, soos B. Marx, R. Ballein en T. Renkewitz.

Die inhoud van De Bode kan onder die volgende hoofde ingedeel word: die hoofartikel, godsdienstige artikels, verslae oor kerkfeeste, biografieë van gemeentelede, biografieë van sendelinge, grepe uit geskiedenis van sending= stasies, godsdientige gediggies en briewe.

Die hoofartikel

Dit was gewoonlik 'n kort, geestelike boodskap wat die inleidingsartikel van elke uitgawe uitgemaak het.

Godsdienstige artikels

Een of meer artikels wat een of ander Bybelse lering of vermaning bevat, is in elke uitgawe opgeneem, bv. "De klok, het volk, en het geweten" (1871:19), "Tien maal tien vragen uit de Tien Geboden" (1872:38), "Oogst-gangers - neem mÿ toch zamen" (1879:44), ens.

Verslae oor feeste

Sendingfees:		(1862:10)
Kerkinwyding:	Wittewater	(1865:30)
Kerkinwyding:	Berea	(1865:47)
Kerkinwyding:	Witkleibosch	(1866:31)
Kerkinwyding:	Silo	(1871:32)
Jubelfees:	Enon	(1868:23)
Jubelfees:	Elim	(1885:43)
Jubelfees:	Clarkson	(1891: 6)
Skoolinwyding:	Mamre	(1877: 6)
Skoolinwyding:	Elim	(1877:43)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Biografieë van gemeentelede

Benigna Johannes (1860:12 & 48)
Betje Robÿntje (1860:19)
Maria Mennes (1861:23)
Theresa Johannes (1862:40)
August Klein (1862:40)
Josef Nakin (1869:33)
Juliana Vertuin (1873:2)

Biografieë van sendelinge

August Franke (1866:16)
Christian David (1861:26)
Georg Schmidt (1861:6)
Voorvaders van die Broederkerk (1859:9)

Grepe uit die geskiedenis van sendingstasies

Uit die dagboek van Genadendal (1889:32)
Die geskiedenis van Mamre (1860:29)

Godsdienstige gediggies

Een pelgrims bede (1863:8)
Pleit voor mij (1864:20)
Gebed (1864:32)
Feeslied (1866:9)
Why will ye die (1870:12)

Briewe

Brieweskrywers onder die skuilname Oom Louw Gezels en Oom Klaas Vertel het allerlei land- en wêreldnuusgebeure in "vereenvoudige Nederlands" geskets.

Oom Louw Gezels 1862: 4,7,12,16,24 & 28; 1873: 20,24,28 & 36;
Klaas Vertel : 1880: 3,8,11,15,19,28,31,36 & 43;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1881: 12,23,35 & 44;
1882: 12 & 36;
1883: 44

'n Uittreksel uit een van Oom Louw Gezels se briewe lui: "Baijan mensche, oom, werk moes nou aan de spoorweg, oom weet moes, die wat van Wellington naar Woester loop, helle krij nou een goeije betaal dat helle kan bestaan" (De Bode Sept. 1873). Klaas Vertel skryf weer aan ene oom Koenraad soos volg:

> "Voor mijn part, oom blijf de Engelsche taal
> tog maar een mooie taal, en als er nu
> twee talen overal moeten gebruik worden,
> zal dat maar een lastige affairens afgeven." (De Bode Sept. 1882:36).

Maandbladje voor Kinderen

Sover vasgestel kan word die eerste kinderblad in Suid-Afrika, Maandbladje voor Kinderen, met eerw. Kühn as redakteur, het in 1861 sy eerste versky= ning gemaak (P.A. 1861:582).

Die Maandbladje voor Kinderen het 'n duidelike ooreenkoms vertoon met die oorsese kinderblaaie Kinderzeitung en Brudermissions-Blatt für Kinder wat in die eerste helfte van die 19de eeu in Düsselthal en Gnadau, Duitsland, gedruk is (M.A.: Tydskrifkas).

Aan die einde van 1861 het 'n Amerikaner, mnr. E. Reinke, 126 houtgravures aan die drukkery geskenk. Van 1862 kon die kinderblad ryklik geïllustreer word en in groter formaat verskyn. Die intekenaars het tot 300 gestyg (Berichten 1862:184). Van 1863 is die titel na De Kinder-Vriend verander en het dit met veelkleurige buiteblaaie verskyn (M.A.:VI 1a).

Die inhoud van die kinderblad het uit 'n aantal, soms tot vyf, kort en bon= dige godsdienstige verhaaltjies en vermanings bestaan. Rympies in Neder= lands en soms ook in Engels is opgeneem. Op die laaste blad was gewoonlik 'n lied of gesang in balkskrif gedruk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Het tekst-boek der Broederkerk

Dit was 'n dagboek met twee Bybelverse (een uit die Ou Testament en die ander uit die Nuwe Testament) en twee bypassende gesangverse wat vir elke dag van die jaar bedoel is (Schaberg 1980: pamflet). Die gebruik van Dagwoorde het reeds so vroeg as 1728 in die tyd van Zinzendorf voorgekom toe dit elke oggend van huis tot huis in Herrnhut bekend gemaak is. Vanaf 1832 het dit in gedrukte vorm verskyn (Hutton 1895:142).

Die Ou-Testamentiese verse is uit 'n samestelling van 2 000 verse geloot en staan bekend as die Dagwoorde. Hierna is 'n ooreenstemmende Nuwe Testamen= tiese vers, bekend as die Leerteks, gekies. Hierdie Bybelverse word dan na alle Morawiese gemeentes gestuur (Schaberg 1980: pamflet).

In Genadendal het Het Tekst-boek der Broederkerk vir die eerste keer in 1861 verskyn. Seshonderd boekies is daardie jaar gedruk en teen 9 pennies elk verkoop. As gevolg van 'n finansiële tekort is die druk hiervan in 1866 en eers weer in 1894 hervat (Schaberg 1980: pamflet).

Almanak

Dit was 'n groot kalender wat elke jaar as byvoegsel van De Bode uitgegee en teen 3d. elk verkoop is.

Die kalender het ook die groei van die maan en die tye van sonsopkoms en sons= ondergang aangedui. Daar was verder genoeg ruimte by elke dag om persoon= like aantekeninge te maak. Aan die onderkant is 'n opsomming van die Sen= dinggeskiedenis in Suid-Afrika, statistieke van die verskillende gemeentes in Suid-Afrika asook die van die Broederkerk oor die hele wêreld, die name van leraars en onderwysers op die Suid-Afrikaanse sendingstasies, asook an= der sterrekundige verskynsels, soos sons- en maansverduisterings, aangedui (M.A. IV 1a: Almanak voor 1874).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) Godsdienstige en kerkleerboekies

De geschiedenis der laatste dagen van onzen Heer en Heiland Jezus Christus, 1864 (Berichten1864:157)

Zaad-korreltjes uit het Woord van God, 1864

Dit het 70 Bybelspreuke bevat en is teen 3d. elk of 2 sjielings per tien verkoop (De Bode 1864:40).

Handleiding bij het onderwijs van doop- en avondmaalscandidaten bij de zen= dingsgemeente der Broederkerk in Suid Afrika.

Die eerste druk kon nie vasgestel word nie, maar die tweede uitgawe het in 1873 verskyn en is teen 3d. elk verkoop. (De Bode 1874:12).

Die kleine Katechismus van Martinus Lutherus (Schmidt 1935:22).

Leiddraad bij het onderwijs voor Katechumenen van F.A. Schmidt en gedruk in 1883 (M.A.: IV1a).

Katechismus kerkgebed, 1878 (De Bode 1878:2).

Honderd Bybel-spreuken en honderd gezangboek verzen tot vertroosting en ver= maning voor zieken en gezonden, 1888 teen 9d. elk verkoop (M.A.: VI1a).

(c) Boeke vir skoolonderrig

Eenvoudige lessen ten gebruik van kleinkinder-scholen van H.P. Hallbeck. Die eerste oplaag van tweehonderd boekies wat in 1859 gedruk is, is gou teen 6d. elk of 5 sjielings per dosyn uitverkoop (De Bode 1860:20). In 1872 en 1886 het die boekie se tweede en derde uitgawes respektiewelik ver= skyn (De Bode 1872:28; 1886:36).

Beknopte spraakkunst der Nederlandsche taal van T. Renkewitz in in 1886 sy verskyning gemaak en is teen 1s.6d. elk verkoop (De Bode 1887:8).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

D.m.v. verskillende lettersetwerk word rededele, spelling en sintaksis ver= duidelik.

Eenmaal een tafel (M.A.: VIIa).

De school I, II & III (M.A.: VIIa).

(d) Musiek

Lydensgezangen over de Zeven kruiswoorden

In 1860 is 400 kopieë en in die volgende jaar 'n bykomende 2 000 eksemplare gedruk (P.A. 1860:507; 1861:582).

De kleine zang-vriend

Dit is 'n versameling van byna honderd skoolgesange wat in 1861 gedruk en teen 6d. elk verkoop is (De Bode 1861:25).

De vÿf eerste Lydensgezangen was vyfstemmige liedere, bedoel vir orreliste en koorleiers. Dit het in 1867 verskyn het is teen 1d. elk verkoop (De Bode 1867:12).

Wacht am Rhein, 'n Duitse sangstuk wat in 1870 verskyn het en teen 3d. elk verkrygbaar was (De Bode 1870:54).

Vers-boekje (1882) het 'n lys gesange bevat wat deur die jeug aangeleer moes word (M.A.:VIIa).

(e) Boekies in Xhosa

Omdat daar heelwat swart lidmate veral in die Oostelike Provinsie was, het Marx ook probeer om uitgawes in hulle taal te druk. Hy het ondervind dat daar 'n tekort aan die letter "Y" was en moes by 'n Kaapse drukker 'n aantal van die letters leen. Hy het ook een van die swart kwekelinge in setwerk opgelei. Die eerste werkie in Xhosa het 'n aantal Lydensweeklesse bevat:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ikubandezelwa nokufa nokuvuka Knwe-Nkosi Nomsindisi wetu U-Yesu Kristu (De Bode 1864:40; P.A. 1862:228; Schmidt 1935:22).

Izinkungo nezimiselo (Schmidt 1935:22).
Incwadi yemibizo (Schmidt 1935:22).

(f) Gedenkblaaie

Gedenkblad uitgegeven ter viering van het 150 jarige bestaan der zending der Broederkerk, 21 Aug. 1882.

De Bode van Genadendal, Julie 1887

Dit was met 'n illustrasie van Genadendal ('n houtsnee) op die voorblad ver= sier om die aankoms van Georg Schmidt in herinnering te roep.

'n Pamflet met gesange: Ter gedachtenis van het vÿftigjarige bestaan der Kweekschool te Genadendal, den 12den September 1888 (M.A.:VIIa).

(g) Traktaatjies

Om sosiale euwels, veral drankmisbruik, te bekamp, is 'n hele aantal "vlie= gende bladen" gedruk: De drank, Wat zegt God van den drank, Gaat gij in den oogst, De dag van heden, De dag van morgen, Mijd de kantien!, Als die ezel kon praten (M.A.:VIIa).

Om die Christelike lewe te bevorder, is ook die volgende traktaatjies gedruk: Mij vriend, De zwarte brug (M.A.:VIIa) asook Bid jy en Waarom ek die Bybel moet lees (Particulars, Des. 1862:13).

(h) Ander

Lewensgeschiedenis van den wel eerwaarde Heer C.R. Kölbing, voorstaander der Moravische zending in Zuid-Afrika, 1961 (De Bode 1861:16).

Reglementen van het Instituut te Genadendal (Schmidt 1935:21).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Bordspeletjie: "Reis van Genadendal naar de Kaapstad". Hierdie spele= tjie is omstreeks 1860 gedruk en op karton gemonteer. Die speletjie is op dieselfde manier soos "slangetjies-en-leertjies" gespeel. Twee of meer spelers kon hieraan deelneem. Hulle skywe word in die eerste vierkant ge= plaas en elke speler kry 'n beurt om 'n dobbelsteentjie te gooi wat die aan= tal bewegings bepaal. Die bord bestaan uit 43 vierkante wat die pad van Genadendal na Kaapstad aanwys. Die dorpe, plase en ander stilhouplekke word met nommers aangedui, soos bv. Die Steg (3), Sjijderskraal (5), Bok= kraal (8), Matjiesdrift (10), Wolvekraal (11), Boontjieskraal (14), Somer= set (38), Eersterivier (40), Kuilsrivier (42), ens.

Die speler wat eerste die eindbestemming (Kaapstad) bereik, is as wenner aan= gewys. Op pad het dit nie altyd voorspoedig gegaan nie, bv. as die speler by die Steg aanland, moes hy terug na Genadendal, "Wolvekraal terug na Snij= derskraal" en "Botriviersbrug, 4 terug". Op ander plekke moes hy wag, soos bv. "Boontjieskraal Paard ziek! 1 voorbij laten gaan". Dan was daar plek= ke waar dit weer goed met die speler gegaan het, bv. "Kuilsrivier Drink ik bier. Vooruit 4". Die voorskrifte is op sommige plekke met ryme aangegee. ('n Kopie van die speletjie in Genadendal-Museum).

In 'n artikel "Two South African board games" verklaar die Africana-kenner dr. Frank Bradlow dat hierdie spel 'n sonderlinge Suid-Afrikaanse bordspe= letjie was wat in die tweede helfte van die 19de eeu gedruk is (Kwartaal= blad van die S.A. Biblioteek Maart 1980:74-77;).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

19. VERENIGINGSLEWE

19.1 Hulp-Zendeling-Genootschap

Op 23 Maart 1846 is 'n vereniging in die lewe geroep om die sendingwerk te help bevorder. Net gedoopte lidmate is as lede toegelaat. Van elke man= like lid is 'n maandelikse bydrae van 2 pennies en van vroue 1 pennie ver= wag. Gedurende die stigtingsjaar is 'n bedrag van £21 geïn en na die Sen= dingdireksie in Europa gestuur. Elke jaar is 'n vergadering gehou waar die jaarverslag gelees en 'n Liefdemaal gevier is (Berichten 1946:24-25; M.A.: III6a: Stigting van Genootskap). Die onderwyser Ezechiel Pheiffer het meer= male die feespredikasie waargeneem. Na die Liefdemaal het die lede van die vereniging gewoonlik op die heuwels rondom die dorp gaan sing (P.A. 1849:337; 1852:299; 1853:460; 1854:304).

19.2 Bybel-Genootskap

Hierdie vereniging, wat op 29 Sept. 1846 gestig is, het probeer om soveel moontlik Bybels en Nuwe Testamente in Hollands en Engels onder die inwoners te versprei. Lede moes elke week 'n donasie bydra (M.A. III6a: Lys der intekenaren voor de Bybel-Genootskap te Genadendal).

19.3 Jongelings-vereniging

Dié vereniging is op 16 Sept. 1860 gestig. Die doel van die vereniging was om die Christelike lewe en algemene kennis van die jeug te bevorder. Elke lid moes 3 pennies bydra. Hierdie geld is gebruik om siekes en armes te help asook om stigtelike leesboeke aan te koop. Die sendeling Hettasch is as eerste voorsitter aangewys, terwyl Johannes Windvogel, Wilhelm Karl= sen, Gabriël Baalie en Karl Vergele as komiteelede gekies is. Die ledetal het op ongeveer honderd gestaan (De Bode 1860:44; P.A. 1861:65 & 66; Par= ticulars 1861:10).

19.4 Jonge Dochters-Vereniging

Hierdie vereniging is op 14 Okt. 1860 gestig met die doel om jongmeisies aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te moedig om "een reine zedelike levenswandel te leiden en bevordering van nuttige kennis". Elke lid moes 1 pennie bydra. Die sendeling Kühn en mev. Heinrich het aanvanklik die leiding geneem terwyl Anna Slinger, Henri= ette Paardewachter, Maria Roos en Mathilda Hammond as bestuurslede gekies is. Ongeveer tagtig meisies het aangesluit (De Bode 1860:48; P.A. 1861: 65-66; Particulars 1861:10).

'n Bordspeletjie
(Genadendal-Museum).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

20. GASTE

20.1 Verwelkoming

Gaste soos goewerneurs en sendelinge is in hierdie tydvak gewoonlik op 'n spesiale manier verwelkom. Wanneer die gaste by die brug buite die dorp aangekom het, is hulle met 'n aantal geweerskote begroet. In sommige ge= valle is die perde uitgespan en die kar deur die mans en kerkdienaars tot by die kerkplein getrek, terwyl die basuinorkes hulle begelei het (P.A. Maart 1885:226; 1862:281).

'n Aantal "triomfbogen" van blommekranse en groen struike en blaartakke is al langs die hoofweg opgerig. Voor die ingang van die"logement"is vlag= pale geplaas en in groot, pragtige sierletters uit rooi papier geknip en op wit flennie geplak, is die woorde "Welcome to your Excellency" of "Wel= come Mr. Siberauer", of wie die betrokke gas ook al was, bokant die deur gehang (De Bode 1962:44). "We were surprised at the ingenuity of the Hot= tentots, who did it all without either advice or aid from us. The letters looked as if they were painted" (P.A. 1862:281).

Voor die gastehuis is "God save the Queen" en die Hollandse weergawe van die gesang "Laat ons nou die Here prys" gesing. Hierna het die voorstaander 'n kort verwelkomingstoespraak gehou (De Bode 1862:44; P.A. 1862:281).

20.2 Die Losieshuis

Behalwe die Sendinglosieshuis het een van die inwoners, Christian Reitz rondom die jare 1850-1870 ook besoekers gehuisves (Gordon 1827:103). Back= house skryf dat die gashere aan hom verversings, perdevoer en skoon beddens verskaf het (Backhouse 1844:96).

'n Verslaggewer van Het Volksblad se kommentaar was: "Zij werden gastvrij ontvangen in het"logement"dat door een fatsoenlijken kleurling onder opzigt en voor rekening der Zending wordt gehouden" (16 Mei 1885). Lady Duff Gor= don noem dat hulle op mielieblaarmatrasse geslaap het en dat Reitz se losies= huis gekenmerk was deur "exquisite cleanliness, and hearty civility, good

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

food, well cooked; horrid tea and coffee, and hardly any milk; no end of fruit". Teen die witgekalkte mure het sewejaarkranse en Bybelprente ge= hang (Gordon 1927:103 & 111).

20.3 Besienswaardighede en indrukke

Vir die meeste besoekers was Schmidt se tuin met die veelbesproke, wêreld= bekende peerboom iets wat hulle móés sien. Soos reeds verduidelik het die eerste boom in 1838, na ongeveer honderd jaar, omgewaai, maar 'n nuwe loot het uit die oorspronklike stam gespruit. Hierdie boom is tot 'n geestelike simbool van die Morawiese sendingwerk verhef (Brenton 1846:503; Krüger 1966: 227; Moffat 1842:20; P.A. 1855:368; 1860:350; 1863:34).

Tydens Robert Moffat se besoek aan Genadendal het hy die atmosfeer soos volg beskryf: "It is impossible to tavern the glen, as the writer has done, or sit under the pear tree which that devoted missionary planted with his own hands, without feeling something like a holy envy, of so distinguished a person in the missionary band (Moffat 1842:20).

Naas die mooi skilderye wat Angas van die dorp en sy mense geverf het, skryf hy: "Peace and quietness, order en repose, seem to preside over this happy village. Some of the author's happiest days were spent at Genadendal, in company with the kindness and hospitality of the excellent missionaries and their wives, the interesting Hottentot population, and the extreme loveliness of the surrounding scenery, has caused a feeling of attachment not to over= come (Angas 1849:39).

Gaste het ook die sang van die inwoners treffend gevind soos uit sir Brenton en lady Duff Gordon se opmerkings afgelei kan word: "The singing of female Hottentots was delightful, and added powerfully to the effect produced by this view of the worship of God in the wilderness" (Brenton 1846:109). "About six hundred, all coloured people, made music more beautiful than any chorus-singing I ever heard" (Gordon 1927:104).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

21. DORPSBESTUUR

21.1 Probleme

In 1894 is 'n inwoner van Berea, 'n buitestasie van Genadendal, weens wange= drag uit die dorp gesit. Dit het groot ontevredenheid en verdeeldheid onder die inwoners van Genadendal veroorsaak. Die faksie wat teen die besluit ge= kant was, het regshulp ingewin en die saak is na die Hooggeregshof verwys. Die hof het bevind dat aangesien die aangeklaagde se besittings meer as £40 werd was, hy die reg gehad het om as inwoner aan te bly. Hierdie hofuit= spraak was 'n groot triomf vir die teenstanders van die Sending. 'n Riem= telegram het selfs die ronde gedoen dat die Sendingsuperintendent tronkstraf opgelê sou word en dat die Koningin van Engeland 'n Anglikaanse predikant vir Genadendal sou aanwys (De Bode 1895:40; Kruger & Schaberg 1894:54-55).

Op 29 Junie 1901 het superintendent P.O. Hennig 'n kennisgewing laat druk waarin genoem is dat die Sending op 12 Des. 1899 die berggrond "Lange Ge= zocht", wat aan die noordelike kant van die dorp geleë was, gekoop het. Die Sending het gevrees dat dié stuk grond van waar die dorp se hoofwaterstroom vloei, in die hande van private besitters sou val wat moontlik die water= stroom kon afsny. Aangesien die Sending uit eie fondse die grond bekom het, is weiding vir alle vee sonder die toestemming van die voorstaander verbied. 'n Spesiale weidingstarief van 6 sjielings per honderd skaap en 6 pennies per bees per jaar is gehef. Hierdie Lange Gezocht-transaksie en die besluite wat daarmee saamgehang het, is sonder beraadslaging met die inwoners geneem en het groot ontevredenheid veroorsaak (Hennig 1901: Kennisgewing aan de in= woners; Krüger & Schaberg 1984:55).

Op 25 Mei 1895 is 'n naamlose brief aan die Sending gestuur waarin genoem is dat die inwoners ontevrede was oor die lewenslange termyn van opsieners en omdat hulle regte, bv. die optel van akkers in die begraafplaas, ingeperk is (M.A. I4d: Naamlose brief aan sendelinge, 25.5.1895). Aangesien die sende= linge nie hierop gereageer het nie, is 'n petisie wat deur 230 inwoners on= derteken is, aan die Departement van Landbou gestuur. Daarin is genoem dat die sendelinge hulle regte inperk, buitengewoon streng reëls neerlê, onnodige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gelde hef en in gebreke bly om finansiële verslae te verskaf. In die peti= sie is ook gevra dat die Morawiërs met 'n Engelse kerkgenootskap vervang moes word (M.A. III6a: Petisie (afskrif), 1896).

In antwoord op hierdie petisie het die sekretaris van die Departement van Landbou geskryf: "There are no substantial grounds for allegations made against the Superintendent and Conference of the Genadendal Mission Station who have hitherto controlled the affairs of Genadendal in an excellent manner and in accordance with the regulations of the Institution. I am to add that if the petitioners are still convinced that illegal acts have been committed they should seek their remedy in the Courts of Justice" (M.A. I4d: Brief Sekr. van Dept. van Landbou, Junie 1897).

Groot wantroue jeens die Sending het steeds toegeneem. Die inwoners het be= gin vermoed dat die Sending dele van die dorpsgrond wat in 1857 aan hulle toe= geken is, aan die aanliggende plase afgestaan het. In 1896 het 157 inwoners wat bereid was om 'n landmeter uit hulle eie sakke te vergoed, aangedring op die heropmeting van die dorp. Die kaart wat deur landmeter Boyes in 1899 opgestel is, het die gemoedere tydelik gekalmeer (M.A. I8a: Eis van Kerk; Kaart van Boyes; sien ook Bylaag 11).

Daar is egter steeds getrag om die dorpsbestuur te verander. Inwoners het verskillende menings uitgespreek, soos die volgende aanhaling uit die "Samen= spraak tusschen Koos en Piet" wat in 1902 in The South African Spectator ver= skyn het, aantoon:

Piet: Luister dan. De Opzieners Conferentie deugt voor niets meer, naar mijne meening. De mannen, die er in zijn, zijn meestal afge= leefd. En dan is daar die span, die altijd "Ja, Meneer" zeggen. Die span moet er uit! Laat die jameneers zich met kerkelijk zaken be= moeien. "Niemand kan twee heeren dienen!" Zoo zecht de Bijbel en de Bijbel liegt niet. Neen. Wij moeten een "proper Board" hebben, of zoals men hier in de stad noemen: "A Council" en die mannen moet= en niet voor levenslang gekozen worden, zooals het nu is. Mij tijd, waar het jij ooit iets gehoor, dan een mensch voor levenslang moet een lid wees voor Town Council! Zij moeten; zeg alle drie jaren gekozen worden. Hebben zij goed werk gedaan. Goed, dan kunnen zij

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

er weer in, anders kiezen wij anders. Zoo is het over de geheele wereld. Het moet anders worden. Wij moeten jong bloed er in krijgen.

Koos: Piet wat jij daar zecht is waar. Maar hoe krijgen wij deze ver= andering daar. Gij weet, zooals de wetten nu zijn is het onmoge= lijk.

Piet: Wel. De zaak moet voor het Parlement komen.

Koos: Maar mischien draait het Parlement de zaak zoo dat wij naderhand in onze tranen zitten.

Piet: Nonsens, Koos! Ik zeg, snijd den grond in erven en geef ieder zijn kaart en transport van zijn grond. Wij zijn niet meer kinders. Wij zijn mannen.

Koos: Piet, Piet wees toch verstandig. Gij zijt al te haastig. Weet gij als ieder Genadendaller kaart en transport heeft, dan is de Witte man haast in Genadendal. En gij weet als hij eerst in is, dan is het klaar met ons. Wij bruines liggen altijd onder. Dit is mij ondervinding geweest gedurende de 50 jaren die reeds achter mijn rug liggen. Maak wat gij wilt, de zwart jong ligt altijd onder. Die einde van de zaak zal zijn, dat de meesten van ons er uit zullen ge= dreven worden, omdat hij Baas zoo en zoo schuldt. (The South African Spectator, Sept. 1902:2).

In die jaar 1900 het 'n jong man, Louis Rudolf Schmidt, 'n beroep aanvaar om die plaaslike leraar in Genadendal by te staan. Hy was die seun van A. Schmidt, 'n voormalige sendeling in Elim en later in Genadendal. Na sy skoolopleiding en vakleerlingskap as kunsmid en slotmaker in Duitsland het hy na Suid-Afrika teruggekeer en sou byna vyftig jaar lank sy lewe aan Genadendal toewy wat in 'n uiters moeilike gemeenskap ontaard het. As 27-jarige het hy aangebied om met behulp van 'n seemanskompas die erwe van huise, tuine en bosse af te tree en op kaart aan te bring (Hierdie kaarte is tot onlangs nog deur die Departement van Kleurlingsake gebruik). (M.A.: Outobiografie, Schmidt, L.R.).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eerw. L.R. Schmidt
(M.A.)



Die seekompas wat deur eerw. Schmidt gebruik is om sy kaar= te teken.
(Genadendal-Museum)

21.2 "Mission Station and Communal Reserve Act"

Algaande het die sendelinge die bestuur van die sendingstasie uiters moeilik en soms onhanteerbaar gevind (De Bode 1909:97; Krüger & Schaberg 1984:68). 'n Nuwe wet bekend as die "Mission Station and Communal Reserve Act" is in die Parlement voorgestel en is in 1909 as wet nr. 29 in die Staatskoerant afgekondig. Volgens hierdie wet sou die Sendinggenootskap 'n grondbrief ten opsigte van hul kerk, skool, woonhuise en tuine ontvang. Die oorbly= wende deel sou afgebaken en gereserveer word vir die gebruik en bewoning van geregistreerde okkupeerders. Die dorpsadministrasie sou dan in die hande van 'n bestuursraad wees wat uit ses gekose en drie benoemde lede deur die kerk en staat sou bestaan (Kommissie i.s. Kleurlingbevolking 1937: 77-78).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dié wet het onmiddellik protes uitgelok. Die gemeenskap was toe verdeeld soos nog nooit tevore nie. Diegene wat vir die wet was, wou geen grond aan die Sending afstaan nie, maar wou hê dat die Sending soos enige ander inwo= ner ook onder die jurisdiksie van die Bestuursraad moes staan. Verskeie opruiende vergaderings met Lukas Absalom as voorsitter is gehou (Krüger & Schaberg 1984:80-85). Die verdeeldheid en onsekerheid watter rigting om in te slaan, het voortgeduur. Die verskyning van Halley se komeet in die maande Mei en Junie 1910 was vir die inwoners 'n onheilspellende voorteken wat die toepassing van die "Mission Stations Act" betref het (De Bode 1910: 38).

Die "werfayas" wat met allerlei take op die kerkplein gehelp het (M.A.).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

22. KERKGEBRUIKE

22.1 Sendelinge en leraars

In 1892 was daar ses sendelinggesinne in Genadendal woonagtig. Omdat die sendelingvroue ook by gemeentewerk betrek is, soos wyksbidure en huisbesoek, moes hulle van huishulpe gebruik maak om na hulle kinders en die algemene huishouding om te sien. Dié bediendes was bekend as die "werf-ayas". Die daaglikse etes vir die sendinggesinne is gemeenskaplik voorberei en genuttig. Rondom die groot etenstafel in die Middelhuis het die sendeling ook die ge= leentheid gekry om hulle daaglikse werk te bespreek. Tydens sendingdirek= teur Buchner se besoek in 1892-93 is hierdie ou gebruik van gemeenskaplike koskook om een of ander rede afgeskaf (P.A. 1893:56; Schaberg s.j.:72).

Die getal geordende leraars uit die plaaslike gemeenskap het in dié tyd met ses vermeerder. Hulle was Isak Uys (1893), Jozua Jonker (1900), Rudolf Ba= lie (1912), Eduard Weber (1914) en Richard Rasmus (1914) wat almal oudstu= dente van die Genadendalse Opleidingskool was (Schmidt 1940:16).



Die Algemene Kerkkonferensie van 1913
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van 4 tot 8 Nov. 1913 is 'n geskiedkundige konferensie in Genadendal gehou. Vir die eerste keer is bruin leraars toegelaat om aan die Algemene Sending= konferensie deel te neem. Hulle was E. Dietrich, F. Balie, J. Jonker en R. Balie (De Bode 1914:16). Van hierdie leraars het baie krities opge= tree en dit baie duidelik aan die Konferensie gestel dat hulle inspraak in alle fasette van die kerkbestuur wou hê, m.a.w. ook wat finansies, salaris= se van sendelinge, ens., betref (Krüger & Schaberg 1984:92).

22.2 Kerkdienste en spesiale byeenkomste

Behalwe die gewone Sondagdienste, is daar ook elke aand van die week byeen= komste gereël. Op 'n Dinsdag- en Vrydagaand is Bybelstudies uit die Ou Tes= tament en Nuwe Testament respektiewelik gedoen. Woensdae and Saterdae is gewy aan singkerk waartydens die gemeentlede 'n verskeidenheid lofliedere ge= sing het. Donderdagaande is spesiale gesprekksklasse vir gemeentehelpers (onderwysers, kerkdienaars, e.a.) gehou. Die bywoning van die kerkdienste, behalwe op feesdae, was in die algemeen baie swak. Dit is toegeskryf aan die feit dat baie inwoners buite die dorp werksaam was en die toenemende ny= digheid teen die Sending (De Bode 1893:56).

Gedurende Februarie en September is "algemeene spreken" gehou. Gesprekke is met die afsonderlike "kore", bv. die egliede, weduwees, wewenaars, jongmei= sies en jongmans, gehou. Elkeen van die vier leraars het sy eie wyk gehad met wie gesprek gevoer moes word. Die doel van hierdie onderhoude was om seker te maak dat elke gemeentelid saligheid in Jesus Christus ontvang het en omdat "niemand onder ons mocht uit dit leven afgeroepen worden, die dit heerlijk zalige doel niet heeft bereikt" (M.A.: Gedenkwaardighede 1898, 6).

Aan die begin van die jaar is 'n gebedsweek gereël. Die gebedstema vir elke dag is in De Bode aangekondig (De Bode 1908:95-96).

Sondagoggende is die kerkklok om 7 vm. gelui en die deure en vensters is dan oopgemaak. Om 9 vm. het die tweede en om 9.50 vm. die derde klok gelui. Die mense is toegelaat om nog gedurende die sing van die eerste gesangvers in te kom en daarna is die sydeure gesluit. Laatkommers moes dan aan die voordeur klop om binne gelaat te word en die agterste sitplekke inneem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die kerkdienaars/esse moes toesien dat die gemeentelede en gaste die regte sitplekke inneem en dat absolute stilte in die kerk heers. Om dié rede het die kerkdienaars verspreid in die kerk gesit. "Dronken menschen en rustverstoorders moeten door den naaszittenden kerkedienaar uit de kerk verwijderd worden". Mense wat "hardstappen" (dit word afgelei dat mense op hulle tone moes stap) en onnodig gesels is ook ernstig aangespreek. Aan die einde van die diens wag die gemeente totdat die predikant die kerk ver= laat het en gaan dan bank vir bank uit. Behalwe saans, moes kinders eers wag dat die volwassenes die kerk verlaat (M.A.: Register betreffend bepa= lingen van Kerke Raad 1903/1912:109-114).

22.3 Kerkleer

Die boekie Christenleer deur superintendent P.O. Hennig was 'n belangrike handboek by die onderrig van doopkandidate (Schmidt 1943:7). Die leraars het ook sover moontlik die gemeentelede teen dwaallering gewaarsku. Mo= hammedanisme en doop deur onderdompeling is as potensiële gevare vir die kerkleer beskou (De Bode 1913:45 & 112).

22.4 Sitplekreëlings

Na die opening van die nuwe kerkgebou (1893) is spesifieke sitplekke vir die verskillende geslagte en rassegroepe aangewys. Die kerk kon ongeveer 1 200 mense huisves.



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. skoolgaande kinders (seuns)
2. skoolgaande kinders (meisies)
3. mans
4. vroue
5. blanke mans (2 banke)
6. blanke vroue (2 banke)
7. preekstoel
8. leraarsvrou
9. sendelinge
10. afskorting - 5 voet hoog

Sitplek op die galery is net tydens groot feeste gebruik. Die galeryge= deelte bokant die voorportaal was vir die orrel en kerkkoor.

Binnekant van die kerkgebou (1893)
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

23. LEWENSVORME

23.1 Doop

Die drie vorme van hierdie sakrament, nl. volwassedoop, kinderdoop en nood= doop, het nog steeds met enkele aanpassings voorgekom. Vir elke tipe doop is 'n afsonderlike doopformulier gebruik (Gesangboek van die Broederkerk 1949:32-38).

Wanneer iemand gedoop wou word, moes by die kerkkantoor aansoek gedoen word. Spesiale klasse vir doopkandidate is gereël. 'n Tafel met die doopbak en doopbeker is aan die onderkant van die preekstoel geplaas. Die kerkdiena= resse het toegesien dat elke vrouekandidaat 'n wit doek om die kop bind. In die gevalle van volwassedoop is kinders wat nog nie as lidmate aangeneem is nie en uitgeslotenes (diegene wat onder kerktug geplaas is) nie tot die diens toegelaat nie (M.A.: Register betreffende bepalinge van Kerke Raad, 1903-1912, 1 & 10; Aankondigingboek Genadendal, 1902: 16.3.1902; 6.6.1902). Die gebruik dat doopkandidate plat moes lê, is uitgeskakel (Krüger & Schaberg 1984:92).

In geval van die kinderdoop het die ouers met hulle babas/kinders in die eerste drie banke gesit. Die skoolkinders het hulle sitplekke in die mid= del van die kerk ingeneem omdat hulle sekere vrae wat vooraf geleer is, moes beantwoord (M.A.: Register betreffende bepalinge van Kerke Raad, 1903-1912:1). Na 'n gesang het 'n kort toespraak oor die betekenis van die doop gevolg. Die predikant het na die dooptafel beweeg en die gemeente het gestaan. Hier= na lees die leraar die doopformulier en sekere vrae word aan die kinders ge= stel en die kinders antwoord gesamentlik:

Leraar: Wie het die doop ingestel?
Kinders: Onse Here Jesus Christus.
Leraar: Met watter woorde het hy dit gedoen?
Kinders: Hy het vir sy dissipels gesê: Gaan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Leraar: Kan dan ook kinders alreeds die genade van God deelagtig word?
Kinders: Ja sekerlik.
Leraar: Hoe weet ons dit?
Kinders: Omdat die Here Jesus gesê het: Laat die kindertjies na my toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. En hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.

Hierna het die leraar sy vinger in die water gedoop en 'n kruisie op die kind se voorkop gemaak (Gesangboek van die Broederkerk 1949:32-34).

2.3.2 Huwelik

In 1913 is bepaal dat net 'n vrou wat 'n rein, maagdelike lewe gelei het, met "krans en sluier" kon trou. Net mans en meisies wat 'n skoon kerkrekord gehad het, kon as strooijongers en strooimeisies optree. 'n Bedrag van 10 sjielings, bekend as "trouwgeld", moes aan die leraar betaal word alvorens hy die paartjie in die huwelik bevestig het (M.A.: Register betreffende bepalinge van Kerkraad 1903-1912).

2.3.3 Begrafnis

Daar is in hierdie tyd tussen drie tipes begrafnisse onderskei:

a) 'n Begrafnis vir goedstaande kerklidmate;
b) 'n Begrafnis vir doodgebore en ongedoopte kinders asook uitgeslotenes;
c) 'n Begrafnis vir "uitwoners" en ongedoopte volwassenes.

Wat die eerste geval betref, is lidmate deur die predikant met die gebruiklike begrafnisdiens uit die kerk begrawe. Die lyk is op 'n draagbaar geplaas en met 'n wit doek bedek. Leerlinge is alleenlik toegelaat om in die stoet te loop indien die onderwysers teenwoordig was. By die graf is die kis op bevel van die leraar met behulp van dwarspale en toue in die gat laat sak.

Wat die ander gevalle betref, moes die familie self vir grafgrawers en draers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sorg en 'n kerkdienaar moes toesien dat die lyk op die aangewese plek be= grawe word. So 'n befrafnis was as 'n "stille begrafnis" bekend omdat die klok nie gelui is nie en 'n lykrede nie in die kerkgebou plaasgevind het nie. Wat die "uitwoners" (mense wat nie geregistreerde inwoners was nie, maar om een of ander rede in die dorp gewoon het) en ongedoopte volwassenes betref, is 'n begraafplaas buite die dorp, aan die onderkant van die vleituine, be= kend as die "vreemde akker" aangelê (M.A.: Register betreffende bepalinge van Kerke Raad 1903-1912, 17 & 155).

Sedert 1 Jan. 1885 is die inwoners volgens landswet verplig om geboortes en sterftes te registreer. Begrafnisse kon net met 'n magtigingsbrief, wat deur die kerkkantoor uitgereik is, gereël word (De Bode 1894:92).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

24. FEESTE, KONSERTE EN BASAARS

24.1 Feeste

In hierdie tydvak is daar tussen twee soorte feeste onderskei, nl. kerk= feeste en patriotiese feeste. Kerkfeeste het Paasfees, Kersfees, Kinder= fees, Fees van die 13de Augustus, ens., ingesluit terwyl Empiredag (24 Mei), Koning(in)sverjaardag (3 Junie) en Uniedag (31 Mei) van die belangrik= ste patriotiese feesdae was.

24.1.1 Patriotiese feeste

Op 'n patriotiese feesdag, wat gewoonlik ook 'n skoolvakansiedag was, het die kinders soos gewoonlik by die skool byeengekom. Die dag is met 'n môreseën begin. Hierna het die prinsipaal 'n kort verduideliking gegee waarom daar fees gevier sou word.

(a) Koning(in)sverjaardag

Dié fees is dae vooraf in die kerk afgekondig sodat die gemeente die be= trokke vors in gebede kon opdra en voorbereidsels vir dié dag kon tref. 'n Onthaal van tee en bolletjies is soms gegee. Staaltjies is uit die lewe van die vors vertel. Behalwe die speletjies wat gespeel is, is ook 'n konsert gehou. Kaartjies teen 6 pennies vir volwassenes en 3 pennies vir kinders is voor die tyd verkoop (M.A.: Afkondigingsboek 1.11.1902; Skoolregister 1913-1914).

Op Empiredag is oor die vors se heerskappy en lewe uitgewy. 'n Aantal patriotiese liedere is tussenin gesing en die byeenkoms is met die Britse volkslied afgesluit. Hierdie byeenkomste kon ook deur ouers bygewoon word en die hoofdoel was om belangstelling, trots en liefde vir "King and country" onder die inwoners aan te kweek. In die namiddag is 'n groot piekniek vir die kinders op die openbare speelplek, die trapvloer, ge= reël. Speletjies is gereël waar hulle pryse kon wen. Bome is ook op dié dag geplant (De Bode 1913:85; Teachers Review, Junie 1910:8-9).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) Kroningsdag van koning George V

Op 22 Junie 1911 is koning George V van Engeland gekroon. In Genadendal is op dié dag ook groot fees gevier. Oral in die dorp het vlae gewapper. Om 7 vm. het die klokke die feesdag aangekondig en om half tien is 'n fees= diens voor die kerk gehou en die mense het "God save the King" gesing. Drie "cheers" is vir die koningspaar gegee en die opmars na die trapvloer het be= gin. Die kinders het voor gestap, gevolg deur die blaasorkes, die leraars, besoekers en met die mans en vroue van die dorp heel agter. Perdekarre wat met vlae en prente van die koningspaar versier is, het aan die optog deelge= neem. By die trapvloer is vyf akkerboompies aangeplant en speletjies ge= speel waaraan kinders en volwassenes kon deelneem. Pryse is aan die wen= ners uitgeloof en almal is met tee en koek bedien. Teen die laatmiddag is klappers geskiet en in die aand was 'n vertoning van vuurwerke ("rockets") op die heuwels aangebied terwyl die blaasorkes die musiek verskaf het (M.A.I7c: Schmidt 1911, Beskrywing van Kroningsdag).

24.1.2 Kerkfeeste

Sendingfees, Kinderfees, Paasfees, ens., wat in die vorige tydvak beskryf is, is steeds op dieselfde wyse gevier.

(a) Kerkjubelfees

In 1889 het die Genadendalse gemeente besluit om 'n nuwe kerkgebou op te rig sodat dit met die honderdste herdenkingsjaar van die aankoms van Mars= veld, Schwinn en Kühnel kon saamval. Drie jaar vantevore is reeds met die kerkboufonds begin toe van elke man en vrou verwag is om 1 sjieling en 8 pennies respektiewelik per maand by te dra.

Op 20 Augustus 1891 is die laaste erediens in die ou kerkgebou gehou en op 12 Okt. 1891 kon die hoeksteen van die nuwe kerk op die gebruiklike wyse gelê word. Na anderhalf jaar is die bouwerk voltooi en op 14 Maart 1893 is 'n aandseën onder die eike op die kerkplein gehou. Feesgangers het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van oral gekom om deel te neem aan die openingsfees wat die volgende dag sou plaasvind. Vroeg daardie oggend het die klokke en basuingeskal die blye dag aangekondig dat die monumentale gebou ingewy sou word. Die gemeente het om half nege voor die kerk vergader en die gesang "Dankt God, dankt allen God" gesing. Die Sendingdirekteur, biskop Buchner van Herrnhut, het daarna die deure oopgesluit en eerw. A.G. Hettasch het die feespredikasie met die boodskap "Smaak en sien dat die Here goed is" (Psalm 34: 9) gehou. In die namiddag is weer 'n byeenkoms gehou waartydens verskillende sprekers opgetree het (Schmidt 1943: pamflet).

Die boekie Geschiedverhaal van Genadendal wat die geskiedenis van die sendingstasie van 1737 tot 1805 vertel, is vir dié geleentheid laat druk en uitgegee (M.A.).



Die voltooide kerkgebou (1893)
(M.A.)

(b) Kersfees

Hierdie fees, soos al die ander kerkfeeste, is op die gebruiklike wyse gevier, met een en ander nuwighede wat bygekom het. In 1894 berig De Bode dat die sendelinge besluit het om "een klein Kerstfeest-aardigheid aanterichten" (12). Elke gesin sou gratis 'n denneboom uit die bos ontvang wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle gedurende die Kerstyd in hulle huise kon versier. Die doel hiervan sou wees om 'n "nieuwe geest van feestelijke plechtigheid in huizen" te bring en "den wereldgeest" uit die huise te dryf. Ook in die kerk is aan beide kante van die preekstoel 'n groot denneboom geplaas wat met wit en geel papiersterre en kersies versier is (De Bode 1894:12)

Dit het van toe af 'n gereelde instelling geword. Elke Ou-Kersdag is een van die kerkdienaars aangewys om kersboompies op die kerkplein uit te deel. Die inwoners is nie toegelaat om self die bome in die houtbos te gaan kap nie (M.A.: Aankondigingboek, Genadendal, 1901).

'n Ander nuwigheid was 'n model van die stadjie Betlehem wat in een van die skoolklaskamers opgestel is. Hierdie voorstelling van die geboorteplek van Christus was baie gewild en het die verbeelding van die mense aangegryp. Toegangskaartjies, (volwassenes 3 pennies, en kinders 1 pennie) is verkoop en mense kon nâ die kerkdienste op Ou-Kersaand en Kersaand die model gaan besigtig (M.A.: Aankondigingboek, Genadendal, 15 Des. 1901).

(c) Oesdankfees

Oesdankfees is gewoonlik op die eerste Sondag na Paasfees gevier. 'n Spe= siale feeskomitee is op die been gebring. Twee weke voor die feesdag is die gemeente gevra om hulle tuinbydraes na die kerk te bring. Kollekte= lyste het ook die rondte gedoen. Hierdie geld sou vir die Liefdemaal ge= bruik word wat met die Oesdankfees gepaardgaan, nl. om bolletjies te bak en tee te maak. 'n Spesiale teetante is vir diê doel aangewys om die voor= bereiding in die bakhuis op die kerkwerf te doen. Liefdemaalkaartjies (6 pennies vir volwassenes en 3 pennies vir kinders) is voor die tyd verkoop.

Gedurende die voorafgaande week het die dorpenaars hulle gawes, wat mielies, patats, ens., ingesluit het, in sakke aangedra. Dit is in 'n groot kis op die kerkkantoorstoep uitgeskud. Behoeftige kinders kon 'n halfdosyn mie= lies vir 'n kaartjie by die kerkkantoor ruil. Selfs bejaardes het met veel moeite en ontbering hulle beskeie gawes, al was dit slegs 'n trossie uie of 'n paar amandels, aangedra. Hulle is geleer dat klein gawes, al was dit nie groot pampoene of sakke koring nie, ook goed in Gods oë was. Ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

offergawes het ingemaakte vrugte en bottels suurlemoensap ingesluit.

'n Dag voor die tyd is die altaar op kunstige wyse met al die bydraes ver= sier. 'n Boog met mielies is daaroor gespan. Buite voor die kerk is twee dennebome in die grond geplant en stringe mielies van kant tot kant gehang.

Die Liefdemaal was die hoogtepunt van die fees. Elkeen is met 'n bolletjie en tee in die kerk bedien. Die kinders het dit terdeë geniet. Ekstra bol= letjies is eenkant vir die siekes gehou en die res sou by die basaar verkoop word.

Die volgende dag is al die offergawes voor die kerk uitgestal. Die kerk= banke is na buite gedra en in 'n halfsirkel onder die eike geplaas. Die vroue en meisies was deftig uitgevat en het die kosverkope waargeneem. 'n Volledige middagmaal kon vir 6 pennies gekoop word. Na die verkope het die veiling begin. Een van die kerkdienaars het as afslaer opgetree. Die goedere is verkoop vir vier tot vyf maal meer as wat dit werd was, bv. 'n koek van 1 sjieling en 6 pennies is uiteindelik vir 16 sjielings van die hand gesit; dit was die helfte van die bieër se maandelikse loon. Die ge= troue lidmate het geglo dat hulle dit tot eer van die Here gedoen het. Teen half drie het die moeë afslaer die laaste gawe verkoop (Nitschman 1920:137-144).

24.1.3 Skooljubelfees

In 1914 het die primêre skool sy honderdste bestaansjaar gevier. Die fees= vieringe het op 14 Julie en 2 Augustus plaasgevind. Kennisgewings is ge= druk om die voorgenome verrigtinge bekend te maak (M.A.: Kennisgewing Jub= belfeest, 3 Junie 1914).

Op Woensdag, 15 Julie, het die skoolkinders in die kerk byeengekom. Ná die kerkdiens is tien "la France"-roosboompies op die skoolwerf geplant, die st. IV-leerlinge het verskeie gediggies oor rose voorgedra terwyl die on= derwyspersoneel "Rosebuds" gesing het. Elke klasgroep het 'n Bybelprent ontvang met die handtekening van elke leerling en leerkrag wat daardie dag

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teenwoordig was. 'n Ronde borswapentjie waarop die woorde "Genadendal School Centenary" verskyn, is aan elke feesganger gegee om aan te steek. Die fotograaf Ravenscroft is uitgenooi om foto's van die feesgeleentheid te neem (M.A.: Skoolregister, 1913-1914).

Op Sondag, 2 Augustus, is drie kerkdienste gereël. Om 9 vm is 'n kinder= doopdiens gehou, gevolg deur 'n feespredikasie om 10 vm. 'n "Liefdemaal met aanspraken" het om haltwee plaasgevind. Op die voorste kerkbanke het al die oudleerkragte gesit, o.a. Petrus Beukman wat 76 jaar tevore sy op= leiding in Genadendal voltooi het asook die negentigjarige Ulrika Florus wat nog van die leermetodes in die tyd van Hallbeck kon vertel. Tydens die aanddiens is die rol van die ouerhuis en skool in die opvoeding van die kind bespreek. By al hierdie geleenthede het die skool- en kerkkore opgetree. Briewe van gelukwense is van die Kaaplandse Superintendent van Onderwys, dr. T. Muir, die Minister van Onderwys, mnr. F.S. Malan, die Sendingbestuur in Herrnhut, verskeie leraars en voormalige sendelinge wat in Genadendal ge= dien het, voorgelees (M.A.: Skoolregister 1913-1014).



Kerkversiering tydens Kinderfees. Rondom die pilare word rankplante gedraai.
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

24.1.4 Huwelikshérdenking

Wanneer 'n egpaar vyftig jaar getroud was, is goue bruilof gevier. Die goue bruilof van die egpaar Munnik is soos volg gevier. Die huis is binne met veldblomme versier en voor die huis is vlae gehys. Vroeg daardie og= gend het die basuinorkes geblaas. Oom Daniël Munnik het'n kort toespraak gehou en daarna is die gaste met koek en koffie onthaal (De Bode 1906:56).

24.2 Konserte

Die Genadendallers was baie lief vir musiekkonserte waar daar gesing en die viool, orrel en blaasinstrumente bespeel is. Kaartjies is voor die tyd ge= druk en deur die opsieners en studente van die Opleidingskool verkoop (De Bode 1807:71 & 72; 1808:68; 1912:56 & 92; 1913:8 & 56).

'n Program van die konsert op Paasfees, 12 April 1914, het die volgende nom= mers ingesluit:

1. Orgel Solo (Ascher)
2. Koor: Johova, Uwe Name
3. Gemeente: bezang 761
4. Orgel en Viool: Serenade
5. Koor: Heer, Gij die zijt de God
6. Gemeente: gezang 486
7. Trio: Maak mij dan zalig
8. Waldhorn Solo
9. Tenore Solo: Zijt getrouw
10. Gemeente: gezang 412
11. Orgel en viool: Canzonetta
12. Tenore Solo
13. Koor: Almachtig beven
14. Gemeente: gezang 766
15. Koor: Gloria.

Hierna is 'n toespraak gehou en die basuinorkes het met die nommer "Mercia" afgesluit (M.A.: "Concert en Tea-meeting", 12 April 1914).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

24.3 Basaars

Wat die basaars betref, is daar elke jaar twee groot verkopings gehou, nl. die skoolbasaar op Tweede Nuwejaar en die kerkbasaar wat gedurende Maart/April net na Oesdankfees plaasgevind het. Dit was groot sosiale geleent= hede en mense het dit goed ondersteun. Met die skoolbasaar van 1913 is die skool deur die meisies met blomme en kranse versier. Die blaasorkes het vooraf musiekstukke gelewer en die plaaslike leraar het die verrig= tinge met 'n toespraak en gebed geopen. Die onderwyseresse van die plaas= like skool het die verkope beheer. Behalwe lekkernye is ook 'n verskei= denheid handwerk soos "tafel centres, D'oyleys en fraai uitgewerkte kussen= tjes voor stoelen en spelden" te koop aangebied. Die mense het die basaar baie goed ondersteun sodat die afsluiting en bedanking reeds teen twaalfuur gedoen kon word (De Bode 1913:20).

Die kerkbasaar van 31 Maart 1913 het soos volg verloop. Die geld wat die kerkdienaars deur middel van lyste ingevorder het, is gebruik om bestanddele vir die gebak van die kerkdienaresse te koop. Nadat die basaar om 10 vm. op die kerkplein geopen is, was daar 'n verskeidenheid eetgoed te kus en te keur, soos "koek, koffie, gebraden hoenders, witte broden, enz." Omdat die basaar saam met Oesdankfees geval het, is ook tuinprodukte, soos pampoene, patas, boontjies, ens., verkoop (De Bode 1913:56).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

25. VERENIGINGSLEWE

25.1 Stuiwervereniging

In 1876 het vyf susters van die gemeente in Herrnhut besluit om gereeld elke week 'n "pfennige" aan die Broederkerk se sendingwerk te skenk. Dit was ook hoe die Stuiwervereniging in Duitsland ontstaan het (M.A.: Stuiwer= vereniging).

Die presiese stigtingsdatum van hierdie vereniging in Suid-Afrika kon nê= rens opgespoor word nie, maar wat wel genoem word, is dat eerw. A.E. Schmidt, wat van 1890 tot 1900 leraar in Genadendal was, die aanvoorwerk gedoen het. Die doel van die vereniging was ook om met klein, gereelde bydraes deur sy lede die sendingwerk van die Morawiese Kerk te ondersteun. Deur hierdie bydraes het die lede hulle dankbaarheid teenoor die Here betoon en hulle erns gewys dat die Christelike geloof oor die hele wêreld versprei moes word. Die bydraes moes met die regte gesindheid, in geloof, met blymoe= digheid en sonder enige verpligtinge gemaak word (De Bode 1910:58).

Na die vertrek van A. Schmidt het hy sy seun, L.R. Schmidt, versoek om hom in 1902 as kollektant op te volg. Takke van die vereniging is spoedig op talle ander plekke gestig. Bydraes is na L.R. Schmidt in Genadendal ge= stuur en op sy beurt het hy dit weer na Herrnhut, Duitsland, gestuur (M.A.: Stuiwervereniging).

25.2 Begrafnisverenigings

In 1899 is twee begrafnisverenigings, een vir elke woonbuurt in Genadendal, gestig. Elke vereniging het sy eie reëls gehad. Hulle het elk 'n eie saal gebou en self hulle doodkiste gemaak.

25.2.1 Genadendal Begrafnis-Vereniging (G.B.V.)

Hierdie vereniging is op 11 Mei 1899 deur elf lede van Bergstraat in die lewe geroep (M.A. I7c: Verslag P.S. Snyder, 19.6.22). Met die vrugte wat gedroog en aan die Sendingwinkel verkoop is, is fondse bymekaargemaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle het hulle vergaderings in 'n woonhuis in die Vlei gehou en vinnig in getalle toegeneem. Omdat die "aansluitingsfooi" gedurende die stigtings= jaar 'n emmertjie droëvrugte was, is daar ook na dié vereniging as die "peer= tjiesklops" verwys (Mev. A. Habelgaarn 1972: onderhoud). Hulle leuse was "Stof zijt gij en tot stof zult gij wederkeren" (Gen.3:19).

Net mense onder die ouderdom van sestig jaar kon aansluit deur 1 sjieling te betaal en gereeld 'n maandelikse bydrae van 6 pennies te gee. By die afster= we van 'n lid het die vereniging 'n doodkis voorsien asook 'n kontantuitbe= taling gemaak, bv. 'n lid van ses maande het £1.7.6. en 'n lid van twintig jaar het £7 ontvang. 'n Lid wat skielik siek geword het, kon kwytskelding van bydraes ontvang. Die bestuurskomitee (voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, ondersekretaris, kassier en drie ouditeurs) het elke maand ver= gader om lidmaatskap en die finansies te bespreek.

Sosiale byeenkomste vir alle lede is dikwels gehou en dan is verwag dat elke lid dit moes bywoon. Indien 'n lid sonder skriftelike verskoning afwesig was, kon hy met 1 pennie beboet word. Om seker te maak dat elke lid op die hoogte van die bepalings was, is 'n reëlboekie gedruk en aan almal voor= sien, nl. die Regels van de Genadendal Begrafnis-Vereniging (1917).

25.2.2 Victoria-begrafnis-Vereniging

Hierdie vereniging is ter gedagtenis aan die tagtigste verjaarsdag van ko= ningin Victoria op 24 Mei 1899 gestig. Die lede van dié vereniging was hoofsaaklik inwoners van die oostelike woonbuurte, Sewefontein en Klipper= straat. Die doelstelling van die vereniging was dieselfde as dié van die G.B.V., nl. om bystand in tye van sterfte en siekte te verleen. Die reëls het ook min of meer ooreengestem.

Hulle leuse was: "Leer ons onze dagen tellen, dat wij een wijs hart beko= men" (Psalm 90:12).

Die bestuurskomiteelede van hierdie vereniging het vergoeding vir hul diens= te ontvang. Die voorsitter en kassier het 6 sjielings elke ses maande en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en die sekretaris £1 elke drie maande ontvang. Indien die sekretaris sy werk nie na wense verrig het nie, is hy met 2 sjielings en 6 pennies beboet. By die maandelikse vergadering het die sekretaris, wat die bydraes ontvang het, dit aan die kassier oorhandig. Hy moes op sy beurt sorg dat die geld binne 24 uur in die Sendingbank gedeponeer word. Lede wat siek was, is van gratis medisyne uit die plaaslike apteek voorsien.

Die stigtingsdatum van die vereniging is elke jaar op plegtige wyse gevier. Na die afsterwe van 'n lid is 'n "treurvergadering" vir die afgestorwene gereël (Regels voor de Victoria-Begrafnis-Vereniging, 1917).

25.3 Genadendal Vereenigde Zusters

Hierdie vereniging is op 17 Feb. 1910 in die lewe geroep met die hoofdoel om, soos die begrafnisverenigings, in tye van siekte en sterfte bystand te verleen, met dié verskil dat hulle nie doodkiste voorsien het nie. Hulle leuse was: "Draagt elkanders lasten, en vervult alzoo de wet van Christus" (Gal.6:2).

Elke lid moes tweemaandeliks 6 pennies bydra. Wanneer 'n lid sterwe, moes 'n bykomende 6 pennies deur alle lede betaal word. In tye van siekte kon die sieke 'n lening van 10 sjielings vir 'n tydperk van drie maande aangaan.

Elke ses maande is 'n nuwe bestuurskomitee (voorsitter, sekretaris, kassier en drie ouditeurs) gekies. Lede is beboet indien hulle hulle nie stigtelik tydens vergaderings gedra het nie, of as hulle buite die vergadering hulle teen die vereniging uitgespreek het. Diesulkes kon selfs hulle lidmaatskap verloor sonder dat enige uitbetalings aan hulle gemaak is. Kollektante wat aangestel is, moes terselfdertyd die siekes besoek (Regels van de Genadendal Vereenigde Zusters, 1910).

Vergaderings het gewoonlik in die woonhuise van Amos Windvogel en Wilhelmina Adams plaasgevind. Daar is dikwels na die vereniging as die losie of "lodge" verwys (M.A. I7c: Verslag, 28.4.1910).

Tydens 'n Opsienersvergadering van 1912 is die kwessie geopper dat die ver=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eniging se naam deur sommige mense misbruik is. Ongeoorloofde kerkdienste is in die naam van die vereniging gereël. Markus Absalom is deur die voor= staander ingeroep en ernstig vermaan. Hy sou later die leier van 'n teë= party van die Sending word (M.A. I7b: Protokol Opsienerskonferensie 1912: 189).

Die Jongemeisies-vereniging, 1914
(M.A.)

25.4 Genadendal Christelijke Onthouders Vereniging

Hierdie vereniging is in 1908 gestig met die leuse: "Ik vermag alle dingen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

door Christus, die mij kracht geeft". Lidmaatskap is aan almal toegestaan wat nie alkoholiese drank gebruik het nie. Hulle moes 'n eed op 'n kaar= tjie in die teenwoordigheid van twee getuies onderteken. Die onderneming het soos volg gelui:

1. Ik beloof, met de Hulp des Heeren, mij voortaan van alle bedwelmende dranken geheel en al te onthouden en dezelve aan niemand anders te geven of aan te bieden.
2. Ik beloof mijn invloed te gebruiken ook anderen voor de zaak der onthouding te winnen.
3. Ik verplicht mij dit kaartjie terug te geven indien ik deze belofte van onthouding verbreek. (M.A. I7c: Lidmaatkaart)

Die vereniging het dikwels gesellighede, bekend as "entertainments" gereël. Dit het musiekkonserte met "allerlei grappige en ernstige sprookjes" inge= sluit (De Bode 1908:50).

Traktaatjies is ook deur die vereniging laat druk om die mense teen die drank= euwel te waarsku. Een van die traktaatjies, "Hoe vieren wij Paaschfeest?", het die heiligheid van dié dag beklemtoon omdat baie mense gedurende die tyd gedrink het.

Nadat die vereniging onaktief geraak het, is 'n tak van die I.O.T.T. (Inde= pendent Order of True Templars) op 19 Sept. 1912 in Genadendal gestig. Hulle sou dieselfde doel hê, nl. om drankmisbruik te beveg. Dié vereniging het uit 120 lede bestaan. Ook kinders is aangemoedig om aan te sluit. 'n Ge= tal van 157 kinders wat as die "Band of Hope" bekend sou staan, is gewerf. Die bestuur van die "Faith Temple 119" soos hierdie tak genoem is, is soos volg saamgestel:

Superintendent:	E.S. Dietrich
Hooftempelier:	J. Duminy
Tweede tempelier:	D.S. Kroneberg
Sekretaris:	A. Lesch
Kassier:	P. Snyder
Kapelaan:	E. Weber

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Assistent-Superintendent:	A. Wessels
Maarskalk:	P. Cloete
Hulpmaarskalk:	C. Eksteen
Binnewag:	H. Scholtz
Buitewag:	C. Haas
Superintendent van jeugwerk:	K. Weber (Die Huisvriend 1945:136).

Eerw. Carl Jonas en sy vrou (M.A.)

Eerw. Edward Weber en sy suster (M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

26. OPVOEDING

26.1 Opleidingskool

26.1.1 Die Gebou



onderste verdieping



eerste verdieping

Onderste verdieping

a) Voorportaal
b) Kamer vir toesighouer (inwonende onderwyser)
c) Lesingkamer wat ook as eetkamer gebruik is. Ingerig met lang tafels, muurkassies en rakke vir skryfbehoeftes. Skryfborde het reg rondom teen die mure voorgekom.
d) Kantoor vir direkteur
e) Biblioteek
f) Slaapsaal (vir ± 24 tot 30 studente) met houtraambeddens
g) Kombuis

Eerste verdieping

h) Woonkwartier vir direkteur en gesin
i) Trap
j) Musieklokaal vir sang- en instrumentale oefening
k) Balkon
l) Badkamer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

m) Eetkamer van direkteur en gesin

n) Kamer vir hulp

o) Naaldwerk- en linnekamer waar studente se klere gemaak en herstel is

p) Gang

Tweede Verdieping

q) Pakkamer vir groente, vrugte, boeke ens.



tweede verdieping

(Renkewitz s.j.:21-28).

Opleidingskool Genadendal
(M.A.)

26.1.2 Leerplanne en eksamens

In die tyd van T. Renkewitz as direkteur (1882-1904) is daar uitsluitlik van Engels as onderrigmedium gebruik gemaak. Die gewone vakonderrig is met tuin=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

werk afgewissel. Studente is ook gereeld na die houtbos geneem om brand= hout te saag en kap. Ander het weer in die drukkery gehelp. Soos hulle uniforms, was die gereedskap wat hulle in die tuin en houtbos gebruik het, met 'n nommer gemerk, en elkeen was daarvoor verantwoordelik. Renkewitz het mettertyd die blanke assistente met oudstudente van die Opleidingskool vervang, wat toe knap en ervare onderwysers was. Onder hulle was E. Weber, E. Dietrich, B. Oppelt, F. Johannes en W. Johannes (Schmidt 1935:12).

Die Opleidingskool is gereeld deur die Superintendent van Onderwys geïnspek= teer. Om 'n deeglike opleiding te verseker, het Renkewitz die duur van die opleiding na ses jaar verleng. Die studente is nie toegelaat om hulle ouer= huise te besoek nie. 'n Tweejarige teologiese kursus, wat ook as die Bo-klas of Bybelklas bekend was, is tot die leergang toegevoeg. Vakke soos Bybelstudie, Bybelkunde, Duits en kerkgeskiedenis is aangebied. Studente het ook die geleentheid gekry om proefpreke te hou. Hierdie kursus was op= sioneel en kon na die onderwyserseksamen gevolg word. Die eerste teologie= se student wat sy opleiding voltooi het, was die jong onderwyser E.S. Diet= rich (Schmidt 1935:13).

Gedurende die eerste twee jaar is aandag aan die onderwysmetodiek geskenk. Die daaropvolgende twee jaar moes hulle praktiese ondervinding as studente= onderwysers opdoen en gedurende die laaste twee jaar is hulle deeglik vir die Departementele eksamen voorberei (Krüger & Schaberg 1984:47).

Hulle het elke week 3 pennies vir sakgeld ontvang. Een pennie is gebruik om 'n seël te koop om 'n brief aan die ouerhuis te rig. Die tweede pennie moes in die kerkbordjie gegooi word en vir die derde kon lekkers gekoop word (S. Jonker 1970: onderhoud). Ouers was verheug om weer hulle kinders te sien en het hulle dikwels nie na die opleidingstyd herken nie (Schmidt 1935: 14-15).

A. von Dewitz het Renkewitz in 1904 opgevolg en in 1909 is T. Schreve aange= stel. In dié tyd (1913) het die Departement van Onderwys 'n jaarlikse be= drag van £200 aan die inrigting toegestaan op voorwaarde dat blanke assis= tente voortaan aangestel word (Schmidt 1935:18).

'n Groen-en-goud omraamde "Training School Certificate" is deur die direkteur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderteken en aan suksesvolle studente uitgereik (M.A.:"Training School Cer= tificate").

Die bewoording het soos volg gelui:

> This is to certify that ..... has been for a period of ..... years a pupil of the Moravian Training School at Genadendal, and, during that time, has received a thorough and careful training in all subjects required for the T III, and besides has been instructed in:
>
> The Dutch and German languages
> Music: Singing (Staff and Tonic Solfa notations); Piano, Harmonium and Organ; String and Brass Instuments.
> Woodwork: Common and Fretwork
> Printing or Bookbinding
> Church History (general and special)
> General Scripture knowledge, Bible explanation and other kindred subjects necessary for a Teacher and Evan= gelist of the Moravian Church.
> (M.A.: "Training School Certificate").

In 1913 is 'n gewysigde driejarige kursus, bekend as die "Third Class Tea= chers' Certificate (Junior)", deur die Onderwysdepartement ingestel wat be= teken het dat daar 'n differensiasie tussen die leergange van die verskil= lende rassegroepe ingetree het (M.A.: Superintendent van Onderwys, Kaappro= vinsie Jaarverslag, 30 Sept. 1913:21).

Ouers wie se kinders die vyfde standerd op skool geslaag het, kon by die direkteur van die Opleidingskool aansoek doen om opleiding van hulle kinders (De Bode 1906:85). Gedurende hierdie tydperk het die inskrywing tussen twaalf en twintig gewissel (Renkewitz s.j.:51,53,89 & 101).

26.2 Primêre skool (Grootskool) en Kleuterskool (Kleinskool)

26.2.1 Inskrywing

In 1904 is die skoolgeld vir primêre skoolkinders op 10 sjielings en vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kleuters op 6 sjielings vasgestel. Baie ouers het hulle kinders uit die skool gehaal met die gevolg dat die bywoning drasties gedaal het (Schmidt 1914:13). Waar die gemiddelde bywoning in 1895 op 450 gestaan het, was die getalle in 1908 die laagste in die skool se geskiedenis, nl. 185 (M.A. I6d: Statistieke Skool; The Cape Times 29 Nov. 1895:7). In 'n gedrukte omsendbrief "Aan alle Ouders in Genadendal" noem die prinsipaal dat die skoolgeld van 10 sjielings 'n baie billike bedrag was en as dit reg bereken sou word, het dit maar 'n stuiwer per dag uitgewerk en dat die inwoners nie die kans om geleerdheid te ontvang, deur die vingers moes laat glip nie. "Laat ons dan, iedereen, alles in ons vermogen doen, om onze school waar= dig te maken der naam van onze oudste Zendingstasie in Zuid-Afrika!" (M.A.: Kennisgewing - Aan alle Ouders in Genadendal).

26.2.2 Leerkragte

Afgesien daarvan dat die skool van die opgeleide onderwysers P. Beukman, R. Balie, B. Stemmert, J. Oppelt, W. Hendriks, J. Uys, F. Balie, D. Kroneberg en W. Johannes se dienste gebruik gemaak het, was daar ook heelwat privaat opgeleide onderwyseresse. Die sendelinge Zachert, Wedemann, Schreve en Poiet het almal met die onderrigklasse gehelp. Op 18 Julie 1903 is 'n Eng= else vrou "Miss" Sara Louisa Hanna, as prinsipale van die skool aangewys. Sy was die dogter van biskop G. Hanna. Na haar opleiding in Yorkshire het sy in Derbyshire onderwys gegee. Met haar aangename persoonlikheid en groot toewyding het daar 'n merkbare verbetering in die skoolbywoning ingetree. In 1914, die jaar voor haar aftrede weens swak gesondheid, het die bywoning= syfer tot 307 gestyg. "Zij was 'a christian lady', een kristen-dame. Zij leefde uit Christus, en spiegelde op haar wijze Zijn heerlikheid weer" (De Huisvriend 1923:58; M.A. I6d: Statistieke - Skool; Schmidt 1914:14).

Die onderwyseresse was met 'n langmoubloese, romp wat tot op die enkels ge= hang het en 'n kopdoek geklee. Die onderwysers het gewoonlik 'n broek met nou pype, 'n baadjie en 'n gewone das of soms ook 'n strikdas gedra (M.A.: Foto's - Skool). Die salarisse was £75 p.j. vir die prinsipale, £45 vir manlike leerkragte en vir vroue het die vergoeding van £8 tot £16 gewissel (M.A. I6d: Statistieke - Skool).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oud-leerkragte van die laerskool in Genadendal. Dié foto is tydens die Skool-jubelfees in 1914 geneem. (M.A.)

26.2.3 Eksamens

Gedurende November is 'n openbare eksamen afgeneem. Die doel hiervan was om ouers uit te nooi om self te sien hoe hulle kinders op skool gepresteer het. Aangesien daar groot belangstelling by die ouers was, moes die eksa= men in die kerk plaasvind. Op die tafels is die leerlinge se praktiese werk, soos handwerk, skryfboeke en leie, vertoon. Die volgende program is in 1911 gevolg:

1. Song: Komt tot Jezus, School.
2. Bible lesson, II Standard
3. Song: Staat op gij kleine dromers, Sub A
4. Dutch Reading, I Standard
5. Dutch Recitation: Nestjes bouwen, C. Pedro
6. English Reading & Grammar, IV Standard
7. Action Song: Twelve little mothers, Sub B
8. Geography, III Standard
9. Recitation: I hear a pretty bird, M. Uys, N. Niekerk
10. Song: Whispering hope, II Standard.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierna het 'n pouse gevolg en die kinders moes liggaamsoefeninge ("drill") op die speelgrond doen. Ná pouse was die program soos volg:

1. Hymn: Audience
2. Drama of Joseph, III & IV Standards
3. English Reading & Translation, Sub B
4. Recitation: Birds in Summer, W. Adams
5. Mental Arithmetic, Sub A
6. Song: Look not Backward, I Standard
7. Dutch Reading & Spelling, III Standard
8. Recitation: Morgen Les, Sub A
9. Song: God is good, III & IV Standards
10. Song: Houdt Gij mijn hand, School.

Hierna is die byeenkoms met die Britse volkslied "God save the King" afgesluit (Teachers' Review 1911:11).

26.2.4 Klaskamerinrigting en leerlinge

Gedurende hierdie tyd het die skoolonderrig in drie verskillende geboue op die kerkplein plaasgevind (Schmidt 1914:13). Die klaskamers was groot en ruim lokale. Die lessenaars het oor die volle breedte van die lokaal ge= strek en was so gespasieer dat die onderwyser tussenin kon beweeg. Die leerkrag se tafel en stoel het voor op 'n lae verhoog gestaan. 'n Kas of rak is gebruik om boeke en ander benodigdhede in te bêre. Losstaande skryf= borde wat uit los planke gemaak en swart geverf is, is gebruik. Wit kryt, 'n stoflap en 'n T-haak om lyne te trek was bykomende leermiddels. In elke klaskamer, teen die muur, het die foto van koningin Victoria, koning George V en sy vrou gepronk. In 'n st. III-klas het ook 'n wêreldkaart, 'n gedrukte "Empire day message" en 'n groot horlosie gehang. Daar was ook ander leer= middels soos prente en kaarte met letters van die alfabet en leessinne. In een van die klaskamers, waarskynlik die musieklokaal, het 'n traporrel gestaan. Die substanderds het op leie geskryf terwyl die groter leerlinge boeke en pen= ne gebruik het. Inkpotjies was in gaatjies in die lang lessenaars.

Die meeste seuns was kaalvoet en het kniebroeke en baadjies gedra. Hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hare was kort en met 'n kuif van voor geskeer. 'n Pet of hoed is dikwels gedra. Die meisies was ook almal kaalvoet en met jurke geklee (M.A.: Foto's - Skool).

26.2.5 Skoolboeke

Voorbeelde van skoolboeke wat gedurende hierdie periode gebruik is, is die volgende:

Mental arithmetic, deur F. Bollen
Twice one are two or arithmetic in rhyme
Daily working and test arithmetic, deur J. Wollman
Elements of Physical Geography
The realistic teaching of Geography
Het Afrikaansche spel- en leesboek
Nieuwe Hollandse spraakkunst voor de volkscholen van Zuid-Afrika, deur H. Elffers
Engelsche vertaaloefeningen, deur F. Cowan
Leerboek der Engelsche taal, deur J. Stevens
A new school history of South Africa, deur J. Whiteside

(M.A.: Skoolboekversameling).

"Miss" Hanna - prinsipale
(M.A.)

Eerw. N. Johannes - prinsipaal
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

27. BOUKUNS

'n Kenmerk van die boukuns gedurende hierdie tyd, was die aantal groot struk= ture soos die nuwe kerk, Sendingwinkel, drukkery, saal en polisie-poskantoor= kompleks wat opgerig is. Groter en stewiger woonhuis is gebou. Ongeveer twintig sinkdakwonings het nou voorgekom (M.A.: Fotoversameling).

27.1 Kerk

Aangesien die ou kerkgebou bouvallig begin raak het, is besluit om 'n nuwe en groter kerk, wat 1 400 mense sou kon huisves, op te rig. 'n Beroep is op die gemeente gedoen om met die fondsinsameling te help. Die totale uitgawe is op £3 438 begroot (Krüger & Schaberg 1984:31). Gemeentelede het dadelik aan die werk gespring. Basaars en konserte is gehou en nâ 'n paar jaar het die fonds op £1 225 gestaan sodat die bouwerk in 1891 kon begin. Boumateri= aal van die ou kerk is verkoop en het 'n bedrag van £519 ingebring. Vriende van oorsee het 'n skenking van £656 gemaak terwyl uit die Sendingkas £700 be= willig is. Die balans van £238 sou met behulp van kollektes gedek word. Van elke ongetroude man bo die ouderdom van 18 jaar is 'n weeklikse bydrae van 3 pennies verwag, terwyl die ongetroude vroue se bydrae 2 pennies beloop het. 'n Spesiale bydrae is ook van die res van die gemeentelede gehef. Die leraar A.G. Hettasch het 'n kennisgewing laat druk waarin hy verklaar het: "Wie daarin te kort schiet zonder grondige reden te hebben, heeft geen zit= plaats in de Nieuwe kerk to hij betaald heeft" (M.A.: Kennisgewing s.j. - Hettasch).

Met die uitsondering van die Duitse messelaar Urbasch en skrynwerker Schulz, is die bouwerk geheel en al deur die Genadendalse ambagsmanne onderneem. Die fondamente is rondom die ou kerk gegrawe en die dienste het steeds voortge= gaan totdat dit prakties onmoontlik geword het. Terwyl die mans stene ge= maak het, het vroue en skoolkinders dit oor 'n afstand van ongeveer 'n kilo= meter aangedra. Hiervoor is die gemeente in drie spanne verdeel wat elk 'n bepaalde tyd gehad het om hand by te sit. Daar is vertel dat lang rye gevorm en dat die stene van hand tot hand aangegee is. Die mense het dit met groot ywer en opgewektheid gedoen. Saans het elkeen 'n koppie tee en brood ontvang.

Na anderhalf jaar is die werk voltooi en kon die kerk op 15 Maart 1893 ingewy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word. Dit was 'n monumentale gebou met 'n galery reg rondom. By die hoof= ingang, in die noordelike sy, het dit 'n klein koepelvormige toring gehad met twee klokke daarin. Een klok is vir gewone dienste en die ander uitsluitlik vir begrafnisse gelui. Wanneer daar 'n belangrike of dringende aankondiging gemaak is, soos bv. 'n oproep om 'n bergbrand te help bestry, is beide klokke gelui.

Vyf groot sierlike lampe is deur die Kaapstadse gemeente (Moravian Hill) geskenk terwyl die gemeente in Rixdorf, Duitsland, 'n pyporrel vir die Genadendalse gemeente gestuur het (P. Lombard 1970: onderhoud; Schmidt 1943:4-5).



Genadendal skrynwerkers voor 'n model van die beplande kerkgebou (1891) (M.A.)

27.2 Drukkery

In 1889-91 is 'n tweeverdieping-gebou aan die westekant van die Opleiding=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skool opgerig. Dit het 'n rietdak, groot skuifraamvensters en 'n betontrap buite na die eerste verdieping gehad. Die gebou is vir die drukkery en bin= dery gebruik en het onder beheer van die Opleidingskool gestaan.

27.3 Sendingwinkel

In 1899 is 'n hoë tweeverdieping-winkel opgerig op die perseel waar die ou smidswinkel gestaan het, en dit kon op 27 September in gebruik geneem word (M.A.: Gedenkwaardighede 1899, 8). Ook 'n groot blommeskuur is in dieself= de tyd aan die agterkant van die winkel opgerig. (M.A.: Foto's - Kerkgeboue).

27. 4 Gemeenskapsaal: Victoriasaal

Op 18 Augustus 1912 het die Victoria Begrafnis-Vereniging 'n groot saal van 70 voet by 30 voet ingewy wat sitplek aan 'n gehoor van 430 kon bied. Die boumeester was Thomas Beukman. Die gebou het 'n sinkdak, 'n plankplafon, 'n plankvloer en 'n verhoog gehad. Die boukoste het £350 beloop (De Bode 1912:64).

27.5 Poskantoor en polisiekantoor

Hierdie twee kantore het by mekaar aangesluit en was 'n groot, prominente kom= pleks op die dorp. Die gebou het aanvanklik 'n eenvoudige L-vorm gehad en is as polisiekwartier gebruik. In 1887-8 is 'n addisionele kamer as poskan= toor aan die bestaande gebou opgerig. In 1914 het die Distrikskommandant aanbeveel dat die selle in gewone vertrekke omskep word en dat twee afsonder= like selle in die tuin met baksteenmure en betonvloere opgerig word. Die twee selle sou 10 voet by 7 voet by 7 voet elk wees (M.A. I7c: Verslag aan Poswese, 27.5.1913; Brief van Distrikskommandant, 6.2.1914).

27.6 Woonhuise

Meer en meer stewige geboue is op die dorp opgerig. Wanneer 'n inwoner van voorneme was om 'n woonhuis te bou, moes hy 'n verklaring onderteken waarin hy bevestig dat hy vertroud was met die bouregulasies en dat hy streng daar= volgens sou handel, o.m. om nie die "buitewerk" (fondament van die buitemure) te oorskry nie. Dié mate was gewoonlik ongeveer 40 voet x 20 voet. Ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorwaardes wat neergelê is, was dat die aansoeker binne twee jaar met die bouwerk moes begin, anders sou die erf aan iemand anders toegeken word. Indien die woonhuis nie binne drie jaar voltooi is nie, kon die half voltooide woning ook aan iemand anders gegee word. Geen tuinbewerking mog op die perseel plaasvind alvorens die huis voltooi is nie (M.A. I7b: Bouorde, 1890). Daar was ook 'n bepaling wat gelui het dat 'n jongman nie kon trou alvorens hy vir hom 'n steenhuis opgerig het nie (The Cape Times 29 Nov. 1895:7). Die inwoners was lief om "bolmuur"-huise te bou.

Woonhuise in Sewefontein, Genadendal, rondom die jare 1910-1914 (M.A.)

Die begrip "bolmuur" word nog vandag deur bejaardes gebruik. Om 'n bolmuur te bou, moes die klei wat met water gemeng is, baie deeglik deur die osse getrap word. Wanneer die klei nie meer aan hulle hoewe kleef nie, was dit reg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir die bouwerk. Nadat die klipfondament gelê is, het die handlangers met hulle hande kleiballe gevorm en aan die boumeester gegee. Sonder om 'n troffel te gebruik, het die boumeester die kleiballe stewig langs mekaar gelê en met sy vingers teen mekaar gedruk. Die mure was gewoonlik tot twee voet dik (F. Magerman 1980: onderhoud). Van hierdie bolmuurhuise is nog steeds vandag in Genadendal te sien. Sommige gewels is tot balkhoogte met klei= balle gebou en hoër op met stene. Van die mure is nooit gepleister nie en dit is verbasend hoe lank die mure die wind en weer getrotseer het sonder om te kraak of oor te hel.

Feitlik alle huise het òf 'n kleivloer òf 'n pitvloer gehad. Die kleivloer is met beesmis, verdun met water, gesmeer. Perskepitte is soms in die nat kleivloer gelê en so laat droog. So 'n vloer het baie jare gehou en is soms blink en glad geloop. Die dakke was met gras of rogstrooi gedek. Die pla= fon was van houtbalke waarop riete en 'n kleilaag gelê is (d.i. die sg. brand= solder). Vensters het van grootte verskil. By sommige huise het vensters selfs geheel en al ontbreek. Die meeste huise het net drie vertrekke gehad, nl. 'n kombuis, 'n voorkamer en 'n slaapkamer. I.p.v. binnedeure is gordyne voor die ingange gehang. Die kombuis met sy bakoond en vuurherd is deur die gesinslede gedurende die koue winteraande opgesoek waar hulle gesellig met mekaar verkeer het. Langs die vuurherd was 'n opening, bekend as die jak= kalsgat, waar die vuurmaakhout gebêre is (M.A. I7c: Verslag van Distriksge= neesheer Van Coller, 14.1.1895; P.A. 1893:54).

Die dorp is in verskillende woonbuurte verdeel, nl. Sewefontein, Klipperstraat, Bergstraat, die Vlei en Koringlandskloof (P.A. Junie 1893:53). Die sendelinge het daarteen gewaak dat die inwoners op landbougrond en weiveld bou. In 1900 is aan ene Willem Gertse spesiale vergunning verleen om 'n huisie in Snyers= kraal te bou omdat hy gekla het dat die koue en nattigheid van die dorp 'n nadelige uitwerking op sy gesondheid gehad het. Die sendelinge het dit baie duidelik gestel dat die gesin ná sy dood net op die deur en vensters aanspraak kon maak en en nie daar mag woon nie (M.A. III6a: Gertze, kontrak, 6.9.1900).

In 1895 was daar altesaam 650 woonhuise en in 1900 het die aantal woonhuise tot 800 toegeneem (M.A. I7b: Protokol Opsieners, 1914:271; I7c: Verslag van distriksgeneesheer Van Coller, 14.1.1895).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Sewefontein met die Morawiese Kerk in die agtergrond (M.A.)

Die huisinrigting het van gesin tot gesin verskil. In die baie arm huise het eenvoudige tafels, stoele en klerekaste voorgekom. In die kombuis het koppies en skotteltjies aan spykers teen die muur gehang en in een hoek was 'n wateremmer en 'n besem. Aan die plafon van die voorkamer is gedroogte kruie en kalbasse gehang. Ander wonings was weer baie ruim en netjies. Voor die vensters het herderwit gordyne gehang. Meer en stewiger meubels en selfs harmoniums is in sommige huise aangetref. Die inwoners was lief om teen die mure portrette (van voorouers, sendelinge en koninklikes), Bybel= tekste, Jubelkaarte en Konfirmasiekaarte te hang (Berichten Feb. 1921:25-26).

Van die bejaardes vertel hoe hulle as kinders met die huisversiering moes help. In die dorp was daar verskillende kleigate. Agter die huidige hoër skool was daar 'n witkleigat, langs die rivieroewers geelkleigate, by Kaffers= drif pienkkleigate en in sewefontein rooikleigate. 'n Mens kon dus kies met watter kleur jy jou huis wou skilder. Wanneer die klei met styselwater ge= meng is, het dit nie maklik afgegaan as teen die muur geleun is nie. 'n Op= gerolde skaapvelletjie was 'n ideale kwas. Die meeste aandag is aan die voorkamer geskenk. Hier is gewoonlik 'n tweekleurskema gevolg. Die onder= ste helfte van die muur is met rooiklei geskilder, terwyl die boonste helfte met 'n ligte kleur geskilder is. Spykers kon maklik in die kleimuur geslaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word om die portrette en ander kaarte op te hang. Beesmis wat met water verdun is en waarby 'n bietjie geelklei gevoeg is, is met behulp van 'n lap op die vloer gesmeer. As egalige sirkelbewegings uitgevoer is, het dit 'n mooi patroon gelaat.

In die middel van die vertrek, waar die tafel gestaan het asook die rand langs die mure is met klei geskilder. Die rakkies van die kombuis en voorkamer waarop allerlei ornamente en gebruiksartikels gebêre is, het papierkleedjies gehad waarin patrone geknip is. Koerantpapier is hiervoor gebruik, maar ge= kleurde papier kon ook by die drukkery gekoop word. Gedurende die vrugte= seisoen is vrugte soos kalbas- en wintersafraanpere aan toue vasgemaak en aan spykers in die balke gehang. In gevalle waar lae strooidakke voorgekom het, is die vrugte, veral kwepers, met hulle stingels waaraan 'n mik gelaat is, in die rietdak gesteek (Mev. S. van der Heyde & J. April 1985: Onderhoude).

Die Sending het in hierdie tyd alle tuine, bosse en huise wat aan die kerk= plein gegrens het van die inwoners gekoop en dit was duidelik dat hulle on= derskei wou maak tussen dit wat die grondgebied van die Sending was en dit wat aan die inwoners behoort het. So bv. is die huis en tuin van R. Mauritz in 1892 gekoop (nr. 1), die huis en tuin van M. Plessis in 1896 (nr. 2), 'n murasie van Pieter Wessel in 1897 (nr. 3), 'n tuin van P. Beukman in 1899 (nr. 4), 'n bos van K.de Wet in 1903 (nr. 5) en 'n bos van G. Louis in 1908 (nr. 6) (M.A.: Schmidt-Sketsplan; sien meegaande plan).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Sketsplan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

28. BEDRYWE EN BEROEPE

28.1 Tuinbou

Tuinbou was steeds een van die belangrikste bedrywe van die sendingstasie. Teen 1895 was daar meer as 'n duisend bewerkte tuine. 'n Besoeker aan Genadendal was diep beïndruk deur die landbouaktiwiteite en skryf soos volg: "Such gardens I have never yet beheld in South Africa. I know something of the allotment gardens at Home, both in the suburbs of London and about the villages of the Midlands and East of England; but I never saw anything to surpass the gardens of Genadendal. Let some of the farmers who are satisfied with a few hundred sheep on an almost barren veld, and whose houses are a picture of desolation go to Genadendal en learn from the coloured folk there how to utilise the splendid soil that is laying all about them" (The Cape Times, 29 Nov. 1895:7).

Die tuingrond is in verskillende blokke verdeel en is in die tuinregister met 'n letter van die alfabet gemerk, bv. Sewefontein (A & B); Jan Louwskloof (C, D & E); Kornlandskloof (F); Bergstraat (G); Kerkstraat (H); Kweekskoolblok (I); Logementblok (J); Klipperstraat (L); Swartsteg (M); Sandvlakte (N); Kloofstraat (O); Baatjesbosch (Q); Langdrift (R); Oude Pachtlande (S); Nieuwe Pachtlande (T) en Nieuwe Kamp (U). Tuinbou is ook in Voorstekraal, Boschmanskloof, Berea, Natuskloof en Rooimeisieskloof bedryf (Bestuursraad: Tuinboeke). Elke blok het sy eie waterfiskaal gehad. Die boblok van Sewefontein het uit twee damme van Badsemberg water gekry. Die onderblok van Sewefontein het ook twee damme gehad, "die by elkander liggen bovenkant den tuin van D. Mozes". Jan Louwskloof en Sewefontein se water het uit die dam van die Sewefonteinrivier, die Jan Louwskloofdam en "den dam langs den tuin van Franz Dumini" gekom. Verskeie watervore is uit die Baviaansrivier aangelê om die laagliggende tuine van water te voorsien. Daar is streng opgetree teenoor iemand wat die water "afgekap" het, d.w.s. water in 'n tuin gelei is wanneer dit nie die betrokkene se leibeurt was nie. Tuine kon van 6.00 vm tot 6.00 nm. natgelei word. Niemand mog in die aand water gelei het nie, want dan is dit in die opgaardamme gekeer (M.A.: Waterrechten, 1912).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

28.2 Graan

Ook die saailande was in verskillende blokke verdeel, t.w. Bakoven, Stegblok, Sergeantsrivierblok, Peperboschkloof, Koenshoogte en Snysklip (Bestuursraad: Saailandboeke). Hierdie lande is vir 'n tydperk van twee tot drie jaar uit= gegee aan diegene wat in graanverbouing belang gestel het. Die graan is ge= durende die wintermaande gesaai. Die saaiers het saaisakke om hulle skouers gehang en met egalige strooibewegings van die hand die saad gesaai. Wanneer die koring in die somermaande ryp was, het spanne snyers, hopiemakers en gerf= binders na die oesland gegaan. Die graan is met sense en sekels afgeoes, in hopies gepak, in gerwe gebind en miedens gepak.

Verskeie dorsvloere het voorgekom. Die graan is in die oggend op die vloer in die son gegooi. Dit is twee tot drie keer omgekeer totdat dit "brosryp" was, d.w.s. die pitte maklik met die vingers uit die are gevryf kon word. Hierna is perde "ingespan" om die trapwerk te doen. Die lang strooi is met gaffels afgehark. 'n Graanskop is gebruik om die graan te wan. Met die jaagbesem is die laaste stoppels verwyder sodat die graan in die sakke afge= meet kon word. Rog is soms gegesel, 'n uitslaanmetode sodat die strooi vir dakdek gebruik kon word.

Behalwe dat garsstrooi as veevoer gebruik is, was dit ook ideaal om matrasse mee te stop. Inwoners het gewoonlik aan die einde van die jaar, wanneer dit oestyd was, hulle matrasse met nuwe garsstrooi gestop. Die koring en rog is na die plaaslike meul gestuur waar dit gemaal is (F. Magerman 1973: onderhoud).

In 1899 is 'n "Crossley Patent Oil Engine" by die meul geïnstalleer wat 'n by= komende meulsteen aangedryf het. Daar was toe altesaam drie meulstene wat vir die maalproses gebruik kon word (M.A. I6b: Crossley's engine).

28.3 Boegoe, sewejaartjies en akkers

In 1910 het die Departement Bosbou die pluk van boegoe verbied (M.A. I7c: Pro= tokol, Opsieners, 1910:116).

In die Genadendalse berg het verskillende kleure sewejaartjieblomme gegroei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar was wittes, rooies, pienkes en geles. Die Sendingwinkel het gewoonlik die wit blommetjies van die inwoners gekoop. Hierdie blomme is in 'n spe= siale skuur gedroog en na Europese lande uitgevoer. Kinders het veral die werk geniet. Oral in die bergvalleie het die vrolike stemme van kinders weerklink. Die meisies het spesiale wye voorskote aangetrek waarin die blom= metjies versamel is. Voordat hulle die pluksel kon verkoop, moes al die pienk blaartjies verwyder word (Mev. S. van der Heyde & mej. J. April 1985: onderhoude).

Maartmaand het akkersopteltyd aangebreek. Douvoordag wanneer dit nog ske= merdonker was, het sommige mense al met hulle lanterns, emmertjies en sakke na die eikelanings gegaan om akkers op te tel. Akkers was ideale voer vir varke. Elke huisgesin het 'n vark aangehou en dus is seker gemaak dat daar genoeg winterkos vir die dier sou wees. Daar kon ook handel gedryf word met akkers. Die Sendingwinkel het 'n sikspens die boesel betaal en soms het die varkboere in die kontrei ook Genadendal besoek om akkers te koop (M.A. I6c: Akkersboek; mev. S. van der Heyde 1985: onderhoud).

28.4 Dennebosse en houtbewerking

Die eerste dennebome is tussen die jare 1825 en 1830 in Genadendal aangeplant. Hierdie den was bekend as die "cluster pine" (seeder) en het mettertyd deur windverspreiding oral langs die hange van die 5 000 voet hoë berg opgekom. 'n Pragtig natuurlike groen dennewoud het die sendingstasie teen die laat 19de eeu omvou. Die het nie net bygedra tot die natuurskoon nie, maar die bome kon nuttig aangewend word (Hutchins 1890: Pamflet).

Sommige inwoners het erwe waarop dennebome gegroei het en wat as 'n bos be= kend gestaan het, van die Sending ontvang. Die meeste bosse het in Sewefon= tein (45 bosse), Jan Louwskloof (45 bosse), Godsakkerbos (55 bosse) en Koring= landskloof (72 bosse) voorgekom en is aan die inwoners toegeken. Die Sending het ook hulle eie bosse gehad (Bestuursraad: Bosboeke).

Oral in die bosse het saagkuile voorgekom waar die boomstompe m.b.v. kuilsae in planke opgesaag kon word. Twee werksmanne het in die kuil geklim en twee het gestaan om die stompe, wat dwarsoor die kuil gelê is, met vertikale saag= bewegings te kloof. Die hout was uiters geskik vir vloerplanke, balke stei=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

erplanke, ens. Vir fyner skrynwerk soos vensterrame was dit egter minder geskik omdat dit baie hard was. Die dunner sparre is gebruik om hekke, heinings, kampe en stalle vir die vee te maak.

Die bome is gewoonlik met "dooiemaan" (donkermaan) gesaag. Daar was dan minder sap in die bome en volgens die inwoners sou die hout dan makliker be= werk kon word en sou dit ook beter bestand teen verrotting en houtkewers wees. Nadat die bome gesaag is, is die bas en kwaste met 'n dissel verwy= der. Die hout is gedroog en daarna met verhitte karbolineum behandel. Hierdie chemiese middel is uit Stuttgart, Duitsland, teen 4 sjielings per gelling ingevoer. Afgesien van plaaslike gebruik, is die hout ook aan boere verkoop, wat spesiaal en gereeld daarvoor na Genadendal gereis het. Die pryse was baie billik.

'n Stomp van 22 voet lank en 9 duim in deursnee is teen 3 sjielings verkoop en steierpale van 36 voet lank en 4 duim in deursnee teen 9 pennies. Hier= die verkope het gewoonlik deur die hele jaar plaasgevind. In 'n verslag skryf die bosboukundige D.E. Hutchins in 1890: "At present we have the pick of the pine forests of the world at prices so low that they cannot last long. In the future there is a certain market for Colonial pine wood. And, just as the worthy missionaries at Genadendal are now thanking the foresight of their predecessors in planting the Cluster-pine seventy years ago, so in another forty years, will the Colonists of the future be indebted to those who plant Cluster-pine now" (Hutchins 1890: Pamflet).

Die Genadendalse dennebome het ook ander voordele vir die inwoners ingehou. Die keëls, wat bekend was as dennebolle, was ideaal om vuur te maak, veral wanneer die hout te traag was om te brand. Die naalde was ideale kooigoed vir die varkhokke, want anders as gewone blare bied dit goeie dreinering en bly die hok droog (F. Magerman 1985: onderhoud).

28.5 Winkels

Toe die sendingdirekteur C. Buchner in 1892/93 'n besoek aan die Wes-Kaap= landse sendingstasies afgelê het, is besluit om alle sendingbedrywe, soos die winkel, boerdery, e.a., onder die bestuur van opgeleide sakemanne te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plaas. Voorheen moes leraars dié bykomende taak verrig. In 1896 is P. Andrag as winkelier aangestel. In Julie 1902 is 'n stuk grond van die plaas Boontjeskraal van die eienaar De Wet teen £850 gekoop. 'n Sending= winkel, bekend as "Mission Siding", is hier geopen en Andrag is gevra om as bestuurder op te tree (M.A. I2b: Mission Siding-winkel). Hy is in Gena= dendal deur W. Linder opgevolg. In 1907 het E. Weder die bestuur oorgeneem. Die winkel, wat 'n algemene handelaarslisensie gehad het, was bekend as die "Mission Store". Die meul het ook onder die winkelbestuur gestaan. Gena= dendalse vroue en mans is as winkelklerke en meulenaars in diens geneem (Scha= berg s.j.:7).

Behalwe die Sendingwinkel het inwoners soos C.J. Duminy en D.E. Wessels ook sakeondernemings geopen. Duminy was 'n slagter en algemene handelaar ter= wyl Wessels 'n algemene handelaar was, asook gelisensieer om passasiers te ry (De Bode 1913: advertensies).

28.6 Veeboerdery

Naas tuinbou was veeboerdery die belangrikste bedryf. In 1912 was daar 42 skaap- en bokboere wat 'n totaal van 2 146 stuks vee aangehou het. Van die grootste veeboere was Josua Klink met 'n trop van 300, Johannes Ulster met 270, Efraim Duminy met 200, Abraham du Plessis met 160 en Carel Duminy met 100. Die ander boere het kleiner troppe aangehou (M.A.: Opname van vee, 1.3.1912). 'n Dipgat is in 1911 gebou. Daar is ook 'n spesiale roete as trekpad vir die vee aangewys. Indien 'n boer met sy vee van die Steg na die berg wou trek, moes hy die roete van Baadjiesbos al op die heuwelrûe van Platkloof oor Schaapsberg tot bokant Koringlandskloof volg. Die alterna= tiewe roete was van Leopoldsdrif al langs die heuwels agter Klipperstraat (M.A. I8a: Trekpad vir vee). Indien daar nie van die voorgeskrewe trekpad gebruik gemaak is nie, kon die vee geskut word (M.A. I8a: Kennisgewing, 8. 12.97). Ander reëls vir vee en pluimvee was:

* Eselhingste moes tussen September en November op stal gehou of gekniehalter word.
* Ganse en eende moes nie in watervore toegelaat word nie. Die Straatopsigter het dan die reg gehad om hulle dood te maak.
* Perde en esels moes van aangewese drinkplekke gebruik maak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook honde is nie toegelaat om saans na 9.45 los te wees nie. Hulle moes òf opgesluit òf vasgemaak wees (M.A. I8a: Kennisgewings, 14.3.1901; 23.10.1894 & 27.1.1908).

28.7 Polisie- en posdiens

In 1887-8 is 'n addisionele kamer aan die polisiekwartier gebou was as pos= kantoor gedien het (M.A. I7c: Verslag van Schmidt aan Poswese, 27.5.1913). Wanneer die posryer met sy kar in die dorp aangekom het, het hy 'n kenmer= kende deuntjie op 'n trompet geblaas. Daar het dan groot opgewondenheid op die dorp geheers. Die honde het geblaf en die kinders het agter die pos= kar gehardloop.

Briewe word voor die poskantoor "afgelees"
(M.A.)

Drie keer per week is die pos afgelees. Elke wyk het 'n posdraer gehad wat die briewe van diegene wat nie by die poskantoor kon uitkom nie, by die huise gaan afgee het (Mev. S. van der Heyde 1985: Onderhoud). Voorheen het die kinders van die "lockup-keeper" met die dienste van die poskantoor gehelp om= dat die polisiekantoor en poskantoor in een gebou gehuisves was, maar later toe ene mnr. Marais as posmeester aangestel is, is daar 'n duidelike skeiding

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tussen die polisiekantoor en poskantoor gemaak (M.A. I7c: Verslag van Schmidt aan Poswese, 27.5.1913). Verskeie blanke vroue, o.a. mejj. Burke, Bester en Krynauw, het in die vroee 20ste eeu in die poskantoor diens aanvaar. In 1907 is die eerste inwoner, D.E. Wessels as posmeester aangestel (Genadendal-Pos= kantoorregister).

28.8 Huishulpe, spoorweg- en fabriekwerkers

A.g.v. 'n werkskaarste vir vroue aan die einde van die 19de eeu het ongeveer 300 jong meisies as huishulpe in Kaapstad gaan werk. Baie jong mans was op die spoorweë en in fabrieke werksaam. Hierdie tipe werk is bo plaaswerk verkies omdat die lone daar baie beter was (The Cape Times 29 Nov. 1895:7).

28.9 Pogings om spoorlyn aan te lê

In 1914 het 'n opname getoon dat Genadendal elke jaar meer as 300 ton land= bouprodukte (wat graan, wol, vrugte en groente ingesluit het) buite die dorp verkoop het. Hierbenewens is meer as 200 ton guano, kalk, ens., ingevoer. In samewerking met Greyton se inwoners en die boere op die aanliggende plase is die moontlikheid in 1914 laat ondersoek om 'n spoorlyn van Worcester na Caledon via Villiersdorp en Genadendal te laat aanlê. Onderhandelinge sou nog in die twintigerjare steeds voortduur, maar dié projek is nooit verwesen= lik nie (M.A. I7c: Briewe en verslae i.s. spoorlyn).

Sendingwinkel
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

29. MEDIESE VERSORGING EN GESONDHEIDSTOESTANDE

29.1 Volksgeneeskunde

Baie inwoners het hulle nie laat oortuig dat hulle tradisionele geneeskun= dige metodes nie sou help nie.

* Vir seeroë is bokmelk daarin gedrup.
* As die kleintongetjie rooi en geswel was, is sout en peper op die punt van 'n lepel daarteen gedruk sodat "die tongetjie nie inge= sluk kon word nie".
* Om bloed te stol, is terpentyn op die wond gegiet. "De voering van een oude hoed is ook zeer goed".
* Vir "asemnood" a.g.v. verkoue moes bokvet en skoorsteenroet op ongebleikte linne gestrooi word en die pasiënt moes daarop gaan lê.
* Tabakrook is in 'n seer oor geplaas en 'n pluisie daarin gesteek. Tabak is ook soms in olie gebraai. Hierdie louwarm olie is dan in die ore gedrup.
* Vir inflammasie is die sap van 'n bokpens gedrink. Hoenderbloed of twee eetlepels skoon teer op twee koppies warm water was ook goed.
* Warm koeimelk met asyn gemeng was goed vir wonde. (Nitschman 1920:239).

Voordat L.R. Schmidt begin het om mediese hulp te verleen, moes mense die dok= ter op Caledon ontbied. Hy het ook nie gekom tensy hy verseker was dat hy betaal sou word nie. Die sendelinge het gewoonlik 'n telegram met die woor= de "Able to pay" gestuur en dan het die antwoord "Coming immediately" gekom. Indien iemand dit nie kon bekostig om dokter te betaal nie, was daar die al= gemene gesegde dat hy/sy gerus maar 'n testament moes opstel (Nitschman 1920: 239).

29.2 L.R. Schmidt as geneesheer

Masels en kinkhoes het dikwels op die dorp, veral onder die kinders, uitge= breek. In 1899 het daar 66 kinders aan dié siektes gesterf (M.A.: Gedenk= waardighede 1899:3). In 1901 het ook 'n groot epidemiese siekte voorgekom. Daadwerklike aandag is toe aan die sanitêre toestande geskenk. Toilette en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

varkhokke is volgens voorskrifte gebou, vensters van die huise is vergroot en pogings is aangewend om drinkwater teen besoedeling te beskerm (Krüger & Schaberg 1984:73-75). Gedurende hierdie tyd het die jong leraar L.R. Schmidt 'n beroep na Genadendal aanvaar en benewens talle ander pligte het hy ook sedert April 1902 mediese hulp aan die inwoners verskaf aangesien die naaste dokter soos reeds gesien, 25 myl weg in Caledon was (M.A.: Schmidt 1956: Manuskrip).

Die heer Schmidt, soos hy alom bekend was, het deeglike kennis van homeopa= tiese medisyne gehad en alhoewel hy nie 'n opgeleide geneesheer was nie, het sy behandeling met potklei, wat hy met verskillende olies soos roulynolie, bloekomolie en terpentyn gemeng het, verbasende resultate gelewer. Soms moes die potklei warm wees en vir ander kwale is dit weer koud opgesit. Die tandetrekkery is iets wat baie mense nog goed onthou. Die pasiënt moes sy hande onder sy sitvlak plaas en so gaan sit. Die pasiënt se kop is tussen die tandarts se bene vasgeklem en die tand sonder enige verdowing getrek. Kleiner operasies en die toewerk van wonde het ook sonder verdowingsmiddels geskied (Die Huisgenoot 7 Sept. 1962:17; A. Habelgaarn 1975: onderhoud). Dan was daar ook die kruierate wat hy van verskillende bejaarde inwoners ge= leer, toegepas en opgeteken het. Van die inwoners Hanna Mauritz, Jakobus Matthey en Petrus Louis het hy die volgende kruierate opgeteken:

* Aambeie: Kattedoorn, wildewingerd
* Asma: Kruisement
* Blaaskwaal: Wildesalery
* Diaree: Die binnebas van eikebome
* Enige kwaal: (goed vir alles) Wildeals
* Hartkwaal: Kattekruie
* Hoofpyn: Rooipootjierabas
* Sifilis: Wortel van swarthoutjie ('n klein plantjie)
* Slegte spysvertering: Oondbesembossie, kooigoedbossie, karmedik
* Stuipe: Kamelle, dassiepis (klipsweet), wynruit
* Tering: Ysterhouttoppe, vaaltee, bitter bells
* Verkoue: Heuningtee

(B. Cloete 1975: onderhoud; A. Habelgaarn 1975: onderhoud; Schmidt R. 1956: dokument).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Twee uitstaande kenmerke van hierdie toegewyde sendinggeneesheer was dat hy voor behandeling eers 'n gebed gedoen het en dat hy geen vergoeding vir die behandeling verwag het nie. Vir sommige mense was hy as die Albert Schweit= zer van Genadendal bekend (Die Huisgenoot, 8 Sept. 1962:16-17).

In 1909 het tuberkulose in die gemeenskap toegeneem en baie mense het gester= we. In 'n artikel in De Bode het Schmidt 'n dringende beroep op die mense gedoen om gereeld uitstappies in die dennebos te onderneem, sterk drank en tabak te vermy en 'n dieet van melk, meel en eiers bo groente, vrugte, vet, kaas en spek te volg (De Bode 1909:66-67).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

30. DIE DRUKPERS

Weens die omvang van die drukwerk, is 'n afsonderlike dubbelverdiepinggebou in die jare 1889 en 1891 opgerig (Schmidt: Sketsplan). Op die benedever= dieping waar die drukwerk gedoen is, het die volgende masjiene gestaan: "a large printing press; a book-sawing machine; a backing machine; a paper-rolling machine; guillotine-cutting machine; a small job printing press and others". Die boonste verdieping het die boekbind- en setters-afdelings ge= huisves (Renkewitz s.j.:41). In 1894 is die eerste voltydse drukker, Theo= philus Haas, aangestel. Die studente van die Opleidingskool het steeds met die set- en drukwerk gehelp (Krüger & Schaberg 1984:47).

Elke Saterdag moes die studente die masjinerie blink poleer (Renkewitz s.j.: 41). Met die leuse: "Kwaliteit, Stiptheid en Oprechte prijs" het die pers vir homself naam gemaak. Met behulp van 'n dieselenjin (Crossley Patent, Manchester) kon die werk vinniger afgehandel word. Daar kon uit 38 verskil= lende lettertipes gekies word, van die klein eenvoudige "Brevier Roman" tot die groot "Six line Renaissance" en "Six line pica black" (A few samples, April 1900).

Ten spyte van groot kompetisie deur Kaapse drukkers, kon die Genadendalse pers werk lewer wat nie deur ander gedoen kon word nie. "In one thing, how= ever, the Genadendal printing establishment was ahead of all others, in it alone could music be printed, not only in the Tonic Solfa notation, which is so much used in England. Thus for example, the sheets of music, which were used by the schools of the town on the occasion of the grand reception given to the present Prince of Wales at Cape Town were printed in the Genadendal printing press" (P.A. 1906:521).

In 1909 het die eerste drukker, B. Marx, wat toe in Herrnhut met emeritaat was 'n brief van gelukwense aan die pers met sy vyftigste bestaansjaar gerig (de Bode 1910:10-11).

30.1 Publikasies

Behalwe 'n aantal traktaatjies, konsertprogramme en belangrike kennisgewings van die Kerk en verenigings, het die periodieke uitgawes soos De Bode, Kin= dervriend en die Teksboek nog gereeld verskyn. Kerkleerboekies is ook gedruk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Enkele voorbeelde is die volgende:

De geschiedenis van den 17 Augustus 1727 (1890)
Litanieen en gezangen der Broederkerk (1895)
Genade en waarheid - 31 overdenkingen (1896)
Geloofsleer (1899)
Avondmaalsboekje voor confirmanden en Avondmaalgangers (1900)
Inductive Bible studies: Gospel of John (1900)
Christenleer (1905)

Twee nuwe periodieke uitgawes, nl. die Bijbel-Almanak wat jaarliks en Teachers' Review wat tweeweekliks verskyn het, is gedruk.

30.1.1 Bijbel-Almanak

Dit is in boekvorm gedruk. Vir elke dag van die jaar is 'n "leerstuk", 'n psalm en 'n stuk Bybelgeskiedenis aangewys. Lg. is bedoel om in die oggend gelees te word terwyl die psalm en "leerstuk" saans gelees moes word. Agter in die boekie is ook die Joodse feestye en sterrekundige verskynsels aangedui.

30.1.2 Teachers' Review

In 1907 het die prinsipaal van die Opleidingskool, A. Von Dewitz, die voortou geneem om 'n tweemaandelikse tydskrif, Teachers' Review, uit te gee. 'n Brief van die Sekretaris van Onderwys het gelui dat die Departement nie finansiële steun aan die blad kon gee nie, maar dat hulle dit onder die aandag van onderwysers sou bring (M.A.: Brief sekr. Murray aan Von Dewitz: 21.3.1907). Die doel van hierdie uitgawe sou wees om in aanraking te bly met oudstudente wat as leerkragte diens gedoen het en om hulle verworwe kennis aan te vul. "A teacher must not come to a standstill because that would mean going backward in his ability as a teacher. He ought to read a professional paper". Afgesien daarvan dat dié Engelstalige blad artikels van opvoedkundige belang, soos oor lesvoorbereiding en lesaanbieding, sou bevat, is lesers se onderwysprobleme in 'n afsonderlike briewekolom bespreek. Die fima Darters en Maskew Miller het gereeld advertensies geplaas. Die intekengeld was 2 sjielings per jaar.

Ongeveer 150 eksemplare is maandeliks gedruk en so ver as Robertson, Paarl,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oudshoorn, Carnavon, Kaapstad, Port Elizabeth en Kimberley versprei. In 1910 het eerw. T. Schreve die redaksie oorgeneem. Behalwe die gewone artikels het Schreve ook kort sangstukkies in solfanotasie in die blad laat druk. Toe die drukpers in 1913 na 'n ander gebou verskuif is en nie meer deel van die Op= leidingskool was nie, is die uitgawe van Teachers' Review ook gestaak. Die Engelse tydskrif Teachers' Aid, wat deur Dawson en Seuns van Kaapstad uitge= gee is en waarop die intekengeld 7 sjielings en 6 pennies was, is toe in sy plek aanbeveel (M.A.: Brief van A. Von Dewitz Jan. 1907 & 12.12.1912; Tea= chers' Review).

30.1.3 De Bode

Terwyl die drukpers in die Opleidingskool gehuisves was, het De Bode onder redaksie van die prinsipaal gestaan. Eerww. Günther en Renkewitz het in dié tyd as redakteurs opgetree (Renkewitz s.j.) en die blad is elke eerste en der= de Vrydag van die maand uitgegee.

(a) Artikels

Die hoofartikel, wat 'n kort oordenking was en in groot skrif gedruk is sodat jonk en oud dit maklik kon lees, is gewoonlik deur die redakteur geskryf. Dit is gevolg deur verskeie ander artikels wat onder die volgende opskrifte ver= skyn het: "Uit de Zending", "Uit tijd en wereld", "Allerlei", "Verhalen" en "Gemeente berichten". Soms is ook gediggies, Bybelraaisels en briewe in die spreektaal van dié tyd geskryf.

(b) Gediggies

Dit was gewoonlik van 'n geestelike aard, soos bv. "Het oordeel", "Paaschlied", "Zendingslied", "'s Heeren weg", "Geen groter schat", "Een zielewensch", "Het zwaarste kruis", ens. (De Bode 1895:40; 1894:24; 1894:54; 1905:72; 1905:80). Hier is 'n voorbeeld:

Heimwee

Ik mocht naar huis; ik voel een sterk verlangen
Ik mocht naar huis; aan's Vaders liefdehart!
Weg uit de wereld, uit der zonde prangen:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hier is geen rust; maar onrust, nood en smart,
Mijn heil is niet in's lichaams kluis
Mijn geest zoekt hemelslust en rust;
Ik mocht naar huis. (De Bode 1895:36).

(c) Byjbelsche Raadselen

Die lesers is gevra om sekere Bybelvrae te ontrafel en die antwoorde aan die redakteur te stuur. Die wenners se name is dan in De Bode gepubliseer.

Voorbeeld 1

Wie heeft er een swaare poort met macht
Gedragen op een berg ter middernacht? (Simson - Richt. 16:3).

Een berg, dien God hen toonen wou
Wie trok er heen voor dag en dauw? (Abraham - Gen. 22:2 & 14).

Wie heeft en waar het bevel gegeven
Gaat heenen, brengt al den vokeren 't leven? (Jesus - Matt. 28:16).

Wie klom op een preekstoel van rotsen omhoog
En steld een klein stadje groot zonde voor't oog? (Johathan voor Sichem - Rich. 9:7).

(De Bode 1908:48,54,80,84,88,92 & 96; 1909:40,44,48,52,56 & 64).

Voorbeeld 2

Aan elk van die onderstaande syfers moes 'n letter toegeken word. As al die name gevind is, dan moet die eerste letters van bo na onder 'n naam van God spel:

1	7	3	1		Vader van een koning.
8	3	6	1	3	Moeder, gezegend onder de vrouwen.
8	4	10	2	7	Kind het uit water getrokken.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3 9 3 8	Man, die naar vrouw meer heeft geluisterd dan naar Gods woord.
11 3 1 11	Een lieflijk plek, Eene weenende moeder werd daar vertroost.
5 6 1 3	Een man, die in den oorlog vermoord werd.
2 9 4 8	Een sterk broedervolk van Israël.
12 2 3	Eene stammoeder.

Antwoord:

Isai
Maria
Mozes
Adam
Nain
Uria
Edom
Lea

Die eerste letters spel Immanuel (De Bode 1909:76 & 84).

(d) Briewe

Gedurende die jare 1899-1914 het oudstudente onder die skuilname "Oom Als= praat", "Frekie Vermaak", "Jannie Vermaak" en soms ook "Vriend van Allen" 'n briewewisseling aan die gang gesit. Twee van hulle was Richard Rasmus en Josua Jonker (Die Huisvriend 1941:119). 'n Kenmerk van hierdie brief= wisseling was die doelbewuste neiging om in die gewone spreektaal van dié tyd te skryf:

"Wat pertij van die lesers ook baing lijk, is di taal. Hn mehns verstaat darm di ding maar di beste as dit sô gesêh word soos mehns gewoonlijk self praat. Nou, baing van die lesers praat mos meeste in di plattaal: des mos di taal waarin di Perlse korant di Patriot, gedrukt wort. Maar, Oom Alspraat, wat sel di mehnse dan nou sêh di so erg ver di Hollandse taal veg? En dit lijk ver mij, nes baing kinders ook Oom se brief het gelees. As ohns nou net so spelle soos di mehnse in di Paterjotse taal praat, sel ohns ni di School Inspekters op ohnse lijf krij ni?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Ek hoor, dat di kinners, as di heer Skool Inspekter bij skool kom, dat moot di goetjes net so skrijwe wat hij ver helle voorsêh. En as hulle nou knap is, en niksni, of maar bietje foute maak, dan kom helle hn klas hooër. Ek denk, hulle sêh Stenert: de Engelsman sêh gloo standard. Hierom sel ohns nou ni rederuil ni. Ek weet maar ek het maar min hoop ver di Hollandse taal; dit lijk ver mij, di taal gaat eendag heeltemaal in ohnse Kolonie sterwe almiskie sel dit darm nog hn trop jare duur". (De Bode 1899:76).

Oom Alspraat vertel van verskillende wêreldgebeure, soos bv. die 10 239 mense wat in "Feerwariemaand" in Indië omgekom het (De Bode 1900:21) en die afster= we van koningin Victoria: "Lang leef haar naam onner haar bedroefde volk, vooral ook onner ons bruin mensche hier, want zij het ook ver ons volk veel gedoen. Ver ons es zij waarlijk 'Koningin Victoria de Goede'" (De Bode 1901: 32). Hy vermaan ook die mense om hulle kinders gereeld na die skool te stuur en spreek sy onsteltenis uit omdat sommiges hulle nie in die kerk kon gedra nie: "Maar boet, wat noem jij dit als ou vrouwens Zondag in die kerk voor die godsdiens die snuifdoos en die rondte laat gaan; of als manne helle twakpruimpies aan die kerkbanke afsmeer, en meer als een in die heilige tem= pel zet spoe?" (De Bode 1904:32).

Oom Bode het ook dikwels vir Alspraat en Vermaak aangemoedig: "Helle lijk om iets in helle taal te lees. Des wel waar, dat menig een sêh dat wat die mehnse hier aan die Kaap praat es ge taal nie. Hiermee stem ek darm nie over een nie. Hoewel die taal nie grammar het nie, die mensche druk darm toch met die taal helle ze gedachte uit en wel in woorde" (De Bode 1904:68).

In 1905 skryf Alspraat: "Vriend van allen het u al gemerk, dat die groot groot geleerde manne nou bezig is om ons twee ze manier van schrijwe en spel= le meer of minner te volg? Toch net! Helle noem det 'De Taalvereenvoudi= ging'. Ek is darm nie ver die verandering nie. Als ek die plaatstaal schrijwe dan es det meer of minner ver 'sports'. Des ver mij alsof die omwenteling een verwarring kan breng" (De Bode 1905:39).

In 1906 val "Welgenegen lezer" die redakteur aan omdat lg. briewe met swak taalgebruik in De Bode plaas: "Wat de taal aangaat, zoo meen ik, Oom, dat Oom niet mag elke woord zoo drukken als het in de brieven staat, maar Oom moet de taal maken, en wel een taal, wat de menschen niet lager maar hooger

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

brengt in de letterkunde. De woordjes helle en julle wil ik niet aantasten, want dit verstaat ieder lezer, alhoewel men nog kon strijden, of zij niet stapjes naar beneden zijn in plaats van opwaarts. Maar ik meen, als 'mehn= se' geschreven is, dan moet de lezer eerst denken, wat het meent en zal dadelijk uitvinden, dat 'mensche' gemeend is. Hetzelfde is het met 'oes' voor oogst en honderd andere woorden" (De Bode 1906:7).

Hierna is die "briefwisseling" vir 'n tydperk van langer as twee jaar gestaak en eers weer in 1909 hervat (De Bode 1909:20).

(e) Die laaste jare

Gedurende die laaste jare van De Bode is dit met gekleurde buiteblaaie ge= druk. Verskillende handelaars op die dorp, soos C. Duminy en D. Wessels, het gereeld advertensies geplaas terwyl die firma R. Müller ook klaviere, ghitare, orrels en viole geadverteer het. Van 1 Jan. 1913 het De Bode in kleiner formaat verskyn, maar ten spyte van al die genoemde pogings om nog kop bo water te hou, is op 6 Maart 1914 die volgende aankondiging gedoen:

"De Bode roept alle lezers toe!
Vaarwel! God zij met u!" (De Bode 1914:47).



Die Bremmer-pers
(Genadendal-Museum)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

31. BESOEKERS

Tydens die besoeke van vriende aan die sendingstasie, moes daar eers by die kerkkantoor aangemeld word. 'n Spesiale "verblijfregister" is aan= gehou waarin alle besonderhede van besoekers aangeteken is. 'n "Ver= vlijf-biljet" is aan sulkes uitgereik. Hierop is die tydperk van hulle verblyf aangedui. Die besoeker moes dit aan die "lisiesplekhouer" toon en daar is verwag dat daar streng ooreenkomstig die toestammingstydperk gehandel moes word (M.A. I7c: Verblijfregister en verblijf-biljet).

Van die belangrikste gaste wat gedurende hierdie tydvak die sendingstasie besoek het, was prinses Schönburg-Waldenburg op 16 Maart 1910, Sir Walter Hely-Hutchinson op 26 Februarie 1902 en Sir Alfred Milner op 5 Oktober 1895 (De Bode 1910:28; M.A. III6a: Goewerneurs).

Tydens Sir Alfred Milner se besoek, is 'n portret van homself aan die Sen= ding geskenk om in hulle eetkamer (Middelhuis) te hang (M.A. III6a: Brief van Hennig, 20 Okt. 1898).

'n Spesiale omraamde sertifikaat is vir Sir Hely-Hutchinson laat druk en tydens sy besoek aan hom oorhandig. Die bewoording daarvan het soos volg gelui:

TO HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE SIR
WALTER FRANCIS HELY-HUTCHINSON.

KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST DISTINGUISHED ORDER OF SAINT MICHAEL AND SAINT GEORGE, GOVERNOR AND COM-MANDER-IN-CHIEF OF HIS MAJESTY'S COLONY OF THE CAPE OF GOOD HOPE, AND OF THE TERRITORIES AND DEPENDENCIES THEREOF, &., &., &.

MAY IT PLEASE YOUR EXCELLENCY,

On Your Excellency's safe arrival at our premises we desire to bid Your Excellency a hearty welcome and to express our feelings of gratitude on account of the interest in our place and our people, shown by Your Excellency by visiting to-day our sequestered spot.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Once "Baboons Kloof", a wild and desert region, it was changed by die Gospel to "Genadendal", a "Valley of Grace", and became the first mission station of South Africa; it grew to be the mother of many others among the natives of the Western Province, Fingoes and Kaffirs.

That our mission could take a share in the spiritual and temporal development of the natives, - next to God and the power of the Gospel, - we owe to the British Government and its christian and philanthropic support, from the very first day die British flag waved over the Cape of Good Hope until now.

It is therefore that we take every opportunity to express our and our people's thanks to God for all the blessings tendered to us by Government, and a day like this cannot pass without giving vent to our feelings of sincerest gra= titude and loyalty.

When to-day we have the honour of approaching Your Excel= lency for the first time, in a period fraught with diffi= culties and sorrows, we trust that God, who has placed Your Excellency just now in the highest and most impor= tant office, will grant Your Excellency His divine assis= tance and give wisdom and strenth in order to fulfill all the important duties laid upon Your Excellency, and we pray that the Lord will let Your Excellency be instrumental in restoring to this part of the Empire the blessings of peace and prosperity in a new period of welfare under His gracious Majesty's blessed reign.

We recommend ourselves, our place, its inhabitants, and our whole missionary work in the Colony to Your Excellen= cy's kindness and care.

We unite in beseeching God to bless Your Excellency's en= deavours in advancing the best interests of the Colony and in promoting the spread of true religion among all the clas=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ses of society and especially among the natives, - that mercy and truth may meet together, righteousness and peace may kiss each other.

And Your Excellency's humble servants, as in duty bound, wil ever pray.

The Missionaries of Genadendal:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING V: DIE TYDVAK RONDOM DIE WÊRELDOORLOË

(1914 - 1948)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

32. BESTUUR

32.1 Wet op sendingstasies en meentreserwes

In 1909 is Wet nr. 29 deur die Kaapse parlement aanvaar en sou op die sen= dingstasies Mamre, Enon, Zoar, Pniel, Genadendal en Ebenezer toegépas word. Die hoofbepalings van die wet was:

(a) Om die godsdienstige van die wêreldlike beheer te skei;
(b) Om bestaande grondbriewe t.o.v. die sendingstasies te rojeer en nietig te verklaar;
(c) Om die grondgebied te bepaal wat vir die Sendinggenootskap gereserveer moet word;
(d) Om die besitregte tussen die Sendinggenootskap en die bewoners te bepaal;
(e) Om te bepaal wie die reg het om grond te besit;
(f) Om 'n bestuursraad met die magistraat as voorsitter in te stel (Kommissie i.s. Kleurlingbevolking 1937 no.54:77).

In Genadendal was daar 'n algemene gevoel onder die inwoners om hulle nie in die wet te berus nie. Hierdie teenkanting het tot in die twintigerjare voort= geduur (Krüger & Schaberg 1984:102). Op 22 Junie 1921 het magistraat W. Kuys van Caledon 'n spesiale vergadering met die inwoners van Genadendal gehou om aan hulle die voordele van die wet te verduidelik. Teen daardie tyd was die inwoners in twee partye verdeel: dié wat vir die wet was, en dié daarteen. Die sendelinge wou hê dat die wet op Genadendal van toepassing gemaak moes word, aangesien "the Rules and Regulations of Genadendal were not law, no summon could be framed there on". Die magistraatshof op die dorp kon dus nie behoorlik funksioneer nie en oortreders het gemaak en gebreek soos hulle wou (M.A.: Gedenkwaardighede 1921:1-5).

32.2 Toenemende konflik

Op Vrydagaand, 9 Nov. 1917, is die plaaslike leraar L. Schmidt ernstig aan= gerand. Kennisgewings is laat druk en in die dorp laat vasspyker waarvol= gens enigeen wat inligting kon verskaf wat tot die opsporing van die aanval= ler sou lei, 'n beloning van £7 sou ontvang (M.A.: Kennisgewing - Beloning

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van £7.0.0, 14 Nov. 1917). Die skuldige is egter nooit aangekeer nie.

Tydens 'n mannevergadering op 13 Febr. 1919 in die Victoriasaal wou die inwo= ners weet wat die Sending met die geld van die houtverkope maak. Die voor= sitter (sendeling) het geweier om verslag te doen aangesien dit volgens hom 'n Sendingaangeleentheid was (M.A. I8a: Mannevergadering, 13.2.1919). Onte= vredenheid en die wantroue wat die inwoners teenoor die Sending gekoester het, was aan die toeneem. Gedurende hierdie tyd het kerkbywoning en die sedelike peil gedaal en armoede toegeneem. Die "wheel tax" en "landtax" wat in 1918 ingestel is en wat jaarliks aan die Caledonse Afdelingsraad betaal moes word, het agterstallig geraak omdat baie mense in gebreke gebly het om hulle opgaaf (belasting) van 2 sjielings en 6 pennies per huiseienaar te betaal (M.A.: Ge= denkwaardighede 1918, 2-3; 1921, 1-5).

Op 3 Maart 1921 het die sendelinge 'n openbare vergadering in die Victoriasaal gereël. Nadat die voorstaander die vergadering met gebed geopen het, het al= gehele chaos uitgebreek. Mense het begin lawaai opskop. Een van die le= raars is aan sy manel van die verhoog afgetrek. Die mense was briesend en het onder die indruk verkeer dat die Sending op hierdie vergadering die in= woners wou verplig om die Sendingwet te aanvaar.

Die inwoners het op 30 April hulle eie vergadering gehou. Hier is 'n aksie= komitee gestig bestaande uit A. Juries, J. Magerman, A. Magerman, P. August, F. Magerman en T. Kupido. 'n Brief is aan die Sending geskryf waarin hulle versoek is om 'n breedvoerige en geöuditeerde finansiële verslag aan hulle voor te lê en om die vel en verkoop van bome onmiddellik te staak. In die brief is die Sending gewaarsku dat indien hulle nie op hierdie versoeke sou reageer nie, hulle voor die Hooggeregshof gedaag sou word (M.A. I8a: Brief van Kommissie aan Superintendent, 19.5.1921). Ná 3 weke het superintendent R. Marx geantwoord dat hy aan geeneen, behalwe sy hoofbestuur in Londen en die staat, verslag sou doen nie. Hy sou ook geen verdere korrespondensie in dié verband voer nie (M.A. I8a: Brief van R. Marx aan J. Magerman). Hierna was die gort gaar. Die inwoners het regshulp ingeroep en die grootste hof= saak in die geskiedenis van die sendingstasie is op 21 Maart 1923 deur die Kaapse Hooggeregshof aangehoor (The Cape Times 22 Maart 1923:12).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

32.3 Hofsaak: Magerman e.a.

Op 24 Jan. 1922 is 'n dagvaarding aan die trustees (Krige en Marx) van die Morawiese Sending uitgereik. Die vier inwoners (eisers) J. Magerman, A. Juries, D. Beukes en B. Abrahams het 'n deklarasie van hulle regte en 'n finansiële verslag van die inkomste en uitgawe van die Sending geëis.

H. Haas, P. Magerman en J. Magerman wat sleutel= rolle in die 1923-hofsaak gespeel het. (Foto: F. Magerman)

Die plaaslike leraar, L.R. Schmidt, het op 14 Maart met vyf swaar kiste do= kumente, wat finansiële verslae sedert 1792 ingesluit het, na Kaapstad ver= trek. As getuies vir die Sending het nege inwoners en vier bejaarde boere van die omgewing Schmidt vergesel. 'n Kaapse nuusblad het met humor berig:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Een merkwaardig viertal is gekomen om getuigenis te geven in de Genadendal zaak. Onder hun een jongeling van 81 jaar." Die ander getuies was almal ouer as 81 jaar (M.A.: Account of Sup. Court case, 1923).

Die hofsitting het op 21 Maart begin en tot 27 Maart geduur. Vir die inwo= ners het adv. M. Alexander en mnr. W. Schreiner opgetree terwyl adv. Lourence en Mars die Sending se saak behartig het. In sy uitspraak het regter Benja= min verklaar dat dit uit die getuienis duidelik blyk dat die Sendinggenootskap alles tot voordeel van die sendingstasie gedoen het. Geen bewys kon gelewer word dat die Sending dorpsgrond verkwansel het nie. Die opbrengs uit bome wat afgekap en verkoop is, is uitsluitlik vir die ontwikkeling van die dorp aangewend. Die Sending was nie verplig om rekenskap van die sendingkas te gee nie, maar wel van die gemeentekas. Lg. state is wel van tyd tot tyd aan die opsieners en daarna aan die inwoners voorgelê. Volgens die hofuitspraak was daar dus geen ongerymdhede wat die hou van rekeninge betref nie. Die saak is verdaag tot tyd en wyl die eisers later meer lig op sekere punte kon werp (Die Burger 17 April 1923; M.A.: Account of Supreme Court Case, 1923; The Cape Times 22 Maart 1923, 23 Maart 1923, 24 Maart 1923 & 17 April 1923).

'n Dag ná die hofuitspraak het die skool van Berea afgebrand en daar is ver= moed dat die brandstigting uit weerwraak teen die Sending kon wees (M.A.: Gedenkwaardighede 1923, 1-2). Die Sending het aan die ander kant ook met kennisgewings gedreig, bv. dat indien iemand op hulle grondgebied sou hout= maak, dennebolle pluk of met 'n byl gevind word, hy vervolg sou word. Ook vee wat daar gevind word, sou geskut word (M.A. I8a: Kennisgewing, 25.5.1923).

Talle inwoners het die kerk verlaat en in weerwil van die regulasies aan vreemdelinge huisvesting gebied (M.A.: Gedenkwaardighede 1924, 4). Op hierdie wyse het ander kerkgenootskappe, soos die Volkskerk, Apostoliese Kerk en Griekwabeweging, hulle weg na die gemeenskap gevind (M.A.: Gedenk= waardighede 1924, 1-3; 1921, 1-5; The Cape Argus 24.3.1923).

32.4 Bestuursraad

Op 22 Maart 1924 is Genadendal deur die sekretaris van Naturellesake besoek. Tydens 'n openbare vergadering het hy genoem dat daar fenomenale vooruitgang

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op die dorp wag indien Wet nr. 29 van 1909 aanvaar word. Die volledige op= skrif van die wet het gelui: "Wet om voorziening te maken voor het beter bestier en beheer van Zending Stasies en zekere Gronden gereserveerd voor de occupatie van zekere Stammen of Gemeenten, en voor het uitreiken van grondvrieven aan de Inwoners van zoodanige Stasies en Reserves". Hierdie wet kon met die kort titel "Zending Stasies en Gemeenschappelijk Reserve Wet, 1909", aangehaal word. 'n Besluit is geneem om nominasiedag vir kan= didate vir die Dorpsraad op 15 Junie te hou. Die volgende dag het twaalf kandidate die kans gekry om toesprake tydens 'n openbare vergadering te hou.

Die Bestuursraad sou uit nege lede bestaan, waarvan ses deur die geregis= treerde okkupeerders gekies en twee deur die staat en een deur die Sending benoem sou word. Op 21 Junie is verkiesing gehou en die eerste raad het bestaan uit die verkose lede Pieter Magerman, Petrus Klink, Johannes Damon, Renatus Magerman, Isak Norman en Gustof Smit; Johannes Ulster is deur die Sending benoem en Daniël Wessels en Gustaf Michels deur die staat (Schmidt s.j.:142-143; sien ook Bylaag 12).

Die eerste amptelike vergadering onder voorsitterskap van die magistraat van Caledon, mnr. Rose Innes, is op 17 Aug. 1926 in die Victoriasaal gehou. Jo= sias Magerman is tot sekretaris met 'n maandelike salaris van £5 gekies (BR.: Notuleboek 1926:1).

Vir die Sending was dit 'n groot verligting om die bestuur van die dorp te kon afgee. Die Opsienerskonferensie is ontbind en die plaaslike leraar het aan die voorsitter geskryf: "I wish to congratulate the new constituted Board of Management on behalf of our Kerke Raad and on behalf of myself to the step taken forward. May the work of this new Board be done in unity, and for the best of the inhabitants, and to the honour of our Lord." (M.A. I8a: Brief van Schmidt aan Rose Innes, 3.8.26).

Nadat Schmidt die oorspronklike kaart-en-transport wat in 1858 uitgereik is aan die Sekretaris van Lande vir kansellasie gestuur het, is 'n nuwe eien= domsbewys t.o.v. die volgende nege erwe aan die Kerk uitgereik:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

* Berea-begraafplaas:	407 vierk. roede
* Berea-kerkplein:	7 morg 386 vierk. roede
* Genadendal-kerkplein, -kloof en -bos:	68 morg 382 vierk. roede
* Huiserf in Vleistraat:	103 vierk. roede
* Polisiestasie:	49 vierk. roede (later aan Bestuursraad verkoop).
* Begraafplaas teen berghang:	488 vierk. roede
* Armenhuis in Sewefontein:	20 vierk. roede
* Begraafplaas in Bo-Klipperstraat:	4 morg 32 voerk. roede
* Begraafplaas in Boschmanskloof:	96 vierk. roede (M.A. I8a: Sekr. van Lande, Opmetings).

Op 19 Des. 1927 het die Kerk die ou tuin-, bos-, saailand- en huisboeke aan die Bestuursraad oorhandig (M.A. I8a).

32.4.1 Funksies van die Bestuursraad

Die pligte en funksies van die Bestuursraad sou die algehele beheer van plaas= like aangeleenthede, met inbegrip van die finansies, insluit. Jaarlikse re= keningstate, goedkeurings vir die transportering en rojering van persele, mag= tiging van nuwe okkupeerders en die toestaan of weiering van handelshuurkon= trakte, asook die aanwending van huurgeld t.o.v. sodanige huurkontrakte, moes aan die Departement van Naturellesake voorgelê word vir finale goedkeuring.

Die Wet het ook die raad gemagtig om die grond te laat opmeet. Hierna kon die staat die grond aan die geregistreerde okkupeerders toestaan, "vry van rekognisie, maar onderworpe aan die bepalings van die Wet en sodanige voor= behoude as wat gebruiklik is by erfpagtoekennings van Kroongronde, maar geen grond wat toegeken is, kan vervreemd, getransporteer, met verband beswaar of aan eksekusie-verkoping vir skuld bloot gestel word sonder die toestemming van die goewerneur nie, en dit kan ook nie onderverdeel of met gesamentlike inbesitneming of eiendomsreg in besit gehou word nie" (Kommissie van Onder= soek No. 54 1937:78).

Die raad het op die vierde Dinsdag van elke maand vergader. Spesiale verga= derings kon net met die toestemming van die magistraat in sy afwesigheid ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hou word. Drie komitees sou vir die finansies, openbare werke en gesond= heidsake onderskeidelik verantwoordelik wees (BR.: Notuleboek 1928:26; Re= gulasies 1944:1).

32.4.2 Amptenare

Tydens die eerste twintig jaar het elf magistrate die voorsitterstoel inge= neem. Hulle was: Rose Innes, Magennis, Van der Byl, Bruce, Van Aardt, Moodie, Wiid, Erasmus, Titterton, Lourens en Frank (BR.: Notuleboek 1929:70; 1931:138; 1932:178; 1933:211; 1934:276; 1936:350; 1937:440; 1938:484; 1942:130; & 1947:518).

Die eerste sekretarisse, almal inwoners wat mekaar opgevolg het, was: J. Magerman, F. Balie, B.F. Adonis, J. Balie, E.S. Dietrich, J. Morkel, J. Michels en W. Habelgaarn (BR.: Notuleboek 1929:43; 1933:193; 1934:264; 1936:370; 1938:463; 1938:468; Bestuursraad Gesondheidsinspeksieverslag 29.7.1947:2).

32.4.3 Inwonerskap

Wat die toekenning van inwonerskap betref, is streng volgens die tradisio= nele regulasie gehandel. Geen vreemdeling kon by 'n geregistreerde okku= peerder inwoon sonder die skriftelike toestemming van die Bestuursraad nie (Regulasies 1944:2). Reisigers/besoekers is toegelaat om gratis uit te span vir 'n tydperk van 24 uur en indien die Raad die verblyftyd verleng, moes 4½ pennies per dag betaal word vir elke dier wat op die dorpsgrond loop (Regulasies 1944:14). 'n Genadendalse vrou wat met 'n buiteman getrou het, het haar inwonerskap verloor (BR.: Notuleboek 1946:400-401). Geen swartes kon in die dorp gehuisves word nie (BR. Notuleboek 1939:10) en toe 'n blanke man sy tuiste in 1944 hier wou maak, is sy aansoek op grond van sy velkleur afgekeur (BR.: Notuleboek 1944:249). Op hierdie wyse het die lewenswyse in hierdie geslote gemeenskap feitlik gestagneer en 'n sterk samehorigheids= gevoel by die mense gekweek. Na vreemdelinge is soms afkeurend as inkommers verwys (F. Magerman 1973: onderhoud).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

32.4.4 Finansies en werkskepping

Die Bestuursraad se hoofbron van inkomste was die jaarlikse belasting wat deur die inwoners betaal is. Elke huiseienaar moes 10 sjielings betaal terwyl die Morawiese Kerk £2.10 sjielings per jaar belas is (BR.: Notule= boek 1934:253). Die raad het verskillende mense, soos die voltydse se= kretaris, 'n skutmeester, straat- en veldwagters en waterfiskale, in diens geneem (BR.:Notuleboek 1929:43 & 60; 1931:140; 1940:44; 1944:306). Die nege waterfiskale se vergoeding het van 12 sjielings tot £2 p.j. gewissel, afhangende van die grootte van die tuinblok wat onder sy toesig geval het (BR.: Notuleboek 1944:306). In 1944 is A. du Plessis gevra om as vervoer= kontrakteur vir die raad se goedere tussen Genadendal en Caledon op te tree. Hy sou van petrol en wanneer nodig van bande voorsien word (BR.: Notuleboek 1944:282).

Aangesien die raad beperkte fondse gehad het, is ontwikkelingswerke tot die bou van brûe, damme en die herstel van paaie beperk. In 1936 het die kas 'n bankbalans van slegs £18 17 sjielings en 7 pennies getoon sodat daar "nie eens 'n donasie aan die kinders op Koningsverjaardag oorweeg kon word nie" (BR.: Notuleboek 1937:408). Inwoners wat agterstallig met hulle belasting was, se eiendom is op 'n openbare veiling verkoop (BR.:Notuleboek 1941:105).

Die eerste groot projek wat die Bestuursraad aangepak het, was om tussen die voetbrug en drif 'n brug oor die Baviaansrivier te bou. Die totale koste hieraan verbonde sou £150 beloop. Inwoners wat perdekarre besit het, is gevra om te help met die aanry van gruis en sand. Hiervoor sou hulle met 2 sjielings per vrag vergoed word. Die Afdelingsraad van Caledon is gena= der om die bouwerk te doen (BR.: Notuleboek:1930:96,106 & 120). Op 22 April 1932 is die eerste werk voltooi. Die toenmalige magistraat van Caledon, mnr. J. Magennis, wat ook as voorsitter van die Bestuursraad opgetree het, het die openingsplegtigheid waargeneem (Die Huisvriend 1932:15).

Ander projekte wat aangepak is, was die boor vir water by Watsemberg in 1934. Hierna is 'n besproeiingsdam die volgende jaar in Sewefontein gebou. Met kruiwaens, pikke en skopgrawe het twintig man teen 'n daaglikse loon van 3 sjielings elk die werk aangepak (BR.: Notuleboek 1934:227 & 262; 1935:346). In 1939 is 'n tweede brug by Kaffirsdrif oor die Baviaansrivier en 'n dam in Baadjesbos voltooi (BR.: Notuleboek 1939:10 & 15).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

33. DORPSUITLEG EN BOUKUNS

33.1 Dorpsentrum

In 1926 toe die Bestuursraad op die been gekom het, het 'n sake- en burger= sentrum in die sentrale deel van die dorp begin ontwikkel waar die drie hoof= paaie, nl. Klipperstraat, Bergstraat en dié van Sewefontein mekaar gekruis het. Dié dorpskern sou dan ook later as die Kruis of die "Cross" bekend staan. Daar is soms ook gepraat van Monumentplein, Victoriaplein of die "Square". Die Kerkplein, wat voorheen die fokuspunt van alle dorpsaktiwi= teite was, het minder aandag begin kry. Die meul, drukpers en Sendingwin= kel was feitlik die enigste wat van die talle vroeëre bedrywe oorgebly het. Die nuwe dorpskern het o.m. die volgende ingesluit:

33.1.1 Gedenksteen



Gedenksteen aan gesneuwelde soldate (M.A.)

SAKE- EN BURGERSENTRUM (1948)



1. Monument
2. Victoriasaal
3. I.O.T.T.-saal
4. Lirpa Sportsaal
5. Raadskantoor
6. Poskantoor
7. Ou Poskantoor & Polisiestasie
8. Kliniek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 15 April 1928 is 'n gedenksteen (Nr. 1 op sketsplan) "In eervolle herin= nering aan die afgestorwe soldate van Genadendal Oorlog 1914-1918" deur die Christelike Manne en Jongelings Vereniging onthul (M.A.: Gedenkwaardighede 1928:6). Dit is 'n vierkantige klipkonstruksie omtrent 10 voet hoog met 'n eenvoudige, plat kroonlys. Aan die voorkant is 'n groot marmersteen inge= messel waarop die genoemde opskrif en negentien name van gesneuwelde soldate verskyn. Die steen is met ystertralies omring.

33.1.2 Sale

Nie minder nie as drie sale wat aan die Victoria-, I.O.T.T.- en Lirpa-sport= vereniging behoort het, is hier opgerig. Die Victoriasaal (Nr. 2) wat reeds in 1899 gebou is, het op 20 Aug. 1941 nā 'n aanhoudende stortreën ingestort en 'n nuwe saal is op dieselfde plek opgrig (Die Huisvriend 1941:160). Dit het 'n sinkdak, plankplafon, vyf skuifraamvensters in elke lang sy, 'n dub= bele voordeur met 'n boogvormige bolig, 'n verhoog en plankvloer.

Van die verhoog het 'n deur na 'n vertrekkie gelei wat as kombuis gedien het. Aangesien die Bestuursraad nie 'n raadsaal gehad het nie, is die saal teen £6 per jaar vir hulle maandelikse vergaderings gehuur (BR.: Notuleboek 1928:39). Verskeie byeenkomste, veral konserte, is gereeld hier gehou. Sedert 1918 het die magistraat van Caledon ook maandelikse hofsittings in die saal ge= hou (M.A.:Gedenkwaardighede 1918:21; 1021:8).

In 1948 het die I.O.T.T. (Independent Order of True Templars) 'n saal (Nr. 3) met 'n holbol-frontgewel op die erf van ene Sarah Calvert opgerig. 'n Groot ysterwiel in die middel van die voorgewel het as versiering gedien en venti= lasie verskaf. Die saaltjie het 'n grasdak, 'n spaansrietsolder, misvloer, vier skuifraamvensters en 'n groot dubbeldeur met 'n reghoekige bolig.

Die Lirpa-sportsaal (Nr. 4) is in die veertigerjare deur die eienaar Hendrik April opgerig. Dit het 'n sinkdak sonder solder, 'n kartonplafon, vier ven= sters, 'n plankvloer en 'n klein galery. Behalwe dat verskeie sportsoorte hier beoefen is, het dit ook die eerste openbare dans- en bioskoopsaal op die dorp geword (J. April 1973: onderhoud).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

33.1.3 Dorpsraadkantoor

In 1934 is die eerste voltydse sekretaris, Julius Balie, aangestel. 'n Kan= toor (Nr. 5) wat vir die publiek se navrae toeganklik kon wees in in die wo= ning van ene Joseph en Maria Fluit geopen (BR.:Notuleboek 1934:264).

33.1.4 Poskantoor

In 1929 het die Poswese inwoners gesoek wat kon tender om 'n poskantoor vol= gens spesifikasies op te rig en aan die staat te verhuur. 'n Spoorwegwerker, ene Isak April, se aansoek is goedgekeur en 'n nuwe poskantoor (Nr. 6) met 'n sinkdak, plankplafon, skuifraamvensters met hortjie-luike, plankvloer, inge= boude kaggel en 'n groot stoep met afdak kon in 1930 geopen word (Die Huis= vriend 1930:12; (M.A.:Gedenkwaardighede 1929, 2).

Voor 1930 het die inwoners D. Wessels en J. Morkel as onopgeleide posmeesters gedien. Die eerste opgeleide posmeester Walbrugh het Morkel in 1937 opge= volg (Genadendal-poskantoor: Rekordboek).

Die ou poskantoorgebou (Nr. 7), wat toe nog die eiendom van die Morawiese Kerk was, is aan die Bestuursraad verhuur en in 1948 het lg. liggaam dit ge= koop (M.A. I7c: Polisie Lockup en Bestuursraad).

33.1.5 Kliniek

In 1937 het die Victoria Begrafnisvereniging onderneem om 'n kliniek (Nr. 8) langs die saal op te rig. Die gebou het 'n sinkdak, drie vertrekke, 'n stoep en afdak gehad. Een van die kamers het as woonkwartier vir die ver= pleegster gedien (Die Huisvriend 1939:196).

33.2 Woonhuise

Teen 1922 was daar 800 woonhuise in die dorp en in 1947 het die getal tot 1 000 gegroei. Die meeste huise was van roustene en die dakke met strooi gedek. Heelwat van die ouer woonhuise het daar bouvallig begin uitsien. Planne vir die oprigting van geboue moes sedert 1926 by die Bestuursraad in=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedien word. 'n Woonhuis se buitemure moes nie 'n oppervlakte van minder as 36 voet x 20 voet beslaan het nie, maar die meeste mense het groter huise gebou (Bestuursraad:Gesondheidsinspeksieverslag 19.7.47). Bekende messe= laars van dié tyd was H. Coffin en C. Januarie (Die Huisvriend 1934:7).

33.3 Die G.B.V.-saal

In 1934 het ook die Genadendal Begrafnisvereniging (G.B.V.) 'n groot saal ge= bou wat 300 tot 400 mense kon huisves. Aan die voorkant was 'n klein holbol= gewel waarop die naam van die saal en datum van oprigting aangebring is. In elke lang sy was vyf swaairaamvesters met hortjieluike. Dit het ook 'n ver= hoog, voorportaal en 'n galery teen die agterste muur (Die Huisvriend 1935: 11; Persoonlike waarneming).

33.4 Die Kerkplein

Sedert 1914 is geen geboue vir die daaropvolgende vyftig jaar hier opgerig nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die Kerk nie meer in die bestuur en ontwikkeling van die dorp belang gestel het nie.

33.5 Brug

Die brug oor die Sondereinderivier wat deur die Genadendalse brugbouers een honderd jaar tevore opgerig is, kon tydens groot reëns weens die vloedwaters gebruik word nie. Nadat 'n deputasie bestaande uit die plaaslike leraar, die burgemeester van Greyton en 'n lid van die Caledonse Afdelingsraad in 1921 'n onderhoud met die Kaaplandse Administrateur gevoer het, is besluit om die brug met die bestaande ses pilare met nog twaalf pilare te verleng. Dié werk is met staatshulp in 1924 voltooi (Die Huisvriend 1924:47; Schmidt s.j.:145).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

34. DIE KERKLIKE LEWE

34.1 Die Morawiese Kerk

In hierdie tyd het die traagheid om die kerkdienste by te woon, toegeneem. Baie inwoners het geweier om hulle kerkgeld te betaal. Kerkdienaars moes elke maand 'n dag bepaal waarop hulle in die verskillende wyke die kerkgeld sou gaan invorder. Ook die sedelike peil van die inwoners het begin daal en baie is onder kerktug geplaas (M.A.: Gedenkwaardighede 1914:7, 8 & 9; 1915:2). In 1928 moes in 77 gevalle kerktug toegepas word op gemeente= lede wie se sedelike gedrag veel te wense oorgelaat het. Veral die jeug het hulle aan onverskilligheid en onverantwoordelikheid skuldig gemaak (M.A.: Gedenkwaardighede 1928:4).

Behalwe die gewone kerkdienste en feesdae is 'n gebedsweek vir die eerste sewe dae van die jaar ingestel. Elke dag is aan 'n afsonderlike tema gewy:

1ste dag:	Danksegging en verootmoediging.
2de dag:	Die Kerk, die liggaam van Christus.
3de dag:	Die volke en hulle regeerders.
4de dag:	Die sending onder die heidene en Mohammedane.
5de dag:	Huisgesinne, skole en jeug.
6de dag:	Binnelandse sending en sending onder die Jode.
	(Die Huisvriend 1918:151).

Die "algemene Spreeken" (gesprekke met gemeentelede) is nou net vir Nagmaal= gangers twee keer per jaar gehou (M.A.: Gedenkwaardighede 1920:6; 1921:5).

Elke Saterdagaand is Bybelverklaring gedoen. 'n Spesifieke Bybelboek is deur die leraar bespreek en uitgelê. Die bywoning was baie swak (M.A.: Gedenkwaardighede 1919:3; 1920:5).

34.1.1 Kerkbestuur en leraars

In hierdie tyd was eerw. Richard Marx die Superintendent van die Morawiese Kerk in Suid-Afrika (Wes-Kaapland) terwyl L.R. Schmidt die plaaslike leraar in Genadendal was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1921 het die Sendingdireksie 'n nuwe Kerkorde goedgekeur en in 1922 het die eerste sinodale sitting, bekend as die Kerkkonferensie, in Elim plaas= gevind. Dié konferensie het die ou Sendingkonferensie vervang wat net uit sendelinge bestaan het. Bruin leraars en afgevaardigdes van die verskillende kerkrade kon ook hieraan deelneem (Schmidt 1940:14).

Nadat die Sendingstasiewet no. 29 van 1909 in 1926 op Genadendal toegepas is, is die Opsienerskonferensie ná 99 jaar ontbind. Hulle laaste vergadering het op 10 Junie plaasgevind. Voortaan sou die Kerk nie meer vir die uiter= like bestuur verantwoordelik wees nie. Die plaaslike leraar en sy kerkraad sou hulle net by kerksake bepaal (Schmidt s.j.:140-141).

Die werk van die Kerk op die buitestasies Berea, Greyton, Tygerhoek, Soete= melksvlei, Ganskraal, Uitvlug en Springfontein het steeds voortgegaan (M.A.: Gedenkwaardighede 1930:2).

34.1.2 Kerkmusiek

(a) Kerkkoor

Die eerste koorleier in Genadendal was die sendeling Christian Francke. Een van die eerste sangstukke wat die koor gesing het was "Hosanna" deur C. Gre= gor. Dit was 'n beurtsang wat vir die eerste keer in 1837 deur 'n koor van volwassenes en kinders uitgevoer is. Hierna het talle ander koorstukke ge= volg wat tot vandag toe by kerkfeeste gesing word. Oor die Paastyd (van Palmsondag tot die aand van Paasfees) is nie minder as vyftien koorstukke ge= sing nie (Die Huisvriend 1941:67-68).

Die volgende is tipiese koorstukke by die onderskeie feeste. Die meeste is deur Morawiërs gekomponeer:

Kerkfees:	"Ere sy God" (Hennig).
Nuwejaar:	"Luid door de wêreld" (Schulz).
Sendingfees:	"Prijs en aanbidding" (Rinck).
Lydensweek:	"Troost mijn volk" (Händel)
Begrafnisse:	"Onder palmen" (Voigtlander)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Advent:	"Maak U nu op" (Mendelssohn)
Oujaar:	"Heer, Heer, God" (Gregor)
Dodesondag:	"Zalig zijn de dooden" (Spohr)
	(Die Huisvriend 1936:145; 1941:7).

(b) Die Basuinorkes

Hierdie orkes het 'n belangrike rol in die kerkmusiek gespeel, veral om luis= ter aan feesdae te verleen. Hulle was baie goed georganiseer en het deur die jare onder bekwame "bandmeesters" soos H. Ulster, P. van Niekerk, A. Human en F. Duminy gestaan wat deur die kerkraad aangewys is (Die Huisvriend 1941:63 & 67; M.A.: Gedenkwaardighede 1928:4).

Genadendal Basuin-orkes
(M.A.)

Aan die binnekant van een van die kaste waar die basuine vandag gebêre word, is die "Orde voor Kerkbasuin", wat op 14 Des. 1922 opgestel is, geplak. Dit lui soos volg:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1) De basuinen syn eigendom van de Kerk en staan onder toesicht van de Kerke Raad.
2) Hun doel is ter eere Gods te dienen in Kerk en Gemeente.
3) (De plaats van oefening is de groote school. De Kerk sorgt voor een lamp)
   Die oefeningen sulle syn in't Consistorie, waar de Kerke Raad vergadert.
4) De leider wordt door de Kerke Raad benoemt.
5) De blasers sullen syn mannen die niet onder kerktucht staan. Geen dronkaard sullen toegelaten worden.
6) De basuinene sullen in de Kerk bewaard worden.
7) Oefeningsavonden sullen bepaald worden.
8) De dienst van die Kerkbasuinen sal syn, by voorbeeld
   (a) op groote feestdagen
   (b) by Kerk conserten
   (c) by begrafnisse van lede van Kerke Raad en Opsiener Conferentie (Morawiese Kerk, Genadendal).

34.2 Die Griekwa Independente Kerk

Adam Kok, leier van die Griekwas, het in die omgewing van Philippolis in die Vrystaat gewoon. In 1861 het 2 000 van sy volgelinge na die Oos-Kaap getrek. Met hulle eie volkslied, 'n afkeur in ondertrouery met ander rassegroepe en 'n eie kerk was daar 'n sterk samehorigheidsgevoel onder hulle (Venter 1974:173-182).

In 1922 het lede van die Griekwabeweging hulle verskyning in Genadendal gemaak en pogings aangewend om die geestelike leiding uit die hande van die Sending te neem en 'n tak van hulle eie kerk daar te stig. Hieroor was die kerkraad en Opsienerskonferensie diep ontstel en het die volgende besluit by een van hulle vergaderings aangeneem: "Wy een groote publieke vergadering, verteenwoor= digende 't algemeen gevoel van die inwoners van Genadendal, keuren de beweging van de Onafhanklyke Griqua Kerk in onze plaats ten sterkste af. Als leden van die Broederkerk verklaren wy ons hoogst tevereden met de leer sakramenten in Godsdiensten van onze Kerk. Wy ondernemen onze medemenschen te waarschuwen sich niet te voegen aan de Onafhanklyke Griqua Kerk en volk." In hierdie tyd was daar reeds 23 inwoners wat hulle by die beweging aangesluit het (M.A.: Gedenk= waardighede 1922:3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die hofsaak van 1923 het dit in die kruisverhoor van 'n voormalige opsie= ner, A. Juries, geblyk dat die Morawiese Kerk daarop aangedring het dat men= se hulle kerkgeld móét betaal, anders sou die leraar nie hulle kinders doop nie. Hieroor het diepe ongelukkigheid ontstaan sodat baie mense by die Grie= kwabeweging, wat volgens hulle hulle menswaardigheid erken het, aangesluit het (The Cape Argus 24 Maart 1923).

Die Bestuursraad wat in 1926 aan bewind gekom het, wou nie huisvesting vir Griekwas op die dorp goedkeur nie. Omdat daar nie juis sterk leiersfigure was wat dié beweging gesteun het nie, het die Griekwas en hulle aanhangers die dorp verlaat (M.A.: Gedenkwaardighede 1927:6; BR.: Notuleboek 1930:89).

34.3 Die Volkskerk

Hierdie Kerkgenootskap is op Sondag, 26 Maart 1922, gestig nadat "Onze Volks= kerk" van Stellenbosch en 'n splintergroep van die Congregational Kerk in Kaapstad besluit het om te verenig. Dié Kerk sou van toe af as die Volks= kerk van Afrika bekend staan (F. Magerman 1973: onderhoud)

Nadat die leier van dié kerk, eerw. Joseph Forbes, kennis gemaak het met se= kere lede van die Morawiese Kerk wat weggebreek het, het hy gereeld die dorp besoek. Huisdienste is gereël en op 27 Jan. 1924 is 'n hele aantal kinders deur Forbes gedoop. Toe die Opsienerskonferensie hiervan te hore kom, is 'n brief aan Forbes geskryf waarin hy versoek is om voor die Morawiese kerk= raad te verskyn aangesien hy deur sy doophandelinge 'n skeuring in die Kerk veroorsaak het (M.A.: Gedenkwaardighede 1924:1-3; Volkskerk Doopregister 1924).

Op 18 Feb. 1924 is die hoeksteen van hulle kerkgeboutjie gelê op 'n perseel wat aan die Genadendal Zustersvereniging behoort het. Hieroor was die Mo= rawiese Kerk erg ontstel (M.A.: Gedenkwaardighede 1924:4). Niks kon egter hierdie jong kerk, wat toe drie honderd lidmate in Genadendal gehad het, stuit nie en in Mei 1924 kon hulle hulle eie kerkgebou inwy. Talle besoe= kers van Kaapstad en Stellenbosch het die feesviering bygewoon. Voor die kerk is "Onze Volkslied", wat deur Forbes gekomponeer is, gesing:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Zingt halleluja! Zingt den Heer -
Volkskerk van Afrika.
"Christus de Wijsheid Gods", geeft eer,
Volkskerk van Afrika.

Ontwaak het ras van onze land,
Geen tijd voor sluimer. Vat de Hand.

Voor voorspoed werk, om liefdes wil,
Bereik de doel, maak geen verschil.

Voor land en volk en God strijd voort,
De tijd is kort, het werk is groot.

De zonde slaat met kracht en macht,
O kom en redt nu ons geslacht.

Gij stem van God aan't vaderland
Versterk in Hem de broederband.

Na elke reël is die woorde, "Volkskerk van Afrika" herhaal (Sesde kerk verjaar= dag 1928:4).

Nadat eerw. Forbes die deur oopgesluit het, het die gemeente singende die kerk binnegegaan. In die namiddag is agt kinders gedoop en in die aand is die Nag= maal gevier (Die Burger 29 Mei 1924). Die eerste kerkraad het uit veertien lede bestaan, t.w.: J. Magerman, D. Beukes, P. Cupido, P. Jonkers, F. Mager= man, C. Hector, A. Absalom, G. Smith, R. Wildschut, T. Weber, T. Cupido, A. Magerman, K. Moses en U. Beukes (Die Burger 29 Mei 1924).

Twee jaar later het daar 'n geskil tussen die Moederkerk in Stellenbosch en die Genadendalse tak ontstaan met die gevolg dat lg. weggebreek het en as 'n onge= affilieerde kerk onder die naam "Volkskerk van Jehovah" voortgegaan het (BR.: Brief van Superintendent aan Kommissaris van Kleurlingsake 24.6.51). Aange= sien die kerk nie opgeleide leraars gehad het nie, moes daar van lekepredikers gebruik gemaak word (F. Magerman 1973: Onderhoud).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die Volkskerk in Genadendal

***Staande van linkerhand*:** J. Fourie, F. Pontac, A. Zwarts A. Magerman, K. Moses, R. Wildschut, T. Cupido.
***Sittende van linkerhand*:** T. Weeber, A. Absolom, Eerw. J. J. H. Forbes, J. Magerman, A. Magerman.

Stigterslede van die Volkskerk in Genadendal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1944 het ene Ernst Florus die leiding oorgeneem. Hy het die Nagmaal, doop, aanneming en bevestiging van nuwe lidmate waargeneem. Die Bestuursraad het in 1943 'n begraafplaas aan die kerk toegeken. Daar is voor dié tyd van die "Vreemde akker" (begraafplaas vir nie-Morawiërs) gebruik gemaak (BR.: Notule= boek 1943:247; Brief van Superintendent aan Kommissaris van Kleurlingsake 24.6.54).

34.4 Ou- en Nuwe Apostoliese Kerk

Hierdie twee kerke het nie juis in kerkleer van mekaar verskil nié, maar daar was wel 'n radikale verskil tussen hulle en ander Protestantse kerke. Die ontstaan van die Apostelkerk kan so ver as 1822 teruggevoer word toe ene Ed= ward Irwing van Skotland sy godsdienstige leerstellings begin verkondig het. Die Heilige Drie-eenheid is verwerp en daar is geglo dat die apostelamp in die hande van die hedendaagse apostels is. Omdat daar geglo is dat apos= tels die plaasvervangers van Jesus was, kon saligheid slegs deur die "in= seëling" (d.i. die handoplegging deur dié apostels) geskied (Die Huisvriend 1942:198).

Volgens die kerkregister van die ou Apostoliese Kerk was ene Willem Lombard die eerste Genadendaller wat op 28.4.1920 "ingeseël" is. Lombard was 'n ge= wone arbeider en voormalige lid van die Morawiese Kerk. Sy vrou, dogter en kleinseun het almal lidmate van die Apostoliese Kerk geword. Ander gesinne, soos die Neethlings, Du Plessis's en Goldens, het hulle by dié Kerk aangesluit.

Die leraars is priesters genoem. Van die eerste priesters in Genadendal wat baanbrekerswerk gedoen het, was Wilhelm Lombard en William du Plessis (Old Apostolic Church of South Africa: Genadendal Register Book).

Kerkdienste van die Ou Apostoliese Kerk is gewoonlik in 'n woonhuis gehou. Die woning van Adolf Neethling in Bergstraat is later in 'n klein kerkie omskep. Na sy dood het sy testament bepaal dat die Kerk die woning kon gebruik solank hulle dit sou benodig (BR.: Afskrif van testament van E.C. Neethling 15.6.1946).

In die veertigerjare het die inwoner Ernest Klink aansoek by die Raad gedoen om 'n kerkgebou vir die Nuwe Apostoliese kerk op te rig. Toe dié aansoek afgekeur is, het hulle ook soos die Ou Apostoliese Kerk kerkdienste in 'n woonhuis in Bergstraat begin hou (BR.: Notuleboek 1944:254).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

35. OPVOEDING

35.1 Primêre Skool

Die verantwoordelikheid vir formele opvoeding in Genadendal het steeds by die Kerk berus, maar deur die toekenning van finansiële hulp het die staat stadig maar seker sy beheer oor sendingskole uitgebrei. Ordonnansie nr. 12 van 1918 het bepaal dat die staat toelaes vir die huur van skoolgeboue betaal en volgens Ordonnansie nr. 26. van 1920 sou ook die salarisse van onderwysers ten volle deur die staat betaal word. Die plaaslike leraar, wat ook bekend was as die skoolbestuurder, het 'n belangrike rol in die aanstelling van onderwysers en algemene beheer oor skoolsake gespeel.

Nâ die aftrede van die prinsipale, Louise Hanna (ook bekend as Miss Hanna, 'n dogter van 'n sendeling), in 1915, is die houtwerkonderwyser, Wilhelm Frederick Johannes, as waarnemende prinsipaal van 1915 tot 1920 aangestel. Hierdie ervare onderwyserman, wat 'n oudstudent van die Genadendalse Opleidingskool was, het ook vanaf 1894 tot 1899 in die Opleidingskool lesings aangebied en was 'n knap violis. Toe hy in 1920 na Elim verhuis, is 'n ander oudstudent en dosent van die Opleidingskool, David Kroneberg, in sy plek as prinsipaal angewys. Die leerkragte wat in diê tyd diens gedoen het, was P. Johannes, D. Smit, A. Hans, D. Wessels, J. Coffin, S. Habelgaarn en C. Snyder. Nâ veertien jaar het Kroneberg die tuig neergelê en het Alexander Lesch in 1934 die hoofskap oorgeneem (Die Huisvriend 1935:11; M.A. I6d: Genadendal skool & Gedenkwaardighede 1920).

Dit is interessant om op te merk dat al hierdie prinsipale, met die uitsondering van Miss Hanna, ook geordende leraars van die Morawiese Kerk was. Hierdeur het die Kerk verseker dat die godsdiensonderrig nie nagelaat sou word nie omdat hulle geglo het dat dît die fondament vir 'n goeie Christelike karakter gelê het (M.A.: Vraelys aan Bestuurders van Sendingskole, 14.9.1934).

Nâ 1918 toe kinders van verpligte skoolgelde vrygestel is, het die bywoningsyfer aansienlik verbeter. Afgesien daarvan dat meer inwoners die waarde van 'n deeglike skoolopleiding besef het, het die Provinsiale Raad sedert 1945 ook verpligte skoolbesoek ingestel. Die volgende tabel toon die leerlingtal oor 'n tydperk van dertig jaar:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Leerlingtal
1918	243
1928	356
1938	473
1947	604

(Coetzee 1958:443; M.A. I6d: Skoolstatistiek).

Die leerplanne is deur die Departement van Onderwys opgestel en die skole is gereeld deur die inspekteurs van onderwys besoek. Alhoewel inspeksieverslae dikwels gelui het dat die behoefte van die Sendingskoolkind nie dieselfde as dié van die blanke kind was nie en daar dus verskillende leergange moes wees, het die leergange dieselfde as dié vir blanke kinders gebly (Coetzee 1958:434).

Skoolonderrig het in vier verskillende geboue, wat oral op die kerkplein ver= sprei was, geskied. Die een tweevertrekgebou het die sub. A-afdeling gehuis= ves. Vyftig treë verder was 'n ander tweevertrekgebou vir die sub. B.-afde= ling. Die eerste skoolgebou met sy vyf vertrekke wat in 1814 opgerig en se= dertdien uitgebrei is tot 'n U-vormige kompleks, is vir st. I, II & III gebruik, terwyl die drukpersgebou vir st. IV, V en later ook st. VI ingerig is (Die druk= pers is in 1915 na die gebou langs die meul verskuif.)

Skoolgebou vir sub-standerds, 1920
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoewel dit een skool was, het hierdie vier afsonderlike geboue die indruk ge= skep dat hulle elkeen op sy eie gefunksioneer het. Soggens het almal vir 'n gemeenskaplike môreseën in die kerk byeengekom en daarna in rye na hulle klas= se beweeg. Gedurende pouses is die kerkplein as speelterrein gebruik (D.P. Beukes 1973: onderhoud).

Volgens inspekteur P. van der Walt het hierdie verspreiding van klasse in ver= skillende geboue die toesig en beheer deur die prinsipaal bemoeilik. Die feit dat daar nie 'n geskikte speelterrein was nie, het toesig oor die kinders be= moeilik.

Hoewel daar geen opgeleide onderwyser vir liggaamsoefeninge was nie, is die leerlinge in rugby en netbal afgerig. Leerlinge is deur die Skoolspaarklub aangemoe= dig om te spaar. Skoolkonserte is gereeld gehou en die geld wat op hierdie wyse ingesamel is, is vir die aankoop van biblioteekboeke gebruik. Veel tyd is aan skoolsang bestee en die kindersang, veral op feesdae, het mense van heinde en verre getrek. Die skoolkoor het gereeld aan sangwedstryde tot in Kaapstad gaan deelneem (M.A.: Inspeksieverslae: 1942-1948).

'n Skoolvoedingskema is gedurende die veertigerjare ingestel. Moeders in die dorp het gehelp met die voorbereiding en bediening van groentesop, melk en vrugte (D.P. Beukes 1973: Onderhoud).

35.2 Sekondêre Skool

Op 10 Maart 1937 het die plaaslike leraar, L.R. Schmidt, 'n brief aan die Superintendent-generaal van Onderwys gerig waarin hy uiteengesit het waarom 'n sekondêre skool in Genadendal geopen moes word. Van die punte wat hy ge= noem het, was dat:

(a) Genadendal die grootste bruin gemeenskap in die distrikte Caledon en Bredasdorp gehad het;
(b) Genadendal se primêre skool in inskrywing van 441 leerlinge en 'n onderwyspersoneel van 11 leerkragte gehad het;
(c) Dat die leegstaande lokale van die ou Opleidingskool beskik= baar gestel kon word (M.A. III5b: Sekondêre Skool).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Departement van Onderwys het gunstig gereageer. Die skoolraad van Cale= don is opdrag gegee om 'n sekondêre skool met ingang Januarie 1938 in Genaden= dal te open (M.A. III5b: Brief van Dept. van Onderwys, 5 April 1937).

Op 24 Jan. 1938 het die inwoners en vriende onder die eike op die kerkwerf vergader om aan die openingsplegtigheid van die skool deel te neem. Mnr. E. Weder, lid van die Skoolraad, het die openingsrede gehou. Hierna is verskeie toesprake deur die inspekteur van onderwys, die L.P.R., die plaaslike leraar, die prinsipaal van die laer skool en die sekretaris van die Bestuursraad gehou. Die benoemde prinsipaal van die nuwe skool, mnr. H.A. Dudley, is laaste aan die woord gestel en die skoolkoor het "Loof die Here, die almagtige Koning" gesing (Die Huisvriend 1938:26).

In daardie stadium was Genadendal die veertiende sekondêre skool vir bruines in die land. Saam met die prinsipaal het die assistent, mnr. G.A. van der Ross, 26 st. 7-leerlinge onderrig. Van hulle was vyftien leerlinge van Ge= nadendal, drie van Elim, vier van Bredasdorp en vier van Greyton.

Die skoolwapen was in drie verdeel met 'n koringaar, sekel en springbokkop as wapenfigure. Die wapenspreuk (leuse) was "Facta non verba" (Dade en nie woorde nie) (Sekondêre Skool, Briefhoof 1946).

Wapen van Sekondêre Skool
(Briefhoof)

Die Onderwysersliga van Suid-Afrika (Caledontak) het drie losiesbeurse van £15 elk aan die belowendste leerlinge beskikbaar gestel (Die Huisvriend 1939: 11). Die uitslae van die eerste jaar het 8 eersteklasse opgelewer en in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volgende jaar is die skool met 'n st. 8-klas en 'n derde leerkrag, mnr. Groene= wald ('n blanke), vergroot. Die totale inskrywing het toe op 44 gestaan (Die Huisvriend 1939:172).

Daar was veral twee groot sosiale geleenthede op die skool se jaarprogram, nl. die jaarlikse basaar en die afskeidsgeselligheid. Die skoolbasaar is gewoon= lik op Koningsverjaardag (7 Aug.) gehou. Verskillende stalletjies is opgerig en met kleurpapier versier. Allerlei lekkernye is gemaak en verkoop. Op dié dag is ander skole genooi om aan rugby- en korfbalwedstryde deel te neem. Tro= fees is aan die wenspanne uitgeloof en so het die dag op 'n vrolike noot geëin= dig. Aan die einde van die jaar is die skooljaar met 'n geselligheid in die G.B.V.-saal afgesluit. Die seuns het blomme in die berg gaan pluk en die mei= sies het die saal opgetooi. Boekpryse, trofees en sertifikate is aan die knap= ste leerlinge uitgedeel. Ná 'n toespraak deur die plaaslike leraar het die monitors geskenkies aan die leerkragte oorhandig. Die verrigtinge is gewoon= lik met die lied "God be with you" afgesluit (Die Huisvriend 1939:147; 1940:4).

Aan die einde van hulle st. 8-jaar, nadat die leerlinge die Junior Sertifikaat verwerf het, kon hulle na die Kaapse hoër skole Livingstone en Travalgar gaan om Matriek te voltooi. Sommiges het ook die onderwyserskursus aan die Kaap= se opleidingskole Zonnebloem, Wesley en Battswood gaan volg. Ander is na die Rynse Opleidingskool in Worcester, of het die verplegingsberoep gekies (Die Huisvriend 1940:20).

In 1940 het twee gegradueerde leerkragte, mnre. D. Paulse en V. Fowler, Groe= newald en Van der Ross vervang (Die Huisvriend 1940:20). In 1941 is mnr. C. Christians as houtwerkonderwyser aangestel (Die Huisvriend 1942:11).

Die skoolinskrywing het gedurig toegeneem. In 1939 was daar 56 leerlinge in in 1947, toe die skool hoërskoolstatus verkry, was daar 130 skoliere en 5 leer= kragte. Die nuwe prinsipaal, mnr. P. Hartzenberg, is in die vierde kwartaal van 1946 aangestel (Die Huisvriend 1940:7; 1941:3; 1946:203; 1948:24). 'n Nuwe hoërskoolwapen met die leuse "Mens sana in corpore sano" ('n Gesonde gees in 'n gesonde liggaam) het die ou skoolwapen vervang (Die Huisvriend 1952:206).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Wapen van hoërskool

Ruimte het probleme geskep en nuwe skoolgeboue het noodsaaklik geword. Die skoolraad van Caledon het die Genadendalse Bestuursraad genader om 'n terrein vir die oprigting van 'n nuwe skoolgebou aan te wys. 'n Kommissie is aange= stel om ondersoek in te stel of sekere boseienaars bereid sou wees om afstand te doen van hulle bosse wat by die ou begraafplaas geleë was. Onderhandelinge sou nog tot 1950 duur voordat die boseienaars C. Absalom, M. Pick, P. Magerman, M. Lakay en F. Theunis elk £5 uitbetaal is en die geregistreerde okkupeerders tydens 'n openbare vergadering toestemming verleen het dat die terrein van 10 morg teen 'n nominale bedrag van £1 aan die Onderwysdepartement verkoop word (BR.: Notuleboek 21.4.50; Brief van Sekr. van Volkswelsyn aan Kontroleur van Onderwysfinansies 22.3.50).

35.3 Die Opleidingskool

Ná die Eerste Wêreldoorlog het die finansiële steun wat dié inrigting van Duits= land ontvang het, skerp afgeneem sodat die Kerk nie meer die Opleidingskool doel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

treffend kon bedryf nie. Weens staatsteun wat die inrigting ontvang het, het die Onderwysdepartement verder daarop aangedring dat "the school should be staffed with competent European teachers" (Schmidt 1935:19).

Die laaste direkteur was eerw. G. Hettasch (1921-27) wat in medewerking met die laerskoolprinsipaal, eerw. D. Kroneberg, daarin geslaag het om die stan= daard van opleiding hoog te hou. Die slaagsyfer vir 1922 was 90%, vir 1923, 84% en vir 1924 was dit 89%. Ook die inskrywings het toegeneem. Sedert 1916 is meisies vir die eerste keer toegelaat om saam met die seuns vir die onderwysersberoep opgelei te word. Hulle was Justina Coffin, Sofia Norman en Marcia Titus. Die getal studente het in 1924 op 34 gestaan waarvan 11 meisies was (Die Huisvriend 1924:47; M.A. I6d: Kweekskoolregister & Gedenk= waardighede 1923:4; Schaberg s.j.:5; Schmidt 1935:19).

In 1924 het die Onderwysdepartement die Kerk in kennis gestel dat die drie Duitse sendinggenootskappe (Ryns, Berlyns en Morawies) voortaan toegelaat sou word om net één opleidingskool te hê. Daar moes toe tussen Worcester (Ryns) en Genadendal (Morawies) besluit word. Ander opleidingskole wat teen daardie tyd bestaan het, was Zonnebloem (Kaapstad), Perseverance (Kimberley), Wesley (Kaapstad) en Dower (Uitenhage) (Schmidt 1935:20; Kommissie van Ondersoek 1937:356).

In 1925 het verteenwoordigers van die drie genoemde sendinggenootskappe in Worcester byeengekom en ten gunste van Genadendal besluit. Die bruin gemeen= skap van Worcester en hulle Provinsiale Raadslid het daarteen geagiteer en die Superintendent van Onderwys het ook Worcester verkies. As redes is aangevoer dat Worcester groter as Genadendal was en dat dit meer sentraal geleë was. Die Morawiese Kerk is in kennis gestel om die inrigting op 31 Des. 1927 ná 90 jaar te sluit. Vertoë van die Kerk om die Opleidingskool oor 'n paar jaar uit te faseer, is gunstig oorweeg. Die laaste eerstejaarstudente het in 1934 afstudeer en kon hulle opleiding by ander erkende opleidingskole gaan voltooi. In die tyd van sy bestaan is altesaam 236 onderwysers in Ge= nadendal opgelei (M.A.: Brief van Dept. van Openbaar Onderwijs, 4 Des. 1928; Schmidt 1935:20).

Die leraarspaar Schaberg het by die leegstaande gebou as woning ingetrek. Toe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle later na Elim verhuis het, het die laerskoolhoof daar ingetrek totdat dit in die laat dertigerjare in 'n sekondêre skool omskep sou word (Schaberg s.j.:2 & 16).

35.4 Oulapskool

In 1922 het ene Anna Maria Mauritz wat deur eerw. Zachert as onderwyseres op= gelei is en vir 11 jaar in die primêre skool diens gedoen het, 'n kleuterskool in haar woonhuis in Sewefontein geopen. Hierdie skool sou as die Oulap- of Pennieskool bekend staan omdat die leerlinge elke dag 'n pennie vir hulle lesse moes bydra. Daar kon altesaam 20 kinders in dié skooltjie opgeneem word. Elke kind het 'n beurt gekry om vir die onderwyseres vuurmaakhout uit die bos aan te dra en water vir huishoudelike gebruik in die rivier te gaan skep. Wan= neer die kinders skoolgaande ouderdom bereik het, was hulle al 'n ent ver ge= vorder sodat die onderwysers van die substanderds minder moeite gehad het om aan hulle die beginsels van skryf en spel te leer (Die Huisvriend 1944:36; D.P. Beukes 1973: Onderhoud).

Eerw. A. Lesch - Laer skool prinsipaal (M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

36. BEDRYWE EN BEROEPE

36.1 Veeboerdery en verwante bedrywe

In 1918 het die volgende getalle diere in Genadendal voorgekom:

(1)	bokke:	285
(2)	donkies:	40
(3)	eende en ganse:	20
(4)	hoenders:	3 250
(5)	melkkoeie en osse:	421
(6)	perde:	90
(7)	skape:	763

(M.A.: Landbouopname, 1918).

In 1922 was daar sewe groot skaapboere, o.a. T. Duminy en J. Ulster wat met meer as drie honderd skape elk en J. Marinus, G. Linders en C. Duminy wat meer as een honderd skape elke besit het. Daar is van elke boer verwag om gedurende Julie en Desember sy skape in die dorp se "dipbak" te dip. Hiervoor moes 1 sjieling per honderd skaap betaal word (M.A.: Dipbak 1922). In 1947 was daar 'n regulasie wat bepaal het dat die inwoners gratis weiding vir 24 groot- en 100 kleinvee kon kry, maar indien hy die kwota oorskry, moes hy jaarliks 'n bykomende 1 pennie en 6 pennies vir elke stuk klein- en grootvee onderskeidelik betaal (BR.: Gesondheidsinspeksieverslag 29.7.1947).

Elke jaar is omtrent 3 800 pond wol, 1 430 velle en 6 800 pond vet verkry. Die inwoners het hulle eie seep in groot seeppotte gekook. Karrings is gebruik om botter te maak. Room kon ook in 'n wyebekfles gegooi word en deur aanhoudende skudbewegings is botterklonte gevorm (F. Magerman 1973: Onderhoud).

36.2 Vrugte

'n Opname van 1918 het getoon dat daar altesaam 9 153 vrugtebome in Genadendal was. Dit het die volgende ingesluit:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vrugtesoort	Getal bome
Amandel	100
Appel	1 600
Appelkoos	420
Kastaiing	9
Koejawel	250
Lemoen	1 050
Lukwart	150
Mispel	80
Peer	1 790
Perske	2 510
Pomelo	40
Pruime	420
Suurlemoen	170
Vla-appel	6
Vye	500

In dieselfde jaar is 15 000 pond appels, 100 pond appelkose, 3 560 pond perskes, 3 800 pond pere, 9 201 pond kwepers en 118 pond amandelpitte ge= droog. Twee morg wingerd waar 3 500 stokke geplant was, het 'n oes van 12 000 pond druiwe opgelewer (M.A.: Landbouopname, 1918).

36.3 Groente

Van die belangrikste groentesoorte wat in 1918 verbou is, word in die vol= gende tabel aangegee:

Produk	Opbrengs
Aartappels	170 mud
Boontjies	101 mud
Ertjies	32 mud
Kaffer-waatlemoene	300
Kool	500 koppe
Patats	139 mud
Uie	180 mud
Waatlemoene	150

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van die totale oppervlakte van 479 morg landbougrond was net 100 morg onder besproeiing. Oestyd was 'n belangrike tyd in die dorp. Behalwe die groen= tesoorte wat verkoop is, is die res gebêre. Die mielies is gewoonlik aan hulle lowwe voor die deur gehang. Aartappels is op die solder gebêre. Uie is in stringe gevleg én in 'n buitehok gehang. Waatlemoene en pampoene is gewoonlik op 'n plakdak in die son laat lê (F. Magerman 1973: Onderhoud).

36.4 Tabak

In 1917 het die firma Chapman & Louw van Stellenbosch 'n hoeveelheid Turkse tabaksaad na Genadendal gestuur om vas te stel hoe dit daar sou aard. Later in die jaar is ook 700 tabakplantjies gestuur om dit op 'n plek te plant waar dit die vroeë oggendson sou kry en dit teen sterk winde beskut sou wees. Die handleiding Turkish tobacco in the Cape Province deur L.M. Stella is gebruik. Gedurende Augustus 1918 is die eerste pak tabakblare aan die firma Western Province Tobacco Growers Co. Ltd. gestuur. Omdat die verpakkers die blare nat gemaak het, het die blare gemuf en was dit onbruikbaar. Dit is die laas= te keer dat daar van die kweek van tabak melding gemaak word (M.A.: Brief E. Chapman, 5 Okt. 1917; Brief W.P. Tobacco Growers, 10 Aug. 1918).

36.5 Hop

Na die mislukte pogings van die sendeling Hettasch om met 'n hopbedryf te begin, het L.R. Schmidt in 1915 aan die landbouskool en Proefplaas van Glen in die Vrystaat geskryf om aan hom raad en leiding te gee hoe om hop te ver= bou en te bewerk (M.A.: Brief, Schmidt aan horticulturist, School of Agri= culture & Experimental Farm, 29.10.1915). Die handleiding Progress of hop growing in South Africa deur G. Shaw-Scott is aan Shcmidt gestuur.

Op 15 Julie 1916 is 1 000 hop steggies ingelê en na 3 maande kon 640 daarvan verplant word. Lang stokke is langs die plante gesteek sodat dit daarteen kon oprank. Teen Januarie 1917 het dit begin blom (M.A.: Brief van Schmidt 23.1.1917 aan mnr. G. Scott). Gedurende Mei het die tuinboukundige, mnr. Scott 'n besoek aan Genadendal afgelê om persoonlike advies te gee. Aange= sien die hop nie gepers was nie, kon die oes nie verkoop word nie (M.A.: Brief van Schmidt aan G. Scott 7.3.1919). Geen inligting van hoe die bedryf ná 1919

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontwikkel het, kon gevind word nie.

36.6 Graan en veevoer

Die graanoes vir 1918 was:

Gars:	206 mud en 9 600 groen gerwe
Hawer:	456 mud en 6 000 groen gerwe
Rog:	144 mud
Koring:	432 mud
Lusern:	4 ton en 2 000 pond groen lusern
Mielies:	200 mud

'n Opname in 1934 het getoon dat daar 'n beduidende afname in die opbrengste was (M.A.: Landbouopname, 1934).

36.7 Die Sendingwinkel, meul en "logement"

Sedert 1935 het alle Sendingwinkels op die Morawiese Sendingstasies onder 'n oorkoepelende beheerliggaam genaamd die Moravian Mission Trading Co. geval. Die Sendingwinkel in Genadendal is aan die Duitse sakeman Emil Hermann Weder teen 'n bedrag van £160 p.j. verhuur. Behalwe die winkel ou ook die graan= skuur en meul onder die huurder se bestuur staan (M.A. III5c: Huurkontrak 30.6.1940; Schaberg s.j.:29 & 38). 'n Rekordboek is gehou waarin aangeteken is hoeveel graan per week deur die watermeul en "motormeul" (meul wat deur 'n dieselenjin aangedryf is) afsonderlik gemaal is. Die meul het ses dae per week (Maandag tot Saterdag) gewerk (M.A. I3a: Genadendal meul 1923-1927). Die inwoners wat as meulenaars aangestel is, was Johannes Smith, Johannes Ulster, Herman du Plessis en Markus Cloete (F. Magerman 1973: onderhoud).

Die Sending het 'n inwonerpaar as toesighouers oor die plaaslike losieshuis, ook bekend as die "logement", aangestel. Hulle het die agterhuis bewoon en die voorhuis teen 5 sjielings en 6 pennies per dag aan loseerders/gaste ver= huur. Hiervan moes die egpaar 1 sjieling aan die Sending betaal wat die bed= degoed en eetgerei voorsien het (M.A. I7c: Die "Logement").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Genadendal "Logement" (losieshuis)
(M.A.)

36.8 Winkels, kafees en ander

Die Bestuursraad het sedert 1926 heelwat lisensies aan private sakemanne/vroue uitgereik. Kafeelisensies is aan S. van der Heyde en D. Koekson uitgereik, terwyl S. Kupido, E. Snyder, E. Jannetje, H. Wildschut, H. Dudley en C. Constance lisensies as algemene handelaars ontvang het (BR.: Notuleboeke 1927: 19; 1930:120; 1933:188 & 217; 1944:260; 1946:432; 1948:7). 'n Handelsmaatskappy bekend as Southern Stores is gedurende die veertigerjare deur die inwoners H.Wildschut, P. Louw, N. Beukes, H. Dudley en J. Steenveld gestig (BR.: Notuleboek 1946:440 & 444). Hierbenewens was daar ook 'n viswinkel (C. Duminy), twee bakkerye (B. Cloete en E. Wessels) en 'n aantal smouse (P. Arends, D. Loff en H. Smith). Blanke smouse wat soms sonder toestemming hulle goedere op die "trapvloer" (sportveld) verkoop het, is verbied (BR.: Notuleboek 1946:444; 1939:6 & 15; 1948:605 & 524; 1940:77).

Die genoemde sakeondernemings was gewoonlik in 'n kamer wat aan die eienaar se woonhuis gegrens het. Dit was ingerig met 'n aantal rakke waarop verskeie kruideniersware uitgestal is,. Op die toonbank was 'n skaal en 'n aantal fles=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se met allerlei lekkers soos "kaffer-bols", ("nigger-bols"), "namelekkers", "drops", ens. Agter die toonbank was groot houtkiste waarin rys, meel en suiker gehou is. In een hoek het 'n asynvat en 'n trom paraffien gestaan. 'n Afsonderlike sifkas was die bêreplek vir brood, botter, kaas en lewerwors.

In die winkeltjies het altyd 'n kenmerkende geur van asyn en pruimtabak gehang. Die winkelier, met 'n netjiese wit voorskoot, het die klant se kruideniersware in koerantpapier toegedraai en diegene wat nie kontant kon betaal nie, se aan= kope is in 'n boek geskryf. 'n Inwoner onthou nog hoe spotgoedkoop die krui= deniersware was. Suiker is teen 2 pennies ("twalap") 'n pond, soût teen 'n stuiwer per pond, koffie teen 'n pennie per skepsel, lampolie teen 3 pennies (tripppens) 'n bottel en kerse teen 1 pennie elk, verkoop. Wanneer klante hulle skuld teen die einde van die maand betaal het, het hulle 'n kardoesie lekkers ontvang. Aan die einde van die jaar het elke klant ook 'n spesiale "Krismisboks" ontvang. Hierdeur het die winkelier sy klandisie probeer behou omdat daar groot kompetisie tussen die winkeliers op die dorp was (P. Linnert 1973: onderhoud).

Aangesien baie mense op plase gewerk het en eers Saterdae huis toe gekom het, is winkels toegelaat om op 'n Saterdagmiddag sake te doen en op 'n Woensdag= middag te sluit (BR.: Notuleboek 1944:378).

36.9 Slagtery

Voordat slaghuise in die dertigerjare gelisensieër is, het die inwoners self hulle vee geslag. 'n Opname van 1918 het getoon dat daar 15 beeste en 1 400 skape per jaar geslag is. In die geval van beeste, skape en bokke is die dier se keel afgeskny, maar in die geval van 'n vark is dié met 'n mes in die hart gesteek. Daar is geglo dat 'n mens 'n "regte hand" moes hê om 'n vark te kon slag. "Hoe langer die dier neem om te sterf, hoe lekkerder het sy vleis ge= smaak." (P. Linnert 1973: onderhoud).

Omdat Genadendal deur baie besoekers oor 'n Paasnaweek oorval is, het die in= woners hulle varke vet gevoer om dan op Wittedonderdag te slag. Dit was iets om te hoor hoe die varke se geskree op dié dag in die vallei weerklink het. Nâ die laaste stuiptrekkings is 'n prop in die gat gesteek sodat die bloed nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verder uit die wond kon vloei nie. Die slagding is op 'n sinkplaat gelê en kookwater is stadig op die karkas gegooi terwyl die ander helpers die hare met eetlepels afgeskraap het. Die laaste hare en bruin vlekke is met seepwater en skeermeslemmetjies verwyder. Hierna is die dier se ingewande uitgehaal en die bloed met 'n koppie uitgeskep. Die bloed is met 'n bietjie suiker, meel en ro= syne gekook en saam met die gaargemaakte en fyngemaalde harslag as "haksel- en bloed" teen 6 pennies per bakkie verkoop.

Die karkas is onderstebo aan 'n trapleer gehang om koud te word. In die voor= huis is dit in stukke gesny. Die spek is fyn gemaal en in groot potte tot olie gebraai wat later deur 'n groot sif gegooi is om die kaiings af te skei. (Kaiings is soms saam met die broodmeel geknie). By so 'n slagtery het heel= wat vriende gehelp en dus het elkeen 'n karmenaadjie vir hulle dienste ontvang. Die res van die vleis is met 'n handbyltjie op 'n blok in stukke gekap en teen 6 pennies per pond verkoop. Ook die gestolde vet, sult en afval is verkoop (P. Linnert 1973: onderhoud).

Teen 1947 was daar altesaam 7 slaghuise in die dorp: E. Snyders, F. Januarie, A. Klink, C. Magerman, A. du Plessis, C. Januarie en C. Titus. Almal het sementvloere gehad. Die mure was gekalk en voor die deure en venstêrs was gaasdraadskerms om vlieë uit te hou. 'n Kapblok en 'n gaasdraadkas waarin die vleis gehang kon word, was van die belangrikste toerusting van die slag= huis. Die slaghuise is gereeld deur die gesondheidsinspekteur besoek. Elke maand is omtrent 200 skape geslag en die agterplase met bloederige afloopwater en mishope het dié plekke 'n onsindelike voorkoms gegee (BR.: Gesondheidsin= speksieverslag 29.7.1947).

36.10 Houtbosse

'n Ander bron van inkomste was die houtbosse van die Bestuursraad. Denne-, bloekom-, populier-, eike- en "blackhout"-bome was van die belangrikste boom= soorte. Die hout is hoofsaaklik vir brandhout, timmerhout en heiningpale ge= bruik. Houtkappers kon vuurmaakhout teen 5 sjielings per 2 000 stukke in die Raadbosse maak (BR.: Notuleboek 1940:30). 'n Indiër, ene Naido, het 'n be= langrike klant van die Raad geword deur gereeld bamboes teen 6 sjielings per dosyn vir sy handwerkbedryf aan te koop (BR.: Notuleboek 1945:336). In 1914 is 'n stuk grond aan die Franschhoek Saw Mills verhuur om 'n saagmeule op te rig. Hulle sou 'n kontrak vir 'n tydperk van nege jaar met die Bestuursraad

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangaan en was bereid om huurgeld van £25 p.j. te betaal (BR.: Notuleboek 1944:282). Ook die firma All Bound Boxes het kontrakte met die Raad aange= gaan om dennebome vir eie gebruik te vel (BR.: Notuleboek 1940:94 & 298).

Die Genadendalse saagmeule het aan vyftig tot sestig inwoners werk verskaf. Daar is elke week ongeveer 200 bome gevel en bewerk. Gedurende oestyd moes die saagmeule van buitewerkers gebruik maak, aangesien die Genadendallers dan op hulle landerye besig was (BR.: Notuleboek 1947:3 & 614). In 1947 is die Genadendalse saagmeule aan ene mnr. Dreyer verkoop en is sy naam na die Cale= donse saagmeule verander (BR.: Notuleboek 1947:583). Die Raad het ook ge= reeld planke en bome aan die plaaslike bagrafnisverenigings verkoop wat hulle eie doodkiste vervaardig het (BR.: Notuleboek 1948:684).

36.11 Mediese versorging

36.11.1 Siektes

In 1918, toe die Suid-Afrikaanse soldate wat in die Eerste Wêreldoorlog geveg het, terugkeer, het die Groot Griepepidemie uitgebreek. Die eerste Genaden= dalse pasiënt wat aan griep gesterwe het, was die soldaat Jonathan Plessis wat reeds in Kimberley siek geword het.

Hy is op 7 Okt. 1918 oorlede. Kort hierna het die plaas= like predikant, L.R. Schmidt, ook siek geword en daarna het baie ander inwo= ners gevolg. Binnekort was daar 800 pasiënte wat versorg moes word. 'n Spesiale sopkombuis is geopen wat vir maande lank elke dag aan die pasiënte sop voorsien het. Ook die skole moes vir 'n tyd lank gesluit word. Die om= vang van die siekte was so groot sodat dit moeilik was om 'n geneesheer se dienste te bekom. Binne twee maande is sewentig mense begrawe. Teen die einde van 1918 het die epidemie begin afneem (Krüger & Schaberg 1984:98; M.A.: Gedenkwaardighede 1918, 3-7).

In 1922 het 'n maagkoorspedidemie in die dorp uitgebreek. Van die 61 gevalle het 10 pasiënte gesterwe (M.A.: Gedenkwaardighede 1922:4).

In 1927 het kinders asook volwassenes masels opgedoen en baie het hieraan ge= sterwe (M.A.: Gedenkwaardighede 1927:6). In die daaropvolgende jaar (Sept. 1928-Sept.1929) is die dorp weer eens deur 'n maagkoorsepidemie geteister (M.A. Gedenkwaardighede 1929:3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

36.11.2 Versorging van siekes

In 1918 het die Caledonse magistraat 'n versoek tot Genadendal gerig om met 'n fondsinsameling vir die oprigting van 'n hospitaal in Caledon te help. Nadat 'n openbare vergadering gehou is, het die inwoners met groot ywer begin om geld in te samel. Konserte is gehou en kollektelyste is uitgedeel. In dieselfde jaar is 'n bedrag van £33 17 sjielings 10 pennies vir die hospitaal= projek weggestuur (Die Huisvriend 1918:91; M.A. I7b: Caledon-hospitaal).

Op Sondag, 9 Okt. 1932, het Genadendal dr. Theo Dietrich, die seun van 'n plaaslike leraar, verwelkom. Hy het in dieselfde jaar sy mediese studies in Edinburg, Skotland, voltooi en het verkies om 'n praktyk in Port Elizabeth, waar sy moeder gesterwe het, te open (Die Huisvriend 1933:39). In een sta= dium het 'n gekwalifiseerde geneesheer, dr. A.K. Abdurahman, aansoek gedoen om 'n apteek op die dorp te open maar dit is afgekeur. Die kwaksalwer R. Talliep het gereeld sy medisyne aan die inwoners verkoop, maar is later deur 'n hofbevel verbied om met sy verkope voort te gaan (BR.: Notuleboek 1935: 335; 1939:3 & 520; A. Wessels 1973: onderhoud).

Die heer Schmidt en sy apteek het steeds goeie dienste gelewer. Met sy kie= rie en snags ook met 'n lantern het hy ver ente gestap om siekes te besoek. Dik= wels is hy met 'n donkiekar na die siekehuis aangery.

In 1939 is besluit om 'n kliniek wat 'n tak van die "King Edward VII Order of Nurses" sou wees, op die been te bring. (Daar kon nêrens vasgestel word wat dié genoemde "Order" eintlik was nie). 'n Kliniekkomitee bestaande uit agt inwoners (C. Januarie, J. Magerman, A. Wessels, B. Cloete, B. Ulster, H. April en C. Klink) onder voorsitterskap van eerw. L.R. Schmidt, is in die lewe geroep en op 1 Mei 1939 is die eerste opgeleide verpleegster, F. Rowe, aange= stel (Die Huisvriend 1939:196). Sy is in 1941 deur verpleegster L. Beukes opgevolg (Die Huisvriend 1941:28) en later in dieselfde jaar deur S. Barlow (Die Huisvriend 1942:12). Die taak van die verpleegster was om swanger vroue te adviseer, na kraamgevalle om te sien, weeklikse besoeke aan moeders met babas te bring, gesondheidspraatjies te reël en met algemene verpleging te help (Die Huisvriend 1945:28). In 1948 is 'n tweede verpleegster, L. Barnett, aangestel (Die Huisvriend 1948:24). Die salaris van die verpleeg= sters is uit 'n trustfonds van die Dorpsraad, Sending en Afdelingsraad van Caledon betaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Benewens die kliniekdienste het die distrikgeneesheer wat in Riviersonderend woonagtig was, twee keer per week Genadendal besoek (BR.: Gesondheidsinspek= sieverslag 29.7.1947).

36.12 Vervoer

Osse, perde en donkies is as trekdiere ingespan. Daar was in dié tyd 49 karre en 15 waens op die dorp. Veertien osse is ingespan om 'n wa te trek. Van die bekende transportryers was Barnard Janecke, Petrus Bosch, Hendrik Blaadje, Frikkie Dumini en Frederick Magerman. In later jare het hulle kinders die werk oorgeneem. Vir 'n transportryer was daar altyd werk, soos die aanry van boumateriaal, hout, balke, landbougewasse, akkers, skaapwol, velle en sewejaartjies. Die Sendingwinkel het van die transportryers gebruik gemaak om hulle goedere van Caledonstasie aan te ry. Voordat motors en vragmotors in gebruik gekom het, moes passasiers tussen Genadendal en Caldedon ook van perdekarre en ossewaens gebruik maak. Die donkiekar is hoofsaaklik net op die dorp gebruik.



'n Ossewa voor die pastorie, 1920
(M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van die eerste inwoners wat 'n vragmotor aangeskaf het, was mnr. A. du Plessis. Toe die Motortransportwet van 1932, wat 'n verbod op private vervoer geplaas het, toegepas is, was daar reeds 'n aantal vragmotors en 'n bus op die dorp (Die Huisvriend 1932:15). In 1944 het 'n blanke, ene Van Riehl, die pos aangery terwyl mnre. Constable, Absalom en Plessis passasiers gery het. Ver= enigings, skole en sportspanne het dikwels van dié vervoer gebruik gemaak. Paasnaweke was hierdie vervoerkontrakteurs druk besig en daar is soms tot drie keer per dag na Caledonstasie gery om passasiers na Genadendal te vervoer (Die Huisvriend 1941:41; 1043:79; 1944:72).

Hoewel hierdie vervoer vinniger as trekdiere was, was daar gedurig ander mega= niese probleme. Soms het die verkoeler gelek en dan moes die passasiers uit= klim om water by die naaste plaasdam of fonteintjie te gaan soek. Indien die voertuig nie wou "vat" (aanskakel) nie, is petrol uitgetap en bo by die vergasser ingegooi. Dan was daar gevalle waar die ligte a.g.v. 'n kortsluiting skielik uitgedoof het. Hiervoor kon die blinkpaper van 'n sigaretdosie net die regte oplossing bied om die smeltdraad te herstel. Daar is selfs vertel dat die sykous van 'n vrou as tydelike waaierband kon help (Die Huisvriend 1941: 172; A. Wessels 1973: onderhoud). Aangesien 'n snelheid van 20 m.p.u. as uiters gevaarlik beskou is, is in die notuleboek van die Dorpsraad die vol= gende aangeteken: "'n Kwessie was gereis deur die Raad om 'n speed limit by die begin van die dorp op te sit, want dit is afgryslik soos die karre in die strate ry." (BR.: Notuleboek 1932:163; 1939:506; Die Huisvriend 1941:172).

36.13 Die drukpers

Sedert 1915 is die drukkery in die gebou aan die noordelike sy van die winkel gehuisves. 'n Inventaris van 1932 toon dat die drukkery en bindery met al die nodige masjinerie en toebehore toegerus was, soos bv. 'n Bremner-silinderdruk= pers, Liberty-trapdrukpers, valbyl, toetspers, 'n kartonsnymasjien, handteller, skroefpers vir kopieerwerk, drukletterhouers, vier naaiperse, snypers, perfo= reermasjien, saagblok, blokhamer, smeltpot, "machine roller-moulds", wastrôe, loodsnyer, pons, handnaaimasjien, trapnaaimasjien, "imposing stones", 29 kaste, bronsgalleie, sinkgalleie, houtgalleie en 36 verskillende lettertipes (M.A.: Printing Works Intventaris, 1932).

Die drukkery het in die tyd nie meer onder toesig van die direkteur van die Opleidingskool gestaan nie. Die Kerk het een van die inwoners as drukker

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangestel. Ook 'n aantal lettersetters is in diens geneem. Van die bekende drukkers was Johannes Plessis, Niklas Januarie, Hennie Scholtz, Willie Habel= baarn, Herbert Muller, Christof Wyngaard, P. Joorst en W. Plessis. Vroue soos Judith Pedro, Sara Balie, Emilie Gildenhuys, Sofia Carelse en Augusta Apolles het met lettersetwerk gehelp waarvoor hulle 10 pennies per uur ontvang het (M.A.: Gedenkwaardighede 1923; Brief van Knobel aan National Industrial Council 7.1.1950; P. Joorst 1973:1973: onderhoud).

36.13.1 Publikasies

Van die belangrikse drukwerk wat onderneem is, was Die Huisvriend, Teksboek en Almanak. Ander publikasies wat gedurende hierdie tyd verskyn het, was Wetten en bepalingen voor het bestuur van de Broederkerk in Zuid Afrika (1921); Kerk= orde (1023); Herderlike Brief (1920), Wat kunnen wij doen om het geestelike leven in onze gemeenten op te wekken en te bevorderen (s.j.); Die opleiding van ons kerklike werkers - W. Winckler (1925); Hoe sosiale euwels te bestry - E. Dietrich (1930); Het eeuwfeest te Shiloh, E. Dietrich (1928); De strijd tegen de onzedelikheid - R. Schmidt (s.j.); Twee wegen - R. Schmidt (s.j.); De klok en hare boodschap - R. Schmidt (s.j.), Hemel en aarde - R. Schmidt (s.j.); Die Pinkster van Herrnhut - R. Schmidt (1932); Die begin van die sendingwerk van die Broederkerk - R. Schmidt (1932); Die 200jarige jubefeest van die sending van die Broederkerk - R. Schmidt (1932); Die Kweekskool - R. Schmidt (1935); Opvoeding - R. Schmidt (1941); Ons kinders - R. Schmidt (1946); Die sewende kerk-konferensie (1938); Het honderdjarige jubelfeest van Elim - D. Kroneberg (1924); Het eeufeest te Wupperthal - R. Schmidt (1930); Honderd jaren zendingwerk te Tulbagh - (1917); De sondebesef in ons gemeentes - W. Holzappel (1936); Twee gevare in ons ekonomiese lewe - R. Schmidt (1939); Die ou suster Magdalena (1937).

In 1947 is die eerste Afrikaanse Morawiese gesangboek in Genadendal gedruk en uitgegee (Die Huisvriend 1948:23).

Die drukwerk het ook 'n verskeidenheid kennisgewings, programme van feesdae, feesdae, reëls van verenigings, ens., ook van ander plekke en kerkgenootskappe, ingesluit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

36.13.2 Die Huisvriend

Die laaste uitgawe van De Bode het in Maart 1914 verskyn. Die slotwoord van die redakteur, Richard Marx, was: "Wat de Bode gezegd en getuigd heeft was tot uw best tot uw eeuwig heil en zaligheid gemeend geweest" (De Bode, Maart 1914). De Bode het toe plek gemaak vir Die Huisvriend, 'n gesamentlike kerk= blad van die Berlynse, Rynse en Morawiese Kerk. Marx is as hoofredakteur aangewys terwyl J. Gosskopf (Berlyns), J. Weber (Ryns) en E. dietrich (Mora= wies) as subredakteurs opgetree het.

Vanaf 1921-1925 was eerw. W. Winckler die redakteur. Hy is deur eerw. L.R. Schmidt opgevolg. Die Huisvriend moes in hierdie tyd 'n baie moeilike stryd om oorlewing voer. Schmidt het 'n dringende oproep gedoen: "Liewe susters en broeders, laat ons meer van ons koerant van ons kerk dink, laat ons meer van hom maak. Die Huisvriend is die band wat die gemeente van die Rynse, van die Morawiese, van die Berlynse Sending met mekaar verbind" (Die Huisvriend 1933: 211). As gevolg van die krimpende leserskring, gebrek aan belangstelling om artikels aan te stuur en om gereeld intekengeld te betaal, is die lesers in 1934 gemaan: "Ons Huisvriend is in gevaar om te sterwe. Vir intekengeld het Die Huisvriend vir 1932 bv. £169,17sjielings en 5 pennies ontvang, terwyl £152,12 sjielings 3 pennies aan werkloon uitbetaal moes word" (Die Huisvriend 1932:35).

Daadwerklike stappe moes gedoen word om die kerkblad aan die lewe te hou. Daar is besluit om 'n gereelde hoekie vir persoonlike aankondigings te begin. Geboorte-, verlowings-, trou- en doodskennisgewings kon van toe af geplaas word. Hiervoor moes 3/6 per 20 woorde en 4 sjielings en 6 pennies vir meer as 20 woor= de betaal word (Die Huisvriend 1934:158,172 & 178).

Schmidt het gereeld lewensketse van die inwoners geskryf. Van die lesers, veral onderwysers, het begin dig en hulle verse in die kerkblad laat plaas. Onder diegene wat gereeld hulle gediggies aangestuur het, was E. Weber, A. Jo= hannes, D.P. Beukes, H. Kannemeyer, J. Page, R. Rasmus.

36.13.3 Gedigte

Die gediggies kan volgens tema in drie kategorieë verdeel word, nl. dit wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

handel oor die Kerklike lewe, oor die geskiedenis en oor 'n insident/plek/persoon.

(a) Voorbeelde van gediggies oor die Kerklike lewe:

Goeie Vrydag om drie uur.

Drie uur het nou reeds aangebreek,
Gods Seun sal nou moet sterf.
Hy het mos „Vader ja" gesê,
„Lê op ek wil nie kla".
Dis liefde wat 'n hart laat week,
Dis liefde wat die aard sal erf.
Dis liefde wat vrymoed wil hê,
Net liefde word gevra.

Nou word die hele aard vergaar.
Drie uur het klaar geslaan.
Die Kerk, die stad, die plaas se tyd
Bewys die stryd is klaar.
Om drie-uur wen Gods Seun die stryd,
Die Satans mag word ook verbied,
Hy word om drie-uur skoon verslaan,
En ons kan nou ter hemel gaan
Soos christene gered.

Drie-uur kan enig christen jou vergeet,
Hul kan nie, nee, nog nooit!
Elk dag sal hul herinner word,
Dat hul verlos is van die nood
Wat hul wou boeiend hou.
Nou sit die Satan in die knou,
Hy weet, dat hy nog baie gou,
Gebind, geknoop sal word,
En Jesus hou die fort.

J. PAGE. (*Die Huisvriend* 1947:140

Die ware Paradys.

Verlore, onbereikbaar, weg—
Was wat sy siel so vreeslik terg.
Verdwyn, en onbekombaar, ja,
Was wat aartsvader Adam pla.
Die paradys, die lieflik oord,
Die skakel met die hemelpoort,
Die setel van die eerste mens
Was nou maar net 'n blote wens.

Ag, as die vrou, die slang, die vrug,
So ween en kreun en kla en sug,
En peins en gryns en gluur en tuur
Die eerste man so op die duur.
Want hoop, geluk, die hemelreug
Wat hom tevore het verheug
Was weg, en aardse donkerheid
En doring, dissel, was sy stryd.

Die hof van Eden was wel daar,
Die heerlik groen van boom en blaar,
Maar ons soek na 'n beter oord,
Die glorie van die hemelpoort,
Die egte Paradys daarbo,
Nie onbereikbaar moet ons glo,
Nie weg, verlore, is die huis
Maar by Jesus is die Paradys.

D. P. BEUKES (*Die Huisvriend* 1943:96).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ander gediggies in dié kategorie is:

Ons Kerkorrel - A. Johannes (HV 1942:131).
Advent - T. Groenewald (HV 1943:16).
Ons Herboude Kerk te Genadendal - A. Johannes (HV 1943:44).
Die naderende Kersfeestyd - R. Rasmus (HV 1940:194).
Weerklanke van Bethlehem - J.D. Johannes (HV 1940:190).
Vrede op Aarde - J.J. Ulster (HV 1948:4).

(b) Voorbeelde van gediggies wat handel oor geskiedkundige gebeure is dié van E. Weber en E. Rosant. 'n Kenmerk van die gediggies is dat dit baie lank is. In 1938 en 1939 het E. Weber die gedig "Uit die ver verlede" met 148 ryme in Die Huisvriend laat plaas (Die Huisvriend 1938:102; 1939:28-100; sien By= laag 13).

(c) Voorbeelde van gediggies wat handel oor 'n insident/plek/persoon:

Die Heengaan van 'n Troue Vriend.

Warm en stil skyn die somerson
Onder die geluid van mense stemme
Die kiewiete sweef in die lugruim rond
En vorm 'n kring om ons hoofde.

Ons skaar weer om die ope graf
Van ons beminde vriend
Hy het sy laaste stryd volstry
Lê neer sy pelgrim staf.

Ons ween, ons kerm, ons gaan te keer
Sugte van droefheid ontsnap ons mond
Maar Hy wat ons roep keer nooit weer terug
Sy siel rus in vrede by sy Heer.

Ons dek sy stoflike oorskot
Met blou vergeet-my-nietjies
Maar die droefheid leef in ons harte voort.
Slaap sag liewe vrind rus in vrede voort.

Hy rus reeds in sy koue graf
Sy oog is vir ewig nou gesluit.
Sy sagte stem vir ewig stil
Ons swyg o Heer dit was u wil.

C. Cloete, Elim.

(Die Huisvriend 1937:68).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die dood van 'n vriend.

Soos die maanlig deur die newel skyn
En die duisternis voor die son verdwyn;
Soos die stormwind die tere boompie uitruk
En die vernieler die lieflike blommetjie uitpluk;
So het die dood 'n bloeiende lewe geblus
En die hart van ouer en vriend verontrus.

Maar soos die geboë halmpie losskud na die dou
En die slanke lelie deur die songloed ontvou;
Soos die gevangene sug na die lig van die dag
En die drenkeling om verlossing smag;
So salig is die onderwerping aan die ewige lot
En die versekering dat die enigste rus lê by God.

D. P. Beukes.

(*Die Huisvriend* 1942:192).

Ander gediggies in dié kategorie is:

Bosbrand te Baviaanskloof - A. Johannes (HV 1944:22).
My ou dorpie - D. Pieterson (HV 1938:91).
Wyle eerw. H. Birnbaum - E. Weber (HV 1939:135).

36.14 Militêre diens

36.14.1 Die Eerste Wêreldoorlog

Tydens die Eerste Wêreldoorlog is 500 mans van Genadendal vir militêre diens opgeroep en het so ver as Europa, Palestina en Egipte gereis. Gedurende die tyd van afwesigheid kon die aftergeblewe vroue en kinders 'n gerieflike bestaan voer omdat die tuine goeie oeste opgelewer het (Krüger & Schaberg 1984:97; M.A.: Gedenkwaardighede 1915:1).

Na vier jaar se afwesigheid het die nuus op 11 Nov. 1918 die dorp bereik dat 'n wapenstilstand aangekondig is. 'n Spesiale dankdiens is op 15 November gehou. Die volgende jaar, 30 Junie 1919 om 10 nm., het die klokke die boodskap aange= kondig dat die vredesverdrag gesluit is. Daar het groot blykbskap in die dorp geheers en op Sondag, 3 Aug. 1919, is weer 'n dankdiens in die kerk gehou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nadat al die soldate huiswaarts gekeer het, is 'n amptelike verwelkoming gehou wat deur die magistraat en Lid van die Provinsisale Raad van Caledon bygewoon is. Almal het op die trapvloer (sportveld) vergader. Die oud-soldate het onder bevel van hulle korporaal gamarsjeer en is daarna onthaal. Daar is ook hulde aan veertien gesneuweldes van Genadendal gebring. Hulle was: T. An= dries, J. Bredenkamp, P. Duminy, C. Hannibal, J. Hendricks, B. Janneke, C. Kleinschmidt, P. Klink, K Marthinus, W. Munnik, F. Neethling, A. Paardewach= ter, T. Pieters, N. Plessis, S. Sebastian, B. Sedras, J. Smith, M. Swede en J. Williams (Gedenksteen; M.A.: Gedenkwaardighede 1919:1-2).

36.14.2 Die Tweede Wêreldoorlog

In 1939 het die oorlogswolke weer eens saamgepak en talle mans en seuns het by die leër aangesluit (Die Huisvriend 1942:11). Oudgediende S. Moolman vertel dat die Kaapse Korps 'n vergadering in die Victoriasaal gehou het en dat onge= veer tagtig man besluit het om aan te sluit. 'n Groot vaarwelbyeenkoms is op die kerkplein gehou. Die basuine is geblaas en die rekrute het met twee lor= ries na die Kaapse stasie vertrek. In Kimberley het hulle uniforms ontvang. 'n Ruk lank moes hulle Italiaanse gevangenes by Putsonderwater bewaak en later het hulle na Durban vertrek waar hulle skeepgegaan het. 'n Maand later het hulle by Port Suez aangedoen en in die Libiese woestyn aan 'n militêre oefening deelgeneem. Toe Moolman by die "noodligadiens" aangesluit het, moes hy sy wapens afgee. Saam met die voetsoldate het hulle 'n tyd lank in Italië diens gedoen (S. Moolman 1985: onderhoud).

Tuis het die vroue van die dorp 'n "Women War Legion" onder voorsitterskap van mej. M. Ulster gestig. Twee komitees is aangewys. Die breikomitee se taak was om sokkies vir die Genadendalse soldate te brei terwyl die verversings= komitee vir koek en tee by die afskeid en verwelkoming van die soldate moes sorg (Die Huisvriend 1942:64). Volgens Die Huisvriend het meer as 'n hon= derd Genadendallers militêre diens gedoen (1943:15). In 'n omsendbrief het die plaaslike leraar, eerw. L.R. Schmidt, 'n beroep op alle vroue van soldate gedoen "om te dink aan die huwelik wat u gesluit het met u man; al is die man duisende myle van u verwyder. Antwoord op sy briewe in opregtheid en liefde. Wees spaarsaam met die geld wat u ontvang en bêre dit vir die dag van nood" (M.A.: Brief aan vrouens 1942).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 7 Mei 1945 is die wapenstilstand oor die radio aangekondig. Die klokke het gelui en die mense het in die strate gehardloop en die boodskap: "Dit is peace! Dit is peace!" uitgeroep. 'n Spesiale dankdiens is gehou waar= tydens die kerkkoor "Komst wij willen ons tot den Heere voegen" en die kin= ders "My times are in Thy hand" gesing het (Die Huisvriend 1946:6; E. Balie 1973: onderhoud).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

37. LEWENSWYSE VAN DAG TOT DAG

37.1 Feeste

Feesvierings het soos vroeër plaasgevind, bv. Kersfees met sy Kersbome, Beth= lehem-uitstalling en Kersspel. Vader Krismis (Kersvader) wat aan die kinders geskenke bring, word vir die eerste keer in 1931 vermeld. Kinders het ook Kersliedere soos "Stille nag", "Kinders, de tijd is gekomen" en "Ere sy God" by siekes en bejaardes gaan sing. Hulle is dan binnegenooi en met koek en gemmerbier getrakteer. Die kinders was ook lief om by die huis van die Sendingwinkelbestuurder te gaan sing, want dan het hulle lekkers gekry (Die Huisvriend 1931:28 & 48; 1937:15; 1944:14; M.A.: Gedenkwaardighede 1922: 7; 1929:5).

37.1.2 Epifanië

Met die fees van Epifanië, wat in die eerste week van Januarie gevier is, het drie seuns hulle soos konings geklee (met goue krone en helderkleurige klere) en sewe meisies soos engele (met wit rokke en 'n sterretjie van goud= kleurige papier in die hand). Teen die aand het hulle na die leraar se wo= ning gegaan om lofliedere te sing. Die konings, wat die Bybelse wyse manne uit die Ooste voorgestel het, het elk 'n geskenk aan die leraar afgegee. Hierdie gebruik is deur die kinders self ingevoer (Die Huisvriend 1926:16).

37.1.3 Sendingfees

Tydens Sendingfees het die kinders gewoonlik 'n drama in die kerk opgevoer (M.A. Gedenkwaardighede 1928:3; 1929:1).

37.1.4 Lydensweek

Die Lydensweek het met Palmsondag begin wanneer nuwe lede ingeseën is (konfir= masie). Die Paasoggenddiens, wat vroeër jare gewoonlik van hoop en blydskap getuig het, het ontaard in 'n diens waar stil geween is. Dit was asof die mense die Opstandingsboodskap van Paasfees vergeet het (Die Huisvriend 1926: 55). Op 'n Paasmaandag, wat destyds ook as 'n kerkdag beskou is, het men= se begin om nou groot basaars te hou en voetbal- en netbalwedstryde te reël

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Die Huisvriend 1943:80; 1941:68).

37.1.5 Kinderfees

Hierdie fees was steeds een van die gewildste feeste op die sendingstasie en het toevallig saam met die veldblommeseisoen geval. Wanneer die steenrosies, koringblommetjies,bobbejaantjies, kalkoentjies, viooltjies, sterretjies en oumakappies begin blom, het die kinders geweet dat hulle feesdag naby was. Vrydag voor Kinderfees het die onderwysers die senior leerlinge na die berg geneem om blomme te gaan pluk. Teen die laat namiddag het hulle met armsvol proteas, "bluebells", pypies, aandblomme en heidesoorte soos "karkaar" en "roem-in-die-naggies" teruggekeer. Die onderwyseresse het die junior leer= linge na die spruite en in die vleie geneem om rankplante te pluk waarmee lang stringe kranse gevleg is. Die Saterdagoggend is die kerk met die berg= blomme opgetooi. Blommekranse is om die pilare gedraai en talle blomme= rangskikkings is op die verhoog en preekstoel geplaas. Later die dag is 'n voorbereidingsdiens vir die kinders gereël en 'n oproep is gedoen dat hulle hulle harte aan die Here moet gee.

Vroeg die Sondagoggend het die basuinorkes die feesdag aangekondig. Met stralende gesigte en in hulle Kinderfeesklere wat spesiaal deur hulle ouers vir dié dag gemaak of gekoop is, het die kinders vir die môreseën in die skool byeengekom. Vandaar het hulle ordelik en in rye na die kerk gestap. By die kerk is die kerkgangers deur die soet geur van die veelkleurige bergblomme begroet en in 'n feestelike stemming gebring. Na die oggenddiens is die Liefdemaal om 2.30 nm. gevier.

Die kinderkoor het liedere, waaraan weke lank geoefen is, gesing terwyl ver= skeie gaste, onderwysers en predikante hulle toegespreek het. Tussenin is die kinders op tee en bolletjies getrakteer.

Aan die einde van die Liefdemaal het groepies leerlinge by die huise van be= jaardes en gestremdes gaan sing. Die dag is met 'n aanddiens, wat gewoon= lik deur die prinsipaal waargeneem is, afgesluit (Die Huisvriend 1926:144; 1935:149).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

37.1.6 Die 200-jarige Jubelfees

In 1937 is die aankoms van Georg Schmidt twee honderd jaar tevore herdenk. Hierdie fees was die grootste fees wat gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu in Genadendal gevier is. Ter voorbereiding vir die fees is verskillende pamflette wat handel oor die geskiedenis van die Broederkerk deur R. Schmidt geskryf en laat druk. Dit het ingesluit: Die ou suster Lena, Dr. Helperus van Lier en Afrika en die Evangelie van die Here Jesus Christus. Die boekie Georg Schmidt en sy opvolgers, geskryf deur P.W. Schaberg, is in Herrnhut laat druk. Ook die media het groot publisiteit aan die fees gegee (Caledon Venster 10 Julie 1937; Die Suiderstem 3 Julie 1937; The Cape Standard 29 Nov. 1937; The Cape Argus 9 Julie 1937).

Vertonings oor die sendingwerk is met behulp van 'n towerlantern en handgeskilderde kleurskywe van glas gehou.

Op die plek waar Georg Schmidt se woonhuis gestaan het, is 'n gedenksteen op 'n groot granietrots aangebring. Hierdie rots is met groot moeite met toue uit die berg gesleep. 'n Tweede gedenksteen ter gedagtenis aan Schmidt se dopelingeis opgerig op die perseel waar Magdalena ('n dopeling van Georg Schmidt) haar laaste dae deurgebring het.

'n Opstelwedstryd met die tema "Wat Georg Schmidt vir ons beteken" is vir die kinders gereël. Vir die beoordelaars was dit 'n openbaring om te kon lees watter begrip die kinders vir hierdie pioniersendeling gehad het. Een kind het bv. geskryf: "Toe Schmidt na S.A. gekom het, was die wêreld baie wild, maar hy het dit mak gebid"; 'n ander het geskryf: "Ek wil graag 'n peer aan die peerboom van Schmidt wees" en "Schmidt het 'n halfwegstasie aan die Kaap aangelê" (Schaberg s.j.:28). Die onderwysers H. Dudley, R. Rhoda en E. van der Ross, wat as beoordelaars opgetree het, het Charlotte Damon, Johannes Kroneberg en Peter Hardenberg as wenners aangewys (Die Huisvriend 1937: 158).

Die eintlike feesvieringe het op Saterdagmiddag, 3 Julie, om 2 nm. by Soetemelksvlei, die veepos waar Schmidt eerste aangedoen het, begin. 'n Diens is gehou by die kerkhof waar korporaal Kampen (die oorsiener van die veepos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in Soetmelksvlei in die tyd van Georg Schmidt) begrawe is. Hiervandaan het die feesgangers na die aangrensende plaas, die Oaks (vroeër bekend as Harte= beeskraal), vertrek. Dit was hier waar Schmidt sy eerste skoollesse gegee het. Na 'n kort diens op die plaas is almal deur die eienaar onthaal. Hier= vandaan het die optog na Genadendal begin. Om 7 nm het almal in die kerk, wat met die mooiste veldblomme verfraai was, vir die begroeting (verwelkoming) vergader. Bokant die praakstoel het die opskrif "Ebenezer" ("Tot hiertoe het die Here ons gehelp") gehang. Na die kerkdiens is 'n geselligheid (onthaal) in die Victoriasaal deur die Jongmeisies-vereniging aangebied.

Op Sondagmôre, 4 Julie, het die basuinorkes feesliedere geblaas. Ongeveer twee duisende mense, wat talle gaste ingesluit het, het die feespredikasie bygewoon. Behalwe die verskillende toesprake wat gevolg het, is talle brie= we van gelukwense uit Duitsland, Engeland, Amerika en Njassaland voorgelees. Sondagmiddag is die gedenkstene onthul terwyl die kinderkoor sangnommers ge= lewer het. Teen 8 nm. is 'n toneelstuk wat die lewe en werk van Georg Schmidt uitgebeeld het, deur die kinders opgevoer. Die volgende middag is al die kinders op die rugbyveld met tee en bolletjies onthaal. 'n Spesiale fonds, bekend as die Georg Schmidt-fonds, is in hierdie tyd in die lewe geroep. Baie gaste het hiertoe bygedra en die geld sou vir die bevordering van sen= dingwerk in Suid-Afrika aangewend word. Hierdie fees was by verre die groot= ste wat tot in daardie stadium in Genadendal gevier is, en sou nog vir jare lank in die geheue van baie feesgangers voortleef (Caledon Venster 10 Julie 1937).

37.1.7 Silwerjubileum

Op 6 Mei 1935 het die Genadendallers die silwerjubileum van koning George V gevier. Aangesien dit 'n reënerige dag was, kon die tradisionele spele nie op die trapvloer (sportveld) plaasvind nie, maar om die dag sonder enige fees= verrigtinge te laat verbygaan, sou ook nie reg gewees het nie. Daar is toe dadelik koppe bymekaargesit en 'n "geimproviseerde konsert" van voordrag en sang is in die Victoriasaal gehou. Die kinders is met koek, tee en lekkers getrakteer. In die aand is 'n opvoering in die kerk gehou. Die kinders het by hierdie geleentheid die septer, swaard en kroon van die Koning uitgebeeld

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en met kerse verlig. Koorsang, Skrifvoorlesing en gemeentesang het die res van die program uitgemaak. Ten slotte is die Britse volkslied en die gesang "Jehovah U, U wil ik zingen", wat spesiaal deur L.R. Schmidt vir pa= triotiese feesdae gekomponeer is, gesing (Die Huisvriend 1935:79).

37.1.8 Kroning van George VI

Op 12 Mei 1937 is die kroning van koning George VI gevier. Die kerk was met blomme versier en die plaaslike leraar het aan die gehoor op realistiese wyse vertel wat op daardie dag in Westminster-abdy sou gebeur. Nadat "Die stem" en "God save the King" gesing is, het die mense voor die kerk vergader waar drie "cheers" vir die Koning uitgeroep is. Onder die sing van patrio= tiese liedere het hulle in 'n optog na die monument gestap wat ter nagedag= tenis aan die gesneuwelde soldate van Genadendal opgerig is. Hier is 'n kort toespraak gehou en daarna het almal na die trapvloer (sportveld) ver= trek waar 'n groot feesmaal van gebraaide vleis, aartappels, geelrys en ro= syne bedien is. Na die ete het die tradisionele spele plaasgevind en op die heuwels is groot vure ter ere van die Koning aangesteek (Die Huisvriend 1937:87).

37.1.9 Koningsverjaardag

Elke jaar is die verjaardag van die heersende vors gevier. Groot basaars is deur die verenigings en skole gereël. 'n Diens waaraan die orkes van die Kaapse Korps ook dikwels deelgeneem het, is by die monument vir die gesneuwelde soldate gehou. Die Genadendalse gediendes met hulle dekora= sies en medaljes asook die dorp se Jeugbrigades het aan die optog deelgeneem. Nadat 'n krans voor die monument gelê is, het die orkes "The last post" ge= speel. 'n Paar minute van stilte het gevolg en terwyl die skare op aandag staan, is die "Reveille" geblaas en daarna het almal "God save the King ge= sing (Die Huisvriend 1940:131; 1941:130).

Die kinders het na die heuwels vertrek waar hulle piekniek gehou het. Oral teen die heuwels het die rook van die piekniekvure opgestyg. Terwyl die mei= sies na die kospotte omgesien het, het die seuns die kwepers en patats in uit= geholde miershope gebak. Teen die laatmiddag is soveel renosterbossies as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moontlik versamel, want dan het die kinders van die teenoorstaande woonbuur= te (Bergstraat en Sewefontein) gewedywer wie die grootste vuur kon maak. Op hierdie wyse het die feesdag tot 'n einde gekom en die kinders het moeg huis= waarts gekeer (Mev. S. van der Heyde 1986: onderhoud).

37.1.10 Guy Fawkes

Op Guy Fawkes-dag het "ai' Ben" (Benigna Bosch), 'n komieklike klein ou vrou= tjie, groot pret aan oud en jonk op die dorp verskaf. Met 'n groot breërand-hoed waarin volstruisvere gesteek is, het sy deur die strate gestap en dans= passies uitgevoer. Saam met haar het 'n aantal musiekmakers en vlagdraers gestap. Feitlik al die kinders van die dorp het aan dié optog, wat as die "Genadendalse klopse" bekend gestaan het, deelgeneem (Die Huisvriend 1948:132; M. Johnie 1973: onderhoud).

37.1.11 Verjaardae en huweliksherdenkings

By geleentheid van 'n goue bruilof, diamantbruilof of wanneer iemand sy vyf= tigste, sestigste, ens., verjaarsdag gevier het, het daar groot feeste plaas= gevind (Die Huisvriend 1933:40; M.A. Gedenkwaardighede 1914:7). Op die dorp was onderwysers wat hulle daarop toegelê het om jubelkaarte te ontwerp. Weke voor die jubelfees is die kunstenaar gevra om 'n jubelkaart vir die be= trokkene te skilder. 'n Paar minute voor middernag het al die vriende voor die betrokke huis gaan sing. Die mense is binnegenooi. Presies om midder= nag is die jubelkaart, wat in papier toegedraai is, ontbloot. Die Dagwoorde is gelees en die Here is gevra om die jubilaris te seën. Gesange is gesing en almal het 'n beurt gekry om hom met die woorde "Veels geluk vir die genade wat die Here aan jou geskenk het", geluk te wens. Tee en koek is in die vroeë oggendure bedien en die gaste het met 'n "afdankgesang" gesluit (Mev. J. April 1986: onderhoud).

Sommige kinders was lief daarvoor om hulle verjaardae in die veld te vier. Al die maats is uitgenooi om saam te gaan. 'n Harp is ook dikwels saamgeneem. Die dag is met vrolike sang en die pluk van veldblomme deurgebring (Die Huis= vriend 1926:176).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Granietrotse word uit die kloof gesleep vir die op= rigting van 'n gedenksteen ter herinnering aan Georg Schmidt en sy dopelinge (1937) (M.A.)

Die Kersfees (Bethlehem) -uitstalling, 1940 (M.A.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

37.2 Tydverdrywe en speletjies van die kinders

37.2.1 Uittelrympies

By sommige speletjies soos wegkruipertjie is van uittelrympies gebruik gemaak om die spelposisie van die deelnemers aan te wys. Daar is van "uitdôk" i.p.v. uittel gepraat.

Voorbeelde:

(a) Huis, paleis, pondok, varkhok.

(b) Upstairs, downstairs, in the lavatory

(c) Een twee drie,
Ma vang 'n vlieg.
Vlieg vlie weg,
En ma skree moord!

(d) Een twee drie vier vyf ses sewe,
Om die hoek staan Mameskewe.
Mameskewe met die boggel op die rug,
Een twee drie vier vyf ses sewe.

(e) Een twee, swem in die see.
Drie vier, bottel bier.
Vyf ses, water in die fles.
Sewe ag, lekker lag.
Nege tien, geld verdien.

(f) Hoeveel sigarette rook jou pa op 'n dag?
(Die speler wat nou aangewys is, gee enige getal en die uittelrympie gaan verder:)
Een, twee, drie, ens. (tot by die getal wat genoem is).

37.2.2 Spel in die veld en vlei

Die dorp het nie openbare speelparke gehad nie, en die kinders het nie altyd kans gekry om te speel nie omdat hulle onmiddellik na skool met sekere take

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moes help, soos die versorging van die vee, tuinwerke, vuurmaakhout saag en kap, dennebolle bymekaar maak, drinkwater uit die rivier aandra of akkers optel. Kinders het dikwels hulle draagstokke waarmee die wateremmers ge= dra is, net so laat lê om agter naaldekokers en skoenlappers aan te hard= loop, stringe paddaeiers uit die waterslote te trek of om waterhondjies ('n soort waterkewer wat met vinnige sirkelbewegings swem) te vang. Daar is beweer dat iemand wat van hierdie kewers ingesluk het, baie goed sou kon swem. In die houtveld is geen toktokkie se gaatjie met rus gelaat nie. Met 'n stokkie is in die gaatjie gekrap terwyl daar gesing is: "Toktokkie, Toktokkie maak oop jou deur, jou mamma en pappa sit voor die deur", totdat die mierleeu op die oppervlakte verskyn het, om deur die kind opgeraap te word.

Die meisies was lief om die pers arikruikelblommetjies, wat hulle klawers ge= noem het, in te ryg en as blommehalssnoere te dra, of om die soet nektar van dié blommetjies uit te suig. Daar is ook geglo dat blommetjies met minder of meer as vyf kroonblare geluk sou bring. Die meeste arikruikelblommetjies het vyf kroonblare gehad. Met die granaatblommetjies is poppies met rooi rokkies gemaak en die akkerdoppies was net reg vir oorkrabbetjies. In die lente is froetangs (die vrug van 'n sekere grassoort), die suur stingels van die suringplant (Dit het 'n geelblommetjie) en die soet kroonblare van die kweperblom geëet.

Stout speletjies, soos bv. om iemand met 'n brandnetel om die bene te slaan of 'n stuk aalwyn in die mond te stop, het soms op groot bakleiery onder die kinders uitgeloop.

Teen Sewefontein se heuwelhange was daar diep dongas, ook bekend as die geel kleiwalle, waar die kinders gewoonlik wegkruipertjie gespeel het.

Jan Louwskloof se seilklip was 'n ander speelplek van die kinders. Die seil= klip is 'n lang klipplaat wat teen 'n skuinsste in dié kloof geleë is. Die klip wat soms met mos toegegroei is, is natgegooi om die oppervlakte glad te maak. Hierna het elkeen 'n beurt gekry om plat op die bopunt van die seil= klip te gaan sit. Jou maat het jou 'n stoot gegee en daar is tot onder in die drif tot waar die seilklip gestrek het, geseil.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

By die Steg en Stroomdrif kon geswem word, maar geeneen is toegelaat om by Swartgat bokant die Sending se meul te gaan swem nie aangesien die dorp se drinkwater daarvandaan gekom het. Tog het kinders stilletjies daar gaan swem en vis gevang omdat dit die naaste watergat aan die woonbuurt was. Selfgemaakte hoeke wat met 'n tou aan 'n lang spaansriet vasgemaak is, is as visstok gebruik.

Die koms van die bioskoop in die veertigerjare in Genadendal het 'n duide= like invloed op die kinderspel gehad. Kinders het gewoonlik die rolprent= helde nageboots. In die boomryke Vlei en Kloof het die kinders gewoonlik "cowboy-en-crooks" en indiane gespeel. Stokke is as sabels, rewolwers, gewere en messe gebruik.

Boomhuisies van blare en takke is in die miktakke van eikebome gebou en daar is soos wafferse Tarzans aan die boomtakke geswaai en geskreeu.

'n Ander speletjie in die Vlei was "Wolf, Wolf hoe laat is dit?" Dit is gewoonlik in die herfs gespeel. Hope akkerblare is bymekaargemaak en die speler wat as Wolf aangewys is, word onder die blare begrawe. Die res van die spelers stap rondom hom en vra "Wolf, Wolf hoe laat is dit?" Die Wolf mag met enige tyd antwoord, maar wanneer hy "Twaalfuur!" antwoord, spring hy uit sy blarehuis en probeer die naaste speler vang. Hierdie speler is dan Wolf (Die Huisvriend 1926:132).

Seuns was lief om groen hotnotsvye (suurvye) te pluk en daarvan ossies te maak. Vier stokkies is in die vrug gesteek om as pote te dien, terwyl twee blare aan die voorpunt die os se horings voorgestel het. Die osse is dan met toue ingespan om 'n handgemaakte karretjie te "trek". So is die naam "vyeossies" i.p.v. suurvye algemeen deur die inwoners gebruik. Daar word vertel toe 'n Genadendaller eendag by 'n vrugtestalletjie in Kaapstad suurvye wou koop, die smous hom nie kon verstaan nie, want hy wou vyeossies gehad het (A. Wessels 1976: Onderhoud).

Wanneer die vee in die veld aangekeer moes word, is die tyd soms verspeel deur koekemakrankas met hulle welriekende geur te soek of turksvye te gaan pluk. 'n Bossie aandblomme, keiserskrone, "roem-in-die-naggies" of "karkaar" het soms blydskap vir 'n moeder op haar verjaardag gebring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

37.2.3 Binnenshuise speletjies

Alombekende speletjies soos domino's, slangetjies-en-leertjies, dambord en kaartspel is binnenshuis gespeel. Daar is ook met knope en vuurhoutjies gespeel.

(a) Knope optel

* 'n Aantal knope word op 'n tafel uitgegooi (Die meeste mense het 'n knoopblik in die huis gehad waarin alle los knope ge= bêre is).
* Sonder om die duim nat te maak, word op die knope gedruk tot= dat dit vassit.
* Dit duim word versigtig opgelig en op hierdie wyse word die knoop opgetel en in die ander hand geplaas.
* Indien die knoop val, kry 'n ander speler weer 'n beurt.
* Die speler wat die meeste knope optel, is die wenner.

(b) Vuurhoutjies optel

* Die vuurhoutjies word uit die dosie gehaal en bymekaar in die hand gehou.
* Die hand word op die tafel gehou en stadig oopgemaak sodat die vuurhoutjies opmekaar op die tafel val.
* Die spelers kry nou elk 'n beurt om die vuurhoutjies een vir een op te tel sonder om die ander wat in die bondel lê te laat beweeg.
* 'n Pen of enige ander voorwerp kan gebruik word om te help met die optelproses.
* Indien die speler die ander vuurhoutjies roer, kry die volgen= de speler 'n beurt.
* Die speler wat die meeste vuurhoutjies optel, is die wenner.

37.2.4 Spel sonder speelgoed

Behalwe die alombekende speletjies soos kat-en-muis, wegkruipertjie en bok-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bok-staan-styf, was daar ook die speletjies waar gesing is. Die kinders was lief om dié speletjies in die maanlig of skemerdonker te speel, bv.

(a) "Keerommetjie"

* Die deelnemers staan in 'n kring en hou mekaar se hande.
* Hulle beweeg in die rondte en sing:
  "Keerommetjie, keerommetjie
  Mnr. Jansen draai hom om (die betrokke speler, bv. Piet Jansen draai hom om, hou nog sy maats se hande en beweeg steeds saam met die groep terwyl hy in die teenoorgestelde rigting kyk).
* Die liedjie word ononderbroke verder gesing:
  "Meneer Jansen het hom omgedraai,
  Hy het sy skoene vir die jong gegee.
  Keerommetjie, keerommetjie
  Meneer Jansen draai hom om."
* Elke speler kry 'n kans om hom/haar om te draai. As spelreël word die seuns as meneer en die meisies as juffrou in die liedjie aangespreek.
* Nadat almal omgedraai het, word gesing:
  "Keerommetjie, keerommetjie
  En almal draai hul om."
  Hierna draai almal om en staan in die posisie soos hulle begin het.

(b) Hen-en-haan

* Twee opponerende spelers (of groepe spelers) staan teenoor mekaar.
* Hulle plaas hulle hande op die heupe en sing:
  "Die hen en die haan het 'strike' gekry (vingerwys na mekaar)
  Op Middelvlei se wal
  Op Middelvlei se wal (heupe word geskud)
  En kyk hoe sak sy
  En kyk hoe sak sy (sak op hurke)
  Op Middelvlei se wal" (kom weer orent)
* Die speletjie hou aan totdat die deelnemers self besluit wanneer om op te hou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(c) Kruip-maar-deur-jou-venster

* Deelnemers staan in 'n kring en hou mekaar se hande.
* 'n Speler word aangewys om onder deur die ander se arms te kruip terwyl daar gesing word:
  "Kruip maar deur jou venster (3x)
  My naam is 'twenty-one'"



* Die liedjie gaan voort:
  "Staan maar by jou lente (3x)
  My naam is 'twenty-one'."
  Die speler gaan staan agter 'n maat se rug en klop met beide hande op sy maat se skouer.
* Hierna word gesing:
  "Roema roema dôsie (3x)
  Sy naam is 'twenty-one'",
  terwyl die spelers wat nog steeds hande hou die arms op en af swaai en na die middelpunt van die sirkel en weer terug beweeg.
* Die speler op wie se skouer geklop is, maak hom los van die kring terwyl die ander sing: "Kruip maar deur jou venster", ens.
* Die speletjie gaan voort soos dit begin het met die "losgemaakte" speler wat nou vooruit kruip totdat hulle by die volgende maat kom.
* Al die spelers word een-een op dié wyse losgemaak.
* Die spel eindig wanneer al die spelers van die kring losgemaak is.

(d) Môre-gaan-my-suster-trou

* Twee groepe spelers staan teenoor mekaar.
* Elke groep kry 'n beurt om te sing.
* Die eerste groep sing:
  "Môre gaan my suster trou,
  My suster trou, my suster trou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

More gaan my suster trou,
Een, twee, drie."

* Die ander groep sing:
"Kan ons na die bruilof kom,
Die bruilof kom, die bruilof kom.
Kan ons na die bruilof kom,
Een, twee, drie."

* Die eerste groep draai hulle rûe op die ander en sing:
"Nee, julle is te morsig, te morsig,
Te morsig, te morsig
Nee, julle is te morsig,
Een, twee drie."

* Die speletjie word herhaal met die tweede groep wat nou weer die eerste rympie sing en omgekeerd.

37.2.5 Spel met klippe

(a) Eenbeentjie ("hop-scotch")

* 'n Aantal sirkels of vierkante, wat bekend staan as kappies, word op die grond getrek.



* Twee of meer spelers plaas elk 'n plat klip (ghoen) in die eerste kappie.
* Elkeen kry 'n beurt om op een been in die kappies, behalwe waar die ghoene lê, te spring totdat in die rus (nr. 9) geland word.
* Waar die dubbele kappies voorkom, mag op altwee voete gestaan word.
* Indien die speler foutloos teruggespring het, d.w.s. sonder om op die lyne te trap of in die kappies waar die ghoene lê, mag hy sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ghoen in die volgende kappie gooi.

* Die speler wat eerste met sy ghoen tot in die laaste kappie vorder, is as wenner aangewys (Die Huisvriend 1940:36).

(b) Skoppens

* In hierdie geval word agt kappies op die grond getrek.
* 'n Plat klip (ghoen) word in die eerste kappie gegooi.
* Die speler spring op sy een been en skop die ghoen van die eerste kappie tot in die tweede kappie, ens. totdat hy in die agste kappie land.
* Die speler mag nie op die lyne trap of die ghoen uit die kappies skop nie.
* Indien dit foutloos gedoen is, skop hy dit weer terug van kappie tot kappie.
* Hierna mag die ghoen in die tweede kappie gegooi word vanwaar die speler met die skopbewegings kan begin.
* Die spel duur voort totdat 'n speler sy ghoen tot in die agste kap= pie gooi. Hy is dan die wenner. (Die Huisvriend 1940:36).

(c) Handeklip of vyfklippie

Hierdie spel is deur twee of meer kinders gespeel.

* Vyf ronde klippies word in die lug gegooi.
* Die hand word vinnig omgedraai om die klippe op die agterkant daarvan te laat land.
* Die klippe wat op die hand is, word weer in die lug gegooi en gevang.
* Die een wat die meeste klippe vang, mag die spel begin.
* Een van die klippe word as ghoen gebruik.
* Plaas die ander klippe op die grond en tel hulle een vir een op terwyl die goen in die lug gegooi en gevang word.
* Dieselfde word gedoen om die klippe twee-twee, drie-een en uit= eindelik al vier gelyktydig op te tel.
* Elke klip wat opgetel word, sonder om dit te laat val, tel tien.
* Indien die ghoen uit die hand val of die regte aantal klippe nie opgeraap kan word nie, kry die ander speler weer 'n beurt.
* Die speler wat die meeste punte het, wen. (Die Huisvriend 1940:48).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

37.2.6 Spel met toue en balle

Kinders veral meisies, was lief om met 'n springtou of balle in die paaie, voor hulle ouerhuise te speel.

(a) Touspring

* Twee spelers neem 'n tou of riem en hou elk aan 'n punt vas. Die tou moet met 'n boog tussen die twee spelers hang.
* Swaaibeweging word gemaak sodat die tou die grond net-net raak.
* 'n Derde speler beweeg onder die swaaiende tou in en begin in dieselfde ritme van die swaaiende tou te spring.
* 'n Rympie word gewoonlik opgesê of gesing, bv.

"Volstruis,
Jou lang nek,
Se plat bek.
Met wie gaan jy trou?
Met Eida Kaleida Seida.
Daarbo,
Daaronder.

(Na elke reël word die tou met 'n kort pouse bokant die kop van die springer opgeswaai terwyl lg. buk).

* Diegene wat uit pas raak en dus die tou raak trap, moet vir 'n volgende speler 'n beurt gee.

(b) Blomname

* Elke speler kry 'n blomnaam, bv. aster, roos, ens.
* Almal staan bymekaar terwyl een van die spelers 'n bal in die lug gooi en een van die blomname uitroep.
* Die speler wie se naam uitgeroep is, probeer om die bal raak te vang terwyl die ander weghardloop.
* Indien die bal raakgevang word, roep die speler "Stop".
* Almal staan stil en hy probeer die naaste speler raak te gooi.
* Indien hy mis gooi of die bal misgevang het, val hy uit. Indien hy raakgooi, val die betrokke speler uit.
* Die spel duur voort totdat net een speler oorbly. Hierdie speler is dan die wenner.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

37.2.7 Selfgemaakte speelgoed

(a) Bamboesskieter

* 'n Hol bamboes wat omtrent 2 cm in deursnee en 15 cm lank is, word by een van die punte skerpgemaak.
* 'n Tweede bamboeslat wat effens langer is en wat presies in die holte van die eerste een pas, word as laaistok gebruik.



* 'n Lemoenskil word geneem en met die skerp punt van die skieter word ongeveer drie proppies uitgedruk en met die laaistok na die ander punt gestoot.
* 'n Tweede stel proppies word op dieselfde wyse uitgedruk.
* Terwyl die duim styf teen die stomp opening gedruk word, word die tweede stel proppies net effens na vore met die laaistok gestoot. Die lugholte tussen die twee stelle proppies verkeer nou onder druk.
* Wanneer die duim weggeneem word en die laaistok met 'n vinnige stootbeweging by die skerpgemaakte punt ingesteek word, word die eerste stel doppies met 'n knalgeluid uitgeskiet.
* Die skieter is nou weer reg vir die volgende laaislag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) Ander



(i) Fietswiel aangedryf met 'n stok.

(ii) Fietswiel aangedryf met 'n draad deur die as.

(iii) Buiteband aangedryf met twee stokke.

(iv) Karretjie met houtwieletjies.

(v) Trollie - 'n blik met sand gevul en met 'n tou getrek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



(vi) Mikstok rek.
(vii) Geriffelde karton met vere wat hooftooisel van 'n rooihuid voorstel.
(viii) Boog van kweperlat en rek.
(ix) Koker van bamboes en pyle van riet met draad om die voorpunt gedraai.

37.3 Tydverdrywe en vermake van volwassenes

37.3.1 "Perdtyd"

Oestyd, was ook "perdtyd". Die term "perdtyd" is blykbaar van partytyd afgelei. As die boodskap die rondte gedoen het dat daar bv. 'n "boontjie= perd" by iemand se huis sou wees, het die beteken dat al die vriende van die betrokkene in sy voorkamer byeengekom het om te help met die afpluk van die peule van die lowwe. Daarna is na hartelus gedans om die oes te "vier".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

So is ook bv. mielieperde" en "droëvrugteperde" gereël. Koffie en brood met "boerjongjam" (droëvrugte wat met 'n stukkie varkspek gekook is) is bedien (P. Joorst 1973: onderhoud).

37.3.2 "Evening-spends"

Die sendelinge was geheel en al gekant teen dansery en danspartye. Onder die inwoners was daar heelwat musiekmakers wat stilletjies by huispartytjies, be= kend as "evening-spends", opgetree het. Daar is gewoonlik na hulle op hulle byname verwys, soos bv. Loopling, die bekende konsertinaspeler; Potkoek, die klavierspeler; Ou-Middag, Oubaas, Sas en Bollie, die vioolspelers. Hierdie partytjies het in die strengste geheimhouding plaasgevind. Die opsieners het dikwels saans met hulle lanterns die rondte gedoen. Wee diegene wat betrap is by die "pens-om-pens"-dansery. Dan moes hulle die volgende dag rekenskap by die kerkkantoor gaan gee. 'n Veiliger plek om danspassies saam met vrien= de te gaan uitvoer, was dus buite die dorp, in die veld. Agter die kerkplein was 'n oop ruimte in die bergbos bekend as Dansbaan waar gereeld met Nuwejaar gedans is (Mev. A. Habelgaarn 1973: onderhoud).

Toe Genadendal later nie meer onder Kerkbestuur gestaan het nie (sedert 1926) het mense openlik begin om danspartye te reël. Die eerste georganiseerde dans= orkes is gestig en 'n danssaal geopen. Die grammofoon (His Masters' Voice), wat met 'n slinger opgewen is en waarvan die naalde kort-kort vervang moes word, is in heelwat huise aangetref. Huispartytjies in die groot pittevloer voorkamers waarop kersvet gestrooi is is dikwels gereël (Mev. F. Magerman 1973: onderhoud).

37.3.3 Dansorkeste

In die dertigerjare is 'n orkes bekend as die "Astro" in die lewe geroep. Die orkes het uit ses lede bestaan, t.w. F. Cloete (klavier), H. April (banjo), A. Human (viool), D. Beukes (viool), C. Meyer (tromme) en J. Balie (trompet). Die hoofdoel van die orkes was om dansmusiek by allerlei geleenthede binne en buite die dorp te verskaf. Dansmusiek wat "quick-steps", "foxtrots", "squares" & "quadrilles", polkas en walse ingesluit het, is self deur lede van die orkes gekomponeer en vir oefensessies moes daar gereeld byeengekom word. Hulle was ook gewild in blanke gemeenskappe en het gereeld in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hotelle van Hermanus, Worcester, Grabouw en Caledon opgetree.

Na die ontbinding van die "Astro's" in die veertigerjare, is 'n nuwe orkes, die "Revellers", wat pretmakers beteken, gestig. Die orkes het vyf lede gehad: F. Cloete (klavier), C. Smith (tromme), J. Januarie (ghitaar), L. Snyder (banjo), D. Balie (saxofoon). In 1949 het orkeslede Cloete en Balie hulle studies in Kaapstad en aan Fort Hare onderskeidelik gaan voortsit en is ook hierdie orkes ontbind (F. Cloete, D. Balie & C. Smith 1986: onderhoude).

37.4 Opvoerings

37.4.1 Toneelstukke

Opvoerings waarin veral van kinders as spelers gebruik gemaak is, het dikwels in dié tyd plaasgevind. Ook die verskillende verenigings was bekend daarvoor om toneelstukke op die planke te bring. In 1929 het die Jongmeisies-vereni= ging bv. 'n drama opgevoer wat gehandel het oor die vervolging van die eerste Christene (Die Huisvriend 1929:142). Elke jaar met Sendingfees in Januarie is 'n toneelstuk opgevoer wat deur een van die sendelinge geskryf is. Die stukke "Een nieuw begin te Baviaanskloof" en "De klok, die ons roept tot God" was van die bekendes (Die Huisvriend 1929:19-20 & 22-23; 1931:18; 1932:122-124). Elke jaar op Kersnag is die Kersspel van L.R. Schmidt opgevoer (Scha= berg s.j.:74).

37.4.2 Huiskonserte

Huiskonserte wat deur die kinders onder mekaar gereël is en waartydens kort toneelstukkies soos "Op Zaterdag", "De dokter" en "Een jolig Hotnot" opgevoer is, was bekend as "gezellige avonde". Die geld wat by hierdie geleenthede ingesamel is, is aan die leraar oorhandig (Die Huisvriend 1925:118; 1926:140).

37.4.3 Skool- en verenigingskonserte

Konserte wat deur die skool en die verskillende verenigings gereël is, is gewoonlik in die sale van die begrafnisverenigings gehou. Die aard van so 'n program was soos volg. Die voorsitter van die vereniging of die prinsi=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

paal van die skool het 'n kort openingstoespraak, genoem die "aanspraak", ge= hou. Hierna is die gordyne oopgetrek en al die deelnemers het 'm openings= lied gesing. Verskillende nommers, soos resitasies, samesprake, sangstukkies (solo's, duo's), toneelstukkies en aksieliedere, het mekaar afgewissel. Voor= dat die gordyne vir 'n nommer oopgetrek is, het die seremoniemeester op die verhoog verskyn en dit op 'n baie saaklike wyse aangekondig. 'n Pouse van omtrent tien munute het gevolg waarna die program hervat is. Indien die ge= hoor van 'n nommer gehou het, was daar 'n luide ovasie, muntstukke is na die verhoog gegooi en die gehoor het "encore" geroep sodat dit herhaal moet word. Die laaste nommer was die "closing song" wat gewoonlik 'n ernstige lied of gesang was, deur die hele konsertgeselskap gesing. Hierna het die gehoor gestaan en met "God save the King" afgesluit (M.A. I7c: Konsertprogramme; Mev. S. van der Rhede 1986: onderhoud).

37.4.4 Musiekaande

'n Ander tipe konsert was die musiekaande wat veral op 'n Paasmaandagaand in die kerk gereël is. Verskeie musikante, soos die basuinorkes, orrelis en vioolspelers, het hieraan deelgeneem. Ook solo- en koorsang is gelewer. Die nommers was gewoonlik van klassieke aard en het komposisies van groot meesters soos Händel, Bach, Mendelssohn en Verdi ingesluit. Daar is nie toegelaat dat die gehoor hande klap nie. 'n Voorbeeld van so 'n program is:

1.	Orchestra	:	Caliph von Bagdad	(Boieldieu)
2.	Organ Solo	:	Flöten concerto	(Rinch)
3.	Brass Solo	:	Almachtig beven	(Wolff)
4.	Choir	:	Doet op de poorten	(Wolff)
5.	Soprano Solo	:	Abide with me	(Liddle)
6.	Orchestra	:	Intermezzo	(Mascagni)
7.	Soprano Solo	:	Serenade	(Gounod)
8.	Choir	:	Harps of eternity	(Harris)
9.	Violin Solo	:	Nocturne	(De L. Denza)
10.	Tenore Solo	:	Remember me no more	(Robinson)
11.	Orchestra	:	Meditation	(Bach)
12.	Solo & chorus	:	Alla Marcia	
13.	Choir	:	Hallelujah	(Händel)

(M.A. I7c: Konsertprogramme).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

37.4.5 Sangkompetisies

Reeds vroeg in die 20ste eeu is sangkompetisies tussen die verskillende skool= kore van die sendingstasies gereël. In 1915 is 'n kompetisie tussen die skole van Genadendal, Elim en Greyton gereël. Die skoolinspekteur, mnr. Lee, het as beoordelaar opgetree. Die wenkoor was Elim met 330 punte, tweede was Genaden= dal met 326 punte gevolg deur Greyton met 276 punte (M.A. Gedenkwaardighede 1915:5).

Groot sangwedstryde is later in die Kaapse stadsaal gereël en meer skole in die Wes-Kaap en Skiereiland het daaraan gaan deelneem. By so 'n geleentheid moes elke skool twee nommers lewer. Een van die nommers was die voorgeskrewe lied wat deur al die skole gesing is en die tweede nommer was die koor se eie keuse. Die Onderwysersliga van Suid-Afrika het 'n skild (Ash-skild) vir die wenners en 'n trofee (Singh-trofee) vir die naaswenners uitgeloof. Kaapse musiekkenners, soos ene dr. Brown, Walter Swanson en Lucy Greathead, het as beoordelaars opgetree. Soms het tot vyftien skole deelgeneem. Die Gena= dendalse skoolkoor onder leiding van A. Apolles en A. Lesch het gewoonlik baie goed gevaar en het dikwels òf die skild òf trofee verower (Die Huisvriend 1935: 11; 1941:159; 1942:112).

37.5 Verenigingslewe

37.5.1 Nuwe verenigings

Op 24 Mei 1925 is die Christelike Manne- en Jongelingsvereniging in die plek van die Christelike Jongelingsvereniging gestig. Die rede was dat daar te min jong mans in die dorp werksaam was. Die voorsitter, J. Weber van lg. vereniging, het bedank en D. Kroneberg is as nuwe voorsitter aangewys (Die Huisvriend 1921: 98: M.A. Gedenkwaardighede 1925:3).

In die plek van die Genadendal Verenigde Zusters is in 1924 'n nuwe vereni= ging bestaande uit twaalf vroue onder leiding van Judith Beukes, nl. die Susters Weldadigheidsvereniging in die lewe geroep. Hulle hoofdoel sou die= selfde as dié van ide vroeëre vereniging wees, nl. om deur middel van konser=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te en ander byeenkomste fondse in te samel (Die Huisvriend 1937:188; 1942:64).

37.5.2 Ontwikkeling en groei van bestaande verenigings

(a) I.O.T.T./Hoë Tempel (Independent Order of True Templars)

Hoewel die register van die vereniging in 1919 aangedui het dat daar 323 lede was, was die aantal "goedstaande lede" wat hulle van die gebruik van alkoholiese drank weerhou het, slegs 109 (Die Huisvriend 1919:187). In 1922 het die ledetal tot 73 gedaal (M.A. I7c: Verslag deur D. Kronenberg). Andersins was dit steeds 'n aktiewe vereniging wat hom sterk beywer het vir sy doelstelling. Verskeie saamtrekke is in Genadendal gereël. In 1924 is die hoofsitting van die nasionale bestuur van die Hoë Tempel, wat landswyd 77 takke met 4 880 lede gehad het, in Genadendal gehou (Die Huisvriend 1945:136). Op 7 Oktober 1935 het ook 'n groot konferensie plaasgevind waarby takke van Greyton, Caledon, Napier, Villiersdorp, Elim en Somerset betrek is. Verskeie lesings is gegee wat verband gehou het met onthouding. Die temas wat behandel is, was:

1. Opvoeding in die ouerhuis
2. Opvoeding in die kerk
3. Opvoeding aan die publiek
4. Opvoeding in die skool (Die Huisvriend 1935:171).

Toe die I.O.T.T. sy vyftigjarige jubelfees in 1940 in die Kaapse stadsaal gevier het, het 'n lorrie met veertig Genadendalse tempeliere soontoe vertrek om aan die verrigtinge deel te neem (Die Huisvriend 1940:31). In 1945 het die Genadendalse tak 91 lede gehad. Onder leiding van A. Wessels het die vereniging gereeld sy vergaderings in die Victoriasaal gehou (Die Huisvriend 1945:136). Moeite is gedoen om 'n eie saal op te rig. In 1946 is die erf van mev. Sarah Calvert (A I 42) op die naam van die I.O.T.T. geregistreer (BR.: Notule 1946:431). Die messelaar C. Januarie het vir die werk getender en op 2 Februarie 1948 kon die hoeksteen van 'n klein saaltjie gelê word. Die openingsrede is deur die kapelaan, eerw. M.Z. Balie, gehou (Die Huisvriend 1948:48).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) Begrafnisverenigings

Die twee begrafnisverenigings wat in 1899 gestig is, se ledetal het steeds toegeneem. In 1922 bv. het die G.B.V. 450 lede gehad en die Victoria Begrafnisvereniging 222 lede (M.A. I7c: Verslae van Verenigings). Elke jaar is die stigtingsdatum van die vereniging op plegtige wyse gevier. By dié geleentheid is daar uit die Dagteksboekie gelees, gesing en gebid. Die voorsitter het die toehoorders verwelkom en die sekretaris het die jaarverslag gelees. Daar het groot opgewondenheid onder die kinders geheers wanneer die tee en wiele (groot gemmerkoeke) bedien is (F. Cloete 1986: onderhoud).

(c) Ander

Ander verenigings wat nog gedurende hierdie tyd voorbestaan het, was die Christelike Jongmeisies Vereniging en 'n Brigade onder leiding van J. Lakey. Geen inligting omtrent hierdie verenigings se aktiwiteite kon opgespoor word nie (BR.: Notule 1930:106; 1934:190).

37.6 Georganiseerde Sport

37.6.1 Rugby

Reeds vroeg in die twintigste eeu, rondom die jare 1915-1920, was rugby 'n gewilde sportsoort onder die inwoners. 'n Familie wat blykbaar hierdie spel help bevorder het, was die Magermans. Op 'n foto wat uit die jaar 1915 dateer, verskyn F. Magerman, A. Magerman, J. Magerman en P. Magerman in die truie en stewels van die Rugbyklub Oaks (Foto in besit van F. Magerman). Meer besonderhede oor dié klub kon nie opgespoor word nie.

Volgens die negentig-jarige mnr. Frikkie Magerman was die eerste Genadendalse span bekend as "Well-tryers". Hy was toe nog 'n jong man maar kan goed onthou dat dié span gewoonlik onder die kapteinskap van Henoch Haas uitgedraf het. 'n Paar jaar later is die klubs "Silver Leaves", "Violets" en "Happy hearts" op die been gebring. Hyself het vir die klub "Violets", wat hoofsaaklik uit jong mans bestaan het, gespeel (F. Magerman 1984: onderhoud).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1934 het die Genadendalse Bestuursraad die ou Trapvloer (erfnommer E6) as openbare rugbyveld verklaar en teen 2s.6d. per jaar aan die klubs ver= huur. Aangesien hierdie terrein ook die voetpad na die ou begraafplaas ingesluit het, was die Kerk nie ten gunste daarvan dat dit omhein word nie (BR.: Notule 1934:244,253,311). Rugby het al hoe meer georganiseerd geraak en elke woonbuurt op die dorp het sy eie span gehad, t.w. Bergstraat (Wesdorp) se span was "Pioneers", Sewefontein (Oosdorp) was "Rangers" en Klip= perstraat (Suiddorp) was "Grand Lilies". 'n Span bestaande hoofsaaklik uit onderwysers en bekend as Genadendal R.V.K. is in dieselfde tyd gestig. In een stadium was daar dus nie minder as vyf rugbyspanne in Genadendal nie. Dan was daar ook nog die plaaslike sekondêreskoolspan bekend as Collegians en 'n primêreskoolspan (Die Huisvriend 1940:88).

Die senior spanne het in 'n ligakompetisie gespeel waar om die Perlo- en Ado-Snyder-trofee meegeding is. Lg. wisseltrofee is deur twee Genadendalse inwoners, Chris Adonis en Ernst Snyder, geskenk. Vriendskaplike en uitklop= wedstryde is gereeld teen buitespanne soos "Rosebuds" (Waterford), "Young Progress" (Elim), "Excelsiors" (Riviersonderend) "Spring Roses" (Voorste= kraal), "Temperance" (Greyton), "Young Stars" (Berea), "Evergreens" (Bosch= manskloof), "Fly-Eagles" en "Good Hopes" (Elgin) gereël. Volgens die ver= slae wat in die Caledon Venster gepubliseer is, is wedstryde op Saterdae ge= speel en het die spanning tussen spelers en ondersteuners hoog geloop (M.A.: Caledon Venster, uitknipsels s.j.; Die Huisvriend 1942:64; 1935:132; 1939: 15).

In 1947 is die Genadendalse Sportraad in die lewe geroep om o.a. beheer oor die sportveld uit te oefen (BR.: Notule 1947:496). 'n Tweede rugbyveld is in 1948 aangelê (BR.: Notule 1948:662).

37.6.2 Tennis

In 1933 is die ou tuinerf van die Genadendalse Opleidingskool aan die Gena= dendal Tennisklub toegeken (BR.: Notule 1933:209). 'n Tweede tennisbaan is in 1935 langs die Baviaansrivier gebou, maar is tien jaar later deur 'n groot watervloed verspoel. Nuwe bane is langs die rugbyveld aangelê. 'n Stuk grond van 60 voet x 100 voet is vir dié doel deur die Dorpsraad aange=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wys (BR.: Notule 1935:339; 1045:375 & 385; 1947:563).

Die twee tennisklubs wat in die vroeë veertigerjare dié sportsoort onder die inwoners bevorder het, was Pinedale en Lirpa. Die plaaslike hoër= skool hoof H. Dudley het 'n leidende rol by die totstandkoming van die klub Pinedale gespeel terwyl die sakeman H. April die klub Lirpa (April omgekeerd) op die been gebring het (Die Huisvriend 1939:15).

Die bane was van klei en moes gereeld met 'n betonroller gerol word. Die lyne is voor elke wedstryd netjies en duidelik gekalk. Hoewel die klubs 'n groot ledetal gehad het, is die spel feitlik net deur onderwysers, hulle vroue en vriende gespeel. Kinders is ook nie afgerig nie omdat dit net as 'n sosiale spel vir "sekere volwassenes" beskou is (A. April 1973: onderhoud).

37.6.3 Ander

Daar is korfbal op skool gespeel (Die Huisvriend 1940:88) en daar was ook 'n plaaslike netbalspan, bekend as "Blue Bells" (BR.: Notule 1944:278). Die Christelike Jongmeisiesvereniging was ook lief om kroukie te speel (J. le Roux 1973: onderhoud).

37.6.4 Die Lirpa-sportklub

In 1944 het 'n plaaslike sakeman, Hendrik April, wat begaan was oor die ge= sonde tydsbesteding van jong manne 'n algemene sportklub in die lewe geroep. Die klub sou die naam "Lirpa Sports Club" dra. Lirpa is die omgekeerde spelling van April (Die Huisvriend 1945:42). 'n Spesiale saal is op die sentrale dorpsplein opgerig waar verskillende speletjies en sportsoorte soos stoei, boks, domino's, klawerjas, ringbord, dambord, ens., gespeel en beoefen kon word. Elke spel en sport het sy eie amptenare, reëls en oefen= dae gehad.

Aangesien mnr. April die saal uit sy eie sak laat oprig het, het hy gereeld danspartye gereël om die boukoste te dek. Hy het ook streng reëls t.o.v. dissipline en netheid in en buite die saal neergelê (Lirpa Social Club - 'n dokument).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

37.7 Drankwinkel en drankmisbruik

In 1920 het Greyton, buurdorp van Genadendal, aansoek gedoen om 'n hotel met dranklisensie. Altesaam 746 inwoners van Genadendal het daarteen ge= petisioneer. Ook die N.G. Kerk en Anglikaanse Kerk in Greyton het protes aangeteken met die gevolg dat die lisensie geweier is (M.A. Gedenkwaardig= hede 1920:7).

'n Latere aansoek is klaarblyklik goedgekeur, want in 1936 word vermeld dat die Greyton-kantien op ongeoorloofde manier wyn in Genadendal verkoop (BR. : Notule 1936:350). Drankmisbruik onder die inwoners het begin toeneem so= dat versoek is dat 'n tweede konstabel vir die dorp aangestel moet word. Dit is egter van die hand gewys. In 1937 is die Central Hotel in Greyton geopen en van toe af sou dit meer probleme vir Genadendal beteken. Sommige inwoners het nie omgegee om ses kilometers ver te stap ten einde sterk drank te koop nie (BR.: Notuleboek 1937:411 &420; Die Huisvriend 1945:43).

37.8 Besoekers

Van die belangrikste besoekers aan die sendingstasie in hierdie tyd, was die Sendingdirekteure biskop Ward in 1919 en biskop Baudert in 1930. Hulle is met tradisionele ereboë verwelkom. Daar is gewoonlik vyf ereboë van die ingang van die dorp tot op die Kerkplein opgerig. Mandjiesvol blomme is hiervoor uit die berg aangedra. Op die eerste ereboog is die woord "WEL-COME" aangebring. Hier is gewoonlik die gesang "Den hogen God alleen zij eer" gesing. By die laaste ereboog het die basuinkoor 'n koraal geblaas terwyl die gemeente "Dank God, dankt allen God", gesing het (Die Huisvriend 1920:143; M.A. Gedenkwaardighede 1920:2; 1930:1).

Tydens die besoek van die Prins van Wallis in 1925 aan Kaapstad, het die heer Weder (winkelier) en die leraars Kroneberg, Wessels en Van Niekerk in die Victoriasaal 'n opvoering gereël om aan die inwoners te wys hoe dié hoogwaardigheidsbekleër in Kaapstad ontvang word. Die saal is met vlae en lanterns versier en dię nuus is deur die dorp versprei dat die Prins op be= soek in Genadendal aangekom het. Die inwoners het na die saal gestorm en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het die vertoning terdeë geniet (Die Huisvriend 1925:118).

Op 10 Februarie 1933 het Genadendal die voormalige eerste minister, genl. J.C. Smuts, verwelkom. Die Generaal se aankoms is aanvanklik geheim gehou. 'n Spesiale byeenkoms is in die I.O.T.T. saal gereël waar liedere gesing en die ge= hoor op vioolspel vergas is. Die vreemde besoeker is opgemerk en die mense wou weet wie dit was. Die geselligheid is met die verrassing afgesluit toe aangekondig is dat dit genl. Smuts is op besoek aan Genadendal. Na 'n ver= blyf van drie dae het genl. Smuts die inwoners in die kerk toegespreek (Die Huisvriend 1933:63).

Toergroepe wat op besigtigingstoere na Genadendal gekom het, is gewoonlik 'n verskeidenheid van besienswaardighede soos die Lena-Bybel, drukkery, meul, Schmidt se peerboom en Latrobe se skildery getoon. Daarna is hulle na Se= wefontein gebring om die pragtige uitsig oor die groen vallei te bewonder. In die kerk is verskeie sangnommers gelewer terwyl die gaste met tee bedien is (Die Huisvriend 1933:92).

37.9 Hulpverlening

Sedert 1 Januarie 1929 is aan alle inwoners ouer as 65 jaar ouderdomspensioen betaal. Destyds was daar 234 mense wat elk £1 10s. per maand ontvang het (Die Huisvriend 1930:11). Tydens die Depressie van die vroeë dertigerjare moes die gepensioneerdes met £1 tevrede wees. Die aantal bejaardes wat op pen= sioen geregtig was, het in hierdie tyd afgeneem. In 1931 was daar 221, in 1932 172 en in 1935 net 161. Tog het sommige inwoners hoë ouderdomme bereik. Daar was in bv. 1935 twintig inwoners ouer as tagtig jaar (Die Huisvriend 1932: 20; 1934:47).

Die Morawiese Kerk se "armenkas" (fonds vir armes) is ook gebruik om hulpbe= hoewendes in hulle nood te help. Die opbrengste van konserte en basaars wat deur die verskillende verenigings gehou is, is soms in die "armenkas" gestort (M.A. Gedenkwaardighede 1914:11; 1915:3-4). Die Kerk het in Sewefontein ook 'n huisie laat bou wat bekend was as die "armenhuis". Huisvesting is hier aan iemand of 'n gesin verskaf wat dit dringend benodig het (Die Huisvriend 1926:40; 1939:15).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1930 het eerw. Joshua Jonker 'n leidende rol gespeel om die Georg Schmidt-fonds te stig. Inwoners kon vrywillig bydraes gee vir dié fonds wat Sen= dingwerk help bevorder het (Die Huisvriend 1935:127; M.A. Gedenkwaardighede 1930:6).

Plaasarbeiders keer huistoe op 'n Vrydagaand (Foto: Ann Fischer).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING VI: TYDGENOOTLIKE GENADENDAL (1948 - 1987)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

38. DORPSBESTUUR

38.1 Algemeen

Sedert die toepassing van Wet 29 van 1909 het verskillende veranderinge in departementele beheer plaasgevind. Vir die eerste jare het die Bestuurs= raad onder die Departement van Naturallesake geresorteer. Van 1944 tot 1952 het die Departement van Volkswelsyn die beheer oorgeneem en sedert 1952 was 'n onderafdeling van dié Departement, bekend as Kleurlingsake, daarvoor verant= woordelik. In 'n lesing voor SABRA het ene R. Yeld daarop gewys dat daar volgens die Kommissaris van Kleurlingsake in die eerste veertig jaar vandat dié wet in werking getree het, weinig ontwikkeling plaasgevind het. Dit is toegeskryf aan die gedurige wisseling in departementele beheer, 'n gebrek aan positiewe leiding en daadwerklike stappe om ontwikkeling aan te help. Ook die skepping van groot arbeidsmarkte in stede het veroorsaak dat mense soontoe getrek het en dus is die dorp met slegs bejaardes, kinders en onge= skiktes agtergelaat. Behuising en ander noodsaaklike dienste is nooit voor= sien nie en langboubedrywighede is al hoe meer op die agtergrond verskuif weens gebrek aan arbeid en kapitaal (Yeld 1955:12 & 13).

In 1949 is die landdros wat as voorsitter van die Raad opgetree het, met 'n blanke superintendent, J.J. Strydom, vervang. Die I.O.T.T.-saal is as ty= delike kantoor gebruik totdat die woning van C. Meyer gehuur en as kantoor ingerig kon word. Die Departement het £1 10s. per maand aan huurgeld be= taal (BR.: Notule 1949:38,44 & 49).

Volgens Strydom is hy met groot agterdog deur die inwoners ontvang toe hy sy werk as superintendent begin het. Hy het soos 'n indringer gevoel en vir min mense het hy 'n teken van hoop vir die toekoms gebring. Vir hom was alles in 'n gevorderde staat van verval. In 'n verslag aan die Sekretaris van Volkswelsyn skryf hy, o.a.: "hier waar die mens sy materialistiese selfsug en sy naaste se leed sy godsdiens geword het, hier vind u die Dal van Genade (...) Die inwoner is enersyds geslaan met 'n gees van meëdoen= lose fatalisme of moedelose daadloosheid terwyl die plek aan die ander kant geword het 'n broeines waar die aktiewe materialis een agitasie na die ander van stapel stuur" (BR: Verslag vir die jaar 1949).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Strydom het dit aan twee faktore toegeskryf. Eerstens was die leierskap vir 'n tê lang en onafgebroke tydperk, onverbiddelik en onbuigsaam in die hande van die sendelinge, terwyl die inwoners swygsaam gehoorsaam moes wees. Die nuwe wet was dus nie 'n natuurlike oorgang nie, maar 'n skie= like sprong met 'n ontbrekende aanpassingstadium. Tweedens was daar vol= gens hom 'n gebrek aan leiding om vir 'n gemeenskaplike doelstelling te werk. Dit het meegebring dat enkelinge na vore getree en persoonlike be= lange op die spits gedryf het. "Die nuut-aanvaarde indiwidualisme het vir homself regte en voorregte, bewegingsruimte begin opeis." Tweedrag is ge= saai wat gelei het tot verval en chaos (BR.: Verslag vir die jaar 1949).

Strydom se voorstel was om 'n adviserende komitee en welsynsvereniging in die lewe te roep sodat samewerking tussen leiers van die onderskeie plaas= like groepe bewerkstellig kon word. Daadwerklike stappe moes dan volg om die ellendige behuisings-, landbou- en gesondheidstoestande te verbeter. Hy het hiervoor 'n ernstige beroep op die Departement gedoen om die gemeen= skap met finansiële hulp by te staan anders sou sy taak 'n verlore stryd wees. Hy sluit sy verslag met die volgende vrae en stellings: "Is geld slegs meetbaar in £.s.d. (ponde, sjielings en pennies)? Selfs in die sake= wêreld moet soms beleggings gemaak word met geen onmiddellike geldelike voor= uitsigte as resultaat nie. Dink aan al die advertensiewaagstukke. Hoe= veel te meer geld dit nie vir die beleid van 'n Departement soos Volkswelsyn wat te doen het met die mens as psigiese en sosiale wese nie? Waar ek 'n projek beplan moet ek die sukses daarvan bereken slegs in terme van terug= betaling van paaiemente daarop? Geld is ook gelyk aan onmeetbare maatskap= like vordering verteenwoordig deur houding, mentaliteit, ens. en wat ten slotte slegs meetbaar is in getalle. Met ander woorde erkenning van mens= like en psigiese standaarde is nodig in plaas van die ekonomiese" (BR.: Ver= slag vir die jaar 1949).

Gedurende 1951 is superintendent Strydom bevorder tot Senior Superintendent en die daaropvolgende jaar, 1 April 1952, het die Afdeling Kleurlingsake be= heer oorgeneem. 'n Bruin superintendent, G.C. Meyer, het op 2 Mei 1952 die voorsitterstoel in die Bestuursraad oorgeneem (BR.: Notule 1952, 335).

Meyer se gesag is dikwels ondermyn. Die inwoners het hom slegs as 'n staats=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

amptenaar beskou wat niks met die plaaslike aangeleenthede te doen gehad het nie. Vir alle sake het die inwoners net met die Raadsekretaris onder= handel. Een van die redes kon wees dat Meyer nie 'n Genadendaller was nie en dus ook as indringer en spioen van die Regering beskou is (BR.: Brief van Superintendent aan Kommissaris 23.7.52). Op 12 Juanuarie 1953 is 'n konfe= rensie van alle superintendente in Kaapstad gehou om sekere probleme uit te stryk. Daar was op daardie stadium vier superintendente in die land, t.w. Baker (Mamre), Coetzee (Concordia), Meder (Leliefontein) en Meyer (Genaden= dal). Hulle take is soos volg uiteengesit:

a) Die superintendent is die skakel tussen die Departement, die Raad en publiek;
b) Hy tree as voorsitter van die Raad op;
c) Hy moet leiding aan die Raadsekretaris gee i.v.m. boekhouding (regis= ters, geldsake, notules, ens.).

"Die superintendent is nie daar om self sonder raadpleging van die Rade dinge te doen nie, maar hy moet altyd agter die skerms beweeg en sien dat dinge reg gedoen word" (BR.: Notule van Konferensie 12.1.53).

Van 1 Januarie 1957 is Meyer na Leliefontein oorgeplaas (BR.: Brief Superin= tendent aan L.R. Schmidt, 17.10.56) en deur C. Meder opgevolg. Ander super= intendente nā Meder was A. Arries, M. van Boom, J. Mars, V. Fortuin en G. Koopman. N. Coetzee en T. van der Merwe het ook tydelik waargeneem.

In die sestigerjare is 'n graad II-klerk, C. van der Berg, aangestel om die Superintendent in sy pligte by te staan. Toe hy in 1972 na Worcester oorge= plaas is, is A. Hartogh as assistent-superintendent aangestel, maar in 1975 is dié pos weer afgeskaf (BR.: Briewe Streekverteenwoordiger aan Superinten= dent 1.8.72, 28.8.72 & 5.1.76).

In 1973 was daar groot verdeeldheid in die dorp toe superintendent M.C. van Boom na agtien maande uit sy pos bedank het en as Raadsekretaris aangestel is. In 'n petisie wat deur 102 belastingbetalers onderteken is, is beswaar gemaak teen die uitermate hoë besoldiging wat die aangewese sekretaris sou ontvang. Van die inwoners het ook algehele wantroue in hom gehad. 'n Ander groep inwoners, ondersteuners van die Arbeidersparty wat van mening was dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van Boom se dienste 'n groot bate vir die dorp sou wees, het die Raad ver= soek om nie sy aanstelling en verblyfregte te kanselleer nie (BR.: Petisies 8.10.73 & 22.11.73). Volgens 'n beëdigde verklaring van F.H.G. Magerman is in die nag van 30 April 1974 plakkate met die woorde "WEG MET VAN BOOM" teen die kennisgewingbome op die dorp gespyker. Klippe is dieselfde nag op die dak van die betrokkene se woning gegooi (BR.: Verklaring 9.5.74). Die volgende dag toe Van Boom sy werk as sekretaris sou begin, was die dorps= atmosfeer met spanning gelaai. Inwoners het op die Kruis vergader om te sien wat sou gebeur. Nadat Van Boom deur een van die inwoners by die kan= toordeur gestuit is, het hy omgedraai, regshulp ingeroep en 'n hofgeding het dae later gevolg (N. Wildschut 1973: onderhoud).

'n Verslag waarin Van Boom vergoeding van die Raad geëis het, kon ongelukkig nie opgespoor word nie. Mense wat ondervra is, het ook uiteenlopende ant= woorde verskaf. Wat wel gebeur het, was dat Van Boom die dorp verlaat het en in 1974 as sekretaris-terourier van die Dorpsbestuur van Pacaltsdorp aan= gestel is (Die Burger, 22 Mei 1974). Die volgende jaar moes dieselfde amp= tenaar op 'n aanklag van bedrog en diefstal van motorbande verskyn (Die Bur= ger, 20 Maart 1975; Cape Herald, 26 April 1975). Vir baie inwoners was dit 'n bewys dat hulle nie gefouteer het om hom vroeër weg te wys nie.

Bestuursraad Genadendal-1979
(BR)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vandag wys die gekose Raadslede hulle eie voorsitter aan terwyl die senior landelike ontwikkelingsklerk net die staat se verteenwoordiger is. Behalwe lg. is ook 'n voorsieningsadministratiewe klerk deur die staat aangestel wat haar eie kantoor langsaan dié van die ontwikkelingsklerk het.

Afgesien van die Raadsekretaris wat heeltyds in diens van die Bestuursraad staan, is daar altesaam dertien werkers aan wie ongeveer R490 p.w. aan werk= loon uitbetaal word. Hulle take behels o.a. die verwydering van vullis en nagvuil, die skoonmaak van watervore, rivierlope en die opknapping van paaie. Daar word van 'n trekker, 'n vragmotor, sleepwa en sanitasietenk gebruik ge= maak om die verwyderings- en karweiwerk te doen (C.G. Farao 1986: onderhoud).

38.2 Elektrisiteitsvoorsiening

Die eerste kragopwekker in Genadendal was 'n "Jacobs Wind elektriese toestel" wat in 1937 op die kerkplein geïnstalleer is. Die firma Kriel en Kie (Bpk.) van Riviersonderend is genader om 'n sestig voet hoë staalkonstruksie met 'n drielem-windskroef op te rig om aan die kerkgebou krag vir beligting te voor= sien. Die ou olielampe is met 21 elektriese ligte op die grondverdieping en 11 ligte op die galery vervang. Die totale bedradingskoste het £361 beloop. 'n Afsonderlike batteryhuis is opgerig. Genoeg batterye is hier gelaai wat in tye van lang, windlose dae ingespan kon word (M.A. III6a: Genadendalse elektriese lig). Op 10 Oktober 1937 is die nuwe ligte ingewy (Die Huisvriend 1938:24).

In die veertigerjare het sommige inwoners van petrolaangedrewe kragopwekkers gebruik gemaak. Aangesien dit die rus verstoor het en mense oor die lawaai gekla het, het die Bestuursraad toestemming aan die betrokke inwoners gegee om die kragopwekkers net tot 6 nm. te gebruik (BR.: Notule 1945:339).

Op 6 Julie 1955 het 'n amptenaar van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie 'n besoek aan Genadendal gebring om die moontlike verskaffing van elektrisi= teit aan die dorp te ondersoek. In daardie stadium was daar ongeveer sestig inwoners wat daarin belang gestel het om na elektriese krag oor te skakel (BR.: Brief van Sup. aan Kommissaris van Kleurlingsake, 27.7.55; Brief van Sup. aan Evkom 13.2.56).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om die een of ander rede is die planne nooit uitgevoer nie sodat die Morawie= se Kerk in die sestigerjare self onderneem het om groot dieselkragopwekkers aan te skaf ten einde aan die geboue op die Kerkplein en enkele ander woonhuis lig te verskaf. Dit sou as tussentydse maatreël beskou word tot tyd en wyl daar eendag van Evkom-krag gebruik gemaak kon word (BR.: Brief van Sekr. aan Streekverteenwoordiger, 19.6.68).

'n Opname in 1968 het getoon dat daar in daardie stadium 175 inwoners was wat in Evkom-krag belang gestel het. Die Administrasie van Kleurlingsake, waar= onder Genadendal geressorteer het, se standpunt was dat daar ander aangeleent= hede, soos bv. sanitasie, was wat eerste aandag moes geniet en dat Evkom-krag nie so dringend noodsaaklik was nie (BR.: Brief van Sup. aan Streekverteen= w. 17.7.68; Brief van Streekvertw. aan Sup., 28.8.70).

Met die koms van die Morawiese leraar K. Schiefer in 1969 na Genadendal het hy die mening uitgespreek dat indien die gemeenskap sou uitstel om Evkom-krag te bekom, hulle later baie meer sou moes betaal aangesien daar 'n gedurige styging in lone en die koste van die materiaal was. Vir die Kerk sou die inskakeling by Evkom ook baie beter wees aangesien die hostelle vir hoërskool= leerlinge en die plaaslike drukpers 'n meer betroubare kragbron benodig het.

Aangesien die Administrasie steeds onwillig was om in dié verband hulle same= werking te gee, het eerw. Schiefer self opgetree. In Aug. 1971 is die Evkom-kraglyn tot op die Kerkplein voltooi. Inwoners wat van die Kerk se kragop= wekkers afhanklik was, het verneem dat volgens regulasie net 'n munisipaliteit Evkom-krag kan versprei. Die toegewing is egter gemaak dat die Morawiese Kerk die dorpenaars vir 'n tydperk van ses maande van krag kon voorsien, mits die Bestuursraad die aangeleentheid daarna sou oorneem (BR.: Omsendbrief van K. Schiefer 14.8.71; Verslag van ligverbruikers-afvaardiging s.j.).

Toe die Administrasie verneem dat daar 'n kraglyn oor die Genadendalse grond= gebied aangebring is, het hulle met groot ontevredenheid gereageer en daarby volstaan dat daar belangriker sake was wat aandag moet geniet (BR.: Brief van Streekvertw. aan Sup. 10.7.71). Later in die jaar is eindelik toestemming verleen dat krag deur die dorp versprei kon word. Inwoners kon hulle huise op eie koste laat bedraad en nadat 'n bedrag van R220 vir kabelaansluiting

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die Kerk betaal is, is hulle by die Evkom-substasie ingeskakel (BR.: Omsendbrief K. Schiefer 15.10.71). In 1972 is ook enkele straatligte deur die Bestuursraad laat installeer.

Vandag, na vyftien jaar, het die Evkom-substasie, wat nog steeds onder Kerk= beheer staan, vyf transformators oor die hele dorp versprei wat aan ongeveer drie honderd inwoners krag verskaf. Elke maand word 'n meterleser van huis tot huis gestuur. Die bestuurder van die Boekdepot is verantwoordelik vir die uitskryf van rekeninge en die ontvangs van alle gelde. Die Kerk het ook 'n voltydse elektrisiën en handlanger in diens wat die nodige herstel- en uitbreidingswerk doen (H. Pieters 1986: Onderhoud).

38.3 Watervoorsiening

Hoewel die dorp oor standhoudende waterstrome beskik, was daar gedurende die somermaande, wanneer die water stadig gevloei het, altyd onvoldoende water. Die bestaande opgaardamme van Sewefontein en Koringlandskloof, wat uitsluit= lik vir besproeiingsdoeleindes gebruik is, was ook onvoldoende.

In 1950 het die Bestuursraad 'n kontrak met Damko (Edms.) Bpk., Parow aange= gaan om die bestaande gronddamme te vergroot. Dam A (Sewefontein) sou 'n wal van 33 voet hoog kry om 7 000 000 gelling water te hou terwyl dam B (Koring= landskloof) 'n wal van 23 voet sou kry om 4 000 000 gelling water te hou. Die totale koste vir dié projek is op £1 1000 beraam (BR.: Ooreenkoms tussen BR. en Damko Bpk. 17.7.50). 'n Gegalvaniseerde vierduimspyp is uit die berg= stroom aangelê om die Sewefonteindam te voed (BR.: Verslag Sen. Landboubeamp= te, 14.2.51). Om die damme teen erosie te beskerm, is hotnotsvye teen die walle aangeplant (BR.: Sup. aan Kommissaris van Kleurlingsake 26.6.52). Nog steeds was die waterprobleem nie opgelos nie. Sewefontein se tuinboere is dikwels swaar deur droogtes getref. Waterwysers en boorgatkontrakteurs se pogings het weinig vrug afgewerp (BR.: Brief van Sup. aan P.R. de Villiers 21.10.52; Sup. aan Kom. van Kleurlingsake 22.2.56 & 29.5.56; Notule 18.7.63 & 7.6.72).

In 1963 is watermeetwalle in die Baviaansrivier gebou om die watersterkte te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toets. Waterlesings is op 'n periodieke grondslag geneem sodat later be= sluit kon word watter grootte dam in die rivier gebou moes word om in al die behoeftes te voorsien (BR.: Sekretaris van Kleurlingsake aan P.W. Schaberg 21.3.63).

Omdat baie huise sinkdakke gehad het, het sommige inwoners die reënwater in sinktenks opgevang. Andersins moes water vir huishoudelike gebruik uit die watervore geskep word. Kinders het gewoonlik douvoordag of in die laatag= termiddag, wanneer die water nie deur die houtmakers in die Kloof gemors is nie, met emmers en draagstokke die water aangedra. Vir sommige was dit 'n afstand van omtrent 'n halwe kilometer (Persoonlike waarneming 1958).

In 1964 is watermonsters uit die drinkwaterslote laat toets. Die uitslag het getoon dat die water erg besoedel was. By sommige monsters was daar meer as 1 800 mikrobes per 100 ml. water aanwesig (BR.: Verslae van Sen. Staatspatoloog van die Dept. van Gesondheid 15.10.64).

Daar is weer ernstig besin om na water te laat boor (BR.: Sup. aan Sekr. van Kleurlingsake 8.2.46; Streekvertw. aan Sup. 19.4.68). Die enigste geslaag= de boorgat behalwe dié vir veesuipings, was een aan die westelike grenslyn van die hoër skool. 'n Pomphuis is om die boorgat gebou en van daar is 'n pypleiding na twee betonopgaartenks op die oosheuwel aangelê. Hierdie ont= wikkelingswerk het R8 369,59 gekos en was hoegenaamd nie voldoende nie. Die waterbron het slegs water na enkele krane in die oosdorp gelei terwyl die res van die dorp nog steeds van die oop watervore gebruik moes maak. Boonop het die inwoners oor die kleur en smaak van die boorgatwater gekla terwyl huis= vroue 'n las met aanpaksels en vlekke aan hulle eetgerei ondervind het. Die gevolg was dat die inwoners die boorgatwater vermy en die besoedelde voorwater verkies het (BR.: Gesondheidsinspeksieverslag 22-23 Febr. 1971).

In Desember 1972 toe die kontrei deur 'n droogte getref is, het die boorgat se water opgedroog. Dit is toegeskryf aan 'n verstopping. The Cape Times het op 23 Jan. 1973 'n lywige berig onder die opskrif "Drought hits Coloured settlement" gepubliseer. Kort hierna het die Staatsgesondheidsinspekteur 'n besoek aan die dorp afgelê en aanbeveel dat 'n keerwal aan die bokant van die Baviaansrivier gebou word (BR.: Inspekteur aan Streekdirekteur 22.3.73).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

As tydelike noodmaatreël is besluit om 'n sleepwa (R1 250) en watertenk (2 392) aan te koop (BR.: Notulepunt 4, 24.1.73). Die wa het op bepaalde tye van die dag na sekere punte in die dorp beweeg waar inwoners hulle em= mers kon vol tap. In sy korrespondensie met die superintendent van die Be= stuursraad het die plaaslike leraar eerw. K. Schiefer heelwat wenke en fi= nansiële hulp aangebied. Vir hom sou dié oplossing vir die dorp se water= probleme wees om 'n opgaardam in die Kloof te bou. Andersins moes 'n diep keerwal gebou en 'n elektriese pomp aangeskaf word om die water na die beton= tenks op die heuwels te pomp van waar dit met natuurlike drukking in pype na die huise gelei kon word. Besproeiingswater moes gepyp of in oop sementslo= te gelei word. In sy korrespondensie word ook genoem dat oorsese vriende bereid is om die dorp in sy finansiële nood by te staan (BR.: Brief van K. Schiefer aan BR. 7.1.76).

Of daar van dié finansiële hulp gebruik gemaak is, kon nie vasgestel word nie, maar 'n keerwal is kort hierna in die Baviaansrivier gebou, 'n elektriese pomp aangeskaf en die watervoor wat die Bergstraattuine bedien, is met beton gebou. Op die ooshuiwel kom vandag vier tenks voor terwyl die wesheuwel twee tenks het en elke maand word ongeveer R900 vir kragverbruik van die pompstasie uit= betaal (C.G. Farao 1986: onderhoud).

38.4 Sanitasie

Tot in die sewentigerjare het die meeste inwoners nog van die emmerstelsel gebruik gemaak en die nagvuil op hulle erwe of in die tuine begrawe. Die gemakshuise het 'n ent weg van die agterdeur gestaan, of was teen die agter= muur van die huis gebou. Die emmer was gewoonlik 'n oopgesnyde paraffienblik. Wat die verwydering van vullis betref, moes elke huiseienaar sorg dat dit na die openbare vullisgate buite die dorp verwyder word. Elke wyk het sy eie vullisgat gehad. Volgens 'n inspeksie van 1953 was die verwydering van vullis en nagvuil onbevredigend en moes die Bestuursraad ernstig aandag daar= aan skenk (BR.: Gesondheidsverslag 20.6.53).

In 1968 het die Departement van Kleurlingsake aanbeveel dat huiseienaars vir alle gemakshuise gestandardiseerde emmers moes aanskaf en sitplekke op ysterpote met toeklapdeksels waarin die emmers kon pas. Hierbenewens moes die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Raad 'n aantal ekstra emmers aanskaf om die vol emmers by verwydering te ver= vang. 'n Geskikte stortingsterrein moes aangewys en omhein word. Op dié terrein moes ook wasfasiliteite aangebring word om die emmers te reinig. Die Raad kon besluit om self die verwydering met 'n sleepwa en trekker te onder= neem, of die werk deur 'n kontrakteur te laat doen (BR.: Streekvertw. aan Sup. 4.11.68). Die koste verbonde aan hierdie stelsel sou wees:

Emmers:	R1,85 elk	
Staanders:	R4,29 elk	
Deksels:	R2.05 elk	
Trekker:	R2 345	
Sleepwa:	R 850	(BR.: Brief van Streekvertw. aan Sup. 11.11.70).

Op 'n Raadsvergadering van 13.11.68 het die raadslede besluit dat eerder aan= dag aan die watervoorsieningskema te skenk en later die verwyderingsdiens in te stel (BR.: Brief van Sup. aan Streekvertw. 15.11.68).

Eers in 1972 is tydens 'n openbare vergadering besluit om met die nagvuilver= wyderingsdiens te begin. 'n Bykomende bedrag van R6 per jaar sou by die be= staande belasting gehef word (BR.: Notulepunt 119,13.9.72). Op 1 Maart 1973 is die stelsel in gebruik geneem (BR.: Notulepunt 26, 13.2.73).

Vandag doen die nagwa weekliks sy rondtes terwyl van die meer gegoede inwo= ners op die dorp oorgeskakel het na septiese tenks en spoeltoilette (C. Farao 1986: onderhoud).

38.5 Gesondheidsdienste

Toe die plaaslike leraar eerw. L.R. Schmidt, wat ook met mediese behandeling behulpsaam was, sy emeritaat in 1949 aanvaar en in Greyton gaan aftree het, het die kliniek 'n groter rol in die gemeenskap begin speel. Die ouer geslag het nog steeds 'n sterk geloof in kruie en potkleipleisters gehad. Die ge= sondheidskomitee van die Bestuursraad en gesondheidsvoorligting op skool het daartoe bygedra om die inwoners van goeie gesondheidsgewoontes bewus te maak. Aan die ander kant het verenigings soos die Weldadigheidsvereniging siekes in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle nood bygestaan (Warnich 1950:153 & 154). Gesondheidsinspeksies is egter op 'n ongereëlde grondslag gedoen. Slegs twee inspeksies het in twin= tig jaar (1926-1947) plaasgevind (Warnich 1950:142). Volgens 'n inspeksie= verslag van 1953 het die meeste inwoners aan longkwale (longontsteking en te= ring) gesterwe. Ander siektes wat die dood veroorsaak het, was maag- en hart= kwale (BR.: Gesondheidsverslag 30.6.53).

Die distriksgeneesheer het twee keer per week vir een tot twee uur die dorp besoek (Warnich 1950:144-147). Die Bestuursraad het die G.B.V.-saal as spreekkamer vir die dokter se besoeke gehuur (BR.: Notule 1949:55)

Hoewel die dorp 'n opgeleide verpleegster gehad het, was daar nog talle onge= kwalifiseerde vroedvroue, t.w. Katrina van der Berg, Anna September, Jakoba Jaars, Martha August, Malie Jantjies, Sissie Swartland en Carolina Absalom, wat dikwels by geboortes gehelp het (BR.: Brief van Sup. aan Afd. Raad, Ca= ledon 12.10.49).

In 1954 het die Departement van Gesondheid ingewillig om 'n bedrag van £300 vir klinieke op sendingstasies beskikbaar te stel vir die aankoop van medi= syne, verbande, ens. (BR.: Kommissaris van Kleurlingsake aan Sup. 19.1.54). Die distriksgeneesheer het gehelp om 'n lys van medisynes op te stel en daar is van die voorsitter van die kliniek verwag om jaarliks 'n geëuditeerde ver= slag aan die Departement voor te lê. Aangesien die plaaslike leraar van die Morawiese Kerk wat ook as voorsitter van die kliniek opgetree het, in ge= breke gebly het om die finansiële state korrek en betyds weg te stuur, het die Departement van Gesondheid in 1957 die geldelike toekenning aan Genadendal teruggetrek (BR.: Sup. aan distriksgeneesheer 10.3.55; Sup. aan Kom. van Kleurlingsake 19.7.55; Kom. van Kleurlingsake aan Sup. 14.9.56).

In 1959 het die Departement van Gesondheid die kliniek in kennis gestel dat hulle (die kliniek) in die posisie behoort te wees om self vir onderhoudskos= te te betaal. Kraamgelde en buitepasiëntgelde moes gehef word. Daar moes ook van straatkollektes, donasies en byeenkomste gebruik gemaak word om in hulle eie behoeftes te voorsien (BR.: Brief van Kom. van Kleurlingsake aan Sup. 26.9.59).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 22 Oktober 1961 is die Genadendalse Welsynsvereniging in die lewe geroep. Sy doelstelling sou wees om verpleegsters in diens te neem en die verantwoor= delikheid vir alle welsynswerk te aanvaar. Die Morawiese kerkraad van Gena= dendal sou as trustees dien. By die jaarlikse algemene vergadering sou 'n komitee gekies word. Die plaaslike leraar sou as voorsitter optree terwyl die verpleegsters in adviserende hoedanigheid sou dien. Alle inwoners ouer as sestien jaar is versoek om aan te sluit en 'n bydrae van 10c per jaar te betaal (BR.: Konstitusie Welsynsvereniging Genadendal). Aangesien hierdie vereniging vir die besoldiging van twee verpleegsters, die huur van die kli= niekgebou en vir die medisynes moes betaal, het dit nie altyd finansieël goed gegaan nie. In 1962 het die vereniging om 'n subsidie by die Departement van Gesondheid aansoek gedoen, maar dit is afgekeur (BR.: Brief van Welsynsvere= niging aan Sup.: 10.3.62; Brief van Sekr. van Kleurlingsake aan Sup. 20.8. 62). Die gevolg was dat die Welsynsvereniging vir jare alleen moes voort= sukkel.

In 1969 het die Bestuursraad aansoek gedoen om die ontheffing van verpligtinge t.o.v. die bestryding van aansteeklike siektes, kragtens artikel 10(2) van die Volksgesondheidswet. Vir die jare 1967 tot 1969 moes die Raad R2 220 inbe= taal. Dit het hospitaalgelde, behandeling van buitepasiënte, spuitstowwe en voedsel aan sorgbehoewende families en pasiënte ingesluit (BR.: Sup. aan Streek= vertw. Dept. Kleurlingsake 30.7.69). Boonop het die Raad ook 'n jaarlikse do= nasie aan die Welsynsvereniging betaal (BR.:Notulepunt 131, 11.7.73). In daardie stadium was die gesondheidsdienste taamlik gefragmenteerd. Verpleeg= sters, gesondheidsinspekteurs en die distriksgeneesheer was almal aan afson= derlike instansies verantwoordelik.

In 1971 het die Departement van Gesondheid onderneem om die Bestuursraad in hulle gesondheidspligte by te staan (BR.: Brief van Kom. van Kleurlingsake aan Streekvertw. 27.5.71). Drie jaar later het die Welsynsvereniging weens finansiële onvermoë ook sy werk aan die Bestuursraad oorgegee (BR.:Notulepunt 131, 11.7.73). Die koördinering van gesondheidsdienste was nou in die hande van één liggaam. Hierna was die Departement van Gesondheid bereid om twee verpleegstersposte met ingang 1 April 1974 te skep. Hulle salarisskaal is op R1 620 x 90 - 1 800 x 120 - 2 520 bepaal en daar is ook vir 'n pensioen= draende toelae en uniformtoelae voorsiening gemaak. Die dienende verpleeg=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sters is in die poste behou (BR.: Brief van Sekr. van Gesondheid aan Streek= direkteur, Bellville 16.9.73).

Op versoek van die Departement van Kleurlingsake het die Bestuursraad besluit om die gesondheidsdienste van 1 Jan. 1977 aan die Afdelingsraad van Caledon oor te dra (BR.: Samespreking tussen Streekvertw. van Dept. van Kleurlingsake en Bestuursraad, 4.4.76; Brief van Bestuursraad aan Afdelingsraad 24.5.76). Die kontrak tussen die twee genoemde rade het gelui dat die Afdelingsraad vir 'n tydperk van vyf jaar verantwoordelik sou wees vir persoonlike gesondheids= dienste asook die bekamping van aansteeklike siektes in terme van die Gesond= heidswet, Wet nr. 36 van 1919, soos gewysig. Die Bestuursraad aan die ander kant sou as vergoeding vir dienste gelewer, verplig wees om aan die Afdelings= raad kwartaalliks 'n sekere bedrag te betaal (BR.: Memorandum van ooreenkoms, Kontrakpunt nr. 6).

In 1980 het die sekretaris van die Afdelingsraad die Bestuursraad in kennis gestel dat die kliniekgebou in 'n baie swak toestand was en die ruimte be= perk en onvoldoen. Hulle het voorgestel dat aandag aan die oprigting van 'n moderne en groter gebou geskenk moes word. 'n Permanente tandarts sou ook in die gebied aangestel word en dus was meer ruimte nodig. Omdat die Provinsiale Administrasie die kraamdienste oorgeneem het, kon 'n gedeelte van die nuwe kliniekgebou aan die genoemde instansie verhuur word (BR.: Brief van Sekr. van Afdelingsraad aan BR., 8.9.80).

'n Nuwe kliniekgebou is opgerig en in 1983 in gebruik geneem. Elke dag is 'n verpleegster vir algemene verpleging beskikbaar. Sy word bygestaan deur 'n voedingsvoorligter wat drie dae per week diens doen.

In geval van nooddienste soos kraamgevalle, beroertes, hartaanvalle, e.a., moet die ambulandsdiens van die Caledonse Afdelingsraad geskakel word om die betrokke pasiënt in Genadendal te haal en na die Caledonse hospitaal te bring. 'n Geneesheer besoek die kliniek een keer per week (8.30vm. - 1.00nm.) en be= handel gemiddeld veertig pasiënte op die dag (P. Carelse 1986: Onderhoud).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

39. BOUKUNS

39.1 Die Kerkplein

Hoewel slegs die ou kloktoring in 1957 as nasionale monument geproklameer is, het geen noemenswaardige aanbouings en veranderings op die Kerkplein plaasgevind nie. Die ou eikebome se verrotte stamme is dikwels met se= ment en klip gestop om die leeftyd te verleng, maar ten spyte hiervan het die meeste bome deur die jare gekwyn. Die maatskappy "Tree Surgery" van Kaapstad is in die sewentigerjare genader om die ou bome se leeftyd met moderne metodes te verleng. Jong eikeboompies is ook geplant waar ou bo= me gevrek het (K. Schiefer 1976: Onderhoud).

In 1977 is die pad van die nuwe laer skool tot by die museum en rondom die kerk geteer. Dit het meegebring dat die geboue minder vuil a.g.v. stof en modderspatsels daar uitgesien het (Die Huisvriend 1977:119).

Van deeglike restourasiewerk was daar egter feitlik geen sprake nie. Die maatskappy Rembrandt het in die sewentigerjare finansieël bygedra om die ou meul van buite op te knap. 'n Werksman wat voltyds in diens geneem is, doen die nodige herstelwerk aan dakke, deure, vensters, ens.

Toe die hoër skool sy eie opslaangeboue gekry het, is die ou Opleidingskool in 'n hostel vir hoërskoolseuns omskep. Op 21 April 1957 is dit as die eerste hostel vir bruin hoërskoolleerlinge in die land geopen. Die koshuis sou as Huis Herrnhut bekend staan. Soos die aantal loseerders toegeneem het, is die geboue aan beide kante van Huis Herrnhut ook by die koshuiskom= pleks ingelyf. Altesaam 140 seuns wat van oral oor die land gekom het, kon in hierdie drie geboue Herrnhut; Kühnel (die ou losieshuis) en Hallbeck ('n ou skoolgebou) gehuisves word (Schaberg s.j.:224 & 47).

In 1977 is tussen Huis Herrnhut en Kühnel 'n moderne kombuis en studiesaal met 'n rietdak beplan en opgerig wat in 1978 ingewy kon word (Die Huisvriend 1977:119).

In die vyftigerjare is 'n begin gemaak om 'n moderne laerskoolkompleks langs

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die ou logement aan die onderkant van die ou meulstroom aan te lê. Die werk sou in verskillende fases aangepak word. Dit was die eerste siersteen- en asbesdakgeboue in die dorp. Die eerste vier klaskamers is in 1956 ingewy en in 1959 en 1962 is 'n verdere twaalf kamers aangebou (Die Huisvriend 1962: 176; Schaberg s.j.:47).

Omdat die ou skoolgeboue ontruim is, kon een van die geboue met 'n paar ver= anderings in 1963 in 'n koshuis vir 75 hoërskoolmeisies omskep word (Die Huis= vriend 1962:176). Mej. Mathilde Kroneberg is as matrone van die koshuis ge= naamd Hester Dorothea (die moeder van die matrone en eggenote van 'n voormali= ge leraar) aangestel (Schaberg s.j.:95). 'n Ander skoolgebou kon as 'n was= huis vir die hostelle ingerig word terwyl die derde gebou in 1966 as tydeli= ke museum in gebruik geneem is (Schaberg s.j.:94). Die ou skoolkantoor is in Mei 1970 as boekdepot van die plaaslike drukpers ingerig met mnr. H. Pie= ters as bestuurder (Schaberg s.j.:131).

'n Ander behoefte wat gedurende die sestigerjare ontstaan het, was om 'n vei= lige bewaarplek te vind vir die duisende briewe, dagboeke, verslae en ander rekords van die Kerk wat tot uit die 18de eeu dateeer en wat in geelhoutkaste in die Middelhuis bewaar was. Een van die kamers in die kerkkantoor is brand= vas gemaak deur die houtdeur en houtraamvensters met staal te vervang en die solder met 'n betonlaag te bedek. Hierdie kamers het van 1965 tot 1982 as argief gedien totdat alle dokumente na die Morawiese Teologiese Sentrum in Heideveld, op die Kaapse vlakte oorgeplaas is (Schaberg s.j.:95).

Op Donderdag, 24 Maart 1966, is die eerste openbare biblioteek van Genaden= dal in die ou leerlooiery en graanskuur geopen (M.A. I7c: Opening van Gena= dendal Biblioteek).

In 1980 is die hele Kerkplein tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar en daardeur is verseker dat hierdie unieke kern met sy Kaaps-Hollandse boustyl vir die nageslag bewaar sal bly (Government Gazette, 20 Mei 1980).

In 1986 het die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede in samewerking met die Morawiese Kerk die Genadendal-Sendingtrustfonds in die lewe geroep met die doelstelling om deur fondsinsameling restourasieprojekte aan die geprokla=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meerde kern aan te pak. Die eerste projek vir 1986 is om die oudste gebou in Genadendal (Die ou Sendelingkamers, 1793) tot sy oorspronklike te restou= reer en dan as 'n koffiekamer vir besoekers te gebruik. Die argitekte Van der Riet en Le Grange van Kaapstad is genader om leiding te gee met die re= konstruksie van die gebou waarvan die voorkoms deur die jare baie verander het (M.A.: Sendingtrustfonds Genadendal). Hierdie projek sal dan met die 250-jarige jubelfees in 1987 saamval.

39.2 Die ou dorpsentrum (Victoria-plein)

Met die ontbinding van die I.O.T.T. en Victoria-begrafnisvereniging in 1985 en 1986 onderskeidelik het die Genadendal-sorgsentrum, wat regstreeks onder beheer van die plaaslike Morawiese Kerkbestuur resorteer, die twee sale en kliniek gekoop. Nadat die nodige herstelwerk aan die sale aangebring is, word daar gereeld danspartye en ander byeenkomste hierin gehou. Die I.O. T.T.-saal is in 'n kombuis van die Genadendal-sorgsentrumvoedingskema omskep en bied daagliks sop en toebroodjies aan skoolkinders. Die kliniek word gebruik om hoë proteïnevoedsel, soos melkpoeier, hawermout, droëbone, len= sies, gort en sojabone, aan die inwoners te verkoop (N. Wessels 1986: Onder= houd).

Die verhuurders (inwoners) van die poskantoor- en raadskantoorgeboue het dié geboue ná die beëindiging van die onderskeie huurkontrakte, in woonhuise om= skep terwyl die Lirpa-saal reeds in die sestigerjare nie meer as ontspanning= saal gebruik word nie. Nadat die Bestuursraad dit vir 'n tyd lank as pak= kamer gehuur het, is dit tans 'n ongebruikte en vervalle gebou.

39.3 Woonhuise

As 'n mens die aantal woonhuise van 1956 (774), 1962 (736) en 1986 (593) ver= gelyk, kom jy agter dat daar oor die afgelope dertig jaar 'n merkbare afname was. (BR.: Brief Gesondheidsinspeksieverslag, 28.9.56; Notule 8.9.62; per= soonlike waarneming). 'n Verskynsel in die ou woonbuurte is dat waar die rietdakhuisies se dakke en gewels begin ingee, sinkwonings in die agterplase

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opgeslaan word. Altesaam vyftig sinkwonings kom vandag in die dorp voor (Persoonlike waarneming 1986).

Van die woonhuise wat in die vyftigerjare opgerig is, is met bakstene gebou. In Sewefontein het M. Cloete in 1950 'n perseel van 40 treë x 50 treë van die Bestuursraad teen £1 per jaar gehuur waar stene gevorm en in oonde ge= brand kon word (BR. Notule 1950:199). In 1953 is ook aan A. du Plessis toestemming verleen om 'n steenmakery in Platkloof aan die westekant van die dorp te begin (BR. Notule 1953:516). Behalwe stene was dennebalke en dekstrooi steeds plaaslik bekombaar en dus was sement, deure en vensters die enigste boumateriaal wat buite die dorp aangekoop moes word.

In 1981 het die Departement van Bosbou die meeste dennebome in die dorp begin afsaag omdat dit blykbaar 'n bedreiging vir die Kaapse fynbos inhou. Duisende bome is gevel en 'n jaar later aan die brand gesteek. Vandag as 'n inwoner hout benodig, moet hy dit in Caledon gaan koop. Rogstrooi wat 'n belangrike dekmateriaal was, het ook in die laaste jare skaars geword omdat daar nie meer soveel saaiboere in die dorp is nie. Volgens 'n op= name wat in 1986 gemaak is, kom daar slegs 24 woonhuise (behalwe dié op Kerkplein) voor wat nog met strooi gedek is. Agtien woonhuise se dakke is gedeeltelik met sink herstel terwyl twee teël- en die res almal sinkdakke het (Persoonlike waarneming).

Gemoderniseerde woonhuise met sinkdakke en staalraamvensters

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die dorp is vandag twee plekke waar net sementstene en blokke gemaak word. Hierdie stene bestaan uit 'n mengsel van sement en sand. Dié mengsel word effens met water nat gemaak totdat dit klam vertoon. Hierna word dit in vorms gegooi, vasgestamp en versigtig op houtplankies uitgeskud en in die son geplaas om droog te word (G. Smith 1986: onderhoud). Feitlik alle huise wat in die afgelope 10 jaar opgerig is, is met sementstene gebou.

In 1972 is baie van die bouvalle gesloop en moderne woonhuise het in hulle plek verrys (BR.:Notulepunt 5, 19.4.72). Die algemene voorkoms van die moderne huis is dat dit 'n sinkdak, 'n stoep, groot staalraamvensters en 'n glasdeur het. Aangesien hierdie huise teen die heuwelhellings opgerig word, bring dit aansienlike kostes mee omdat die fondamente uitgebou en opgevul moet word. In die meeste gevalle is daar 'n hele aantal sementtreetjies wat na die voordeur lei. Een van die woonhuise in Sewefontein het altesaam 29 tree= tjies en dus het die eienaar ook sy huis die naam "29 Steps" gegee (Persoon= like waarneming 1986).

George Greystraat het vandag die meeste moderne woonhuise terwyl Onder-Klip= perstraat, waar minder gegoede mense woon, nog van die ou woonhuisies het wat baie vervalle en verwaarloos daar uitsien (Persoonlike waarneming 1986).

Opknapping en modernisering aan die ou woonhuise het dikwels deur die jare geskied. Om 'n kleimuur met sement af te pleister, het slegs vir 'n kort tydjie gehelp omdat die sement nie met die kleimuur bind nie. Wanneer die strooidak met 'n sinkdak vervang is, is die wolfneusgewel, wat 'n gewilde voorgewel was, ook afgebreek. In sommige gevalle is die geboude trap langs die entgewel wat na die solder lei met 'n bamboesleer met eikehoutsporte ver= vang. Ekstra kamers is gewoonlik aan die agterkant van die huis aangebou. In sulke gevalle het hierdie aanbouings 'n plat sinkdak. Die klein houtraam= venstertjies moes dikwels plek maak vir groot oopswaai-staalraamvensters en die bo- en onderdeur is met òf 'n soliede hout- òf 'n glasdeur vervang. Af= dakke is ook by enkele woonhuise aangebring. Huise wat op hierdie wyse ge= moderniseer is, skep die indruk dat hulle oorspronklik so beplan is. Die dik mure en die spaansrietsolder verraai egter hulle oorsprong (Persoonlike waarneming 1986).

Wat die algemene netheid en sindelikheid betref, verteenwoordig die dorp al=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bei uiterstes, nl. die hoogste mate van sindelikheid en die laaste graad van slordigheid. In die algemeen word egter 'n redelike mate van sindelikheid gehandhaaf (Warnich 1950:97 & 99).

By die hoërinkomstegroep word moderne meubelstukke, elektirese toestelle, te= leviesiestelle, musiekinstrumente (soos klaviere, ens.) aangetref. Die laer= inkomstegroep kom nog klaar met kerse en lampe. Die meubels is karig en kolestowe word nog gebruik. Waar gegoedes se huise met glans- en waterwerf geskilder is, maak die ander steeds van kalk en klei gebruik. Daar is ook 'n neiging vandag om nie meer die portrette van die voorouers in die voorkamers op te hang nie. Morawiërs hang meestal nog hulle konfirmasiekaarte op, ter= wyl lede van die Apostoliese Kerk foto's van hulle kerkleiers in die voorka= mer vertoon (Persoonlik waarneming 1986).

Op 6 September 1966 het lede van die Historiese Monumentekommissie weer 'n besoek aan Genadendal afgelê. 'n Komitee bestaande uit mnre. Malan (sekr. van Monumentkommissie), Van Zyl (lid van die Munumentekommissie), prof. Scholtz (lid van die Monumentekommissie) en mnre. J.J. Strydom (Dept. van Kleurling= sake) en C.S. Meder (Bestuursraad) is aangewys om die bewaringswaardigheid van vyf woonhuise in Marsveldstraat (B24 - B28) drie huise in Strydomlaan (A19, 10 & 11) en een woonnuis van George Greystraat (A17) te ondersoek (BR.: Briewe Sup. aan Sekr. van Kleurlingsake: 12.9.66 & 18.10.66; Brief van Kom. aan Sekr. van Kleurlingsake: 25.11.66). Die houding van die Departement van Kleurlingsake was teleurstellend in die sin dat hulle nie bereid was om fond= se beskikbaar te stel vir die bewaring van historiese geboue nie (BR.: Brief van Kleurlingsake aan Sekr. van Kommissie: 14.12.66).

Hierna is geen verdere pogings weer aangewend om sekere geboue in die dorp vir die nageslag te bewaar nie. Inteendeel, nuwe dorpsplanne is deur die owerheid ontwerp en aan die Bestuursraad vir goedkeuring voorgelê (BR.: Dorpsbeplanning).

39.4 Dorpsbeplanning

In die sestigerjare was daar heelwat huise wat onbewoon en bouvallig geraak het. Redes wat hiertoe aanleiding gegee het, was dat jongmense nie in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

huise van hulle ouers belang gestel het nie omdat baie van hulle in ander dorpe en stede werksaam was. Genadendal het geen toekoms wat werksgeleent= hede betref aan hulle gebied nie en gevolglik het hulle hulle elders gaan vestig. Dié wat agtergebly het, was gewoonlik die bejaardes wat nie hoë herstelkoste aan hulle huise kon bybring nie. In 'n uitgestorwe boedel kon die huis nie verkoop word nie, die huiserf het ook geen verkoopswaarde gehad nie omdat die inwoners nie eiendomsbewys vir die grond gehad het nie. Gevolglik het baie huise leeg gestaan. Ander faktore wat genoem kan word, is dat oordragte (Wanneer die perseel van een inwoner op 'n ander se naam geregistreer is) soms baie lank geduur het en dikwels ook deur die Depar= tement van die hand gewys is. Diegene wat wel kon beskostig om herstel= werk te laat doen, was huiwerig om kostes aan te gaan omdat daar dikwels van owerheidsweë verneem is van 'n nuwe dorpsontwikkelingsplan wat hulle huise in gedrang sou bring (Backman 1966:79; F. Magerman 1986: Onderhoud). Die Superintendent het 'n voorstel aan die Dept. van Kleurlingsake voorge= lê dat, waar nodig, die huise van die mense opgekoop moes word om die be= staande paaie te verbreed (BR.: Brief van C. Meder aan Kleurlingsake 18. 9.61).

Op die buurdorpe Greyton en Caledon is heelwat gesinne deur die Groepsge= biedewet uit hulle woongebiede verdring. Baie van hulle was vriende en familie van Genadendallers. In Genadendal het in dié tyd ook 'n riemte= legram die rondte gedoen dat die inwoners na 'n heuwel buite die dorp ver= skuif sou word (F. Magerman 1985: Onderhoud; M.A.: Verslag deur P. Scha= berg, 10.1.65). In die vroeë sewentigerjare is alle bouery in die dorp bevries en die inwoners is gevra om op die nuwe dorpsplan te wag. 'n Toe= gangspad (Magermanlaan), soos voorgestel deur die Administrasie van Kleur= lingsake, sou beteken dat baie woonhuise in die slag sou bly (BR.: Notule punt 19(d), 9.2.72; 3, 10.4.72; 7.6.72; 137, 8.11.73). Hierdie tagtig voet breë pad sou dan lei tot 'n sakesentrum op Monumentplein. 'n Inter= departementele dorpsbeplanningskomitee wat Genadendal op 7 Aug. 1970 besoek het, wou by die Superintendent 'n lys van alle inwoners van Monumentplein, asook die waardes van hulle woonhuise hê. Dit het dertien woonhuise, drie sale, 'n kliniek, drie sakeondernemings, die poskantoor en die Raadskantoor ingesluit (BR.: Brief van Streekverteenwoordiger Worcester 13.5.1971; Ant= woord van Sup. 15.6.71).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 12 April 1972 het mnr. W. Kriegler, 'n amptenaar van die Dept. van Kleur= lingsake in 'n toespraak die toestand van die dorp soos volg geskets: "Van nuwe geboue en vooruitgang is daar amper geen sprake nie, die huise wat nie alreeds bouvallig is nie is vinnig op pad om vervalle te raak, die tuine word net hier en daar bewerk en die dorp se jongmense trek weg omdat hulle hier geen bestaan kan of wil maak nie. Dit het 'n plek vir pensioentrek= kers geword. Maandeliks word R7 717 aan ouderdomspensioene en ander toe= laes hier uitbetaal, met ander woorde 'n groot deel van Genadendal se koop= krag kom uit die Regering se kas. Vanaf 1967 tot 1971 is nie minder as R22 000 aan ontwikkelingswerke deur die Administrasie van Kleurlingsake hier bestee aan kampheinings, veesuipings, boorgate, huishoudelike water, wind= pompe, dipbakke, hakeabestryding, paaie, brûe en 'n trekker met 'n sleepwa. Hierdie geld het u byna verniet gekry want u betaal slegs een tiende daar= van aan die Staat terug. As dit nie vir hierdie ontwikkelingswerke was wat my kantoor hier onderneem het nie dan wonder ek wat die toestand sou gewees het. Behalwe die saaikas wat die Raad aangekoop het, kon ek aan niks anders dink wat uit Raadsfondse hier tot stand gebring was nie en dit in meer as tien jaar se tyd van selfbestuur (...) Sake sal nie so kan voortgaan nie anders is Genadendal een van die dae 'n spookdorp" (BR.: No= tulepunt 47, 12.4.72).

Die skuld is voor die deur van die Bestuursraad gelê en dit het voorgekom asof die owerheid self die ontwikkeling van die dorp in eie hande wou neem en dat die Raad slegs hulle goedkeuring aan elke voorgelegde projek moes gee. Die plaaslike leraar van die Morawiese Kerk, eerw. K. Schiefer, het dit dadelik onder die Superintendent se aandag gebring dat die inwoners van die dorp by alle beplannings geken moes word en dat daar gewaak moes word teen 'n "lokasie" soos vir die Greytonse bruin inwoners gebou is. Elke inwoner moes die reg hê om sy huisie individueel te beplan en nie soos die "baas" vir hom voorskryf nie (BR.: Brief van Schiefer aan Superinten= dent 28.7.72 & 22.2.73). In daardie stadium was die nuwe dorpsplanne vir die Bestuursraad heeltemal onbekend, en dit is stuksgewys aan hulle voorge= lê, soos bv. die toegangspad en later weer die polisiekantoor, om daaroor te besluit. By 'n Bestuursraadvergadering op 14 Maart 1973 is besluit om die owerheid te versoek om die beoogde beplanning in die geheel voor te lê alvorens die inwoners finaal daaroor kon besluit (BR.: Notulepunt 47, 14.3. 73). Op 6 Junie 1973 het die Raad vir die eerste keer insae gekry in planne

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat min of meer soos volg daar uitgesien het:

1. Erwe : Vir uitbreiding van die woongebied moes 1 200 woonerwe van 6 000-7 000 vk.vt. by die ingang van die dorp gemeet word.
2. 'n Nuwe primêre skool.
3. 'n Kleuterskool in Bergstraat en Sewefontein.
4. 'n Ouetehuis.
5. 'n Kliniek, polisiestasie en hotel by die Burgersentrum in Strydomlaan.
6. 'n Toegangspad van tagtig voet breed.
7. Verbreding van Bergstraat, Koringlandskloofstraat en Kloofstraat.
8. 'n Verbindingspad tussen Oos- en Wesdorp.
9. 'n Motorhawe en bussentrum by die ingang van die dorp.
10. Watervoorsiening aan Wesdorp.
11. 'n Sportkompleks. (BR.: Dorpsbeplanningkommissie 1973).

Bewaringsinstansies, soos die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede en die Stigting Simon van der Stel, het intussen van die beplande ontwikkelings= werke verneem en het onmiddellik die Bestuursraad en owerheid in kennis gestel dat hulle besorg is oor die moontlike skending van die dorp se ar= gitektoniese skoonheid (BR.: Brief van Stigting 22.6.73; Brief van RNG 2.9.73).

Op 4 Nov. 1975 is 'n lid van die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoor= digende Kleurlingraad belas met landelike gebiede, mnr. G.J. Fortuin, aan= gewys om met die Bestuursraad en verteenwoordigers van alle belanghebbende partye in Genadendal oor die nuwe dorpsbeplanning te gesels. Afgevaardig= des van die verskillende skole, sportklubs, kerke en verenigings het hier= die vergadering bygewoon. Soortgelyke vergaderings waar die konsepplanne van die owerheid gewysig of verwerp en waar nuwe voorstelle ingedien kon word, is vir 'n jaar lank elke maand gehou (BR.: Dorpsbeplanning vergade= ring notules, 26.11.75; 9.12.75; 3.2.76; 24.2.76; 15.6.76; 13.7.76; Die Huisvriend 1977:119).

Ontwikkelingswerke wat tydens hierdie vergaderings goedgekeur is, sou op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n baie langsamer wyse uitgevoer word. Ontwikkelingswerke wat sedert= dien aangepak is, sluit o.a. in:

* Die verbreding van Bergstraat.
* Die bou van 'n sementwatersloot in Bergstraat.
* 'n Behuisingskema buite die dorp (1983)

Wat die lg. projek betref, is twee huisies van vyf vertrekke elk met se= mentsteenmure en sinkdakke wat min of meer die voorkoms van die tradisio= nele dorpshuisies het, opgerig. In 1984 is hierdie woonhuise die enigste wat kaart en transport gehad het, teen R14 500 elk verkoop. Langs die ou dorpsentrum (Victoriaplein) is vier tuinerwe van die inwoners oorgeneem waar drie moderne geboue opgerig is, t.w. 'n kliniek wat 'n ontvangslokaal, kantoor, spreekkamer vir 'n dokter, spreekkamer vir 'n verpleegster, spreek= kamer vir 'n tandarts, 'n spreekkamer vir verpleegsters van die Provinsi= ale Administrasie, 'n pakkamer en speltoilette ingesluit het. Die gebou is reghoekig met 'n afdak en stoep, swaairaamvensters en 'n teëldak. Dit is in 1983 in gebruik geneem. Die nuwe Poskantoor en Raadskantoor is in Jan. 1984 in gebruik geneem. Die nuwe Poskantoor en Raadskantoor is in Jan. 1984 en Jun. 1984 onderskeidelik in gebruik geneem en is in dieselfde styl as die kliniek gebou. Die Raadskantoor het 'n ontvangslokaal, vier kantore, 'n raadsaal, kombuis, pakkamer, kluis en spoeltoilette.

In 1982 het die Bestuursraad aan die Departement van Gemeenskapsontwikkeling goedkeuring verleen om 'n polisiekompleks by die ingang van die dorp op te rig (BR.: Brief van Gemeenskapsontwikkeling 26.8.82). In Aug. 1985 het die bouwerk begin. Dit sluit drie polisiewoonhuise, vier selblokke en 'n polisiestasie in. (BR.: Terreinplanne Mrt. 1983: Tekening nrs. 20490/1; 20490/2; 20490/3).

39.5 Sale en skole

In 1955 het 'n inwoner, F.C. Cloete, aansoek gedoen om 'n gemeenskapsaal 70 voet x 40 voet, op 'n droëtuinperseel (K II 2) op te rig (BR.: Notule

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1956:302, 363 & 415).

In 1956 is die hoër skool verskuif na opslaangeboue op 'n perseel wat deur die Bestuursraad toegeken is. Dit was 'n plankkonstruksie en sou slegs as tydelike skoolgebou dien totdat steengeboue ('n skool met hostelle) opgerig sou word (C. Christians 1985: onderhoud). Hierdie geboue is nooit vervang nie en dien steeds vandag as plaaslike hoër skool.

39.6 Sakeondernemings

In 1949 is 'n platdaksaal deur die belastingbetalers in Bergstraat opgerig (BR. Notule 1949:85). 'n Haarkappersalon is in 1951 deur S. Jonker op die rivierwal aan Monumentplein opgerig (BR. Notule 1951:303). Hierdie onderneming was egter nie lonend nie en is na etlike jare gesluit. Van= dag is net die fondament van die gebou nog oor (Persoonlike waarneming 1986).

Die volgende tabel toon die aantal sakeondernemings oor die afgelope jare aan:

	1953	1962	1971	1986
Algemene handelaars	9	11	7	6
Kafees	3	7	1	4
Slaghuise	5	3	2	3
Supermarkte	-	-	-	1
Smouse	4	4	4	5

(BR.: Lisensiehouers 1953-1986).

Die algemene voorkoms en inrigting van die sakeondernemings is deur die jare, net soos op ander dorpe, gemoderniseer. Houttoonbanke is met glastoonbanke, wat die handelaar as uitstalruimte kan gebruik, vervang. Ouderwetse skale en geldlaaie het vir moderne toerusting plek gemaak. Klandisie se goedere word nie meer in koerantpapier toegedraai nie maar plastieksakkies word gebruik. Om "op die boek" (op rekening) te koop,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is ook iets van die verlede. Groothandelaars en verkoopsagente doen daag= liks hulle rondtes in die dorp. Die nuutste toevoeging op handelsgebied is die selfbedieningwinkel (supermark) wat deur een van die inwoners in 1982 geopen is (Persoonlike waarneming 1986).

Die slaghuise het dikwels onder skerp kritiek van gesondheidsinspekteurs deurgeloop. Hoewel die verkoopslokale netjies, skoon en met vliegwering beskerm was, was daar geen keuring of karkasinspeksie nie. Verkoelgerie= we het ook ontbreek. Al die vleis is gewoonlik in die voormiddag uitver= koop sodat die slaghuise die res van die dag toe was (Warnich 1950:142-144).

In 1964 het drie slagters elk sy eie slagplaas buite die dorp, op die wes= telike oewer van die Baviaansrivier opgerig. Volgnes 'n staatskennisge= wing is slagplase as 'n aanstootlike bedryf geklassifiseer en dus moes dit buite die dorp kom (BR.: Sekr. van Kleurlingsake aan Salgter A. du Plessis 7.9.63; Sup. aan Kleurlingsake: 29.2.64). Die slagters was egter nie geneë met die ligging van die slagplase nie omdat die rivierwater vuil en in die somermaande onvoldoende was (BR.: Prokureurs Cuthrie & Theron aan Bestuursraad 26.8.64). In 1966 het die Raad toestemming verleen dat die ou slagplekke in die dorp met die nodige verbeterings weer gebruik kon word (BR.: Notulepunt 120, 13.10.66).

Nadat Evkom-krag in die sewentigerjare aangelê is, het die slagters oorge= slaan na moderne toerusting soos elektirese bandsae en koelkamers (Persoon= like waarneming 1986).

39.7 Paaie en brûe

Aangesien die dorp in die vroeë jare geen swaar en druk motorverkeer gehad het nie, was dit nie nodig om soveel aandag aan padontwikkeling te skenk nie. Trekkers en stootskrapers was nie juis nodig nie omdat die straatopsigter met sy graaf en kruiwa elke dag alle gaatjies in die hoofstraat met gruis gevul het. Afvoerslote is gereeld skoongehou sodat die reënwater nie oor die paaie kon spoel en dus onnodige herstelwerk veroorsaak nie. Die ver= breding van paaie was ook nie nodig vir die donkiekarre nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die toename van moderne verkeer het die Bestuursraad genoop om meer aandag veral aan die hoofpad te skenk. Elke jaar is wegbelasting aan die Afde= lingsraad van Caledon betaal wat op hulle beurt gesorg het dat die hoofpad periodiek geskraap is. Uit die korrespondensie tussen dié twee rade word afgelei dat die ooreenkoms nie altyd vlot verloop het nie. Daar moes dik= wels baie lank op die Afdelingsraad gewag word voordat die nodige skraap= werk gedoen is (BR.: Padbou Brief van Afd. Raad 14.11.52; 3.6.53; Brief Bestuursraad 29.12.53; 7.11.55). Die Genadendalse paaie is sedert 1955 twee tot drie keer per jaar geskraap (BR.: Brief aan Afdelingsraad 19.8.55).

Aangesien die dorp se strate geen name gehad het nie, is daar in 1956 'n kommissie deur die Raad aangewys om voorstelle vir geskikte straatname voor te lê. Drie Morawiese predikante, eerw. D. Beukes, D. Wessels en L. Schmidt, sou daarin dien. Eerw. Schmidt kon egter nie die benoeming aanvaar nie (BR. Notule 1956:382). Die hoofweg is vernoem na die eerste Superintendent van die Bestuursraad: Strydomlaan. Die oosdorp het die volgende straat= name gekry: Kühnelstraat (sendeling), Hallbeckstraat (sendeling), Kölbing= straat (sendeling), Marsveldstraat (sendeling), George Greystraat (goewer= neur) en Bergzightlaan. Die wesdorp se straatname was: De Lenalaan (een van die eerste dopelinge), Carl Jonasstraat (eerste geordende predikant), Bergstraat, Kloofstraat en L.R. Schmidtlaan (sendeling). Die suiddorp se straatname was: Magermanlaan ('n bekende familie in die Volkskerk), Volks= weg (na die kerk vernoem) en Jansenweg (goewerneur) (BR. Notule 1956:404). In 1964 is 'n dubbele ry bloekombome langs die hoofweg aangeplant (BR.: Brief Sup. aan Sekr. van Kleurlingsake 19.5.64).

Aangesien die voorruite van voertuie dikwels beskadig is op die 30 km. gruis= pad tussen Genadendal en die nasionale pad (N2) deurdat los klippe opgespat het, is vertoë deur die Superintendent namens die 65 motoreienaars van Ge= nadendal tot die Afdelingsraad gerig om dié pad te teer (BR.: Brief van Sup. Sekr. van Kleurlingsake 28.4.64). Die Afdelingsraad se antwoord was dat hulle dit nie belangrik genoeg ag om die pad vir die volgende vyf jaar op hulle padbouprogram te plaas nie (BR.: Provinsiale padingenieur aan Sekr. van Kleurlingsake 12.5.65). Gevolglik is dié werk eers in 1980 aangepak. Elke jaar is net 'n paar kilometer geteer en vandag is tot by die historie= se brug gevorder en 'n nuwe brug oor die Sondereinderivier is in aanbou (Persoonlike waarneming 1986). Die ou Genadendalbrug (vernoem na die sen=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deling Beinbrecht) is in 1955 as nasionale gedenkwaardigheid verklaar (BR.: Notule 1955:259).

Gedurende die nag van Dinsdag, 21 Aug. 1962, het die vloedwaters van die Baviaansrivier die drie brûe wat die oosdorp met die wesdorp verbind, weg= gespoel. Ook die hoofbrug in die dorp (Magennisbrug) wat in 1931 gebou is, is meegesleur. Drie dae lank kon die kinders en onderwysers nie die skole bywoon nie. Vir byna 22 maande moes voetgangers en motoriste die ongerief verduur om die rivier deur 'n drif te kruis. Na maandelange onderhande= linge het die Departement van Kleurlingsake besluit dat bouwerk aan 'n nuwe brug in Januarie 1964 onderneem sou word (BR.: Verslag van Superintendent aan Sekr. van Kleurlingsake 24.9.62; Brief landdros Sup. 14.9.62; Brief Kleurlingsake aan sup. 28.2.63; Brief Kleurlingsake aan Afdelingsraad 17. 9.63).

Die bouwerk is teen 'n totale koste van R14 326,93 voltooi en op 27 Maart 1965 kon die brug ingewy word. Dié brug is na die Sekretaris van Kleur= lingsake, mnr. D.J. Bosman, vernoem (BR.: Briewe van Sup. aan Sekr. van Kleurlingsake 19.5.64; 19.7.65).

Die Magennisbrug, 1931
(Foto in besit van skrywer).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

40. LEEFWYSE VAN DAG TOT DAG

40.1 Feeste

(a) Morawiese kerkfeeste

Die belangrikste Morawiese kerkfeeste wat gedurende die jaar gevier word, word deur die onderstaande skematiese voorstelling en simbole aangedui:



Die Kerklike Jaar

(Die Huisvriend 1970:2).

Advent word die vier Sondae wat Kersfees voorafgaan, gevier. Gedurende hierdie tyd word die Herrnhut-ster ('n kartonster met agt punte waarin 'n gloeilampie brand) in die kerk en woonhuise opgehang.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op Kersfees kom daar nie meer soveel besoekers soos in die vorige eeu na Genadendal nie. Kersbome kom weinig voor en die Bethlehem-uitstalling word nie meer gehou nie. In hierdie tyd maak baie mense klaar om die so= mervakansie elders te gaan deurbring sodat daar vir die Nuwejaardiens slegs enkele kerkgangers opdaag.

Paasfees is die grootste fees, wanneer die dorp deur duisende gaste besoek word. Kerkdienste en danspartye wat gedurende dié naweek aangebied word, word ewe goed besoek. Die jaarlikse kerkbasaar en rugbywedstryde vind op Paasmaandag, die hoogtepunt van die naweek, plaas. Die Dinsdag hierna volg 'n skielike stilte na die naweek se gewoel. Die dorp se strate is besaai met papiere en vullis terwyl die dorp se sakemanne baie tevrede voel met die winste wat hulle met hulle verkopings oor dié naweek gemaak het.

Ander belangrike feeste is die Liefdemaal (Liefdefees) en Kinderfees wat op die Sondae naaste aan die 13de en 18de Aug. gevier word. Mense wat die res van die jaar nooit die kerk besoek het nie, sorg ook dat hulle op dié fees= dae in die kerk is. Nagmaal tydens hierdie feeste hou 'n besondere beteke= nis vir die Morawiërs in en gee aan baie kerkgangers 'n gevoel van vroomheid en regverdigheid. Almal is dié dag in swart geklee en die vroue se hoofde met wit kopdoeke bedek. Vir baie kinders is die Kinderfees net 'n dag waar bolletjies geëet en tee gedrink word, terwyl die ware betekenis nie duide= lik onder hulle aandag gebring word nie (Persoonlike waarneming). Die res van die feeste soos op die skematiese voorstelling aangedui, neem die vorm van gewone kerkdienste aan.

Ander kerkfeeste wat in hierdie tyd gevier is, was die gesangboekfees van 18 Des. 1949. Op hierdie dag is die eerste Afrikaanse gesangboek van die Mo= rawiese Kerk in gebruik geneem. (Schaberg s.j.:73). Op Sondag, 13 Okt. 1968, is 'n basuinfees in Genadendal gehou waaraan twaalf verskillende kore van die Morawiese Kerk deelgeneem het (M.A.: Basuinfeesprogram 1968).

Behalwe die inwydingsfeeste van die nuwe laerskoolgebou, hostelle vir seuns en meisies en die Jeugsentrum in die kloof, die Museum en Biblioteek, is ook verskillende jubelfeeste gevier (M.A.: Programme van Inwydingsfeeste en ju= belfeeste). Die aard van die feesverrigtinge was dieselfde as in vroeër jare, nl. 'n liturgiese diens van sang en gebed. Soms is 'n gedenkplaat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onthul en kort toesprake gehou.

(b) Ander feeste

Hoewel Konings- of Koninginsverjaardag nog in die vyftigerjare gevier is, het dit vandag heeltemal doodgeloop. Die kroningsdag van koningin Eliza= beth II op 2 Junie 1953 is luisterryk gevier. Op dié dag was die preek= stoel in die Morawiese Kerk met 'n wit doek oorgetrek en met blomme ver= fraai. Aan die onderkant van die preekstoel is 'n kussing met 'n repli= ka van die koninklike kroon geplaas. Eerw. L.R. Schmidt het die diens ge= lei, die verhaal van die koningskap in Engeland geskets en die gemeente ge= vra om die vorstehuis in hulle gebede te onthou. Die lied van L.R. Schmidt "O Volken staat zamen", wat ook by die kroning van George V en van George VI gesing is, is weer gehoor. Mej. Maria April was die solis terwyl die ge= meente biddend op aandag gestaan het. Die diens is met "God save the Queen" afgesluit (M.A.: Kroningsviering, 2.6.1953).

Oesdankfees -
tuingewasse voor preekstoel uitgestal
(M.A.)

Vir 1 Mei 1968 het die Bestuursraad van die dorp 'n program opgestel om die Fees van die Grond te vier. By die geleentheid het die Sekretaris van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kleurlingsake die feesrede gehou. Die skoolkore het sangnommers gelewer, 'n uitstalling is gehou en twaalf boompies is geplant (BR.: Program, Fees van die Grond).

Op 12 Junie 1970 is die Waterjaar op die dorp gevier. By dié geleentheid het die Kommissaris van Kleurlingsake, mnr. T. Gaum, die feesrede gehou. Die verskillende skoolkore en die S.A.P.-orkes het musieknommers gelewer. 'n Uitstalling is gehou, vertonings van liggaamsoefeninge aangebied en die verrigtinge is met die volkslied, "Die Stem", afgesluit (BR.: Program, Water= jaar 1970).

40.2 Verenigingslewe

(a) Algemeen

Hoewel die begrafnisverenigings (Victoria en G.B.V.) nog 'n bloeiende bestaan gedurende die vyftigerjare gevoer het, het daar 'n skielike insinking in die sestigs ingetree. Gedurende die sewentigerjare was dit duidelik dat dié ver= enigings besig was om hulle funksie in die gemeenskap te verloor. Doodskis= te is nie meer plaaslik vervaardig nie en baie inwoners het by begrafnison= dernemers soos Hoogendoorn en Goodall & Kie. aangesluit. Nadat baie lede van die Victoria-begrafnisverniging polisse by "Bourne Brothers"-begrafnis= ondernemers uitgeneem het, is die vereniging ontbind en hulle saal in 1985 aan die Morawiese Kerk verkoop. Die G.B.V. het vandag slegs enkele lede terwyl hulle saal, wat in 'n vervalle toestand is, deur die Genadendalse kleuterskool gebruik word (F.C. Cloete 1986: onderhoud; N. Wessels 1986: onderhoud).

Gedurende die vyftigerjare het die I.O.T.T. sestig lede gehad waarvan net dertien mans was. Hierdie vereniging het in daardie stadium nie meer juis 'n invloed op die inwoners gehad nie. Hulle saaltjie is vir allerlei by= eenkomste verhuur en het later heeltemal in onbruik geraak totdat die Mora= wiese Kerk dit in 1986 oorgeneem het (Warnich 1950:179; Persoonlike waar= neming).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toe die Christelike Manne- en Jongelingsvereniging heeltemal van die toneel verdwyn het, het die Jonge Meisiesvereniging, wat in 1950 slegs vyftien lede gehad het, steeds voortgesukkel (Warnich 1950:176). Genoemde verenigings is vandag deur jeugverenigings van die onderskeie kerke in die gemeenskap vervang (Die Huisvriend 1975:125; 1953:20).

Die enigste vereniging wat blykbaar die aanslae van die veranderde dorpslewe weerstaan het, is die Weldadigheidsvereniging. Hierdie vereniging, wat net uit vroue bestaan, beywer hulle daarvoor om twee-weekliks 'n donasie by te dra. Dié geld word gebruik om kerse, seep en medisyne vir behoeftiges en siekes te koop (S. van der Heyde 1986: onderhoud; Warnich 1950:176).

Nuwe verenigings wat gedurende hierdie tydvak gestig is, is die Vrouebond, die Helpmekaar en die Brigade.

Die Vrouebond is op 17 Aug. 1954 gestig met die doel om deur verkope van tuisgebak en handwerk geld vir die jaarlikse basaar van die Morawiese Kerk in te samel. Hulle reël ook bidure by siekes (Die Huisvriend 1976:23).

Die Brigade vir seuns en meisies afsonderlik, is in 1962 in die lewe geroep. Hulle vergader een keer per week en marsjeer soms op 'n Sondagoggend deur die dorp se strate vóór die kerkdiens begin.

(b) Die Helpmekaar-volkskultuurvereniging

Op 26 April 1953 is die Helpmekaar-volkskultuurvereniging gestig deur tien inwoners, t.w. Godloff Weber, O. Weber, Paul Sewan, Mathilda Sewan, Fred April, Jakoba April, Lodewyk van der Berg, Abraham Duminy, Anna Duminy en Katrina Linnerts. Hulle doelstelling was om d.m.v. konserte en gesellige aande geld vir hulpbehoewendes in te samel (BR.:Notule 1953:494 & 495).

Elke Sondagaand om 8 nm., ná die kerkdiens, is vergaderings aan huise van die verskillende lede gehou. Die week se bidure by verskillende siekes en beoogde funksies is tydens hierdie vergaderings bespreek en beplan.

Daar is besluit dat die vereniging sy eie uniform sou aanskaf. Die mans

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou vaal flenniebroeke en swart baadjies dra, terwyl die vroue in swart rokke en wit bloeses geklee moes wees. 'n Eenvoudige wapen met 'n wit omboorsel waarop die naam "Helpmekaar VRG. Genadendal" verskyn, is aange= skaf. In 1954 is besluit dat alle lede 'n donkerbruin baadjie met rooi strepe moes aanskaf. Daar is van toe af spottenderwys na hulle as die streepmuise verwys (Helpmekaar Notuleboek: 26.7.54).

Die Vereniging het bekendheid vir sy "oumenskonserte" verwerf. G. Weber is as koormeester en L. van der Berg as konsertafrigter aangewys. Hulle het so ver as Grabouw gereis om vertonings te gee. Gesellighede ("so= cials") soos pannekoekaande waar speletjies soos ringbord en domino's ge= speel kon word, is dikwels gereël. Soms is ook 'n "hop" (dans) in die Kafeesaal gehou. Die vereniging was so besig met hulle "socials" en kon= serte dat hulle weinig kans gekry het om bidure te hou. By een van die vergaderings is besluit om net bidure by "sterwende siek" mense te hou (Helpmekaar Notuleboek: 25.6.53).

In die sestigerjare het die vereniging ontbind. Jongmense het geen belang in sy aktiwiteite gestel nie omdat daar ander vermaak en ontspanning vir hulle eie portuurgroep was (L. van der Berg 1086: onderhoud).

40.3 Tydverdrywe

(a) Danse

Gedurende die veertigerjare is daar nie juis openbare danspartye gereël nie. Die begrafnisverenigings wat oor twee groot sale beskik het, het geweier om dit vir dié doel beskikbaar te stel. Heelwat private huispartytjies met grammofoonmusiek is egter gehou. In die vroeë vyftigerjare het 'n groep musikante onder leiding van Elias Duminy bymekaargekom en die "Cavalla Jazz Band" gestig. Hulle was: Frikkie Mauritz (ghitaar), Paul Janecke (ghi= taar), Fanie October (tromme), Victor Duminy (klavier), Stephen Jonker (sa= xofoon), Elias Duminy (saxofoon), Christie Andries (trompet) en Joos Mager= man (banjo). Soos die Astro's en Revellers het hulle ook meestal in hotel= le van groot dorpe in die kontrei gaan optree. Hulle was die eerste groep wat gedurende Kersfeestye deur die dorp se strate gestap en musiek gemaak het (BR. Notule 1952:349; E. Duminy 1986: onderhoud).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ongeag besware van die plaaslike leraar, eerw. D.I. Wessels, en sy kerkraad, is 'n gemeenskapsaal in 1956 deur een van die inwoners, F.C. Cloete, opgerig. Aangesien die saal digby die Morawiese Kerkplein geleë was, is die oprigting hiervan skerp deur die Morawiërs veroordeel (BR. Notule 1956:302,363 & 415). Cloete het die saal die "Vanguard" (die naam van 'n Britse oorlogskip) ge= noem en die eerste groot openbare danspartye het gedurende die Paasnaweek van 1956 plaasgevind. Hieroor was die leraar, kerkraadslede en selfs die biskop van die Kerk diep geskok en verontwaardig omdat die jarelange stigte= like feesvieringe toe met middernagtelike danse en bioskoopvertonings ver= steur is. Die plaaslike Bestuursraad het ook sy stem verhef, maar ten spy= te hiervan het Cloete voortgegaan om sy byeenkomste te reël (BR. Notule 1956: 424,434 & 450; F. Cloete 1986: onderhoud).

Danspartye is van toe af gereeld in die Vanguard- en Lirpasaal gehou. Toe die Lirpa in die laat sestigerjare gesluit is, het die Vanguard die fokus= punt van belangstelling vir die meeste jongmense veral oor 'n naweek, geword.

Behalwe rolprentvertonings huur "pop" groepe van buite met hulle oorverdo= wende musiek gereeld die saal. Vandag is stil naweeksaande toe mens nog die waterstrome, krieke en paddas in die Vlei kon hoor, iets van die verlede. Reeds vroegaand (Vrydae en Saterdae) is die voorstoep en ingangsportaal van die saal vol jongmense. Daar word soms tot in die vroeë oggendure onder die geklank van diskoteekmusiek en by flikkerligte gedans en na hierdie jo= lyt keer die dansers met groot lawaai huiswaarts.

In 1972 het die Bestuursraad 'n laaste poging aangewend om openbare danspar= tye gedurende kerkfeeste soos die Paasfees te verbied, maar ongeag hiervan het danspartye voortgegaan (BR.: Notulepunt 128, 13.9.72).

Die konserwatiewe ouer geslag het al so gewoond hieraan geraak dat die na= weekse danspartye vandag deel van die dorp se lewenspatroon uitmaak. Pre= dikante neem selfs deel en om danspartye vir die kerkfonds te gee, is nie meer iets vreemds nie. Een van die inwoners het hom op 'n dag soos volg uitgelaat: "As hulle (die ou sendelinge) dit moet weet, draai hulle al= mal in hulle grafte om!"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) Bioskoop en T.V.

Die eerste openbare bioskoopvertonings is in 1948 deur een van die inwoners, H. April, in die Victoriasaal gegee. 'n Kragopwekker en 'n 16mm-projektor is vir dié doel aangeskaf. Rolprente is van "African Consolidated Theatres" teen £4 3s 6d per aand gehuur. Toegang vir volwassenes was 1s.6d terwyl kinders 8 pennies moes betaal.

Die vertoning het uit 'n aantal voorprente en 'n hoofprent bestaan. Na elke rol was daar 'n onderbreking omdat daar net een projektor was. Mense het soms baie opgewonde geraak en het gedurende die vertoning veral van Cowboy-rolprente deurgaans die held toegejuig. Gedurende die pouse is grammofoon= musiek gespeel en daarna het die hoofrolprent gevolg. Alhoewel die meeste rolprente in Engels was, het mense gereeld die vertonings bygewoon. In 1956 is 'n tweede vermaaklikheidsaal, die Vanguard, geopen. Dié bioskoop was meer gemoderniseer. Die twee projektors wat hier gebruik is, het minder onderbrekings veroorsaak. Die keuse van rolprente, "double features" (twee hoofprente) en kleurprente het soveel kompetisie aan die Lirpa gebied dat dit a.g.v. swakker bywoning gesluit is.

Die toenemende belangstelling in danspartye en die koms van die beeldradio het die aantal bioskoopvertonings skerp laat daal. Vandag kom daar onge= veer 200 beeldradiostelle in die dorp voor wat gevolglik die bioskoopbedryf feitlik tot 'n einde gebring het (I. Jacobs 1986: onderhoud; Persoonlike waarneming).

(c) Boeke, koerante, tydskrifte en radio's

Die Bestuursraad het gereeld Die Burger, Landbouweekblad en Farmers' Weekly ontvang en op die kantoortoonbank geplaas vir diegene wat daarin belang ge= stel het om dit daar te lees (BR. Notule 1954:128). Enkele onderwysers het die dagblaaie en tydskrifte per pos bestel. Eers in 1984 het die kafee van I. Jacobs begin om koerante te verkoop. Die aantal koerante wat vandag deur die genoemde winkeleienaar verkoop word, is: Die Burger 20; The Cape Times 15; The Cape Argus (net Saterdagaande) 35; The Sunday Times 20 en Rapport 150.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos afgelei kan word, is die naweekkoerante die gewildste en vorm dit 'n belangrike manier van ontspanning om Sondae op die stoep met die koerant te sit. Enkele tydskrifte, soos die Sarie, Keur, Huisgenoot en prentver= haalboekies, word deur 'n ander algemene handelaar, F. Abrahams, verkoop (I. Jacobs 1986: onderhoud; Persoonlike waarneming).

Hoewel die meeste mense in die dorp kan lees en skryf, is die eerste open= bare biblioteek eers in 1965 in die ou graanskuur/leerlooiery geopen. Die skoolbiblioteek het voorheen net in die behoefte van leerlinge voorsien. Aangesien daar nie 'n heeltydse bibliotekaris aangestel is nie, is die bi= blioteek net twee namiddae per week, van 4.00 nm. - 6.00 nm., oop. Twee klerke van die Morawiese Boekdepot help met die uitreiking van boeke. Die meeste lesers is kinders en daar word ongeveer een honderd boeke op elk van die uitleendae uitgereik (A. Klink 1986: onderhoud).

In 1950 het net tien radiostelle in die dorp voorgekom (Warnich 1950:166). Die ontvangs was nie so goed nie en dikwels moes die luisteraars baie naby die stel sit om te kon hoor. Lang bamboespale om lugdrade aan vas te maak, is langs die woonbuise ingeplant. Die musiekprogramme van Springbok en Lourenco Marques, rugbykommentaar, middagvervolgverhale en streeknuus was programme waarna gereeld geluister is. Boksliefhebbers het nie omgegee om in die vroeë oggendure na wêreldtitelgevegte wat uit Amerika uitgesaai is, te luister nie (F. Magerman 1986: onderhoud). Met die oprigting van 'n F.M.-toring in die sestigerjare het meer mense draagbare radiostelle aan= geskaf en met die ou stelle met die lang lugdrade en aard-ankers weggedoen (Persoonlike waarneming).

(d) Sport

In 1954 het die volgende rugbyklubs in Genadendal en sy buitestasies voor= gekom. Genadendal: "Happy Hearts", West Rangers; Boschmanskloof: "Young Stars"; Voorstekraal: "Spring Roses" en Berea: "Green Leaves". Daar is van al die klubs verwag om 'n bedrag van 1s. per jaar aan die Bestuursraad te betaal (BR.: Notulepunt 184, 9.6.54; 332, 14.7.54).

Die rugbyvelde was hard, klipperig en ongelyk. Op 'n Saterdagmiddag is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wedstryde gereël. Die toegang was drie pennies per toeskouer. Aangesien geen paviljoene voorgekom het nie, het toeskouers om die veld gestaan en ge= sit en die spanne met groot geesdrif toegejuig. Kinders was lief om in die bome langs die veld te klouter van waar hulle 'n beter uitsig oor die veld gehad het.

In die sestigerjare is besluit dat al die spanne in die dorp tot een span, bekend as United moes verenig. 'n Nuwe veld met 'n gelyk oppervlakte is in dié tyd langs die ou begraafplaas aangelê en het as United Park bekend gestaan. Hierdie samesmelting van die verskillende spanne was van korte duur. Vandag het elke woonbuurt weer sy eie span. Twee spanne, "Young Swallows" (Klipperstraat) en "Young Lions" (Bergstraat) is by die S.A. Rug= byfederasie geaffilieer terwyl Young Rangers (Sewefontein) en United by die S.A. Rugbyunie geaffilieer is.

Na die afsterwe van H. April, die eienaar van die Lirpa-tennisbaan, het dié klub nie langer voortbestaan nie. Pinedale-tennisklub was toe die enigste klub met 'n ledetal van veertig spelers en twee bane. Op 'n Woensdagmid= dag wanneer dit oefendag was, moes almal in wit geklee wees. Geeneen is met skoene anders as tennisskoene toegelaat nie. Aangesien die spel uit= sluitlik 'n sosiale spel vir volwassenes was, is daar nie juis aandag aan die afrigting van kinders bestee nie.

Eers in die sestigerjare is die kinders van sommige tennisspelers na 'n ten= nisskool op Wellington gestuur waar hulle gedurende die Maartvakansie deur die S.A. Enkelspelkampioen D. Samaai en sy helpers afgerig is. Toe jong spelers later in die klubspan vir ligawedstryde opgeneem is, het die spel sy sosiale karakter begin verloor. Ouer spelers het mettertyd nie meer in tennis as 'n manier van sosiale verkeer en ontspanning belang gestel nie om= dat die jeug die spel gedomineer het. Vandag word die spel hoofsaaklik deur skoliere op die ou sementbane van die dorp gespeel.

Sportsoorte soos netbal, sokker en atletiek word uitsluitlik op skoolvlak beoefen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

41. EKONOMIESE AKTIWITEITE

41.1 Boerdery

41.1.1 Vee

In die vyftigerjare was veeboerdery net tot meer gegoede inwoners beperk. Die regulasie dat elke inwoner geregtig was op gratis weiregte vir 'n maksimum van 100 stuks kleinvee en 18 stuks grootvee was steeds geldig. Sou die genoemde getalle oorskry word, moes 1 pennie ekstra vir kleinvee en 6 pennies vir grootvee betaal word. Aangesien die veld nie in kampe verdeel was nie, is daar van veewagters gebruik gemaak. Hulle moes elke oggend die eienaars se vee veld toe neem, hulle die hele dag oppas en hulle weer saans terugbring. Hulle is maandeliks volgens die grootte van die trop betaal (Warnich 1950:64-65).

Beeste en bokke is hoofsaaklik vir melk, skape vir hulle wol en vleis, en donkies en perde as trekdiere aangehou.

In 1960 het die superintendent van die Bestuursraad die Departement van Kleurlingsake versoek om die Genadendalse veld in kampe te verdeel aangesien oorbeweiding en veldbrande die velde ruïneer (BR.: Brief van Sup. aan Sekr. van Kleurlingsake, 8.1.60). Die volgende jaar het die Departement omheiningsmateriaal aan die Bestuursraad verskaf om met die oprigting van kampdrade te begin. Draadheinings moes deurgaans 4 voet 6 duim hoog wees. Die eerste heinings is met vlae afgemeet en in dieselfde jaar kon M. Constable en J.:Pedro 'n totale afstand van 11 950 jaart teen 'n koste van R377,50 span. Hierna is elke jaar vir die uitbreiding van kampheinings begroot (BR.: Sekr. van Kleurlingsake aan Sup., 1.6.61; 13.4.62; 20.9.66 & 31.7.69; Sup. aan Sekr. van Kleurlingsake, 28.8.61; 20.3.68). Veeboere kon van toe af hulle vee sonder 'n herder in die kampe laat wei.

Aangesien sommige kampe van waterdamme en fonteine afgesny is, is opvangdamme gebou wat as veesuipings kon dien. Die eerste agt veesuipings is in Voorstekraal, Platkloof, Padkamp, Koenshoogte, by Klink-se-huis, Diep=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kloof en Attie-se-lande laat bou (BR.: Kennisgewing van Kleurlingsake, 22.9.62; Verslag van Sup. 20.1.63).

Sedert die sestigerjare is jaarliks vir veeverbetering begroot. Die eerste poging in dié verband was toe die Raad in 1961 besluit het om 'n Friesbul teen R40,00 aan te koop. Ook twee bokramme waarvoor R15,00 elk betaal is, is in 1963 aangekoop. Hierdeur is probeer om die veerasse te verbeter. Die inwoners het egter nie van dié dienste gebruik gemaak nie en dus is in 1964 besluit om dit af te skaf (BR.: Notulepunt 12, 22.1.64). Veekeurings is in 1962 en 1963 onderneem en gebrandmerk. Altesaam 272 stuks vee is in 1962 en 172 in 1963 afgekeur (BR.: Verslag van Sekr. van Kleurlingsake, 19.11.63).

Die volgende tabel gee 'n aanduiding van hoeveel vee daar oor die jare voor=gekom het:

	1950	1962	1979
Perde	15	13	32
Muile	18	15	32
Donkies	405	316	92
Beeste	163	147	127
Skape	883	1360	257
Bokke	229	128	257
Varke	383	200	?

(BR.: Jaarverslae 1950, 1962 & 1979).

41.1.2 Graan

Graanverbouing het deur die jare afgeneem. In 1962 was daar vyftien saai=lande wat aan die inwoners verhuur is. Die grootte hiervan het van 8 tot 105 morg gewissel. Saaiboere het hulle veral op koring toegespits terwyl hawer, rog en gars op kleiner skaal gesaai is. Die koringoes vir 1961 het 533 sak opgelewer. Omdat die jonger geslag nie meer vir die ouderwetse metodes van saai en oes kans sien nie, maar aan die ander kant ook nie oor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kapitaal beskik wat brandstof en moderne implemente verg nie, het be= belangstelling in graanboerdery vinnig gedaal (BR.: Notule, 8.8.62).

In 1984 is die graanlande herbeplan. Daar is besluit om alle saailande in te neem en in net vyf ekonomiese eenhede, t.w. Koenshoogte, Snyderskraal, Bakoond, Palinggat en Greytonvlak, te verdeel. Huurooreenkomste is opge= stel wat van September 1984 in werking getree het. Volgens hierdie ooreen= komste met vyf Genadendalse boere sal die huurder die eerste opsie kry om, sonder onderbreking, onmiddellik na die huurtydperk van die eerste tien jaar, vir 'n verdere tien jaar voort te boer met dien verstande dat huurtariewe hersien en aangepas kan word. Huurders moet ook onderneem om bestaande heinings, windpompe, boorgate, damme, opgaartenks en drinktrôe op die een= heid op eie koste in stand te hou en moet die verhuurde eiendom uitsluitlik vir boererydoeleindes gebruik (BR.: Huurooreenkoms 10.9.84).

41.1.3 Groente

Sedert 1948 was daar 'n merkbare afname in tuinboerdery. Groot watervloe= de (1913, 1021, 1936, 1941 & 1945) het baie vrugbare tuingrond deur die jare weggespoel. Akasia- en populierbome kom oral in die Vleituine voor. Die moeilike bestryding van uintjies ('n soort onkruid) en onvoldoende besproei= ingswater het baie tuinboere laat tou opgooi.

Uiehokke waarin inwoners hulle gevlegte uie kon ophang, pampoenoeste wat met trots op 'n platdak uitgestal is, boontjies wat oor die hele agterplaas in die son lê om te droog, solders vol aartappels, en stringe mielies en patats wat onder die prieel op die voorstoepe hang, is iets wat vandag wei= nig in die dorp gesien word.

Ook wat die vrugtebome betref, het daar feitlik niks oorgebly nie. Die meeste bome het deur die jare gekwyn en net kweperheinings kom nog voor.

Elke week gaan die Genadendalse smouse en handelaars na die Kaapse mark om groente en vrugte te koop om dan weer in die dorp te verkoop.

Hoewel die staat 'n landbouvoorligter vir die gebied aangewys het, word lanbouvoorligting weinig of nooit gedoen nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1981 is landbouwetenskap as vak op hoër skool ingevoer en daar word ge= hoop dat dit die jonger geslag 'n groter belangstelling in die grond sal gee.

41.2 Vervoerdienste

A. du Plessis en J. van Rhiel was die belangrikste vervoerkontrakteurs in die vyftigerjare (BR. Notule 1950:84). Toe daar in 1953 sprake was dat die Mamre-busmaatskappy die vervoerkontrak in Genadendal wou oorneem, het die plaaslike kontrakteur die Raad genader om sy onderneming by te staan (BR.: Notule 1953:538). In daardie stadium het die plaaslike sportklubs oor die vervoerdiens gekla omdat hulle baie ongerief in die vragmotors met verskuifbare sitplekke moes verduur. Blankes is gewoonlik vóór langs die bestuurder of in 'n spesiale motor van die kontrakteur vervoer. Die Be= stuursraad het 'n vriendelike versoek tot Du Plessis gerig om die geriewe op te knap (BR.:Notule 1954:9-10; 9.5.62).

Toe Van Rhiel later sy kontrak opgesê het, het Du Plessis die monopolie van die hoofvervoerkontrakte oorgeneem en dit het tot 'n groot private familie= onderneming gegroei. 'n Daaglikse busdiens is na Caledon ingestel. Saam met die passasiers is ook goedere en possakke vervoer. Die bus(se) het om 9.00vm. vertrek en was weer om 3.15nm. terug. 'n Weeklikse bus (Saterdag= oggende) het na Greyton gereis en was binne twee uur weer terug. 'n Naweek= busdiens is in 1955 ingestel. Elke Vrydagmiddag, Saterdagoggend en Sondag= middag het busse na Kaapstad vertrek. Inwoners het toe die geleentheid gekry om dikwels vriende en familie te besoek of om inkopies in Kaapstad te doen (Backman 1966:185-186; BR.:Notule 1955:253).

Stadswerkers kon ook gereeld aan die einde van die week/maand huiswaarts keer. Die bushaltes op die dorp (die Kruis, Oukraal, Braak), is in groot sosiale byeenkomplekke omskep. Dit was 'n plek waar trane afgevee is as daar tot siens aan 'n familielid of vriend gesê is, maar ook 'n plek waar met groot afwagting en opgewondenheid uitgesien is na iemand wat na 'n lang tyd van afwesigheid sou terugkeer. Oral by die bushaltes het groepe ge= staan en die koms van die bus(se) met vrolike geselsery afgewag. Wanneer iemand 'n onverwagte besoek kom aflê het om sy familie te verras, was daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

altyd kinders om die oom of tannie met sy of haar koffers te help.

Du Plessis-Broers, soos die busmaatskappy bekend gestaan het, het in 1983 sy kenmerkende, luukse groen busse aan die maatskappy City Tramways verkoop. Met enkele wysigings in die tye en minder gerieflike sitplekke is die bus= diens voortgesit en word daar vandag steeds by die bushaltes gehuil en gelag (Persoonlike waarneming).

41.3 Houtprojek en boomaanplanting

Sedert 1952 het die Bestuursraad populierbome aan die firma Lion Match teen £2 per vrag verkoop en in hierdie tyd is heelwat populierbome langs rivier= walle aangeplant (BR.: Notule 1952:360). Intussen is die saagmeule op die dorp deur 'n brand in puin gelê en die houtbedryf in die dorp het tot 'n stilstand gekom (BR.: Notule 1954:23). Die wildeden is toe gesaag en aan buitefirmas verkoop wat die volgende inkomste opgelewer het: 1959 altesame R1 198,78; 1960 altesame R702,83; en 1961 altesame R635,62 (BR.: Notule, 8.8.62).

In 1961 het die Bestuursraad die eerste dennebome (Insignia Pinus Radiata) in Koringlandskloof aangeplant met die oog daarop om hulle in later jare te gebruik. Plantasies is in die daaropvolgende jare ook in Voorstekraal en Plattekloof aangelê (BR.: Brief van Sup. aan Sekr. van Kleurlingsake, 10.10. 61; 3.2.64; 4.9.65; notule 9.3.62).

In 1963 het die Bestuursraad 'n lening van R8 200 by die Kleurling-Ontwikke= lingskorporasie Bpk. aangegaan om 'n houtverduursamingsprojek te begin. Die geld sou aangewend word vir:

* die oprigting van 'n gebou om 'n tenk, stoomketel en kantoor te huisves (R1 000).
* die aanskaffing van 'n kreosoottenk, stoomketel, spoortrollies, hys- en weegstelsels en ander toebehore en gereedskap R2 000).
* bedryfkoste wat verduursamingsmiddels, arbeid, onderhoudskoste, vervoer, ens., insluit (R5 200).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die lening moes oor 'n tydperk van tien jaar in maandelikse paaiemente van R90,00 en teen 'n rentekoers van 6½% betaal word (BR.: Sekr. van Kleurling= sake aan Sup., 12.11.63).

In 1964 is die superintendent van die Bestuursraad na Stutterheim gestuur om 'n houtverduursamingskursus by te woon (BR.: Sekr. van Kleurlingsake aan Sup. 6.8.64).

Die Departement van Bosbou is genader om met tegniese advies by te staan en op 15 Des. 1966 kon die eerste 3 000 spanpaaltjies met kreosoot behandel word (Alpha Febr. 1967:32). Die amptelike opening het op 15 April 1967 by Lang= drif, waar die installasie opgerig is, geskied. Die verskillende skoolkore het by dié geleentheid opgetree en minister Marais Viljoen het die openings= rede waargeneem (BR.: Program, Opening van Houtverduursaamingsprojek, 15 April 1967).

A.g.v. swak administrasie en onkunde het die bedryf in die sewentigerjare tot stilstand gekom. In 1972 het die Bestuursraad 'n advertensie in Die Burger en Cape Times laat plaas om dit te probeer verhuur (BR.: Notulepunt 75, 14.6. 72). In 1980 is weer eens pogings aangewend om dit self op die been te bring. Vandag staan dit as die Genadendalse Houtprojek bekend en bied werk aan 32 werkers wat 'n vragmotorbestuurder, twee keteloperateurs, een voorman en 'n aantal boswerkers insluit. Aangesien die Raad se plantasies uitgeput en ook deur bergrande verwoes is, word bome op naburige plase aangekoop. Krom pale word na die firma Bruply Bpk. in Stellenbosch gestuur waar dit versnipper word vir die vervaardiging van laaghout. Dit is volgens die huidige landbou= ontwikkelingsklerk 'n te groot nywerheid vir die plaaslike Bestuursraad om te onderneem (N. Erasmus 1986: Onderhoud).

41.4 Die drukpers

In 1959 toe eerw. A.W. Habelgaarn die leraar in Genadendal was, is die druk= pers vergroot en gemoderniseer. 'n Kragopwekker wat aan die Kerkplein en enkele woonhuise in die dorp lig verskaf het, kon ook die drukpers se masjie= ne aandryf. Die handaangedrewe Bremner-pers het 'n staanplek in die plaas= like museum gevind terwyl 'n elektriesaangedrewe Glockner-Mercedes-pers die werk oorgeneem het (Die Huisvriend 1962:176; Persoonlike waarneming).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deur bemiddeling van die Duitse organisasie "Brot für die Welt" is die werks= kamers vergroot en beter belig. Afsonderlike afdelings vir set-, druk- en boekbindwerk is ingerig.

Na 'n aansoek om hulp by "Dienste in Übersee", is 'n opgeleide vakman, Hans Ottlik, in Junie 1965 na Genadendal gestuur om die drukkery te herorganiseer. Twee plaaslike jong mans, t.w. C. Frans en P. Johannes, het opleiding in die grafiese ambagte, setwerk en drukwerk by Ottlik ontvang. Toe Ottlik drie jaar later weer na Duitsland vertrek het, was die twee ambagsmanne goed op dreef. In dieselfde tyd het 'n nuwe Heidelberdegel- en Heidelbergsilinder= pers aangekom.

Sedert April 1968 is die drukkery by die Kaapse Kamer van Drukwerk geaffi= lieer. In dieselfde jaar het J. Adonis, wat in verskillende drukkerye in Kaapstad gewerk het en die nodige ondervinding en kennis van die drukkers= bedryf opgedoen het, diens as bestuurder van die Genadendalse Drukkery aan= vaar.

Die "monotipe"-tegniek waar afsonderlike letterstafies gebruik word om die setwerk van kleiner drukwerk soos briefhoofde, onderskrifte vir portrette, ens., en strooibiljette te doen, word steeds toegepas. Vir groter drukwerk word die "linotipe" setwerk in Kaapstad gedoen.

Die drukkery spog vandag met twee degel- en twee silinderperse, 'n vouma= sjien wat die gedrukte papier in seksies van 32 bladsye vou en 'n Wohlen= berg-valbyl wat papier netjies sny. Al die genoemde masjiene word elektries aangedryf.

In 1979 het die jaarlikse omset R50 000 beloop. Faktore wat die winsgrens beïnvloed, is die klein plaaslike bestellings, gedurige prysverhogings van papier en vervoertariewe (Rabie 1984:78-79).

41.4.1 Publikasies

(a) Die Huisvriend

Sedert 1914 was die kerkblad nie meer net 'n Genadendalse uitgawe nie, maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het dit 'n gemeenskaplike publikasie van die Rynse, Berlynse en Morawiese Sendinggenootskap geword. Daar is gedurig pogings aangewend om die lesers= kring uit te brei.

Teen 1950 is ongeveer 4 000 eksemplare maandeliks gedruk en uitgegee en Son= dagoggende teen 1 pennie elk voor die kerkdeure van die verskillende gemeen= tes verkoop. Sommige lesers se eksemplare is per pos versend. Behalwe die persoonlike en familiebekendstellings soos geboortes, verlowings,sterfgeval= le, dankbetuigings, ens., kon lesers ook prente in Die Huisvriend laat plaas. Hiervoor moes £1 1s. betaal word omdat 'n spesiale drukkersblok gemaak moes word (Die Huisvriend 1952:87). Van 1951 af is 'n los byvoegsel bekend as Die Sondagskoolvriend saam met Die Huisvriend verkoop. Dit het onder re= daksie van eerw. E. Esau en mnr. D.R. Ulster gestaan (Die Huisvriend 1951: 158). Om die leesstof van die kerkblad interessant te hou, is daar behalwe die geestelike verhale en berigte ook gediggies en ander stukkies, soos tafel= gebede van lesers, geplaas. Hier volg enkele voorbeelde:

Voor ete:

Here God, ons oë
Rig ons op U hand.
Stuur vol mededoë
Reën oor onse land.
Gee ons alle dae,
Vader, spys en drank.
Neem met welbehae
Aan ons lof en dank. (Die Huisvriend 1953:22).

Soos u daar in Betanië, Heer
Aan tafel eens gesit het
As liefste vriend en gas geëer
Omdat hul u gebid het -
Kom, Jesus, wees ons disgenoot
En seën ook onse daaglikse brood.
(Die Huisvriend 1953:40).

Na ete:

Dankbaar is ons U van harte
Weer versadig is ons nou.
Laat in arbeid, vrug en smarte
Op u liefde ons vertrou. (Die Huisvriend 1953:18).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vir ons, armes, sorg U trou
U gee spys en drank.
Daarvoor sy U dank, so nou
As ook ons lewelank. (Die Huisvriend 1953:136).

Om die drukkoste van Die Huisvriend te help dek, is onderneem om onderwysers wat 'n besondere aanleg in skilderkuns het, deeltyds in diens te neem om Ju= belkaarte (vir 50ste, 60ste, 70ste, 80ste, ens., verjaardae) te maak. Die kaarte is dan verkoop en die kunstenaars het 20% van die verkoopsprys ont= vang. Van die bekendste kunstenaars was A. Fourie, G. Weber en T. Weber (M.A.: Brief R.D. Rasmus aan P.W. Schaberg, 15.12.49). In 1965 is die eerste tweekleurdrukwerk gedoen. Dit was die Kersfeesuitgawe (Die Huis= vriend 1965: nr. 26).

Gedurende die sewentigerjare is met 'n populêre rubriek vir kinders onder redaksie van mej. Maude Balie (tannie Maude), wat ook 'n radioprogram vir kinders behartig het, begin. Kinders wat wou aansluit se name is in die "Kinderhoekie" gepubliseer. Wanneer die maatjies verjaar, is hulle elkeen op die naam geluk gewens. Christelike verhaaltjies en beriggies omtrent maats is gereeld gepubliseer. In 1985 het die 3 000ste maatjie by die "Kinderhoekie" aangesluit (Die Huisvriend 1985:15).

In 1980 het Die Huisvriend se formaat en voorkoms verander. Om die swart lidmate van die kerk ook te betrek, word die dubbele naam Die Huisvriend/ Umhlobo Wekhaya gebruik. Dit het elke maand 'n ander kleur buiteblad waarop die kerk se wapen en die inhoudsopgawe van die betrokke nommer ver= skyn. Die inhoud is verdeel in: Gemeentenuus, Teologiese Sentrumnuus, Uit ons verlede, Vir ons oumense, Vir die jeug, Vir die susters, Vir die blasers (basuinorkeste) en Vir die kinders. Artikels verskyn hoofsaaklik in Afrikaans maar ook in Engels en Xhosa. Elke maand word sowat 5 000 ek= semplare gedruk en so ver as Suidwes-Afrika versprei (H. Pieters 1986: On= derhoud).

Redakteurs wat L.R. Schmidt sedert 1949 opgevolg het, was: B. Krüger (1949; 1951-1957), P.W. Schaberg (1950), N. Reichel (1957-1958), M. Reichel (1958-1959), A. Habelgaarn (1959-1967), D.I. Wessels (1968), M.J. Wessels (1969-1980), F. Engel (1981-1982) en C. Collins (1983-).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die redakteur was nog altyd predikante van die Morawiese Kerk. A. Habel= gaarn was die eerste bruin redakteur. Vóór sy tyd was al die redakteurs Duitse predikante.

(b) Ander drukwerk

Soos Die Huisvriend maak die jaarlikse Almanak en Die Teksboek nog gereeld hulle verskyning. Die Teksboek word vandag ook in verskillende swart tale gedruk.

Van die belangrikste drukwerke wat onderneem is, was die doktorale proef= skrif van 'n voormalige biskop van die Morawiese Kerk, dr. B. Krüger, wat oor die geskiedenis en werk van die Morawiese Kerk in Suid-Afrika (1737-1869) handel. Dit is in 1968 onder die titel The pear tree blossoms teen R3,00 elk uitgegee. In 1984 het biskop P.W. Schaberg saam met Krüger die verdere verloop van dié geskiedenis (1969-1980) in boekvorm met die titel The pear tree bears fruit laat druk.

41.5 Plaasarbeiders

In 1948 was baie inwoners op plase in die distrikte Caledon en Robertson werksaam. Lone het van 'n 2s.6d. tot 5s.6d. per dag gewissel. Sommige arbeiders is per lorrie in die dorp gehaal, terwyl ander per fiets of te voet na die plase gegaan het. Heelwat kinders het op 'n vroeë ouderdom die skool verlaat en ook op plase vir 1s.6d. per dag, etes ingesluit, gaan werk (Warnich 1950:65-66).

Teen 1966 was 80% van die mense wat as plaasarbeiders diens gedoen het op plase langs die Sondereinderivier en in die distrikte Robertson, Worcester, Paarl, Wellington en Ceres werksaam. Arbeiders op nabygeleë plase in die distrik Caledon het daagliks huiswaarts gekeer terwyl ander eers op 'n Vry= dagaand weer met hulle gesinne verenig is (Backman 1966:8).

Vandag word moderne plaasmasjienerie vir baie van die werk op plase gebruik. Enkele tuinwerkers en trekkerbestuurders kry soms nog werk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die belangrikste seisoenswerk kom op uie- en vrugteplase voor. Op die plase in die Overberg, Ongegun, Swartrivier, Kniediep, Mariasdal, Eseljag, Ouplaas en Middelplaas word nog van groot spanne arbeiders gebruik gemaak om gedurende Augustus uie te plant en in November die uie op te trek (oes) en te vleg.

Plase in die Elgin/Grabouw-omgewing, soos Ou Werf, Elfco, Kromco en Water= val, stuur elke jaar in Maart vragmotors en busse na Genadendal om werkers vir die pluk en verpakking van appels en pere te huur. Hierdie werkers vertrek op 'n Sondagmiddag en keer Vrydagaande terug. Die werk duur ge= woonlik tot aan die einde van Mei.

41.6 Stadswerkers

Soos die aantal plaaswerkers deur die jare afgeneem het, het 'n toename in stadsarbeiders gekom. Van hulle werk in fabrieke of doen klerklike werk by groot firmas. Elke naweek word ongeveer 260 (4 busse) passasiers en aan die einde van die maand 370 (ses busse) passasiers van en na Kaapstad vervoer.

Genadendal Houtprojek
(Foto: skrywer)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

42. DIE KERKLEWE

42.1 Die Morawiese Kerk

In 1948 was die Morawiese Kerk in vier outonome streke, ook bekend as pro= vinsies, oor die wêreld versprei, t.w. die Duitse, Noord-Amerikaanse, Suid-Amerikaanse en Britse Provinsie. Hierbenewens was daar ook die sending= velde waaronder Die Broederkerk in Suid-Afrika geval het. Die Morawiese Kerk in S.A. (Broederkerk) se sinodes het sedert 1922 as Kerkkonferensies bekend gestaan terwyl die uitvoerende bestuur as die Provinsiale Bestuur be= kend was. Die Provinsiale Bestuur het aanvanklik uit drie lede bestaan. Die voorsitter of superintendent is deur die Sendingbestuur benoem, terwyl die ander twee lede deur die kerkkonferensie verkies is (Dönges & de Vil= liers 1945: Memorandum).

Aangesien die isolasie van Herrnhut na die Tweede Wêreldoorlog, finansiële implikasies vir die kerk in Suid-Afrika kon inhou, was dit nodig dat alle besittings van die Suid-Afrikaanse Sending (die liggaam wat die Kerk se eiendomme en sekere fondse beheer het) aan die Broederkerk oorgedra moes word (Schaberg s.j.: 35-36). Eers op 1 Junie 1960 is die amptelike aan= kondiging gedoen dat die Broederkerk 'n selfstandige kerk geword het en as 'n "Uniteitsprovinsie" bekend sou staan (Krüger & Schaberg 1984:152).

42.1.1 Genadendal

(a) Leraars

Na die aftrede van eerw. L.R. Schmidt wat vir byna vyftig jaar die leraar in Genadendal was, het eerw. K. Knöbel vir 'n paar maande, van Mei 1949, die le= raarsamp oorgeneem totdat die eerste bruin hoofleraar in Genadendal, eerw. A. Lesch, in Desember 1949 vir dié diens beroep is. Die ander leraars wat gevolg het, was D.I. Wessels (1953), M. Reichel (1956), A. Habelgaarn (1956), A. Cloete (1969), K. Scheifer (1970), F. Engel (1977) en C. Wessels (1981). Behalwe genoemde leraars was die skoolhoofde van die primêre skool en superintendente van die seunskoshuis ook geordende predikante wat met kerk=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dienste gehelp het (Die Huisvriend 1950:10 & 11; Schaberg s.j.:46 & 93).

(b) Kerkdienste

In 1948 was daar 'n duidelike afname van die Morawiese Kerk se invloed op die gemeente te bespeur. Drie ander kerkgenootskappe is in Genadendal ge= vestig, en die huisbesoek wat voorheen gereeld deur leraars onderneem is, het uitgesterf (Warnich 1950:44 & 48).

Sondagoggenddienste is en word nie meer goed bygewoon nie. Tydens die aand= dienste is die bywoning nog swakker met dikwels slegs die kerkdienaars wat die banke vul. Die weeksluitingsdiens op 'n Saterdagaand en die Woensdag= aandse biduur het heeltemal verval. Feesdae en veral Nagmaaldienste word egter nog verbasend goed bygewoon (Die Huisvriend 1977:119; :Persoonlike waarneming). In die algemeen is daar 'n verset teen die bekeringsboodskap. Die algemene opvatting is dat as 'n mens gedoop en gekonfirmeer (gekatki= seer) is, dan is jou plig teenoor God afgehandel.

Kerktug is vir 'n geruime tyd nooit konsekwent toegepas nie en vandag is dit iets vreemds om te hoor dat iemand onder kerktug geplaas is. Blykbaar is agterstallige kerkgeld en afwykings i.v.m. kinderdoop van die grootste mis= stappe wat 'n kerklid kan begaan. Buite-egtelike verhoudings, deelname aan danspartye en die misbruik van drank wat vroeër met uitsetting gestraf is, word vandag doodluiters aanvaar (Persoonlike ondervinding en waarneming).

(c) Kerkmusiek

Die Basuinkoor

Op 6 Augustus 1951 is die "Broederkerk Blasers Bond" Gestig. Die doel was om basuinmusiek in die Morawiese Kerk te bevorder. Elke jaar sou hulle vir 'n Basuinfees byeenkom waar die individuele kore hulle eie nommers sou blaas en aan 'n massakoor sou deelneem. Dié fees is elke jaar in 'n ander sentrum gehou en die Genadendalse Basuinkoor, wat hoofsaaklik uit volwassenes bestaan het, het gereeld aan hierdie feeste deelgeneem (Schaberg & Krüger 1984:134).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toe eerw. K. Schiefer in 1970 na Genadendal beroep is, het die Basuinkoor groot vooruitgang gemaak. Schiefer was 'n buitengewone liefhebber van ba= suinmusiek en het baie tyd en aandag aan die afrigting van 'n groep jong seuns van die dorp gewy. Waar daar vroeër net jong mans en wolwassenes in die Basuinkoor opgeneem is, het hierdie jong seuns die gemeente verstom met hulle uitmuntende spel.

Die belangstelling het vinnig toegeneem sodat Schiefer 32 basuine van 'n fabriek in Oos-Duitsland moes bestel en dit is teen 'n gesubsideerde prys aan blasers verkoop. Met die hulp van vriende in Switserland kon dié in= strumente teen die helfte van die oorspronklike prys bekom word. Schiefer het ook onderneem om herstelwerk aan ou instrumente te doen en om 'n hand= leiding vir die afrigting van beginners op te stel (Die Huisvriend 1976:119).

Die koor het spoedig gegroei tot 'n groep van 35 blasers. Hulle het daag= liks vir 'n uur of langer byeengekom om te oefen en het twee langspeelplate gemaak wat baie gou uitverkoop is (Die Huisvriend 1977:54). Daar is oral deur Wes-Kaapland getoer en besoeke is selfs in Natal en die huidige Zimbab= we afgelê. Ná die skielike vertrek van Schiefer in 1976 het een van die jong seuns die leiding oorgeneem.

Vandag bestaan die koor uit vyftien lede wat elke Vrydagaand in die kerk by= eenkom om te oefen. Daar word gereeld op kerkfeeste en by begrafnisse op= getree.

In 1983 is een van die jong koorlede wat met die skuifbasuin uitgeblink het, na die Wesfaalse Musiekskool in Herford, Duitsland, gestuur om vir 'n jaar lank verdere opleiding in basuinmusiek te ondergaan om daarna te help om basuinmusiek in die Morawiese Kerk in Suid-Afrika te bevorder (P.Johannes 1986: onderhoud).

Kerkkoor en -orrel

Die kerkkoor speel steeds 'n belangrike rol in Morawiese kerkmusiek. Deur die deeglike musiekopleiding wat onderwysers in die ou Opleidingskool ont= vang het, kon hulle as bekwame orreliste en koorleiers in die verskillende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeentes optree.

Die kerkkoor van Genadendal neem hulle sitplekke op die koorgalery langs die pyporrel in. Dit is ook die plek waar weekliks geoefen word. Daar is nie minder as vyftig tradisionele koorstukke nie, waaraan elke jaar ge= oefen word om tydens die verskillende feeste te sing (Handboek vir orrelis= te s.j.: pamflet).

Op 10 Okt. 1951 het die eerste Morawiese kerkkoorfees in die Kaapse stadsaal plaasgevind waaraan nie minder as 400 koorlede deelgeneem het nie (Schaberg s.j.:73). Dit het van toe af 'n gereelde instelling geword.

Die orrelis is gewoonlik ook die koorafrigter. Hy moet koorlede werf en toesien dat gereeld geoefen word. Aangesien die gemeente soms geneig is om die sang te "trek", moet die orrelis by die Andante-maat hou. Hy moet die voorgeskrewe preludes en postludes (voor- en naspele) speel en mag nooit die gemeentsang met harde begeleiding oordonder nie (Handboek vir orreliste s.j.).

Die ou pyporrel is in 1949 deur die musiekfirma R. Müller deeglik skoongemaak en gestem. Die leer van die ou blaasbalk is ook vervang (Die Huisvriend 1949: 22). Daar is toe nog van iemand gebruik gemaak om wind te pomp terwyl die orrel bespeel is. Vandag, nadat Evkom-krag na die dorp aangelê is, is die orrel geëlektrifiseer en word daar nie meer met die hand gepomp nie.

42.1.2 Lewensvorme

(a) Doop

'n Maand na die geboorte van 'n baba word reëlings met die predikant getref om die kind te laat doop. Doopdienste vind een keer per maand plaas.

In die komfirmasieklasse (katkisasie/aanneemklasse) word die kandidate geleer dat konfirmasie die "vernuwing" van die doopverbond is. Dit wat hulle ouers destyds voor die dooptafel belowe het, moet op die dag van konfirmasie deur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle bevestig word.

Beide doop en konfirmasie, wat in die kerk geskied, word deur 'n klein ont= haal vir familie en vriende gedurende die middag by die betrokkenes se woon= huise gevolg.

(b) Huwelike

Dit vind vandag op dieselfde wyse as vroeër plaas met dié verskil dat 'n spe= siale rooi mat vir die bruidspaar in die kerk oopgerol word.

Heelwat mense trou ook in die "hof" (voor die landdros in Caledon). Die hu= weliksonthaal neem gewoonlik die vorm van 'n ete en dansparty in die Vanguard-saal aan.

(c) Begrafnisse

In die vyftigerjare is van 'n lykwa gebruik gemaak wat deur perde getrek is. Dié wa was met swart fluweel met tossels oorgetrek. 'n Witgeskilderde baar is ook soms gebruik. Die kis is met 'n wit doek bedek en deur vier mans op die skouer gedra. Vandag het dit die gebruik geword om die begrafnisreëlings geheel en al in die hande van 'n begrafnisondernemer van Caledon te plaas. Waar die stoet destyds te voet na die begraafplaas beweeg het, reis mense vandag per motor. Busse word verder deur die afgestorwene se familie gehuur om begrafnisgangers na en van die begraafplaas te vervoer.

42.2 Die Volkskerk

Nadat die stof oor die ontevredenheid met die bestuursaangeleenthede deur die Morawiese Kerk gaan lê het, het baie inwoners weer na die Sendingkerk teruggekeer. In 1948 het die Volkskerk se getal lidmate op ongeveer 200 gestaan. Omdat hulle later weggebreek het van die Volkskerk van Afrika en as 'n ongeaffilieerde groep bekend as die Volkskerk van Jehova, voort= gegaan het, is die kerkdienste jare lank deur 'n ouderling en twaalf di= akens waargeneem. Daar is nie juis dogmatiese verskille tussen die Volks=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kerk en die Morawiese Kerk nie. Hulle reël ook twee keer op 'n Sondag kerkdienste en kom op 'n Woensdagaand vir 'n biduur byeen. Vir die kin= ders is 'n Sondagskool ingestel terwyl die Vrouebond hulle hoofsaaklik toe= spits om geld vir die armekas in te samel. Hulle gebruike by die doop, huwelikke en begrafnisse is dieselfde as in die Morawiese Kerk. Nagmaal word tweemaandeliks gevier. Van elke lid is verwag om 6 sjielings per jaar kerkgeld by te dra.

Hulle gesindheid teenoor die Morawiese Kerk het deur die jare verbeter. Lid= mate van die verskillende kerke trou met mekaar, behou hulle afsonderlike lidmaatskap en lewe in harmonie met mekaar. Ook wanneer dit by fondsin= sameling kom, ondersteun die lidmate van die verskillende kerke mekaar (Warnich 1950:48-52).

In 1950 toe die "vreemde akker" ('n begraafplaas vir vreemdelinge en nie-be= lydende Christene) wat deur die opposisiekerke gebruik is, vol geraak het, het die Volkskerk by die Bestuursraad om grond aansoek gedoen. Die Raad het toe voor die vraag te staan gekom: sou hulle weier, kon dit weer groot ontevredenheid in die gemeenskap veroorsaak en indien grond wel gegee wou word, sou die Raad wat tot in daardie stadium nie die Volkskerk amptelik erken het nie, dit by implikasie wel doen (BR.: Sup. aan Sekr. van Volks= welsyn, 24.1.50). Die Raad sou ook in die toekoms konsekwent moes optree deur aan ander nie-amptelike kerke in die dorp grond vir begraafplase toe te ken. Eers in 1963 is die "vreemde akker" vergroot en onder ander kerke as die Morawiese verdeel (BR.: Sup. aan Sekr. van Kleurlingsake, 31.7.63).

Intussen het onderhandelinge tussen die plaaslike Volkskerk en die Moeder= kerk in Stellenbosch plaasgevind sodat op Sondag 28 November 1965 die Volks= kerk van Jehova weer by die Volkskerk van Afrika ingelyf is (BR.: Brief F. Magerman aan Bestuursraad, 9.11.65).

Vandag staan die getal van lidmate op 134 van wie elk R3,60 p.j. kerkgeld verwag word. Die kerkraad bestaan uit vier ouderlinge en ses diakens. Aangesien die kerk in Genadendal nie oor 'n opgeleide leraar beskik nie, neem besoekende leraars tydens spesiale dienste, troues, begrafnisse en aanneming (katkisasie) waar (K. Isaks 1986: onderhoud).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

42.3 Die Ou Apostoliese Kerk

In 1948 was daar maar dertig lidmate wat nie juis 'n beduidende vooruit= gang beteken het nie aangesien dié kerk reeds in 1920 al bestaan het. Be= halwe hulle gewone eredienste op 'n Sondag en biduur op 'n Woensdag, is Kersfees die vernaamste fees wanneer kinders geskenke van die Kerk ontvang. Geen kerktug word toegepas nie, maar 'n oortreder word met "simpatieke hulp" bygestaan (Warnich 1950:52-54).

In 1964 het die broers Neethling die kerkgebou in Bergstraat teen R900 aan die Kerk verkoop (BR.: Koopbrief 19.8.64). Onlangs het die kerkie bouval= lig en te klein geraak. Die Victoria-saal is tydelik as plek van aanbid= ding gehuur totdat 'n gebou in Sewefontein vandag die gereelde plek van by= eenkoms vir die omtrent 350 lidmate geword het (N. Wildschut 1986: onderhoud).

42.4 Die Nuwe Apostoliese Kerk

Kerkdienste is sedert die veertigerjare gereeld in 'n woonhuis in Kloofstraat gehou, totdat daar in 1982 besluit is om 'n groter gebou wat ongeveer 380 men= se kon huisves, op te rig. Die ledetal van dié kerk staan vandag op onge= veer 200 (S. Klink 1986: onderhoud).

42.5 Bekeerlinge en Pinkstergroepe

In 1955 het 'n evangelis, ene S. Schlosz, toestemming van die Bestuursraad ontvang om towerlanterndienste op die plaaslike rugbyveld te hou (BR.: Notu= le 1955:154). Die volgende jaar het 'n jong man van Genadendal, Frikkie Swarts, wat sy opleiding as evangelis by die Bethel-Bybelskool in Kaapstad ondergaan het, ook aansoek gedoen om 'n reeks evangelisasiedienste in 'n groot tent op die trapvloer (sportveld) van 15 Maart 1956 tot 5 April 1956 te hou (BR.: Notule 1956:402). Hierdie dienste het daartoe aanleiding gegee dat baie inwoners hulle bekeer het.

Alhoewel daar nie 'n afsonderlike kerk gestig is nie het hierdie bekeerlinge hulle van die gewone kerklidmate onderskei deur gereeld vir huisbidure by= mekaar te kom (M.Wessels 1986: onderhoud).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van die bekeerlinge het later van die Morawiese Kerk weggebreek en dikwels van opelugdienste gebruik gemaak om die Evangelie aan hulle mededorpsgeno= te te verkondig. Hieroor was die Morawiese Kerk erg ontstel en het die Bestuursraad versoek om alle dienste van dié aard te verbied. Die Kommis= saris van Kleurlingsake het die Superintendent in kennis gestel dat die dorpregulasies nie daarvoor voorsiening maak om teen diesulkes op te tree nie (BR.: Sup. aan Kom. van Kleurlingsake 28.9.56; Sup. aan eerw. Reichel, 29.10.56).

In 1978 het die "Evangeliese Beweging van Genadendal" ontstaan. Hulle leier was 'n bekeerling van die 1956-tentdienste en is later a.g.v. sy oortuigings uit die Morawiese Kerk gesit. Hierdie beweging het ongeveer twintig lidmate. In 1978 is meer as twintig hoërskoolleerlinge gedoop wat weer eens 'n opskudding in kerkgeledere veroorsaak het (J. Jacobs 1986: onderhoud; Rabie 1984:108-109; Van Heerden 1978:14-16).

Vandag kom daar 'n Pinksterkerkgroep in die dorp voor wat min of meer die= selfde kerkleer verkondig. Soos die Evangeliese Beweging het hulle nie 'n kerkgebou nie, maar kom in verskillende woonhuise byeen.

Troue in Genadendal
(Foto: Skrywer)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

43. OPVOEDING

43.1 Hoër skool

In 1949 is A.G. de Villiers as skoolhoof aangestel. In hierdie tyd was onderhandelinge aan die gang om 'n nuwe hoërskoolgebou in die dorp op te rig (C. Christians 1986: onderhoud; Die Huisvriend 1949:147).

Op 4 Aug. 1953 het die Kommissaris van Kleurlingsake die Bestuursraad in kennis gestel dat aangesien die staat nie oor die nodige fondse beskik om 'n permanente steengebou op te rig nie, binnekort reëlings getref sou word om 'n monteergebou op te rig (BR.: Brief van Kommissaris aan Sup. 4.8.1953). Tot die teleurstelling van die inwoners is twee rye plankklaskamers in 1956 opgeslaan. Die belofte dat dit mettertyd met 'n steengebou met koshuise vervang sou word, is nooit nagekom nie. Vandag, na dertig jaar is dié skoolgebou, wat 'n maksimum van 500 hoërskoolleerlinge kan huisves, steeds in gebruik (C. Christians 1986: onderhoud).

Ongeag die tipe gebou, het die skool, wat toe bekend was as die Hoërskool Emil Weder, net soos die ou Opleidingskool 'n groot naam in onderwysgele= dere verwerf. Die uitstekende eksamenuitslae en die ideale omgewing vir studie het aansoeke van oor die hele land laat instroom. In 1950 was daar bv. 'n totale inskrywing van 180 waarvan 128 leerlinge van oral oor die land, selfs so ver as Suidwes-Afrika, die skool bygewoon het. In 1951 is F.J.L. Quint as skoolhoof aangestel. Die onderwyspersoneel het op tien gestaan en 'n beperkte aantal vakke is aangebied:

F. Quint	:	Geskiedenis
F. Backman	:	Wiskunde
D. Balie	:	Afrikaans & Fisiologie
C. Christians	:	Houtwerk
J. Human	:	Aardrykskunde
A. Morta (mev.)	:	Naaldwerk
P. Philander	:	Afrikaans
R. Rasmus	:	Biologie
H. Solomon	:	Engels
H. Viljoen	:	Engels

(Die Huisvriend 1951:147).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Quint is in 1955 deur A.J. Cupido as skoolhoof opgevolg. In hierdie tyd is pogings aangewend om die ou Opleidingskool, wat 'n ruk lank ook as hoër skool gedien het, in 'n koshuis vir seuns te omskep. In daardie stadium was daar altesame 60 seuns en 21 meisies wat privaat loseer het. Nadat die nodige opknapping geskied het, kon die koshuis in April 1957 geopen word. Die inrigting sou as Huis Herrnhut bekend staan met J.J. Ulster as koshuisvader. Loseerders het R30,00 per kwartaal betaal en moes die streng reëls stiptelik gehoorsaam. Daar is elke middag en aand gestudeer terwyl die enigste ontspanningstyd tussen 6.30 - 7.15 nm. (na aandete) was. Loseerders moes ook smiddae help om die groentetuin van die koshuis te be= werk en was verplig om die kerkdienste by te woon (M.A.: Huis Herrnhut).

Die skooluniform was 'n swart kleurbaadjie met die skoolwapen, wit hemp/ bloese, swart das, vaal broek/swart skoolrok. In die sewentigerjare is die kleure van die skool na vlootblou en hemelblou verander.

Tydens die prinsipaalskap van Cupido is 'n skoollied gekomponeer waarvan die woorde soos volg lui:

Ons sing van ons skool, ons hoër skool!
Ons skoolpersoneel en studente saam
Sal lewe en strewe tot eer van jou naam:
Emil Weder-hoërskool!
In werk en in sport staan ons bo-aan die lys,
Dit is deur die jare bewys.
"Mens sana in corpore sano."
Emil Weder-hoërskool!

Toe G. Dietrich in 1958 as prinsipaal aangestel is, het die inskrywing op 253 leerlinge gestaan. Die personeel het tot twaalf leerkragte aangegroei. Twee huise, Huis Kühnel (die ou logement) en Huis Hallbeck (ou drukkery), is by die seunskoshuis gevoeg terwyl die ou laerskoolgebou, genaamd Huis Hester Dorothea, in 1962 as meisiekoshuis met mej. M. Kroneberg as matrone geopen is. Die skoolinskrywing was in 1962 altesame 410 en toe A. Daniels in 1963 prinsipaal word, is die 500-kerf bereik, maar dit het die daaropvolgende jare weer gedaal. Die enigste "nuwe" vak was Boekhou wat in dié tyd ingevoer is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1970 is D. Balie as prinsipaal aangestel. Vyf nuwe opslaanklaskamers het bygekom en die skoolinskrywing het weer die 500-kerf gehaal. Bedryfs= ekonomie en Natuur- en Skeikunde is ingevoer en leerlinge in die senior standerds het 'n wyer vakkeuse gehad. Toe die gedifferensieerde leerplan= ne in 1977 ingevoer is, is die onderrig van Natuur- en Skeikunde opgeskort. Van die skool se knapste leerlinge wat in die suiwer wetenskaprigting be= lang gestel het, het die skool ná hulle standerd 8-jaar verlaat om elders waar dié vakke aangebied word, skool by te woon.

In 1976 en 1980 het die landwye skoleboikot ook Genadendal getref. Hierna sou die skooldissipline nooit weer dieselfde wees nie. Leerlinge het hulle teen enige vorm van gesag begin verset. Alhoewel die skool se uitslae nie meer so goed was nie, het aansoeke steeds tot van Kaapstad en Johannesburg ingestroom.

Toe I. Balie in 1980 D. Balie opgevolg het, is twee nuwe vakke, t.w. Land= bouwetenskap en Tik, ingevoer. Alhoewel die koshuisgetalle afgeneem het, is die gemiddelde inskrywing van 500 steeds gehandhaaf. Dit het daarop gedui dat Genadendal en sy buitstasies wel die skool met die nodige leer= lingtalle kon voed. Intussen was die loseerders wat in die koshuise op= geneem is dikwels kinders wat òf probleme by hulle ouerhuise veroorsaak, òf wat toegang op grond van gedrag of prestasie by ander skole geweier is. Aan die einde van 1985 kon die Morawiese Kerk nie anders as om die koshuise a.g.v. vernielsugtigheid deur loseerders en agterstallige losiesgelde te sluit nie. Spesiale vertoë is tot die Departement van Onderwys en Kultuur gerig om die meisieskoshuis onder staatsbeheer te bedryf. Nadat die Kerk toestemming verleen het, is die meisieskoshuis sedert Jan. 1986 onder direk= te staatsbeheer geplaas.

43.2 Die primêre skool

In 1949 het A. Lesch afgetree en is hy deur D.P. Beukes as skoolhoof opge= volg. In 1969 is hy deur Z. Joorst opgevolg. Na lg. se aftrede in 1979 het H. Smith waargeneem totdat D. Meyer in 1982 as skoolhoof aangestel is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Skoolpersoneel ongeveer 1950 met mnr. D.P. Beukes as prinsipaal

Die onderstaande tabel gee 'n aanduiding van die inskrywing oor die afge= lope jare:

1948	1958	1967	1977	1986
589	490	664	728	599

Die laagste inskrywing in die skool se geskiedenis sedert 1942 was in 1958. Van 1958 was daar 'n gedurige toename tot 1977 met 'n rekordinskrywing van 728 (die hoogste ooit in die skool se geskiedenis). Weens die toepassing van gesinsbeplanning het die getalle begin afneem. Waar in die verlede feitlik al die kinders Morawies was, het ongeveer 20% van die leerlinge vandag 'n ander kerkverband. In 1986 is 'n pre-primêre klas met 23 leer= linge begin.

Vir die afgelope drie jaar word 'n gemiddelde slaagsyfer van 70% gehandhaaf. Die huidige personeel staan op 25 leerkragte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

44. POLITIEKE WOELINGE

44.1 Belastingsbetalersvereniging

Sedert die ontstaan van die Bestuursraad was daar heelwat verwarring en on= sekerhede aangaande eiendomsbesit. In The Cape Argus van 1 Mei 1943 het 'n advertensie verskyn dat die dorp verkoop sou word wat verdere verwarring onder die inwoners veroorsaak het (BR.: Notule 1943:104). Omdat die Be= stuursraad ook nie geweet het of die dorpsgrond in trust gehou is of as staatsgrond geklassifiseer is nie, het 'n afvaardiging die Kommissaris van Kleurlingsake in 1955 gaan spreek om duidelikheid hieroor te kry (BR.: Notu= le 1955:246).

Gedurende die vyftigerjare het die Belastingbetalersvereniging besluit om onderwysers te nader om hulle as kandidate vir die Bestuursraad verkies= baar te stel om "die Superintendent en Regering teen te werk" (BR.: Verslag van Sup. aan Kom van Kleurlingsake, 2.4.53).

Volgens dié vereniging was die Regering met onderduimse planne besig. "'n Kleurlingsuperintendent is aangestel om die mense gerus te maak. Hierdie superintendent is 'n agent van die Regering en behoort noukeurig dopgehou te word (...) Wolf is nou onder die skape en die Raad moet wakker wees." Die vereniging was verder ontevrede omdat die staat die dorp se kaart en transport ingetrek en die Raad gedwing het om sekere voorgelegde ontwikke= lingswerke te aanvaar. Belastings sou hierdeur verhoog word wat die in= woners heelwaarskynlik nie sou kon bybring nie en dit kon volgens dié ver= eniging meebring dat die staat die dorp sou "afvat" en die mense uitdryf. Om hulle planne deur te voer, skryf die staat "hoë briewe" aan die Raad wat moeilik verstaanbaar is en op hierdie wyse word die Raad om die bos gelei. Dus het dit vir die Belastingbetalersvereniging belangrik geword om meer "geleerde" mense in die Raad te kry (BR.: Verslag van Sup. aan Kom van Kleurlingssake 2.4.53).

In 1956 is die aanbod van 'n rentevrye lening van £2 800 deur die Provinsi= ale Administrasie vir 'n waterskema verwerp omdat die belastingbetalers ge= vrees het dat hulle hierdeur die dorp sou "verkoop" (BR.: Gesondheidsverslag, 28.9.1956). Toe daar grond vir die oprigting van 'n hoër skool aangewys

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moes word, het dit met groot onsekerheid geskied. Die Departement van Onderwys sou alleenlik die skool kon oprig indien die grond aan hulle verkoop word. Na deeglike oorweging, is die grond wel verkoop (C. Chris= tians 1986: onderhoud).

44.2 Onderwysersliga van Suid-Afrika

Hierdie liggaam is reeds in 1903 in die lewe geroep en het na beter opvoe= ding van kinders in die bruin gemeenskap gestrewe. Gedurende vyftiger= jare het hulle gereeld vergaderings in Genadendal gehou. Op Vrydag, 11 Junie 1954, is 'n tak van die genoemde liggam, genaamd die "Genadendal Ouer-Onderwyserbond" gestig. Die ampdraers was:

Mnr. C. Christians	(voorsitter)
Mnr. F. Backman	(ondervoorsitter)
Mnr. Jonas Bosch	(sekretaris)
Mnr. I. Jacobs	(hulpsekretaris)
Mev. P. Fullard	(kassier)

(BR.: Sup. aan Kom. van Kleurlingsake, 15 Junie 1954).

Op hierdie vergaderings is ouers gewaarsku om op hulle hoede te wees vir die Departement van Kleurlingsake wat, volgens hulle, die opvoeding van bruin leerlinge strem en hulle slegs as ongeskoolde arbeid wou gebruik. Een van die sprekers het hom soos volg uitgelaat: "Daar moet weggedoen word met die Kommissaris van Kleurlingsake en sy ondergeskiktes. Genaden= dalse mense word onderdruk met lokasiewette en die gogga van 'n superinten= dent wat Du Plessis (dr. I.D. du Plessis, die Kommissaris) hier aangestel het, pas die lokasiewette toe op die mense. Dit gaan bitter, bv. niemand mag 'n besoeker vir langer as een aand huisves nie." Staaltjies is vertel van "outas" wat doodteverede met hulle lot is" en van die mishandeling van bruin bediendes op die plase en dat die mense hiervan bewus moes raak en wakker skrik.

'n Ander spreker het die volgende vergelyking getref: "Daar staan 'n groot ossewa, met twee donker swart muile voor, 'n klein mannetjie met die klein swepie is die blanke. Die wa is die land, die swartman trek die hele land

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en ons laat ons dryf deur die swak blanke. Daardie muile moet net een skop gee, dan trek die wa en die land is verongeluk, dit kan gedoen word, ons moet net die juk afskud. Ons moet ons kragte saamsnoer en die blanke be= veg ten einde ons vryheid te verkry" (BR.: Verslae Sup. aan Kom. van Kleur= lingsake, 10.8.55).

Vergaderings van hierdie aard op die dorpsgrond is later verbied en van die inwoners het toe gereeld op die Morawiese Kerkplein die groot solder van die pastorie en in die Kloof byeengekom. Ten spyte van polisiedreigemente het die vergaderings voortgegaan. Volgens een van die inwoners was die hoofdoel om die inwoners bewus te maak van die diskriminerende wette wat die Regering toegepas het, om die inwoners aan te moedig om na die hoogste opvoedkundige kwalifikasies te strewe en dat die "kleuridentiteit" wat die Departement van Kleurlingsake op die mense wou afdruk, teëgestaan moes word. Lede van die Onderwysersliga het 'n groot aandeel in dié vergaderings gehad (C. Christians 1986: onderhoud).

Wette soos die Bevolkingsregistrasiewet, die Wet op Verbod van Gemengde Hu= welike, die Ontugwet, die Wet op Groepsgebiede, die Wet op Landelike Kleur= linggebiede is deur die jare as vernederend beskou. Hierdeur is selfs ge= sinslede geskei en van mekaar vervreem (Rabie 1984:128).

Met die totstandkoming van die V.K.R. (Verteenwoordigende Kleurlingraad) in die sewentigerjare was daar groot verdeeldheid toe sommiges aan die Federale en ander aan die Arbeidersparty behoort het (BR.: Notulepunt 80, 11.4.73). Vandag is daar onder die jeug sterk steun vir die U.D.F. terwyl die Arbei= dersparty 'n klein groepie volgelinge het (Persoonlike waarneming).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING VII: DIE PAD VORENTOE

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

45. 'N TOEKOMSBLIK

45.1 Liebenberg-verslag

Op 22 Nov. 1985 het die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Landbou 'n opdrag aan die raadgewende ingenieurs Liebenberg & Stander ge= gee om ondersoek in te stel hoe die bestaande dienste in die dorp opge= knap kan word. Hulle voorstelle was soos volg:

45.1.1 Watertoevoer

1. Om òf 'n dam in/naby die Baviaansrivier(R780 000) te bou, òf om die dorp se watervoorraad uit die Riviersonderend aan te vul (R848 000).
2. Om die waterverspreidingstelsel te verbeter en 'n spoelriole= ringstelsel daaraan te koppel (R560 000).
3. Watermeters moet by die grens van elke erf aangebring word om te verseker dat die waterverbruik laag bly.
4. Brandkrane moet op strategiese punte voorsien word.
5. Die inhoudsvermoë van die huidige reservoirs op die heuwels moet aangevul of die reservoirs vervang word met één groot re= servoir (R450 000).

(Liebenberg & Stander 1986:2-7).

45.1.2 Sanitasie

Eers wanneer die gemeenskap verseker is van 'n betroubare en standhoudende waterbron soos dit in bogenoemde voorstelle uitgespel word, kan daar oor= weging aan 'n spoelrioleringstelsel geskenk word. 'n Stelsel waar die toiletstoel direk aan 'n septiese tenk gekoppel is, is ook voorgestel. Dit sal dan nie nodig wees om te spoel nie. Lg. stelsel se kapitaalkoste sal R2 500 000 wees terwyl die jaarlikse onderhoudskoste R25 000 sal be= loop (Liebenberg & Stander 1986:8.20).

45.1.3 Paaie

Aangesien die ringpad deur Genadendal die belangrikste roete vir busse en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ander verkeer is, word daar dikwels 'n oorlas van stof en modder ondervind. Om die voorkoms van die dorp te verbeter, is voorgestel dat die pad geteer word. Die koste om dié pad met bitumen, klipskerf en twee lae flodder te verseël, sal ongeveer R410 000 bedra (Liebenberg & Stander 1986:21).

45.1.4 Elektrisiteitsvoorsiening

Die bevinding van die ingenieurs was dat die verspreidingsnetwerk baie swak beplan is en dat dit ook nie volgens erkende standaarde geïnstalleer is nie. Geen voorstelle in dié verband is voorgelê hoe om die netwerk te herbeplan of te verbeter nie (Liebenberg & Stander 1986:24).

45.1.5 Stormwater

Aangesien die grootste gedeelte van die dorp teen steil hellings geleë is, moet stormwaterkanale (grondkanale) langs die strate aangebring word om erosie te bekamp. 'n Kontoersloot moet aan die Oostekant, bokant die dorp, voorsien word om die vloei van die berge af uit die dorp te hou. Pype moet, waar nodig, gelê word om stormwater onder die strate deur te voer (Liebenberg & Stander 1986:26). Hierdie dreineringswerke sal ongeveer R320 000 kos (Liebenberg & Stander 1986:24).

45.1.6 Woonhuise

Daar is bevind dat baie van die ou woonhuise vervalle raak en dat dringend aandag geskenk moet word. Die ingenieurs beweer dat die agteruitgang heel waarskynlik daaraan toegeskryf kan word dat die inwoners nie kaart en transport van hulle erwe het nie. Geen konkrete voorstelle i.v.m. behuising en eiendomsbewys is voorgelê nie (Liebenberg & Stander 1986:25). Die nuwe paaie wat in 1985 hoër op teen die heuwelhellings aangelê is, dui daarop dat die woongebiede in dié rigting kan uitbrei (Persoonlike waarneming).

45.2 Morawiese kerkwerf

Die Sendingtrustfonds, wat in 1986 as 'n gesamentlike projek van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en die Morawiese Broederkerk in die lewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geroep is, gaan in die komende jare poog om die geboue op die kerkwerf te restoureer, tuinmure te herbou en weer die ou sendingtuin uit te lê soos dit oorspronklik was. Restourasiewerk aan die ou sendelingskamers wat in 1793 opgerig is, het reeds begin en dit sal as 'n klein restaurant vir be= soekers gebruik word. Die ou Opleidingskool wat in 1838 gebou is, word tans opgeknap om die wye verskeidenheid museumvoorwerpe uit te stal. Hoe hierdie museum, wat 'n opgeleide kurator en ander kundige personeel dring= end sal benodig, bedryf gaan word, is nog nie 'n uitgemaakte saak nie (Per= soonlike waarneming).

45.3 Opgraderingskomitee

In 1986 is 'n opgraderingsvergadering belê waaraan verteenwoordigers van die Bestuursraad, die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Land= bou, die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn, die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolking asook die Raad van Nasionale Gedenkwaar= dighede kon deelneem. Daar is gesamentlik na die gebreke in die gemeen= skap gekyk en voorstelle gemaak hoe om die sosio-ekonomiese toestande in die dorp te verbeter.

45.4 Skole

Die dalende leerlingtal van die primêre skool dui daarop dat daar geen on= middellike nood vir die uitbreiding van die geboue bestaan nie.

Wat die plaaslike hoër skool betref, is planne vir 'n moderne hoërskoolkom= pleks deur die argitek C. Engels in 1986 opgestel. Hiervolgens sal 'n dub= belverdieping-steengebou wat duisend leerlinge kan huisves, die ou monteer= gebou vervang. Daar word ook vir moderne koshuisgeriewe en 'n sportveld op dieselfde perseel voorsiening gemaak (Hoërskool Skoolplanne Febr. 1986: tekening nr. 85035 - A001B).

45.5 Feesjare 1987-1988

In Julie 1987 sal die Evangeliese Broederkerk (Morawiese Kerk) die 250-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jarige herdenking van die aankoms van Georg Schmidt aan die Kaap vier en die volgende jaar (1988) sal Schmidt se aankoms in Genadendal herdenk word.

Om hierdie feestelikhede deeglik te beplan, is 'n jubelfeeskomitee in 1986 deur die Kerk in die lewe geroep. Die voorlopige program vir 1987 is soos volg:

1 Maart 1987:	Aanvang van feesverrigtinge d.m.v. 'n dankdiens in alle Morawiese gemeentes in Suid-Afrika (1 Maart word as die stigtingsdatum van die Mora= wiese Kerk in Duitsland aangegee.)
Don., 9 Julie:	'n Tradisionele jubelfees met 'n gebruiklike mid= dernagdiens om Schmidt se aankoms aan die Kaap te herdenk.
Sat.,11 Julie:	Saamtrek in Genadendal wat optogte, opvoerings, en groot onthale sal insluit.
Son.,12 Julie:	'n Môreseën by Moeder Lena se monument en 'n Lief= demaal.

Wat die feesjaar in 1988 betref, word daar ook heelwat deur die plaaslike Morawiese Kerkraad beplan. Groot getalle besoekers uit die V.S.A., Duits= land en Engeland, waar die Morawiese Kerk sterk gemeentes het, word tydens hierdie feesvieringe verwag.

---oOo---

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRONNE

Afkortings

Berichten:	Berichten van de Zendingen der Evangelische Broedergemeente onder de Heidenen.
BR.:	Bestuursraad van Genadendal.
Church book:	The Church book of the Brethren's Unity in the British Province.
Geschiedverhaal:	Geschiedverhaal van Genadendal.
Godsdiens:	Godsdiens en godsdienstige gebruike van die Broederkerk.
History of civilization:	History of the civilization and Christiani= zation of South Africa.
M.A.:	Morawiese Argief van Suid-Afrika.
Nachrichten:	Nachrichten aus der Brüder-gemeine.
Onderwijs:	Onderwijs en lessen ter gebruik voor schoolen.
P.A.:	Periodical accounts relating to the missions of the Church of the United Brethren, vanaf 1792, Londen.
Particulars:	Particulars of intelligence respecting the Missions of the United Brethren.
SESA:	Standard encyclopaedia of Southern Africa, 1970, Kaapstad.
Sketsplan:	Sketsplan en datums van Sendingeiendom en geboue in Genadendal.
Verslag i.s. Kaapse Kleurlingbevolking:	Verslag van die Kommissie van ondersoek in sake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie.
VRV:	Van Riebeeck-Vereniging.
WAT:	Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

BOEKE, TYDSKRIFTE, KOERANTE, ens.

A few samples of types, borders, etc. from Gena= dendal Printing Works.	1900	Genadendal.
Alexander, E.G.M. e.a.	1985	South African orders, decorations and Medals, Kaapstad.
Alpha	1967	Kaapstad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Angas, G.F.	1849	The Kafirs illustrated, Londen.
Anshelm, C.	1927	Hans Peter Hallbeck, Genadendal.
Avondmaalsboekje	1900	Genadendal.
Backhouse, J.	1844	A narrative of a visit to Mauritius and South Africa, Londen.
Backman, F.G.	1966	A comparative geographical study of the nucleated settlements of Genaden= dal, Hawston, Idas Valley (Stellen= bosch) and South End (Strand) (Onge= publiseerde M.Sc.-tesis, Unisa).
Badenhorst, L.H.	1955	Die aandeel van die kerk in die op= voeding spesiaal in die Kaapprovin= sie, Amsterdam.
Barnard, lady Anne	1924	South Africa a century ago, Kaapstad.
Barrow, J.	1801	An account of travels into the inte= rior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, Londen.
Baynes, C.R.	1843	Notes and reflections during a ram= ble in the East, Londen.
Bechler, W.F.	1873	Benigna van Groenekloof, Kaapstad.
Beknopte spraakkunst der Nederlandsche taal.	1886	Genadendal.
Berichten van de zending= en der Evangelische Broe= dergemeente onder de Hei= denen.	1798 - 1920	Zeist.
Böeseken, A.J.	1966	Die Nuusbode, Kaapstad.
Böeseken, A.J.	1981	Onder Suidersterre, Kaapstad.
Bouchenroeder, B.F.	1806	Reize in de binnelanden van Zuid-Afri= ka gedoen in den jare 1803, Amsterdam.
Brenton, J.	1846	Memoir of the life and services of the vice-admiral sir Jahleel Brenton, Londen.
Buchner, C.	1894	Acht monate in Südafrika, Gütersloh.
Burchell, W.J.	1967	Travels in the interior of Southern Africa, 'n Faksimilee-uitgawe, Kaapstad.
Caledon Venster	1937	Caledon.
Campbell, J.	1815	Travels in South Africa, Londen.
Carlyle, J.E.	1878	South Africa and its mission fields, Londen.
Champion, G.	1968	The journal of an American missionary in the Cape Colony 1835, herdruk deur S.A. Biblioteek, Kaapstad.
Christenleer.	1905	Genadendal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Cilliers, S.P.	1964	Wes-Kaapland: 'n Sosio-ekonomiese studie, Stellenbosch.
Coetzee, J.C.(red.)	1958	Onderwys in Suid-Afrika, Pretoria.
Cruse, H.P.	s.j.	Die Geskiedenis van kleurlingonder= wys in die Kaapprovinsie, Stellen= bosch.
Cruse, H.P.	1947	Die opheffing van die kleurlingbe= volking, Deel I, Stellenbosch.
De Bode (maandblad)	1859 - 1914	Genadendal.
De Kinder-vriend	1862 - 1914	Genadendal.
De Mist, A.	1954	Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Af= rica, Kaapstad.
De Mist, J.A.	1920	The memorandum of commissary J.A. de Mist, VRV Iste reeks 3, Kaapstad.
De Namen van Jesus	s.j.	Basel.
De Villiers, J.	1969	Hottentot-regimente aan die Kaap, 1781-1806 (Ongepubliseerde M.A.- tesis, Universiteit van Stellenbosch.
De Villiers, J.	1983	The Cape Regiment, 1806-1817 (Onge= publiseerde D.Litt.et Phil.-proef= skrif, Unisa).
Di Capelli, W.P.	1965	Reize in de binnen-landen van Zuid-Afrika gedaan in den jaare 1803, VRV Iste reeks 46, Kaapstad.
Die Burger	1974 1975 1923 1924	Kaapstad.
Die Huisgenoot	1962	
Die Huisvriend	1914 - 1986	Genadendal.
Die Suiderstem	1937	Kaapstad.
Die Teksboekie	1962	Genadendal.
Dönges, T.D. & D.P. de Villiers	1945	Memorandum in re Moravian Mission So= ciety and Broederkerk in Suid-Afrika (afgerolde manuskrip).
Duff-Gordon, L.	1927	Letters from the Cape, Londen.
Du Plessis, E.J.	1973	'n Ondersoek na die oorsprong en bete= kenis van Suid-Afrikaanse berg- en ri= viernamе, Kaapstad.
Du Plessis, J.	1965	A history of Christian missions in South Africa, Kaapstad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ewart, J.	1970	James Ewart's journal (1811-1814), Kaapstad.
Fawcett, J.	1836	Account of an eighteen months' re= sidence at the Cape of Good Hope in 1935-1836, Kaapstad.
Geloofsleer	1899	Genadendal.
Gemeente ordeningen (pamflet)	1878	Genadendal.
Genadendal Poskantoor: Rekordboek.	1900 - 1955	Genadendal.
Georg Schmidt de eerste zendeling der Broeder= kerk in Zuid-Afrika.	1887	Genadendal.
Georg Schmidt en sy op= volgers.	1937	Hernnhut.
Gerdener, G.B.A.	1937	Two centuries of grace, Stellenbosch.
Gesangboek van die Broe= derkerk.	1949	Genadendal.
Geschiedverhaal van Genadendal.	1893	Kaapstad.
Giliomee, H.	1963	Die Kaap tydens die Eerste Britse be= wind, Kaapstad.
Giliomee, H. & R. Elphink	1982	'n Samelewing in wording 1652-1820, Kaapstad.
Godsdiens en godsdiens= tige gebruike (afgerolde manuskrip.	s.j.	
Government Gazette	1980	
Gray, R.	1848	A journal of the Bishop's visitation through the Cape Colony, Londen.
Greenfield, J.	1977	Power from on high, V.S.A.
Hagen, F.	1886	Old landmarks of the Moravian Church, Betlehem, V.S.A.
Hallbeck, H.P.	1886	Eenvoudige lessen ten gebruik van kleinkinderscholen, Genadendal.
Hamilton, J.T.	1901	A history of the missions of the Mora= vian Church, Betlehem, V.S.A.
Handboek vir orreliste (pamflet).	s.j.	
Hassé, E.R.	1906	The foreign missions of the Moravian Church, Londen.
Helpmekaar Volkskultuur= vereniging (notuleboek in besit van L. van der Berg, Volksweg, Genaden= dal).	1953	Genadendal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hennig, P.A.	1901	Kennisgewing (pamflet).
Het Tekst-boek der Broederkerk.	1862	Genadendal.
Het Volksblad.	1865	
Het Volksleesboek.	1868	Kaapstad.
History of the civili= zation and Christiani= zation of South Africa.	1832	Edinburg.
Holmes, J.	1825	History of the Protestant Church of the United Brethren, Londen.
Holmes, J.	1818	Historical sketches of the missions of the United Brethren for propaga= ting the Gospel among the heathen, from their commencement to the pre= sent time, Dublin.
Hutchins, D.E.	1890	The cluster-pine at Genadendal (pam= flet).
Hutton, J.E.	1895	A short history of the Moravian Church, Londen.
Instructions for missio= naries of the Church of the Unitas Fratrum or United Brethren.	1840	Londen.
Kliege, H.	1912	Hin und her in Südafrika, Herrnhut.
Kronos ('n geleentheids= publikasie van die Wes-Kaaplandse Instituut vir Historiese Navorsing). Deel I - X.	1979 - 85	Bellville.
Krüger, B.	1956	Die graaf Von Zinzendorf, Genadendal.
Krüger, B.	s.j.	The beginnings of the Moravian Church, Genadendal.
Krüger, B.	1966	The pear tree blossoms, Genadendal.
Krüger, B. & P. Schaberg	1984	The pear tree bears fruit, Genadendal.
Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek.	1980	Kaapstad.
Lancaster, J.	1805	Improvements in education, Londen.
Latourette, K.S.	1954	A history of Christianity, Londen.
Latrobe, C.I.	1818	Journal of a visit to South Africa, Londen.
Le Roux, M.	1982	Die Kaapse kopersmid, Epping (Kaap).
Lichtenstein, H.	1912	Travels in South Africa in the years 1803-1806, Londen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Liebenberg & Stander (Raadgewende ingenieurs)	1986	Genadendal en buiteposte (afgerolde manuskrip), Kaapstad.
Lirpa Social Club. (dokument in besit van A. Driver, Monumentplein, Genadendal).	s.j.	
Litanieen en gezangen.	1895	Genadendal.
Maandbladje voor Kinderen.	1861	Genadendal.
Macduff, J.R.	1887	The Moravian Church, Londen.
Mackenzie, W.	1824	Outlines of education, Edinburg.
Malherbe, E.G.	1925	Education in South Africa, 1652-1922, Kaapstad.
Marx. B.	1896	Genade en waarheid, Genadendal.
Marx. B.	1856	Onderwijs en lessen ten gebruik voor schoolen (manuskrip in M.A.), Genaden= dal.
Mentzel, O.F.	1944	A geographical and topographical des= cription of the Cape of Good Hope, VRV Iste reeks 25, Kaapstad.
Merriman, N.J.	1957	The Cape journals of archdeacon N.J. Merriman 1848-1855, VRV Iste reeks 37, Kaapstad.
Moffat, R.	1842	Missionary labours and scenes in South Africa, Londen.
Molsbergen, E.Godée	1932	Reize in Zuid-Afrika (1776-1805), 'S Gravenhage.
Moravian Missionary Reporter.	1884	
Moravian Missions.	1917	
Muller, C.F.J.(red.)	1977	Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskie= denis, Pretoria.
Nachrichten aus der Brüder-gemeine.	1819-	Gnadau.
Nel, P.G.(red.)	1979	Die kultuurontplooiing van die Afrika= ner, Pretoria.
Nitschman, T.	1920	Unter Südafrikanischem Himmel, Herrnhut.
Oberholster, J.J.	1972	Die historiese monumente van Suid-Afrika, Kaapstad.
Old Apostolic Church of South Africa : Genadendal Register Book (in besit van N. Wildschut, Volks= weg, Genadendal).		

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Particulars of intelligence respecting the Missions of the United Brethren.		Londen.
Pienaar, P.D.(red.)	1968	Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Kaapstad.
Pringle, T.	1970	Poems illustrated of South Africa, Kaapstad.
Prins, E.J.	1983	Die kulturele en ekonomiese ontwikke= ling van die Westelike Overberg in die agtiende en vroeë negentiende eeu (on= gepubliseerde D.Litt.et Phil.-proef= skrif, Unisa).
Prins. E.J.	1979	Aspekte van die geskiedenis van die Westelike Overberg in die agtiende en vroee negentiende eeue (ongepubliseer= de M.A.-tesis, Unisa).
Rabie, P.	1984	'n Sosiaal-strukturele ontleding van gedragspatrone in Genadendal (onge= publiseerde Ph.D.-proefskrif, Univer= siteit van Stellenbosch).
Raum, J.W.	1953	The development of the coloured commu= nity at Genadendal under the influences of the Unitas Fratrum, 1792-1892 (onge= publiseerde M.-tesis, Universiteit van Kaapstad).
Regels van de Genadendal Begrafnis-Vereniging (pamflet).	1917	Genadendal.
Regels van de Genadendal Vereenigde Zusters (pamflet).	1910	Genadendal.
Regels van de Victoria-Begrafnis-Vereniging (pamflet).	1917	Genadendal.
Reichel, G.	1960	Die geskiedenis van die 13de Augustus 1727, Kaapstad.
Reichel, N.	1961	Georg Schmidt, Genadendal.
Reichel, N.	s.j.	Hans Peter Hallbeck, Genadendal.
Renkewitz, T.	s.j.	The training school, Genadendal.
Rose, C.	1829	Four years in South Africa, Londen.
Roser, R.	1856	Naturhistorische und medizinische Betrachtungen über Gnadenthal in Sud-Afrika, (M.A.-manuskrip) Tubingen.
Rothman, A. & J. Warner	1984	Overberg, Epping (Kaap).
Report of the Select Committee.	1858	Kaapstad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Schaberg, P.W.	1979	Ons werk in die Broederkerk 1929-1969, (manuskrip).
Schaberg, P.W.	1980	Teksboek (pamflet).
Schaberg, F.A.	1897	Leiddraad bij het onderwijs voor katechumenen, Genadendal.
Schmidt, G.	1981	Das Tagebuch und die Briefe von Georg Schmidt (1737-1744), Bellville.
Schmidt, R.	s.j. (a)	Die sendingwerk van die Broeder= kerk in Suid-Afrika, (manuskrip) Genadendal.
Schmidt, R.	s.j. (b)	Hemel-en-aarde, Genadendal.
Schmidt, R.	s.j. (c)	Loyalty of missionaries and congre= gations (dokument), Genadendal.
Schmidt, R.	s.j. (d)	Sketsplan en datums van sendingeien= dom en geboue in Genadendal, Genaden= dal.
Schmidt, R.	1932 (a)	Die begin van die sendingwerk van die Broederkerk (pamflet) Genadendal.
Schmidt, R.	1932 (b)	Die Pinkster van Herrnhut, Genadendal.
Schmidt, R.	1932 (c)	Die 200-jarige jubelfees, Genadendal.
Schmidt, R.	1914	Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal, Genadendal.
Schmidt, R.	1935	Die Kweekskool, Genadendal.
Schmidt, R.	1937 (a)	Ds. Helperus Ritzema van Lier, Genaden= dal.
Schmidt, R.	1937 (b)	Die ou suster Magdalena, Genadendal.
Schmidt, R.	1943	Ons vyftigjarige Kerk Jubelfees te Ge= nadendal (pamflet), Genadendal.
Schmidt, R.	1940	Die Broederkerk (pamflet).
Schmidt, R.	1955	Berea (pamflet).
Schmidt, R.	1056	Belangstelling in die gesondheidstoe= stande van ons gekleurde samelewing (dokument in M.A.) Genadendal.
Schneider, H.G.	1892	Gnadenthal, Herrnhut.
Schulze, A.	1908	Die Brüdermission in wort und bild, Herrnhut.
Schulze, A. & S. Gapp	1926	World-wide Moravian Missions, Betlehem (Pensilvanië).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Schutte, P.J.	1969	Sendingdrukperse in Suid-Afrika, Potchefstroom.
Sesde Kerkverjaardag (Volkskerk).	1928	
Spangenberg, A.G.	1790	Arbeid der Evangelische Broederen, onder de heidenen, Gouda (Holland).
Spangenberg, A.G.	1796	Eenige berichten nopens de Evangelische Broederkerk, Dordrecht.
Sparrman, A.	1975	A voyage to the Cape of Good Hope, VRV IIde reeks 6,7, Kaapstad.
Steedman, A.	1966	Wanderings and adventures in the interior of Southern Africa, Deel II, Kaapstad.
Strassberger, E.	1953	Die werk van die Rynse Sendinggenootskap in Noordwes Kaapland met besondere verwysing na Wupperthal (ongepubliseerde M.A.-tesis, Unisa).
Teachers' Review	1907 - 1913	Genadendal.
Teenstra, M.	1943	De vruchten mijner werkzaamheden 1830, VRV Iste reeks 24, Kaapstad.
Theal, G.M.	1911	Belangrijke historische dokumenten over Zuid-Afrika, Deel III, Londen.
Theal, G.M.	1908	History of South Africa since 1795, Londen.
The Cape Argus.	1857 - 1937	Kaapstad.
The Cape Herald.	1975	Kaapstad.
The Cape of Good Hope Literary Gazette.	1830, 1832	Kaapstad.
The Cape Times.	1895 - 1973	Kaapstad.
The Cape Town Gazette and African Advertiser.	1801 - 1824	Kaapstad.
The Cape Town Mail.	1850	Kaapstad.
The Cape Monitor.	1859	Kaapstad.
The Cape Standard.	1867, 1937	Kaapstad.
The Church book of the Brethren's Unity in the British Province.	1892	Londen.
The Missionary Reporter	1870	Londen.
The Moravian	1957	Bethlehem, Pensilvanië.
The South African Advertiser and Mail	1862	Kaapstad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The South African Numis= matic Society Newsletter.	1933	
The South African Spec= tator.	1902	
Trollope, A.	1968	South Africa, Londen.
Van der Merwe, J.P.	1926	Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803-1806, (ongepubliseerde D.Phil-Proefskrif, Amsterdam).
Van der Walt, e.a.	1951	Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, Kaapstad.
Van der Walt, I.J.	1965	Eiesoortigheid in die Sending, Potchef= stroom.
Van Heerden, H.	1978	A Fieldwork study of conflict at Gena= dandal, Bellville.
Van Reenen, D.	1937	Die joernaal van Dirk Gysbert van Ree= nen, VRV Iste reeks 18, Kaapstad.
Venter, A.L.J.	1974	Coloured - a profile of two million South Africans, Kaapstad.
Verslag van die kommissie van ondersoek insake die Kaapse kleurlingbevolking van die Unie.	1937	Pretoria.
Volkskerk Doopregister (in besit van S. Present, Greystraat, Genadendal).	1924	Genadendal.
Walton, J.	1974	Watermills, windmills and horse-mills of South-Africa, Kaapstad.
Wesso, H.M.	1984	The development of underdevelopment in rural areas with special reference to Genadendal, Bellville.
Woordeboek van die Afri= kaanse taal, Deel IV.	1961	Pretoria.
Yeld, R.W.A.	1955	Die kleurling en plaaslike besture (af= gerolde manuskrip, Sabra).

ARGIVALE BRONNE

Morawiese Argief (M.A.)

I2b Algemene Sending Konferensie.
Dr. Lees.
Mission Siding winkel.
Ordeninge.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

I3a Afskrifte van briewe.
Armenkas, opgaafkas, gemeentekas.
Rekeninge.

I3b Briewe: Halbeck (1820-1836).
Briewe: Teutch (1838-1841).
Briewe: Habelgaarn & Schaberg (1959-1963).
Briewe: verskillende (1860-1880).
Hallbeck, H.P.; sy lewe en ander geskrifte.

I3c Dokumente i.s. slawe, soldate, ens. (1784-1899).

I4a Georg Schmidt.

I4d Dokumente, Bataafse bewind (1791-1805).
Dokumente & briewe: Tweede Engelse bewind (1806-1815).
Dokumente & briewe: 1814-1839.
Dokumente & briewe: 1856-1899.
Voorbereiding van "Grant".

I4e Trouwet, 1938.
Memoranda.

I5a Dagboek, uittreksels: 1842, 1844.

I5c Berea: 1865-1953.

I6a Moeilikhede, 1904-1907.
Moeilikhede, 1914-1918.

I6b Bedrywe: landbou, meul, apteek, kliniek, kasterolie, skrynwerk, dennebome, brug, ossewa, e.a.

I6c Buitestasies: Kopjes, Karwyderskraal, Greyton, Twistwyk, Tygerhoek & Voorstekraal.

I6d Skole: statistiek.
Skole: rekeninge.
Museum.
Hernnhut.

I7a Hofsaak: Marx vs. Magerman.

I7b Uiterlike bestuur.

I7c Aankoop van eiendom.
Besoekers: logement.
Hulp Sending Genootskap (1945-1851).
Kaarte & sketse.
Kerkbou (1888-1893).
Kerkgewoontes & pligte.
Konserte, verenigings, ens.
Polisiekantoor.
Poskantoor.
Verhale uit die geskiedenis.
Verkiesing: Kerkkonferensie.
Verplegingsdiens.

I8a Bestuursraad, korrespondensie.
Hofsake, 1866-1924.
Sending-eis, 1895.
Uitmeting van Genadendal 1909.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

I8b Belasting.
Bouplanne, 1895.
Statistiek, gemeente.

III5a Hofsake: 1866, 1894, 1923.

III5b Opvoeding: 1860 - 1960.

III5c Briewe, algemeen: 1820 - 1849.
Sendingwinkel, 1839 - 1949.

III6a Kerksake, algemeen.
Boegoehandel.
Goewerneurs, korrespondensie (1827-1898).
Testamente (1840-1930).
Uiterlike bestuur (lig, wegbelasting, reglemente, polisiekantoor).

III6b Briewe: Koloniale kantore (1840-1869).
Zeist (1814-1840).
Civil Commissioner, Caledon (1851-1852).
Swellendam (1830-1839).
Matrimonial Court, Caledon (1820-1839).
Report : Freehold to Hottentots.

III6c Buitestasies.

III7b Jubelfees.

III8a Opvoeding.

IV & VII Die Genadendalse drukkery.

NIE-GEKLASSIFISEER OF GEÏNDEKSEER NIE

1) Aankondigingboeke.
2) Account of Supreme Court case, 1923.
3) Brief van Departement van Openbaar Onderwijs: 4.12.1928.
4) Brief van G. Hartwig aan P. Schaberg: Sept. 1964.
5) Brief van Knobel aan National Industrial Council: 7.1.1950.
6) Brief van Murray (Sekr. van Onderwys) aan Von Dewitz: 21.3.1907.
7) Brief R. Rasmus aan P. Schaberg: 15.12.49.
8) Briefwisseling tussen W.P. Tobacco Growers en Sending.
9) Doopregisters.
10) Foto's en sketse.
11) Gedenkwaardighede.
12) Gedig van D.G. Carnspek, 27.2.1744.
13) Huis Herrnhut.
14) Inspeksieverslae.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15) Kaart van J. Mellville, 1916.
16) Kennisgewings & programme.
17) Kroningsviering.
Landbouopnames.
Omsendbrief van Schmidt aan vroue: 1942.
Outobiografie, Schmidt, C.R.
18) Printing Works inventaris, 1932.
19) Register betreffende bepalinge van Kerke Raad, 1903-1912.
20) Sendingtrusfonds.
21) Skoolregisters.
22) Verjaardagregister.
23) Vraelys aan Bestuurders van Sendingskole.

ONDERHOUDE

April, A.(mev.)	1973	Hallbeckstraat, Genadendal, 65 jaar, huisvrou.
April, J.(mej.)	1985	Strydomlaan, Genadendal, 86 jaar, huisvrou.
April, J.(mev.)	1973	Monumentplein, Genadendal, 64 jaar, huisvrou.
April, J.A.	1973	Georg Greystraat, Genadendal, 64 jaar, afgetrede skoolopsigter.
Balie, E.(mev.)	1973	Monumentplein, Genadendal, 60 jaar, huisvrou.
Balie, D.	1986	Bergstraat, Genadendal, 67 jaar, afgetrede skoolhoof.
Beukes, D.P.	1973	Sewefontein, Genadendal, 65 jaar, afgetrede skoolhoof.
Carelse, P.(mej.)	1986	George Greystraat, Genadendal, 45, verpleegster.
Christians, C.	1986	Bergzichtlaan, Genadendal, 67 jaar, afgetrede onderwyser.
Cloete, B.(mev.)	1975	Georg Greystraat, Genadendal, 85 jaar, huisvrou.
Cloete, F.	1986	George Greystraat, Genadendal, 70 jaar, afgetrede onderwyser.
Duminy, E.	1986	Strydomlaan, Genadendal, 67 jaar, boer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Erasmus, N.	1986	Bestuursraad, Genadendal, 55 jaar, Voorman.
Farao, C.G.	1986	Kerkplein, Genadendal, 38 jaar, superintendent.
Habelgaarn, A.(mev.)	1975	Koringlandskloof, Genadendal, 82 jaar, huisvrou.
Isaks, K.	1986	Sewefontein, Genadendal, 45 jaar, tuinier.
Jacobs, I.	1986	George Greystraat, Genadendal, 53 jaar, posmeester.
Jacobs, J.	1985	Volksweg, Genadendal, 70 jaar, kerkleier.
Johannes, P.	1986	Bergstraat, Genadendal, 42 jaar, drukker.
Johnie, H.	1973	Bergstraat, Genadendal, 78 jaar, afgetrede arbeider.
Joorst, P.	1973	Bergstraat, Genadendal, 77 jaar, afgetrede drukker.
Jonker, S.	1970	Monumentplein, Genadendal, 80 jaar, afgetrede onderwyser.
Klink, A.(mev.)	1986	Bergstraat, Genadendal, 48 jaar, bibliotekaresse.
Le Roux, J.(mev.)	1973	Volksweg, Genadendal, 64 jaar, huisvrou.
Linnert, P.	1973	Volksweg, Genadendal, 70 jaar, boer.
Lombard, P.	1970	Bergstraat, Genadendal, 86 jaar, arbeider.
Magerman, F.	1973 1980 1986	Monumentplein, Genadendal, 90 jaar, boer.
Moolman, S.	1986	Marsveldstraat, Genadendal, 73 jaar, afgetrede arbeider.
Pieters, H.	1986	Kerkplein, Genadendal, 56 jaar, Boekdepot bestuurder.
Schiefer, K.	1976	Kerkplein, Genadendal, 52 jaar, leraar.
Smith, C.	1986	George Greystraat, Genadendal, 67 jaar, afgetrede onderwyser.
Smith, G.	1986	George Greystraat, Genadendal, 36 jaar, onderwyser.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van der Berg, L.	1986	Volksweg, Genadendal, 66 jaar, arbeider.
Van der Heyde, S.(mev.)	1986	George Greystraat, Genadendal, 86 jaar, huisvrou.
Wessels, A.	1973	Bergstraat, Genadendal, 59 jaar, onderwyser.
Wessels, M.(mev.)	1986	Bergstraat, Genadendal, 58 jaar, huisvrou.
Wessels, N.(mev.)	1986	Kerkplein, Genadendal, 43 jaar, maatskaplike werkster.

ALGEMENE BRONNE

Bestuursraad, Genadendal (BR.)

Inkomende briewe van:

Afdelingsraad van Caledon : 8.9.80.

Gemeenskapsontwikkeling : 26.8.82

Guthrie & Theron (prokureurs) : 26.8.64.

Kleurlingsake (Departement) 4.8.53; 10.1.54; 14.9.56; 29.9.56; 26.9.59; 1.6.61; 20.8.62; 13.4.62; 28.2.63; 12.11.63; 6.8.64; 20.9.66; 19.4.68; 4.11.68; 31.7.69; 28.8.70; 11.11.70; 10.7.71; 13.5.71; 1.8.72; 28.8.72; 5.1.76.

Magerman, F.: 9.11.65.

Raad van Nasionale Gedenkwaardighede: 2.9.73.

Schiefer, K.: 28.7.72; 22.2.73; 7.1.76.

Stigting Simon van der Stel : 22.6.73.

Welsynsvereniging: 20.3.62.

Uitgaande briewe na:

Afdelingsraad van Caledon: 12.10.49; 14.11.52; 29.12.53 ; 19.8.55; 7.11.55; 28.4.64; 24.5.76.

De Villiers, P.R.: 21.10.52.

Distriksgeneesheer: 10.3.55.

Evkom: 13.2.56

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kleurlingsake (Departement): 8.2.46; 26.6.52; 23.7.52; 24.6.54; 19.7.55; 27.7.55; 22.2.56; 29.5.56; 28.9.56; 8.1.60; 28.8.61; 18.9.61; 10.10.61; 20.8.62; 24.9.62; 31.7.63; 3.2.64; 28.4.64; 19.5.64; 29.2.64; 4.9.65; 19.7.65; 19.6.68; 20.3.68; 17.7.68; 15.11.68; 30.7.69; 15.6.71

Reichel, eerw.: 20.10.56.

Briewe, gemeng (afskrifte)

Gesondheidsinspekteur aan Streekdirekteur: 22.3.73.

Kommissaris van Kleurlingsake aan Streekverteenwoordiger: 30.7.69; 27.5.71.

Sekretaris van Kleurlingsake aan Afdelingsraad Caledon: 17.9.63.

Sekretaris van Kleurlingsake aan A. du Plesses: 7.9.63.

Sekretaris van Kleurlingsake aan P. Schaberg: 21.3.63.

Sekretaris van Kleurlingsake aan Monumentekommissie: 14.12.66.

Sekretaris van Gesondheid aan Streekdirekteur: 16.9.73.

Sekretaris van Volkswelsyn aan Kontroleur van Onderwysfinansies: 22.3.50.

Kennisgewing van Kleurlingsake: 22.9.62.

Monumentekommissie aan Kleurlingsake: 25.11.66.

Provinsiale padingenieur aan Kleurlingsake: 12.5.65.

Schiefer, K., omsendbriewe: 14.5.71 & 15.10.71.

Superintendent aan eerw. Reichel: 20.10.56.

Notule

Bestuursraad: 1926 - 1985.

Dorpsbeplanningsvergaderings: 26.11.75; 9.12.75; 24.2.76; 15.6.76; 13.7.76.

Konferensie van Superintendente: 12.1.53.

Verslae

Gesondheidsinspeksie: 29.7.47; 20.6.53; 30.6.53; 28.9.56; 22.2.71.

Jaarverslag: 1949; 1950; 1962; 1979.

Landboubeampte: 14.2.51.

Ligverbruikersafvaardiging: s.j.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sekretaris van Kleurlingsake: 19.11.63.
Staatspatoloog: 15.10.64.
Staatsgesondheidsinspekteur : 22.3.73.
Superintendent: 20.1.63; 10.8.55.

Dokumente, gemeng

Beëdigde verklaring, F.H.G. Magerman: 9.5.74.
Dorpsbeplanningskommissie: 1973.
Konstitusie, Welsynsvereniging Genadendal: 1961.
Koopbrief : 19.8.64.
Lisensiehouers: 1953 - 1986.
Opening van Houtverduursamingsprojek : 15.4.67.
Ooreenkoms: Bestuursraad en Damko Bpk.: 17.7.50.
Petisies: 8.10.73 & 22.11.73.
Program, Fees van die Grond: 1.5.68.
Program, Waterjaar: 12.6.70.
Regulasies: 1944.
Samespreking met Streekverteenwoordiger: 4.4.76.
Terreinplanne van polisiekompleks : Maart 1983.
Testament, E.C. Neethling (afskrif): 15.6.46.
Tuinboeke, saailandboeke & bosboeke.

---oOOo---

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 1

Naar dan in vrede heen, naar 't lieve vaderland
Een euwig lof verdient, u vrome christe wandel
Ontfonkt door godes geest, tot eenen Siele Handel
Regtschapelijk gemint, op een ontschatbaar pand
Geen Rottentot Soodom, en Egypter van geslagt,
Elendig door den val van onse eerste ouderen
Zoogt egter door u lier, te nemen op zijn schouderen
Messias dierbaar Kruis, in deze duijstre nagt,
Jehova Zijn Schild, en u Seer grote loon
Tot dat gij eens ontfangt des hemels gnade
Kroon

Ik wensch van grond der
Zielen degeene die zig met
genegenthijd onderteekent
te zijn U.E. liefhebbende
vriend en dienaar

Kaapstad
den 27. Februij 1799

D. J. Van Zijl

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 2

Castle of Good Hope
March 9th 1798.

Gentlemen!

I have it in command from His Excellency the Governor to say, that he has received your petition of the 25th Ultimo and has no objection to your using a Bell for assembling the Disciples of your community at Baviaans Kloof –

I am

Gentlemen!

Your Humble Servant

Barnard
Secretary.

The Missionaries
of the Herrenhutters
Baviaans Kloof

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 3

1815 22 b.

Nebenstehende Figur, enthält 3612. Morgen und 550. Quadrat Ruden, ist gelegen in dem Distrikt Stikselendam an den Fluß Zondereind auf dem Cap der guten Hofnung und heißt:

Gnadenthal.

Gemessen durch den Herrn H. F. Schulz Gouvern. Landmesser. und copiiret vom J. A. Küster.



Skala von 1500. Rheinl. Ruden.

Erklärungen der Buchstaben.

A. Kirche und Wohnhäuser der Missionarien im Gnadenthal.
B. Das Dorf oder der Gemein. Ort daselbst.
C. Der Fluß Zondereind. F. Jagesbusch fluß.
D. Baniansklooof Fluß. E. Berg fluß. G. Sergeants fluß.
a. Weg nach Boschkesfeld und der Brandvalley.
b. Weg nach der Genieskloof und der Kapstadt.
c. Weg nach dem Warmenbad, Stellenbosch und der Kapstadt.
d. Weg nach Baas Theunissen, Stikselendam und den Kaffern.
e. Weg nach zum Feld Cornet Kunze und dem Dorfe Caledon.
f. Weg zum Bauer Daniel Schwartz.
g. Weg zum Bauer Franz Badenhorst.

R. 15. M. a. M. 14. f.

C4 A4 D4 E5 C5 A5 A5 C5 E5 D4 A4 C4

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rules of the Training School.

Genadendal.

1. BOYS must rise at 5. 30 a. m., first the Seniors and older boys and then the younger ones. The Seniors are responsible for punctuality, silence, cleanliness and order generally. (Only in cases of illness partial washing is permitted.) No boy is allowed to rise before the time fixed. At 6 a. m. all must sit learning. On Sundays and holidays boys must rise in time for morning-prayer at 7. 30. a. m.

2. From 7 to 7. 15 a. m. beds are dressed, and everything is put in order in the bedroom, bathroom and diningroom. The frames in the bathroom are to be taken outside to dry.

3. Morning-prayers at 7. 15. a. m., at which every boy must be present, except in cases of illness. The boys assemble in perfect silence in the hall.

4. At 7. 30 a. m., 12 and 6 p. m., the requisites for the different meals are fetched from the kitchen by the younger boys, who on no account are allowed to talk to the servants unnecessarily. The Senior begins by singing the grace and ends the meal in the same way. He distributes all eatables and may not give more to one boy than he is going to eat. Nothing is to remain on the plates or in the cups. Every boy, while enjoying God's gift, behaves as gentlemanly as possible, and considers himself a gentleman among other gentlemen. The Senior looks after the removal of the table-cloth and all other articles, before he is free to leave the room.

5. Between two Lessons no unnecessary talking and no noise is allowed,—every pupil changes his books quickly and quietly. The class rooms are to be put in perfect order after every lesson, the class teacher being responsible. Religious instructions must not be neglected by the boys

6. The pupil-teachers who give lessons in the day-school are reminded that they are scholars themselves, and that their success depends on punctuality, faithfulness, obedience and thorough preparation. The half hour from 1. 30—2 p. m. is the preparation time for Class Teaching. Pupil Teachers go as thoroughly prepared as possible. When schoolwork is over, all girl-pupils and non-boarders must leave at once.

7. During half an hour after dinner and supper, if possible, no work affecting the eyes may be done, viz. no reading or writing. Strict vigilance is indispensable after dinner and after supper—when darkness encourages irregularity. As soon as the lamps are lighted, all boys should be in the diningroom.

8. From 3. 30. p. m. and Saturday morning is garden work. After receiving their instructions the boys all begin working in full earnest. Just these few hours of garden work are particularly valuable for the health of mind and body and may not be wasted by idleness. The work consists of sawing, chopping, digging, planting, weeding, watering, gathering acorns etc. etc. under supervision of the teacher who gives the signal for stopping. Then all implements are to be gathered with great care and restored to their proper places. Piano-scholars must attend to their lessons quickly, when called. On Saturdays and before festival-days the environs of the house are swept carefully, and everything made tidy.

9. Walks out to the playground or elsewhere are taken at fixed times, all together and in good order. Before leaving the room, the boys must see that the room is in order: no books on the table, and the doors shut.

10. Before going to church, the boys gather at the gate in order of age and then walk orderly and silently to the chapel, where they sit on the first benches, not fewer than six on a bench and behave properly.

11. Every evening, except Saturdays, Sundays and holidays, there is preparation-time from 7. 30 to 9 p. m. The books etc. needed are to be taken out of the cupboards and drawers at the beginning of the preparation-time; during the same no walking about and no opening of drawers is to be allowed. Every boy is to avoid all noise whatever, to sit quite straight and use his time conscientiously.

12. After evening-prayers the boys go orderly to the bedroom. The lie down quietly. No talking is allowed, no unchristian behaviour, aft having closed the day with prayer. If they must go out during the nigh they must dress first, else the danger of catching a severe cold is great.

13. The language of the School is "English."

14. Smoking is strictly prohibited.

15. The first Sunday in the month the boys are free from 1. p. m.—6. p. m. to visit friends in the village. They spend the afternoon wit those friends, approved by the Director, and may not go marching abo the village. The boys are not allowed to have intercourse with the peopl of the village.

16. During the Easter and September Vacations no day-scholars ar in June and Xmas Holidays no pupils are permitted on the grounds of, o in the Training School, except by permission.

17. The Director or teacher must be asked permission in the follow ing cases:—

a) when a boy wishes to go to the shop or anywhere else outsid our premises.
b) when he wants to lie on or in his bed during day-time.
c) when he cannot join the daily walk.
d) when he cannot go to church.

18. On Saturdays when the bell gives the signal for receiving clothes all must attend personally and must be silent, quiet and polite.

19. All visitors to the boys must come to the Director first. Liter ature of an undesirable nature may not be read by the pupils.

20. On Sunday-mornings play in the bed-room is not allowed. Whe leaving for service the dormitory should be in perfect order.

21. When the mud-cover of the bedroom-floor is to be renewe the boys are to carry out their beds in the following manner: the bed nearest the door are carried out first and taken away farthest, and so o In carrying them back the order is reversed.

22. The water for washing in the mornings is taken from the tan each boy to fill his bath only once, especially in summer. The pumper are to see that the tank does not overflow. When there is no gardenwor the pumpers of the day must fill the tank.

23. The doors of the house must not be "banged or slammed."

24. Every boy must tend the flower-garden allotted to his care, b weeding and watering it.

25. No boy is allowed to pluck fruit of any kind in the gardens withou permission.

26. Only one boy may be in a room practising on the piano or organ.

27. Tea at 2. 30 on Sunday afternoons is to be partaken of by a boys at the same time. When the bell rings all are to come insid The same holds good for all other meals.

28. The pupils are not allowed to walk beyond the limits of the wall.

29. Alterations and additions to these rules may be made at an time. These rules must be strictly kept, for by punctualit and faithfulness in trivial matters the character of a boy is forme and he may become by God's help a man who is governed by chri tian principles and not guided by likes and dislikes.

R. Marx,
Superintenden

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 5

Aan de drie Zendelingen van de Broederunitet worde by deze door den onderteekende Commissaris over dit Gouvernement gepermitteerd, Zich wederom te begeven naar de Kraaanwijk van Sergeant Kruiser te Plaatsbaar Zy tot nu toe hebben gedomicilieerd, – meshalven dan ook de Landdrost van Stellenbosch en Drakenstein, mitsgs. die van Zwellendam, voorts Heemraden, Krygsofficieren, en alle anderen, welke Zulks konde mogen aangaan, worden gerecommandeerd en belast deselve drie Zendelingen van de Broederunitet niet alleen ongestoord en ongemoeid in hunne voorzeide domicilium te laaten, maar ook om te dorgen en niet te gedoogen, dat aan hen of iemand hunner eenige moeite, moedwil of ongelyk worden gepleegd – zien wanneer Zulks mogt nodig wezen daartegen beschermende en verdedigende.

In 't Castel de Goede Hoop den 7 Augustus 1805

H. Dundas

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 6



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ZUID-AFRICA, Kaap de Goede Hoop.

404 den 1 January 1806

Bylaag 7

J. W. JANSSENS,

GOUVERNEUR en GENERAAL en CHEF voor de Colonie de Kaap de Goede Hoop en den ressorte van dien,

Door de Erwaarde Voorstanders van het Instituut tot onderwys der Hottentotten aan de Baviaansch Kloof gerepresenteerd zynde, dat derzelver Gestigt aldaar eigentlyk nog geene Benaming heeft, maar gemeenlyk genoemd word na den Oord waar het in geegen is, en dat terwyl de Gouverneur en Generaal en Chef aan Hun Erwaarden had overgelaten, den naam op te geeven die de Voorstanders wenschen zouden dat het Instituut droeg, zy daartoe Genaden Dal hadden verkoosen: Zo heeft de Gouverneur en Generaal en Chef besloten, zo als bevlint by deeze, dat de naam van dat Instituut voortaan zyn zal Genaden Dal — met nodiging aan de onderscheidene Magistraten en alle andere 's Lands Beamptenen die naam in alle publieque en Officiele Stukken by uitsluiting te bezigen.

En zal deeze ter Informatie van een ieder in het weekblad worden geplaatst, in het byzonder

Broederkerk Genadendal Argief

I 4 2 3a

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Extract deezes zal uitgereikt worden aan
de Erwaarde Voorstanders van het Instituut
Genaden Dal.
de Lieutt. Collonel Le Sueur, het Battaillon
Hottentotsche Ligte Infanterie Commandeerende
als meede aan de Erwaarde Heer J. P. Ko
hammerleeraar by hetzelve

De Gouverneur, Generaal en Chef

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Town Cape Town the 1 Augustus 1850.

Bylaag 8

Lieber Freund

I cannot deny myself this opportunity to write you how it do with me since I left you when I was at Cape Town. I am yet in perfect health as you see me but. But I have somewhat to notified you name by that that Sir Harry and Mr Montague hath called for me on the 29 of July past, and asked me in private at the Colonial office and asked me how many people that live in Genad. and mention them the number of about 3000 men. and they asked me about the undertaking of so many people on one place. then answered I them that is narrow for so many people and more other things concerning the inhabitans and the place, and Sir Harry asked me of there not a man is set of the Hottentots to be as overseer over the place. I answered no. On wednesday the 14th past was I in the Libery the large store of all books of all old description of all towns and Collonies and hath required the description of Genadendal and found in the Book that Genadendal is founded on the name of the Hottentots.

I the

Broedersgemeente Genadendal Argief

Aan: Johannes Jass p.a. C. Teutsch

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The government praise very my courageousness for I am frightten for nothing and answer very courageous like I spake to my friends Now dear friend tell every man of Genadendal yea every one that posses his understanding in in a mans understanding that it is now high time and one of the best opportunities to send in their names and the requestions to government but above all things to require for a head of Captain from the hottentots then the other things that is profitable can such a man cared for and make every thing in prosper that is profitable for the inhabitants of the place this is what I would notify you understand that it is a good thing and they don't listen to any who will say to leave it now my friend see that you get names together on a list and the request on the same paper and the man which thou shall appointed to be a chief over us among you and I pray all men that posses understanding not to reject my intentions for it will do good to all the inhabitans of genadendal I will deliver the paper in the hands of Montagu therefore send the list with names before the 15 of August for I am called,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

to be in the presents of Mr Montagu on the
15 of Augustus to keep further conversations
therefore my freind do your best, and dont
delay at this single opportunity I trust
in you that you shall care for it
I am your freind and have the thousands
Compliments go and tell it also Martin
Lensa Petrus Abrahams, August Bengele,
Jacob Pleizier

I am your Titus Bengele

College instituten
Cape Town

I remain
69 Buitengrag

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of the Church, Schools, Workshops, Houses, Gardens, Plantations of Trees, Waterleadings and other property hitherto occupied by them, with the right of grazing such number of Horses, Cattle, Sheep or goats on the Common Land and of cutting such firewood as may be required for their own use, and with all such rights and privileges as they have hitherto enjoyed, and further subject to the Regulations of the Institution of "GENADENDAL" revised and approved by Government in 1857, Copy of which is hereunto annexed, with such amendments as may from time to time be adopted or approved by Government, and — that he shall punctually pay, or cause to be paid, at the expiration of every twelfth month from the date of these presents, unto the Civil Commissioner of the District, the Sum of

—— One Shilling Sterling ——

and be bound (according to the existing Laws of this Settlement) to have the Boundaries properly traced out, and the Land brought into such a state of cultivation as it is capable of; the Land thus granted being further subject to all such Duties and Regulations as either are already or shall in future be established respecting Lands granted on similar Tenure.

Given under my hand and the Public Seal of the Settlement at Cape Town,
this Fifteenth Day of February 1858.

By His Excellency's Command,

(Signed) G. GREY.

Signed H. Kuys,
Ast. Surveyor-General.

Surveyor General's office
28. July 1866.

Grant.

Registered
Swellendam folio 834.
Audit. Office 1 March 1858.

By His Excellency Sir GEORGE GREY, K.C.B., Governor and Commander-in-Chief of Her Majesty's Colony of the Cape of Good Hope, in South Africa, and of the Territories and Dependencies thereof, and Vice-Admiral of the same, &c., &c., &c.

In the Name and on Behalf of Her Majesty VICTORIA, by the Grace of God of the United Kingdom of Great Britain and Ireland Queen, Defender of the Faith,

I DO HEREBY GRANT, on Perpetual Quitrent, unto the Reverend C. R. Kolbing, Superintendent of the United Brethren or Moravian Missionary Institution in this Colony and to the Superintendent for the time being of the said Institution, for the use of and interest for such persons as may from time to time be lawfully resident at the Institution of "GENADENDAL." — a piece of Land, containing Five Thousand Six Hundred and Fortyfour Morgens & Three Hundred and Eightynine Sqr. Roods, situated in the Division of Caledon, Field Cornetcy of Rivier Zonder End, being the extent of the Missionary Institution of "GENADENDAL;" — Bounded Northwards by Governments Land: Southwards by Badenhorsts farm: South East by Groenewald's farm; East by the farm Bushman'skloof; and Westwards by the farm "Ezeljagt" — as will further appear by the Diagram framed by the Surveyor, — on condition that all Roads and Thoroughfares running over this Land shall remain free and uninterrupted; that the said Land shall be liable (without compensation to its Proprietor) to have any road made over it for the public good, by order of Government, that the said United Brethren shall remain in the full and uncontrolled possession

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 10

TRAINING SCHOOL Genadendal

DE BODE.

BERIGTEN UIT DE HEIDEN-WERELD.

No. 1. DECEMBER. 1859.

Geliefde Lezer!

Wij veronderstellen, dat gij een inwoner zijt van één van die gemeenten in ons land, welke van de Broeder-Kerk gesticht zijn — want aan dezulken wenden wij ons inzonderheid — en dat gij dus met ons in een kerkelijk verband staat en met ons liefde aan die kerk toedraagt, welke naar het genadige bestier van God het voorregt gehad heeft, voor nu 120 jaren den eersten Boden, *Georg Schmidt*, met het Woord van het Kruis aan uw volk in dit land te sturen, en dus tot uitbreiding van het Koningrijk van God mede te werken.

Deze onze Moederkerk heeft echter niet maar in dit land Boden uitgezonden en Christelijke Gemeenten gesticht; zij heeft een groot en uitgebreid Zendingswerk in alle deelen der wereld. Meer dan 70,000 zielen staan tegenwoordig onder hare geestelijke bediening, en buiten dien heeft zij getuigen der waarheid ook in zulke landen en op zulke plaatsen, waar nog heidensche duisternis heerscht.

Als Christenen en leden eener Christelijke kerk zal en moet het onze wensch zijn, dat zich het Koningrijk onzes Zaligmakers, JEZUS CHRISTUS, van dag tot dag meer uitbreide, en dat Zijn Naam, in welken alleen zaligheid is, meer en meer gekend en geprezen worde.

Het zal dit ook niet alleen onze wensch zijn, wij zullen ook mede bijdragen, dat dit moge geschieden, en wel naar het bevel des HEEREN: *Bidden*, dat de Heer des oogsts arbeiders uitstoote in zijnen oogst; maar gedenkende aan het woord des HEEREN in Matth. XXV: 40.: "Zoo veel gij dit één van mijne minste broeders gedaan hebt, zoo hebt gij dat Mij gedaan"; ook *bijdragen* uit onzen overvloed tot de uitbreiding van Zijn Koningrijk hier op de aarde,—

U, geliefde Lezer, tot zulk *gebed en deelneeming* aan de zaak des HEEREN optewekken en aantemoedigen zal het doel zijn van dit Maand-Bladje, van hetwelk gij nu eene proef in handen hebt, en voor hetwelk wij om uwe deelneming en inteekening verzoeken.

Voorgenoemd doel in het oog hebbende is het ons voornemen u in dit bladje nader bekend te maken met dat, wat gedaan wordt tot uitbreiding van het Koningrijk van God en met wat er nog te doen is. Wij willen u berigten geven uit de Heidenwereld, u iets mededeelen van de werkzaamheid der vredeboden en van den toestand zulker arme menschen, die nog in het Heidendom verkeeren. En daar wij leden der Broederkerk zijn, zal het werk dezer kerk in ons bladje de voorkeur hebben; hoewel wij daarbij andere Christelijke kerkafdeelingen niet geheel voorbijgaan zullen.

Zal de HEER Zijnen zegen tot dit bladje geven en zal *De Bode* somtijds tot uw hart kunnen spreken, zoo zult gij door hem opgewekt worden meer belang in de uitbreiding van het Koningrijk van God te stellen, dan misschien tot nog toe het geval was.

Tevens zullen wij een klein gedeelte van ons blad daartoe bezigen, u een weinig meer met de Geschiedenis onzer Kerk bekend te maken of ook een gepast woord aan uw hart te spreken.

Zoo ver als het de beknoopte ruimte van ons bladje zal permitteren, zullen wij ook iets van ons land en onze gemeenten mededeelen en een en ander belangrijk voorwerp aanhalen of nieuws met inbrengen.

Eenvoudigheid en duidelijkheid zullen wij daarbij zoeken te bewaren.—

Zal de Bode dus maandelijks zijnen weg tot u vinden en u niet te vergeefsch bezoeken, zoo zal de NAAM van onzen HEER JEZUS CHRISTUS daardoor verheerlijkt worden, hetwelk onze wensch en bede is en altoos blijven zal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 10 (vervolg)

HET

TEKST-BOEK

DER

BROEDER-KERK

VOOR HET JAAR

1861.

Genadendal, Boekdrukkerij der Kweek-school.

DE

GESCHIEDENIS

DER LAATSTE DAGEN

VAN ONZEN HEER EN HEILAND

JEZUS CHRISTUS,

VAN DE LIJDENS-WEEK

TOT DE HEMELVAART.

GENADENDAL 1864.

DE KLEINE

ZANG-VRIEND.

EENE VERZAMELING

VAN

SCHOOL-GEZANGEN.

EERSTE STUKJE.

Genadendal, Boekdrukkerij der Kweekschool, 1861.

(1861. No. 2.)

MAANDBLADJE

VOOR

KINDEREN.

VOORWAARDEN VAN INTEEKENING:

Voor het geheele Jaar, 12 nommers:

1 Exemplaar	... ...	6 pence	
25 ,,	...	12 sh.	—
100 ,,	2 £	5 ,,	—

Naar alle plaatsen in de kolonie portovrij verzonden te worden, maar niet in minder dan 25 exemplaren aan één Addres.

GENADENDAL.
Boekdrukkerij der Kweek-School.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 11

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 12

PROKLAMATIE

VAN GENERAAL-MAJOOR ZIJN EXCELLENTIE DE HOOGEDELACHTBARE DE GRAAF VAN ATHLONE, GROOTKRUIS RIDDER VAN DE MEEST EDELACHTBARE BATHORDE, GROOTKRUIS RIDDER VAN DE MEEST ONDERSCHEIDEN ORDE VAN ST. MICHAEL EN ST. GEORGE, GROOTKRUIS RIDDER VAN DE KONINKLIKE VICTORIA ORDE, RIDDER VAN DE ONDERSCHEIDEN DIENSTORDE, PERSOONLIKE AIDE-DE-CAMP VAN ZIJN MAJESTEIT DE KONING, HOGE KOMMISSARIS VOOR ZUID-AFRIKA EN GOEVERNEUR-GENERAAL EN OPPERBEVELHEBBER IN EN OVER DE UNIE VAN ZUID-AFRIKA.

✱ No. 98, 1924.]

TOEPASSING VAN DIE SENDING STASIES EN GEMEENTELIKE RESERWES WET, 1909 (KAAP), OP DIE GENADENDAL SENDING STASIE, CALEDON DISTRIK.

Nademaal artikel *drie* van die Sending Stasies en Gemeentelike Reserwes Wet, 1909 (Kaap), die Goewerneur van die Kolonie van die Kaap de Goede Hoop, deur Proklamasie magtig om die bepalings van gemelde wet aan enige sending stasie toe te pas;

En nademaal was dit aan my opgedra of dit nie wenslik sou wees nie dat die bepalings van gemelde wet aan die sending stasie, wat die naam dra van Genadendal in die Caledon Distrik, nie sou toegepas word nie;

En nademaal die bepalings van artiekel *drie* behoorlik nagekom is;

Dus, daarom, onder en kragtens die mag en bevoegdheid aan my deur artiekel *sestien* van die Suidafrika Wet, 1909, verleen, verklaar, proklameer en maak ek hiermee bekend dat van en na die datum hiervan sal, en word, die bepalings van die Sending Stasies en Gemeentelike Reserwes Wet, 1909 (Kaap), hierdeur aan die Genadendal Sending Stasie, soos in die bylaag hieraan beskrywe, toegepas.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suidafrika, te Kaapstad, hierdie Elfde dag van April Eenduisend Negehonderd Vier-en-twintig.

ATHLONE,
Goeverneur-generaal.

Op bevel van Sy Eksellensie die
Goewerneurgeneraal-in-Rade.

F. S. MALAN.

BYLAGE.

Die sending stasie bekend as Genadendal, omvattende sekere stroke vrygekoopte erfpaggrond, geleë in die Caledon Afdeling, Veldkornetskap van Rivier Zonder End, wat die omvang van die Sending Genootskap van Genadendal uitmaak:—

Begrens Noordekant deur Goewernementsgrond,
suidekant deur Badenhorst se plaas,
suidoost deur Groenewald se plaas,
oost deur die plaas Boesmanskloof,
westekant deur die plaas Ezelzagt;

In omvang vyfduisend seshonderd vier-en-veertig morge, drie honderd nege-en-tagtig vierkante roede (5,644 morge 389 vierkante roede);

geskenk aan Eerwaarde C. R. Kolbing, Superintendent van die Vereenige Broeders of Moraviese Kerk Sending Genootskap in hierdie Kolonie, en aan die tydelike Superintendent van genoemde genootskap, vir gebruik en in bewaring vir sodanige persone, wat van tyd tot tyd wettig by die Inrigting van Genadendal mag woon, deur Akte van Toekenning, gedateer 15 Februarie 1858, en onderhewig aan die voorwaardes in die genoemde Akte van Toekenning vermeld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 13

Uit die ver Verlede.

My gedagte gaan terug na 'n tyd lank gelede
Toe ek eers as onderwyser het opgetrede
Goedverwacht die lekker ou kloof
Hier het ek vir die eers as teacher God geloof.
Ek dink terug aan ou Salmon Rooi,
Die meulnaar wat koring het gemaal so mooi.
'n Ander ou Vriend was tant Bertha Kaffer,
'n Opgeruimde siel sy 't geweet van waffer.
Oom Paul en tant Lenie hulle van was Lesch;
Het gedoen vir die weeskind wat waarlik was bes.
Kos en water, vriendskap en liefde,
Was altyd daar as droefheid my deurgriefde.
Oom Ernst Lesch en Lottring en vrou
Was altyd met woord en daad my trou,
Naomi Noag, ou suster, ag
Hoe treurig vir jou was my hart, maar wag
God het alles welgedoen.
Vir u en almal met een rantsoen.

Hoe ween my hart as ek dink aan Witwater,
Waar menig nag deurgebring was met snater
Freek Adams 'n liewe vriendlike man,
Het gedoen vir sy Heer al wat hy kan.
Sy vrou het hom in alles gesteun
Oor daardie twee het ek al baie geween.
Ou dierbare kloof die stem kom aan,
Dat ek u en die vriende moet laat staan.
Na Elim daar ver verwyder en stil,
Moes ek gaan in gehoorsaam aan Gods wil.
Vir jare het ek daar gewoon en gewerk,
Al my genade ontvang in my kerk,
'n Dierbare vrou het God my gegee,
En kinders sewe, waarvan vyf lewe;
Twee lê op Elim en trek my steeds,
Al weet ek hulle leef in die hemel reeds.

Na 24 jare van liefde en leed
Moes ek terug na die dorp wat Berea heet.
Hier sag ek vir die eers die son se lig,
Hier lag ek vir die eers in 'n kleine wieg.
Ai die werld is ryk aan vyand en vriend.
Baie haat my maar daar is baie wat my bemin.
Oom Hans en oom Soppie en tant Sofie al
Is almal deur die dood geval.
Ek het op hulle my hoop gebou,
God wys my om net op Hom te vertrou.

Ek moes weg na die verre onderland,
Om daar te sukkel ver van die strand.
Warmte en koue dis almal wat ek ken,
Ook die liefde van Christus hoe gering ek ben.
En vanaand gaan ek na die Witrivier
Om daar my lewe te oordink tot hier.

Hier ver, op die wal van die Witrivier,
Sit ek eensaam en sien in die gees met plesier,
Die waters van die dierbare Wolfhuis (naby Elim).
Ek staan op Platrug in die gees en tuur
Deur die donker heen na 'n kleine vuur
Nie 'n vuur maar 'n lig op 'n dak daar ver,
Op die dak van 'n lieflike woning.
Waar aanbid word die hemelse Koning.

In die gees draai ek oos en sien onder 'n berg
Oom Tanie en tant Janie, oom Saais en tant Saal
Liewe dierbare vriende wat ek baie het geterg
Ook oom Sias en Mina vriendelik trou en paal
So broederlik, susterlik, vrolik en goed
Met vars brood en heuning o so soet.
Twee broeders dierbaar ondeund en vol sport,
Broer Samie en Lewis ag hoe snel die tyd vort.

My gees draai na Elim daar ver in die suid,
Ek sien 'n skaar vriende kom reg na my uit,
Op almal se gesigte is liefde te lees,
Hulle almal verwelkom die arme ou wees.
Oom Jozua, ou grootman, met 'n hart wat vlam
Van liefde vir God, sy oë word klam.
Ja menige brokkie het u al gegee
Aan wees en aan arme, u was sterk maar gedwee.

Die vriende omring my ou Mapomie so swart
Met reinheid en liefde in sy witte ou hart
Oom Teuns en neef Adrian my liewe ou buur
Waar ek menig aangename tyd en uur
Het geluister na sy stroke grap'rig en goed
En geëet het van pannekoek en heuning so soet.
Ay Sina ou dierbaar suster en vriend
God vergeld wat u gedoen het vir hierdie kind.
Tant Hana, tant Attie, ay Wisa ek eer
Oom Thomas, neef Palmer, neef Saais en nog meer.
Hoe lief en vol blydskap ag so seer.

Ek sien die ligte in die kerk en gaan daarheen,
Die menigte volg my naar binne ek meen.
Dis vader Lemmertz wat so heerlik blaas
Op die skuifbas „Morgenster", ek wil my haas
Om die graffies van my kinders weer te sien
Miskien om nooit weer die genade te hê
Miskien moet ek hier in die onderland lê.
My hart word swaar, as ek dink hoe teer
Onse liefde was en nog veel meer,
Het ons in swakheid die Heiland bemind
A n sy voete gelê gelyk 'n kind.
Vader Will „Wagen Israels" waar is u
Wat vader en broeder was vir almal wie
In nood en gebrek na u het gekom
U weerga is hier nie, nog nergens alom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 13 (vervolg)

Die wêreld is koud hier en ru ook die bos
Arme mens wat soek daar geld en sy kos.

Dus wandel my gees in die strate sag
En hou gemeenskap met die liede in die nag.
Dooies en lewendes—Hulle liefde is warm
En troos my gemoed treurig en arm.

Neef Koos en neef Herman Adoons en ou Jaap
Almal broeders en vriende onderkant die Kaap.
Ou Pitts en oom Andries manne van woord
Hulle stry uit die Bybel en is nooit akkoord.

As die reën val en die werk staan,
Dan vergader die klomp by oom Teuns of oom Joos
Hulle stry en korswil maar niemand word boos,
Want dis vriende, dis broers, almal is maters,
So verdryf hulle die tyd, nie soos haters.
Die oorlosie slaan en roep, maar die grappe pal
En buite is dit reent wat val.
Hier kom nog swaar Johny en swaar Pieter aan
Hulle voeg hulle by die klomp wat staan
Terwyl oom Joos se smidvuur brand,
Staan een en almal met pyp in die hand.

Oom Apie—getroue siel is al moeg
Van koffie en suiker weeg en swoeg
Van die môre vroeg tot die awend laat
Getrouer kneg vind men nie, al gaat
Die reis ook oor land en see om te soek
Nee dis beter te doen soos hy na die Boek.
Wees getrou tot die dood, daar is loon vir die kneg
Wat getrou was by sy heer en gedoen het reg.

As ek opnoem by name die vriende al
Dan sal papier en ink en woord my ontval.
Ou Elias 'n ander, oompie Paulus Joubêr
Hulle woon nie meer daar nie, maar daar ver
In die ver geweste van rus en van vree
Hoe wens ek my daar te wees met hulle almal mee.

Die honderde andere is my even lief,
Al kom hulle name nie in my brief.
Ou Kalie met sy esels en Freek met kitaar
Broer Joos Afrika en ou Emelia August
Sommige is hier, en die laaste aan die andere kus—
Waar ons almal nog heen seil die ewigheid in
Om 'n nuwe heerlike lewe te begin.
Laat ons stry teen sonde, wêreld en duiwel
Die Here reinig ons hart van twyfel.
Hy vulle ons almal met sy gees
En lei ons in waarheid en liefde mees,
Om te leef soos 'n stryder en christen behoor
Dan juig ons eens saam in Sy hemelse koor.
My hart verlang na die vriende daar
Ginds aan die hemelse oever waar
Vaders moeders suster broeders kinders ook
Vir my wag met die menigte vriende maar
Nie minder is die lewendes my dierbaar
Mog ons eens mekaar ontmoet voor Sy troon
Om vir ewig daar te woon as sy loon
Wat verdien is nie met goud maar met bloed
Laat ons trou bly op ons reis en hou goeie moed.

E. WEBER.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 13 (vervolg)

Uit die ver verlede.

Ons sit vandag maar altyd klaar
Ons sug en sê die tyd is naar.
Die liefdeloosheid is so veel
Die wêreldliefde heers geheel
Laat ons nou terugsien op voorheen
Hoe was dit toe met die gebeën?
Daar was meer tyd gemaak vir God
So kon Hy seën na Sy gebod.

As iemand op 'n reis wil gaan,
Dan word gebid vir 'n veilige baan.
Die huis is vol, dit sing en bid
Die reisiger voel hy is 'n lid
Van 'n liggaam, wat deur liefde leef,
Van liede die voor die Almag beef.
Wie se hulp nie lê, in mens se hand.
Hulle oog kyk na hulle Vaderland.

Vandag by al die snel gery,
Is selfs die groetry ook verby
As mens nog vra waar 's tannie dan—
Ag sy stap nou in Kaapstad aan.
Sy is gister met die motor weg,
Of met 'n bus of lorrie,—reg—
Of as ons na neef Koos verneem,
Dan hoor ons hy is in die Baai, dis vreemd.

Hoe alle wysheid daartoe dien
Om broederlief' te dood soos ons sien.
Hoe anders sou die wêreld wees
As almal hoor en word genees
As almal Jesus volg en dien
As hulle God en Christ' bemin.
Hoe kan 'k my liefde aan Hom toon,
Hoe kan ek sy ontferming loon?

Deur liefde en diens en hulp te gee
Aan broeder, vrind, en vyand die—
Dit nodig het en sug—„O my"
Ag wat 'n hemel vir party
Wat nou in eensaamheid en smart,
Moet leef met 'n bedroefde hart.
Laat ons omkeer na die oue pad
Van vader die van dae sat
Is heengegaan die vreugde in
Tot Hom wat hier sy siel bemin.—

Die erns van die oues die ontbreek,
Die godsvrug van hulle moet ons kweek
Die liefde vir Sy woord en kerk
Daarin moet ons verdiep en werk.
Ook ander die genade wens
Sodat sy ryk mag kom, en mens
Weer vind wat deur ou Adams val
Verloor was en 'n trane dal
Geskep was buite God se wil
Dan word dit in ons harte stil.

Voorheen was die Sondag nog 'n dag
Waar mens met kerk en gesangboek mag
Die dag by God het deurgebring,
Jou uitrus, in Sy liefde dring.
Die dag het Hy vir Hom behou
Die mens het Hom berowe nou.
Pleks dat hulle gaan en hoor sy woord,
Neem hulle uitstappies na elke oord.

By sommige is die Here se dag
'n Tyd om drank en genot te jag—
Waar is die liede wat hulle voed
Deur bid en lees en sing tot moed
Om deur die week se werk te staan
En hulle Heiland niet te smaan
Deur wangedrag in woord of daad?
Vandag word baie mense kwaad
As mens hulle wys op die verrot,
Wat vreet aan almal, hul sê jy 's sot.

By siekte was daar baie meer hulp.
Nou is die huis leeg nes 'n skulp,
Maar as hulle hoor die mens vertrek
Dan storm van alle kant die plek
Hulle loer om die laaste woord te hoor
Om die dode se karakter te vermoor.
Te meer word liefd en hulp waardeer
Vandag, om dit so skaars floreer
So sug en kla en murmureer
Ons daeliks en ons doen nog meer,
Plek dat ons draai die ou pad in
Is ons daar skuld aan niet te min.

Ons woord en wandel stem nie steeds.
Die wêreld kyk en blameer ons reeds—
Dat ons hul voorskryf wat te doen.—
„Heer wil ons deur U Gees behoen
Dat ons nie andere struikel laat."
Wat help ons alles?—niks sal baat.
Die outyd kennis sal nie keer,
As U ons eens ook sal blameer—
Dat ons ons christen plig en stand
Verwaarloos het.—Dan sal ons brand.

Ek voeg nog by dat hier en daar
Die ou maniere word bewaar.
Maar meesal gaan die meerderheid
Met alles van vandag se tyd.

E. Weber.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit die ver verlede.

Uit menig gevaar is ek al gered,
Dit leer my 'n mens moet doen jou gebed.
Want waar mens gaan loop die dood met jou mee,
So het 'k ondervind eendag by die see.
Ek gaan visvang met vloed, op 'n klip, onder 'n krans,
Daar moes gevang word met leegwater saans
Die brander kom, ek gewaar, dis gevaar.
Teen die krans uit ek vlug, soos Kees sonder gebaar.
Die tweede kom en tref my hoog teen die rots,
Toe die derde my kry, was ek bo, sonder trots.
Dankie Heer! Ek kyk om, waar 'k gestaan het was see.
Tot bo teen die kranse, so byna! O wee!!
Oplet, dis die wet, waar mens ook mag wees,
Selfs die perd let op, al kan hy nie lees.
Die plek heet „Mensgat" waar visse wemel
Daar het ek gedank my Vader in die hemel.

Op 'n ander maal was 'n slang my maat
Deur die donker nag onder my bed, sonder praat
In die môre moes hy boet vir sy slaapplek daar.—
Sy maat was met die saak ontevree dis waar,
In die donker daar lê sy en wag my af,
Ek sien haar, en maak haar ook maar kaf.
Die kinders kom kyk waar bly pa en ma,
Toe stuur ek die arme goedjies agterna.

'n Grote spin was ook op my lewe bedag,
Die Bestiering die weier, dat hy my moes slag.
My vriend Michal die sien hom, en dit was genoeg,
Hy moes hom toe ook by die dode voeg.

Een nag was 'k verdwaal ver in die berg
Toe was dit 'n padda wat kinders so terg
Hy spring in die gat voor my, en maak
My attend op 'n gevaar, waarvoor ek moes waak
„Dankie Vader," bid ek op die gat se rand,
U liefde en goedheid gaan bo my verstand.
Op die land, op die see, op berg en in dal,
Nêrens het Gods liefde en trou my ontval
Waar andere die dood het ontmoet,
Daar kan ek getuie dat God is goed.

Jare voorheen was 'k 'n Kweekskolier
Hoog in die berg het ons fees gevier.
Die hond was in gevaar bo teen 'n krans,
Op 'n noue pad by 'n afgrond langs.
Ek spoed, om die arme dier te red,
Hy skop vas teen die rots dit was hitteted
Of in die afgrond in ek was beland,
Gelukkig waak 'n hoër hand.
As 'k nou nog dink aan die ongeval,
Dan gril my lyf dit lyk ek is mal.
As iemand sê daar is geen God,
Dan sondig hy teen die „Eerste Gebod."
In my lewe baie, het ek ondervind,
Hy lewe en beskou my as Sy kind.
Hy is nie alleen 'n God—ook 'n Vader.
En trek ons met liefde aldag nader.

Aan blydskap het dit ook nie ontbreek,
Die liefde van my skoliere maak my hart baie week
Waar ons mekaar ontmoet of kry,
Daar klink dit „Ag ek is so bly."
„Ons gesels nog so baie van die lekker ou dae
Toe ons nog op skool was en al die slae."
„Weet meester nog van Hansie en Johans Adonis
Hoe hulle eendag skooltoe sukkel nes 'n paar ponies
Met twee stokke kom Johans aan gekruie
Ons lag, onse oë is nat, nes van uie."
Die bye het sy oë mos toegesteek
Hy kom naar skool met stokke wat kan breek.
Hy lees, maar kan uit sy oë nie sien
Ons kraai en lag, die pret was nie min.
'n Ander keer moes 'n klomp dit voel
Tabak was te lekker so moes ek hulle woel.

Aan droefheid, aan smart en harteleed
Het ek ook my deel deurgebyt, ek weet,
Hoe bitter om 'n skoolkind te sien afsterwe
Maar nog veel meer om jou eie bloed
Te sien sterwe en dan te sê dat God is goed.
Dit kos geduld van die Here se kant
Om mens op te voed tot jy kan kus die Hand
Wat seer maak en slaan dat dit so bloed
En te geloof dat God die Here is goed.
Hoe baie van my vriende moes ek beween
Ek moes leer verstaan ons is maar geleen.
My ouers, my suster, broeder, vriende en maters ag
'n Hele groot skaar wat al vir my wag.
By menig droef ongeval was ek getuie,
Verdrenking, verbranding, almal het beduie,
Dat 'n mens maar leef deur Gods gena.
Laat ons dankbaar wees hoe dit ook ga.
Ek sal nooit vergeet vir August Abel,
'n Jong man sterk, gesond, lief vir babel,
'n Blaser en sanger mooi en skoon
Van sy vader was hy die oudste seun.
Op eerste Advent gaan hy baai in die rivier,
Daar kry hy die dood nog binne 'n uur.
'n Ander dierbare was oorlede Lanie,
Ook sy het verdrink ek wil nie ween nie,
Want alles word deur God beskik
Hoe ook die mens nog woel en wik.
So sleep die tyd met ons altyd deur heen
Nou moet ons lag en dan weer ween.
Baie kinders is daar wat nog my ken,
Van my skoliere het sommige al die Kroon gewen
Ander swoeg nog en leef en werk vir die Heer
In kerk of skool of plaas vir Sy eer.
In die stad skyn menigeen as 'n lig.
In die duister van sonde daar doen hulle hul plig.
Wie geluister het na die 4de gebod
Erken vandag die Here is God.
Hy leef en staan nog by sy woord
Dit gaan goed met ons in alle oord.

Nou is ons weer in 'n nuwe jaar
Mog die Here ons help in elk gevaar
Mog die lesers vanjaar Sy seën ondervind,
En gedurig onthou—„Ek is Gods kind"
My Vader is „Liefde," my Broeder my „Borg."
Naar liggaam en siel word ek versorg.

E. WEBER.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 14



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag 15

Sursum corda II No 1. Gebed van D.E. Quantz
Altniederländisches Volkslied
" vertilgen in Wilden -

A music piece, which was delivered by the
quadruded Choir on the day of
Coronation of King George V 22 June 1911
with words composed by R. Ekenwa

„O. Volken staat zamen"



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Kinderfeest Lied.

Key F.

s	:m	| d'	:-.t	| l.s:	f.m |	r	:—	| d	:m	| s	:m
Liefste		Hei -	land	| hier	zijn	wij,		| Kom met		u -	wen
m	:d	| m	:-.s	| f.m:	r.d |	t_1	:—	| d	:d	| m	:d
d	:d	| d	:-.m_1	| f_1	:f_1 |	s_1	:—	| d	:d	| d	:d

Key C.

m	:— |	r	:—	| t_1m	:s	| d^1	:-.s	| l.t:	d^1.r^1 |	m^1	:—
Geest,				| En	maak	on -	ze	| har-ten		blij	
d	:— |	t_1	:—	| ^{a}d	:m	| m	:-.s	| f.s:	s |	s	:—
s_1	:— |	s_1	:—	| ^{a}d	:m	| d	:-.m	| f	:m.r |	d	:—

Key F.

^{f}d^{1}	:s	| s	:f.m	| l	:—	| —	:—	| s	:m	| m	r
He - den		op	ons	| feest,				| He - den		op	ons
^{l}m	:m	| m	:r.d	| d	:—	| —	:—	| m	:d	| d	t_1
^{f}d	:d	| d	:d	| f_1	:—	| —	:—	| d	:d	| s_1	:s_1

d	:—	| —	:—	||
feest				
d	:—	| —	:—	
d	:—	| —	:—	

2) Gij zijt toch de Kindervriend,
Dat hebt Gij getoond,
Toen Gij zelf als menschenkind
Hier op d' aard gewoond.

3) Leid ons dan getrouwelijk
Aan uw sterke hand
Naar het hemelsch Koninkrijk,
Onze Vaderland.

4) Mochten wij van heden af
Zoete kinderen zijn,
U beminnen tot in 't graf
En uw hart verblijn.